# INSTITUSIE

VAN DIE

CHRISTELIKE GODSDIENS

1536

JOHANNES CALVYN



VERTAAL DEUR HW SIMPSON

# ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

FEITLIK 'N VOLLEDIGE SAMEVATTING VAN DIE GELOOF EN

ALLES WAT VIR DIE KENNIS VAN DIE HEILSLEER

NOODSAAKLIK IS – 'N WERK WAT DIE GROOTSTE

VERDIENSTE HET OM GELEES TE WORD DEUR

ALMAL WAT HULLE VIR DIE GELOOF

BEYWER, EN ONLANGS

GEPUBLISEER

MET 'N VOORWOORD AAN DIE HOOGS CHRISTELIKE

KONING VAN FRANKRYK, WAARIN HIERDIE

BOEK AS 'N GELOOFSBELYDENIS HOM AANGEBIED WORD

DEUR JOHANNES CALVYN SKRYWER VAN NOYON

TE BASEL

1536

Vertaal deur
Dr. H.W. Simpson
PU vir CHO
1980

Hoewel die Deputate van die Calvyn-Jubileumboekefonds hierdie werk gekeur het, bly die vertaling die verantwoordelikheid van die vertaler en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die C.J.B.F.-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

ISBN 0 86955 025 X

Uitgewers:

CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS
Posbus 20004
Noordbrug 2522
Potchefstroom

## *Let Wel:*

In die teks dui (x) en [xx] die bladsy nommers in die oorspronklike gedrukte weergawe aan. Die bladsynommer is telkens aan die begin van 'n bladsy geplaas en waar 'n nuwe bladsy in die middel van 'n woord begin, is die bladsynommer aan die begin van die woord geplaas. Waar 'n nuwe bladsy direk voor of binne 'n Skrifverwysing is wat na die voorafgaande gedeelte verwys, word dit direk na die Skrifverwysing geplaas.

Enkele spelfoute in die oorspronklike is in die elektroniese weergawe reggestel. Met die hulp van dr. VE d'Assonville is daar ook hier en daar iets bygevoeg en foutiewe Skrifverwysings reggestel. Teks tussen vierkantige hakies, [], is bygevoeg en kom nie in die oorspronklike voor nie.

Hierdie weergawe word met die vriendelike toestemming van die weduwee en kinders van wyle professor Simpson beskikbaar gestel.

Die skandering en omskakeling na teksformaat is gedoen deur Willem Swanepoel (wjswanepoel@gmail.com)

(i)

# VOORWOORD

Hierdie proefvertaling van die eerste uitgawe (1536) van Calvyn se Institusie in Afrikaans is 'n historiese gebeurtenis!

Soos sommige van die lesers mag weet, besit ons van die finale (1559-) uitgawe van Calvyn se Institusie slegs 'n verkorte weergawe deur ds. A. Duvenage (in 1951 deur SACUM te Bloemfontein uitgegee en in 1978 deur die NG Kerkboekhandel, Pretoria, herdruk). Dit is egter die eerste keer wat 'n Afrikaanse vertaling van die heel eerste uitgawe van hierdie meesterwerk van die groot Geneefse Reformator die lig sien. Hierdie eerste uitgawe is, sover ons kennis strek, nog net in Frans (deur Calvyn self in 1541), Spaans (1540 en 1958), Duits (1887), Engels (1975) en Afrikaans (1980) vertaal.

Die instituut vir die Bevordering van die Calvinisme van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is trots daarop dat hiermee die eersteling die lig mag sien van 'n omvattende projek oor die ontsluiting van die Christelike tradisie wat so pas aan hierdie Universiteit van stapel gestuur is.

Die Calvvn-Jubileumboekefonds is op sy beurt dankbaar dat dit die publikasie van hierdie proefvertaling in beperkte oplaag moontlik kon maak.

(ii) Die vertaler, dr. H.W. Simpson, hoof van die Departement Latyn aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, moes teen 'n geweldige tempo werk om die vertaling spesiaal vir die eerste Calvynkongres in Afrika (12-14 Augustus 1980 te Pretoria) gereed te kry. 'n Woord van hartlike gelukwensing aan hom! Sy voorneme is om D.V. ook die finale (1559-) uitgawe van die Institutio Christianae Religionis in Afrikaans oor te sit. (Die Calvyn-Jubileumboekefonds hoop om dit in 1984, wanneer ons die 475ste herdenking van Calvyn se geboorte asook die 75-jarige bestaan van die Calvyn-Jubileumboekefonds vier, die lig te laat sien.)

Mag hierdie eerste uitgawe van die Institusie in Afrikaans die regte aptytwekker wees om na die 'vollediger' uitgawe uit te sien!

| | |
|---|---|
| Prof. V.E. d'Assonville | Pro f. B.J. van der Walt |
| (Voorsitter, Deputate vir<br>die Calvyn-Jubileumboekefonds ) | (Direkteur van die Instituut<br>vir die Bevordering van Calvinisme) |

Potchefstroom

Julie 1980

(iii)

## Inleiding

Afrikaanse vertalings van werke uit die Klassieke is algemeen bekend. Van Rensburg se vertalings van die Ilias en Odussea van Homerus het geen bekendstelling nodig nie. Ook Benade en ander se vertaling van Vergilius se werke is algemeen bekend. Dit is egter opvallend dat klassici hulle tot die vertaling van paganistiese werke beperk het en dat selfs in die mees uitgelese literatuurgeskiedenis van die klassieke Latynse letterkunde weinig of geen voorsiening vir 'n uiteensetting van die bydrae van Christelike Latynse skrywers gemaak word nie. Die benadering dat die Christelike geskrifte geen plek in die Latynase letterkunde het nie, is tereg deur Defferari verwerp toe hy aangedui het dat hierdie geskrifte 'many literary gems' bevat. Dit geld die institusie van Calvyn nie minder nie, soos ons eie André Hugo trouens in sy proefskrif en saam met Battles in sy bespreking van Calvyn se kommentaar op Seneca se De Clementia aangetoon het.

'n Vertaling van Calvyn se 'opus magnum', die Institusie, of dan liewer die Onderwysing in die Christelike Godsdiens, het geen betoog ter regverdiging nodig nie. In besonder is so 'n betoog nie nodig vir die vertaling van die 1536-uitgawe van die Institusie nie. Terwyl die 1559-uitgawe in verskeie tale, waar [iv] onder ook Japannees en Koreaans, vertaal is, is daar slegs twee Spaanse vertalings (deur Dryander van Burgos in 1540 en Terán in 1958), 'n Duitse (deur Spiess in 1887) en 'n Engelse vertaling (van Battles in 1975) van die 1536-uitgawe gemaak. Die byvoegings in die Franse vertaling van Calvyn self in 1541 toon duidelik dat die 1539-uitgawe van die Institusie die teks was waarvan hy gebruik gemaak het. Die Afrikaanse vertaling is dus die vierde taal waarin die 1536-uitgawe vertaal word.

Natuurlik is die teks waaruit hy vertaal, vir 'n vertaler van grondliggende belang. Vir hierdie vertaling is van 'n fotokopie van die oorspronklike teks gebruik gemaak wat, let wel, kosteloos deur prof. Peter van Straatsburg aan ons beskikbaar gestel is. Vir so 'n gebaar betuig ons aan hom ons dank. Hierdie teks is 'n kopie van die oorspronklike uitgawe wat in Maart 1536 deur Thomas Platterus en Balthasar Lasius in Basel uitgegee is. Dit is tans in die Universiteitsbiblioteek van Straatsburg. Prof. Battles het van 'n fotokopie van die oorspronklike teks in die Bibliothèque Nationale Res D° 6386 in Parys gebruik gemaak. Volgens Barth en Niesel bestaan daar nog 18 kopieë van die oorspronklike uitgawe. Dit was ons voorreg om albei hierdie tekste in fotokopie te hanteer en met die latere uitgawes van die Institusie te vergelyk. 'n Tweede uitgawe van die Institusie is deur Baum, Cunitz en Reuss in die Corpus Reformatorum (Calvini Opera, vol. 1, Brunsvigae, 1863) opgeneem. Ons kan egter nie nalaat om daarop te wys dat [v] dit 'n teks is wat in vele opsigte van die oorspronklike afwyk en daarom onbevredigend is nie.

'n Derde uitgawe is deur Barth en Niesel opgeneem in Joannis Calvini Opera Selecta, vol. 1 (Munich, 1926). Dit is 'n uitgawe wat op die Corpus Reformatorum gefundeer is, maar tog waardevolle prolegomena insluit. Geeneen van hierdie tekste bied egter 'n gerieflike verwysingsraamwerk om Calvyn-navorsing internasionaal te standaardiseer nie. Miskien is die tyd daarvoor ryp om uit Suid-Afrikaanse bodem so 'n internasionale verwysingsteks as vierde uitgawe beskikbaar te stel.

Hierdie Afrikaanse vertaling van die Institusie het ontstaan uit 'n lank gevoelde behoefte aan die ontsluiting van die vroeg-Christelike en reformatoriese geskrifte. In 1979 is daar aan die PU vir CHO 'n komitee aangewys om in medewerking met die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme hom daarop toe te lê om hierdie Latynse werke tot die beskikking van navorsers en die algemene publiek te stel. Die vertaling in u hande is kleinkind van hierdie strewe.

Besonderhede in verband met Calvyn se lewe is (hopelik) algemeen bekend en in elk geval geredelik beskikbaar. Ons hoef dit nie hier te herhaal nie. Tog is dit goed om daarop te let dat Calvyn op 10 Julie 1509 gehore is en dat hierdie eerste uitgawe in 1536 verskyn het. Calvyn was dus maar vier-, vyf-en-twintig jaar oud toe hy hierdie werk, wat die eerste impuls was om die Calvinisme as beweging die wêreld oor [vi] te vestig, geskrywe het! Dit is op sigself verbasend genoeg. Maar nog verbasender is die feit dat hy nie nodig gehad het om in die daaropvolgende uitgawes veranderings

in sy basiese dogmatiese beskouinge aan te bring nie.

Die 1536-uitgawe beslaan 514 bladsye van 24 reëls elk en sowat 10 Woorde per reël. Die 1559-uitgawe beslaan bykans vyf keer meer! In die sowat 23 jaar wat Calvyn daaraan bestee het om die werk "wat die wêreld stormenderhand verower en die Calvinisme as beweging gevestig het", tot sy eie bevrediging (nunc demum suo titulo respondens) af te rond het daar nie minder as 8 uitgawes van die Institusie verskyn nie. Die 1536-uitgawe was die sogenaamde Editio Princeps. Die 1539-, 1543- en 1545-uitgawes het almal in Straatsburg verskyn en vorm dus 'n eenheid. Die 1550-, 1553- en 1554-uitgawes is weer almal uit Genève afkomstig. Die 1559-uitgawe staan om besondere redes selfstandig.

Die woord Institutio spruit uit 'n Latynse woord met die betekenis 'om 'n staanplek aan iemand wat dit nie het nie, te gee; om op te voed; om te onderrig; om te onderwys'. Opvoedkundige handboeke was trouens in die klassieke wêreld algemeen bekend en in gebruik. Die eerste Christelike Institusie het tussen 303 en 311 tydens die bitter vervolging van die Christene uit die pen van Lactantius verskyn. Die omstandighede waaronder die werk verskyn het, het 'n onuitwisbare invloed op die Christelike Institusiewese gelaat.

[vii] Lactantius het hom naamlik ten doel gestel om nie alleen die 'doctrina Christiana' oor te dra nie, maar om die Christene teen die 'iniquitas' van die Romeinse vervolging te verdedig. Vandaar dat die Christelike Institusie 'n tweeledige karakter dra, naamlik opvoedkundig en apologeties.

Dit is ook die eienskappe wat Calvyn se Institusie –"'n werk wat uitmunt as een van die waarlik klassieke produkte van die godgeleerdheid" – kenmerk. Calvyn se doelstelling met die 1536-uitgawe dui dit trouens aan. In die Voorwoord aan koning Frans I van Frankryk meld hy dat sy doel met die skrywe van die werk bloot was om die grondbeginsels van die ware godsdiens aan mense oor te dra (rudimenta quaedam tradere quibus formarentur ad veram pietatem cui aliquo religionis studio tanguntur – Inst. Praef.). Die bitter vervolging van die Protestante het egter daartoe gelei dat hy die Institusie gepubliseer het om bewys te lewer van die geloof waarvoor die martelare van hierdie periode gesterwe het. Met die uitbreiding van die werk het daar ook 'n verandering in doelstelling gekom. Die 1536-uitgawe is vol verwysings na die 'simpliciores' (die eenvoudiges), vir wie die werk geskrywe is. Die 1559-uitgawe is egter daarop gemik om aan voornemende teologiese studente 'n inleiding tot die bestudering van die Skrif voor te sit. Ook dit beklemtoon die waarde van die 1536-uitgawe.

Oor die vertalingsproblematiek, die ontwikkeling op die gebied van die Vertaalkunde en die bydrae wat [viii] die Linguistiek en Generatiewe Transformasionele Grammatika daartoe kan lewer, wil ek my hier nie uitspreek nie. Genoeg om te sê dat die vertaling nou aansluit by die Latynse teks wat – en Calvyn se verbasing daaroor dat hierdie eerste uitgawe met soveel gretigheid deur 'simpliciores' in Latyn gelees is, bevestig dit – vir eenvoudige mense geskrywe is. Dit moet egter ons lesers nie afskrik wanneer hulle die vertaling van verwysings uit die Bybel nie geredelik in die Afrikaanse Bybelvertaling herken nie. Calvyn het trouens van die Biblia Sacra – die Latynse Bybel wat self 'n lang vertalingsgeskiedenis deur loop het – gebruik gemaak.

Ek sou ten slotte my plig versuim as ek nie hartgrondige dank sou betuig aan die mense en instellinge wat hierdie vertaling moontlik gemaak het nie. Die akademiese klimaat van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO leen hom nog daartoe om in 'n tyd waarin meer geld aan die verryking van uraan en brandstof bestee word, ook vir die verryking van die gees te sorg. Vir die aanmoediging van proff. B.J. van der Walt, Direkteur van die IBC, en N.T. van der Merwe het ek net die grootste waardering.

Eweneens was dit vir my 'n voorreg om met prof. H. Venter saam te werk en my eie taalgebreke uit sy grondige taalkennis te verbeter. Vir die waardevolle suggesties van dr. H.F. van Rooy, Hoof van die Departement Semitiese Tale aan die PU vir CHO en sy geduldige kontrolering van die manuskrip het ek die [ix] grootste waardering.

Die tiksters van die fakulteit Lettere en wysbegeerte en in besonder mevv. Kahl en Genis, wie se getrouheid steeds 'n steunpilaar is, betuig ek hiermee my dank. Aan my gesin, wat met soveel geduld my betrokkenheid by hierdie projek verdra, my hartgrondige dank.

Maar ook aan God die Here, wat my met gesondheid begenadig om in sy akker te mag werk!

Potchefstroom.
1980.

# Inhoudsopgawe


VOORWOORD ........ (i)

**INLEIDING**

Die aanleiding tot die skrywe van die Institusie 1536 ........ (iii)
Die aard van die 1536-uitgawe ........ (iv)

**VERTALING:**

Voorwoord aan koning Frans van Frankryk ........ 1
1. Omstandighede waaronder die boek geskrywe is ........ 1
2. Pleidooi vir die vervolgde verkondigers van die evangelie ........ 5
3. Weerlegging van die aanvalle van teenstanders ........ 8
4. Die Kerkvaders ........ 14
5. Die beroep op 'gewoonte' teenoor die waarheid ........ 19
6. Dwaling in verband met die aard van die kerk ........ 21
7. Opstand van die Hervormers ........ 28
8. Vermaning aan die koning ........ 32

**HOOFSTUK 1:** Die wet, met 'n verduideliking van die Tien Gebooie ........ 37
1.1 Kennis van God ........ 37
1.2 Kennis van die mens ........ 38
1.3 Die wet ........ 40
1.4 God se Liefde in Christus ........ 43
1.5 Verduideliking van die Tien Gebooie ........ 45
1.5.1 Inleiding ........ 45
1.5.2 Die eerste gebod ........ 47
1.5.3 Die tweede gebod ........ 48
1.5.4 Die derde gebod ........ 53
1.5.5 Die vierde gebod ........ 55
1.5.6 Die vyfde gebod ........ 61
1.5.7 Die sesde gebod ........ 62
1.5.8 Die sewende gebod ........ 62
1.5.9 Die agste gebod ........ 64
1.5.10 Die negende gebod ........ 65
1.5.11 Die tiende gebod ........ 66
1.6 Samevatting ........ 67
1.7 Regverdigmaking ........ 70
1.8 Doel van die wet ........ 87
1.9 Regverdigmaking voortgesit ........ 90

**HOOFSTUK 2:** Geloof, met 'n verduideliking van die Apostoliese Geloofsbelydenis ........ 103
2.1 Verskillende vorms van geloof ........ 104
2.2 Die eenheid van God ........ 107
2.3 Verduideliking van die Geloofsbelydenis ........ 120
2.3.1 Die eerste deel ........ 120
2.3.2 Die tweede deel ........ 122
2.3.3 Die derde deel ........ 141
2.3.4 Die vierde deel ........ 143
2.4 Geloof, hoop en liefde ........ 160

**HOOFSTUK 3** Die gebed, met 'n verduideliking van die gebed van die Here ........ 167
3.1 Die gebed in die algemeen ........ 168
3.2 Die gebed van die Here ........ 184

3.2.1 Inleiding ........ 186
3.2.2 Die eerste bede ........ 193
3.2.3 Die tweede bede ........ 194
3.2.4 Die derde bede ........ 196
3.2.5 Die vierde bede ........ 198
3.2.6 Die Vyfde bede ........ 201
3.2.7 Die sesde bede ........ 204
3.2.8 Slot ........ 207
3.3 Gebedslewe ........ 208

**HOOFSTUK 4:** Die Sakramente ........ 217
4.1 Inleiding ........ 217
4.2 Die doop ........ 236
4.3 Die nagmaal ........ 256
4.4 Bediening van die sakramente ........ 298
4.5 Samevatting ........ 304

**HOOFSTUK 5:** Die valse sakramente ........ 313
5.1 Inleiding ........ 313
5.2 Die valse sakramente ........ 315
5.2.1 Bevestiging ........ 315
5.2.2 Boetedoening ........ 329
5.2.3 Die laaste salwing ........ 400
5.2.4 Kerkordes en handoplegging ........ 406
5.2.5 Die huwelik ........ 436

**HOOFSTUK 6:** Christelike vryheid, kerklike mag en staatsadministrasie ........ 445
6.1 Christelike vryheid ........ 446
6.2 Kerklike mag ........ 469
6.3 Staatsadministrasie ........ 524

Opgawe van belangrike onderwerpe wat in hierdie boek behandel word ........ 574

# CHRISTIA

NAE RELIGIONIS INSTI-
tutio, totam ferè pietatis summā, & quic-
quid est in doctrina salutis cognitu ne-
cessarium, complectens: omnibus pie-
tatis studiosis lectu dignissi-
mum opus, ac re-
cens edi-
tum.

PRAEFATIO AD CHRI-
stianissimum REGEM FRANCIAE, qua
*hic ei liber pro confessione fidei*
*offertur.*

IOANNE CALVINO
Nouiodunensi autore.

Ex libris Joachimi Caliceol

BASILEAE

M. D. XXXVI.

Pro Joan. Hartmanno ex dono sancti no-
bilis ac pii Wilhelmi a Zell 1537

# ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

FEITLIK 'N VOLLEDIGE SAMEVATTING VAN DIE GELOOF EN

ALLES WAT VIR DIE KENNIS VAN DIE HEILSLEER

NOODSAAKLIK IS – 'N WERK WAT DIE GROOTSTE

VERDIENSTE HET OM GELEES TE WORD DEUR

ALMAL WAT HULLE VIR DIE GELOOF

BEYWER, EN ONLANGS

GEPUBLISEER

MET 'N VOORWOORD AAN DIE HOOGS CHRISTELIKE

KONING VAN FRANKRYK, WAARIN HIERDIE

BOEK AS 'N GELOOFSBELYDENIS HOM AANGEBIED WORD

DEUR JOHANNES CALVYN SKRYWER VAN NOYON

TE BASEL

1536

# POTENTISSIMO ILLVSTRISSIMOQVE

Monarchæ, FRANCISCO FRANCORVM REGI *Christianißimo, Principi ac Domino suo sibi obseruando, Ioannes Caluinus pacem ac salutem in* Domino.

CVM huic operi manū primum admouerem, nihil minus cogitabā, Rex clarissime, ꝙ scribere quæ Maiestati tuę offerrentur. Tantum erat animus, rudimenta quædā tradere, quibus formarentur ad ueram pietatē, qui aliquo religionis studio tanguntur. Atq; hunc laborem Gallis nostris potissimū desudabam, quorū permultos esurire & sitire Christū uidebā; paucissimos, qui uel modica eius cognitione imbuti essent. Hāc mihi fuisse propositam rationem, liber ipse loquitur, ad simplicem scilicet, rudemq; docendi formam appositus. Verum cum perspice-



[1]

## Voorwoord aan koning Frans van Frankryk

**AAN DIE ALLERMAGTIGSTE EN UITMUNTENDSTE MONARG,**

**FRANCISCUS, HOOGS CHRISTELIKE KONING VAN**

**DIE FRANSE, DEUR HOM SY HOOF EN**

**HEER GEAG, WENS JOHANNES**

**CALVYN VREDE EN HEIL**

**IN DIE HERE TOE**

Aanvanklik toe ek my hand aan hierdie werk gelê het, o roemryke Koning, het ek niks minder in gedagte gehad as om iets te skrywe om u Majesteit aan te bied nie. My bedoeling was slegs om enkele grondbeginsels oor te lewer, sodat mense wat met 'n mate van belangstelling in die godsdiens deurdrenk is, daardeur tot die waaragtige geloof opgelei kon word. En ek het hierdie taak in besonder vir ons Franse landgenote verrig, van wie ek bemerk het dat daar uiters baie was wat na Christus gehonger en gedors het, en 'n baie geringe aantal wat maar net effens in die kennis aangaande Hom opgelei is.

Die boek self spreek daarvan dat dit my vooropgesette doelstelling was, omdat dit trouens in 'n eenvoudige en ongeleerde trant opgestel is. Maar toe ek bemerk [2] het dat die waansin van sommige bose mense in u koninkryk dermate aan krag gewen het dat daarin geen plek meer vir die gesonde leer is nie, het die indruk by my ontstaan dat dit die moeite sou loon as ek in dieselfde werk enersyds aan die mense onderrig sou gee wie se opleiding ek op my geneem het, en andersyds as ek daarmee voor u 'n belydenis sou lewer sodat u daaruit die aard van die leer sou kon leer ken waarteen die waansinniges wat vandag u ryk met swaard en vuur versteur, nou met groot woede brand.

Want ek sal nie vrees om te erken dat ek hier juis die som van die leer saamgevat het waarvan hulle skreeu dat dit met gevangenis, met verbanning, met voëlvryverklaring en met verbranding gestraf en op land en see uitgewis moet word nie.

Ek is weliswaar daarvan bewus dat hulle u ore en verstand met verskriklike aanklagte gevul het om ons saak voor u so gehaat moontlik te maak. Maar in ooreenstemming met u goedertierenheid moet u daaraan oorweging skenk dat daar nòg in woorde nòg in dade enige onskuld sal wees as dit genoegsaam sou wees om bloot net 'n klag in te dien.

As iemand inderdaad met die oog daarop om haat daarteen te bewerkstellig, sou voorgee dat hierdie leer waarvan ek nou poog om aan u rekenskap te gee, volgens die oordeel van al die ordes van die kerk verdoem is en lankal deur baie oordele van die regbank afgekeur is, dan sou hy daarmee niks anders te kenne gee nie as net dat dit gedeeltelik deur die [3] partydigheid en mag van die teenstanders daarvan met geweld neergewerp en gedeeltelik deur leuentaal, deur listige streke en laster verraderlik en bedrieglik onderdruk is. Dit is loutere geweld dat bloedige vonnisse sonder verhoor daarteen gevel word, en loutere bedrog dat dit sonder verdienste van sedisie en misdaad aangekla word.

En met die oog daarop dat niemand mag reken dat ons ten onregte oor hierdie dinge kla nie, kan u self, o edelste Koning, vir ons daarvan getuie wees hoe dit elke dag met leuenagtige laster voor u misbruik word net asof dit op niks anders gerig is nie as om regerings en staatsinstellinge omver te werp, die vrede te versteur, alle wette af te skaf, alle eiendom en besittings te verstrooi – kortom, om alles om te keer!

En tog hoor u net 'n klein deeltjie daarvan, want verskriklike stories word onder die massas versprei, en as dit waar was, dan sou die hele wêreld van oordeel wees dat ons leer tesame met die leraars daarvan duisend vure en kruise verdien. Wie sou daaroor verbaas gestaan het dat die openbare haat

daarteen ontbrand het wanneer aan daardie uiters onbillike beskuldigings vertroue geheg word? Dit is waarom al die ordes van die kerk eendragtig saamspan om ons en ons leer te verdoem.

Deur hierdie gesindheid beetgepak vaardig die mense wat in oordeel daaroor sit, die vooroordele wat hulle van hulle huise af met hulle saambring, as vonnisse [4] daaroor uit. En hulle is van mening dat hulle hulle taak behoorlik volvoer het as hulle beveel dat niemand ter dood veroordeel moet word tensy hy òf sy op sy (of haar) eie erkentenis òf op onomstootlike getuienis skuldig bevind is nie.

Maar aan watter misdaad?

Aan 'n verdoemde leer, verklaar hulle.

Maar volgens watter reg word daar geoordeel?

Hierin was trouens die krag van ons verdediging geleë, naamlik om die leer self nie te verloën nie maar dit as die waaragtige leer te verdedig. Maar om selfs hieroor te fluister is verbode.

En daarom, onoorwinlike Koning, is my versoek aan u nie onbillik dat u 'n nuwe ondersoek na die aangeleentheid moet onderneem nie – 'n aangeleentheid wat tot dusver verward en sonder enige regsorde eerder met onbeteuelde hartstog as met regmatige erns behandel is. En moenie dink dat ek hier aan my persoonlike verdediging oorweging skenk om sodoende my terugkeer na my vaderland te beveilig nie; hoewel ek dit ook met gepaste deernis bejeën, ontbeer ek dit nie soos sake nou staan nie. Maar inderdaad omhels ek die gemeenskaplike saak van al die gelowiges en daarom juis die saak van Christus, wat vandag op elke moontlike wyse in u ryk verskeur en verslete en asof dit veragtelik is, vertrap word – en dit weliswaar eerder deur die tirannie van sekere Fariseërs as met [5] u medewete.

Maar hier is dit nie die plek om te verhaal hoe dit verloop nie; gewis lê dit platgeslaan. Want die goddeloses het dit bereik dat die waarheid van Christus, as dit dan nie verdryf en verstrooid ten gronde sou gaan nie, begrawe en gesmaad verborge sou bly; en dat die arme kerk inderdaad òf deur wrede moorde vernietig òf deur ballingskap verdrywe òf deur dreigemente en verskrikkinge verpletter sou word, sodat dit nie eers sou waag om sy mond op te maak nie. En selfs nou nog vervolg hulle dit met die waansin en felheid waaraan hulle gewoond is, en moedig storm hulle af op 'n muur wat alreeds intuimel en op 'n ruïne wat hulle self tot stand gebring het. Intussen tree niemand na vore om dit teen sulke waansinnighede te beskerm nie.

Maar as sommige mense nog die begeerte koester om die indruk te skep dat hulle die waarheid in 'n groot mate gunstig gesind is, dan huldig hulle die opvatting dat die dwaling en onverstandigheid van leke hulle vergewe moet word. Want só praat hulle; die hoogs gewisse waarheid van God noem hulle dwaling en onverstandigheid, en leke noem hulle die mense wat die Here die misterie van hemelse wysheid waardig geag het. Dermate skaam hulle hulle vir die evangelie.

U taak sal dit dus wees, allervriendelikste Koning, om nòg u ore nòg u gemoed op 'n aldus gegronde beskerming te keer, in besonder wanneer dit oor so 'n belangrike aangeleentheid gaan, naamlik oor hoe die [6] roem van God ongeskonde op die aarde kan bly, hoe die waarheid van God sy waardigheid kan behou en hoe die ryk van Christus onder ons vol en gekoester kan bly. Dit is 'n aangeleentheid wat u ore waardig is, wat u kennisname verdien en u oordeel pas.

En tog bring die gedagte die ware koning na vore, naamlik om te erken dat hy self in die administrasie van sy ryk 'n dienaar van God is. Die koning wat in sy ryk nie só regeer dat hy die heerlikheid van God dien nie, beoefen nie regering nie maar pleeg roof. Voorts bedrieg 'n koning homself wanneer hy langdurige voorspoed vir 'n ryk verwag wat nie deur die septer van God, dit is deur sy heilige Woord, geregeer word nie (Rom. 13:3). Ook kan die hemelse uitspraak waarin verkondig is dat die volk verstrooi sal word onder wie die profesie ontbreek, ons nie ontgaan nie (Spr. 29:18). En die minagting vir ons nederigheid behoort u nie hiervan te weerhou nie. Inderdaad is ons welbewus van watter arme verwerplike mensies ons is. Voor God is ons arme sondaars en in die oë van ons medemens uiters veragtelik – uitvaagsels en verwerpsels van die wêreld (1 Kor. 4:13), as

u wil, of as iets nog vuiler as dit genoem kan word – sodat daar niks is waarop ons voor God kan roem nie, behalwe op sy genade alleen (2 Kor. 10:17) waardeur ons sonder enige verdienste van ons kant gered is (Titus 3:5); en onder ons medemense op niks anders as op ons swakheid nie (2 Kor. 11:30), en selfs om dit te bely beteken onder hulle die grootste skande.

[7] Maar ons leer moet bo al die roem van die wêreld verhewe wees, bo alle mag onoorwonne bly. Dit is nie ons leer nie maar die leer van die lewende God en van Christus, wat deur sy Vader as Koning ingestel is om van see tot see te heers en van riviere tot by die eindes van die aarde (Ps. 72:8). En dat Hy inderdaad so daaroor moet heers dat Hy die hele aarde met sy ystere en bronse krag, met sy goue en silwere glans getref, alleen deur die roede van sy mond soos pottebakkerswerk kan verpletter – soos die profete oor die heerlikheid van sy ryk profeteer (Dan. 2:35). Ons teenstanders skreeu weliswaar dat ons die Woord van God valslik as voorwendsel gebruik en dat ons daarvan die allerskandelikste skenders is. Deur self ons belydenis te lees sal u in ooreenstemming met u insig kan oordeel nie alleen hoe 'n kwaadwillige valse klag nie maar ook hoe 'n opsigtelike skaamteloosheid dit is.

Tog moet hier enkele opmerkings gemaak word om vir u die weg te berei om ons belydenis te lees. Toe Paulus die begeerte gehad het dat die hele profesie op die voorbeeld van die geloof geskoei moes wees (Rom. 12:6), het hy 'n baie besliste rigsnoer neergelê waaraan die interpretasie van die Skrif gemeet kan word. As ons leer dus aan die hand van hierdie maatstaf van die geloof gemeet word, dan is die oorwinning klaar in ons hande. Want wat pas beter en wat is betaamliker vir die geloof as om te bely dat ons van elke deug ontbloot is om deur God geklee te word; dat ons van alle goed ontdoen is, sodat ons deur Hom gevul kan word; dat ons dienaars van die sonde is, sodat [8] ons deur Hom vrygemaak kan word; dat ons blind is sodat ons deur Hom verlig kan word; dat ons kreupel is, sodat ons deur Hom opgehef kan word; dat ons swak is, sodat ons deur Hom staande gehou kan word; dat ons ons alle stof tot roem ontneem, sodat Hy alleen geroem kan word en ons in Hom kan roem? (1 Kor. 1:31).

Wanneer hierdie en soortgelyke bewerings deur ons gemaak word, val hulle ons in die rede en kla dat die lig van die natuur hiervolgens, asook versonne voorbereidings, vrye wil en verdienstes omvergewerp word, omdat hulle nie kan verdra dat al die lof en roem van alle goed, deug, geregtigheid en wysheid by God berus nie. Maar ons lees nie van mense wat bestraf is omdat hulle te diep uit die fontein van die lewende water geput het nie. Daarteenoor word die mense wat vir hulle self reënbakke – gekraakte bakke wat nie water kan hou nie – uitgegrawe het (Jer. 2:13) ernstig tereggewys.

Verder, wat pas die geloof meer as dat God belowe om 'n genadige Vader te wees wanneer Christus as Broeder en Middelaar erken word? Wat pas die geloof meer as om alle blydskap en voorspoed onbesorgd van Hom te verwag wie se onuitspreeklike liefde jeens ons so ver gegaan het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons oorgelewer het (Rom. 8:32); as om in die sekere verwagting op saligheid en die ewige lewe te berus wanneer daaraan gedink word dat Christus deur sy Vader gegee is, in wie sulke skatte verborge is?

[9] Hier slaan hulle hulle hande aan ons, en hulle skreeu dat ons geloofsekerheid nie sonder aanmatiging en verwaandheid is nie. Maar soos ons van onsself niks moet verwag nie, so moet ons alles van God verwag en van ons ydele roem beroof word op geen ander wyse as net om in God te roem nie (2 Kor. 10:17).

Wat nog verder? Allermoedigste Koning, gaan al die dele van ons saak deur en ag ons maar slegter as enige soort misdadiger as u nie duidelik bevind dat ons hierom in nood verkeer en gesmaad word omdat ons ons hoop op die lewende God stel (1 Tim. 4:10), omdat ons glo dat dit die ewige lewe is om die ewige waaragtige God te ken en Jesus Christus, wat Hy gestuur het (Joh. 17:3). As gevolg van hierdie hoop word sommige van ons met kettings geboei, ander met stokke geslaan, nog ander in bespotting rondgeneem, sommiges voëlvry verklaar en ander op die allerwreedste wyse gemartel; sommiges ontvlug, maar ons word almal deur die benardheid van ons omstandighede onderdruk;

met gruwelike verwensinge word ons vervloek; met lastertaal word ons verskeur en op die alleronwaardigste wyse behandel.

Aanskou dan nou ons teenstanders – ek praat van die priesterorde op wie se wenk en wil ook ander teen ons vyandig is – en oorweeg vir 'n oomblik saam met my deur watter hartstog hulle meegesleur word: hulle laat hulleself en ander maklik toe om die ware godsdiens wat in die Skrifte oorgelewer is en onder ons almal vas behoort te staan, nie te ken nie, te verwaarloos en te verag. En hulle reken dat dit van [10] weinig belang is wat elkeen van God en Christus dink, solank hy maar sy verstand met 'n "verbonde geloof" aan die oordeel van die kerk onderwerp. Ook maak dit nie op hulle 'n besondere indruk as dit sou gebeur dat die eer van God met openlike godslastering besoedel word nie. Waarom dan stry hulle met soveel wreedheid en bitterheid vir die mis, die vaevuur, pelgrimstogte en dergelike onbenullighede en beweer hulle dat godsvrug nie staande kan bly sonder die mees "ontplooide geloof", om dit nou maar so te stel, hoewel hulle tog nie daarvan bewys lewer dat enigiets hiervan uit die Woord van God is nie? Waarom dan so, behalwe as die maag hulle god is en die kombuis hulle godsdiens? (Fil. 3:19). En as dit weggeneem word, glo hulle dat hulle nie alleen nie Christene nie maar ook nie eers mense sal wees nie. Want hoewel sommiges hulleself oordadig oorvoer, lewe hulle almal tog uit dieselfde pot wat sonder daardie brandstof nie alleen koud sou word nie maar ook geheel en al sou verys. Wie van hulle daarom die meeste oor sy maag bekommerd is, is die bitterste stryder vir sy geloof. Kortom strewe die laaste een van hulle almal daarna òf om hulle ryk veilig òf hulle mae gevul te hou. Nie een van hulle gee die geringste aanduiding van opregte ywer nie. En tog sien hulle ook nie daarvan af om ons leer aan te val en met elke moontlike naam te beswadder en te belaster nie.

Hulle noem dit "nuut" en van "onlangse geboorte". Hulle bespot dit as 'n twyfelagtige en onsekere leer; hulle vra deur watter wonders dit bevestig is; hulle [11] vra of dit billik is dat dit strydig met die eenstemmigheid van soveel heilige vaders en die alleroudste gebruike gehandhaaf kan word; hulle dring daarop aan dat ons moet erken dat dit skeuring veroorsaak, aangesien dit stryd teen die kerk teweegbring of dat die kerk baie eeue lank halfdood was omdat daarin niks soortgelyks gehoor is nie.

Ten slotte verklaar hulle dat hulle nie baie bewyse nodig het nie, want uit die vrugte daarvan kan geoordeel word wat die aard daarvan is, aangesien dit so 'n groot massa sektes, soveel opstandige oproer en so 'n groot bandeloosheid van ondeugde teweeggebring het.

Natuurlik is dit vir hulle maklik om 'n verlore saak voor 'n liggelowige en onkundige massa te beledig. Maar as ons ook op ons beurt sou moes praat, dan sou hierdie bitterheid wat hulle uit vol kieste so teen ons uitskuim, inderdaad afkoel.

In die eerste plek, wat die feit betref dat hulle dit "nuut" noem, is hulle verskriklik onregverdig teenoor God, wie se Woord nie verdien om van nuwigheid beskuldig te word nie. Weliswaar het ek hoegenaamd geen twyfel daaroor dat dit vir hulle nuut is nie, aangesien sowel Christus as sy evangelie vir hulle nuut is. Maar die mense wat weet dat die prediking van Paulus oud is, naamlik dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het en dat Hy tot ons regverdigmaking opgestaan het (Rom. 4:25), hulle sal by ons niks nuuts aantref nie. Die feit dat dit lank onbekend en begrawe in verborgenheid gehul was, is die skuld [12] van die mens se goddeloosheid; wanneer dit nou uit die goedheid van God aan ons terugbesorg word, moet dit ten minste volgens die reg van herstel sy oudheid terug ontvang het.

Na aanleiding van dieselfde bron van onkunde word dit as twyfelagtig en onseker beskou. Dit is inderdaad waaroor die Here deur sy profeet kla: dat 'n os sy eienaar ken en 'n esel die krip van sy besitter maar dat Hy self nie deur sy volk geken word nie (Jes. 1:3). Maar hoe hulle ook al die onsekerheid daarvan tot 'n bespotting maak, as hulle hulle leer met hulle eie bloed en met die verlies van hulle lewe moes verseël, dan sou 'n mens kon bemerk van hoeveel waarde dit deur hulle geskat word. Met ons eie geloof is dit heel anders gesteld: dit vrees nòg die verskrikkinge van die dood nòg die regbank van God.

Wat die feit betref dat hulle van ons wonderwerke vereis, handel hulle oneerlik. Want ons smee nie die een of ander nuwe evangelie nie, maar ons hou juis aan die evangelie vas vir die bevestiging van die waarheid waarvan alle ander wondertekens dien wat Christus sowel as sy apostels verrig het. Maar bo ons het hulle die buitengewone mag dat hulle in staat is om tot hede vandag toe nog hulle geloof met voortdurende wonderwerke te bevestig. En hulle beroep hulle eerder op wonderwerke wat 'n andersins goed geordende gemoed aan die wankel kan bring – so ligsinnig en belaglik of ydel en bedrieglik is dit.

[13] En tog, al sou dit nog baie wonderbaarlik wees, behoort dit teen die waarheid van God geen waarde te hê nie, aangesien dit gepas is dat die Naam van God oral en altyd geheilig moet word, of dit nou ook al met wondertekens of die natuurlike orde van dinge is. En dit betaam ons om daaraan gedagtig te wees dat die Satan sy eie wonderwerke het, en hoewel dit eerder goëlery as waaragtige wonders is, is hulle tog van so 'n aard dat dit die onwyses en onkundiges mislei (2 Thess. 2:9). Besweerders en towenaars was nog altyd bekend vir hulle wonders; verbasende wonders het afgodediens gevoed en tog vergoelik dit nie vir ons die bygeloof in towenaars of afgodediens nie.

Met hierdie stormram (dat hulle in wonderwerke magtig was) het die Donatiste eens die eenvoud van die massa geskok. Ons gee dus nou aan ons teenstanders dieselfde antwoord as wat Augustinus destyds aan die Donatiste gegee het, naamlik dat die Here ons teen die bewerkers van wonders behoedsaam gemaak het toe Hy voorspel het dat daar valse profete sal kom om, as dit moontlik sou wees, die uitverkorenes met wondertekens op 'n dwaalweg te lei (Matt. 24:24). Ook Paulus het ons vermaan dat die ryk van die Antichris met alle mag en tekens en leuenagtige wonders tot stand sal kom (2 Thess. 2:9). Maar, sê hulle, hierdie wondertekens geskied nie deur die toedoen van afgodedienaars nie, nie deur kwaaddoeners en valse profete nie maar deur die toedoen van heiliges – net asof ons nie weet dat dit die lis van die Satan is om homself in 'n engel van die lig te verander nie! (2 Kor. 11:14). Die Egiptenare het Jeremia, wat [14] onder hulle begrawe is, vroeër met offerandes en ander goddelike eerbewyse geëer. Het hulle dan nie die heilige profeet van God vir hulle afgodediens misbruik nie? En tog het hulle uit so 'n verering van sy graf dit bereik dat hulle van die pik van 'n slang genees is.

Wat sal ons dan anders sê as net dat dit die regverdigste bestraffing van God was en ook altyd sal wees om aan diegene wat die liefde vir die waarheid nie aangeneem het nie, die werking van begogeling te stuur, sodat hulle in die leuen kan glo? (2 Thess. 2:11).

Dit ontbreek ons dus glad nie aan wonders nie – en dit is gewis nie aan drogredes blootgestel nie. Maar die wonders wat hulle voorhou, is loutere begogelinge van die Satan, aangesien hulle ons volk van die waaragtige aanbidding van God na ydelheid wegvoer (Deut. 13:2).

Daarbenewens werp hulle ons listig die Vaders teë (ek bedoel die ou skrywers van 'n beter tyd) net asof hulle van hulle eie ongeloof in hulle aanhangers vind; en as die stryd op hulle gesag besleg sou moes word, sou die beste deel van die oorwinning ons ten deel val.

Hoewel baie geskrifte deur die Vaders voortreflik en wys geskrywe is, het ook met hulle in sekere opsigte gebeur wat gewoonlik met mense gebeur. Met die handigheid van verstand, oordeel en gees aanbid hulle [15] slegs hulle dwaling en foute, en die goeie wat hulle gesê het, sien hulle nie raak nie of hulle veins dit weg of hulle verdraai dit, sodat 'n mens sou kon sê dat hulle enigste bekommernisse was om in goud na drek te soek. Dan oorstelp hulle ons nog met onbeskaamde krete, net asof ons veragters en teenstanders van die Vaders is. Maar ons verag hulle inderdaad in so 'n mate nie dat, as dit vir my huidige onderwysing van belang sou wees, ek sonder enige moeite die beste deel van wat vandag deur ons gesê word, na aanleiding van hulle eie oordeel sou kon bewys nie.

En tog hou ons ons op so 'n wyse in hulle geskrifte besig dat ons gedurig daaraan gedagtig is dat alles ons eiendom is (1 Kor. 3:23) om ons te dien en nie om ons te beheer nie (Luk. 22:24); dat ons die eiendom van Christus alleen is (1 Kor. 3), aan wie ons onder alles sonder uitsondering gehoorsaam

moet wees (Kol. 3:20).

Hy wat nie aan hierdie onderskeid hou nie, sal geen bestendigheid in sy godsdiens hê nie, aangesien hierdie heilige manne oor baie dinge onkundig was en dikwels met mekaar in konflik en selfs by tye met hulleself in stryd is. Nie sonder rede nie, sê hulle, word ons deur Salomo vermaan om nie die perke van van ouds wat ons vadere gestel het, te oorskry nie (Spr. 22:28). Maar die maatstaf vir die grense van ons landerye is nie dieselfde as vir die gehoorsaamheid van die geloof nie, wat so toegerus behoort te wees dat dit sy volk en die huis van sy vader vergeet (Ps. 45:11). As hulle dan so daarna hunker om te [16] allegoriseer, waarom interpreteer hulle dit dan nie so dat die apostels eerder as enigiemand anders die vaders is nie, en die mens mag hulle voorgeskrewe perke nie ontneem nie (Spr. 22:28). Want so het Hieronimus dit geïnterpreteer, en hulle het sy Woorde in hulle kanons opgeneem.

Maar as hulle die begeerte koester dat die perke van die Vaders wat hulle stel, vas moet staan, waarom oorskry hulle dit dan so dikwels as wat hulle wil? Dit was een van die Vaders wat gesê het dat ons God nie eet of drink nie en dat Hy daarom nie bekers en borde nodig het nie. 'n Ander een het gesê dat ons eredienste nie goud opeis nie en dat die dinge wat nie met goud gekoop kan word nie, ook nie deur goud behaag nie. Hulle oorskry dus die perk wanneer hulle in hulle eredienste so deur goud, silwer, ivoor, marmer, edelgesteentes en systowwe behaag word; en hulle meen dat God nie met reg gedien kan word as alles nie in weelde verswelg nie.

Dit was 'n Vader wat gesê het dat hy om dié rede vrymoedig vleis eet op die dae waarop ander hulle daarvan weerhou het, dat hy 'n Christen was. Gevolglik oorskry hulle die grense wanneer hulle 'n siel tot die verderf vervloek wat tydens die veertigdaagse fees vleis geëet het.

Dit was een van die Vaders wat gesê het dat 'n monnik wat nie met sy hande werk nie, as die gelyke van 'n geweldenaar beskou moet word. 'n Ander een het gesê dat dit monnike nie geoorloof is om van andere se [17] middele te lewe nie, selfs al sou hulle voortdurend in gebede, oordenkinge en studies besig wees. Ook hierdie perk het hulle oorskry toe hulle die lui mae van monnike in bordele en hoerhuise geplaas het om met die middele van ander vetgevoer te word.

Dit was ook 'n Vader wat gesê het dat dit 'n verskriklike gruwel is om 'n beeld in die tempels van Christene te sien. Verre sy dit daarvandaan dat hulle hulle binne die perke hou wanneer hulle nie 'n enkele hoek sonder beelde laat nie.

'n Ander Vader se raad was dat wanneer ons ons menslike plig met die begrafnis teenoor die afgestorwenes vervul het, ons hulle met rus moet laat. Hierdie perk verbreek hulle wanneer hulle voortdurende onrus vir die gestorwenes veroorsaak.

Dit was een van die Vaders wat verklaar het dat die ware liggaam nie in die sakrament van die nagmaal is nie, maar slegs die misterie van die liggaam, want so spreek hy woordeliks daaroor. Hulle oorskry dus die perk wanneer hulle dit werklik en wesenlik maak.

Dit was een van die Vaders wat neergelê het dat mense wat met nuttiging van een soort tevrede was maar hulle van die ander soort weerhou het, geheel en al van die gebruik van die heilige nagmaal weerhou moet word. 'n Ander een stry weer moedig daarvoor dat die bloed van die Here nie vir die volk van Christus geweier moet word wat omdat hulle Hom bely, beveel word om hulle eie bloed te vergiet nie. Die perke het hulle [18] opgehef toe hulle juis met 'n onskendbare wet beveel het wat die een met uitbanning gestraf en die ander met gegronde rede afgekeur het.

Dit was 'n Vader wat bevestig het dat dit onbesonnenheid is om oor 'n vae aangeleentheid na die een of ander kant tot 'n beslissing te geraak sonder heldere en duidelike getuienis van die Skrif daaroor. Die perk het hulle vergeet toe hulle soveel besluite, soveel reëls, soveel amptelike beslissings sonder enige woord van God ingestel het.

Dit was 'n Vader wat Montanus onder sy ander ketterye dit kwalik geneem het dat hy die eerste was wat wette vir vasdae ingestel het. Ook hierdie perk het hulle ver te buite gegaan toe hulle vasdae

met die strengste wette verorden het.

Dit was 'n Vader wat gesê het dat die huwelik nie vir dienaars van die kerk verbied moes word nie, en dit ook as kuisheid verklaar het as iemand met sy eie vrou gemeenskap het; daar was ook Vaders wat met sy opvatting ingestem het, maar hulle het die grense oortree toe hulle priesters die selibaat opgelê het.

Dit was 'n Vader wat van oordeel was dat net na Christus geluister moes word – oor Hom is daar gesê: "Luister na Hom!" (Matt. 17:5) – en verder dat ons nie ag moet slaan op wat ander tevore gesê of gedoen het nie, maar slegs op dit wat Christus, wat die eerste van almal is, gebied het. Hierdie perk stel hulle nie vir hulleself nie en hulle laat ook ander nie [19] toe om dit as perk te beskou nie, terwyl hulle ander meesters oor hulleself en ander aanstel.

Al die Vaders het dit vroeër van harte vervloek en eenstemmig verfoei dat die heilige Woord van God deur die spitsvondighede van Sofiste en in die rusies van dialektici betrek word. Maar hou hulle hulle aan die grense wanneer hulle in hulle hele lewe niks anders doen as om met eindelose twis en met skeldwoorde, meer as dié van die Sofiste, die eenvoud van die Skrif in duisternis te hul en te verwar, sodat, as die Vaders nou opgewek sou word en die soort uitskellery sou aanhoor (wat hulle bespiegelende teologie noem), dan sou daar niks wees wat hulle minder sou glo as dat die gesprek oor God handel nie!

Maar hoe 'n vloed van Woorde sou ons nie kon uitstort as ek die dinge sou wou opsom waarin hulle moedswillig die juk van die Vaders, soos wie se gehoorsame kinders hulle wil lyk, van hulle afwerp. Inderdaad sou maande en jare my daarvoor te kort skiet. Hulle is mense met so 'n verdorwe en jammerlike skaamteloosheid dat hulle waag om ons te bestraf omdat ons dan die perk van van ouds sou oorskry.

Maar hulle bereik inderdaad niks daarmee dat hulle ons oor die gewoonte tot verantwoording roep nie. Want ons sou met die grootste onreg behandel word as ons verplig sou word om voor die gewoonte te swig. As die oordele van die mens wel reg was, dan sou ons die gewoonte by die goeie mense moes soek. Baie dikwels gebeur dit dat dit heeltemal anders verloop.

[20] Want wanneer mense opmerk dat iets deur baie mense gedoen word, verkry dit die krag van gewoonte. En tog het dit nouliks ooit met die mensdom so goed gegaan dat die beter gebruike by die meerderheid byval gevind het nie. Gevolglik het daar meestal uit die persoonlike gebreke van baie mense openbare dwaling ontstaan of eerder algemene instemming met die gebreke wat hierdie goeie mense nou as die wet wil laat geld. Die wat oë het, kan sien dat dit nie alleen 'n see van euwels oor die wêreld laat vloei het nie maar dat baie gevaarlike peste die wêreld beetgepak het en dat alles in die verderf afstort sodat 'n mens die mensdom as geheel moet bejammer of die hand aan sulke euwels moet slaan of eerder dit geweld moet aandoen. Die geneesmiddel daarvoor word om geen ander rede verwerp as dat ons al lank reeds aan die euwels gewoond geraak het nie.

Gestel nou dat openbare dwaling wel 'n plek in die gemeenskap van die mensdom sou hê, dan moet in die ryk van God slegs na sy ewige waarheid geluister en alleen dit in ag geneem word waaraan deur geen verloop van jare, deur geen gewoonte en deur geen sameswering van mense voorgeskryf kan word nie. So het Jesaja die uitverkorenes van God eenmaal geleer dat hulle nie alles wat die volk 'n sameswering genoem het, 'n sameswering moet noem nie. Dit beteken dat hulle hulle nie in die samespanning van die volk in eengesindheid daarmee moes saamsweer nie en dat hulle nie die vrees van die volk moes vrees of daarvoor moes bewe nie maar dat hulle eerder die Here van die leërskare moes heilig en dat Hy self hulle vrees en hulle [21] bewing moes wees (Jes. 8:12).

Laat hulle dus maar net soveel eeue uit die verlede en voorbeelde uit die hede teen ons werp as wat hulle wil. As ons die Here van die leërskare heilig, sal ons nie baie bevrees word nie, want al sou baie eeue tot 'n soortgelyke ongeloof ingestem het, dan is Hy nog sterk om tot in die derde en vierde geslag wraak te oefen (Num. 14:18). En al sou die hele wêreld terselfdertyd in dieselfde boosheid saamspan, het Hy ons deur beproewing geleer wat die einde is van die wat met die menigte saam

sondig, toe Hy die hele mensdom aan die sondvloed uitgelewer het maar Noag en sy klein gesin bewaar is, wat deur sy geloof die hele wêreld verdoem het (Gen. 7:1). Kortom, 'n verwronge gewoonte is niks anders as 'n openbare pes waarin die wat onder die menigte val, nie minder na die verderf gaan nie.

Deur hulle dubbele argument ontstel hulle ons nie so hewig dat hulle ons dwing om te erken òf dat die kerk geruime tyd reeds dood is òf dat ons nou 'n geskil met die kerk het nie. Die kerk van Christus het voorwaar gelewe, en dit sal lewe so lank as wat Christus aan die regterhand van sy Vader regeer, deur wie se hande Hy onderskraag, deur wie se bystand Hy gewapen, deur wie se krag Hy gesterk word. Want ongetwyfeld sal Hy volbring wat Hy eenmaal op Hom geneem het, naamlik dat Hy saam met sy uitverkorenes sal wees tot aan die voleinding van die eeue (Matt. 28:20).

Teen hierdie kerk het ons tans geen stryd nie, [22] aangesien ons in eensgesindheid saam met sy hele volk van gelowiges die enige God en Christus, ons Here, vereer en aanbid (1 Kor. 8:6), net soos wat Hy immers deur al die gelowiges aanbid is. Maar self dwaal hulle nie min van die waarheid af weg wanneer hulle 'n kerk nie erken anders as net wanneer hulle dit met hulle eie oë kan waarneem en poog om dit met grense in te perk waardeur dit hoegenaamd nie ingeperk kan word nie. Om hierdie hoofpunte wentel ons geskil: in die eerste plek oor die feit dat hulle beweer dat die gestalte van die kerk altyd dieselfde is en dat dit sigbaar is, en verder oor die feit dat hulle die gestalte van die kerk in die setel van die Roomse Kerk en in die orde van die hoofde daarvan stel.

Daarteenoor voer ons aan dat die kerk sonder enige sigbare gestalte kan bestaan en dat die gestalte nie op uitwendige glans, wat hulle soos dwase bewonder nie, maar op heeltemal ander kenmerke berus, naamlik die suiwere prediking van die Woord van God en die regmatige bediening van die sakramente. Hulle mor as die kerk nie altyd met die vinger aangewys kan word nie, maar hoe dikwels het dit nie gebeur dat dit onder die Jode so misvorm is dat geen beeld daarvan meer geblyk het nie? Hoe, dink ons, het die gestalte daarvan nie geskitter toe Elia daaroor gekla het dat hy alleen daarin oorgelaat is nie? (1 Kon. 19:10). Hoe lank was dit sedert die koms van Christus sonder gestalte verborge? Hoe dikwels is dit sedert daardie tyd deur oorloë, opskudding en kettery sodanig onderdruk dat dit nêrens geskitter het nie? Of sou hulle, as hulle in daardie stadium gelewe het, geglo het dat [23] daar tog 'n kerk bestaan? Maar Elia het gehoor dat 7 000 man wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie, nog oor was.

Daar behoort by ons dus geen twyfel daaroor te bestaan dat Christus sedert die tyd waarop Hy na die hemel opgevaar het, altyd op die aarde geregeer het nie. As die gelowiges toe 'n sigbare gestalte vir hulle oë gesoek het, sou hulle moed hulle dan nie dadelik begewe het nie?

Aangesien Hy alleen die mense ken wat syne is (2 Tim. 2:19), laat ons dit dus aan die Here oorlaat om ook by tye die uitwendige kennis van die kerk van die aanskoue van die mens weg te neem.

Die strafgerig van God oor die aarde, erken ek, is verskriklik, maar as die goddeloosheid van die mensdom dit dan so verdien, waarom span ons ons dan in om ons teen die gerig van God te verset? So het die Here Hom in vervloë eeue op die ondankbaarheid van die mensdom gewreek, want omdat hulle sy waaragtigheid nie wou gehoorsaam nie en sy lig uitgedoof het, het Hy hulle sinne verblind en toegelaat dat hulle deur dwase leuentaal bespot en in diep duisternis gedompel word, sodat daar geen gestalte van die ware kerk sou bly bestaan nie. Intussen het Hy egter sy geliefdes gered, hoewel hulle verstrooi en midde-in die dwaling en duisternis skuil gehou het – ook nie verbasend nie, want Hy het selfs in die verwarring van Babilon en in die vlamme van die brandende oond geweet hoe om hulle te red (Dan. 3).

[24] Maar hoe gevaarlik dit is dat hulle die gestalte van die kerk na aanleiding van die een of ander ydele pronkerigheid wil laat beoordeel, sal ek met enkele Woorde aandui eerder as om daarvan 'n uiteensetting te gee sodat ek my betoog nie tot in die oneindige uitrek nie.

Die Roomse pous, sê hulle, wat die apostoliese setel beklee, en die ander biskoppe verteenwoordig die kerk en moet as die kerk beskou word; daarom kan hulle nie dwaal nie. Waarom dan so? Omdat

hulle dan herders van die kerk en deur die Here geheilig is. Hoewel Aäron en sy seuns as priesters aangewys is, het hulle tog gedwaal toe hulle die kalf gemaak het (Ex. 32:4). Vir wie sou daardie 400 profete wat Agab bedrieg het, nie volgens hierdie redenasie die kerk verteenwoordig het nie? (1 Kon. 22:12). Maar die kerk het aan die kant van Miga gestaan, weliswaar alleen en veragtelik, maar uit sy mond het die waarheid gekom. Het die profete dan die naam en gestalte van die kerk gedra toe hulle soos een man teen Jeremia opgestaan het en dreigend verkondig het dat dit onmoontlik was dat die wet van 'n priester of insig van 'n wyse man of die woord van 'n profeet sou sterwe? (Jer. 18:18). Het daar nie ook so 'n glans geskitter op daardie vergadering wat die priesters, skrifgeleerdes en Fariseërs byeengebring het met die oog daarop om oor die dood van Christus te beraadslag nie? (Joh. 11:47). Laat hulle begaan wees oor en verknog wees aan die uiterlike masker om van Christus en al die profete van die lewende God verskeurders te maak, en laat hulle van die dienaars van Satan [25] werktuie van die Heilige Gees maak!

Maar as hulle uit hulle hart praat, laat hulle my dan te goeder trou antwoord: Waar op die wêreld en in watter streke is die kerk na hulle mening gesetel sedert Eugenius volgens dekreet van die Konsilie van Basel van die priesterskap afgesit en weggewys is en Amadeus in sy plek verkies is? Selfs al sou hulle oopbars, kan hulle nie ontken dat die vergadering in soverre dit uiterlike reëlings aangaan, wettig was nie, aangesien dit nie slegs deur een pous nie maar deur twee belê is. Daar is Eugenius, tesame met 'n hele groep kardinale en biskoppe wat hulle saam met hom vir die vernietiging van die vergadering beywer het, aan skeuring, rebellie en hardnekkigheid skuldig bevind. Later is hy egter deur die guns van die vorste onderskraag en het hy die pontifikaat sonder letsel terug ontvang. Die verkiesing van Amadeus, plegtig volgens die gesag van die algemene en heilige sinode afgehandel, het in rook verdwyn, behalwe dat hy soos 'n blaffende hond wanneer 'n brokkie vir hom gegooi word, met die mus van 'n kardinaal gepaai is. Uit die skoot van ketters, rebelle en klipkoppe het al die latere pouse, kardinale, biskoppe, abte en priesters voortgekom.

Aan watter een van die twee dele sal hulle die naam kerk toeken? Sal hulle verklaar dat dit 'n algemene vergadering was, waarin aan uiterlike majesteit niks ontbreek het nie? Dit is immers plegtig volgens twee oorkondes belê, onder voorsitterskap van 'n gesant van die Roomse setel geheilig, in die loop van al die [26] sake daarvan goed georden, en tot aan die einde daarvan het dit altyd in dieselfde waardigheid volhard.

Sal hulle dan erken dat Eugenius met sy hele leërskare in 'n vergadering waar almal geheilig is, 'n ketter was?

Laat hulle dus die gestalte van die kerk op 'n ander wyse omskrywe of hulle sal, hoeveel daar ook al van hulle is, deur ons as skeurders beskou word, aangesien hulle willens en wetens deur ketters georden is. Maar as dit nog nooit tevore bevind is dat die kerk nie deur uitwendige praal gebind word nie, dan kan hierdie mense wat hulle onder die indrukwekkende titel van 'kerk' so lank hooghartig aan die wêreld te koop aangebied het ten spyte daarvan dat hulle verderflike peste van die kerk was, vir ons tot uitvoerige bewys dien.

Ek praat nie van hulle sedes en hulle verskriklike misdrywe, waarvan hulle hele lewe wemel nie, hoewel die mense tog Fariseërs is na wie geluister moet word maar wat nie nagevolg moet word nie (Matt. 23:3).

As u 'n wyle van u vrye tyd daaraan bestee om ons geskrifte te lees, sal u duidelik agterkom dat juis die leer, ja, dat die leer waaraan hulle beweer dat dit te danke is dat hulle die kerk is, 'n verderflike folteraar van ons siele is, 'n fakkel, die verderf en ondergang van ons kerk.

Ten slotte handel hulle nie met genoeg eerlikheid [27] wanneer hulle vol ergernis melding maak van watter groot oproer, opstande en struweling die prediking van ons leer meegebring het en watter vrugte dit nou onder baie mense dra nie. Want die skuld vir hierdie rampe word onverdiend daarop afgeskuiwe, terwyl dit op die boosheid van Satan gewerp moes word. Hier is as 't ware 'n soort 'beskermer' van die Woord van God, sodat dit nooit te voorskyn kan kom as die Satan rus en slaap

nie.

Dit is 'n baie sekere en betroubare kenmerk waardeur dit van bedrieglike leringe onderskei word wat hulleself gemaklik op die voorgrond skuiwe solank dit met die welwillende ore van almal aangeneem en onder toejuiging van die wêreld aangehoor word. So was die mensdom verskeie eeue lank waarin alles in 'n bodemlose duisternis gedompel was, die spel en bespotting van die heerser van die wêreld, en net soos 'n Sardanapolus het hy in diepe vrede neergesink en hom daarmee vermaak. Want wat moes hy anders doen as om te lag en grappe te maak, aangesien hy in rustige en vreedsame besit van sy ryk was?

Maar toe die lig wat uit die hoogte neerstraal, sy duisternis ietwat verdrywe het, toe Een wat magtiger as hy is, sy ryk versteur en geskok het (Luk. 11:22), toe het hy inderdaad sy gebruiklike lomerigheid van hom begin afskud en sy wapens gegryp. En eerste het hy die magte van die mensdom aangehits om die wat die waarheid wat sy lig laat begin skyn het, deur hulle met geweld te onderdruk. En toe hy daardeur niks bereik het nie, het hy hom tot hinderlae gewend, en [28] deur sy wederdopers en die wondertekens van deugniete het hy tweespalt en konflik oor die dogma aangeblaas met die oog daarop om die waarheid te verduister en uiteindelik uit te doof. En ook nou volhard hy daarin om dit met albei hierdie werktuie aan te val. Hy poog immers om met mensegeweld en mag die ware saad uit te ruk, en sover dit binne sy vermoë is, span hy hom in om dit met sy onkruid te verstik, sodat dit nie kan groei en vrugte dra nie. Tog is dit ook tevergeefs as ons ons Raadsman en Here gehoorsaam, wat ook sy lis lank tevore aan ons geopenbaar het om te voorkom dat hy ons onverhoeds betrap en ons met genoegsame bestendige hulpmiddele teen al sy werktuie bewapen het.

Verder, hoe groot is hulle boosheid om juis die blaam op die Woord van God te werp vir opstande wat goddelose rebelle aanhits, of vir die fakkels wat swendelaars daarteen aansteek? 'n Nuwe metode is dit egter nie. Elia is gevra of dit hy was wat Israel in beroering gebring het (1 Kon. 18:17). Christus was vir die Jode 'n oproermaker (Luk. 23:5). 'n Klag van oproer onder die volk is teen die apostels ingebring (Hand. 24:5).

Wat beoog hierdie mense anders wat vandag alle oproerighede, opstande en konflikte wat teen ons opborrel, aan ons toeskrywe? Maar Elia het ons geleer watter antwoord ons aan sulke mense moet verstrek: dat dit nie ons is wat dwalinge versprei of opstande teweegbring nie, maar dat dit hulle is wat die krag van God weerstrewe (1 Kon. 18:18).

[29] Maar soos die een enkele antwoord genoegsaam is om hulle roekeloosheid in bedwang te hou, net so moet aan die ander kant die swakheid van ander tegemoet gekom word wat deur sulke besware beïnvloed en versteur word en dan begin om te wankel, soos dikwels gebeur. Met die oog daarop dat hulle nie voor hierdie steurnis swig en van hulle posisie verdryf word nie, moet hulle weet dat die apostels in hulle tyd dieselfde ervaring gehad het as wat ons nou te beurt val. Hulle was ongeletterde en onsekere mense, aangesien hulle tot hulle eie ondergang die dinge verdraai het wat onder goddelike inspirasie deur Paulus geskrywe is, soos Petrus ook sê (2 Petr. 3:16). Hulle was veragters van God wat, toe hulle gehoor het dat die sonde oorvloedig was sodat die genade daaroor kon stroom, dadelik die afleiding gemaak het: "Ons sal in die sonde bly, sodat die genade vir ons oorvloedig kan wees" (Rom. 6:1). En toe hulle gehoor het dat die gelowiges nie onder die wet was nie, het hulle dadelik geskreeu: "Ons sal sondig, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade" (Rom. 6:15).

Daar was mense wat Paulus daarvan beskuldig het dat hy 'n aanspoorder tot die kwaad was. Baie valse profete het heimlik ingedring om die kerke te verwoes wat hy self gebou het (1 Kor. 1:10). Sommiges het die evangelie uit afguns en stryd nie reg verkondig nie (Fil. 1:15) en selfs arglistig gedink dat hulle druk op sy boeie kan uitoefen (Fil. 1:17). Elders was daar nie veel vordering van die evangelie nie. Almal het hulle eie belang gesoek en nie die belang van [30] Jesus Christus nie (Fil. 2:22). Ander het soos honde teruggegaan na hulle braaksel en soos varke na hulle rolplek in die modder (2 Petr. 2:22).

Die meeste het die vryheid van die gees tot 'n ongebondenheid van die vlees aangegryp (2 Petr. 2:18). Baie het as broeders binnegedring, en deur hulle het gevare later die gelowiges bedreig (2 Kor. 11:3). Onder broeders self het verskeie twiste opgestaan (Hand. 6:11).

Wat moes die apostels onder hierdie omstandighede doen? Moes hulle die evangelie 'n tyd lank verberg of eerder weglaat en agterweë laat omdat hulle kon sien dat dit die kweekplek van soveel geskille, die stof vir soveel gevare en die geleentheid vir soveel struikelblokke is? Maar in probleme van hierdie aard is hulle daardeur onderskraag dat ook Christus 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling was (Rom. 9:33), gestel tot die val en die opstanding van baie en tot 'n teken wat weerspreek sou word (Luk. 2:34). En met hierdie vertroue bewapen het hulle moedig deur al die gevare van opstande en ergernisse heengeskry.

Ook ons behoort deur dieselfde oorweging onderskraag te word, aangesien Paulus getuig dat dit 'n ewige eienskap van die evangelie is dat dit 'n reuk van die dood tot die dood is vir die wat ten gronde gaan, maar 'n reuk van die lewe tot die lewe vir die wat gered word (2 Kor. 2:15).

[31] Maar ek keer terug tot u, o moedige Koning. Laat daardie ongegronde klagte u nie beïnvloed waardeur ons teenstanders hulle inspan om u te verskrik nie, naamlik dat deur hierdie nuwe evangelie (want so noem hulle dit) niks anders nagejaag en gesoek word as 'n geleentheid tot opstande en straflose vryheid vir alle oortredinge nie. Want ons God is nie 'n skepper van verdeeldheid nie maar van vrede (1 Kor. 14:33), en die Seun van God nie dienaar van die sonde nie (Gal. 2:17), aangesien Hy gekom het om die werke van die duiwel te verwoes (1 Joh. 3:8)

Sonder dat ons dit verdien het, word ook ons van dergelike begeertes beskuldig waarvan ons nooit selfs eers die geringste agterdog gekoester het nie. Verbeel u dat ons die omverwerping van koninkryke bedink, ons van wie nog nooit 'n opstandige woord gehoor is nie en van wie se lewe toe ons onder u gelewe het, dit bekend was dat dit rustig en eenvoudig was en wat selfs nou dat ons uit ons tuistes verdrywe is, nie ophou om vir die heil van u koninkryk en vir u te bid nie.

Verbeel u dat ons in straflose moedswilligheid oortredinge najaag – hoewel daar in ons sedes baie dinge af te keur is, is daar tog niks wat so 'n aantyging verdien nie. Deur die genade van God het ons in die evangelie nie so 'n onvrugbare vordering gemaak dat ons lewe nie vir ons veragters 'n voorbeeld van kuisheid, welwillendheid, van barmhartigheid en selfbeheersing, van lydsaamheid en ingetoënheid en elke moontlike deug kan wees nie.

[32] Die werklikheid getuig daarvan dat ons God inderdaad opreg vrees en eer, aangesien ons sowel in lewe as in sterwe daarna strewe om sy Naam te heilig (Fil. 1:20). Juis hulle nyd teen ons dwing hulle daartoe om aan sommige van ons getuienis van ons onskuld en burgerlike onbaatsugtigheid te lewer – mense van wie die een enkele optrede wat tot buitengewone lof gereken moet word, met die dood gestraf is.

Maar as sekere mense onder die dekmantel van die evangelie oproer stook – en tot dusver is sulke mense nog nie in u ryk gevind nie -, as sommiges vryheid vir ongebonde oortredinge onder die genade van God verberg – en van diesulkes ken ek baie -, is daar wette en wetlike strawwe waarmee hulle volgens verdienste streng aan bande gelê kan word, solank die evangelie van God maar net nie intussen as gevolg van die boosheid van misdadigers 'n slegte naam verkry nie.

O edele Koning, u het 'n genoegsaam breedvoerige uiteensetting van die venynige boosheid van ons aanklaers sodat u nie u ore uitermate liggelowig tot hulle aanklagte moet neig nie. Ek vrees dat dit selfs te uitvoerig was, aangesien die voorwoord alreeds bykans die grens van 'n egte verdediging bereik het, en hieronder was my bedoeling nie om 'n verdediging te verskuil nie maar louter om u gemoed vooraf te versag om ons regsaak aan te hoor, aangesien u nou weliswaar van ons afgewend en vervreemd is en, mag ek byvoeg, selfs ontstoke is, maar ons vertrou dat ons u guns weer kan herwin as u eenmaal hierdie belydenis van [33] ons, wat ons as 'n verdediging voor u majesteit wil laat dien, sal deurlees. Maar as die fluisteringe van kwaadwilliges u ore dermate in beslag neem dat daar geen geleentheid vir beskuldigdes bestaan om ten behoewe van hulleself te praat nie, maar

daardie kwelgeeste onder u oogluikende toelating altyd met kettings, gesels, pynbanke, verminkings en verbrandings (Hebr. 11:36) teen ons uitwoed, dan sal ons soos skape wat vir slagting bestem is (Jes. 53:7), tot die uiterste toe gedryf word, maar tog op so 'n wyse dat ons in ons lydsaamheid in volle besit van ons siele sal wees (Luk. 21:19) en die kragtige hand van die Here sal afwag, wat ongetwyfeld op sy tyd sal kom en gewapend sal verskyn sowel om die armes uit hulle verdrukking te bevry as om u veragters te straf.

O Here, Koning van die konings, bevestig u troon op geregtigheid (Spr. 25:5) en vestig, hoogs moedige en uitmuntende Koning, u setel op billikheid.

Te Basel op die drie-en-twintigste Augustus (1535).

# DIE ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

DEUR

IO. CALVYN

[36]

# CHRISTIANAE RELIGIONIS INSTITVtio, IO. CALVINO autore.

## DE LEGE, QVOD DEcalogi explicationem continet. CAP. I.

SVMMA ferè sacræ doctrinæ duabus his partibus constat, Cognitione Dei, ac nostri. Hæc uero de Deo nobis in præsentia discẽda sunt. Primum, ut certa fide constitutum habeamus, ipsum infinitam esse sapientiam, iusti-
Baruch 3 tiam, bonitatem, misericordiã, ueritatem, uirtutem,
Iacobi 1 ac uitam: ut nulla sit prorsus alia sapientia, iustitia,
bonitas, ueritas, uirtus, & uita. Et quicquid earum re

rum

[37]

# Hoofstuk 1

**DIE WET, WAARBY 'N VERKLARING VAN DIE TIEN GEBOOIE INGESLUIT IS**

Feitlik die volle heilsleer bestaan uit die volgende dele: kennis van God en kennis van onsself. Vir die huidige moet ons die volgende in verband met God leer: In die eerste plek dat ons met 'n vaste geloof daaraan moet vashou dat Hy grenslose wysheid, regverdigheid, goedheid, genade, waarheid, deug en lewe is, sodat daar glad geen ander wysheid, regverdigheid, goedheid, waarheid, deug en lewe bestaan nie. Enigiets hiervan, waar dit ook al te bespeure is, ontstaan uit Hom (Spr. 16:4).

In die tweede plek dat alles wat in die hemel en op die aarde is, tot sy heerlikheid geskape is (Ps. 148:1) en dat dit met reg aan Hom verskuldig is dat elke ding in ooreenstemming met sy aard Hom diensbaar moet wees, sy ryk moet beskerm, na sy majesteit moet opsien en in gehoorsaamheid Hom as Heer en Koning moet erken (Rom. 1:20).

In die derde plek dat Hy 'n regverdige regter is en [38] dat Hy gevolglik dié mense swaar sal straf wat van sy gebooie afwyk, wat nie in alles sy wil volg nie en ander dinge bedink, sê en doen as wat tot sy eer strek (Ps. 7:9).

In die vierde plek dat Hy genadig en vriendelik is en die ellendiges en armes gul sal ontvang wat hulle toevlug tot sy genade neem en hulle vertroue op Hom stel. Hy is bereid om hulle te spaar en te vergewe as hulle Hom om sy genade vra; Hy is gewillig om hulle te onderskraag en te help as hulle Hom om sy bystand vra; Hy is gewillig om hulle te red as hulle al hulle geloof in Hom stel en Hom aanhang (Ps. 103:3).

Om tot die sekere kennis van onsself te kom moet ons in die eerste plek daaraan vashou dat Adam, die vader van ons almal, na die beeld en gelykenis van God geskape is (Gen. 1:26); dit is, begiftig met wysheid, regverdigheid en heiligheid. Deur hierdie genadegawes was hy dermate aan Hom verkleef dat hy tot in ewigheid in Hom sou lewe as hy in die reinheid van die natuur wat hy van God ontvang het, sou volhard. Maar toe hy in sonde verval het, is die beeld en gelykenis van God aangetas en uitgewis; dit is, hy het al die seëninge van die genade van God verloor waardeur hy na die weg van die lewe teruggebring kon word (Gen. 3). Daarbenewens is hy ver van God geskei en volkome 'n vreemdeling gemaak. Daaruit volg dat hy van alle wysheid, regverdigheid, deug en lewe ontneem en gestroop is – eienskappe wat, soos tevore reeds gesê is, nie anders besit kan word as net in God nie.

[39] Daarom het daar vir hom niks anders oorgebly as onkunde, onregverdigheid, kragteloosheid, die dood en sy gerig voor God nie (Rom. 5:12). Dit is inderdaad die vrugte van die sonde (Gal. 5:19). Hierdie ellende het nie slegs op hom geval nie maar na ons oorgevloei, aangesien ons sy saad en nageslag is. Gevolglik is ons almal, wie ook al uit Adam gebore word, onkundig en sonder God, verwronge, bedorwe en verstoke van alle goed – 'n hart in besonder geneig tot alle kwaad, vol van verkeerde begeertes en hieraan uitgelewer en weerspannig teen God (Jer. 17:9).

Maar as ons by tye nog uiterlike tekens van die goeie gee, dan bly die innerlike gesindheid van gees nog in sy onreinheid en verborge verdorwenheid. En juis dit is die belangrikste of, liewer, voor alle ander dinge voor die gerig van God: Hy oordeel nie volgens die uiterlike nie, en uiterlike skoonheid ag Hy nie van groot waarde nie, maar Hy kyk in die geheimenisse van die hart (1 Sam. 16:7). Al sou die mens dus uit homself 'n skitterende skyn van heiligheid hê, dan is dit tog niks anders as huigelary nie en voor God selfs 'n gruwel, aangesien die oordenkinge van die verstand altyd verwronge en bedorwe daaronder skuil.

Selfs al sou ons so gebore wees dat daar in ons iets aanwesig is wat vir God welgevallig kan wees, dan sou dit nog nie in ons mag wees om Hom te behaag nie; tog hou ons nie op om dit aan Hom verskuldig te wees wat ons by Hom nie kan vereffen nie, aangesien ons skepsels van God is en sy eer en heerlikheid behoort te dien en aan sy gebooie gehoorsaam moet wees. Dit [40] is ons ook nie geoorloof om die verskoning aan te bied dat die vermoë daartoe ons ontbreek en dat ons soos uitgemergelde skuldenaars nie in staat is om ons skuld te vereffen nie. Want dit is ons eie skuld en

die van ons sondes wat ons in boeie hou sodat ons die goeie nie wil of kan doen nie (Rom. 7).

Aangesien God voorts die regverdige wreker van ons oortredinge is, behoort ons te erken dat ons aan sy vervloeking onderworpe is en dat ons die oordeel van die ewige dood verdien. Daar is inderdaad nie een van ons wat die wil of die vermoë het om sy plig te doen nie. Daarom noem die Skrif ons almal kinders van die toorn van God, en dit verklaar dat ons almal na die dood en die verderf voortsnel (Ef. 2:1). Vir die mens is dus geen rede oor waarom hy sy geregtigheid, sy krag, sy lewe en sy heil in homself sou soek nie – alles eienskappe wat in niemand anders as net in God bestaan nie, deur wie die mens as gevolg van sy sonde verstrooi en verdeel is (Hos. 13:4). By homself sal hy niks anders as ongeluk, swakheid, onregverdigheid, die dood – kortom, die doderyk self, vind nie.

En sodat die mens hiervan nie onkundig moet wees nie, het die Here sy wet in die harte van alle mense ingeskryf en as 't ware daarop afgedruk (Rom. 2:1). Dit is inderwaarheid niks anders as ons gewete nie om binne-in ons 'n getuie te wees van die dinge wat ons aan God verskuldig is, om aan ons voor te hou wat goed en wat kwaad is, en om ons op so 'n wyse aan te kla en te beskuldig terwyl ons in onsself daarvan [41] bewus is dat ons nie ons plig vervul het soos dit ons betaam nie. Maar aangesien die mens nou nog deur sy verwaandheid en ambisie so opgeblase is en deur die liefde vir homself dermate verblind is dat hy homself nie kan deurskou en as 't ware in homself kan neerdaal nie, moet hy leer om homself neer te werp en te onderwerp en sy ellende te erken.

Die Here het aan ons 'n geskrewe wet voorgelê waarvolgens ons onderrig kan word wat die volmaakte geregtigheid is, en hoe dit geskied en volkome nagekom kan word. Voorwaar, as ons volkome op God gerig is en ons op niks anders as net op Hom rig nie, dan stel ons al ons gedagtes, wense, handel of woorde op Hom in. Die leer van die geregtigheid toon duidelik aan ons hoe ver ons van die reguit pad af weg is. Hierop is al sy beloftes en sy vervloekinge, wat juis in sy wet aan ons voorgelê is, gerig. Want die Here belowe dat as iemand sy gebooie volkome en noukeurig vervul, Hy hom met die loon van die ewige lewe sal vergeld (Lev. 18:5). Daarmee dui Hy natuurlik vir ons aan dat die volmaaktheid van lewe waarvan in sy wet geleer word, waaragtige geregtigheid is, dat dit so deur Hom geag word en dat dit so 'n beloning waardig sal wees as daar so iets onder die mensdom te vinde is.

Aan die ander kant verorden Hy vervloeking oor dié en veroordeel húlle tot die ewige dood wat nie die hele geregtigheid van sy wet ten volle en sonder enige uitsondering onderhou nie (Deut. 27:26). Met die straf plaas Hy sekerlik almal wat ooit bestaan het [42] of nou bestaan of nog sal bestaan, onder verpligting. Onder hulle kan nie een mens aangewys word wat nie 'n oortreder van sy wet is nie.

Terwyl sy wet ons dus die wil van God leer, tot die vervulling waarvan ons verplig en diep in die skuld is, en terwyl dit vir ons 'n aanduiding gee daarvan hoe ons nie een van God se gebooie noulettend tot uitvoer bring nie (Rom. 3:19), is dit vir ons duidelik 'n spieël waarin ons ons sonde en vervloeking mag waarneem en oordink, net soos ons gewoonlik in 'n spieël die vuilheid en vlekke van ons gesig raaksien.

Eintlik is die geskrewe wet slegs maar 'n getuienis van die natuurwet – 'n getuienis wat baie dikwels ons geheue verfris en by ons die dinge inprent wat ons nie genoegsaam geleer het toe die natuurwet binne in ons ons daarin onderrig het nie.

Nou is ons gereed om 'n begrip te vorm van wat ons uit die wet moet leer, naamlik dat God inderdaad Skepper is, ons Here en Vader; dat om hierdie rede heerlikheid, eer en liefde deur ons aan Hom verskuldig is; dat, aangesien geeneen van ons sy deel nakom nie, ons almal sy vloek, sy oordeel – kortom, die ewige dood verdien. Ons moet dus na 'n ander weg vir ons redding soek as deur die geregtigheid van ons werke, dit is, vergiffenis van ons sondes. Voorts, aangesien dit nie 'n eienskap van ons mag en vermoë is om te vergoed vir wat ons aan die wet verskuldig is nie, moet ons geen hoop in onsself stel nie en hulp van elders vra en verwag. Wanneer [43] ons tot hierdie nederigheid

en onderwerping neergedaal het, gooi die Here sy strale oor ons en betoon Hom 'n toegeneë, genadige, vriendelike en toegeeflike Vader, van wie daar geskrywe is: "Hy weerstaan die hooghartiges en skenk genade aan die nederiges" (Jak. 4:6). En, eerstens, as ons Hom met vertroue smeek om sy toorn van ons af te wend en ons Hom om genade bid, gee Hy dit sonder twyfel aan ons; en wat ons sondes ook al verdien het, Hy vergewe ons en ontvang ons in genade.

Voorts as ons Hom om sy hulp en sy hand aanroep, sal ons sekerlik daarvan oortuig wees dat ons, toegerus met sy bystand, tot alles in staat is. Volgens sy eie goeie wil gee Hy aan ons 'n nuwe hart, sodat ons die wil en die krag mag hê om sy gebooie na te kom (Eseg. 36:26). Dit word weliswaar alles ryklik aan ons geskenk ter wille van ons Here Jesus Christus, wat, hoewel Hy saam met die Vader een God was (Joh. 1:1), ons vlees aangeneem het om met ons 'n verbond aan te gaan, en ons, wat deur die sonde ver van Hom af weggetrek is, naby aan God vas te bind (Jes. 53). Met die verdienste van sy dood het Hy ook ons skulde voor die geregtigheid van God vergeld en genoegdoening vir sy toorn gegee. Hy koop ons vry van die vloek en oordeel waaraan ons onderworpe was, en Hy dra die straf vir ons sondes in sy eie liggaam om ons daarvan vry te skeld (Ef. 2:1). Hy het op die aarde neergedaal en al die rykdom van die hemelse seëninge met Hom saamgebring en dit met milde hand oor ons uitgestrooi (Rom. 8:14): dit is gawes van die Heilige Gees; deur Hom word ons weergebore, uit [44] die mag en van die bande van die duiwel bevry, onbaatsugtig tot kinders van God aangeneem en vir elke goeie werk geheilig. So lank as wat ons in hierdie sterflike liggaam gekluister word, sterf die slegte begeertes in ons asook die begeertes van die vlees en die verwronge bose verdorwenheid wat ons natuur voortbring; deur Hom word ons van dag tot dag nuut gemaak (2 Kor. 4), sodat ons in die hernuwing van ons lewe kan voortgaan en vir die geregtigheid kan lewe (Rom. 6:4).

Al hierdie seëninge word ons deur God aangebied, en in Christus, ons Here, word dit aan ons gegee; werklik vrye vergiffenis van sondes, vrede en hereniging met God en genadegawes van die Heilige Gees, as ons dit met 'n vaste geloof omarm en aanneem en met groot vertroue op die goedheid van God steun en voor Hom neerbuig, sonder om te twyfel dat die Woord van God krag en waarheid is, wat al die dinge aan ons belowe. Kortom, as ons aan Christus deel het, sal ons in Hom al die hemelse skatte besit asook die gawes van die Heilige Gees, wat ons in die lewe en in ons redding inlei.

Dit verkry ons nooit behalwe met 'n waaragtige lewende geloof nie, terwyl ons erken dat al ons goed in Hom is maar dat ons niks is as ons nie in Hom is nie, en ons is daarvan verseker dat ons in Hom kinders van God word en erfgename van die koninkryk van die hemele (Rom. 8:14).

Verder, die wat nie in Christus deel nie, van watter [45] aard hulle ook al is en wat hulle ook al doen of onderneem, hulle gaan na die verderf en in die verwarring en die oordeel van die ewige dood, deur God verwerp en van alle verwagting op redding uitgesluit (Joh. 3).

En aangesien hierdie kennis van onsself en van ons onselfgenoegsaamheid en ellende waardeur ons geleer word om ons voor God te verootmoedig en neer te buig (Jes. 31:18), en ook die geloof wat aan ons 'n voorsmaak bied van die goedheid en barmhartigheid van God, waarin Hy in Christus met ons handel, moet ons God vra dat Hy ons in ongeveinsde berou tot die kennis van onsself en in vaste geloof tot die kennis van sy barmhartigheid en sy lieflikheid te lei, wat Hy in Christus openbaar, sodat ons onder sy leiding tot die ewige geluksaligheid gebring kan word, wat die enigste weg is waarlangs ons tot die Vader kan kom (Fil. 1; Joh. 14; Rom. 5).

Die tien gebooie van die wet is in twee tafels verdeel. Daarvan bestaan die eerste tafel uit die eerste vier gebooie (Exod. 32:15; 34:1; Deut. 10:1). Daarin word ons geleer oor die dinge wat ons aan God verskuldig is, naamlik dat ons Hom inderdaad as die enigste God moet erken en bely, dat ons Hom bo en voor alles moet liefhê, eer en vrees, dat ons in Hom alleen al ons hoop en ons krag moet stel en Hom altyd om hulp moet aanroep.

Die tweede tafel omvat die orige ses gebooie. Daarin word die liefde en die pligte van die liefde [46] uiteengesit wat ter wille van God aan die naaste betoon moet word. Hiervolgens het ons Here, soos die evangelieskrywers vertel, die hele wet in twee hoofde saamgevat: naamlik dat ons God uit ons

hele hart, uit ons hele siel en met al ons kragte moet liefhê en dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (Matt. 22:37; Luk. 10:27).

Hoewel die hele wet inderdaad onder hierdie twee hoofde ingesluit is, was dit tog die wil van ons Here om elke sweem van verskoning uit die weg te ruim deur breedvoeriger en uitvoeriger in die tien gebooie te beskrywe enersyds watter aspekte op sy eer, sy vrees en liefde gerig is, en andersyds watter aspekte betrekking het op die liefde wat Hy aan ons om sy ontwil teenoor ons naastes opdra.

Voordat Hy egter begin om sy gebooie te gee, spreek Hy vooraf soos volg (Exod. 20:2; Deut. 5:6):

**EK IS DIE HERE, JOU GOD, WAT JOU UIT EGIPTELAND EN UIT DIE HUIS VAN JOU SLAWERNY UITGELEI HET.**

Met hierdie woorde vermaan Hy ons dat Hy die Here is wat ook die reg het om aan ons gebooie te gee en aan wie ons gehoorsaam moet wees. Daarbenewens roep Hy in die geheue op hoe voortreklik Hy sy mag en krag uitgeoefen het toe Hy die Israelitiese volk uit die slawerny van Farao en die Egiptenare bevry het, en hoe Hy elke dag dieselfde mag uitoefen wanneer Hy sy uitverkorenes, wat die ware Israeliete is, uit die [47] slawerny van hulle sondes, wat onder die naam Egipte voorgestel word, bevry, en hulle uit die bande van die duiwel, wat die farao in die gees is, die heer van die Egiptenare, dit is van die mense wat in hulle eie begeertes wandel, losmaak. Hieraan het Hy vervolgens die eerste gebod in die volgende vorm toegevoeg:

**DIE EERSTE GEBOD**

**JY SAL NIE ANDER GODE VOOR MY AANGESIG HÊ NIE.**

Hierdeur word ons verbied om ons vertroue na ander gode te wend: dit moet geheel en al in Hom gevestig wees (Jes. 30:1-5; 31:1); of om na ander gode heen te vlug om hulp te vra of om ander gode te loof vir enige goedheid en mag wat tot sy lof alleen moet wees (1 Tim. 1:17; Deut. 6:4; 10:12). Ja, eerder behoort ons Hom bo alles so lief te hê en te vrees dat ons Hom alleen as ons God erken en al ons hoop en vertroue in Hom alleen stel, terwyl ons daaraan gedagtig is dat watter goed ons ook al toeval, uit Hom ontstaan en om hoegenaamd niks toe te laat tensy Hy daarin geëer en aanbid word nie (1 Kor. 10:23). En nie alleen moet ons ons daarvoor beywer om met ons tong, met ons liggaamshouding en met elke uiterlike teken te verklaar dat geen ander god ons God is nie, maar ook om ons met ons verstand, ons hele hart en al ons ywer sodanig te betoon. Want nie alleen is ons woorde en werke na buite voor sy aangesig nie, maar ook is die binneste verborgenhede van ons hart en die [48] diepste oordenkinge van ons verstand beter en sekerder aan Hom bekend as aan onsself (1 Kron. 28:9).

**DIE TWEEDE GEBOD**

**JY SAL VIR JOUSELF GEEN GESNEDE BEELD MAAK VAN WAT BO IN DIE HEMEL IS OF VAN WAT ONDER OP DIE AARDE OF VAN WAT IN DIE WATERS ONDER DIE AARDE IS NIE. HULLE SAL JY NIE AANBID OF EER NIE.**

Hiermee word aangedui dat alle verering en aanbidding die enige God toekom. En aangesien Hy onbegryplik, sonder liggaam en onsienlik is en alle dinge so onderhou dat Hy nêrens uitgesluit kan word nie, laat ons ons dus nie verbeel dat Hy in 'n ander gestalte uitgedruk of in enige beeltenis weergegee kan word nie, en laat ons 'n afgodsbeeld nie aanbid asof dit 'n ewebeeld van God is nie. Laat ons God, wat Gees is, eerder in gees en in waarheid aanbid (Deut. 6:10; 1 Kon. 8; Joh. 1; 4:24; 1 Tim. 1:17).

Die eerste gebod leer dus dat daar net een God is en dat daar benewens Hom geen ander gode bedink of geag moet word nie. Dit leer ons wat sy aard is en op watter wyse van aanbidding Hy geëer moet word, sodat ons nie mag waag om aan Hom enigiets vleesliks te heg nie of om Hom aan ons sintuie te onderwerp – net asof Hy met ons afgestompte verstand begryp of in enige gestalte weergegee kan word! Laat die mense hierop ag gee wat 'n vervloekte afgodediens waardeur die

ware godsdiens baie jare tevore ondergedompel en [49] vernietig is, met 'n droewige voorwendsel probeer verdedig. Beelde, sê hulle, word nie as gode beskou nie. So volkome onnadenkend was die Jode nie dat hulle nie onthou het dat dit God was deur wie se hand hulle uit Egipteland uitgelei is voordat hulle 'n kalf gemaak het nie. En ons moet nie glo dat die heidene so stompsinnig was dat hulle nie begryp het dat God iets anders as hout en klippe was nie. Want hulle het hulle beelde na willekeur omgeruil, maar altyd dieselfde gode in gedagte gehad; baie beelde is aan een god toegesê, maar tog het hulle nie vir hulleself soveel gode geskep as wat daar beelde was nie. Daarbenewens het hulle elke dag nuwe beelde ingewy maar tog nie gedink dat hulle nuwe gode skep nie.

Hoe dan? Al die afgodedienaars, of hulle nou ook al uit die Jode of uit die heidene was, was daarvan oortuig dat hulle god sodanig was as wat die ydelheid van hulle verstand hom voorgestel het. Aan hierdie ydelheid is ook verdorwenheid toegevoeg, en hulle het hulle god voorgestel soos wat hulle hulle dit innerlik verbeel het.

Die verstand het dus die afgod voortgebring, en die hand het daaraan geboorte gegee. Desnietemin het die Jode gemeen dat hulle die ewige God, die Enige en Waaragtige, die Here van die hemel en van die aarde onder sulke beelde aanbid, en die heidene het hulle verbeel dat hulle gode, al sou hulle vals wees, in die hemel woon. Hierby het hulle nie geglo dat hulle god onder hulle is, tensy hy sy teenwoordigheid [50] in die vlees toon nie. Om aan hierdie blinde begeerte gehoorsaam te wees het hulle beelde opgerig waarin hulle kon glo dat hulle god voor hulle vleeslike oë tot stand gebring word. Aangesien hulle van mening was dat hulle god homself daarin aanskou, het hulle hom ook daarin aanbid. Uiteindelik was almal in verstand en oë daaraan vasgekluister en het hulle al hoe meer begin om hulle verstand te verloor, en net asof iets van die Godheid hierin aanwesig was, het hulle begin om daardeur oorbluf te word en dit te bewonder. Die mense wat beweer dat dit tevore nie plaasgevind het of selfs in ons heugenis nie nog gebeur nie, lieg onbeskaamd. Want waarom werp hulle hulle voor hulle neer? Waarom wend hulle hulle daarheen wanneer hulle gaan bid, net asof dit tot die ore van God is? Waarom stry hulle vir die beelde, soos vir hulle altare en vuurherde, selfs tot doodsvernietiging toe, sodat hulle die enige God met groter gemak as hulle afgode uit die weg sal ruim?

En tog vermeld ek nog nie die growwe dwalinge van die massa, wat bykans grensloos is en die harte van feitlik alle mense beetpak nie. Ek toon slegs aan wat hulle self bely wanneer hulle hulle in besonder van die afgodediens wil verontskuldig. 'Ons noem hulle nie ons gode nie', sê hulle. Ook die Jode en die heidene het hulle nie so genoem nie maar slegs beeld en afbeeldinge van die gode. En tog het die profete en al die Skrifte nie opgehou om na hulle hoerery met hout en klip te verwys nie (Jes. 40:19; Jer. 2:27; Eseg. 6:4; Hab. 2:18), maar slegs as gevolg van die [51] voorwerpe wat elke dag deur die mense wat as Christene beskou wil word, gemaak word, naamlik dat hulle God vleeslik in hout en klip vereer. Hulle heel laaste ontvlugting is om te verklaar dat dit die boeke van ongeletterdes is. Gestel nou dat ons dit sou toegee – hoewel dit die grootste onsin is en aangesien dit meer as seker is dat 'n mens hom om geen ander rede neerbuig as om te aanbid nie -, dan sien ek tog nie watter vrug die beelde vir ongeletterdes kan dra nie, en in besonder vir mense aan wie hulle God wil voorstel, behalwe om van hulle mensgode te maak. Wat is die beelde wat hulle vir heiliges oprig anders as voorbeelde van die allerverderflikste weeldesug en onwelvoeglikheid. En as iemand hom na aanleiding daarvan sou wou formeer, dan sou hy 'n knuppeldood verdien. Weliswaar stel hoerhuise hoere wat meer beskeie en ingetoë gekleed is, ten toon as hulle kerke die voorwerpe wat hulle as beelde van maagde aangesien wil hê. Laat hulle dus hulle beelde ten minste volgens ingetoë beskeidenheid vervaardig sodat hulle ietwat waaragtiger kan lieg dat dit boeke van een of ander heiligheid is.

Maar selfs dan sal ons antwoord aan hulle wees dat dit nie die metode is waarvolgens die volk van God, vir wie die Here op 'n heel ander wyse wil laat onderrig as volgens hierdie treurmares, onderrig moet word nie. Die prediking van sy woord het Hy as algemene leer vir almal voorgelê. Wat is dan die bedoeling daarvan dat soveel kruise van hout, van klip en selfs van silwer en goud opgerig word

as dit ons so dikwels [52] ingeprent word dat Christus op grond van ons sondes oorgelewer is sodat Hy ons vervloeking aan die kruis kon dra en ons sondes van ons kon afwas? Uit hierdie een enkele woord kon hulle meer geleer het as uit duisend kruise van hout of klip. Want miskien spyker die gieriges hulle gedagtes en hulle oë met groter halsstarrigheid op hulle goue en silwerkruise as op enige Woord van God

En wie, vra ek, noem hulle ongeletterdes? Die mense, natuurlik, vir wie God as God-onderrigte mense erken. Siedaar, die onvergelyklike seën van beelde, waarvoor met geen vergoeding vergeld kan word nie!

Om met groter nadruk te verklaar hoe gewigtig Hy alle ontrou en afgodediens vervloek, het Hy aan hierdie twee gebooie die volgende toegevoeg:

Dat Hy die Here ons God is, kragtig en jaloers, wat die sondes van die vaders besoek aan die kinders in die derde en vierde geslag van die wat sy naam haat, maar Hy bewys barmhartigheid aan duisende wat Hom liefhet en sy gebooie bewaar (Exod. 20:5-6).

Dit is inderdaad of Hy sê dat dit Hy alleen is aan wie ons behoort vas te hou, en dat Hy geen deelgenoot kan verdra nie en dat Hy die wreker sal wees van sy majesteit en heerlikheid as iemand dit op gesnede beelde of iets anders sou oordra – en dit nie net een maal nie maar op die vaders, hulle kinders en [53] hulle kleinkinders: dit is te alle tye. Net so toon Hy voortdurend sy barmhartigheid en goedheid teenoor die wat Hom liefhet en sy wet bewaar.

**DIE DERDE GEBOD**

**JY SAL DIE NAAM VAN JOU HERE JOU GOD NIE IN YDELHEID GEBRUIK NIE**

Die betekenis hiervan is die volgende: dat aangesien ons God moet vrees en liefhê, ons sy Naam hoegenaamd nie mag misbruik nie. Ja, dat ons Hom selfs bo alle ander dinge vanweë sy heiligheid moet grootmaak en onder alle omstandighede, in voorspoed sowel as teenspoed, aan Hom die eer moet gee; met ons hele hart na Hom moet soek en vir al die dinge wat ons uit sy hand toekom, aan Hom die dank moet bring. Kortom, dat ons ons van alle smaad en lastering teenoor Hom sorgvuldig moet weerhou, dat ons Hom nie anders moet noem of anders oor Hom moet praat as wat sy verhewe majesteit pas nie.

Laat ons sy Naam nie vir iets anders gebruik as dit waarvoor Hy dit gebruik wou hê nie. Want dit sou beteken dat ons dit ontheilig en besmet soos die mense wat dit aan geestesbeswering, towery, gruwelike vervloeking, onwettige uitbanning en ander goddelose bygelowe diensbaar maak (Lev. 20; Deut. 18).

Maar in soverre dit borgstelling of die eed aangaan: [54] laat ons hierdie heilige Naam nie op valse wyse aanroep nie, want die ewige waarheid kan nie ernstiger onteer word as wanneer dit as 'n getuie vir leuentaal opgeroep word nie. Kortom, laat ons selfs nie eers 'n ware eed onbesonne gebruik nie, behalwe as die eer van God of die voordeel van ons broeders dit as noodsaaklik vereis.

Want met uitsondering hiervan is enige soort eed verbode, soos die woorde van Christus ons leer wanneer Hy hierdie hoofstuk van die wet uitlê, dat ons volle woord moet wees: ja, ons ja; nee, ons nee, en wat dit ook al te buite gaan, getuig daarvan dat dit uit die bose is (Matt. 5:37). Hier moet ook verder opgemerk word dat elkeen verbied word om 'n eed uit eie persoonlike voortvarendheid te misbruik. Maar 'n eed wat ons aflê wanneer 'n amptenaar dit opdra en vereis, is glad nie in stryd met hierdie gebod nie, aangesien God elders vir hulle die mag geskep het om die eed op te dra wanneer getuienis van die waarheid vir 'n uitspraak vereis word (Exod. 22:11; Hebr. 6:13). Inteendeel, alle openbare ede is van hierdie verbod vrygestel. So is die eed wat Paulus afgelê het om die evangelie bekend te stel (Rom. 1:9; 9). Want die apostels is in hulle pligte nie privaatmense nie maar in die openbaar bedienaars van God. So is die ede wat deur staatshoofde afgelê word wanneer hulle verdrae aangaan, of deur 'n volk wanneer hy in die naam van sy staatshoof sweer, en so is ook ander ede wat nie uit persoonlike hebsug nie maar vir die openbare voordeel afgelê word.

[55] Dit is dus belangrik om te onthou dat 'n eed nie na willekeur of smaak toelaatbaar was nie maar na die noodsaaklikheid daarvan. Maar net soos ons die Naam van God, soos elders gesê is, nie mag aanroep anders as tot bevestiging van ons woorde nie, moet sy Naam en nie 'n ander nie aangeroep word so dikwels as wat nodig is. Want dit raak sy eer en heerlikheid dat Hy, wat die enige en ewige Waarheid is, as die enigste getuie van die waarheid beskou moet word en dit ook is (Deut. 6:13; 10:20; Jes. 45:23; 48). Ten slotte, om die uitmuntende majesteit van sy Naam nog doeltreffender te maak, het Hy die volgende aan hierdie gebod toegevoeg:

Dat Hy iemand wat sy Naam in ydelheid misbruik, nie as 'n onskuldige sal beskou nie.

Met hierdie woorde vaardig Hy 'n besondere wraak oor die oortreders van hierdie gebod uit.

**DIE VIERDE GEBOD**

**GEDENK DIE SABBATDAG DAT JY DIT HEILIG. SES DAE SAL JY ARBEI EN AL JOU WERK DOEN, MAAR OP DIE SEWENDE DAG IS DIT DIE SABBAT VAN DIE HERE JOU GOD. DAN SAL JY GEEN WERK DOEN NIE, NIE JY NIE, OOK NIE JOU SEUN OF JOU DOGTER OF JOU SLAAF OF JOU SLAVIN OF JOU TREKDIER OF JOU VREEMDELING WAT IN JOU POORTE IS NIE. WANT IN SES DAE HET DIE HERE DIE HEMEL EN DIE AARDE GESKEP, DIE SEE EN ALLES WAT DAARIN IS, EN OP DIE [56] SEWENDE DAG HET HY GERUS, DAAROM HET HY DIT GESEËN EN DIT GEHEILIG.**

Die inagneming van die Sabbat het betrekking sowel op die eerbied vir God as op die aanbidding van God, aangesien dit onder die eerste tafel saamgevat is en die heiliging van die dag genoem word. God het nooit iets strenger as dit vereis nie (Exod. 31; Num. 15), en wanneer Hy wil aantoon dat die hele godsdiens onder die profete omvergewerp is, vermeld Hy dat die Sabbat verontreinig en ontwy, geskend en nie nagekom of geheilig is nie, net asof daar deur die weglating van gehoorsaamheid hieraan niks meer oorgebly het waarin Hy nog geëer kon word nie (Jer. 17).

Daar moet egter glad nie twyfel hieroor bestaan nie dat hierdie gebod 'n afskaduwing was en dat die Jode in die tyd van hulle seremonies gebied is om onder die uitwendige inagneming daarvan die geestelike aanbidding van God weer te gee nie. Daarom is dit deur die koms van Christus, wat die wet van skaduwees en die waarheid van gestaltes was, herroep soos die orige skadu's van die Mosaïese wet, soos Paulus duidelik getuig (Gal. 4:8; Kol. 2:16). Maar ten spyte daarvan dat die seremonie en die uitwendige gebruik afgeskaf is, waardeur die geloof van die Jode onder die onderwysing van die wet beoefen is, hou ons nog aan die waaragtigheid van die gebod, omdat dit die Here se wil was dat dit vir ons sowel as vir die Jode 'n ewige gemeenskaplike insetting moes wees.

Maar dit is die waarheid: Aangesien ons God moet [57] vrees en liefhê, moet ons so ook ons rus in Hom vind. Dit sal eers gebeur wanneer ons ons bose begeertes van ons aflê, wat niks anders as net ons gewete folter, versteur en vervolg nie; wanneer ons van die bose werke van ons vlees afsien – dit is van die werke wat uit ons begeertes en die boosheid van ons natuur spruit – van al die werke, om dit nou eens en vir altyd te sê, wat nie uit die gees van God is nie, met watter skyn van menslike wysheid dit ook al te koop loop (Jes. 35; 38; Hebr. 3:7-19). Alle werke van die aard is in der waarheid slawewerk: hiervan gebied die wet van die Sabbat ons om af te sien sodat God in ons kan woon en werk wat goed is, en ons deur die leiding van sy Heilige Gees kan regeer. Sy regering bring vir ons gewetes vrede en rus mee.

Die ware Sabbat is die een waarvan die Joodse sabbat 'n beeld en skadu was. Daarom is die Sabbat aan die sewende dag toegeskrywe, 'n getal wat in die skrif die betekenis van volmaaktheid het. Daardeur word ons geleer dat die Sabbat deur God as 'n ewige insetting aan ons opgedra is wat deur geen perke beëindig word nie, en verder dat dit nou so sal wees dat dit ten volle in juiste maat tot op die sewende dag geheilig moet word (Hebr. 4:1-11). Die sewende dag is die laaste en ewige dag en al sou ons, wat gelowig is, ook ten dele daartoe toegetree het, het ons dit nog nie ten volle bereik nie. Want nou het ons deur die geloof ons rus in God begin, en daarin maak ons ook elke dag vordering, sodat dit eers dan volmaak sal wees wanneer die profesie van Jesaja vervul sal word waarin hy aan

die kerk van God Sabbat op Sabbat [58] belowe (Jes. 66), naamlik wanneer God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

En dit het die Here ook vir ons in die skepping van die wêreld aangetoon, wat Hy in ses dae volvoer het, en op die sewende dag het Hy gerus van al sy werk (Gen. 2:1-3) sodat ons, wanneer ons na sy voorbeeld ook al ons werk tot 'n einde bring, ons rus in Hom kan soek en onvermoeid na hierdie Sabbat van die sewende dag kan jaag.

Dit het betrekking op die dag van die Here waarop ons nou ag gee: dit is nie daarom ingestel dat ons dit bo die ander dae moet heilig nie, dit is, heiliger as die ander moet ag nie, want dit is 'n voorreg van God alleen wat al die dae ewe veel geëer het (Rom. 14:5). Maar dit is ingestel sodat die kerke op die dag kan versamel vir gebede en die lof van God, om na sy Woord te luister en die sakramente te gebruik (Gal. 4:8; Kol. 3:16). En om onbesorg hierdie pligte met groter ywer te vervul moet ons van ons werktuiglike handearbeid afsien en van al die afleidinge wat op die loop van hierdie lewe betrekking het.

Van dieselfde aard is ook ander godsdienstige dae waarin die geheimenis van ons redding in herinnering geroep word. Maar as ons die Woord met ons hele hart, soos dit pas, indrink, en juis daardeur die werke van die ou mens afsterwe, dan heilig ons die Sabbat nie alleen op die feesdae nie maar volhardend elke dag; [59] en omdat ons hiertoe gebied word, begin ons dan Sabbat na Sabbat te vier. Kortom, ons onderskei nie volgens die een of ander godsdiens tussen dae nie maar ter wille van die gemeenskaplike stigting. Want ons het bepaalde voorgeskrewe dae waarop ons nie sonder meer feesvier nie, net asof God deur ons onderbreking vereer en behaag word, maar omdat die kerk op 'n bepaalde dag moet versamel. Dit is egter belangrik dat 'n bepaalde dag vasgestel moet wees, sodat alles ordelik en sonder onrus kan geskied (1 Kor. 14:40).

So verdwyn die beuselagtighede van Sofiste wat die hele wêreld met die opvatting van die Jode deurdrenk het, naamlik dat die seremoniële deel in hierdie gebod opgehef is – in hulle taal noem hulle dit die beperking van die sewende dag – maar dat die sedelike deel daarvan voortduur, naamlik die inagneming van een dag in die week. Tog is dit niks anders as om die dag tot versmading van die Jode te verander en tog nog die inagneming van die dag te behou nie. Ons sien inderdaad wat hulle met so 'n leerstelling bereik het. Want die wat aan hulle instelling verkleef is, oortref die Jode drie maal in hulle growwe vleeslike Sabbatsbygelowe, sodat die berispinge wat in Jesaja te lese is, vandag nie minder op hulle toepaslik is as op die mense wat die profeet in sy leeftyd berispe het nie (Jes. 1:13; 58:13). Die Jode moes 'n ander plig in hulle Sabbatsrus nakom, en dit nie een wat op hulle godsdiens betrekking gehad het nie maar daarop om billikheid onder die mense te bewaar; dit beteken dat die werke van slawe en diere [60] by tye onderbreek moet word, sodat onmenslike drywers hulle nie met ononderbroke volharding buite die vasgestelde gegronde perk onderdruk nie. En tog is die doelmatigheid van die instelling na my mening eerder deur Moses aangedui as wat dit ter wille van die onderwysing daarvan was (Ex. 23:11; Deut. 5:14). Ons moet tewens vandag nog met hierdie billikheid rekening hou, nie volgens slaafse dwang daartoe nie maar soos wat die liefde voorskrywe.

Hier is dan die eerste vier gebooie wat voorskryf hoe ons ons teenoor God behoort te gedra. Daardeur word die eerste tafel afgesluit. Maar die feit dat ek buite die gewone en oor die algemeen oral gebruiklike vorm, vier gebooie onder die eerste tafel insluit – dit is nie om geen of selfs 'n ligte rede gedoen nie. Want die wat 'n ander indeling maak, skrap die tweede gebod wat ons hierbo aangehaal het. Daarvoor is ongetwyfeld deur die Here duidelik onder die gebooie plek ingeruim. Die tiende gebod in verband met die begeerte na die eiendom van die naaste skeur hulle sinneloos in twee, hoewel dit een en dieselfde gebod is. Maar dat hierdie metode van verdeling in 'n suiwerder tyd onbekend was, kan daaruit afgelei word dat Origenes ons indeling sonder teenspraak neergelê het. Eersgenoemde indeling is weliswaar in die tyd van Augustinus geskep, maar tog is dit nie deur almal goedgekeur nie. Dit het Augustinus sekerlik om 'n te onbeduidende rede geval, naamlik dat in die getal drie – as die eerste tafel uit drie gebooie saamgestel word – die misterie van die [61] Drie-

eenheid sigbaarder kan wees. Ek sou ook geen twyfel daaroor hê dat dit deur die lis van die Satan geskied het dat die gebod waardeur afgodediens met soveel versigtigheid verbied word, geleidelik uit die gemoed van die mensdom sou glip nie.

Hierdie aspek moes terloops aangeroer word sodat niemand hom oor ons indeling sou verbaas of dit belaglik sou maak net asof dit iets nuuts is wat onlangs uitgedink is nie.

Daar bly nog die tweede tafel oor.

**DIE VYFDE GEBOD**

**EER JOU VADER EN JOU MOEDER.**

Dit beteken dat aangesien ons God moet vrees en liefhê, ons ons ouers nie mag minag of in enige opsig aanstoot mag gee nie; dat ons hulle hoog moet ag, hulle moet eerbiedig en eer en aan hulle gehoorsaam moet wees volgens die wil van God; dat ons ons werke in watter aangeleenthede dit ook al vir hulle voordelig kan wees, tot hulle beskikking moet stel en hulle tot diens moet wees (Ef. 6:1-3; Matt. 15:4-6). Hieraan word 'n seën toegevoeg:

'Dat die wat hulle ouers met verskuldigde eerbied gehoorsaam, lank op die aarde sal lewe'.

Net asof dit by wyse van 'n enkele aanbeveling is om [62] te verklaar hoe aangenaam die inagneming van hierdie gebod vir God is, en ons leweloosheid opwek en aanspoor en terselfdertyd, sodat ondankbare kinders wat nagelaat het om wedersydse liefde en dankbaarheid aan hulle ouers te betoon, allersekerste vervloeking moet verwag.

**DIE SESDE GEBOD**

**JY SAL NIE DOODMAAK NIE.**

Dit beteken dat aangesien ons God moet vrees en liefhê, ons aan niemand deur enige vorm van aanstoot skade mag aandoen nie; dat ons vir niemand die aanleiding tot verontregting mag wees nie; dat ons niemand mag aanval en dat ons niemand geweld mag aandoen nie. Nee, eerder, as daar 'n mate van liefde en vrees vir die Here in ons is, dat ons aan alle mense, vriend en vyand, welwillendheid moet betoon, dat ons daarna moet streef om albei te behaag en as enigeen van hulle in gevaar verkeer, aan albei 'n helpende hand verleen, en ons moet inspan om teenoor albei vriendelik te wees sover dit in ons vermoë is (Matt. 5:27-30).

**DIE SEWENDE GEBOD**

**JY SAL NIE ONTUG PLEEG NIE.**

Dit het betrekking daarop dat aangesien ons God moet vrees en liefhê, ons in ons hele lewe alle dinge [63] rein en ingetoë moet orden, uitspreek en doen. En aangesien maagdelikheid 'n buitengewone gawe van God is, moet elkeen sorg dra vir wat aan hom gegee is (Matt. 5:43: Ef. 5:3-4; 1 Kor. 6:13; Matt. 19:11; 1 Kor. 7:1). Want die wat die Woord nie aanneem nie, het genesing vir die onreinheid van hulle vlees wat hulle deur God aangebied is. As hulle dit nie benut nie, stry hulle teen God en weerstaan sy verordening. Laat hulle nie, soos baie vandag, sê dat hulle met die hulp van God tot alles in staat is nie. Want die hulp van God is beskikbaar vir die mense wat in sy weë wandel (Ps. 91:1-14), dit is, in sy roeping waarvan die mense hulle teen die wil van God probeer onttrek. In hierdie hardkoppigheid moet hulle God nie as helper verwag nie maar eerder in gedagte hou, soos daar gesê is: 'Die Here jou God mag jy nie versoek nie' (Deut. 6:16; Matt. 4:7). Om God te versoek beteken om strydig met die natuur wat deur Hom aan ons oorgelewer is, teen Hom te strewe en sy teenswoordige gawes te verag.

Dit doen die mense nie alleen nie, maar hulle waag selfs om die huwelik, wat God Hom waardig geag het om in te stel, wat Hy onder alle mense as eerbaar verklaar het en wat ons Here Christus deur sy eie teenwoordigheid geheilig het, omdat Hy dit waardig geag het om dit met sy eerste wonderwerk te verheerlik (Gen. 2:18; Hebr. 13:4; Joh. 2:1) – dit waag hulle om 'verontreiniging' te noem en dit

slegs om die een of ander vorm van selibaat met verbasende lofbetoon lof toe te swaai. Net asof selibaat nie [64] een ding en maagdelikheid 'n ander ding is nie. Hulle noem dit 'n 'engelelewe' en doen hierin besonderlik die engele van God 'n onreg aan wanneer hulle ontugtiges, oorspeliges en iets baie slegters en vuilers as dit met die engele vergelyk. Sekerlik is bewyse hiervoor nie nodig wanneer hulle openlik deur die werklikheid self weerlê word nie. Want ons sien hoe God te alle tye verwaandheid van hierdie aard en minagting van sy gawes met verskriklike strawwe wreek.

Laat eggenotes egter nie dink dat alles hulle geoorloof is nie, maar elkeen moet sy eggenote met ingetoëndheid en beskeidenheid behandel en so ook die vrou op haar beurt haar man. Hulle moet hulle so gedra dat hulle hoegenaamd niks moet toelaat wat die eer en selfbeheersing van die huwelik onwaardig is nie. Laat hulle, ten slotte, daaraan dink dat hulle deur die Here in die huwelik bevestig is.

**DIE AGSTE GEBOD**

**JY SAL NIE STEEL NIE.**

Dit het die volgende betekenis: Aangesien ons God moet vrees en liefhê, mag ons niemand met bedrog beroof of met handgeweld iets van hom wegneem wat syne is nie; ons mag in sake en kontrakte 'n onkundige nie bedrieg deur teen meer te verkoop of goedkoper as wat regverdig is, te koop van mense wat met die pryse van die voorwerpe onbekend is, of met enige ander vorm van lis of bedrog waardeur ons ons hande [65] aan die goed van ander kan slaan nie.

As daar inderdaad in ons enige vrees en liefde vir God is, dan moet ons ons eerder met alle inspanning daarop toelê om vriende en vyande in soverre as wat dit ons geoorloof is, met raad en daad in die behoud van hulle eiendom te onderskraag, en ons moet eerder van ons eie afsien as om van 'n ander s'n te neem. En nie alleen dit nie, maar as hulle deur geldelike probleme oorval word, moet ons hulle nood deel en hulle gebrek met ons oorvloed verlig (Jes. 58; Rom. 12:20; 2 Kor. 8:20; Ef. 4:28).

**DIE NEGENDE GEBOD**

**JY SAL NIE VALSE GETUIENIS SPREEK NIE.**

Dit beteken: aangesien ons God moet vrees en liefhê, mag ons niemand met valse getuienis in 'n hoek dryf en niemand se aansien beskimp nie; ons mag nòg ons tonge nòg ons ore vir kwaadsprekery of vir bitter spot leen; ons mag geen ongunstige agterdog van iemand anders koester of voel nie. As daar inderdaad in ons enige vrees en liefde vir God is, moet ons oor alle mense sover dit ons geoorloof is, eerlik voel en eervol praat, sodat ons as regverdige bemiddelaars jeens alle mense, hulle woorde en dade, sover as wat dit ons geoorloof is, ten beste aanvaar (Matt. 7:1; Rom. 13:8; 14:10).

[66] Die gebod het ook die strekking dat ons nie in leuentaal 'n behae mag hê nie, dat ons nie 'n platvloerse geestigheid moet voordoen en ons ook nie vir beleefde en ydele spraaksaamheid moet uitleen nie (Ps. 5:6 [Ps. 5:7]; Matt. 12:36; Ef. 4:25; 5:6).

**DIE TIENDE GEBOD**

**JY SAL NIE DIE HUIS VAN JOU NAASTE BEGEER NIE, JY SAL NIE SY VROU BEGEER NIE, OF SY SLAAF OF SY SLAVIN OF SY OS OF SY ESEL OF ENIGIETS WAT SYNE IS NIE.**

Hierdeur verbied die Here, wat ons moet vrees en liefhê, elke begeerte na die vrou van iemand anders, na sy slawe, na sy besittings of enigiets van sy goed. Hiervolgens verbied Hy nog baie meer: dat ons geen strikke moet stel of enige bedrog of lis nie, selfs al sou dit onder 'n eerlike naam verberg kon word, waardeur 'n vrou die gemeenskap van haar man kan verlaat of sy slawe uit sy mag wegneem of enige ander eiendom van hom afgepers kan word nie. Ons mag nie 'n vrou en slawe met vleitaal van haar eggenoot of van hulle heer wegskeur nie, maar ook nie 'n man van sy vrou nie, sodat sy, wanneer sy deur hom verwerp is, ons s'n kan word nie. Maar ook mag ons nie die heer van

sy slawe vervreem wanneer hulle deur hom verdryf is nie.

Ten slotte dat ons geen bedrog van so 'n aard as dié [67] waaraan sluwe mense gewoond is, mag verrig, waardeur die eiendom van iemand anders in ons hande kan beland nie.

Daar behoort geen twyfel daaroor te bestaan dat hierdie optrede verbode is, wanneer juis die wens en begeerte en die gedagte daaraan om dit in besit te neem verbied word.

As daar inderdaad in ons enige vrees en liefde vir God aanwesig is, laat ons ons dan eerder daarop toelê om nie alleen te begeer dat elke man se vrou en al sy besittings veilig en ongeskonde mag bly nie, maar laat ons ook die liefde tussen 'n man en sy vrou koester en sy slawe tot hulle plig aanspoor. Laat ons, ten slotte, in soverre as wat dit in ons vermoë is, op elke moontlike wyse elkeen se eiendom vir homself bewaar. Die feit dat ons verbied word om die goed van 'n ander te begeer, behoort ook op die volgende van toepassing gemaak te word, naamlik dat elkeen volgens sy roeping sy pligte moet vervul en dat hy aan 'n ander moet lewer wat sy besondere pligte is. Want iemand wat nie die pligte wat hy volgens die funksie van sy roeping aan 'n ander verskuldig is, ten uitvoer bring nie, hy begeer en hou vas aan die besittings van iemand anders (Ef. 4).

Hiervolgens moet 'n volk sy konings, sy leiers, sy amptenare en al die ander wat oor hom gestel is, eer en hulle gesag geduldig verduur, hulle wette en bevele gehoorsaam en niks weier wat hy volgens die wil van God ten uitvoer kan bring nie (Rom. 13:1; [68] 1 Petr. 2:13; Tit. 3:1).

Aan die ander kant weer moet hulle die belang van hulle volk behartig, reg spreek, die openbare vrede en rus bewaar en die goeie mense tot hulp wees maar die slegtes straf. Hulle moet alles op so 'n wyse behartig asof hulle aan God, die allerhoogste Koning en Regter (Deut. 17:19; 2 Kron. 19:6), rekenskap van hulle plig gaan gee.

Biskoppe en bedienaars van kerke moet hulle getrou op die bediening van die Woord toelê, die leer van die saligheid nie vervals nie maar dit suiwer en opreg aan die volk van God oorlewer. En nie alleen in die leer nie maar ook met die voorbeeld van hulle lewe moet hulle die volk onderwys. Ten slotte moet hulle die leiding neem soos goeie herders vir hulle skape (1 Tim. 3; 2 Tim. 2:14: Tit. 1:6; 1 Petr. 5).

Op hulle beurt moet die volk hulle as boodskappers en apostels van God erken, en aan hulle moet hulle die eer betoon waartoe die Here hulle waardig geag het. Aan hulle moet die volk die middele voorsien wat vir hulle lewe noodsaaklik is (Matt. 10:10; Rom. 10:15; 15:15; 1 Kor. 9: Gal. 6:6; 1 Thes. 5:12; 1 Tim. 5:17).

Ouers moet onderneem om hulle kinders, wat deur God aan hulle toevertrou is, te voed, te leer en te regeer. Hulle moet hulle gemoedere nie met onmenslike [69] wreedheid vertoorn en hulle van hulle afkeer nie, maar met die sagmoedige vertedering wat hulle taak as ouers pas, moet hulle hulle koester en liefhê. Tevore is reeds gesê op watter wyse en watter agting kinders aan hulle ouers verskuldig is. Die jonges moet ouderdom respekteer, aangesien dit God se wil was dat die ouderdom eerwaardig moet wees. Laat ook die ou manne die swakheid van die jeug met hulle insig en ervaring waarin hulle kragtiger is, lei sonder om hulle met growwe en luide berispings te bestook maar deur hulle strengheid met vriendelikheid en toegeeflikheid te temper.

Slawe moet hulle toegewyd en in gehoorsaamheid aan hulle here op hulle taak toelê, nie deur vir die oog te dien nie maar uit hulle hart, net asof hulle gehoorsaamheid aan God betoon. Here weer moet hulle nie stuurs en onbuigsaam teenoor hulle slawe gedra nie of hulle met te veel strengheid kwel of beledigend behandel nie. Maar hulle moet hulle eerder as hulle broeders, as medeslawe van dieselfde Here wat in die hemel is, erken, en hulle moet mekaar wedersyds liefhê en in alle vriendelikheid verdra (Ef. 6 5; Kol. 3:22; Tit. 2:9; 1 Petr. 2:18: Kol. 4:1; Fil. 16).

Laat elkeen in hierdie trant daaroor nadink wat hy in sy stand en in sy posisie aan sy naastes verskuldig is, en laat hy vereffen wat hy verskuldig is.

Daar het ons nou die hele wet saamgevat in tien gebooie waardeur ons genoegsaam vermaan word oor al [70] die dinge wat God van ons eis of wat Hy ons verbied om te doen òf teenoor Homself òf teenoor andere. Dit is egter maklik om te merk waarop dit alles gerig is, naamlik op die onderwysing van die liefde (Matt. 7); in die eerste plek dat ons God moet vrees, Hom moet liefhê en aanbid, op Hom moet vertrou en Hom moet aanroep en van Hom alle dinge moet vra en verwag, in Hom ons vertroue moet stel en in Hom ons rus moet vind; dit is die eindtotaal van die eerste tafel waarin ons in besonder in die plig teenoor Hom onderrig word.

Verder om om Gods ontwil liefde teenoor ander te beoefen deur op so 'n wyse met alle mense so te handel as wat ons sou begeer dat daar met ons gehandel moet word. Dit is die hoofsaak van die tweede tafel, egter nie dat ons onsself moet liefhê nie. Want in die hele wet is daar nie een enkele lettergreep te lese wat 'n maatstaf vir die mens neerlê oor die dinge wat hy tot sy eie voordeel sou doen of sou nalaat nie. En aangesien die mens inderdaad so gebore word dat hy geheel en al tot liefde vir homself geneig is, was daar geen behoefte aan 'n wet om sy spontane buitengewone liefde vir homself nog meer aan te blaas nie. Daardeur is dit baie duidelik dat die gehoorsaamheid aan die gebooie nie liefde vir onsself beteken nie maar liefde teenoor God en liefde teenoor ons naaste en dat die mens die beste en heiligste lewe so min as wat hy moontlik kan, vir homself moet lewe en beywer en dat niemand 'n slegter en onregverdiger lewe voer as hy wat slegs maar vir homself lewe en ywer en slegs maar sy eie belang bedink en [71] soek nie.

Maar tog moet daar nie terloops oor heengegaan word dat nie slegs uitwendige werke deur die wet van God gebied of verbied word nie maar ook die oordenkinge en diepste gevoelens van ons harte. Laat niemand dink dat aan die wet voldoen is wanneer hy slegs maar sy hand van die daad weerhou het nie. Want daar is sommige mense wat hulle oë en voete, hulle hande en al die ledemate van hulle liggaam vir die een of ander nakoming van die wet reël. Intussen hou hulle hulle hart geheel en al vreemd aan alle gehoorsaamheid daaraan. Hulle is van mening dat hulle hulle plig nagekom het as hulle dit wat hulle voor God in hulle hart omdra, voor mense goed versteek het. Hulle hoor: Jy sal nie doodslaan nie; hulle besoedel hulle liggame nie met hoere nie, en hulle slaan hulle hande nie aan die eiendom van 'n ander nie. Tot dusver alles goed en wel. Maar uit hulle hele hart adem hulle doodslag, hulle gloei van wellus, hulle slaan hulle oë op en aanskou die eiendom van alle mense en verslind dit met hebsug. Daarin ontbreek iets wat 'n besondere aspek van die wet is. Vir hulle roep Paulus kragtig toe en bevestig dat die wet geestelik is (Rom. 7:14). Dit beteken dat dit 'n volkome gehoorsame verstand, 'n volkome gehoorsame siel en 'n volkome gehoorsame wil eis.

Wanneer ons beweer dat dit die betekenis van die wet is, dan voer ons nie uit ons eie 'n nuwe interpretasie daarvan in nie, maar ons volg Christus, die heel beste verklaarder van die wet. Want toe die [72] Fariseërs die volk met die verwronge opvatting deurdrenk het dat iemand die wet volvoer wat met sy uitwendige optrede niks teen die wet bewerk het nie, het Christus hierdie hoogs gevaarlike dwaling weerlê en verklaar dat 'n onkuise blik op 'n vrou hoerery is (Matt. 5:28). Hy verklaar dat elkeen wat sy broer haat, 'n moordenaar is. Want Hy daag dié voor die gereg wat selfs in hulle gemoedere haat bedink; die mense daag Hy voor sy gerig wat deur te murmureer of te kla 'n aanduiding van ergernis gegee het; Hy veroordeel tot die helse vuur die mense wat met skeldtaal en vloeke in openlike woede uitbars. Die mense wat dit nie gesien het nie, het die versinsel geskep dat Christus 'n tweede Moses is, 'n gewer van die wet van die evangelie om die gebreke in die Mosaïese wet aan te vul. Dit is 'n uiters valse benadering. Hy het daar niks aan die ou wet toegevoeg nie, want Hy het slegs die wet wat deur die leuentaal van die Fariseërs en hulle suurdeeg verontreinig is, gehandhaaf en gesuiwer.

Met dieselfde onkunde en kwaadwilligheid het hulle van die volgende gebooie, naamlik om wraak te neem en dat 'n mens sy vyande moet liefhê, wat eens aan al die Jode en ook aan al die Christene in hulle gemeenskap oorgelewer is, konsilies gemaak, waarvan dit ons vry staan om dit te gehoorsaam of nie te gehoorsaam nie. Verpligte gehoorsaamheid hieraan het hulle op die monnike afgeskuiwe, sodat hulle regverdiger as eenvoudige Christene mag wees in hierdie een aspek, naamlik dat hulle

hulleself uit eie vrye wil daartoe verbind het om hierdie besluite te [73] eerbiedig. Hulle voer ook 'n rede aan waarom hulle dit nie as wette aanvaar nie, naamlik omdat dit vir hulle te lastig en beswarend lyk, in besonder vir Christene wat onder die wet van die genade is. Het Christus dan nie in 'n gelykenis uiteengesit en verklaar dat ons naaste, selfs al is hy hoe vreemd, die mens is vir wie ons werke tot voordeel is nie? (Luk. 10:29). Of kom daar nie oral gebooie voor wat liefde teenoor ons naaste van ons eis nie soos wanneer ons beveel word om die wat honger het, te voed (Spr. 25:21), om hulle beeste en esels op die regte pad te plaas wanneer hulle afgedwaal het, en om hulle te verlig wanneer hulle onder hulle laste swig? (Exod. 23:4).

Is die woord van die Here nie ewig nie? My kom die wraak toe en ek sal vergelde (Hebr. 10:30). En wat, vra ek nou, beteken dit: 'Julle moet julle vyande liefhê. Julle moet goed doen aan die wat julle haat; bid vir die wat julle vervolg sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is'? (Matt. 5:44). Wie sal dan kinders van die hemelse Vader word? Monnike? Goed sal dit inderdaad met ons gaan as slegs monnike sou kon waag om God hulle Vader te noem. Die mense wat so teuelloos die gemeenskaplike juk van die kinders van God afskud, betoon hulleself dus inderdaad kinders van die Satan.

Maar hoe dwaas redeneer hulle nie! Dit sou dan kamtig 'n swaar las vir Christene wees! Net asof enigiets swaarder bedink kan word as om God lief te hê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou [74] kragte. In vergelyking met hierdie wet kan niks anders as moeilik beskou word nie – of dit nou ook al is dat ons ons vyande moet liefhê en of ons nou ook al alle begeerte tot wraak uit ons gemoedere moet laat vaar. Alles is gewis vir ons swakheid waar en moeilik – selfs tot die geringste punt van die wet (Matt. 5:18).

Dit is God in wie ons deug beoefen. Laat Hy gee wat Hy beveel, en laat Hy beveel wat Hy wil. Maar om onder die wet van sy genade Christene te wees beteken nie om teuelloos sonder die wet rond te swerwe nie maar om op Christus ingeënt te wees, deur wie se genade hulle vry van die vervloeking van die wet is en deur wie se Gees hulle die wet in hulle harte ingeskrywe het. Hierdie genade het Paulus verkeerdelik wet genoem, toe hy daarmee 'n toespeling op die wet van God gemaak en daarmee 'n vergelyking getref het. Onder die benaming wet het die mens nie geleentheid om te filosofeer nie.

Nou het julle tevore alreeds gehoor dat 'n swaar en 'n verskriklike oordeel deur God uitgespreek word oor al die mense wat sy wet in enige opsig oortree en dit nie ten volle vervul het nie. Om dit te vervul is nie in ons mag geleë nie. Ons word dus almal as oortreders van die wet beskou. Die vervloeking wat daarin oor sondaars verorden is, is nie net aan sommiges van ons nie maar aan ons almal verskuldig, en dit hang oor die hoof van ons almal. As ons dus ons oë slegs maar op die wet gerig hou, kan ons nie anders as om moedeloos, verward en wanhopig te word [75] nie, aangesien ons daarvolgens almal verdoem en vervloek word (Gal. 3:10). Dit beteken, soos Paulus sê, dat elkeen, wie ook al onder wet is, ook onder die vloek is. Want die wet kan nie anders as om die laaste mens aan te kla en te beskuldig, te veroordeel en as 't ware gevange te hou nie – kortom, in die oordeel van God te verdoem – sodat God alleen geregverdig en alle vlees voor sy aangesig stil kan word (Rom. 3:19). En ons ratel inderdaad nie maar net iets af waaroor vandag gewoonlik deur baie mense gespog word, wat eers dan belydenis doen nadat hulle gedwing is om te erken dat dit vir hulle onmoontlik is om deur die verdienste van hulle werke volmaakte en die uiterste regverdigheid te bereik, aangesien hulle nooit die wet kan volvoer nie. Maar om te verhoed dat dit sou lyk asof hulle van alle eer gestroop is – dit is, dat hulle volkome voor God geswig het -, beroep hulle hulle daarop dat hulle die wet ten dele bewaar en dat hulle vir daardie deel geregverdig is. Wat inderdaad ontbreek, hou hulle vol, word betaal en vrygekoop deur boetedoening en deur werke van afkoop, en dit is vir hulle voor God 'n vergoeding vir hulle gebrek.

Hulle eie vergeetagtigheid, hulle veragting van die regverdigheid van God en die onkunde van hulle eie sondes het hulle in hierdie dwaling ingedompel. Die mense wat van oordeel is dat hulle anders is as wat die Skrif as al die kinders van Adam beskrywe, sny hulle gewis self af van die kennis van

hulleself. Hulle voortreflikheid swaai die Skrif met die volgende aanprysinge lof toe: dat hulle mense met [76] verdraaide en verharde harte is (Jer. 17:9), dat die versinsels van hulle harte sedert hulle eerste jare boos is (Gen. 8:21), dat al hulle oordenkinge ydel (Ps. 94:11), hulle lig duisternis is (Job 10:22) en dat hulle almal soos skape ronddwaal; dat elkeen op sy eie pad afgedraai het (Matt. 6:23); dat daar nie 'n enkele een te vinde is wat die goeie doen nie (Jes. 53:6); dat nie een van hulle God ken of soek nie (Ps. 14:2), dat hulle die vrees van God nie voor hulle oë het nie (Ex. 20:20) kortom, dat hulle vlees is (Gen. 6:3). Onder hierdie woord word al die werke verstaan wat deur Paulus opgenoem word, naamlik ontug, onreinheid, skaamteloosheid, weelde, afgodediens, towery, kwaaivriendskap, twis, jaloesie, toorn, rusie, verskille, sektes, nyd, moord en watter afsigtelikheid en afskuwelikheid ook al bedink kan word (Gal. 5:19). In die vertroue op so 'n groot verdienste verhef ons ons natuurlik stompsinnig teen God.

Want ons moet dit as 'n algemene beginsel beskou dat elkeen wat op homself roem, teen God roem, aangesien Paulus uitroep dat die wêreld aan God onderwerp moet word, terwyl die mens van alle stof tot roem volkome ontneem is. Waag 'n mens dan nog om van so 'n groot smaad, wat alreeds deur God verdoem is, vir homself iets te laat oorbly? Dink hy nog steeds dat hy iets is? Leer hy nog nie om hom te verootmoedig en hom neer te werp en alles aan God te gee nie en om in sy eie vernedering God te verhef nie? Want ek noem dit nie nederigheid as iemand dink dat daar iets vir hom oorgebly het nie. Want die mense wat hierdie twee [77] aspekte verbind het, naamlik dat ons in die teenwoordigheid van God oor onsself nederig moet voel en dat ons moet weet dat daar 'n mate van verdienste in ons is, hulle leer 'n verderflike huigelary. Want as ons voor God bely strydig met wat ons voel, dan belieg ons Hom. As ons egter daadwerklik ernstig erken dat ons met niks aan Hom behoort nie, dan verdwyn nie alleen al ons vertroue op eie verdienstes nie maar ook die indruk daarvan.

Maar as die mens volgens sy natuurlike gawes beoordeel sou word, sal daar van die kruin van sy kop tot by sy voetsole geen sprankie goeds gevind kan word nie. Wat daar ook al in hom is wat lof verdien, is God se genade. Maar dit is ons boosheid om nogtans altyd 'n voorwendsel vir ons afsigtelikheid aan te voer maar die gawes van God tot ons eie lof aan te gryp. Selfs die geregtigheid van God word geminag wanneer dit nie as sodanig en so volmaak erken word dat niks vir Hom aanvaarbaar is behalwe as dit ongeskonde, volmaak en deur geen onreinheid besoedel is nie. As dit so is, dan is al ons dade, as dit aan eie waarde geoordeel word, niks anders as bevlekking en onreinheid nie. So is ons geregtigheid ongeregtigheid; ons regskapenheid, besmetting, ons roem, skande.

Want die heel beste wat deur ons aangebied kan word, is tog nog altyd met die onreinheid van ons vlees besprinkel en bedorwe, en dit het as 't ware drek wat daarmee vermeng is. As dit voorts moontlik was dat ons hoegenaamd nog suiwer en geregverdigde werke [78] sou gehad het, dan is een enkele sonde tog nog genoeg om dit uit te wis en te vernietig. So het die profeet gesê, en Jakobus het met hom saamgestem: 'Wie in een opsig oortree, word skuldig aan al die ander' (Eségiël 18; Jak. 2:10). Aangesien hierdie sterflike lewe nou nooit rein van sondes is nie, sou watter geregtigheid ook al deur ons verkry is (Spr. 24:16; 1 Joh. 1:8), wanneer dit deur daaropvolgende sondes bedorwe, neergewerp en verlore is, nooit voor die aangesig van God kon kom en vir ons tot geregtigheid toegereken word nie. Kortom, ons moet in die wet van God nie op die werke ag slaan nie maar op die gebod. As geregtigheid daarom uit die wet gesoek word, sal nie die een of ander daad die mens regverdig maak nie maar sy volgehoue gehoorsaamheid aan die wet.

Daarbenewens is die sonde in so 'n mate 'n vervloeking voor God en van sulke gewigtigheid dat, wanneer die mens se geregtigheid op 'n hoop versamel word, dit nie vir die vergewing van een enkele mens voldoende is nie. Want ons sien dat die mens as gevolg van een oortreding deur God verwerp en verlaat is, sodat hy terselfdertyd alle aanspraak daarop om sy heil terug te ontvang en te herwin, verloor het (Gen. 3:17). Die geleentheid tot genoegdoening is hom dus ontneem, en die wat hulleself daarmee om die bos lei, sal God, vir wie niks wat uit sy vyande voortspruit, welgevallig of aanvaarbaar is nie, gewis nooit tevrede stel nie. Sy vyande is inderdaad al die mense wie se sondes

Hy hulle toereken. Ons sondes moet dus bedek en vergewe wees voordat die Here [79] aan enigeen van ons werke ag gee. Die gevolg daarvan is dat die vergewing van sondes vry is, en die wat hulle eie regverdiging daarvoor opdring, verduister en belaster dit. Laat ons dus na die voorbeeld van die apostel vergeet wat agter is; laat ons tegemoet gaan wat voor ons is; laat ons die wedren hardloop en ons inspan vir die prys van ons roeping daarbo (Filip. 3:13).

Maar hoe kan die feit dat 'n mens hom op die werke van sy afkoop beroem, ooreenstem met dit wat aan ons opgedra is, naamlik dat ons, hoewel ons gedoen het wat ook al aan ons opgedra is, nogtans van onsself sê dat ons nuttelose slawe is, en dat ons nie meer gedoen het as wat ons moes doen nie? (Luk. 17:10). Om dit voor God te sê beteken nie om te veins of te lieg nie maar om dit vir seker te weet en waaragtig só te voel. Gevolglik beveel die Here ons om opreg vas te stel en by onsself te oordink dat ons vir Hom geen kostelose pligte vervul nie maar wel die verskuldigde gehoorsaamheid betoon. Dit is dus wanneer ons doen wat ook al aan ons opgedra word – dit is, as al ons gedagtes en al ons ledemate na die pligte van die wet gewend is, of, meer nog, as al die geregtigheid van alle mense net aan een mens behoort het. Die mense wat baie ver weg is daarvan om te doen wat aan hulle opgedra is, waag nogtans om daarop te roem dat hulle 'n massa toegevoeg het aan 'n maat wat reeds regverdig is. Natuurlik is dit vir enigiemand redelik maklik om in die skaduwee op banke en stoele hieroor te redeneer. Maar wanneer [80] die hoogste Regter op sy regbank sit, dan sal elke mond gesnoer word en alle roem sal moet verdwyn.

Dit, ja, dit moet ons soek, naamlik watter geloofwaardigheid in ons verdediging ons voor sy regbank kan bring en nie watter praatjies ons in skole en hoekies kan versprei nie. Hoedanig is die afkoop wat die mense aan God wil verkwansel? – beuselagtighede, wat God nooit beveel of goedgekeur het nie en wat Hy ook nie sal aanvaar as rekenskap voor Hom gegee moet word nie. Slegs in hierdie betekenis gee ons toe dat daar wel werke van afkoop bestaan, naamlik oor die werke waarvan die profeet gespreek het: Wie het dit van hulle hande geëis? (Jes. 1:12).

Dit bly dus vas staan dat deur die wet bewys word dat die hele mensdom aan die vloek en toorn van God onderworpe is, en om daarvan vrygemaak te word moet die mensdom onder die mag van die wet uitgaan en as 't ware uit die slawerny daarvan na vryheid oorgebring word; maar dit is dan nie 'n vleeslike vryheid wat ons van die onderhouding van die wet sou wegvoer òf tot losbandigheid in alle dinge sou lok òf ons begeerte sou toelaat om sy luste te laat botvier net asof dit grendels verbreek en die teuels laat skiet nie – dit is eerder 'n geestelike vryheid om 'n terneergeslae en oorblufte gewete te vertroos en op te hef, wat aantoon dat dit vry is van die vervloeking en verdoemenis waarmee die wet dit gevange en verstrengeld neergedruk het.

[81] Hierdie bevryding en, om dit so te stel, vrylating van die onderwerping aan die wet verkry ons wanneer ons deur die geloof die genade van God in Christus verkry waardeur ons gerus gemaak en verseker word van die vergiffenis van ons sondes en deur die bewussyn waarvan die wet vir ons 'n doring in die vlees was en aan ons geknaag het (1 Kor. 15:56).

Maar hierdie vergiffenis van sondes skenk God nie net een maal soos wat baie mense in dwaasheid meen nie, sodat wanneer ons vergiffenis vir ons lewe in die verlede verkry het, ons daarna regverdigmaking in die wet moet soek nie. Daardeur sou dit ons tot niks anders as 'n valse hoop lei en ons belag en bespot nie. Want aangesien geen volmaaktheid ons te beurt kan val so lank as wat ons met hierdie vlees beklee is nie, en die wet verder die dood en oordeel oor almal uitspreek wat nie die volmaakte geregtigheid in hulle dade volbring nie, sal dit altyd gronde hê om ons aan te kla en te beskuldig, tensy die genade van die Here dit teengaan en dit ons deur die voortdurende vergiffenis van sondes van tyd tot tyd sou vrystel.

Daarom staan dit wat ons in die begin beweer het, nog altyd vas, naamlik dat as ons na eie waarde geskat word, wat ons ook al bedink of onderneem, ons nogtans met al ons pogings en ywering die dood en beskaming verdien. Hiervolgens is ook al die beloftes wat in die wet aan ons gemaak word, sonder gevolg en vergeefs. Want hierdie voorwaarde, naamlik dat ons die wet moet vervul, waarvan juis die [82] beloftes afhang en die enigste waardeur dit verwesenlik moet word, sal nooit vervul word

nie.

Hierdie redenasie voer die Apostel nog verder deur wanneer hy sê: As die belofte van beërwing in die wet geleë is, dan is die geloof waardeloos en het die belofte tot niet geraak (Rom. 4:14). Hy maak twee afleidings: Eerstens, dat die geloof waardeloos en tot niet is as die belofte op die verdienste van ons werke aangewys is of van die onderhouding van die wet afhang. Want niemand kan ooit vas daarop vertrou of veilig daarin berusting vind nie, aangesien dit nooit sal gebeur dat enigiemand vir homself onomstootlik kan bepaal dat hy aan die wet voldoen het nie, soos wat niemand sekerlik ooit deur sy werke daaraan kan voldoen nie. En om nou nie die getuienis daarvoor te ver te gaan soek nie kan elkeen vir homself daarvan 'n getuie wees as hy homself met 'n eerlike oog wil aanskou. In die gemoedere van alle mense kom daar dus eers vertwyfeling en dan wanhoop, totdat elkeen vir homself daarvan rekenskap gee deur hoe 'n groot hoop skuld hy nog begrawe word en hoe ver hy nog verwyder is van die voorwaarde wat op hom gelê is. Siedaar, geloof reeds onderdruk en uitgewis!

Want om te glo beteken nie om te weifel, om te verander, om op en neer gevoer te word, om in vertwyfeling te verkeer, om in onsekerheid te verkeer en ten slotte te wanhoop nie, maar om die gemoed met bestendige sekerheid, met vaste sekerheid te bevestig en 'n plek [83] te hê waar jy kan rus en jou voet kan plant (1 Kor. 2:5; 2 Kor. 13:4).

Hieruit volg dat die tweede aspek, naamlik dat ook die belofte self tot niet gemaak is, verdwyn en te gronde gaan. Dit sal inderdaad vir geeneen vervul word nie behalwe vir die wat gewis en sonder vertwyfeling die oortuiging het dat dit vir hulle vervul moet word, of, om dit in een enkele woord te stel, vir die wat die geloof het. As die geloof dus ineenstort, kan ook die belofte nie meer krag hê nie. Om dus 'n mate van redding in die vooruitsig te stel moet nuwe beloftes aangebied word om vir ons vervul te kan word.

Daar is egter ook evangeliese beloftes wat die genadige Here ons vry aanbied en nie omrede ons eie aansien of ons eie goeie werke nie maar om sy vaderlike goedheid (Rom. 10), en Hy lê geen ander voorwaarde op ons as net dat ons die groot guns van sy barmhartigheid heelhartig moet aangryp nie.

Dit is wat Paulus hieraan toegevoeg het, naamlik dat die beërwing van ons redding uit die geloof ons om hierdie rede toekom, sodat die belofte onwankelbaar kan wees (Rom. 4:16). Want die geloof is seker wat op die genade van God alleen steun, wel wetende dat sy genade en waarheid Hom tegemoet gaan. Dit beteken dat wat God ook al genadiglik belowe, Hy ook getrou ten uitvoer bring. En 'n vaste belofte wat slegs deur gelowiges volbring kan word, volg op 'n vaste geloof (Ps. 85).

[84] Daarom moet nou erken kan word dat ons redding net in die genade van God alleen berus, sonder enige verdienste aan ons kant of enigiets anders wat uit ons voortspruit. Daarom pas dit ons om in hierdie hele verwagting te volstaan en ons hierin diep te vestig, om nie ag te slaan op ons werke of daarin enige hulp te soek nie. Dit is juis die aard van die geloof om die ore te spits, die oë te sluit, dit is, om die aandag op die belofte te vestig en die gedagte van alle aansien en verdienste van die mens af te wend. Want ons sal nooit genoeg geloof in God hê as ons onsself nie ten diepste wantrou nie. Nooit sal ons ons gemoedere genoeg na Hom ophef as ons nie eers vir onsself verwerplik is nie. Nooit sal ons in Hom genoeg vertroosting vind, tensy ons vooraf in onsself verlate is nie. Nooit sal ons in Hom genoeg verheerlik word, tensy ons vooraf in onsself van alle verheerliking afstand gedoen het nie.

Wanneer ons weliswaar alle vertroue op onsself verwerp het maar tog nog op sy gewisse goedheid vertrou, dan gryp en verkry ons die genade van God en, soos Augustinus gesê het: Wanneer ons ons eie verdienstes vergeet, gryp ons die gawes van Christus aan. En juis dit is om die ware geloof te besit soos dit pas. Maar niemand kan hierdie sekerheid anders as net deur Christus verkry, deur wie se seëninge alleen ons van die vloek van die wet vrygestel word wat oor ons almal uitgevaardig en uitgespreek is, aangesien ons as gevolg van die swakheid wat ons van ons vader Adam geërf het, nie

in staat is om met ons werke die wet te volbring nie, soos iemand wat [85] geregtigheid daaruit vir homself wou verkry, noodwendig moes doen.

Verder word ons deur sy geregtigheid self geregverdig en volbrengers van die wet, want ons beklee ons daarmee asof dit ons eie is, en dit word sekerlik vir ons deur God as ons eie aanvaar, sodat Hy ons as heilig, rein en onskuldig beskou. So gaan in vervulling waarvan Paulus gesê het dat Christus vir ons geregtigheid, heiligmaking en verlossing geword het (1 Kor. 1:30). Want in die eerste plek het die genadige Here ons na sy goedheid en vrye wil genadiglik in sy guns ontvang, ons wat sy toorn en die ewige dood verdien het; ons sondes het Hy vergewe en ons dit kwytgeskeld (Rom. 5:11; 6:22).

In die tweede plek lewe en regeer Hy deur die genade van sy Heilige Gees in ons, waardeur die begeertes van ons vlees by die dag al hoe meer gedood word en ons geheilig word; dit is, ons word deur die Here in die volle reinheid van lewe gewy, nadat ons harte tot gehoorsaamheid aan sy wet geformeer is.

Die gevolg daarvan is dat ons enigste wil is om sy wil te dien en slegs maar sy heerlikheid op elke moontlike wyse te bevorder en al die vuilheid wat nog in ons oor is, te haat.

Dan, ten laaste, selfs terwyl ons onder leiding van die Heilige Gees in die weë van die Here wandel met die doel dat ons onsself nie moet vergeet en ons [86] verhef nie, bly daar tog iets onvolmaaks in ons oor om aan ons gronde vir nederigheid te bied, sodat daardeur elke mond voor God gesluit kan word en sodat ons kan leer om altyd alle vertroue van onsself af na Hom oor te dra (Rom. 7:23).

Gevolglik het ons altyd vergiffenis van sondes nodig. Daarom kan selfs daardie werke wat deur ons gedoen word terwyl ons in die weë van die Here voortsnel, al sou hulle God welgevallig wees in soverre as wat dit uit die geloof ontstaan, ons tog nie uit hulleself vir God aanvaarbaar en behaaglik maak nie.

Maar die geregtigheid van Christus, wat alleen volmaak is en alleen die aanskouing van God kan verdra, moet vir ons intree en ons soos 'n borg voor sy regbank verteenwoordig (Hebr. 11:6; Rom. 8:34). Hierdie geregtigheid word deur God aanvaar en ons toegereken net asof dit ons eie is. So verkry ons in die geloof herhaaldelik en voortdurend vergiffenis van sondes, en niks van ons onreinheid, die vuilheid van ons onvolmaaktheid word ons toegereken nie, maar dit word deur die reinheid en volmaaktheid van Christus bedek asof dit begrawe is, sodat dit nie in die oordeel van God kom voordat die uur aanbreek waarop die ou mens in ons tot niet gemaak en openlik uitgewis is, en die goedheid van God ons in geluksalige vrede tesame met die nuwe Adam, wat Christus is, ontvang en sodat ons daar die dag van die Here kan verwag waarop ons, wanneer ons onbevlekte liggame ontvang het, in die heerlikheid van die koninkryk van die [87] hemele opgeneem kan word (1 Kor. 15:45).

Hieruit kan afgelei word wat die funksie en wat die doel van die wet is. Dit word in drie dele saamgevat. In die eerste plek om, terwyl dit die geregtigheid van God aan ons toon (dit is, die geregtigheid wat God van ons eis) elkeen oor sy eie ongeregtigheid te vermaan en hom oor sy sondes aan te kla. Want dit is ook noodsaaklik dat aangesien alle mense oral opgeblase is van 'n waansinnige vertroue op hulle eie kragte, tensy God hulle ydelheid aantoon, hulle moet besef dat hulle hierdie hardnekkige opvatting van hulle eie krag moet laat vaar en dat hulle alleen deur die hand van God staande bly en bly bestaan.

Aangesien hulle hulle verder deur die regverdiging van hulle eie werke teen die genade van God verhef, is dit gepas dat hierdie verwaandheid neergewerp en beskaam word, sodat hulle naak en waardeloos hulle toevlug tot die genade van God mag neem, hulle hierin volkome kan verkwik, hulle hierin kan verberg en dit alleen as geregtigheid en verdienste kan aangryp. En dit is in Christus uiteengesit vir almal wat dit met waaragtige geloof soek en verwag.

Verder, aangesien die wet verklaar dat God 'n wreker sal wees, bepaal dit ook 'n straf vir die oortreders en dreig hulle met die dood en veroordeling. Dit het die voordeel dat sommige mense

wat, tensy hulle daartoe gedwing word, deur geen bekommernis oor geregtigheid en reg aangeraak word nie, nie omdat [88] hulle gemoedere binne nie beïnvloed of aangetas word nie maar omdat hulle asof teuels op hulle gelê is, hulle hande van uitwendige werke onthou en hulle eie verdorwenheid, wat hulle andersins moedswillig sou uitgestort het, binne-in hulle hou. Gevolglik is hulle nie beter en ook nie regverdiger voor God nie, want hoewel hulle deur vrees of skaamte belemmer is, waag hulle nie om na hartelus uit te woed nie. Tog het hulle nie 'n hart wat op die vrees en gehoorsaamheid van God gerig is nie; inteendeel, hoe meer hulle hulle inhou, hoe meer brand, kook en borrel dit binne-in hulle – gereed om enigiets te doen en in enige rigting uit te bars as dit nie was dat die vrees vir die wet hulle sou verhinder nie. En nie alleen dit nie, maar hulle haat ook die wet so uiters kwaadwillig en hulle vervloek God as Gewer van die wet sodat, as dit in hulle mag was, hulle Hom sou wou vernietig, aangesien hulle Hom nie kan verdra wanneer Hy hulle gebied om die regte ding te doen of wanneer Hy Hom op die minagters van sy Majesteit wreek nie.

Maar tog is hierdie gedwonge en afgedrukte geregtigheid 'n noodsaaklike vereiste vir die gemeenskap van mense. Die rustigheid daarvan word so in ag geneem, terwyl daar gemaak word dat alles nie deur oproer in verwarring gebring word nie. Dit sou gebeur as alles vir almal geoorloof sou wees.

Ten slotte, ook vir die gelowiges in wie se harte die Gees van God reeds lewe en regeer, bied dit geen geringe voordeel nie, terwyl dit hulle voortdurend [89] al hoe meer vermaan oor wat voor God reg en behaaglik is. Want hoewel hulle 'n wet met die vinger van God geskrywe en ingegrif in hulle harte het (Jer. 31:33; Hebr. 10:15) – dit is, dat hulle so geraak en besield is dat hulle begeer om die wil van God te gehoorsaam – vind hulle tog baat in die wet, omdat hulle dag vir dag sekerder en beter leer wat die wil van God is, net soos 'n slaaf wat alreeds met volle ywer van sy hart daartoe bereid is om hom vir sy heer aanneemlik te maak, tog nog die behoefte het om die gewoontes van sy heer te ontdek om hom daarby aan te pas en daarna te skik. Daarbenewens, hoe bereidwillig en ywerig hulle ook al deur die Gees vir die gehoorsaamheid aan God is, is hulle nogtans na die vlees traag en dienaars van die sonde eerder as van God. Vir hierdie vlees is die wet 'n gésel om hulle soos 'n lui, trae esel aan te jaag, aan te spoor en na sy werk te dryf.

Samevattend: Die wet is 'n aansporing vir die gelowiges, nie om hulle gewetes met vervloeking aan bande te lê nie maar om hulle traagheid deur voortdurende aansporing van hulle af te skud en 'n prikkel vir hulle onvolmaaktheid te wees.

Aangesien baie mense hierdie bevryding van die vloek van die wet wou aantoon, het hulle beweer dat die wet vir die gelowiges herroep is – nie dat dit hulle nie meer gebied wat reg is nie, maar slegs dat dit nie meer vir hulle is wat dit tevore was nie – dit is, dat dit hulle gewetes nie meer deur die [90] aankondiging van die dood beskaam en verskrik nie en dat dit hulle nie meer verdoem en in die verderf stort nie.

Dit is net soos wat, aan die ander kant, regverdiging aan goeie werke afbreuk doen – nie dat geen goeie werke gedoen mag word of dat werke wat goed is geloën word nie, maar dat ons ons vertroue nie daarop moet stel, dat ons nie daarop moet roem en dat ons ons redding nie daaraan moet toeskrywe nie. Want dit is ons vertroue dat Christus, die Seun van God, aan ons behoort en aan ons gegee is sodat ons ook in Hom kinders van God en erfgename van die koninkryk van die hemele mag wees deur die barmhartigheid van God (Jes. 9:6; 1 Thes. 4) en nie deur ons eie aanleg nie maar geroep tot die verwagting van ewige saligheid.

Maar ons is nie tot onreinheid en onregverdigheid geroep nie maar om rein en onbevlek voor die aangesig en die liefde van ons God te wees (Ef. 1:4). As hierdie aspekte in vervloë eeue in die volgorde waarin dit moes, behandel en georden was, dan sou daar nooit so 'n groot hoeveelheid opstande en verskille ontstaan het nie. Paulus het gesê dat ons in die struktuur van die Christelike leer die fondament moet behou wat Hy gelê het, en dat daarbenewens geen ander fondament gelê kan word nie – dit is Jesus Christus. Maar wat is nou die aard van die fondament? Is dit dat Jesus Christus die begin van ons redding was en dat Hy die weg vir ons geopen het toe Hy vir ons die

geleentheid tot verdienste verdien het?

[91] Hoegenaamd nie, maar dit is dat ons in Hom van ewigheid af nog voor die grondlegging van die wêreld uitverkies is sonder enige verdienste van ons kant maar volgens die raadsplan en barmhartigheid van God (Ef. 1:4-5). Dit is dat ons deur sy dood self van die verdoemenis van die dood vrygekoop en van die verderf verlos is (Kol. 1:14). Dit is dat ons in Hom deur die Vader tot sy kinders en erfgename aangeneem is (Rom. 8:17). Dit is dat ons deur sy bloed met die Vader versoen word (Rom. 9:11). Dit is dat ons deur die Vader in sy beskerming oorgegee is, sodat ons nooit verlore mag gaan of vergaan nie (Joh. 10:28). Dit is dat ons, so op Hom ingeënt, alreeds op die een of ander wyse deelgenote van die ewige lewe is nadat ons deur hierdie verwagting die koninkryk van God betree het (2 Tim. 1:9).

Maar ook dit is te min, omdat ons so 'n deelgenootskap van Hom verkry het, en hoewel ons in onsself nog dwaas is, is Hy self ons wysheid voor God. Al is ons sondaars, is Hy self ons geregtigheid; al is ons onrein, is Hy self ons heiligmaking, al is ons swak en sonder wapens en aan die Satan blootgestel, is die mag in die hemel en op die aarde nogtans aan Hom gegee (Matt. 28:18) sodat Hy Satan vir ons kan verbrysel en die poort van die hel kan verbreek; hoewel ons nog die liggame van die dood saam met ons rondneem, is Hy nogtans vir ons die lewe (Rom. 8:34; Ef. 2:1; 1 Kor. 1; Kol. 1:3-4). Kortom, omdat alles wat syne is ook ons s'n is, en ons alle dinge in Hom het, is daar in ons niks nie.

[92] Dit pas ons om op hierdie fondament te bou as ons tot 'n heilige tempel vir God wil aangroei. Wanneer hierdie fondament eenmaal gelê is, bou wyse bouers daarop voort, want of daar nou ook al 'n behoefte aan onderwysing óf aansporing is, vermaan hulle ons dat die Seun van God Hom hierin geopenbaar het om die werke van Satan te vernietig sodat die wat uit God is, nie meer mag sondig nie (1 Joh. 3:8); dat die verlede genoegsaam is om aan die wense van die heidene te voldoen (1 Petr. 4:3); dat die uitverkorenes van God houers van sy genade is, gekies tot sy eer, wat van onreinheid gereinig behoort te word (2 Tim. 2:20).

Maar eens en vir altyd word alles gesê wanneer aangetoon word dat Christus dissipels van so 'n aard wou hê dat hulle hulle sou verloën, hulle kruis sou opneem en Hom sal volg. Hy wat homself verloën, het die wortel van alle kwaad van hom afgesny, sodat hy nie langer meer hoef te soek na iets wat aan hom behoort nie. Hy wat sy kruis opgeneem het, het homself voorberei vir alle lydsaamheid en vriendelikheid. Maar die voorbeeld van Christus omvat hierdie sowel as alle ander pligte van godsvrug en heiligheid. Hy het Homself selfs tot die dood toe aan die Vader gehoorsaam betoon (Fil. 2:8). Hy het Homself ten volle daaraan oorgegee om die werke van God te volbring (Luk. 2:49; Joh. 4). Uit sy hele hart het Hy die heerlikheid van sy Vader geadem. Hy het sy lewe vir sy broeders neergelê (Joh. 10:15). Hy het sy vyande geseën en vir hulle gebid (Luk. 23:34).

[93] Maar as vertroosting nodig is, dan bied dit wonderlike vertroosting dat ons terneergeslae is maar tog nie verontrus word nie; dat ons ly maar tog nie verlaat word nie; dat ons verneder, maar tog nie te gronde gaan nie; en ons dra altyd die afsterwe van Jesus Christus in ons liggame mee, sodat die lewe van Jesus in ons geopenbaar kan word (2 Kor. 4:8; Filip. 2:5). Maar as ons saam met Hom sterwe, dan sal ons ook saam met Hom lewe (2 Tim. 2:11); as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom regeer, sodat ons volgens sy lyding geformeer kan word (Filip 3:10), omdat die Vader vooraf verorden het dat die wat Hy in Homself uitverkies het, aan die beeltenis van sy Seun gelykvormig moet wees, sodat Hy die eersgeborene van baie broeders kon wees (Rom. 8:29), dat gevolglik geen dood of lewe, geen teenswoordige of toekomende dinge ons sal skei van die liefde van God wat in Christus is nie (Rom. 8:38).

Kyk, ons regverdig die mens nie volgens sy werke voor God nie, maar ons beweer dat almal wat uit God is, weergebore word, en dat 'n nuwe skepping plaasvind sodat hulle uit die ryk van die sonde na die ryk van die geregtigheid oorgaan; dat hulle volgens hierdie getuienis hulle roeping bevestig (2 Petr. 1:10) en dat hulle soos bome aan hulle vrugte geoordeel word (Matt. 7:20).

Met hierdie een enkele woord kan die skaamteloosheid van sekere gewetelose mense weerlê word wat ons valslik daarvan beskuldig dat ons goeie werke afgeskaf het wanneer ons alle ywer van die mense daarvoor [94] verdoem; dat ons 'n te maklike vergiffenis van sondes predik wanneer ons dit vry voorstel en dat ons met hierdie versoeking mense wat vanself spontaan genoeg daartoe geneig is, uitlok om te sondig; dat ons mense van hulle ywer vir goeie werke wegneem wanneer ons leer dat hulle nie deur die werke regverdig word of hulle heil verdien nie. Al hierdie valse aantygings, beweer ek, word genoegsaam met daardie een enkele woord weerlê. Tog sal ek bondig op enkele aantygings antwoord.

Ons misken die goeie werke nie maar ons hou vol dat dit wat goeie werke is, van God afkomstig is en aan Hom toegeskrywe behoort te word, omdat Paulus alle werke van hierdie aard die vrug van die Gees van God noem (Gal. 5:24), sodat iemand wat roem, in God moet roem. En die lof vir goeie werke verdeel ons nie, soos hulle doen, tussen God en die mense nie; maar as geheel, ongeskonde en onverswak behou ons dit vir die Here. Slegs dit skryf ons in goeie werke aan die mens toe dat hy juis dit wat goed is, deur sy eie onreinheid besoedel en bemors. Want van die mens, hoe volmaak hy ook al is, gaan daar niks uit wat nie met een of ander vlek besmet is nie. Laat die Here dus die heel beste werke van die mens voor sy regbank daag, en Hy sal nie sy eie geregtigheid nie maar die mens se beskaming daarin herken. Om hierdie rede verdoem ons die ywer van die mens – dit is, ons verklaar dat wat die mens ook al het of uit homself doen, vervloek is. Verder word die gemoedere van die gelowiges met uitsonderlike vertroosting [95] opgehef deur ons leer waarvolgens hulle geleer word dat hierdie goeie werke deur God aan hulle gegee is; terselfdertyd dat hulle werke deur God aanvaar is en dat hulle Hom hierin behaag, nie omdat hulle so 'n verdienste sou hê nie maar omdat die goedheid van God dit as 'n loon vir hulle bepaal het. Ja, eerder eis ons dat geeneen enige werk sonder die geloof aandurf of aanpak nie – dit is, behalwe as hy met vaste gemoedsvertroue vir homself bepaal dat dit God welbehaaglik sal wees. Maar hulle, wat is hulle opvatting? Hulle loop altyd met hulle goeie werke te koop; en intussen rig hulle hulle gewetes so in dat God Homself nie vir hulle werke gunstig en genadig betoon nie.

Ons nooi mense nie daartoe uit om te sondig wanneer ons bevestig dat die vergiffenis van sondes vry is nie, maar ons beweer dat dit van so 'n groot waarde is dat ons met geeneen van ons goeie werke daarvoor kan vergoed nie, en dat ons dit gevolglik nooit kan verkry nie behalwe as dit vry sou wees. Verder is dit vir ons weliswaar vry maar nie vir Christus nie, wat dit teen so 'n groot prys gekoop het, naamlik deur sy hoogs heilige bloed, en daarbenewens was daar geen prys waardig genoeg om aan die geregtigheid van God te voldoen nie.

Wanneer hulle dit geleer word, word die mense vermaan dat so dikwels as wat hulle sondig, so dikwels vergiet Hy sy hoogs heilige bloed.

Hierby verklaar ons dat ons eie onreinheid van so 'n aard is dat dit nooit afgewas kan word anders as net [96] deur die bron van hierdie allerreinste bloed nie. Hoe sou mense wat dit hoor en enige kennis van God het, nie daarvan terugdeins om in die modder te rol om die reinheid van hierdie bron te besoedel sover dit binne hulle vermoë is nie? "Ek het my voete gewas", sê die gelowige siel en Salomo, "hoe sal ek hulle weer vuil maak?" (Hooglied 5:3).

Nou is dit duidelik wie die vergiffenis van sondes goedkoper skat. Hulle raak die onsin kwyt dat God deur hulle waardelose genoegdoenings, dit is, deur hulle drek behaag word. Ons voer aan dat die sondeskuld te swaar is om deur sulke ligsinnige onsin gereinig te word; dat die toorn van God te groot is om deur hierdie waardelose genoegdoening vergewe te word; dat dit die voorreg slegs van die bloed van Christus is.

Ons verlei nie die gemoedere van mense van hulle begeerte om goed te doen wanneer ons die opvatting van verdienste van hulle wegneem nie. Want wat die feit betref dat hulle sê dat die mens hom nie daaroor sal bekommer om sy lewe goed in te rig behalwe as die verwagting op loon aan hom voorgehou word nie, is hulle die hele pad aan die dwaal. Want as slegs dit die bedoeling is dat mense loon moet verwag wanneer hulle God dien en hulle hulle werke aan Hom verhuur of verkoop,

dan het dit weinig voordeel. Dit is God se wil dat ons Hom vry moet aanbid en vry moet liefhê. Ek beweer dat God die aanbidder goedkeur wat tog nie ophou om Hom te aanbid wanneer alle hoop daarop om loon te ontvang van hom afgesny is nie.

[97] Voorts, as mense tot goeie werke aangespoor moet word, sou geeneen skerper prikkels op hulle toepas as Paulus nie wanneer hy sê dat ons saam met Christus opgestaan het om vir geregtigheid te lewe (Rom. 6:4); wanneer hy voorskryf dat ons liggame as 'n lewende, heilige, God welgevallige offer aangebied moet word (Rom. 12:1; Ef. 4:15); wanneer hy aanbeveel dat ons, wanneer ons een liggaam in Christus is, met wedersydse pligsvervulling daarvan getuienis moet lewer dat ons ledemate van dieselfde liggaam is (1 Kor. 6:15); wanneer hy ons vermaan dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is (2 Kor. 6:16) en dat daar geen ooreenstemming tussen Christus en Bélial (2 Kor. 6:15), tussen lig en duisternis is nie, wanneer hy aantoon dat ons heiligmaking die wil van God is (1 Thes. 4:8) om ons van ons onwettige begeertes te weerhou; wanneer hy bewys dat ons van ons slawerny aan die sonde bevry is om geregtigheid te gehoorsaam (Rom. 6:18). Of kan ons tot die liefde aangespoor word deur 'n kragtiger argument as dié van Johannes dat ons mekaar moet lief hê soos God ons liefgehad het (1 Joh. 4:11); dat die kinders van God hierin van die kinders van die duiwel, die kinders van die lig van die kinders van die duisternis verskil, omdat hulle in die liefde bly? (1 Joh. 3:10). Of kan ons kragtiger tot heiligheid opgeroep word as wanneer ons van dieselfde Johannes verneem dat almal wat hierdie verwagting het, hulle heilig, aangesien hulle God heilig is (1 Joh. 3:3); of wanneer ons van Christus self verneem dat Hy Homself as 'n voorbeeld voorhou sodat ons in sy voetspore kan volg? (Joh. 15:10).

[98] Hierdie klein handjievol bewyse het ek slegs as 'n voorsmakie voorgelê, want as ek die bedoeling sou gehad het om elkeen afsonderlik deur te gaan, dan sou 'n lang bundel daarvoor saamgestel moes word. Al die apostels is vol vermanings, aansporings, bestraffinge en vertroosting om daarmee die mens van God tot elke goeie werk te onderwys sonder vermelding van verdienste. En inderdaad moes hierdie een enkele rede al vir ons genoegsaam gewees het dat God in ons verheerlik kan word (Matt. 5:16). Maar as die mense nie geweldig deur die heerlikheid van God beïndruk word nie, dan is die herinnering aan die weldade van God genoegsaam om sulke mense aan te spoor om goed te doen. Maar omdat hulle miskien die een of ander slaafse en gedwonge gehoorsaamheid aan die wet uitgepers het deur verdienstes daarin aan te voer, lieg hulle dat ons geen gronde het waarop ons tot goeie werke kan aanspoor nie, omdat ons dan nie met dieselfde weg daartoe toetree nie. Net asof God, wat verklaar dat Hy die blymoedige gewer liefhet en verbied dat enigiets gegee word asof dit uit droefheid of uit dwang is, weliswaar deur gehoorsaamheid van so 'n aard baie behaag sou word (2 Kor. 9:7).

Maar om geen vorm van aansporing agterweë te laat nie herinner die Skrif male sonder tal daaraan dat God aan elkeen sy loon volgens sy werke sal gee (Matt. 16:27). Laat geeneen egter na aanleiding daarvan redeneer dat ons werke die oorsaak van hierdie vergelding is nie. Die koninkryk van die hemele is inderdaad nie die loon van slawe nie maar die [99] erfenis van kinders (Ef. 1:18); dit sal slegs die mense verkry wat deur die Here tot sy kinders aangeneem is – en om geen ander rede as net om hierdie aanneming nie. Laat ons dus nie dink dat die Heilige Gees deur 'n belofte van hierdie aard die waarde van ons werke wou aanbeveel net asof dit so 'n loon sou verdien nie. Want die Skrif laat vir ons niks oor waarin ons ons voor die aangesig van God kan verhef nie; inteendeel dit is geheel en al daarop toegespits om ons hooghartigheid aan bande te lê, ons nederig te maak, ons neer te werp en ten volle te verbrysel.

Ons swakheid, wat andersins dadelik ineen sou stort en sou val as dit nie deur hierdie verwagting onderskraag en vertroos sou word nie, word inderdaad so tegemoet gekom. Laat elkeen in die eerste plek daaroor nadink hoe hard dit vir hom sou wees nie alleen om al sy besittings nie maar ook homself te verlaat en te verloën. Tog is dit juis met hierdie stryd dat Christus al sy dissipels – dit is, al die gelowiges – inwy (Matt. 16:24).

In die tweede plek leer Hy hulle deur hulle hele lewe met die onderwysing van die kruis om hulle

harte nie aan die begeerte na of die vertroue in besittinge van die wêreld oor te gee nie. Kortom, Hy handel oor die algemeen op so 'n wyse met hulle dat, waarheen hulle hulle oë ook al wend sover as wat hierdie wêreld strek, hulle oral niks anders as wanhoop vir hulle bewerk nie, sodat Paulus kan sê dat [100] ons ellendiger as alle mense is as ons ons hoop net in hierdie lewe stel (1 Kor. 15:19). Om te verhoed dat hulle in sulke groot beproewinge moed verloor, staan die Here hulle by, en Hy vermaan hulle om hulle hoofde hoër op te hef en hulle oë verder op te slaan en dat hulle die geluksaligheid wat hulle op die wêreld nie sien nie, by Hom sal vind. Hierdie geluksaligheid noem Hy beloning, loon en vergelding (Matt. 5:12), en Hy weeg nie die verdienste van hulle werke nie, maar Hy dui aan dat dit die vergoeding is vir hulle verdrukking, hulle lyding, smaad ensovoorts.

Daarom staan niks ons in die weg om die ewige lewe na die voorbeeld van die Skrif vergelding te noem nie, omdat die Here daarin sy uitverkorenes uit hulle geswoeg in sy rus, uit hulle verslaenheid in sy vertroosting, uit hulle droefheid in sy blydskap, uit hulle skande in sy heerlikheid ontvang – kortom, Hy verander al die kwaad wat hulle gely het, in groter seëninge. So sal dit vir ons geen las wees as ons reinheid van lewe as 'n weg beskou, nie die weg wat ons daarheen lei nie maar waarlangs die uitverkorenes deur hulle God in die heerlikheid van die hemelse koninkryk ingelei word, aangesien dit sy wil is om dié te verheerlik wat Hy geheilig het.

Om hierdie rede word die inagneming van sy gebooie enkele kere geregtigheid van die Here genoem; nie dat die Here daarmee regverdig maak nie, dit is, hulle as regverdiges wat Hy lank tevore reeds deur [101] sy genade geregverdig het, kan beproef.

Maar as iemand selfs die geringste deeltjie van ons heil aan die werke toeskrywe, dan misvorm en vervals hy die hele Skrif, wat volkome lof aan die goedheid van God toeskrywe. Maar hy wat die uitdrukking 'verdienste' gebruik, belaster die genade van God, wat sonder Hom nie tot stand kan kom nie. Dit is gewis vol van hooghartigheid en koppige ydelheid teen God. God belowe loon en vergelding. Ek hoor dit. Maar dit was ons plig om dank te betoon vir sulke groot weldade van God waardeur ons te wete kom dat aan ons gegee word wat hoegenaamd nie aan ons verskuldig is nie; om nie trots van hart te word nie en nie meer te gryp as wat gegee word nie. Iemand wat die vruggebruik van 'n plaas as geskenk ontvang en ook nog die eiendomsreg vir homself toe-eien, verdien sekerlik om juis die vruggebruik wat hy gehad het, as gevolg van so 'n ondankbaarheid te verloor.

Sal die Here verdra dat ons ongestraf bly wanneer ons oor so 'n groot genade ondankbaar is?

[102]



## DE FIDE, VBI ET SYMbolum (quod Apostolicum uocant) explicatur.

### CAPVT II.

IAM satis ex proxima disputatione intelligi potest, quæ nobis per legem agenda Dominus præscribat: quorum si qua in parte lapsi fuerimus, iram & terribile mortis æternæ iudicium edicit. rursum, quàm non modo arduũ, sed prorsus supra uires, extraq; omnem nostrã facultatẽ sit, legem implere ut exigit. Quare si nos dũtaxat ipsos intuemur, quidq; nobis dignum sit cogitamus: nihil est bonæ spei reliquũ, sed à Deo abiectos mors & certissima confusio nos manet. Id etiam explicatum fuit, unam esse effugiendæ huius calamitatis rationem, quæq; nos in melius restituat, nempe Domini misericordiam: quam certissime experiemur, si eam solida fide accipiemus, inq; ea secure acquiescemus. Hoc nunc superest, qualis esse hæc fides debeat: id quod ex symbolo (quod Apostolicũ uocant) facile discemus: quo breuiter compendium collectum

Domini misericordia sola nos restituit.

[103]

## Hoofstuk 2

**OOR DIE GELOOF, WAARIN OOK 'N UITEENSETTING GEGEE WORD VAN DIE SIMBOOL WAT APOSTOLIES GENOEM WORD**

Uit die voorgaande kan nou geredelik begryp word wat die Here ons deur die wet gebied om te doen. As ons in enige deel daarvan sou struikel, spreek Hy sy toorn en 'n verskriklike oordeel oor ons uit. Aan die ander kant toon dit nie alleen hoe moeilik nie maar ook hoe volkome dit buite ons mag en buite ons hele vermoë is om die wet te volbring soos Hy eis. As ons daarom ons oë slegs op onsself rig en oordink watter aansien daar in ons is, bly daar geen goeie verwagting vir ons oor nie, maar, deur God verwerp, bly daar vir ons net die dood en allersekerste beskaming oor.

Maar ook is daarvan 'n uiteensetting gegee dat daar net een wyse is waarop aan die ellende ontvlug kan word om ons te verbeter, naamlik die genade van die Here. Dit sal ons baie beslis ervaar as ons dit in 'n vaste geloof aanneem en onbesorg daarin berus.

Daar bly nou oor om 'n uiteensetting te gee van die aard van hierdie geloof – iets wat ons geredelik uit [104] die simbool wat die mense apostolies noem, kan leer ken. Dit is 'n bondige verkorting en as 't ware 'n samevatting van die geloof waartoe die algemene kerk ingestem het.

Maar voordat ons verder gaan, moet ons daarop attent gemaak word dat daar twee vorms van geloof is. Die eerste daarvan is as iemand sou glo dat God bestaan en van mening sou wees dat die geskiedenis wat in verband met Christus verhaal word, waar is. Sodanig is ons oordeel oor die gebeure waarvan vertel word dat dit eenmaal plaasgevind het, asof ons self aanwesig was en dit aanskou het. Maar aangesien dit van geen belang is nie, is dit ook die benaming 'geloof' nie waardig nie. En as iemand hom daarop beroem, moet hy besef dat hy dit met die duiwels deel, en vir hulle dra dit niks anders by as dat hulle meer verskrik word, bewe en verstrooi word nie (Jak. 2:19).

Die tweede vorm van die geloof is dit waarvolgens ons nie alleen glo dat God en Christus bestaan nie maar waarvolgens ons ook in God glo en in Christus en Hom waaragtig as ons God en Christus as ons Verlosser erken. Dit beteken inderdaad nie alleen om alles wat in verband met God en Christus geskrywe is en gesê word, as waaragtig te beskou nie maar om alle hoop en vertroue in die enige God en Christus te stel en deur die gedagte so versterk te wees dat daar by ons geen twyfel in verband met God se goeie bedoeling jeens ons sal bestaan nie; dat ons gewis [105] moet verwag dat Hy gestand sal doen wat die Skrifte ook al in verband met Hom belowe; dat daar by ons geen twyfel daaroor moet bestaan dat Jesus ons Christus, dit is ons Verlosser, is nie; ja, dat, net soos ons deur sy toedoen vergiffenis van ons sondes en heiligmaking verkry, ook verlossing aan ons gegee is, sodat ons uiteindelik in die koninkryk van God wat op die laaste dag geopenbaar sal word, ingelei word. En dit is inderdaad die kern, dit is feitlik die samevatting van al die dinge wat die Here ons in sy heilige Woord bied en belowe. Dit is die eindpaal wat Hy in sy Skrif vir ons bepaal het; dit is die doel wat Hy vir ons gestel het.

Die Woord van God is dus die voorwerp en die doel van die geloof waarop ons ons behoort te rig; dit is die basis waardeur dit onderskraag en gesteun word, en daarsonder kan dit selfs nie staande bly nie. En so is hierdie waaragtige geloof, wat in die laaste plek 'Christelik' genoem kan word, niks anders as 'n vaste oortuiging van die Gees waardeur ons by onsself bepaal dat die waaragtigheid van God so seker is dat dit onmoontlik nie tot uitvoer kan bring wat Hy in sy heilige Woord belowe het om tot uitvoer te bring nie (Rom. 10:11).

Dit leer Paulus in sy omskrywing daarvan wanneer hy dit die 'wese van die dinge wat ons hoop en die bewys van die dinge wat nie sigbaar is nie' (Hebr. 11:1) noem. Onder 'wese' of hupostasis, soos dit in Grieks lui, verstaan hy 'onderskraging', waarop ons [106] steun en waarteen ons leun, net asof hy sê: die geloof self is 'n vaste en sekere besitting van die dinge wat deur God aan ons belowe is.

Aan die ander kant toon dit ook aan dat die dinge teen die laaste dag, waarop die boeke oopgemaak sal word (Dan. 7:10), verhewener is as wat met ons sinne begryp of met die oë waargeneem of met

die hand aangeraak kan word; en dat dit intussen op geen ander wyse deur ons in besit geneem kan word as wanneer ons die vermoë van ons verstand geheel en al te buite gaan nie, en ons ons blik bo oor al die dinge wat op die wêreld is, sou rig en, kortom, onsself te bowe sou gaan nie. Daaraan het hy toegevoeg dat dit 'n sekerheid van besit van die dinge is wat in hoop geleë is en daarom nie gesien word nie.

Want, soos hy self elders skrywe, is hoop wat gesien kan word, nie hoop nie, en niemand hoop op dinge wat hy sien nie (Rom. 8:24). Want terwyl hy dit 'n aanwysing of 'n bewys – in Grieks is dit 'n aanwysing, elenchus – noem van dinge wat nie sigbaar is nie, praat hy asof hy bedoel dat die sigbaarheid van dinge wat onsigbaar is, die verskynsel is van die dinge wat nie gesien word nie, die deurgronding van die onbekende, die aanwesige van die afwesige, die bewys van die verborgene.

Want die geheimenisse van God wat op ons redding betrekking het, is van so 'n aard dat dit in hulleself en uit hulle natuur, soos gesê word, nie waargeneem [107] kan word nie, maar slegs in sy Woord kry ons 'n blik daarop. Van die waarheid daarvan behoort ons so oortuig te wees dat alles wat daarin gespreek word, as 'n voldonge feit beskou behoort te word.

Die wese van hierdie geloof verskil ver van eersgenoemde. Wie dit ook al het, kan nie anders as om deur God aangeneem te word nie, net soos dit daarteenoor nooit sal gebeur dat iemand Hom daarsonder ooit kan behaag nie (Hebr. 11:6). Wat ons ook al van God verlang en vra, verkry ons hier in soverre as wat Hy voorsien dat dit vir ons voordelig is.

Maar daarvoor is geen plek in 'n verwronge, verdraaide of geveinsde hart nie, en dit kan nie begin of onderhou word anders as net deur die genade van God nie. Juis dit is wat God in die eerste gebod van sy wet van ons eis. Wanneer Hy vooraf gesê het dat Hy ons enigste Here en God is, voeg Hy daaraan toe dat ons nie ander gode voor sy aangesien mag hê nie. Daarmee bedoel Hy klaarblyklik dat ons hoop en vertroue nie elders as net in Hom alleen moet berus nie en aan Hom alleen verskuldig is. Hy suggereer ook dat as ons ons hoop en vertroue op 'n ander rig, iemand anders as Hy ons God is.

In verband hiermee het ons 'n bespreking begin, waarvoor die belydenis as 'n samevatting van die onderwysing geskrywe is. Dit is verdeel in vier dele, waarvan die eerste drie dele vir die persone van die heilige Drie-eenheid bestem is, dit is vir die Vader, [108] die Seun en die Heilige Gees, wat ons enige ewige en almagtige God is in wie ons glo. Die vierde deel sit uiteen wat uit die geloof in God na ons terugkeer en waarop ons ons verwagtinge moet vestig.

Maar wanneer sommige goddelose mense rondom ons eerste beginsels rumoer om ons geloof aan sy wortels uit te pluk en hulle ons tot 'n bespotting maak omdat ons die enige God in drie persone bely, het hierdie standpunt vereis dat hulle godslastering aan bande gelê moet word. Maar omdat dit my doel is om ontvanklike mense aan die hand te lei en nie om met strydlustige rebelle handgemeen te raak nie, sal ek nie nou met hulle met my troepe in gevegsorde kragte meet nie.

Ek sal slegs met enkele woorde aandui wat in hierdie opsig gevolg en waarteen gewaak moet word, sodat die wat gewillige en geopende ore aan die waarheid verleen, 'n plek kan hê om met sekerheid te staan.

Die Skrif leer ons van net een God, nie van meer as een nie. Israel het gesê: "Die Here jou God, is een God" (Deut. 6:4). Tog verklaar dieselfde Skrif in geen onduistere terme nie dat die Vader God, dat ook die Seun God en dat die Heilige Gees God is.

Ons sal slegs maar een bewys hiervoor aanvoer – maar een van so 'n aard dat dit as duisend kan dien. Paulus verweef hierdie drie, God, geloof en doop (Ef. 4:5), op so 'n wyse dat van die een na die ander geredeneer kan word. Omdat daar net een geloof is, [109] bewys hy daaruit dat daar net een God is; omdat daar net een doop is, toon hy aan dat daar net een geloof is. Want aangesien geloof nie rond en bont behoort te kyk of oor verskeie dinge heen behoort te skarrel nie maar sy blik op een God behoort te rig, in Hom verenig te word en Hom aan te kleef, kan daaruit maklik bepaal word

dat as daar baie gelowe bestaan, daar ook baie gode moet wees.

Omdat die doop aan die ander kant die sakrament van die geloof is, bekragtig dit sy eenheid daarin aan ons omdat dit een is. En tog kan niemand sy geloof anders bely as net in een God nie. Daarom, soos ons in een geloof gedoop word, glo ons geloof in een God. Die doop is dus een en hierdie geloof is een, omdat albei aan een God behoort. Hieruit volg dit ook dat ons nie anders gedoop mag word as in die een God nie, omdat ons in die geloof aan Hom gedoop word in wie se Naam ons gedoop word. Aangesien die Skrif wou hê dat ons in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop word (Matt. 28:19), wou dit in elk geval terselfdertyd hê dat almal in die Vader, die Seun en die Heilige Gees moet glo. Wat is dit anders as klare getuienis daarvan dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees een God is? Want as ons in Hulle Naam gedoop word, word ons in die geloof aan Hulle gedoop. Hulle is dus een God as hulle met een geloof aanbid word. Daar bestaan ook ander heldere getuienis wat gedeeltelik die een goddelikheid van die drie bevestig en gedeeltelik die onderskeid van hulle persone. In Jeremia word [110] die term wat die Jode "onuitspreeklik" noem, aan die Seun toegeskrywe (Jer. 23:6; 33:16).

Hy moet dus die enige ewige God wees wat elders verklaar dat Hy sy heerlikheid nie aan 'n ander sal gee nie (Jes. 43). En tog, wanneer daar gesê word dat Hy in die begin by God was (Joh. 1:1), en dat die Vader die wêreld deur Hom tot stand gebring het (Joh. 1:2), en wanneer Hy self daarbenewens getuig dat Hy sy klaarheid nog voor die wording van die wêreld by die Vader besit het (Hebr. 1:3; 10), word daarmee die onderskeid aangedui. Maar des te duideliker word daar gesê dat nie die Vader gekom het en ons vlees aangeneem het nie (Joh. 17:5; 16:28 en elders) maar dat die Seun van die Vader uitgegaan het om na ons neer te daal en mens te word. In 'n ander profeet is albei terselfdertyd tot uitdrukking gebring wanneer die Vader Hom sy metgesel en verwant (Sag. 13:7) noem. Maar God het geen verwant of metgesel nie behalwe in soverre Hy God is. Aan die ander kant weer as Hy sy metgesel is, behoort Hy onderskeie te wees, aangesien daar geen gemeenskap kan bestaan behalwe tussen twee nie.

In Handelinge verklaar Petrus uitdruklik dat die Heilige Gees God is (Hand. 5:3). Op meer as tien plekke in die Evangelie van Johannes is dit duidelik dat dit tog van Christus verskil (Joh. 14:16; 15). Maar van almal het Paulus hierdie hele geheimenis (Rom. 8:9-11) die duidelikste opgeklaar toe hy die Gees van Christus sonder onderskeid ook die Gees van [111] Hom wat Christus uit die dood opgewek het, genoem het. Want as die Gees van die Vader en die Seun een is, dan moet ook die Vader en die Seun een wees.

Aan die ander kant is dit gepas dat juis die Gees een met die Vader en die Seun moet wees, aangesien niemand van sy Gees geskei is nie. Sommige mense vind fout daarmee dat hulle hoor dat God Gees is en dat hulle daarom onder Gees niks anders as God die Vader verstaan nie. Maar soos hulle hoor dat God Gees is, so hoor hulle ook dat die Heilige Gees die Gees van God is. Gevolglik is daar geen teenstrydigheid daarin dat die hele wese van God geestelik is en dat in die wese Vader, Seun en Gees is nie.

Ook het dit nie aan mense ontbreek wat beweer het dat God om geen ander rede nou Vader en dan weer Seun en dan Heilige Gees genoem word as net omdat Hy magtig, goed, heerlik en genadig genoem word nie. Maar ook hulle word maklik weerlê, omdat dit duidelik is dat laasgenoemde benaminge is wat aandui hoedanig God is, maar eersgenoemdes name wat aandui wie God waarlik is. Mense wat nie strydlustig en halsstarrig is nie, kan sien dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees die enige God is, omdat die Vader God is, en die Seun God en die Gees God, en God nie anders as enig kan wees nie.

Aan die ander kant word drie persone genoem, drie beskrywe en drie onderskei – een, dus, en tog drie; een God en een essensie. Watter drie dan? Nie drie [112] gode en ook nie drie essensies nie. Met die oog daarop om albei aan te dui het die ortodokse vaders van ouds verklaar dat daar een ousia maar drie hupostasis is, dit beteken dat daar een wese maar substansies binne die een wese is. Hoewel die Latynse vaders in alles in betekenis met hulle ooreengestem het, het hulle slegs twee

name daaraan gegee, en verskillende inhoude in elk daarvan tot uitdrukking gebring. Want hulle het verklaar dat daar net een essensie is ('n term wat met die Griekse benaming ooreenstem), maar drie persone, waardeur hulle op 'n bepaalde verhouding wou dui.

Ketters kef hierteen omdat ousia, hupostasis, essensie en persone dan name sou wees wat na die oordeel van die mens versin is en dat dit nêrens in staat is om ons opvatting dat daar sprake van drie is wat een God is, van ons af te skud nie, hoe groot is hulle stompsinnigheid dan nie om Woorde af te keur wat niks anders verduidelik as iets wat deur die Skrif getuig en beseël is nie? "Dit sou meer as genoeg wees", sê hulle, "nie alleen om ons opvattings nie maar ook ons woorde binne die perke van die Skrif te bepaal eerder as om uitheemse woorde rond te strooi wat die saad van twis en tweedrag sal wees, want so word ons deur 'n woordestryd uitgemergel; so gaan die waarheid deur die gekyf verlore; so word die liefde verwoes".

As hulle 'n woord uitheems noem waarvan daar nie aangetoon kan word dat dit uit net soveel lettergrepe in die Skrif saamgestel is nie, lê hulle voorwaar 'n [113] onbillike wet op ons waardeur alle preke wat nie uit materiaal van die Skrif saamgeflans is nie, verdoem word. Maar as dit dan vir hulle uitheems is wat sorgvuldig uitgedruk is en bygelowig verdedig word, wat eerder betekenis vir tweedrag het as vir stigting, wat of beskaamd of vrugteloos misbruik word, wat godsvrugtige ore met die skerpte daarvan aanstoot gee, wat aan die eenvoud van die Woord van God afbreuk doen, verwelkom ek hulle nugterheid van harte. Want ek voel dat ons nie met minder godsdienstige eer van God moet praat as wat ons van Hom dink nie, aangesien enigiets wat ons oor Hom bedink, dwaas en enigiets wat ons oor Hom sê, belaglik is.

En tog moet ons 'n sekere perk bewaar: gewis moet uit die Skrif 'n maatstaf vir ons oordenkinge en ons besprekinge gesoek word. Aan hierdie maat moet al die gedagtes van ons verstand en al die woorde van ons mond gemeet word.

Maar wat verbied ons om die dinge in die Skrifte wat ons begrip verwar en belemmer, in duideliker woorde te bespreek en tog die waaragtigheid van die Skrif gelowig en getrou te dien as dit eenvoudig en beskeie en nie ongeleë gebruik word nie? Daar kom elke dag sulke voorbeelde voor. Dikwels handel 'n gesprek oor geloofsgeregtigheid, maar net 'n paar mense begryp hoe ons deur die geloof geregverdig word, laat ons toevoeg dat dit Christus se geregtigheid is en nie ons s'n nie, dat dit in Hom en nie in ons geleë is nie. Maar deur toerekening word dit ons s'n, omdat [114] gesê word dat dit deur ons ontvang is. Die feit dat ons dus nie waaragtig regverdig is nie maar by wyse van toerekening, of liewer, dat ons nie regverdiges is nie maar deur toerekening as regverdiges beskou word in soverre as wat ons deur die geloof die regverdigheid van Christus besit, sal dan vir ons 'n duidelike en onverwikkelde onderwerp wees.

Die bewering word byvoorbeeld gemaak dat God onder verdoemdes wie se werke verdoem is, werk – 'n moeilike en ingewikkelde vraagstuk. Is God dan die bewerker van die sonde? Moet die bose God dan toegereken word? Moet die ongeregtigheid as sy werk beskou word? Gestel dat ons daaraan sou toevoeg dat die werk van 'n bedorwe mens en van die regverdige God in dieselfde daad waarneembaar is? Dan is dit nog duidelik dat die verdoemde mens die wortel van die bose in homself ingewortel het, dat die bose deur homself beding, deur homself gewil, deur homself gepoog en deur homself aangedurf word. Watter kwaad en skuld daar ook al in sy werk is, moet hom daarom toegereken word omdat hy in sin, in wil en in daad teen God wederstrewig is. Maar God wend sy bose wil en bose poging waarheen Hy wil, en nou lê Hy dit aan bande en beteuel dit, en dan weer verleen Hy welslae daaraan en voeg krag daaraan toe, maar sy optrede is regverdig.

So het Farao, Nebukadneser en Sanherib teen die lewende God oorlog gemaak, sy volk bespot en sy volk so ver as wat dit binne sy vermoë was, sonder [115] verdienste vervolg. Met geweld en sonder enige reg daartoe het hulle op die besitting van 'n ander aangestorm. Maar God het hulle almal daartoe opgewek om al hierdie dade tot uitvoer te bring (Ex. 9:16; Jer. 5:15); maar terwyl hulle die kwade wil en die bose bedink of, liewer, hulle kwade wil en bose poging het Hy op Israel laat neerkom en Hy het daaraan krag gegee – nou om die goddeloosheid van sy volk te wreek en dan

weer om hulle redding nog roemryker te maak.

So was die beproewing van Job die werk van God sowel as van die duiwel, en tog pas dit ons om daarin die ongeregtigheid van die duiwel van die geregtigheid van God te onderskei. Die duiwel het hom na die verderf probeer stuur, maar God het hom beproef (Job. 1 en 2).

So was Assur die straf van die toorn van God en Sanherib die byl van sy hand (Jes. 10:5): hulle almal is deur Hom geroep, deur Hom opgewek en deur Hom aangedryf – kortom, hulle was sy diensknegte. Maar hoe dan? Terwyl hulle hulle onbeteuelde luste gehoorsaam het, het hulle onwetend die geregtigheid van God gedien (Jes. 27:4-8). Kyk, God sowel as hulle was die bewerkers van dieselfde werk, maar in dieselfde werk skitter die geregtigheid van God en hulle ongeregtigheid.

Met hierdie onderskeid word 'n verstrengelde knoop ontbind. As iemand die tussenwerpsel sou maak en [116] daaroor sou mor dat die onderskeidings vir hom nie bewys is nie omdat die Sofiste hulle rusies met sulke onderskeidinkies oorlaai, wie sou aan so 'n verwaandheid nie 'n afkeur hê nie? As iemand met die nuwigheid van ons woorde fout sou vind, sou die oordeel sekerlik met verdienste oor hom uitgespreek kon word dat hy die lig van die waarheid onwaardig dra, aangesien hy fout vind slegs met dit wat die waarheid duidelik en helder maak.

Die onbekendheid – as dit dan so genoem moet word – van woorde van hierdie aard is dan eers in besonder nuttig wanneer die waarheid teen valse aanklaers wat juis die waarheid ontwyk deur dit die rug toe te keer gehandhaaf moet word. Ons ervaar vandag meer as genoeg met hoeveel inspanning die vyande van die waarheid vernietig moet word. So ontvlug daardie glibberige slange met hulle krom bonkige kronkelinge ons as hulle nie moedig agternagesit, gevang en aan die kaak gestel word nie. So is die mense van ouds deur verskeie struwelinge oor bedorwe dogmas verontrus, en hulle is gedwing om met uitgelese duidelikheid 'n uiteensetting te gee van wat hulle gevoelens was, om geen sydelinge ontvlugting vir die goddelose mense te laat wie se omhulsel van woorde die skuilplekke van hulle dwaling was nie.

Arius het bely dat Christus God is en die Seun van God omdat Hy hom nie teen die klaarblyklike Skrifte kon verset nie en omdat hy 'n mate van ooreenstemming aan ander voorgehou het net asof hy iets regskape [117] volbring het. Maar intussen het hy nie opgehou om die storie te versprei dat Christus geskep is en dat Hy soos ander skepsels 'n begin gehad het nie. Om die onbestendige listigheid van die man uit sy skuilplekke uit te trek, het die mense van ouds nog verder gegaan en verklaar dat Christus die ewige Seun van die Vader en een in wese met die Vader is. Hierop het die goddeloosheid van die Ariane oorgekook, terwyl hulle die term homoiousia met die grootse boosheid begin haat en vervloek het. Maar as hulle ten aanvang opreg en volmondig sou bely het dat Christus God is, dan sou hulle nie ontken het dat Hy een in wese met die Vader is nie. Wie sou waag om teen daardie regskape mense uit te vaar asof hulle rusiemakers en wederstrewiges is omdat hulle as gevolg van een woordjie in so 'n groot stryddrif ontbrand en die rus van die kerk versteur het? Maar die woordjie het die onderskeid getref tussen Christene van suiwer geloof en die ketterse Ariane.

Daarna het Sabellius opgestaan en hy het betoog dat die name Vader, Seun en Heilige Gees ydel is en dat dit nie op die een of ander onderskeid vasgestel is nie maar dat dit verskillende eienskappe van God is waarvan daar baie bestaan. As dit dan op 'n konfrontasie uitgeloop het, het hy gewoonlik erken dat hy in God die Vader, God die Seun en God die Gees glo, maar daarna het hy hom losgewikkel deur te verklaar dat hy niks anders bedoel het as wanneer hy sou sê dat God magtig, regverdig en wys is nie. Hy het ook 'n ander deuntjie gesing, naamlik dat die Vader die [118] Seun is en dat die Heilige Gees die Vader is, sonder orde en sonder onderskeid. Om sy goddeloosheid te verbreek het die mense wie se godsvrug hulle ter harte gegaan het, daarteenoor luidkeels verklaar dat waaragtig drie eienskappe in die een God erken moet word. En met die oog daarop om hulle met die eenvoudige waarheid teen sy skelmstreke te verskans, het hulle verklaar dat daar waaragtig drie persone in die enige God bestaan, of (en dit was dieselfde) dat 'n drie-eenheid van persone in die eenheid van God bestaan.

As die benaminge dus nie onbesonne geskep is nie, word dit onbesonne verwerp. Was die name tog maar begrawe solank hierdie geloof maar onder almal vasgestaan het, naamlik dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees een God is en dat die Seun tog nie die Vader of die Heilige Gees die Seun is nie, maar dat daar volgens 'n bepaalde eienskap 'n onderskeid tussen hulle is. Maar wanneer ons aan die een kant die Ariane en aan die ander kant die Sabelliane moet teengaan, vererg hulle hulle daaroor dat die geleentheid vir ontvlugting vir hulle afgesny word; dan verwek hulle geen geringe agterdog nie dat hulle leerlinge van of Arius of Sabellius is.

Arius verklaar dat Christus God is, maar hy mompel dat Christus geskep is en 'n begin gehad het. Hy verklaar dat Hy een is met die Vader, maar heimlik fluister hy in die ore van sy trawante dat Hy verenig is soos al die gelowiges, hoewel dit volgens 'n [119] besondere voorkeur is. Sê vir hom 'een in wese', en jy trek die masker van die skelm af, en tog voeg jy niks aan die Skrifte toe nie.

Sabellius verklaar dat Vader, Seun en Heilige Gees geen onderskeid in God aandui nie. Sê vir Hom dat Hulle drie is, en hy sal sy stem verhef dat jy drie gode noem. Sê vir hom dat daar in die een wese van God drie-eenheid van persone is, dan sal jy in een enkele woord sê waarvan die Skrifte spreek en sy sinnelose spraaksamigheid aan bande lê.

En as hulle hierdie drie name nie kan verdra nie, laat hulle ten minste aan ons toegee, wat hulle nie kan ontken selfs al sou hulle oopbars nie, dat wanneer ons van een hoor, daaronder eenheid van wese verstaan moet word; en wanneer ons van drie hoor, dat in hierdie een wese tog drie substansies onderskei moet word.

Die Skrif onderskei dit inderdaad so dat dit aan die Vader die begin van handeling, die bron en oorsprong van alle dinge, toegeskryf het. Aan die Seun wys dit die wysheid en beplanning van die handeling toe; aan die Gees dra dit die krag en doeltreffendheid van die handeling op. Vandaar dat die Seun ook die Woord van die Vader genoem word, nie soos mense praat of dink nie maar ewig en onveranderlik, voortspruitende uit die onuitspreeklike Vader alleen soos die Heilige Gees krag, vinger of mag genoem word.

[120] Laat ons nou na die eenvoudige belydenis van die waarheid luister.

**DIE EERSTE DEEL VAN DIE GELOOFSBELYDENIS**

**EK GLO IN GOD, DIE VADER, DIE ALMAGTIGE, DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE**

Hiervolgens bely ons dat ons volle vertroue in God, die Vader, gevestig het. Ons erken dat Hy die Skepper is van sowel onsself as van geheel en al alle dinge wat Hy met sy woord en sy ewige wysheid (dit is sy Seun) en sy mag (dit is die Heilige Gees) tot stand gebring het (Ps. 33:6; Ps. 104:24; Hand. 17:24; Hebr. 1:2-10). Dat Hy soos Hy dit eens tot stand gebring het, dit ook nou nog onderhou, koester, behandel en behou met sy goedheid en sy mag, en daarsonder sou alle dinge onmiddellik ineenstort en tot niet gaan.

Maar wanneer ons Hom die almagtige Skepper van alle dinge noem, dan moet ons daaraan gedagtig wees dat sy almag van so 'n aard is dat Hy daarmee alle dinge in almal bewerk, dat sy voorsienigheid van so 'n aard is dat Hy daarmee alle dinge bestuur (1 Kor. 12:6) en nie, soos die versinsel van die Sofiste, dat dit leeg, gevoelloos en onaktief is nie. Daarom moet ons deur die geloof daarvan oortuig wees dat wat ook al met ons gebeur, of dit nou ook al blymoedig of treurig, voorspoedig of teenspoedig of dit nou ook al liggaam of siel aangaan, dat dit van Hom af ons [121] toekom met die uitsondering slegs van die sonde, wat ons as ons eie boosheid toegereken moet word. Ons word ook deur sy beskerming veilig behou, beskerm en bewaar sodat geen vyandige mag ons kan skaad nie (Hosea 13:14). Kortom, dat aangesien ons alle dinge uit sy hand ontvang, niks van Hom af met ons kan gebeur wat nie tot ons voordeel lei nie, al sou die dinge in die reël lyk asof hulle nou voorspoedig en dan weer teenspoedig is (Rom. 8:28).

Deur die geloof moet ons daarvan oortuig wees dat alle dinge inderdaad deur Hom vir ons gedoen word, nie op grond van ons eie waarde, nie op grond van ons eie verdienste, waaraan Hy hierdie

genade nie verskuldig is nie, nie omdat ons dan by magte is om wedersyds sy milddadigheid te vergeld nie, maar uit sy Vaderlike goedheid en genade, waarvolgens sy goedheid alleen die oorsaak is om so met ons te handel.

Daarom moet ons daarvoor sorg dat ons vir so 'n groot goedheid dank moet betoon, dat ons dit in ons verstand moet oordink, dat ons dit met ons tong moet verkondig en dit met die lofbetuiging waartoe ons in staat is, moet verhef. So 'n Vader moet ons met dankbare godsvrug en vurige liefde eer om ons geheel en al in sy gehoorsaamheid aan Hom te wy; Hom in alles te eer; alle dinge, ook teenspoed, met kalm, bedaarde harte asof uit sy hand te aanvaar, gedagtig daaraan dat sy voorsienigheid ook na ons en ons heil omsien wanneer dit ons teister en kwel. [122] Wat ook al eindelik met ons sou gebeur, moet ons nooit daaraan twyfel of wanhoop dat ons in Hom 'n genadige en welmenende Vader het nie, en ons heil moet ons op grond daarvan van Hom verwag. Want dit is baie gewis en waaragtig dat hierdie geloof waaromtrent die eerste deel van die geloofsbelydenis ons leer dat elkeen dit moet hou, die regte geloof is.

**DIE TWEEDE DEEL**

**EN IN JESUS CHRISTUS, SY ENIGGEBORE SEUN, ONS HERE, WAT ONTVANG IS VAN DIE HEILIGE GEES, GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA; WAT GELY HET ONDER PONTIUS PILATUS, GEKRUISIG, GESTORWE EN BEGRAWE IS EN NEERGEDAAL HET NA DIE HEL; OP DIE DERDE DAG WEER OPGESTAAN HET UIT DIE DOOD, OPGEVAAR HET IN DIE HEMEL EN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN DIE VADER, VANWAAR HY SAL KOM OM TE OORDEEL DIE LEWENDE EN DIE DODE.**

Hierin bely ons dat ons in Jesus Christus glo, sodat ons die oortuiging het dat Hy die eniggebore Seun van God, die Vader, is en nie soos die gelowiges slegs maar deur aanneming en genade nie, maar sy natuurlike Seun van ewigheid af uit die Vader ontvang, want wanneer ons Hom die eniggebore Seun noem, onderskei ons Hom daardeur van alle ander skepsels, só dat Hy in soverre as wat Hy God is, een God is met die Vader, van een en dieselfde natuur, substansie of wese, maar Hy is nie anders as onderskeie in persoon nie, en dit het Hy as eiesoortig onderskeie persoon [123] van die Vader (Ps. 100:3). Maar dit betaam ons dat watter menslike wysheid daar ook al bestaan, hieraan onderwerp word en as 't ware gevange gehou word. Dit betaam ons nie om deur nuuskierig hieroor te klets of te weifel geheimenisse van die aard wat alle begrip van die mens se verstand ver te bowe gaan, te aanbid nie.

En om te verhoed dat ons in hierdie opsig met ons verstand enigiets anders bedink of voel of sê as wat ons deur die Skrifte geleer word, laat die voorbeeld van die ketters vir ons 'n afskrik wees. Terwyl hulle met hulle gevoel oorvloedig wou wees, is hulle ylings in verwarring gebring.

Aangesien God die Seun dus een en dieselfde God met die Vader is, beskou ons Hom as die waaragtige God, die Skepper van die hemel en die aarde. En net soos wat ons ons volle vertroue in die Vader gestel het, moet ons dit ook in sy Seun stel, aangesien dit een God is.

Maar die feit dat hier besonderlik van die vader as Skepper gepraat word (Hebr. 1:10) is, soos ons tevore gesê het, toe te skryf aan die onderskeid van sy eienskappe waarvolgens die begin van die handeling met die Vader in verband gebring word, sodat verklaar kan word dat Hy in besonder handel, maar dan deur sy Woord en sy wysheid, en tog in sy krag. Dat daar verder 'n gemeenskaplike handeling van al drie persone in die skepping van die wêreld was, maak die volgende [124] verklaring van die Vader duidelik: "Laat ons 'n mens maak na ons beeld en na ons gelykenis" (Gen. 1:27). Daarin beraadslaag Hy nie met die engele nie en Hy spreek Homself nie aan nie, maar Hy roep sy wysheid en sy krag op.

Daarbenewens bely ons dat ons glo dat Christus self om ons ontwil uit goddelike weldadigheid en genade deur die Vader gestuur is en na ons neergedaal het om ons vlees aan te neem, wat Hy aan sy goddelikheid verbind het om ons van die tirannie van die duiwel, waaraan ons onderworpe was, te bevry en van die bande van die sonde, waardeur ons vasgeknel gehou is, van die dwingelandy van die dood, van die liggaam sowel as van die siel, waarin ons gedryf is en van die ewige strawwe

waaraan ons oorgelewer is, aangesien dit nie 'n eienskap van ons vermoëns was om ons daarvan te bevry of los te maak nie. Want so was dit in ons belang dat Hy wat as ons Middelaar sou kom, waarlik God en mens moes wees.

Want aangesien alles verstrooi is toe ons sondes 'n wolk tussen ons en ons God geplaas het (Jes. 59:2), wie sou hom tot Hom kon uitstrek? Die mens? En tog het hulle almal tesame met hulle vader Adam van die gesig van God teruggedeins. Dan 'n engel? (Gen. 3:10). En tog het selfs hulle 'n hoof nodig gehad in wie hulle hulle aan hulle God kon verbind (Ef. 1:21; Kol. 1:16). Hoe dan? Alles was verlore as dit nie was dat die majesteit van God self na ons neergedaal het nie, aangesien dit nie in ons was om na Hom toe [125] op te styg nie. So het die Seun van God vir ons Immanuel geword, dit is God met ons (Jes. 7:14).

Aan die ander kant, aangesien ons eie geringheid in alle opsigte van die majesteit van God verskil, wie sou selfs nog gewaag het om genoegsaam te vertrou dat God naby hom is, dat Hy met hom saam woon en dat Hy hom bystaan? Sy nabyheid was dus nog nie naby genoeg nie, sy band nog nie stewig genoeg nie, as dit nie was dat Hy soos Hy sy goddelikheid aan ons verbind het, ook ons menslikheid aan sy goddelikheid sou verbind nie. So het Paulus Hom uitdruklik die mens genoem, aangesien hy Hom as Middelaar aan ons voorgestel het. "'n Middelaar", het hy gesê, "van God en die mensdom, die mens Jesus Christus" (1 Tim. 2:5). Hy kon gesê het 'God', hy kon gerus ook hierdie woord, soos die woord 'God', weggelaat het, maar hy het ons swakheid geken. Om te verhoed dat iemand hom sou kwel oor waar hy die Middelaar moet soek en hoe hy tot Hom kan kom, voeg hy dadelik by: "Hy is die mens". Net asof hy bedoel het: "Hy is naby julle" of, liewer, "Hy is bereikbaar; Hy is julle vlees".

Natuurlik wil hy aandui wat hy elders met groter duidelikheid uiteensit, naamlik dat ons nie 'n hoëpriester het wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, aangesien Hy net soos ons deur alle dinge versoek is, met uitsondering van die sonde (Hebr. 4:15).

Geen alledaagse gebeurtenis was dit wat deur die [126] Middelaar volbring moes word nie, naamlik om van mensekinders kinders van God te maak en van die erfgename van die verderf erfgename van die koninkryk van die hemele. Wie was hiertoe in staat as dit nie was dat die Seun van God Seun van die mens geword het en dit wat ons s'n was, Hom so toe te eien dat Hy wat aan Hom behoort het, aan ons oorgelewer het nie, en dit wat van nature aan Hom behoort het, deur die genade ook ons eiendom te maak?

Dit is dus ons hoop, naamlik dat ons kinders van God is, omdat die natuurlike Seun van God vir Hom 'n liggaam uit ons liggame, vlees uit ons vlees, geboorte uit ons gebeente geformeer het, sodat Hy een met ons kon wees. Wat aan ons behoort het, wou Hy tot sy eie maak, en wat aan Hom behoort het, het Hy tot ons eie gemaak om sodoende sowel Seun van God en Seun van die mens met ons gemeen te hê.

Dit is ons hoop dat die erfenis van die koninkryk van die hemele ons s'n mag wees, omdat die enige Seun van God, wie se volle erfenis dit was, ons as sy broers aangeneem het, omdat, as ons sy broers is, ons dus ook deelgenote in sy erfenis mag wees.

Daarbenewens was dit so ook in ons belang dat Hy wat ons Verlosser sou wees, waaragtig God en waaragtig mens moes wees. Dit was sy roeping om die dood te verswelg. Wie anders as die Lewe kon dit doen? Dit was sy roeping om die sonde te oorwin. Wie anders as juis die Geregtigheid kon dit doen? Wie anders is [127] voorts òf die Lewe òf die Geregtigheid as net God alleen? Die allergenadigste Here het Homself dus ons Verlosser gemaak, terwyl sy wil was dat ons verlos moes wees (Rom. 5:8).

Die tweede aspek van ons verlossing was dat die mens, wat deur sy ongehoorsaamheid homself verlore laat gaan het, sy beskaming met gehoorsaamheid uit die weg moes ruim om aan die geregtigheid van God te voldoen en vir sy sondes te boet. Gevolglik het ons Here as waaragtige mens verskyn. Hy het die persoon van Adam aangeneem, sy naam geneem om Homself vir die mens

gehoorsaam aan die Vader te betoon, om ons vlees tot genoegdoening vir die geregtigheid van God te stel, om in ons vlees die straf vir die sonde te betaal.

Die mense wat Christus dus òf sy goddelikheid òf sy menslikheid ontneem, belaster inderdaad sy majesteit of verduister sy goedheid, maar nie minder verswak en vernietig hulle ons geloof, wat sonder hierdie fondament nie staande kan bly nie.

Die Woord het dus vlees geword, en Hy wat God was, het terselfdertyd mens geword, sodat God en mens dieselfde kon wees, nie deur 'n vermenging van die wese nie maar deur die eenheid van die persone van God.

'n Begrip kan hiervan gevorm word na aanleiding van die voorbeeld van die mens van wie ons sien dat hy [128] uit twee dele saamgestel is. En tog is nie een van die twee op so 'n wyse vermeng dat elkeen nie die besondere eienskap van sy natuur behou nie. Want die siel is nie die liggaam nie en die liggaam nie die siel nie. En daarom word uitsluitlik van die siel gepraat wat hoegenaamd nie op die liggaam betrekking kan hê nie.

Aan die ander kant weer word oor die liggaam gepraat wat glad nie by die siel pas nie, en van die mens in sy geheel, wat nòg uitsluitlik in verband met die siel nòg in verband met die liggaam begryp kan word, behalwe as dit sinneloos is. Ten slotte word eienskappe van die siel na die liggaam oorgedra en eienskappe van die liggaam na die siel. En tog is iemand wat daaruit bestaan, net een mens en nie baie nie. Sulke uitdrukkings dui inderdaad enersyds aan dat daar net een natuur in die mens is wat uit verbonde eienskappe saamgestel is, en andersyds dat daaraan twee verskillende nature onderliggend is om hierdie persoon tot stand te bring.

So spreek die Skrifte ook van Christus. Soms gee dit aan Hom eienskappe wat in besonder na menslikheid behoort te verwys; soms weer eienskappe wat in besonder met sy goddelikheid ooreenstem, en dikwels eienskappe wat albei nature insluit maar met nie een van die twee in besonder ooreenstem nie. Kortom, hulle skryf enersyds sy deelgenootskap in die eienskappe aan sy goddelikheid toe wat eienskappe van sy menslikheid was, en andersyds skryf hulle eienskappe [129] aan sy menslikheid toe wat op sy goddelikheid betrekking gehad het.

Nie een hiervan staan my aan nie; maar daar is duidelike voorbeelde in die Skrifte. Wat Christus van Homself gesê het: "Voordat Abraham was, is Ek" (Joh. 8:53), was ver verwyder van sy menslikheid. Want Hy het nie 'mens' geword voor baie eeue na Abraham nie. Dit was dus 'n besondere eienskap van sy goddelikheid. Die feit dat Hy die slaaf van sy vader genoem word (Jes. 42:1), dat Hy in ouderdom en wysheid by God en die mense toegeneem het (Luk. 2:52), dat Hy nie sy eie roem gesoek het nie (Joh. 8:50), dit was eienskappe slegs van sy menslikheid. In soverre as wat Hy inderdaad God is, is hy gelyk aan sy Vader, en Hy kan in geen opsig toeneem nie; alles doen Hy dan uit Homself (Filip. 2:9). Dit was nie 'n besondere eienskap òf van sy goddelikheid òf van sy menslikheid nie maar tegelyk van albei dat Hy van die Vader die mag ontvang het om ons sondes te vergewe, dooies op te wek en as regter van die lewende en die dooies bestem is (Luk. 5:20; Joh. 5:21; 6:40; Hand. 10:42).

Want die Seun van God was bedeeld met voorregte van hierdie aard toe Hy in die vlees geopenbaar is, en dit het Hy nog van voor die grondlegging van die wêreld af saam met die Vader besit: aan 'n mens wat niks anders as blote mens was nie, kon dit nie gegee word nie. Daar is uiters baie voorbeelde van hierdie aard in die Evangelie van Johannes wat nòg sy goddelikheid nòg sy menslikheid pas, maar die Persoon van [130] Christus waarin God en die mens geopenbaar is, die heel beste pas.

In hierdie sin moet ook begryp word wat ons by Paulus lees, naamlik dat Christus die koninkryk aan sy God en Vader sal oorlewer (1 Kor. 15:24). Want die koninkryk van die Seun van God, wat geen begin gehad het nie, sal ook geen einde hê nie. Maar net soos Hy na sy vernedering met eer en heerlikheid gekroon is en oor alles aangestel is; en net soos Hy, nadat Hy Homself ontledig het en Homself tot die dood toe gehoorsaam aan die Vader oorgelewer het, verheerlik is en die Naam gekry

het waarvoor elke knie buig (Filip. 2:8), net so sal Hy sowel sy Naam as dit wat Hy van die Vader ontvang het, aan die Vader onderwerp, sodat God alles in almal mag word (1 Kor. 15:28).

Maar die deelgenootskap in karaktertrekke of eienskappe is dit waarvan Paulus sê dat God met sy bloed vir Hom 'n kerk verkry het (Hand. 20:28), en die Here van die heerlikheid gekruisig is (1 Kor. 2:8). Want God het volgens sy aard nie bloed nie, en Hy kan ook nie ly nie. Maar omdat Christus waaragtig God en waaragtig mens was en Hy gekruisig is en sy bloed vir ons vergiet het, word die dade wat in sy menslikheid volbring is, op sy goddelikheid oorgedra.

Verder, toe Christus gesê het dat niemand in die hemel opgevaar het behalwe die Seun van die mens wat in die hemel was nie (Joh. 3:13), was Hy sekerlik nie [131] in die hemel met daardie liggaam wat Hy aangeneem het nie. Maar omdat dieselfde wese sowel God op grond van die eenheid van sy nature as mens was, het Hy aan die een gegee wat aan die ander behoort het.

Ek behandel hierdie dinge met meer voorbeelde ter wille van die mense wat op geen wyse daartoe gebring kan word om in die een persoon van Christus die eienskappe van albei sy nature waar te neem nie. So bely hulle dat Christus God en mens en Seun van God is. Maar as jy volhardend daarop aandring, sal jy opmerk dat Hy deur hulle om geen ander rede God en Seun van God genoem word as bloot omdat Hy uit die Heilige Gees in die skoot van 'n maagd ontvang is nie. So het die Manicheërs ook vroeër onsin gepraat, naamlik dat die mens sy siel volgens oordrag van God het, omdat hulle gelees het dat God die asem van die lewe in hom ingeblaas het.

En ter verdediging van hulle dwaling argumenteer hulle rumoerig dat gesê word dat God sy eie Seun nie gespaar het nie; dat die engel voorgeskryf het dat juis Hy wat uit die maagd gebore sou word, die Seun van die Allerhoogste genoem moes word. Ons maak inderdaad ook nie twee Christusse nie; maar ons bely eenvoudig dat Hy wat die ewige Seun van God was, ons vlees aangeneem het. So word Hy een en dieselfde Christus, God en mens, maar met verenigde en nie vermengde nature nie. Om te verhoed dat hulle hulle tot hiertoe sou beroem op hulle ydele beswaar waarmee hulle stry, naamlik dat Christus slegs na sy menslikheid die Seun van God is, omdat dit Hy en nie iemand [132] anders is wat as mens uit die maagd gebore is en gely het en die Seun van God genoem word nie, laat hulle dan die spreekwyse van die Skrif aanleer na aanleiding van een stelling van 'n profeet waarin die Here soos volg spreek: "En jy, Betlehem Efrata, klein is jy onder die duisende van Juda; uit jou sal daar vir My gebore word 'n leier om my volk Israel te regeer, en sy uitgange is van die dae van die ewigheid af" (Miga 5:2). Hoor hulle dan nie dat die uitgang van juis die Christus wat in Betlehem gebore word, van die dae van die ewigheid af is nie?

En tog, as ons ons oë op daardie 'ewigheid van dae' rig, dan was Christus nog nie daar nie. Dit is wel waar, maar Hy was die Seun van God wat later Christus geword het. So sê die skrywer van die brief aan die Hebreërs: "In die laaste dae het God tot ons gespreek in sy geliefde Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het" (Hebr. 1:2). As die wêreld deur Hom gemaak is, moes Hy sekerlik sy Seun gewees het nog voordat Hy mens geword het. Ja, hieruit kan selfs afgelei word dat die Woord van God die Seun van God is. Want, soos Johannes gesê het, "deur die Woord is alles gemaak" (Joh. 1:3), en die apostel het gesê: "Seun van God" en "Seun van die mens" (Hebr. 1:2) – dat om dit te weerstrewe nie alleen 'n kenmerk van blindheid nie maar ook van halsstarrigheid sou wees.

In die eerste plek, wanneer hy sê dat Hy afgesonder is vir die evangelie van God wat Hy tevore deur sy [133] profete beloof het aangaande sy Seun, wat na die vlees uit die saad van Dawid voortgebring is en tot Seun van God in krag verklaar is, waarom sou Paulus dan uitdruklik aandui dat Hy na die vlees die Seun van Dawid is as dit nie was dat hy die bedoeling gehad het om te suggereer dat Hy nie na die vlees die Seun van God is nie. Elders het hy gesê: "Uit wie die Christus is na die vlees, en God is, geseënd tot in ewigheid" (Rom. 9:5). Of wil hulle 'n duideliker omskrywing hê as dat Christus die saad van Dawid na die vlees genoem word en verder dat Hy bo die vlees die Christus is, geseënd tot in ewigheid?

Verder wil ek hê dat getuig moet word dat die een Christus waaragtige God en mens is en dat sy goddelikheid nie hierdeur van sy menslikheid losgeskeur word nie maar wel daarvan onderskei word. Hierdie opvattings pas pragtig as dit maar net 'n verstandige uitlêer het wat sulke groot geheimenisse met die heiligheid wat daarby pas, behandel.

Maar daar is niks wat waansinniges en kranksinniges nie kan verwoes nie. Hulle gryp die eienskappe van sy menslikheid aan om sy goddelikheid op te hef en die eienskappe waarvan daar gesê word dat hulle so nou verbonde is dat hulle by nie een van die twee pas nie, om albei op te hef. Maar wat is dit anders as om nadruklik te verklaar dat Christus nie mens is nie, omdat Hy God is; dat hy nie God is nie, omdat Hy mens is; dat Hy nòg God nòg mens is, omdat hy terselfdertyd mens en God is?

[134] Met uitsondering daarvan dat Hy ook God is, het Christus dus mens geword toe Hy ware vlees aangeneem het. Soos Hy deur die stem van die Vader en hemelse godspraak genoem is (Luk. 1:30), so glo ook ons dat Hy waaragtig Jesus is, en dat hierdie Naam en geen ander nie, aan die mens gegee is sodat hy daarin gered kan word (Hand. 4:12). Ook glo ons dat Hy self Christus is, dit is dat Hy met al die genadegawes van die Heilige Gees wat daarom "die" genoem word (Ps. 45:7; 89:20) gesalf is, omdat ons daarsonder verdor en onvrugbaar wegkwyn.

En soos die Gees op Hom gerus het en Homself geheel en al oor Hom uitgestort het, dat ons almal ook so uit sy volheid mag ontvang, wie van ons ook al deur die geloof deelnemers en deelgenote van Hom is (Jes. 11:1; 61:1; Joh. 1:10); kortom, dat Hy deur sy salwing deur die Vader as Koning aangewys is om alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom te onderwerp (Ps. 2), sodat ons in Hom konings mag wees en mag oor die duiwel, die sonde, die dood en die doderyk mag hê (1 Petr. 2).

Ons glo verder dat Hy priester is om deur sy offerande die Vader met ons te versoen en met ons te verenig, sodat ons in Hom priesters mag wees en met Hom as borg en middelaar ons gebede, ons dade van dankbaarheid, ons self en ons alles aan die Vader kan aanbied (Open. 1:6; Ps. 110; Hebr. 5; 13:15). Gevolglik erken ons dat Hy ons enige Here is soos Hy deur die Vader oor ons gestel is.

[135] Ons glo dat Hy deur die wonderbaarlike en vir ons onuitspreeklike krag van die Heilige Gees as mens in die skoot van 'n heilige maagd ontvang is (Luk. 1:26; 2:17). Uit haar is Hy as 'n sterflike mens gebore om ons verlossing ter wille waarvan Hy gekom het, te volbring. Sy liggaam het Hy in die allerellendigste dood oorgegee en sy bloed het Hy as 'n losprys vergiet.

Verder het Hy onder Pontius Pilatus gely nadat Hy inderdaad volgens die uitspraak van die regter as 'n misdadiger en kwaaddoener tot die dood verdoem is, sodat ons deur sy verdoemenis voor die regbank van die allerhoogste Regter vrygespreek mag word.

Hy is gekruisig, sodat Hy in die kruis wat deur die wet van God vervloek was, ons vervloeking wat ons sondes verdien het, op Hom kon neem (Deut. 21:22; Gal. 3:10). Hy het gesterwe, sodat Hy deur sy dood die dood wat ons bedreig het, kon oorwin en dit kon verswelg waardeur ons verswelg moes word (Hosea 13:14; 1 Kor. 15:54).

Hy is begrawe, sodat ons deur sy genade van die sonde begrawe kan word, vry van die heerskappy van die duiwel en van die dood (Hebr. 2:14: Rom. 6). Dat Hy na die hel neergedaal het, dui aan dat Hy deur God gepla is en dat Hy die verskriklike hardheid van die oordeel van God gevoel het om vir die toorn van God in te staan en in ons naam aan sy geregtigheid te voldoen (Ps. 21; Jes. 53). So het Hy vir ons skulde [136] betaal en nie vir sy eie nie (want dit het Hy nooit gehad nie), maar vir ons ongeregtigheid het Hy geboet.

Maar tog moet dit nie so begryp word dat die Vader Hom ooit vir Hom vertoorn het nie. Want hoe sou Hy ooit toornig kon wees op sy geliefde Seun, in wie Hy 'n welbehae gehad het? (Matt. 3:17). Of hoe sou Hy die Vader met sy borgstelling kon versoen as die Vader Hom as 'n vyand beskou het? Maar daar word in die sin gesê dat Hy die las van die strengheid van God gedra het, aangesien Hy deur die hand van God getref en gekwel is en Hy al die tekens van die toorn en die straf van God

ervaar het, sodat Hy toe Hy deur benoudheid geknel is, gedwing is om uit te roep: "Vader, Vader, waarom het u my verlaat?" (Matt. 27:46).

Daar word inderdaad gesê dat Hy na die hel neergedaal het maar dat Hy nie na 'n bepaalde plek (waarvoor die woord 'rand' geskep is) verhuis het waar die vaders wat onder die Ou Verbond gelewe het as 't ware in 'n kerker gekluister gehou is en daar in kettings en gevangenisskap hulle verlossing afgewag het en dat Hy met geweld die poorte van die plek verbreek het om hulle daaruit te bevry nie. Want hoewel hierdie storie belangrike skrywers het en dit vandag ook nog ernstig deur baie verdedig word, is dit tog niks anders as net 'n storie nie. Die weergawe van Petrus behoort ook nie in die sin opgeneem te word wat die mense wat dit wil beweer, altyd aan ons opdring nie, naamlik "dat Christus by sy koms in die gees, vir [137] die geeste wat in die kerker was, gepreek het" (1 Petr. 3:19). Petrus se bedoeling hiermee was slegs dat die krag van die verlossing wat deur Christus verkry word, aan die geeste van die wat voor die tyd te sterwe gekom het, getoon en duidelik geopenbaar is. Want die gelowiges wat altyd hulle redding van Hom verwag het, het Hom toe met sy besoek duidelik van aangesig tot aangesig aanskou. Aan die ander kant het die goddelose mense te laat opgemerk dat Hy hulle enigste redding is en dat hulle daarvan uitgesluit is, en hulle het toe duideliker begryp dat daar vir hulle geen hoop meer oor is nie.

Maar die feit dat Petrus sonder onderskeid verklaar dat godvrugtige sowel as goddelose mense saam in die kerker was, moet nie so opgeneem word asof die godvrugtiges deur sekere kwellinge gebonde opgesluit is nie, maar hulle het Christus, wat nog nie aan hulle geopenbaar is nie, vaag en in wolkeduisternis van ver af gesien. Hy noem hierdie benouenis volgens 'n bepaalde stylfiguur 'n kerker.

Verder getuig die Skrif ook daarvan dat hulle toe in Abraham se skoot was (Luk. 16:22; Open. 6:7), soos hulle nou ook is; dit is in die rus en vrede wat vir hulle die begin van hulle geluksaligheid is. Want hulle besef dat hulle in God lewe en dat hulle onafskeibaar aan Hom kleef; uit hierdie besef put hulle uitnemende vertroosting vir en afwagting van die geluksalige opstandingsdag.

[138] Maar hoewel hierdie deeltjie in verband met sy neerdaling na die doderyk deur sommige mense weggelaat is, is dit tog allermins oortollig in soverre as wat dit die geheimenisse van die belangrikste dinge insluit.

Daarbenewens glo ons dat Hy op die derde dag uit die dood opgewek is, dit is uit dieselfde dood wat ander mense volgens die wet van die natuur sterwe; en dat Hy, waaragtig mens, weer tot die lewe opgestaan het maar nou nie meer sterflik nie en onbedorwe maar verheerlik deur die terugkeer van sy liggaam en gees. Ons glo dat die krag van sy wederopstanding so is dat ons daardeur van die dood van die sonde geregverdig tot hernuwing van die lewe en tot geregtigheid opgewek sal word (Rom. 6:4). Soos wat ons die sekerheid het, glo ons terselfdertyd dat alle mense wat dieselfde dood gesterwe het, eenmaal daaruit opgewek moet word. Want sy opstanding is die allersekerste geloof en bewys van die opstanding van die mens (1 Kor. 15:13; Hand. 1).

Ons glo dat Hy in die hemel opgevaar het en dat Hy deur sy hemelvaart die toegang tot die koninkryk van die hemele wat in Adam vir alle mense gesluit was (Joh. 14:1) vir ons oopgemaak het. Hy het inderdaad in ons vlees, asof in ons naam tot die hemel toegetree, sodat ons in Hom deur die hoop nou alreeds die hemel besit en in so 'n mate dat ons op die een of ander wyse tussen die hemelinge mag plaasneem (Hebr. 2:10; 13; Ef. 1:3; 2:6).

[139] Net so glo ons dat Hy net soos Hy in die vlees geopenbaar is, aan die regterhand van die Vader sit. Daardeur word aangedui dat Hy as Koning, Regter en Heer oor alle dinge aangewys en verklaar is, sonder die uitsondering van enige skepsel wat aan sy heerskappy nie onderworpe is nie, om ons deur sy krag met sy geestelike gawes te verryk. Hy maak ons dus heilig; Hy reinig ons van die vuilheid van die sondes, en so lank as wat ons ons na Hom uitstrek, stuur en lei Hy ons deur die dood, wat vir ons onvolmaaktheid die einde bring maar inderdaad vir ons geluksaligheid die begin wat ons in Hom sal verkry, sodat sy koninkryk en sy heerlikheid ons sterkte mag wees, ons krag en ons verheerliking

teen die doderyk.

En dat Hy nou by die Vader is, is ook nie sonder groot voordeel vir ons nie; ja, eerder is dit vir ons tot groot voordeel om vir ons toegang tot Hom te bied en die weg voor te berei; om ons vir Hom aan te bied en vir ons genade van Hom te verkry; om voortdurend as advokaat en middelaar ten behoewe van ons by Hom tussenbeide te tree (Rom. 8:26; 1 Joh. 2:1); om vir ons oortredinge as tussenganger by Hom op te tree en Hom voortdurend met ons te versoen.

Hoewel Hy dus in die hemel opgehef is, en die teenwoordigheid van sy liggaam van ons aanskouing weggeneem het, het Hy tog nie opgehou om die wat in Hom glo, met hulp en mag naby te wees en die geopenbaarde krag van sy teenwoordigheid aan ons te toon nie. Dit het Hy ook belowe en gesê: "Kyk, ek is met julle [140] tot by die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

Ten slotte glo ons dat Hy in sigbare gestalte van daar af sal neerdaal, net soos daar gesien is dat Hy daarheen opvaar (Hand. 1:11; Matt. 24:27), natuurlik op die laaste dag, waarop Hy terselfdertyd aan almal sal verskyn met die onuitspreeklike majesteit van sy koninkryk om die lewendes en die dooies te oordeel, dit is oor sowel die wat Hy op daardie dag nog lewend sal aantref, as oor die wat alreeds tevore deur die dood weggeneem is (1 Thes. 4:14; Matt. 16:27). En Hy sal aan almal hulle loon ooreenkomstig hulle werke gee, soos elkeen hom in sy werke gelowig of ongelowig bewys het.

Aangesien ons dus sien dat die eindtotaal van ons redding en al die dele daarvan in Christus saamgevat is, moet ons daarvoor sorg dra dat ons nie sou dink dat selfs die geringste deeltjie van ons redding elders geleë is nie. Want juis in Hom is al ons hemelse skatte verborge. Laat die mense wat dus met hulle volle verwagting van Hom afhanklik is, tot versadiging drink uit die bron waarin alles wat goed is, gesoek kan word. As al hierdie dinge wat hierin tevore beskrywe is, inderdaad sonder twyfel deur Hom aan ons gelewer word wat met 'n vaste geloof uit sy Woord daarop wag, sal ons inderdaad geen deel van enige goed kan ontbreek nie.

[141]

**DIE DERDE DEEL**

**EK GLO IN DIE HEILIGE GEES**

Hierin bely ons dat ons in die Heilige Gees glo maar dat dit saam met die Vader en die Seun ook God is, die derde persoon van die heilige Drie-eenheid, medebestanddeel en mede-ewig saam met die Vader en die Seun, Almagtig en Skepper van alle dinge. Want soos gesê is, is daar drie onderskeie persone maar net een wese. En in soverre dit diep verborge geheimenisse is, moet dit heilig geag eerder as ondersoek word, aangesien dit na die metode of maat nòg van ons verstand nòg van ons tong ondersoek behoort te word of ondersoek kan word. Daarom, soos ons al ons vertroue in God die Vader en in sy enige Seun gevestig het, moet ons dit ook so in die Heilige Gees hê. Saam met die Vader en die Seun is die Heilige Gees inderdaad ons enige God. Ons is daarvan oortuig dat daar geen ander gids en leier na die Vader is as die Heilige Gees nie, net soos daar geen ander weg as Christus is nie; dat daar vir ons geen genade van God is anders as deur die Heilige Gees nie, aangesien juis die genade die krag en werking van die Gees is. Daardeur verrig God die Vader in sy Seun watter goed daar ook al bestaan. Daardeur handel Hy en daardeur onderhou Hy alle dinge en maak dit kragtig en lewend. Daardeur regverdig, heilig en reinig hy ons; daardeur roep en trek Hy ons na Hom toe, sodat ons redding kan verkry (Rom. 8; Ef. 2:18; 1 Kor. 12:1).

[142] Terwyl die Heilige Gees op hierdie wyse in ons woon, verlig Hy ons met sy lig, sodat ons daardeur kan leer en duidelik te wete kan kom hoe 'n geweldige rykdom van goddelike goedheid ons in Christus besit (1 Kor. 2:10; 2 Kor. 13). Dit steek ons harte aan die brand met 'n vuur van liefde vir God sowel as vir ons naaste; dag vir dag kook en brand dit die gebreke van ons begeerte uit (Rom. 8), sodat, as daar in ons enige goeie werk is, dit die vrug en die kragte van juis sy genade is. Maar daarsonder is ons bruidskat duisternis van verstand en bedorwenheid van hart (Gal. 5:19).

En al hierdie gawes is weliswaar nie van enige plig of verdienste van ons kant afhanklik nie, maar dit

word vrylik en verniet deur die mildheid van God aan ons geskenk. Gevolglik glo ons in die Heilige Gees en erken Hom saam met die Vader en die Seun as ons enige God, en ons hou Hom vir seker en bestendig, omdat ons die heilige Woord van die evangelie gehoor het, omdat ons dit in geloof ontvang het en omdat ons nou in die geloof volhard. Die werk daarvan, herhaal ek, is verniet, sodat niks aan ons verdienstes toegeskrywe mag word nie. Aangesien dit eweveel met al die gelowiges gebeur, behoort dit ook die geloof van almal te wees.

[143]

**DIE VIERDE DEEL**

**EK GLO IN 'N HEILIGE ALGEMENE KERK, DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES, DIE VERGEWING VAN SONDES, DIE WEEROPSTANDING VAN DIE VLEES EN 'N EWIGE LEWE**

In die eerste plek glo ons in 'n heilige algemene kerk. Dit beteken die eindtotaal van uitverkorenes, of hulle nou ook al engele of mense is (Ef. 1:9: Kol. 1:16); van die mense, of hulle nou ook al gestorwe is en of hulle nog lewe; van die lewendes, in watter lande hulle ook al lewe of onder watter volkere hulle ook al versprei is – dat dit een kerk en gemeenskap, een volk van God is. Daarvan is Christus, ons Here, die leier en die regeerder en as 't ware die hoof van die een liggaam, in soverre hulle deur goddelike goedheid van voor die grondlegging van die wêreld af in Hom uitverkies is, sodat hulle almal in die koninkryk van God versamel kan word.

Maar die gemeenskap is algemeen: dit beteken universeel, omdat daar nie twee of drie kerke te vinde mag wees nie. Maar die uitverkorenes van God word almal in Christus so verenig en saamgevoeg dat soos hulle van een Hoof afhanklik is, hulle so ook in die een liggaam groei (Ef. 4:16) en so as die lede van dieselfde liggaam aan mekaar verbonde is (Rom. 12:5; 1 Kor. 10:17; 12:12). Hulle word een liggaam, omdat hulle saam in een geloof, hoop en liefde en in dieselfde gees van God lewe, geroepe tot dieselfde erfenis van 'n ewige lewe.

[144] Dit ook heilig, omdat soveel mense as wat deur die ewige voorsienigheid van God uitverkies is om as lede van sy kerk opgeneem te word, almal deur die Here heilig gemaak word (Joh. 17:17; Ef. 5:25).

En inderdaad word hierdie ordening van die genade van God vir ons deur Paulus beskrywe (Rom. 8:30), naamlik dat Hy dié wat Hy uit die mense uitkies, na Hom toe roep, en dié wat Hy geroep het, maak Hy regverdig, en die wat Hy regverdig gemaak het, sal Hy verheerlik. Hy roep wanneer Hy wat syne is, na Hom toe trek en betoon dat Hy deur hulle as God en Vader erken word. Hy maak hulle regverdig wanneer Hy hulle met die geregtigheid van Christus beklee, sodat hulle ooreenkomstig sy volmaaktheid daarmee toegerus kan word en hulle hulle onvolmaaktheid kan bedek.

En Hy verkwik met die seëninge van sy Heilige Gees die mense wat van dag tot dag van die verdorwenheid van hulle vlees gereinig word en tot 'n nuwe lewe weergebore word totdat hulle volkome heilig en onbevlek voor sy aangesig mag verskyn. Hy sal hulle verheerlik wanneer die majesteit van sy koninkryk in almal en deur alles geopenbaar is.

Wanneer die Here dus die mense wat aan Hom behoort, na Hom toe roep, regverdig maak en verheerlik, dan maak Hy daarmee niks anders duidelik nie as sy ewige uitverkiesing, waarvoor Hy hulle bestem het nog voordat hulle gehore was. Daarom sal niemand wat nie op hierdie wyse geroep en regverdig gemaak is, ooit die [145] heerlikheid van die hemelse koninkryk betree nie, aangesien die Here sonder uitsondering op hierdie wyse sy uitverkiesing aan al die mense wat Hy uitverkies het, bekend stel en openbaar.

Dikwels wanneer die Skrif hom by ons verstand aanpas, maak dit nie van die uitverkiesing van God anders melding as wat alreeds deur die roeping en regverdigmaking geopenbaar is nie. Die rede daarvoor is dat Hy dikwels onder die volk van God ook die mense tel in wie God sy kragte gewerk het hoewel hulle nie uitverkies was nie. Aan die ander kant sou Hy mense wat wel uitverkies is, nie

onder die volk van God inreken nie, omdat hulle nog nie as sodanig verklaar is nie (Hosea 2:23; Rom. 9:11; 10; 11:7). Want hier het Paulus nie die oog op een onveranderlike voorsienigheid van God nie, maar hy beskrywe die kinders van God sodanig dat hulle deur ons herken kan word, naamlik die wat deur die Gees van God gelei word.

Maar aangesien die kerk die volk van uitverkorenes van God is (Joh. 10:28), is dit nie moontlik dat die wat waaragtig lede daarvan is, uiteindelik te gronde sou gaan of met 'n slegte einde die verderf sou instort nie. Want hulle redding berus op so 'n gewisse en vaste basis, dat, selfs al sou die hele struktuur van die wêreld aan die wankel gaan, dit nie ineen sou kon stort of sou vergaan nie.

In die eerste plek bly dit staande deur die [146] uitverkiesing van God, en net so min as daardie ewige wysheid kan dit verander of gebrekkig wees. Hulle kan dus struikel en weifel en selfs val, maar hulle verkeer nie in konflik nie, omdat God sy hand op hulle plaas. Dit is wat Paulus sê, naamlik dat die gawes en roeping van God sonder berou is (Rom. 11:29).

Voorts het die Here die wat Hy uitverkies het, aan Christus, sy Seun, in die geloof en in sy bewaking oorgelewer dat Hy nie een van hulle verlore moet laat gaan nie maar dat Hy hulle almal op die laaste dag mag opwek (Joh. 6:39). Onder so 'n goeie bewaker kan hulle dwaal en wankel, maar verlore kan hulle gewis nie gaan nie.

Daarbenewens moes dit so verorden wees dat daar van die grondlegging van die wêreld af geen tydstip sou wees waarin die Here nie sy kerk op die aarde sou hê nie, en dat daar tot by die voleinding van die wêreld geen tyd sal wees waarin Hy dit nie sou hê nie, soos Hy self belowe (Joël 3:10; Ps. 89:27; 132:12). Want hoewel die mensdom dadelik van die begin af deur die sonde van Adam bederf en geskend is, heilig Hy tog uit hierdie besoedelde massa sekere houers tot eer, sodat daar geen leeftyd is wat nie sy barmhartigheid ervaar nie (2 Tim. 2:20).

Ten slotte moet ons so aan die kerk glo dat ons in die vertroue op die getrouheid van die goddelike goedheid daarvan verseker moet wees dat ook ons daaruit bestaan en saam met die res van die uitverkorenes [147] van God, saam met wie ons geroep en reeds ten dele geregverdig is, daarop moet vertrou dat ons volmaak geregverdig en verheerlik sal word.

Inderdaad kan ons die onbegryplike wysheid van God nie begryp nie, en ook is dit nie ons plig om dit te ondersoek sodat dit vir ons duidelik kan wees wie volgens sy ewige raadsplan uitverkies is en wie verwerp is nie (Rom. 11:1-36). Inderdaad het ons geloof, wat oorvloediglik seker gemaak word deur hierdie belofte, naamlik dat God die wat sy eniggebore Seun erken het, as sy kinders sal erken, ook nie 'n behoefte daaraan nie. Wie het so 'n skaamtelose begeerte dat hy, nie tevrede daarmee om 'n kind van God te wees nie, nog verder na iets sou soek?

Wanneer ons dus net in Christus die goedgunstigheid van God die Vader jeens ons gevind het, en ook die lewe, ons verlossing en ten slotte die koninkryk van die hemele, dan behoort Hy alleen vir ons genoeg en meer as genoeg te wees. Want ons moet daaraan gedagtig wees dat hoegenaamd niks ons sal ontbreek wat Hy tot ons verlossing en voordeel kan beskou as Hy aan ons behoort nie; verder dat Hy inderdaad ons s'n word, asook alles wat aan Hom behoort, as ons met 'n vaste geloof in Hom berus, as ons in Hom berusting vind en as ons in Hom ons redding, ons lewe – kortom, alles wat aan ons behoort, stel; as ons met sekerheid verwag dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Want met gewillige hande bied Hy Hom vir ons aan; laat ons Hom maar net in die geloof aanneem.

[148] Maar die wat met Christus nie tevrede is nie en hulle inspan om die geheimenis dieper binne te dring, verwek die toorn van God teen hulle, en omdat hulle in die diepte van sy majesteit inbars, kan hulle nie anders as om deur sy heerlikheid vernietig te word nie (Spr. 25:2). Want aangesien Christus ons Here is, en dit Hy is in wie die Vader van ewigheid af die mense wat Hy as sy eie wou uitverkies het en wat Hy in die kudde van sy kerk ingebring wou hê, het ons daarvan duidelik genoeg getuienis dat ook ons uitverkorenes van God is en dat ons deel van sy kerk is as ons aan Christus deel het. Aangesien dieselfde Christus die onwrikbare en onveranderlike waarheid van die Vader is, moet ons glad nie daaraan twyfel dat sy woord waaragtig aan ons die wil van die Vader meedeel soos wat dit

van die begin af was en altyd sal wees nie (Joh. 1:1; 14:7).

Aangesien ons Christus en alles wat aan Hom behoort, dus deur die geloof besit, moet ons onwrikbaar bepaal dat, soos Hy self die geliefde Seun van die Vader en erfgenaam van die koninkryk van die hemele is, ons ook net so deur Hom tot kinders van God aangeneem is en net so sy broers en deelgenote is, dat ons ook deelgenote van dieselfde erfenis is en dat ons daarom ook daarvan seker is dat ons onder die mense is wat die Here van ewigheid af uitverkies het en altyd sal beskerm en nooit sal toelaat dat hulle verlore gaan nie (Rom. 8:31).

Andersins sou ons geloof aan die algemene kerk [149] tevergeefs en vrugteloos wees as elkeen nie sou glo dat hy 'n lid daarvan is nie. Verder is dit nie ons taak om met sekerheid oor ander te bepaal of hulle lede van die kerk is nie, en ook nie om onderskeid tussen uitverkorenes en verwerptes te maak nie, want dit is God se besondere voorreg om te weet wie aan Hom behoort, soos Paulus ook getuig (2 Tim. 2:19). En om te verhoed dat die mens se onbesonnenheid hom te buite gaan, word ons elke dag deur gebeure vermaan hoe ver die oordele van God ons sinne te bowe gaan. Want sowel die wat gelyk het asof hulle die mees bedorwe mense is, as die wat as hopeloos verlore beskou word, word deur sy goedheid op die pad teruggeroep, en die mense wat skynbaar voor ander gestaan het, stort dikwels neer. Die oë van God alleen sien wie tot op die einde sal volhard (Matt. 24:13), en dit is per slot van rekening die kern van ons verlossing.

Maar uit die feit dat Christus verklaar het dat wat die bedienaars van sy Woord op die aarde ontbind of bind (Matt. 16:19), dit ook in die hemel ontbonde of gebonde is, volg dit nie dat deur ons waargeneem kan word wie deel van die kerk en wie daarenteen vreemd is nie. Want met hierdie belofte wou Hy nie aan ons 'n uitwendige keursteen gee om vir ons die gebondenes en die ontbondenes openlik aan te dui en voor oë te stel nie, maar Hy wou slegs aandui dat die mense wat die belofte van die evangelie waarvolgens Christus tot 'n verlossing en vrymaking op die aarde aangebied word, dit is in hierdie lewe deur die mens vir homself bepaal, gehoor en in geloof [150] aanvaar is, dat hulle, herhaal ek, in die hemel, dit is voor die aangesig van God en sy oordeel, waarlik ontbind en vrygemaak is. Maar teen die mense wat dit verwerp en minag, is daarvolgens die getuienis dat hulle in die hemel voor die aangesig van God in hulle kettings en daarom ook in hulle verdoemenis moet bly.

Maar hoewel die uitverkorenes nie met geloofsekerheid deur ons herken kan word nie, beskrywe die Skrif tog vir ons bepaalde vaste tekens, soos tevore gesê is, waarvolgens ons die uitverkore kinders van God van verwerpte vreemdelinge kan onderskei in soverre as wat dit sy wil is dat hulle deur ons herken moet word: volgens die een of ander oordeel van liefde moet al die mense as uitverkorenes en lede van die kerk beskou word wat sowel in geloofsbelydenis as voorbeeld van lewe en deelname aan die sakramente dieselfde God en Christus as ons bely, selfs al sou daar 'n mate van onvolmaaktheid in hulle sedes aanwesig wees – aangesien hier tog geen volmaakte mens te sien is nie – mits hulle hulle nie te veel in hulle gebreke verheug en vlei nie. En oor hulle moet ons die goeie hoop koester dat hulle onder leiding van God altyd beter vordering sal maak, totdat hulle, van alle onvolmaaktheid gestroop, die ewige geluksaligheid van die uitverkorenes bereik.

Want met hierdie tekens en aanwysings omskryf die Skrif vir ons die uitverkorenes van God, die kinders van God, die volk van God en die kerk van God soos [151] dit deur ons begryp kan word. Maar die mense wat òf nie met ons in dieselfde belydenis saamstem nie, òf selfs al het hulle dieselfde belydenis op hulle lippe, tog die God wat hulle met die mond bely, in hulle werke loën – soos mense wat ons sien: boos en bedorwe in hulle hele lewe, dronk van die genieting van die sonde en sonder bekommernisse oor hulle boosheid – met hierdie eienskappe toon almal van hierdie aard dat hulle nie tans lidmate van die kerk is nie.

Hiervoor is die ban ingestel, sodat hulle die vergadering van die gelowiges ontsê kan word en sodat die mense daaruit verban kan word wat valslik die geloof in Christus voorgee, maar as gevolg van die boosheid van hulle lewe en die onbeteuelde willekeur van die sonde, is hulle niks anders as 'n skande vir die kerk nie (daarom is hulle onwaardig om in die Naam van Christus te roem (1 Kor. 5:1;

Matt. 18:15; 1 Tim. 1)). Die tug bestaan in die eerste plek om te verhoed dat hulle tot 'n versmading van God onder die Christene vermeld word net asof sy heilige kerk 'n sameswering van boosdoeners en openbare onregskapenes sou word; in die tweede plek om te verhoed dat hulle ook ander as gevolg van hulle herhaalde omgang met die voorbeeld van hulle bedorwe lewe sou bederf, en in die laaste plek dat hulle, deur hulle skaamtegevoel verleë, berou kan begin toon vir hulle skande en dat hulle uit die berou uiteindelik kan leer om weer wys te word.

Oor sulke mense kan ons weliswaar oordeel dat hulle [152] tydelik van die kerk vervreemd is, in soverre as wat dit ons gegun word om so te onderskei en volgens die maatstaf van die kennis waarvan ons melding gemaak het. Maar tog moet ons nie so aan hulle wanhoop asof hulle buite God se hand verwerp is nie. En dit is volstrek ongeoorloof om hoegenaamd enigiemand uit die getal van uitverkorenes te skrap of aan hom te wanhoop asof hy alreeds verlore is, behalwe as dit miskien vas en seker is dat hy alreeds deur die Woord van God verdoem is, byvoorbeeld as iemand met opset en vasbeslote kwaadwilligheid die waarheid aanval om die evangelie te verwoes, die Naam van God uit te wis en die Heilige Gees te weerstaan.

Want oor hulle is alreeds 'n oordeel uit die mond van God uitgespreek toe Hy gesê het dat sonde teen die Heilige Gees nie vergewe word nie, nie in hierdie lewe of in die toekoms nie (Matt. 12:32). Dit kan maar slegs selde deur ons aangevoel word (as dit selfs ooit moontlik is), sodat dit 'n verstandiger plan sou wees om vir die oordeelsdag te wag en God se oordeel nie onbesonne vooruit te loop nie (Hebr. 6:6; 10:26; Joh. 5:28; 1 Kor. 4:3).

Laat ons vir ons nie meer vryheid in oordeel toe-eien nie, behalwe as ons God se mag wil beperk en aan sy barmhartigheid 'n wet wil voorskryf. So dikwels as wat dit Hom behaag, verander die slegste mense in die heel beste mense, vervreemdes word die kerk ingebring en vreemdelinge daarin opgeneem om sodoende die mense se opvatting tot 'n bespotting te [153] maak en hulle onbesonnenheid te temper, sodat hulle nie moet waag om vir hulle 'n groter reg tot oordeel as wat hulle pas, toe te eien nie. Eerder moet ons ons daarvoor beywer dat die een so goed as wat dit maar moontlik is, met wedersydse eerlikheid oor die ander oordeel. Laat ons die een die ander se dade en woorde beurtelings in hulle guns aanvaar en laat ons dit nie, soos agterdogtiges die gewoonte het (Matt. 7:1; Rom. 12:9; 14:13; 1 Thes. 5:15; Hebr. 12:14), verkeerd en ongunstig verdraai nie. Maar as sommige mense nog so verwronge is dat hulle ander nie toelaat om ten goede oor hulle te oordeel nie, laat ons hulle dan in die hand van God toevertrou en aan sy goedheid oorlaat en hoop op beter optrede van hulle as wat ons sien. Want so sal dit gebeur dat ons vrede en liefde voed as ons mekaar met wedersydse billikheid en geduld verdra en dat ons ons nie met 'n duisternis van dwalinge bedek as ons halsstarrig in die meer verborge oordele van God inbars nie. Om dit in een woord uiteen te sit: laat ons die persoon self wat in die hand en die oordeel van God is, nie die doodvonnis oplê nie, maar laat ons die aard van elkeen se werke beoordeel na die wet van God, wat die maatstaf van die goeie en die verkeerde is.

In hierdie sin moet die kerklike ban opgeneem word: nie die ban waarmee mense wat voor die aangesig van hulle medemens uit die kudde van die kerk verstoot word, van die hoop op redding uitgewerp word nie, maar die ban waarmee hulle slegs gekasty word totdat [154] hulle van die skandvlekke van hulle vroeëre lewe na die pad terugkeer – soos Paulus skrywe dat hy 'n mens aan die Satan in die vleeslike dood oorgelewer het sodat sy gees op die dag van die Here gered mag word (1 Kor. 5:5; 2 Thess. 3:14), dit beteken, soos ek dit verklaar, dat hy hom tydelik verdoem het, sodat hy tot in ewigheid gered mag word.

Hoewel dit ons dus volgens kerklike dissipline nie geoorloof is om op vriendskaplike voet te verkeer of intieme omgang te hou met uitgewekenes nie, behoort ons ons tog op elke moontlike wyse, met aansporing en onderwysing of barmhartigheid en vriendelikheid of met ons gebede tot God, daarvoor te beywer dat hulle na die gemeenskap en eenheid van die kerk moet terugkeer. En nie alleen hulle moet so behandel word nie maar ook Turke en Sarasene en al die ander vyande van die godsdiens.

Laat dit ver van ons wees dat ons die metodes goedkeur waarvolgens baie mense probeer het om hulle na ons geloof terug te dryf deur water en vuur en die gemeenskaplike lewensmiddele te ontsê, wanneer hulle hulle alle menslike liefdesdienste weier en hulle met die swaard en wapens vervolg.

Maar terwyl die oordeel van God vir ons nou nog onseker is, en hoewel dit ons nie geoorloof is om een vir een te oordeel wat aan die kerk behoort of nie, moet daar by ons hoegenaamd geen twyfel daaroor bestaan dat daar 'n kerk van God bestaan waar ons sien [155] dat die Woord van God opreg verkondig en aangehoor en waar die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word nie. Want sy belofte kan nie faal nie: "Waar twee of drie ook al in my Naam vergader is, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20).

Maar 'n gewisser of selfs 'n ander kennis oor die kerk van God op aarde kan nie bestaan nie, en ook kan op geen ander wyse onderskei word wie daaraan behoort of nie. Ja, selfs geen begrip hiervan kan anders as deur die geloof gevorm word nie. Juis dit bedoel ons wanneer ons sê dat ons daaraan glo. Want die dinge wat nie met die naakte oog gesien kan word nie, word geglo. Hieruit word dit duidelik dat dit nie 'n vleeslike voorwerp is wat aan ons sintuiglike ervaring onderwerp of tot 'n bepaalde ruimte beperk of op 'n bepaalde plek vasgepen behoort te word nie.

Net so glo ons aan die gemeenskap van die heiliges. Dit beteken dat daar in die algemene kerk vir al die uitverkorenes wat God almal saam in ware geloof aanbid, wedersydse gemeenskap en deelname aan al sy gawes is. Daardeur word nie ontken dat elkeen afsonderlik sy eie genadegawes het nie – soos Paulus ons leer dat die gawes van die Gees verdeel en onderskeidelik versprei is (1 Kor. 12:4-11) -, maar nie sonder dat elkeen behoorlik en ordelik sy eie behou wat hy volgens die grondwet van die staat besit nie, aangesien dit volgens beginsels van hierdie wêreld noodsaaklik is dat daar onder mense onderskeie besittings moet wees. Maar die gemeenskap van gelowiges het [156] ten doel om al sulke gawes sowel van die gees as van die liggaam, in soverre dit billik is en soveel as wat die behoefte dit vereis, milddadig en met verskuldigde liefde onder mekaar te verdeel.

In van die gawes van God wat een mens ook al te beurt val, word almal inderdaad deelgenote, hoewel dit volgens die ordening van God in besonder aan een mens gegee is en nie aan ander nie (Rom. 12:4; 1 Kor. 12:12). Net soos die ledemate van een liggaam volgens die een of ander mededeelsaamheid aan alles deel het, het hulle elkeen nietemin sy eie besondere gawes en onderskeie funksies, want, soos gesê is, is hulle almal in een liggaam versamel en saamgevoeg – dit is die algemene kerk, die verborge liggaam van Christus (Ef. 1:22).

So het ons in die voorafgaande hoofstuk getuig dat ons aan die kerk glo. Hierdeur verklaar ons waaragtig wat juis die aard is van dit waaraan ons glo. En tog weet ek inderdaad dat hierdie onderwerp deur sommiges agterweë gelaat word en deur ander in 'n ander sin verklaar word, maar ek het dit na die beste van my geloof uitgelê.

Ons glo in die vergiffenis van sondes. Dit beteken dat vergiffenis van sondes en genade deur goddelike milddadigheid en deur die tussenkoms van die verdienste van Christus vir ons bewerk word wat in die liggaam van die kerk ingelyf en ingeënt is, maar dat geen vergiffenis van sondes van elders of op 'n ander [157] wyse of aan ander gegun word nie (Hand. 10:43; 1 Joh. 2:1; Jes. 33). Want buite hierdie kerk en hierdie gemeenskap van die heiliges is daar geen verlossing nie. Voorts is die kerk juis op hierdie vergiffenis van sondes gegrond en daarop berus dit, en hierop steun dit soos op 'n fondament (Hosea 2). Want die vergiffenis van sondes is die weg waarlangs ons tot God kan nader, en die wyse waarop Hy met ons versoen word. Daarom open dit alleen vir ons die toetrede tot die kerk, wat die stad van God is en die tabernakel wat die Allerhoogste vir Hom tot 'n woning geheilig het, en daarin hou en beskerm Hy ons (Ps. 46:4 [Ps. 46:5]; 87:1; 1 Tim. 3:1).

Hierdie vergiffenis ontvang die gelowiges wanneer hulle deur die skuldbesef van hulle sondes terneergedruk, terneergeslae en verward is; wanneer hulle deur die ervaring van die goddelike oordeel getref word, 'n mishae in hulleself het en as 't ware onder die swaar las daarvan versugtinge slaak en worstel en deur hierdie haat van die sonde en die verwarring van hulleself hulle vlees en

alles wat daaruit voorspruit, afsterwe.

En namate hulle hierdie berou voortdurend najaag (want so hoort dit) en so lank as wat hulle in die kerker van hulle liggaam inwoon, verkry hulle voortdurend by herhaling die vergiffenis, nie omdat hulle berou enige verdienste sou hê nie maar omdat die Here dit goedgevind het om Hom volgens hierdie orde aan die mensdom te openbaar, sodat hulle, wanneer [158] hulle hulle deur die kennis van hulle armoede van alle hovaardigheid gestroop het, hulleself geheel en al verwerp het en hulle vir hulleself duidelik waardeloos geword het, dan uiteindelik kan begin om die soetheid van die medelye wat Hy in Christus aan hulle voorhou, te smaak. En wanneer hulle dit ontvang, kan hulle weer asemhaal en vertroos word en met sekerheid in Christus vir hulleself vergiffenis van hulle sondes en 'n geluksalige verlossing belowe. Aan die ander kant verkry die mense wat nie met hierdie trappe na God ywer nie, nooit hierdie vergiffenis van sondes, wat die spil van hulle verlossing is nie (Luk. 16:15-26). Al sou hulle in die glansende voortreflikheid van hulle werke sterk wees, selfs tot op die punt van 'n wonderwerk, verfoei God tog al hulle Woorde, hulle dade en hulle oordenkinge, en dit nog des te meer namate hulle hulle medemens, wie se oë dikwels deur die ydel glans van hulle werke vasgevang word, met 'n skyn van heiligheid bedrieg.

Ons glo aan die weeropstanding van die vlees. Dit beteken dat al die liggame van mense eenmaal uit bedorwenheid tot onbedorwenheid, uit sterflikheid tot onsterflikheid opgewek sal word (1 Kor. 15:20; 1 Thes. 4:13; Hand. 23:6-9). En selfs die mense wat tevore gesterwe het, sal hulle vlees terugontvang, of hulle nou ook al deur wurms opgevreet of in die aarde vergaan het of tot as gemaak is of op watter wyse ook al verstrooi is (Joh. 5:28).

Die wat inderdaad dan nog lewend gevind word, sal ook [159] die bedorwenheid van hulle vlees aflê; hulle sal almal met 'n plotselinge verandering tot 'n onsterflike natuur oorgaan – die godvrugtiges tot die heerlikheid van die lewe en die vervloektes tot die verdoemenis van die dood (Matt. 25:31-40).

Ten slotte glo ons aan die ewige lewe. Dit beteken dat die Here die wat aan Hom behoort, na liggaam en siel verheerlik, in die geluksaligheid sal opneem, wat heeltemal buite die beskikking van verandering of bedorwenheid sonder perk sal voortduur. En dit sal die waaragtige en vaste vervolmaking tot die lewe, die lig en die geregtigheid wees, wanneer ons onlosmaaklik God sal aanklewe, wat soos 'n onuitputlike fontein die volheid van dinge in Hom hou (1 Kor. 15:28).

Die geluksaligheid sal inderdaad die koninkryk van God wees, vol van alle klaarheid, blydskap, krag en geluk – dinge nou ver verwyderd van die sinne van die mens, waarvan, soos Paulus gesê het, nog geen oor gehoor, geen oog gesien en wat geen verstand waargeneem het nie (1 Kor. 2:9).

Maar aan die ander kant sal die goddelose en bose mense wat God nie met 'n opregte geloof gesoek en aanbid het nie, omdat hulle geen deel in God en sy ryk sal hê nie, saam met die duiwels in die ewige dood gewerp word, om buite alle blydskap, krag en al die ander seëninge van die hemelse koninkryk, verdoem tot die ewige duisternis en ewige foltering [160] (Matt. 8:12; 22:13), deur 'n onsterflike wurm gevreet (Jes. 66:24) en deur 'n onblusbare vuur verteer te word (Markus 9:43; Jes. 66:24).

En so betaam dit ons inderdaad om aan die gemeenskap van die heiliges, die vergiffenis van sondes, die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe te glo, dat ons in die vertroue op die goedheid van God daarvan verseker kan wees dat dit alles met ons saam met al die heiliges sal gebeur.

Om aan te dui hoe seker en onwrikbaar die waaragtigheid van al die dinge is, en sodat almal hulle met hierdie geloof kan versterk wanneer elkeen vir homself die Here as sy God en Christus as sy Verlosser beskou en die weeropstanding van die vlees en die ewige lewe verwag, word die hele belydenis afgesluit met die woord 'Amen', wat 'n teken van bewese sekerheid is.

Waar die lewende geloof dan nou ook al is, waarvan ons tevore aangedui het dat dit in die vertroue in een God en Christus bestaan, kan dit beslis geen onbenullige aangeleentheid wees dat dit in die geselskap van hoop en liefde is nie (1 Kor. 13:13). As dit geheel en al ontbreek, en al sou ons ook hoe

welsprekend en smaakvol oor die geloof praat, word daardeur bewys dat ons niks het nie – nie omdat die geloof uit hoop of liefde in ons ontstaan nie, maar omdat dit hoegenaamd nie anders kan as dat hoop en liefde altyd op geloof volg nie.

[161] Want om die stelling eers in verband met hoop te bewys: As die geloof dan, soos ons gehoor het, 'n vaste oortuiging van die waarheid van God is, wat ons nie kan mislei of bedrieg of verbitter nie, dan verwag die mense wat die sekerheid gegryp het, dat God dadelik sy beloftes gestand moet doen, aangesien dit na hulle mening nie anders as waaragtig kan wees nie. Samevattend, dus, is hoop niks anders as die verwagting van die dinge waarvan die geloof glo dat dit waaragtig deur God belowe is nie.

So glo die geloof dat God waaragtig is; die hoop verwag dat Hy op 'n bepaalde tydstip sy waaragtigheid moet toon; die geloof glo dat Hy ons Vader is; die hoop verwag dat Hy altyd so teenoor ons sal optree. Die geloof glo dat die ewige lewe aan ons gegee is; die hoop verwag dat dit een of ander tyd geopenbaar moet word. Geloof is die fondament waarop hoop steun. Hoop voed en onderhou die geloof. Want soos niemand iets van God kan verwag tensy hy tevore aan God se beloftes geglo het nie, net so behoort ons aan die ander kant deur geduldig te hoop en te verwag die swakheid van ons geloof te onderhou en te koester, om te verhoed dat dit ineenstort asof dit uitgeput is.

Die bewys in verband met die liefde is ewe duidelik, want aangesien die geloof Christus insluit soos Hy deur die Vader aan ons gebied word, is Hy inderdaad nie alleen vergiffenis, geregtigheid, vrede en versoening by die Vader nie maar ook heiligmaking en [162] die fontein van die lewende water. Ongetwyfeld vind die mens in Hom die liefde wat die geskenk en vrug van die Heilige Gees en die werking van sy heiligmaking is (Gal. 5:13). Kyk maar hoe hoop en liefde albei saam uit die geloof ontstaan en te voorskyn tree en hoe hulle albei met 'n onskeibare band daaraan verbind en vasgeheg is.

En tog moet ons nie oor liefde dieselfde opvatting vorm as wat ons so pas in verband met hoop geleer het nie, naamlik dat geloof daardeur gevoed, bewaar en bestendig word nie. Dit is inderdaad 'n eienskap van hoop dat dit die geloof bedwing, terwyl dit in stilte en geduld op die Here wag, om nie te haastig voort te snel nie; ook bestendig dit die geloof sodat dit nie oor die geloof in die beloftes van God moet wankel of weifel nie.

Maar heel anders is die aard van die liefde, wat niks hieraan gelyk het nie. Sommige mense het die gewoonte om aan ons Paulus se woorde op te dring, naamlik dat as iemand al die geloof sou hê sodat hy berge kon versit, maar die liefde nie het nie, hy dan niks is nie (1 Kor. 13:2), om daarmee te bewys dat 'n geloof anders as die liefde bedoel word, wat hulle vormloos noem.

Hulle begryp nie wat geloof in die onderwerp vir die apostel beteken nie. Want nadat hy in die voorafgaande hoofstuk 'n uiteensetting van die verskeie gawes van die Gees gegee het, waaronder hy ook die [163] kragte, die soorte tale en die profesie gegroepeer het (1 Kor. 12:4-10), en hy die Korintiërs aangespoor het om daaruit die beter gawes na te jaag, dit is om daaruit vir die kerk van God meer vrug te dra, het hy daaraan toegevoeg dat hy 'n nog uitnemender weg sal aanwys (1 Kor. 12:30); voorts dat al hierdie gawes – hoe uitnemend hulle ook al op sigself mag wees – tog niks is as dit nie die liefde dien nie. Want die gawes is gegee tot opbouing van die kerk, en as dit nie iets daartoe bydra nie, verloor hulle dan sy genade. Om dit te bewys maak hy gebruik van 'n logiese indeling en herhaal dieselfde gawes wat hy tevore opgenoem het, maar dan met ander woorde. Hy gebruik dan 'kragte' en 'geloof' vir dieselfde ding, dit is vir die gawe om wonders te werk. Maar aangesien dit – of dit nou ook al krag tot of die geloof in wonders is – 'n besondere gawe van God is, waarvan enigiemand misbruik kan maak, soos van die gawe van die tale, die professie of ander genadegawes, is dit duidelik dat dit geheel en al van die ware Christelike geloof verskil. Dit is sigbaar in die voorbeeld van Judas, wat dit wel gehad het maar glad nie 'n gelowige was nie (Luk. 10:17-20).

Na aanleiding van dieselfde gedeelte en uit 'n ander gedeelte wat in dieselfde hoofstuk volg, hou

hulle vol dat hy verklaar dat die liefde groter as die hoop en die geloof is en dat ons eerder deur die liefde as deur die geloof geregverdig word, naamlik deur die krag of, soos hulle self sê, 'n groter krag. Die redenasie kan sonder enige moeite weerlê word. Want [164] ons opvatting is dat dit wat in die eerste gedeelte gesê word, niks met die ware geloof te doen het nie. Ook die tweede gedeelte lê ons na aanleiding van die ware geloof uit: Hy sê dat die liefde groter as dit is, omdat dit vrugbaarder is, omdat dit verder strek, omdat dit meer mense dien, omdat dit altyd van krag tot krag gaan, terwyl die aanwending van die geloof net vir 'n tyd bestaan.

Watter mens met gesonde oordeel of, liewer, watter mens met algehele gesonde verstand, sou na aanleiding hiervan redeneer dat die liefde ons regverdiger maak? Want die krag van die regverdigmaking is nie in die waarde van die werk geleë nie. Ons regverdigmaking is slegs in die barmhartigheid van God geleë, en wanneer die geloof dit aangryp, word dit regverdigmaking genoem.

Maar as die een of ander twissoeker ons nou in die rede val en vra waarom ek die woord 'geloof' binne so 'n geringe bestek verskillend opneem, het ek geen ligsinnige grond vir hierdie uitleg nie. Want aangesien die gawes wat Paulus opgenoem het, op die een of ander wyse aan geloof en hoop ondergeskik is, aangesien die gawes op die kennis van God gerig is, vat hy dit alles omvattend saam onder die woord 'geloof' en 'hoop' net asof hy gesê het: sowel die profesie as die tale en die gawe van uitleg en die kennis het ten doel om ons tot die kennis van God te lei. Maar in hierdie lewe ken ons God nie anders as deur die geloof en die hoop nie. Wanneer ek dit dus [165] geloof en hoop noem, verstaan ek daaronder tegelyk al hierdie gawes. Daar bly dus hierdie drie: geloof, hoop en liefde: dit beteken dat hoe groot die verskeidenheid van gawes ook al mag wees, alles hierheen teruggevoer word, naamlik die liefde is onder hulle die grootste, ensovoorts.

Verder moet ons daaraan gedagtig wees dat sowel geloof as hoop en liefde gawes van die Heilige Gees is en dat nie een hiervan behalwe deur die barmhartigheid van God kan begin of staande kan bly nie (1 Kor. 4:7). Laat ons dus leer om al hierdie gawes van God te vra en nie in onsself te soek nie, en as ons 'n mate van hoop òf liefde òf geloof in ons bemerk, laat ons dit toereken as iets wat geheel en al met dankbaarheidsbetoon van God ontvang is. Laat ons in ons hart en met ons monde maar in besonder in ons hart, en dit dan met selfbeheersing, vra dat dit sy wil mag wees dat Hy dit in ons mag bewaar en dag vir dag beter wil laat word. Want daaraan het ons behoefte dat dit, so lank as wat ons lewe, gedurig mag toeneem. En terwyl dit met ons goed gaan, is dit niks anders as vordering op die weg nie, totdat ons God volkome kan bereik, in wie ons hele volmaaktheid geleë is.

[166]



tinenter, ut eas in nobis tueri, ac indies in melius prouehere uelit. Sic enim nobis opus est, ut perpetuo augeantur, dum in hac uita sumus. quæ (dum optime nobiscum agitur) non aliud est, quàm uia & profectus: donec ad Deum plane pertingamus, in quo tota nostra perfectio sita est.

## DE ORATIONE, VBI & oratio dominica enarratur.

### CAPVT III.

EX his quæ hactenus disputata sunt, non obscure perspicimus, quàm sit homo bonorũ omnium egenus ac inanis: utq; illi omnia desint salutis adiumẽta. Quare si præsidia quærit, quibus inopiæ suæ succurrat, extra se exeat oportet, & aliunde ea sibi comparet. Hoc postea nobis explicatum est, Dominum sese nobis ultro ac liberaliter in Christo suo exhibere: in quo pro nostra miseria, omnem felicitatem: pro nostra inopia, opulentiam offerat. In quo cœlestes thesauros no-

homo omnium bonorũ egenus

[167]

## Hoofstuk 3

**DIE GEBED, WAARIN OOK DIE GEBED VAN DIE HERE UITEENGESIT WORD**

Uit ons bespreking tot dusver kan ons duidelik sien hoe gebrekkig en ontbloot die mens van alle goed is en hoe al die middele tot sy redding hom ontbreek. As hy daarom na middele soek waarmee hy sy gebrek te hulp kan kom, moet hy buite homself gaan en dit van elders vir hom kry. Daarna is aan ons verduidelik dat die Here Homself uit eie vrye wil en vrywillig in sy Christus aan ons openbaar, sodat Hy in Hom aan ons al ons geluk in die plek van ons ellende en sy rykdom in die plek van ons nood kan bied; sodat Hy voorts in Hom aan ons die hemelse skatte kan openbaar, sodat ons volle geloof sy geliefde Seun mag aanskou, sodat ons volle verwagting van Hom kan afhang en ons volle geloof aan Hom kan kleef en in Hom kan berus. Dit is die geheime en verborge filosofie, wat nie met praatredes opgediep kan word nie. Maar die mense wie se oë God geopen het, leer dit sekerlik van buite, sodat hulle in sy lig die lig mag sien (Ps. 36:10).

[168] Maar nadat ons deur die geloof geleer is om te wete te kom wat ons nodig het, en dat alles waaraan ons gebrek ly, in God en in ons Here Jesus Christus is, in wie die Vader natuurlik die algehele volheid van sy milddadigheid wou vestig (Kol 1:19; Joh. 1:16) sodat ons daaruit soos uit 'n oorvloedige fontein mag put, bly daar oor dat ons in Hom moet vra en in ons gebede van hom moet versoek waarvan ons geleer het dat dit in Hom is.

Om God te ken as die Here en gewer van alle goeie dinge, wat ons uitnooi om dit van Hom te vra, en om Hom ten spyte daarvan nie te nader en daarom te vra nie, sou andersins geen voordeel inhou nie, net soos dit die geval sou wees as iemand 'n skat wat vir hom aangetoon is waar dit in die grond versink en begrawe is, sou verwaarloos. Dit betaam ons dus om nou hierdie aspek breedvoeriger in behandeling te neem, omdat dit tevore slegs terloops bespreek en as 't ware oppervlakkig aangevoer is.

Laat dit dan die eerste reël van 'n goeie gebed wees dat ons ons moet weerhou van elke gedagte aan ons eie eer, dat ons elke indruk van ons eie waarde moet aflê; dat ons al ons vertroue in onsself moet laat vaar, terwyl ons in ons verwerplikheid en ons nederigheid die Here roem soos ons deur die onderwysing van die profete vermaan word: "nie op grond van ons geregtigheid stort ons ons gebede voor u aangesig uit nie, maar op grond van u groot barmhartighede! Here verhoor ons; Here wees ons genadig; [169] verhoor ons en doen wat ons vra, om u ontwil, want u Naam is oor u volk en oor u heilige plek uitgeroep" (Dan. 9:18-19).

Nog 'n ander profeet skrywe: "My siel is bedroef en verlore oor die grootheid van sy boosheid, geboë en swak; my uitgehongerde siel en my verswakte oë gee aan U die roem, o Here. Nie op grond van die regverdigheid van ons vaders stort ons ons gebede voor u aangesig uit en vra ons om genade voor u aangesig nie, o Here, ons God, maar omdat U barmhartig is, wees ons barmhartig, omdat ons voor U gesondig het".

Laat die tweede reël van ons gebed wees dat ons waarlik ons eie hulpeloosheid besef en ernstig daaraan gedagtig moet wees dat ons behoefte het aan die dinge wat ons van God tot ons voordeel vra en dat ons dit van Hom vra om dit van Hom self te verkry. Want as ons bedoeling of gesindheid anders sou wees, sou ons gebed vals en onsuiwer wees. As iemand byvoorbeeld vergiffenis van sy sondes van God sou vra maar nie gewis en ernstig daaroor nadink dat hy 'n sondaar is nie, sou hy niks anders doen as om God met sy gesindheid te bespot nie. Met groot opbruising en vurigheid van verlange moet ons vra na die dinge wat ons slegs tot eer van God vra. Wanneer ons byvoorbeeld vra dat sy Naam geheilig moet word (Matt. 6:9: Luk. 11:2), moet ons, om dit so uit te druk, vurig na sy heiligmaking honger en dors.

As ons dus besef dat ons deur die gewig van ons [170] sondes neergedruk en daaronder gebuk gaan; as ons bemerk dat ons sonder al die middele is wat sy genade by God vir ons kan bewerk, laat die betekenis hiervan ons dan nie afskrik daarvan om ons na Hom te wend nie, omdat ons noodwendig

aan sulke dinge moet dink en sulke gevoelens moet hê wanneer ons tot Hom nader (Luk. 17:7-10).

Want die gebed is nie ingestel sodat ons ons verwaand voor die aangesig van God kan verhef of enigiets van ons van groot waarde kan skat nie, maar sodat ons ons rampsaligheid kan bely en daarvoor voor Hom berou kan hê net soos kinders vertroulik hulle klagtes aan hulle ouers voorlê. Ja, hierdie betekenis behoort vir ons soos 'n prikkel en aansporing te wees dat ons nog meer tot gebed opgewek kan word.

Tot hierdie kennis van ons eie gebrekkigheid het die allerbeste Vader twee dinge toegevoeg om ons heftig tot gebedsywer aan te dryf, naamlik 'n bevel waarvolgens Hy ons beveel om te bid, en 'n belofte waarvolgens Hy belowe dat ons sal kry wat ons vra. Ons het sy bevel, wat baie dikwels herhaal word: "Soek"; "kom na My"; "vra My"; "wend julle tot My"; "roep My aan in die dag van julle nood". Enersyds kom dit dikwels elders te berde, maar ook in die derde hoofstuk van die wet, waarin ons verbied word om die Naam van die Here ydellik te gebruik (Luk. 11:9; Joh. 16:23; Matt. 7:7; 11:28; Sag. 1:3; Ps. 50:15; Ex. 20:7). Want na aanleiding daarvan dat ons verbied word om sy Naam ydellik te gebruik, word ons terselfdertyd gebied om sy naam in heerlikheid te [171] gebruik, deur al die lof vir sy krag, sy goedheid, sy bystand en beskerming aan Hom oor te dra wanneer ons juis hierdie dinge van Hom vra en verwag. As ons daarom nie juis na Hom ons toevlug neem wanneer die een of ander nood ons druk nie, as ons Hom nie soek en Hom om sy bystand smeek nie, verwek ons sy toorn net asof ons vir ons vreemde gode maak of afgodsbeelde oprig, aangesien ons in die minagting van al sy gebooie sy wil ewe veel minag. Maar die wat Hom, aan die ander kant, aanroep, Hom soek en loof, geniet groot vertroosting, omdat hulle daarvan bewus is dat hulle 'n vir Hom welgevallige opdrag uitvoer en dat hulle sy wil dien. Sy belofte is: "Soek en julle sal vind" (Matt. 7:7); "dit sal vir julle geskied" (Mark. 11:24); "Ek sal julle verhoor" (Jes. 65:24); "Ek sal julle bevry" (Ps. 50:15); "Ek sal julle nuut maak" (Matt. 11:28); "Ek sal julle versterk", "Ek sal julle in oorvloed voed" (Eseg. 34:14); "Julle sal nie ontsteld word nie" (Jes. 45:17).

Al hierdie dinge sal net so gewis as wat dit deur God aan ons belowe is, aan ons voorsien word, as ons dit met 'n gewisse geloof verwag. Want ons gebed het geen verdienste of aansien dat dit kan verkry waarom daar gevra is nie, maar die volle hoop van ons bede is geleë in 'n belofte van hierdie aard en is daarvan afhanklik.

Gevolglik moet ons in ons hart besluit dat ons verhoor sal word soos Petrus verhoor is of Paulus of enigeen van die heiliges, al sou hulle ook met 'n groter lewensheiligheid as ons begaafd gewees het, [172] as ons God maar net met dieselfde en 'n gelyke mate van onwrikbare geloof aanroep. Wanneer ons deur dieselfde gebod om te bid toegerus en bewapen is, is ons ook deur dieselfde belofte van die gebed toegerus en bewapen. God bepaal nie die waarde van 'n gebed na aanleiding van 'n persoon se aansien nie maar slegs op grond van die geloof waarin hulle enersyds sy gebod gehoorsaam en andersyds op sy belofte vertrou.

Die mense wat, aan die ander kant, nie oor sy belofte gerus genoeg is nie en sy waarheid in twyfel trek en gevolglik weifel en twyfel of hulle verhoor moet word, trek God self in twyfel, en hulle baat niks daarby nie, soos Jacobus gesê het. Hy vergelyk hulle selfs met die golwe wat deur die wind gedryf en voortgeswiep word (Jak. 1:6). Aangesien God verder verklaar dat dit met elkeen volgens sy geloof sal gebeur, volg dit dat ons niks sonder die geloof kan verkry nie (Matt. 8:13; 9:29; Mark. 11:24).

Aangesien geen mens waardig is om homself aan God voor te stel of voor sy aangesig te verskyn nie, het die hemelse Vader self aan ons sy Seun, Jesus Christus, ons Here, geskenk om ons van hierdie verwarring wat die siele van ons almal moes neergewerp het, te bevry. En Hy word vir ons Voorspraak en Middelaar by God (1 Joh. 2:1), sodat ons onder sy leiding veilig tot God kan nader (1 Tim. 2:5; Hebr. 8:6; 9:15). Met so 'n Middelaar het ons die vaste vertroue dat niks waarom ons in sy Naam vra, ons geweier sal word nie, soos wat niks Hom deur die Vader geweier kan [173] word nie. Ons het die vaste vertroue dat die troon van God nie slegs die troon van sy majesteit is nie, maar ook van sy genade en dat ons kan waag om in volle vertroue in sy Naam voor sy troon te verskyn, sy

barmhartigheid te ontvang en sy genade tot hulp geneë te vind (Hebr. 4:16). En soos daar vir die aanroeping van God 'n reël neergelê is, soos wat die belofte gegee is dat die wat Hom aanroep, verhoor sal word, net so word ons in besonder opgedra om Hom in die Naam van Christus aan te roep, en ons het die belofte vir ons vasgestel dat ons sal verkry wat ons in sy Naam vra (Joh. 14:13; 16:24).

Hieruit is dit onteenseglik duidelik dat mense wat God in 'n ander naam as dié van Christus aanroep, sy bevele skromelik verwaarloos en sy wil van geen waarde ag nie, en dat hulle inderdaad geen belofte het dat hulle enigiets sal verkry nie. Soos Paulus sê, is al die beloftes van God inderdaad die ja en amen in Christus (2 Kor. 1:20), dit is, in Christus word dit bevestig en vervul. Aangesien hy voorts die enigste weg en die ewige toegang is deur wie dit ons gegun word om tot God te nader (Joh. 14:6), bly daar vir die mense wat van hierdie weg afdwaal en hierdie toegang versaak, geen toegang tot God meer oor nie. In sy troon bly daar vir hulle niks anders as sy toorn, sy oordeel en sy verskrikking oor nie. Aangesien die Vader Hom voorts as ons Hoof en Leier bestem het, poog die mense wat op enige wyse van Hom af weg neig en hulle van Hom afwend, om sover dit binne hulle vermoë is, die teken wat deur God daarop [174] afgedruk is, te verwoes en te vervals.

In soverre dit die heiliges aangaan wat na hulle afsterwe in Christus bly lewe: laat ons nie in die waan verkeer dat hulle 'n ander weg het om God aan te roep as deur Christus, wat alleen die weg is (Joh. 14:6), of dat hulle in enige ander naam deur God aangeneem is nie. Omdat die Skrif ons dus van hulle almal af na Christus alleen terugroep, en omdat dit die hemelse Vader se wil is dat alles in Hom alleen versamel moet word (Kol. 1:20; Ef. 1:10), is dit 'n dwaling dat ons deur bemiddeling van heiliges 'n toegang tot God wil bewerk wat hulle nie eers vir hulle self kan bied nie.

Aangesien hulle bowendien al hulle begeertes tot die wil van God alleen herlei, hulle oë daarop gerig hou en daarin berusting vind, dink iemand wat aan hulle 'n ander gebed toeskrywe as waardeur hulle verwag om tot die ryk van God te kom, stompsinnig en vleeslik en selfs smadelik aan hulle. En soos sy koninkryk deur die redding van die gelowiges vervul sal word, so sal dit ook deur die beskaming van die goddeloses vervul word. Daarom moet ons nie verwag dat ons deur hulle gebede gehelp sal word nie, tensy ons aan Christus deel het en 'n deel van sy koninkryk is. Maar aan die ander kant behoort ons net so onwrikbaar daarvan seker te wees dat as ons deelgenote van Christus is, enigiets wat deur ons tot stand kom, uit God ontstaan, en dat die hele gemeente waarvan die heiliges lidmate is, vir ons bid wanneer die gemeente [175] bid dat die koninkryk van hulle Here mag kom.

Hoewel hulle egter op hierdie wyse ten behoewe van ons bid, moet hulle tog nie deur ons aangeroep word nie. En om dit te doen (1 Tim. 2:1-7; Jak. 5:15-18), het voorts nie die gevolg dat mense wat op die aarde lewe, mekaar – die een deur die gebed van die ander – aanneemlik kan maak nie. Want hierdie verpligting dien om die liefde onder hulle te voed, terwyl hulle as 't ware mekaar se nood onderling verdeel en wedersyds dra. Vir die gestorwenes wat God uit ons gemeenskap weggeneem het, is dit geen oorweging nie. Hoewel hulle liefde jeens ons altyd bloei, bly daar tog geen verkeer van taal of gehoor tussen ons oor nie (1 Kor. 13).

Want wat is om dit te verklaar anders as om deur beskonke hersenskimme sonder sy Woord die verborge oordele van God te wil binnedring en te verbreek en die Skrif te vertrap, wat dikwels verklaar dat die kennis van ons vlees die vyand van God se wysheid is (Rom. 8:6-7); dit verdoem geheel en al die ydelheid van ons sinne, en wanneer dit ons rede neergewerp het, wil dit hê dat slegs die wil van God deur ons raakgesien moet word (Deut. 12).

Juis die Skrif bied Christus alleen vir ons aan; dit stuur ons na Hom toe en stel ons in Hom. Ambrosius het dit so uitgedruk: "Hy is ons mond waardeur ons tot die Vader spreek; Hy is ons oog waardeur ons die Vader sien; Hy is ons regterhand waardeur [176] ons ons aan die Vader aanbied, en tensy Hy vir ons tussenbei tree, het nòg ons nog die heiliges enige omgang met God".

Voorts is die mense wat vir hulleself besondere beskermers uit die heiliges uitkies en verkies, wat

verder die hoop koester dat hulle deur die een of ander buitengewone aanbeveling van hulle gehelp sal word, nie minder smadelik teenoor hulle nie. Want hulle trek hulle weg van daardie een wil wat hulle, soos ons gesê het, onwrikbaar en onbeweeglik in God besit, naamlik dat sy koninkryk moet kom, terwyl hulle vir so 'n heilige 'n vleeslike hartstog versin, sodat hy teenoor die een of ander vereerder van hom meer toegeneë kan wees.

Die mense wat van die heiliges hulle middelaars maak, net asof Christus hulle versaak het en vir hulle te streng sou wees, onteer Hom en beroof Hom van sy titel as enigste Middelaar. Aangesien dit deur die Vader as 'n buitengewone voorreg aan Hom gegee is, behoort dit nie na iemand anders oorgedra te word nie. En juis hierdeur verduister hulle die heerlikheid van sy geboorte en maak sy kruis tot niet; kortom, alles wat Hy tot ons redding gedoen en gely het, ontneem en beroof hulle van sy lof. Want alle dinge neig hierheen dat Hy die enigste Middelaar is en as sodanig beskou moet word. Terselfdertyd verwerp hulle die goedheid van God, wat Homself in die Vader aan hulle geopenbaar het. Want vir hulle is Hy nie 'n Vader as hulle nie erken dat [177] Christus hulle Broeder is nie. Dit loën hulle oop en bloot, behalwe as hulle die mening toegedaan is dat Hy met broederlike gevoel jeens hulle optree -en niks kan aangenamer as dit wees nie.

Maar die feit dat mense lees dat die gebede van heiliges dikwels verhoor is, beïnvloed sommige mense natuurlik. Waarom dan? Wel, seker omdat hulle gebid het. "Op u het hulle hulle hoop gestel" sê die profeet, "en hulle is gered; en hulle het uitgeroep en hulle is nie beskaam nie" (Ps. 22:4). Laat ons dus bid dat ons volgens hulle voorbeeld net soos hulle verhoor mag word. Maar strydig met dit wat ons betaam, argumenteer ons dat niemand verhoor sal word nie behalwe die wat reeds een maal verhoor is nie. Hoeveel beter sien Jakobus dit nie! Hy sê: "Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrugte laat uitspruit" (Jak. 5:17-18). Hieruit lei hy nie die een of ander voorreg van Elia af nie, maar hy leer ons die krag van die gebed om ons aan te spoor om op soortgelyke wyse te bid.

'n Gebed soos ons die term nou begryp, bestaan uit twee dele, naamlik uit bede en dankbetuiging. Met ons bede lê ons die begeertes van ons hart voor God wanneer ons van sy goedheid in die eerste plek die dinge vra wat tot sy heerlikheid dien, en in die tweede plek die dinge wat vir ons gebruik voordelig [178] is (1 Tim. 2). Deur dankbetuiging erken ons sy weldade jeens ons, en ons bely dit met lofbetuiging wanneer ons al die seëninge wat ons ontvang, waar dit ook al is, aan sy goedheid toeskrywe. Dawid het albei die aspekte in een vers saamgevat toe hy in verband met die persoon van God geskrywe het: "Roep My aan in die dag van jou nood; Ek sal jou uitred en jy sal My verheerlik" (Ps. 50:15; Luk. 18:1; Ef. 5:20). Ons behoort voortdurend van albei gebruik te maak, want ons gebrek is so groot en so 'n groot benoudheid dring en druk ons van alle kante dat daar vir almal genoegsame rede bestaan – ook vir die heiligste mense – om voortdurend ons versugtinge voor God te bekla en Hom smekend aan te roep.

By soveel en sulke oorvloedige gawes van God is ons bykans oorstelp oor soveel en sulke ontsaglike wonderwerke van Hom dat 'n mens dit bemerk waarheen jy jou ook al wend, dat 'n rede en stof tot sy lof en dankbetuiging ons nooit ontbreek nie.

Om dit ietwat duideliker uiteen te sit: aangesien al ons hoop en rykdom dermate in God gesetel is, soos tevore reeds genoegsaam bewys is, dat nòg onsself nòg al ons besittings voorspoed kan geniet behalwe deur sy seën, behoort ons ons voortdurend aan Hom toe te vertrou en al ons besittings aan Hom oor te laat (Jak. 4:14). Laat voorts alles wat ons bedink, sê en doen, dinge wees wat ons onder sy hand en wil, kortom, onder die hoop op sy bystand, bedink, sê en doen. Want al die mense word vervloek wat in [179] die vertroue op hulleself of enigiemand anders hulle planne bedink en uitvoer en wat sonder sy wil en sonder om Hom aan te roep (Jes. 30:1; 31:1) enigiets aanpak of probeer begin.

Maar aangesien daar gesê is dat Hy as die Skepper van alle goeie gawes beskou moet word, volg daaruit dat ons alle dinge met voortdurende dankbetuiging uit sy hand moet aanvaar en dat daar

geen betaamlike wyse is waarop ons sy weldade wat grenseloos uit sy vrygewigheid na ons vloei en ons toekom, kan benut nie behalwe deur voortdurend sy lof te bely en dank aan Hom te betuig. Want wanneer Paulus getuig dat hierdie seëninge deur die woord en die gebed geheilig word (1 Tim. 4:5), suggereer hy terselfdertyd dat dit hoegenaamd nie sonder die woord en die gebed geheilig is nie. Onder "woord" verstaan hy natuurlik oordragtelik "geloof". Die rede waarom Paulus ons elders inskerp om sonder ophou te bid (1 Thes. 5:17; 1 Tim. 2:1), is dat hy die wens het dat al ons verlangens te alle tye werklik op alle plekke en onder alle omstandighede na God opgerig moet wees, sodat ons verlangens alle dinge van Hom moet verwag en die lof vir alle dinge aan Hom moet betoon, aangesien redes tot lof en gebed voortdurend aan ons voorgelê word.

Maar hierdie volharding in die gebed het betrekking op elkeen se eie persoonlike gebed en het niks te doen met die openbare gebed van die gemeente, wat tog nie voortdurend kan plaasvind of op 'n ander wyse [180] behoort te geskied as volgens die reëling waartoe almal ooreengekom het nie. Daarom word daar ook bepaalde ure voorgeskryf en bepaal wat hoewel dit vir God nie saak maak nie, vir die gerief van die mens so noodsaaklik is dat alles in die gemeente volgens Paulus se mening betaamlik en ordelik verrig kan word (1 Kor. 14:40).

Om hierdie rede is ook openbare plekke wat ons tempels noem, nie bestem om deur die een of ander geheime selfheiligheid hulle gebede te heilig of daartoe by te dra dat dit deur God verhoor word nie, maar met die oog daarop om die vergadering van die gelowiges geriefliker te ontvang wanneer hulle byeenkom om te bid, om die prediking van die Woord aan te hoor en terselfdertyd die sakramente te ontvang.

Soos Paulus ook sê (1 Kor. 3:16; 2 Kor. 6:1b) is ons self ware tempels van God, en as ons in die tempel van God wil bid, moet ons ook in onsself bid. Maar die wat die indruk het dat God se ore in 'n tempel nader aan hulle kom, of die opvatting huldig dat hulle gebed as gevolg van die heiligheid van die plek nog heiliger word, tree hierin met die dwaasheid van die Jode en die heidene op wanneer hulle God, strydig met sy gebod dat ons sonder onderskeid van plek in gees en in waarheid tot God moet bid, vleeslik aanbid (Joh. 4:23).

Aangesien hierdie doel van die gebed hierin tevore alreeds uiteengesit is, naamlik dat ons hart verhef [181] en na God opgevoer moet word, enersyds tot lofbetuiging en andersyds om hulp van Hom te vra, kan ons daaruit aflei dat die gebed oorwegend in ons verstand en ons hart geleë is; of liewer dat die gebed juis in besonder 'n stemming van ons binnehart is wat voor God, die ondersoeker van ons harte, uitgestort en voorgelê word.

Toe Christus, ons Here, die beste reël vir die gebed wou neerlê, het Hy ons daarom aanbeveel om in ons slaapkamer in te gaan, die deur te sluit en daar in die verborgene tot ons Vader te bid, sodat ons Vader wat in die verborgene is, ons mag verhoor (Matt. 6:63). Want toe Hy ons weggeneem het van die voorbeeld van die geveinsdes wat met gunssoekende vertoon van hulle gebede die guns van mense najaag, het Hy terselfdertyd iets beters daaraan toegevoeg, naamlik dat ons in ons slaapkamer moet gaan, die deur moet sluit en daar moet bid. Volgens my uitleg het Hy ons met hierdie Woorde geleer om met al ons gedagtes in ons harte af te daal en dit binne te gaan, en Hy het ons belowe dat God – en ons hart behoort ook tempels van Hom te wees – ons met so 'n geestesgesteldheid naby sal wees. Want Hy wou nie ontken dat dit gepas is om ook op ander plekke te bid nie, maar Hy het aangetoon dat die gebed iets geheims is wat in besonder in die harte geleë is en sy rus soek in dinge wat ver weg van alle steurnis van ons sorge is.

Hieruit is dit meer as duidelik dat geen stem of sang wat 'n gebed onderbreek, enige waarde het, of [182] enige voordeel by God inhou nie, behalwe as dit uit diepe ontroering van die hart spruit. Ja, ons gebede verwek sy toorn teen ons as hulle slegs van die punte van ons lippe en ons keel uitgaan, aangesien dit beteken dat hulle sy heilige Naam misbruik en sy majesteit tot 'n bespotting maak, soos Hy self deur sy profeet bevestig

"Hierdie volk", het Hy gesê, "nader My met hulle mond en eer My met die lippe en hulle hart is ver

van my af", en: "Hulle het My volgens 'n aangeleerde mensegebod gevrees. Kyk, daarom sal Ek 'n groot en wonderbare wonder onder hierdie volk verrig. Want die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan en die verstand van hulle oudstes sal verdwyn" (Jes. 28:13-14).

En tog verdoem ons nie stem en sang nie, solank dit maar net volg op en diensbaar is aan die ontroering van die hart. Want so oefen hulle die verstand in die oordenking van God en hou die verstand aandagtig, aangesien dit, wispelturig soos dit is, maklik verslap en na verskeie onderwerpe afgelei word. Aangesien die heerlikheid van God daarbenewens op die een of ander wyse in die afsonderlike dele van ons liggaam sy glans moet laat skyn, is dit in besonder gepas dat die tong sowel deur sang as deur spraak aan hierdie funksie toegesê en toegewys is – dit is trouens in besonder geskep om die lof van God te vertel en te verkondig. Die belangrikste nut van die tong is egter in openbare gebede wat in die byeenkoms van gelowiges afgelê word, waardeur bereik word dat ons [183] God, wat ons een in gees en gesamentlik in geloof aanbid, almal met een stem soos uit een mond kan verheerlik; en dit oop en bloot, sodat elkeen op sy beurt van sy broeder die belydenis van sy geloof kan ontvang en tot sy voorbeeld genooi kan word.

Hieruit blyk ook duidelik dat ons openbare gebede nie in Grieks onder Latynsprekendes of in Latyn onder Frans- of Engelssprekendes, soos tot dusver oral gedoen is, geklee moet word nie, sodat dit oor die algemeen deur die hele vergadering begryp kan word. Want dit moet bydra tot die stigting van die hele gemeente, en dit pluk hoegenaamd geen vrugte uit onverstaanbare klanke nie. Die mense onder wie daar geen begrip vir die liefde is nie, moes ten minste deur die gesag van Paulus beïnvloed gewees het. Sy Woorde is glad nie dubbelsinnig nie. Hy het gesê: "As jy iemand in die Gees seën, hoe sal iemand wat die plek van 'n ongeleerde inneem, 'Amen' sê op jou seën, aangesien hy nie weet wat jy sê nie? Want jy betuig jou dank, maar die ander een word nie gestig nie" (1 Kor. 14:16-17).

Tog moet ons gevoel daaroor oor die algemeen so wees dat dit glad nie kan gebeur dat òf in openbare òf in persoonlike gebed ons tonge sonder ons harte deur God aangeneem sou word nie; daarbenewens dat daar so 'n groot krag en vuur aanwesig behoort te wees in dit wat die verstand bedink, dat dit geheel en al die dinge wat die tong deur sy verkondiging tot uitdrukking kan bring, ver te bowe moet gaan.

[184] In die laaste plek moet ons weet dat die tong selfs nie eers vir die persoonlike gebed noodsaaklik is nie; die innerlike gevoel moet tot sy opwekking vir homself genoegsaam wees, sodat die beste gebede by tye sonder stem is, soos byvoorbeeld in die geval van Moses (Ex. 14) en Hanna (1 Sam. 1:13) gesien kan word.

Nou moet ons nie alleen 'n meer bepaalde wyse van gebed leer nie maar ook 'n meer bepaalde vorm. Dit is natuurlik die gebed wat die hemelse Vader deur sy geliefde Seun aan ons oorgedra het (Matt. 6:9; Luk. 11:2) en waaruit ons sy onmeetlike goedheid en vriendelikheid kan leer ken. Want benewens dit waartoe Hy ons beveel en aanspoor, naamlik dat ons Hom in elke behoefte moet soek, soos kinders gewoond is om hulle toevlug tot die vertroue in hulle ouers te neem, en aangesien Hy bemerk het dat ons nie eers genoeg kon waarneem hoe benard ons armoede is, wat billik sou wees om te vra en wat in ons belang is nie, het Hy ook hierdie onkunde van ons tegemoetgekom en dit wat vir ons eie begrip ontbreek het, het Hy uit syne aangevul en volgemaak. Want Hy het vir ons 'n formule opgeteken waarin Hy soos 'n tafel uiteengesit het wat ons van Hom mag vra, wat Hy in ons belang ag, en wat ons moet vra. En uit sy goedheid put ons groot vrug tot ons vertroosting, omdat ons weet dat ons niks belagliks, niks vreemds of onvanpas nie – kortom, niks wat vir Hom onaanvaarbaar is, vra nie, aangesien ons byna uit sy eie mond daarom vra.

[185] Hierdie vorm of reël van die gebed is uit ses dele saamgestel. Want die feit dat ek nie saamstem met die mense wat sewe hoofde daarin onderskei nie, berus daarop dat in Lukas slegs ses gelees word (Luk. 11:2-4), en hy sou gewis nie die gebed gebrekkig gelaat het nie; die gevolg is dat dit wat in Matteus in die sewende posisie bygevoeg is, eksegeties onder die sesde bede tuisgebring moet word.

Maar hoewel daar in al hierdie bedes bowenal die heerlikheid van God in gedagte gehou moet word en hoewel al die bedes aan die ander kant in ons belang is en dit ook paslik is dat dit moet gebeur soos ons vra, is die eerste drie bedes tog in besonder vir die heerlikheid van God gestem, en hierop alleen behoort ons ons oë te rig, sonder enige oorweging, soos hulle sê, vir ons eie voordeel. Die oorblywende drie bedes behels ons behoeftes en is in besonder afgestem op die versoek van die dinge wat tot ons voordeel is.

Wanneer ons dus vra dat God se Naam geheilig moet word, moet ons geen oorweging vir ons eie belang hê nie, maar ons moet sy heerlikheid vooropstel, en, met ons oë hierop vasgenael, moet ons slegs daarna kyk, en in bedes van hierdie aard behoort ons op geen ander wyse ingestel te wees nie.

En dit strek ons inderdaad tot groot voordeel omdat, wanneer sy Naam geheilig word, soos ons vra, ons eie heiliging ook plaasvind. Maar soos gesê is, behoort [186] ons oë vir 'n voordeel van hierdie aard blind te wees, sodat dit hoegenaamd nie daarop gerig is nie. As alle hoop op ons persoonlike goed dus afgesny sou wees, moet ons tog nie ophou om hierdie heiligmaking en ander dinge wat op die heerlikheid van God betrekking het, te begeer en in ons gebede te vra nie, soos byvoorbeeld in die geval van Moses en Paulus, wat hulle gedagtes en oë van hulleself afgewend het en met vurige en brandende verlange hulle eie vernietiging gevra het, sodat, selfs met verlies van hulleself, God se heerlikheid en koninkryk tot stand gebring kon word.

Wanneer ons aan die ander kant vra dat ons daaglikse brood aan ons gegee moet word, al sou ons iets begeer wat tot ons voordeel is, behoort ons ook in hierdie geval bowenal die heerlikheid van God te soek, sodat ons inderdaad niks sou vra behalwe as dit tot die heerlikheid van God neig nie.

**ONS VADER WAT IN DIE HEMEL IS**

Ten aanvang, juis op die drumpel van die gebed, kom ons teë wat ons tevore al vermeld het, naamlik dat elke gebed in die Naam van Christus deur ons aan God gebring moet word, omdat geen gebed in die naam van iemand anders tot Hom gerig kan word nie. Want na aanleiding van die feit dat ons Hom Vader noem, hou ons bepaald ook die Naam van Christus voor. Want met watter vertroue sou enigiemand God sy Vader kon noem, [187] wie sou nie deur die perke van onbesonnenheid gebars het as dit nie was dat ons in Christus tot kinders van God aangeneem is nie? En aangesien Hy waaragtig sy Seun is, is Hy as broer deur Hom self aan ons gegee, sodat die eienskap wat Hy van nature besit ons s'n mag word deur die milddadigheid van ons aanneming as ons so 'n groot voorreg met vaste geloof aangryp – soos Johannes sê: "dat die mag gegee is aan dié wat in die Naam van die eniggebore Seun van God glo, om self ook kinders van God te word" (Joh. 1:12). Gevolglik noem Hy Homself ook Vader, en dit is sy wil om deur ons ook so genoem te word.

Deur hierdie groot lieflikheid van sy Naam neem Hy ons ongeloof van ons af weg, aangesien daar geen groter gevoel van liefde as in die Vader gevind kan word nie. Maar sy liefde jeens ons is soveel groter en uitmuntender as al die liefde van ons ouers as wat Hy alle mense in goedheid en genade oortref. As byvoorbeeld al die vaders op die wêreld, van die gevoel vir vaderlike toegeneentheid ontneem, hulle kinders sou versaak, dan sal Hy ons nooit in die steek laat nie, omdat Hy Homself nie kan verloën nie (2 Tim. 2:13).

Want ons het sy belofte: "As julle hoewel julle sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer dan nie julle Vader wat in die hemele is nie?" (Matt. 7.11) Maar net soos 'n kind homself nie aan die sorg van 'n buitestaander of vreemdeling kan toevertrou sonder om terselfdertyd [188] oor die wreedheid of gebrek van sy eie vader te kla nie, net so kan ons nie as ons sy kinders is, hulp van elders as van Hom vra nie, sonder om ons gebrek of hulpeloosheid of sy wreedheid en uitermatige strengheid Hom te verkwalik nie.

En laat ons nie as verskoning aanvoer dat ons deur die kennis van die sonde beskroomd word nie; hoewel Hy goed en vriendelik is, het die Vader daardeur 'n afkeer van ons. Want as 'n kind onder die mense geen beter pleitbesorger kan hê om sy saak voor sy vader te stel en geen beter tussenganger om sy verlore guns te herwin, as wanneer hy self smekend en nederig sy skuld erken en sy vader om

genade vra nie – want dan kan vaders hulle deernis nie verberg sonder om deur sulke versoeke beïnvloed te word nie – wat dan van die Vader van barmhartigheid en God van alle vertroosting? Sal Hy nie eerder die trane en versugtinge van sy eie kinders verhoor wanneer hulle Hom daarom smeek, in besonder aangesien Hy ons daartoe nooi en ons daartoe aanspoor, eerder as die pleidooi van ander nie? Mense neem hulle toevlug tot hierdie pleitbesorgers bloot omdat hulle aan die vriendelikheid en goedertierenheid van hulle eie Vader twyfel.

In 'n gelykenis skilder en beeld Hy die oorvloedigheid van sy vaderlike goedertierenheid uit (Luk. 15:11-32): Toe 'n seun van sy vader vervreemd geraak het, en hy sy eiendom onverskillig verkwis en swaar teen hom gesondig het, het sy vader hom met ope arms omhels; en hy wag nie totdat hy om vergiffenis vra nie, maar [189] hy gaan hom voor; by sy terugkeer herken hy hom van ver af en hardloop hom selfs tegemoet; hy vertroos hom en ontvang hom in sy guns.

Want wanneer Hy hierdie voorbeeld van so 'n groot goedertierenheid wat in die geval van 'n mens waargeneem kan word, aan ons voorhou, was dit sy wil om ons te leer hoeveel oorvloediger ons dit van Hom moet verwag, nie alleen omdat Hy ons Vader is nie maar verreweg die heel beste en genadigste van alle vaders as ons ons maar net op sy goedertierenheid beroep, ten spyte daarvan dat ons ondankbare, wederstrewige en bedorwe kinders is.

En om ons geloof dat Hy so 'n Vader vir ons is as ons Christene is nog meer te bestendig, was dit sy wil dat ons Hom nie slegs 'Vader' nie maar uitdruklik 'ons Vader' moet noem. Dit is net asof ons met Hom soos volg praat: "O Vader, U wat so 'n groot liefde teenoor u kinders het, so 'n groot geneentheid om hulle te vergewe, ons u kinders, roep U aan en ons bid tot U en ons is vas en seker daarvan oortuig dat U U met vaderlike toegeneentheid jeens ons gedra hoewel ons so 'n Vader nie verdien nie".

Ons word egter nie geleer dat elkeen Hom net sy besondere Vader moet noem nie, maar dat ons almal saam Hom 'ons Vader' moet noem: daaruit word ons vermaan hoeveel broederliefde daar onder ons behoort te wees, aangesien ons almal kinders van so 'n Vader is. Want as ons almal een gemeenskaplike Vader het, uit [190] wie ongetwyfeld elke goeie gawe voortkom wat ons te beurt kan val, betaam dit ons dat daar geen verdeling van besittings onder ons mag wees sonder dat ons bereid is om dit met groot vurigheid van gees onder mekaar te deel in soverre die behoefte daarna dit eis nie.

As ons dus nou, soos dit ons betaam, die begeerte koester om mekaar die hand te reik en mekaar te onderskraag, is daar geen opsig waarin ons ons medebroeders meer kan bevoordeel as om hulle aan die voorsienige sorg van die allerbeste Vader op te dra nie. Want as Hy genadig en goedgunstig is, kan daar niks meer verlang word nie. En ons is dit ook inderdaad aan ons Vader verskuldig. Want net soos iemand wat sy gesinsvader waarlik uit sy hart liefhet, tegelyk egter ook sy hele huis met liefde en goedgesindheid daarby insluit, net so betaam dit ons om dieselfde belangstelling en ywer as wat ons teenoor die hemelse Vader het, teenoor sy volk, sy gesin en ten slotte teenoor sy erfenis aan die dag te lê, wat Hy so hoog geag het dat Hy dit die volheid van sy eniggebore Seun genoem het (Ef. 1:23).

Met die oog daarop dat dit gemeenskaplik kan wees en alle mense kan insluit wat in Christus broeders is, behoort die gebed van 'n Christenmens aan hierdie maatstaf gemeet te word – en nie alleen die mense wat Hy teenswoordig as sulke mense aanskou en erken nie, maar alle mense wat op die aarde lewe. Want wat God se raadsplan in verband met hulle was, lê [191] buite ons kennis, behalwe dat ons vir hulle die heel beste moet verlang en hoop. En tog behoort ons ons bo ander met besondere geneentheid tot die huisgenote van die geloof te neig, vir wie die apostel in besonder in elke saak by ons aanbeveel (Gal. 6:10).

Samevattend behoort al ons gebede van so 'n aard te wees dat hulle almal hierdie gemeenskap in die oog hou wat ons Here in sy koninkryk en op sy aarde tot stand gebring het. En tog is dit vir ons geen struikelblok om besonderlik ter wille van onsself of ter wille van bepaalde ander mense te mag

bid nie, mits ons gemoedere nie van die aanskoue van hierdie gemeenskap afwyk of wegdwaal nie maar alle dinge daarheen terugvoer. Want al sou ons gebede afsonderlik in ons gedagtes gevorm word, hou hulle nie op om gemeenskaplik te wees nie, omdat hulle op die doel afgestem is. Dit kan gemaklik aan die hand van 'n vergelyking afgelei word. Daar is 'n algemene gebod van God in verband met die verligting van die behoeftes van alle armes. En tog is die mense aan die gebod gehoorsaam wat met hierdie doel die behoefte van die armes te hulp kom van wie hulle kennis dra of sien dat hulle swaarkry, selfs al gaan hulle baie mense verby wat nie deur ligter nood verdring word nie, omdat hulle nie in staat is om almal te ken of aan die behoeftes van almal te voldoen nie. Net so is ook die mense nie in stryd met God se wil nie, dié wat hulle rig op en gedagtig is aan hierdie algemene samehorigheid van die gemeente en besondere gebede van hierdie aard in hulle formuleer, waarin hulle [192] met die algemene belang in gedagte met besondere Woorde hulleself of ander wie se behoeftes God in besonder aan hulle bekend gemaak het, aan Hom opdra.

En tog is alles in die gebed en die geleentheid tot gawes nie dieselfde nie. Want milddadigheid kan slegs beoefen word teenoor mense wie se behoefte deur ons waargeneem is, maar met ons gebed kan ons selfs die vreemdste en onbekendste mense help, hoe ver hulle ook al van ons geskei is. Dit geskied deur bemiddeling van die algemene gebedsformule waarby alle kinders van God ingesluit word, onder hulle is ook hierdie mense.

Daarby staan geskrywe dat Hy in die hemele is (Matt. 6:9). Daaruit moet nie dadelik die afleiding gemaak word dat Hy deur die hemelhoog asof deur bepaalde perke ingesluit, begrens en gebind word nie.

Salomo getuig trouens daarvan dat die hemele van die hemele Hom nie kan insluit nie (1 Kon. 8:27), en deur sy eie profeet spreek Hy daarvan dat die hemel sy troon en die aarde die voetbank van sy voete is (Jes. 66:1; Hand. 7:49). Daarmee dui Hy natuurlik aan dat Hy tot geen bepaalde gebied beperk word nie maar dat Hy oor alle dinge versprei word. Maar omdat ons verstand as gevolg van die onbevatlikheid daarvan geen begrip van sy onuitspreeklike heerlikheid kan vorm nie, is dit vir ons deur die hemel aangedui, en niks verhewener en voller van sy majesteit as dit kan ons ter oë kom nie. Daarom is dit net asof daar [193] gesê is dat Hy magtig, verhewe en onbegryplik is.

Maar wanneer ons dit hoor, moet ons ons gedagtes hoër ophef wanneer God ter sprake is, sodat ons niks aards of vleesliks van Hom versin óf Hom aan ons eie ou afmetinkies meet of sy wil teen ons verlangens opweeg nie.

**DIE EERSTE BEDE**

**LAAT U NAAM GEHEILIG WORD**

Met die Naam van God word sy mag hier aangedui wat uit al sy eienskappe bestaan, byvoorbeeld sy almag, sy wysheid, sy geregtigheid, sy genade en sy waarheid; want God is groot en wonderlik, omdat Hy regverdig, wys, genadig, magtig en waaragtig is. Ons vra dus dat hierdie majesteit in eienskappe van die aard geheilig mag word, en nie in God self, aan wie niks toegevoeg en van wie niks weggeneem kan word nie, maar dat sy majesteit deur almal as heilig beskou moet word, dit is waarlik erken en groot gemaak moet word. Dat al die werke van God heerlik mag lyk, soos dit is; dat verkondig mag word dat Hy regverdig is as Hy straf; dat Hy genadig is as Hy vergiffenis skenk en dat Hy waaragtig is as Hy gestand doen wat Hy belowe het. Dat daar, kortom, hoegenaamd niks bestaan waarop sy heerlikheid nie ingegrif is en waaruit sy heerlikheid nie straal nie; en so moet sy lof in alle harte en op alle tonge weerklink.

[194] En mag ten slotte alle goddeloosheid tot niet gaan en beskaam word wat hierdie heilige Naam besoedel en ontheilig, dit is, wat die heiligmaking daarvan verduister of verminder. Selfs in so 'n beskaming moet die majesteit van God al meer en meer straal.

En so word ook dankbetuiging in hierdie bede ingesluit. Want wanneer ons vra dat die Naam van God oral geheilig moet word, bring ons aan Hom die lof toe vir alle goeie dinge; aan Hom betuig ons

die dank vir alles wat ons ontvang het, en ons erken sy weldade jeens ons.

**DIE TWEEDE BEDE**

**LAAT U KONINKRYK KOM**

Die koninkryk van God beteken om volgens sy Heilige Gees op te tree en sy mense te regeer, sodat dit die rykdom van sy goedheid en sy genade in al hulle werke sigbaar kan maak. Aan die ander kant beteken dit om die goddeloses, wat nie erken dat hulle vir God en die Here is nie, en weier dat hulle aan sy gesag onderwerp word, te vernietig en neer te werp en hulle heiligskennende verwaandheid neer te vel, sodat dit duidelik kan word dat daar geen mag bestaan wat sy mag kan weerstaan nie. Aangesien hierdie dinge elke dag voor ons oë gebeur, terwyl sy heilige Woord soos 'n septer na bo gerig is, gaan sy ryk selfs ten spyte van die kruis en minagting en smaad van die wêreld van krag tot krag; dit regeer, bly voorspoedig en [195] dra sy vrugte.

Dit beteken om te sien dat 'n koninkryk van hierdie aard ook op hierdie wêreld floreer hoewel dit nie van hierdie wêreld is nie (1 Kor. 1:21; Joh. 17:14; 18:36; Rom. 14:17), in die eerste plek omdat dit self 'n geestelike ryk is wat uit geestelike eienskappe bestaan, en tweedens omdat dit onverganklik en ewig is (Luk. 1:33; Dan. 7:14).

Ons bede is dus dat die koninkryk van God mag kom: dit beteken dat die Here dag vir dag 'n nuwe volk van gelowiges vir Hom mag vermeerder, sodat hulle sy heerlikheid op elke wyse kan prys en sodat Hy die oorvloedigheid van sy genade immer oor hulle mag uitstort, sodat Hy daardeur dag vir dag meer en meer in hulle kan lewe en regeer, totdat Hy hulle verbondenheid aan Hom volkome volbring.

Terselfdertyd bid ons dat Hy sy lig en sy waarheid met immer nuwe toename moet laat skyn, om die duisternis en leuentaal van Satan en sy ryk te laat verdwyn, te verstrooi, uit te blus en te vernietig.

Maar wanneer ons so bid, naamlik dat die koninkryk van God moet kom, begeer ons terselfdertyd dat sy koninkryk uiteindelik vervolmaak en vervul mag word; dit beteken in die openbaring van sy oordeel op die dag waarop Hy alleen verhef sal word en Hy alles in almal sal wees; wanneer almal wat aan Hom behoort, in heerlikheid versamel en ontvang sal word maar die [196] ryk van Satan geheel en al neergewerp en neergeslaan sal word (1 Kor. 15:28).

**DIE DERDE BEDE**

**LAAT U WIL GESKIED IN DIE HEMEL, NET SO OOK OP DIE AARDE**

Met hierdie bede vra ons dat God sowel in die hemel as op die aarde, dit is oral, alle dinge na sy wil mag orden en skik; dat Hy die verloop van alle dinge mag bestuur; dat Hy al sy skepsele na sy goeddunke mag gebruik en die wil van alle mense aan Hom mag onderwerp; desgelyks vra ons dat hulle sy wil moet gehoorsaam, sommige met hulle instemming, byvoorbeeld van die wat aan Hom behoort, en ander ten spyte daarvan dat dit teen hulle sin is en hulle hulle daarteen verset, soos byvoorbeeld die duiwel en goddelose mense, wat sy ryk verkleineer, daarvandaan wegvlug en poog om aan die gehoorsaamheid aan Hom te ontkom.

Wanneer ons dit vra, sterf ons al ons begeertes af en al die toegeneentheid wat in ons is, skryf ons toe en laat ons aan die Here oor, en ons vra dat God dinge nie volgens ons wens vir ons moet laat verloop nie, maar soos Hy self voorsien en bepaal het. En ons vra nie alleen dat God ons begeertes wat met sy wil in stryd is, doelloos en vrugteloos moet maak nie, maar eerder dat God in ons 'n nuwe verstand en nuwe hart mag voortbring wanneer Hy ons eie hart uitgewis het (Eseg. 36:26).

[197] Verder vra ons dat geen emosie van begeerte in ons mag opkom anders as net een wat suiwer in ooreenstemming met sy wil is nie. Samevattend: ons vra nie dat iets volgens ons wil geskied nie maar volgens die wil van sy Gees in ons.

Wanneer die Gees binne-in ons ons dit leer, moet ons leer om die dinge lief te hê wat vir Hom

welbehaaglik is, maar om alles te haat en te verfoei wat Hom mishaag.

Dit is die eerste drie hoofde van die gebed, en in die bedes daarin betaam dit ons om alleen die heerlikheid van God voor oë te hê, enige oorweginge van onsself agterweë te laat en ons oë op geen voordeel vir onsself te rig nie. Hoewel dit ons oorvloedig daaruit toekom, moet dit nie hier deur ons gesoek word nie.

Maar hoewel al hierdie dinge sonder dat ons daaraan dink en sonder dat ons dit begeer of daarom vra, nogtans op sy tyd ons te beurt moet val, moet ons tog nog daarna smag en daarom vra. En om dit te doen hou vir ons geen geringe voordeel in nie, naamlik dat ons kan getuig en bely dat ons slawe en kinders van God is, en dat ons sy eer wat aan ons Here en Vader verskuldig is, dien.

Gevolglik moet die mense wat nie met hierdie gesindheid en ywer om die heerlikheid van God te bevorder bid dat sy Naam geheilig mag word, dat sy koninkryk [198] mag kom en dat sy wil mag geskied nie, nie onder sy slawe en kinders gereken word nie. Net soos al hierdie dinge teen hulle sin sal geskied, so sal dit tot hulle beskaming en hulle oordeel gebeur.

**DIE VIERDE BEDE**

Dit is die eerste van die oorblywende drie bedes, waarin ons in besonder die dinge wat in ons belang is en ons behoeftes onderskraag, van God vra.

**GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD**

In die bede vra ons van God oor die algemeen al die dinge waaraan ons liggame onder die magte van hierdie wêreld 'n behoefte het – nie alleen die middele waardeur ons gevoed en geklee word nie maar heeltemal alles wat God tot ons voordeel voorsien, sodat ons ons brood in vrede mag eet. Hierin dra ons ons kortliks aan sy sorg op en ons vertrou ons aan sy voorsienigheid toe om ons te voed om ons te verkwik en te bewaar. Want ons Vader ag dit nie benede Hom om selfs ons Liggame in sy sorg en bewaking te neem; om ons geloof ook in die geringe te beproef wanneer ons van Hom alle dinge, selfs 'n krummeltjie brood en 'n druppel water, verwag nie. Aangesien dit deur die een of ander sonde so toeberei is dat ons dus meer oor ons vlees as oor ons siele bekommerd en verontrus is, is baie mense wat waag om hulle vertroue oor hulle siele op God te stel, tog nog bekommerd oor [199] hulle vlees, en hulle is onseker oor wat hulle gaan eet en oor wat hulle gaan aantrek, en as hulle nie 'n voorraad wyn, koring en olie op hande het nie, bewe hulle. Van soveel groter waarde ag ons die skaduwee van hierdie verbygaande lewe as daardie ewige onsterflikheid.

Maar die wat op God vertrou en eens en vir altyd hulle besorgheid en hulle kommer oor die vlees van hulle afgewerp het, verwag meteen dadelik belangriker gawes, ook hulle redding en die ewige lewe, van Hom. Dit is dus geen geringe beproewing van die geloof om van God die dinge te verwag wat ons andersins so bekommerd stem nie. Ons het dus goeie vordering gemaak wanneer ons hierdie ongeloof laat vaar wat met hand en tand aan die beendere van feitlik alle mense kleef (Matt. 6:25-33). Gevolglik vra ons ons Vader om brood. In verband met die feit dat ons voorts 'daagliks' en 'vandag' sê, word ons geleer dat ons nie met 'n onbeheerste begeerte na die verganklike dinge moet smag, wat ons later ydel op genot, vertoon of 'n ander skyn van weelde verkwis nie. Maar ons moet slegs dit vra wat vir ons behoefte genoeg is en wel vir een dag. Dit moet ons in die vaste vertroue op ons Vader doen dat wanneer Hy ons vandag voed, Hy ons nie more sal versaak nie. Hoe 'n groot oorvloed aan lewensmiddele ons ook al te beurt mag val, selfs wanneer ons graanskure gevul en ons voorraadkamers vol is, betaam dit ons nog altyd om vir ons daaglikse brood te vra, met dit in gedagte dat al ons eiendom niks beteken as die Here nie sy seën [200] daaroor uitstort, dit laat gedy en vrugbaar maak nie; dat selfs dit wat in ons hande is, nie eers aan ons behoort nie, behalwe in soverre Hy uur vir uur elke deeltjie daarvan aan ons skenk en ons toelaat om dit te gebruik.

Maar die mense wat nie met hulle daaglikse brood tevrede is nie maar met onbeteuelde begeerte na eindelose dinge smag, of die mense wat, versadig van hulle oorvloed en sorgeloos in die ophoping

van hulle rykdom, nogtans God met hierdie bede aanroep, doen hiermee niks anders as om Hom te bespot nie. Want die mense vra iets wat hulle nie wil kry nie – iets wat hulle geheel en al verafsku, naamlik blote daaglikse brood – en sover hulle kan, verdoesel hulle hulle sug na gierigheid vir God, hoewel die ware gebed alles wat binne-in skuil, voor Hom moet uitstort.

Maar ander mense vra van Hom weer iets wat hulle allermins van Hom verwag, naamlik iets waarvan hulle meen dat hulle dit alreeds besit.

Uit die feit dat ons die brood ons s'n noem, blyk God se milddadigheid nog meer, omdat Hy dit tot ons eiendom maak wat volgens geen rekening aan ons verskuldig is nie (Deut. 8:18). Wat die feit betref dat ons vra dat dit aan ons gegee moet word – daarmee word aangedui dat dit 'n eenvoudig onbaatsugtige gawe van God is, van watter oord af dit ons ook al bereik, selfs wanneer dit lyk asof dit deur ons eie aanleg en ywer verkry is en deur ons eie hande voorsien is.

[201]

**DIE VYFDE BEDE**

**VERGEWE ONS ONS SKULDE, SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE**

In hierdie bede vra ons dat aan ons dié vergiffenis van ons sondes geskenk moet word wat vir alle mense sonder uitsondering noodsaaklik is. Ons noem ons sonde 'skulde', omdat ons straf en boete daarvoor aan God verskuldig is. Ons sou hoegenaamd nie daaraan kon voldoen as dit nie was dat ons deur hierdie vergiffenis daarvan vrygemaak is nie (Rom. 3:23). Dit is die onbaatsugtige genade van sy barmhartigheid, wanneer Hy self milddadig hierdie skulde uitwis, ons daarvan vryskeld sonder om enige betaling daarvoor van ons te ontvang, maar uit sy barmhartigheid vir Homself daaraan te voldoen in Christus, wat Homself eenmaal ter vereffening daarvan aan die Vader oorgelewer het.

Die mense wat dus hulle vertroue daarin stel dat hulle uit eie verdienste of uit die verdienste van ander voldoening aan God kan gee en dat hulle met hierdie genoegdoening vergiffenis van hulle sondes kan koop en betaal, het hoegenaamd geen deel in hierdie onbaatsugtige gawe nie. Wanneer hulle God na hierdie vorm van gebed aanroep, dan doen hulle niks anders as om die aanklag teen hulle te onderteken en hulle verdoemenis met hulle eie getuienis te beseël nie. Want hulle erken dat hulle skuldenaars is, behalwe as hulle deur 'n weldaad van vergiffenis [202] daarvan kwytgeskeld sou word. En tog verkry hulle dit nie maar verwerp dit eerder, wanneer hulle hulle verdienstes en hulle aflate aan God opdring. Want so smeek hulle nie om sy barmhartigheid nie, maar hulle roep sy geregtigheid tot verantwoording.

Ten slotte vra ons dat vergiffenis vir ons moet geskied soos ons self ons skuldenaars vergewe (Matt. 6:12). Dit beteken soos ons die mense vergewe en verskoon deur wie ons in enige opsig leed aangedoen is deur ons in dade onbillik te behandel of in woorde te beledig. Nie dat dit ons reg sou wees om hulle skuld vir hulle oortreding of misdryf te vergewe nie. Dit is die mag van God alleen (Jes. 43:25). Maar ons vergiffenis is die volgende: om ons toorn, haat en wraakgierigheid volkome uit ons harte uit te ban en die herinnering aan hulle onregte vrywillig in die vergetelheid uit te wis.

Daarom moet ons God nie om vergiffenis van ons sondes vra as ons alle mense wat ons 'n onreg aangedoen het of nog aandoen nie hulle oortredinge teen ons vergewe nie. As ons 'n mate van haat in ons harte oorhou, wraak oorweeg en 'n geleentheid bedink om hulle skade aan te doen, of, eerder, as ons ons nie met ons vyande versoen, ons in elke soort pligsvervulling teenoor hulle verdienstelik maak en ons inspan om ons met hulle te versoen nie, dan besweer ons God met hierdie bede om nie vergiffenis van sondes aan ons te gee nie. Want ons bid dat Hy aan ons moet doen wat ons aan ander doen. Dit beteken dat ons vra dat [203] Hy dit nie vir ons moet doen tensy ons dit self doen nie. Wat bereik mense van hierdie aard met hulle bede anders as 'n swaarder oordeel?

In die laaste plek moet ons daarop ag slaan dat hierdie bepaling dat Hy ons moet vergewe soos ons ons skuldenaars vergewe, nie om die rede bygevoeg word dat ons deur die vergiffenis wat ons aan ander skenk, sy vergiffenis sou verdien nie. Dit was eerder slegs God se wil om met hierdie woord

vertroosting vir die swakheid van ons geloof te bied. Want Hy het dit as 'n teken bygevoeg, sodat ons daardeur verseker kan word dat net so gewis aan ons vergiffenis van ons sonde deur Hom geskenk sal word as wat ons daar daadwerklik van seker is dat ander deur ons vergewe word, as ons harte net maar van alle haat, nyd en wraak geledig en gesuiwer is.

Daarbenewens het God met hierdie teken uit die getalle van sy kinders die mense uitgewis wat maklik tot wraak geneig is maar moeilik om te vergewe, halsstarrige vyandskap bedrywe en dieselfde misnoeë waarvoor hulle God om genade smeek, teenoor ander vertroetel, sodat hulle werklik nie kan waag om Hom as hulle Vader aan te roep nie.

[204]

**DIE SESDE BEDE**

**LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE**

Daar is 'n groot verskeidenheid gedaantes van versoeking. Want ook al die bose oordenkinge van ons hart wat ons daartoe uitlok om die wet te oortree, wat òf ons heftige begeertes by ons opwek òf waartoe die Satan ons aanhits, is versoekinge. Selfs die dinge wat van nature nie euwels is nie, word tog deur die lis van die duiwel versoekings wanneer hulle op so 'n wyse aan ons oë opgedring word dat ons deur die blootstelling daaraan van God verwyder word of van Hom afwyk (Jak. 1:2, 14; Matt. 4:1; 1 Thes. 3:5).

Versoekinge kom van links en regs. Van regs kom dié soos rykdom, mag en eer, wat dikwels die mens se skerpsienigheid verblind met die glans en skyn van goedheid wat hulle vertoon. Met hulle bekoorlikheid verlei hulle ons sodat mense, bedrieg deur sulke begogelinge in hulle beskonkenheid van die bekoorlikheid daarvan, hulle God vergeet. Van links kom versoekinge soos armoede, onsedelikheid, smaad, leed en ander soortgelyke aanslae. Deur die moeitevolle inspanning daarvan verbitterd laat hulle alle hoop vaar, verwerp hulle alle vertroue en hoop en word hulle uiteindelik volkome van God vervreem. As gevolg van hierdie versoekinge wat deur ons eie begeertes in ons aan die brand gesteek of deur die listigheid van die Satan aan ons voorgehou is, kom ons [205] in stryd met onsself. Ons smeek God, ons Vader, dus dat Hy nie moet toelaat dat ons hiervoor swig nie. Maar ons bid eerder dat Hy met sy hand ons moet onderskraag en bemoedig, sodat ons deur sy krag versterk, teen al die bose aanslae van ons vyand staande kan bly, watter gedagtes hy ook al in ons hart instuur. Ons bid dat wat ook al aan albei kante op ons weg gelê word, ons dit ten goede mag omkeer; dit is dat ons nie deur voorspoed opgeblase of deur teenspoed terneergeslae mag word nie.

Maar ons vra nie dat ons hoegenaamd geen versoekings moet ervaar nie, want ons het grootliks 'n behoefte daaraan om daardeur opgewek, geprikkel en geruk te word om te verhoed dat ons in traagheid verstar (Jak. 1:2). Want dit is nie sonder sin dat ook Dawid begeer het om versoek te word nie (Ps. 26:2), en nie sonder rede dat die Here elke dag sy uitverkorenes in versoeking bring (Gen. 22:1; Deut. 8:2; 13:3) en hulle deur skande, armoede, benoudheid en ander soortgelyke kwellinge kasty nie. Maar God versoek ons op 'n ander wyse as Satan. Die Satan versoek ons om ons die verderf in te stuur, ons te verdoem, te beskaam en neer te slaan. God lei ons in versoeking om sy uitverkorenes te ondersoek, te beproef, hulle vlees te laat sterwe, te suiwer en te louter. As dit nie so in bedwang gehou word nie, sou dit in losbandigheid verval en uitermate op homself roem.

Bowendien val Satan dié mense aan wat ongewapend en [206] onvoorbereid is, om hulle onverhoeds te vernietig, maar saam met die versoeking skep God ook 'n uitkoms, sodat die wat aan Hom behoort, geduldig kan verduur wat Hy ook al op hulle weg lê (1 Kor. 10:13; 2 Petr. 2:9).

Dit is dus ons bede: dat ons nie deur versoekinge oorwin of oorweldig mag word nie maar dat ons deur die krag van God teen al die bose kragte waardeur ons aangeval word, moedig staande mag bly – dit is om nie voor die versoeking te swig nie; dat ons, opgeneem in sy troue bewaking en veilig in sy beskerming, onoorwonne deur die sonde, die dood, die poorte van die hel (Matt. 16:28) en die hele ryk van die Satan staande kan bly – dit is om van die bose verlos te word.

Hier moet ons ook noukeurig daarop let dat ons nie die kragte het om met die duiwel, so 'n groot stryder, kragte te meet of sy geweld en aanslae te verduur nie. Andersins sou grondeloos en tot sy bespotting van God iets gevra word wat ons reeds het. Die mense wat hulle in vertroue op hulleself vir so 'n stryd gereed maak, het nie voldoende begrip daarvoor dat hulle met 'n halsstarrige, goed toegeruste vyand te doen het nie. Nou is ons bede dat ons van sy mag verlos mag word, soos uit die bek van 'n waansinnige, bloeddorstige leeu, deur die kloue en tande waarvan ons dadelik verskeur en deur sy kake afgesluk sou word, as dit nie was dat God ons midde uit die dood sou ruk nie. Tog is ons terselfdertyd daarvan bewus [207] dat as God ons naby is, en as Hy vir ons stry, terwyl ons stil is, ons in sy krag kragtig sal word. Laat ander gerus maar na hulle wens op hulle eie vrye wil en op die kragte wat hulle uit hulleself het, vertrou. Maar laat dit vir ons genoeg wees dat ons net in God se krag staande bly en kragtig is.

Hierdie drie bedes waarin onsself en ons besittings aan God opdra, dui duidelik aan wat ons tevore reeds gesê het, naamlik dat die gebede van Christene in die openbaar behoort plaas te vind en dat dit in die openbaar op die stigting van die gemeente en die bevordering van die gemeenskap van die gelowiges gerig behoort te wees. Want elkeen bid nie afsonderlik dat dit waarom hy vra, aan hom persoonlik gegee moet word nie, maar ons bid almal saam in gemeenskap vir ons brood, vir vergiffenis van sondes, dat ons nie in versoeking gelei moet word nie en dat ons van die Bose verlos mag word.

Daarbenewens word 'n rede bygevoeg waarom ons so 'n groot vrymoedigheid om dit te vra en vertroue om dit verkry, mag hê.

**WANT AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK, EN DIE MAG EN DIE HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID**

Hier, ja, hier is die bestendige en stille rus van ons geloof. Want as ons gebede uit eie aansien aan God opgedra moes word, wie sou dan kon waag om in [208] God se teenwoordigheid selfs te prewei? Hoe uiters ellendig ons nou ook al is, hoe uiters onwaardig van alle dinge en hoe verstoke van alle aanneemlikheid, sal 'n rede om te bid ons nooit ontbreek nie, en nooit sal die vertroue ons beskaam nie, aangesien sy koninkryk, sy mag en sy heerlikheid nooit van ons Vader weggeneem kan word nie.

Aan die einde word 'Amen' daar bygevoeg. Daarmee word die vurigheid van ons verlange om te verkry wat van God gevra is, tot uitdrukking gebring. Ons hoop word bevestig dat alles van hierdie aard alreeds tot stand gebring is, en dat dit vir seker aan ons toegestaan sal word, aangesien dit deur God, wat nie kan bedrieg nie, aan ons belowe is.

Alles wat ons hoegenaamd van God kan of behoort te vra, is in hierdie rigsnoer opgeteken en as maatstaf vir die gebed deur die allerbeste leermeester, Christus, aan ons oorgedra. Die Vader het Hom as onderwyser oor ons aangewys, en dit was sy wil dat Hy alleen aangehoor en gehoorsaam moet word. Want van ewigheid af was Hy sy wysheid, en toe Hy mens geword het, is Hy as engel van sy groot raadsplan aan die mens gegee.

Hierdie gebed is in alle opsigte so volmaak dat enigiets vreemds wat van buite af daaraan toegevoeg word, wat nie daarmee in verband gebring kan word nie, goddeloos is en nie werd om deur God toegestaan te word nie. Want met hierdie samevatting het Hy gebied wat [209] Hom waardig, vir Hom aanvaarbaar en vir ons noodsaaklik is; kortom, wat Hy bereid is om aan ons toe te staan.

Die mense wat waag om dit te buite te gaan en hierbenewens van God iets anders te vra, in die eerste plek uit die begeerte om iets van hulle eie aan God se wysheid toe te voeg, iets wat nie sonder waansinnige laster kan gebeur nie; tweedens deur hulle nie aan God se wil te hou nie maar dit te minag en as gevolg van hulle begeertes baie ver daarvandaan weg te dwaal, hulle sal uiteindelik nooit iets verkry nie, aangesien hulle sonder die geloof bid. Omdat sulke gebede almal sonder die geloof afgelê sou word, bestaan daar geen twyfel daaroor dat ook die Woord van God daarin afwesig is nie; en as die geloof nie daarop steun nie, kan dit hoegenaamd nie staande bly nie. Hulle is inderdaad nie alleen sonder die Woord van God nie, maar met soveel inspanning as wat hulle kan, strewe hulle daarteen.

Dit beteken nie dat ons wil hê dat dit so begryp moet word dat ons deur hierdie vorm van gebed so aan bande gelê word dat ons geen woord of lettergreep daarvan mag verander nie. Want oral in die Skrif is baie gebede te lese wat in woorde geheel en al hiervan verskil maar tog deur dieselfde Gees opgeteken is, die gebruik waarvan vir ons tog baie voordelig is. Met hierdie leer bedoel ons slegs dit: dat niemand hoegenaamd iets anders moet vra, verwag of eis as wat samevattend in hierdie gebed opgesom is nie en, al sou dit met woorde wees wat geheel en al [210] hiervan verskil, moet dit tog nie in die betekenis verskil nie. So word gewis en seker al die gebede in die Skrif hierin saamgevat. Inderdaad is daar nêrens 'n ander te vinde wat die volmaaktheid van hierdie gebed kan ewenaar of oortref nie. Hierin is niks weggelaat wat tot lof van God bedink behoort te word, en niks wat tot sy eie voordeel in die mens se gedagtes behoort op te kom nie. Dit is trouens so noukeurig opgestel dat alle hoop daarop om iets beters aan te durf met reg alle mense ontneem is.

Om op te som: Laat ons daaraan gedagtig wees dat dit die onderwysing van die goddelike wysheid is wat ons geleer het wat sy wil was en wie se wil dit was wat nodig was. Maar hoewel hierbo opgemerk is dat ons ons harte tot God moet verhef, na Hom moet smag en sonder ophou tot Hom moet bid, aangesien ons swakheid van so 'n aard is dat dit slegs met baie hulpmiddels onderskraag kan word, en ons traagheid so dat dit prikkeling nodig het, betaam dit elkeen van ons om elke dag bepaalde ure vir die beoefening van die gebed vas te stel. Sonder gebed mag dit nie verbygaan nie, en hiertydens moet die gevoelens van ons hart ten diepste daarmee besig wees. Dit is naamlik wanneer ons in die more opstaan voordat ons ons dagtaak aanpak, wanneer ons by 'n ete aansit, wanneer ons met die seën van die Here geëet het en wanneer ons ons ter ruste begewe.

Dit moet egter geen bygelowige waarneming van die ure wees sodat ons die indruk mag kry dat ons, asof [211] ons ons skuld aan God vereffen het, ons plig vir al die ander ure kan versuim nie. Dit moet eerder 'n onderwysing vir ons swakheid wees, sodat dit daardeur geoefen en geprikkel kan word.

In besonder moet ons ernstig daarop let dat ons nie so dikwels as wat ons deur die een of ander teenspoed geknel word, of wanneer ons merk dat ander so gekwel word, dadelik met vlugtige voet na God hardloop nie, maar eerder met opgehewe harte. Verder moet ons nie toelaat dat ons eie voorspoed of dié van ander verbygaan sonder om met lof en dankbetuiging daarvan te getuig dat ons God se hand daarin erken nie.

Ten slotte moet ons in elke gebed noukeurig daarop let dat ons bedoeling nie moet wees om God aan bepaalde omstandighede te verbind of aan Hom voor te skryf op watter tyd, plek of wyse Hy iets moet doen nie.

Deur hierdie gebed word ons dus geleer dat ons geen wet vir Hom kan maak of voorwaarde op Hom kan lê nie, maar dat ons dit aan sy oordeel moet oorlaat om dit wat Hy tot uitvoer gaan bring, op die wyse, tyd en plek tot uitvoer te bring wat vir Hom goed lyk.

Voordat ons enige gebed ten behoewe van onsself bedink, bid ons vooraf dat sy wil mag geskied. Daardeur onderwerp ons ons wil aan sy wil om dit asof met 'n toom te beteuel sodat dit nie die versinsel mag skep dat dit God kan bedwing nie maar om Hom tot [212] Beskikker en Leier van al ons versoeke te maak. As ons harte op gehoorsaamheid hieraan ingestel is en as ons toelaat dat ons deur die wette van God se voorsienigheid geregeer word, sal ons geredelik leer om in die gebed te volhard, ons verlangens op die agtergrond te skuiwe en geduldig op die Here te wag. Dan sal ons daarvan seker wees dat, selfs al verskyn Hy glad nie, Hy altyd by ons is en dat Hy op sy tyd duidelik sal maak dat sy ore nie doof is vir ons gebede wat in die oë van mense skynbaar onverhoord gaan nie.

Dit sal dus vir ons 'n immer teenwoordige vertroosting wees dat as God nie op ons eerste versoeke antwoord nie, ons nie moed moet verloor of in wanhoop verval nie. Dit is die gewoonte van mense wat terwyl hulle met hulle eie vurigheid in vervoering raak, God op so 'n wyse aanroep dat, as Hy nie op hulle eerste aandrang verskyn en onmiddellik hulp aan hulle verleen nie, dadelik die versinsel skep dat Hy toornig en vyandig teenoor hulle is. Dan laat vaar hulle alle hoop om verhoor te word en

hulle hou op om Hom aan te roep. Laat ons God voorts nie versoek of Hom, deur ons boosheid uitgeput, teen ons opwek nie. Dit is die gebruik van baie mense wat slegs onder 'n bepaalde voorwaarde met God 'n ooreenkoms aangaan en net asof Hy 'n dienskneg van hulle begeertes is, Hom aan die bepalings van hulle kontrak verbind. En as Hy nie onmiddellik daaraan gehoorsaam is nie, is hulle verontwaardig; dan brom hulle; hulle protesteer en murmureer en is hoogs ontsteld. Aan hulle [213] gee Hy dikwels in sy toorn iets wat Hy in barmhartigheid vir ander teenoor wie Hy goedgesind is, weier.

Die kinders van Israel is 'n voorbeeld hiervan: Dit sou vir hulle beter gewees het om nie deur die Here verhoor te word nie, eerder as om hulle verontwaardiging saam met hulle vleis te sluk (Num. 11:18, 33).

Maar as ons sintuie ten slotte selfs na lang verwagtinge nie agterkom dat daar enige voordeel deur die gebed ontstaan het en dit ook geen vrug daaruit ervaar nie, dan sal ons geloof ons tog verseker van dit wat met ons sintuie nie waargeneem kan word nie, naamlik dat ons tog verkry het wat vir ons tot voordeel gestrek het. En Hy sal dit op so 'n wyse bewerk dat ons oorvloed in armoede en vertroosting in beproewing kan besit. Want al sou alles ons ontbreek, sal God ons nooit verlaat nie, omdat Hy die verwagting en geduld van die wat aan Hom behoort, nooit teleur kan stel nie. Hy alleen sal in die plek van alles vir ons intree, aangesien Hy alles wat goed is, in Homself insluit. Dit sal Hy eendag aan ons openbaar op die oordeelsdag, waarop Hy sy koninkryk duidelik aan ons sal toon.

Inderdaad het gelowiges daaraan 'n behoefte om deur hierdie lydsaamheid onderskraag te word, aangesien hulle nie lank staande sal bly as hulle nie daarop steun nie. Want God beproef die mense wat aan Hom behoort, nie met ligte beproewinge nie, en Hy behandel hulle nie sagkens nie, maar dikwels dryf Hy hulle [214] tot die uiterste toe, en wanneer hulle hierheen gedryf is, laat Hy hulle lank in die modder bly voordat Hy hulle 'n voorsmakie van sy soetheid bied, en, soos Hanna gesê het, Hy maak dood, en Hy maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk, en Hy laat weer daaruit terugkom [1 Sam. 2:6]. Wat sou hulle anders kon doen, wanneer hulle mismoedig in wanhoop ineenstort, wanneer hulle terneergeslae, verlore en reeds halfdood is as om deur die gedagte opgehef te word, naamlik dat hulle deur God versorg word en dat daar aan hulle kwellinge van die oomblik 'n einde sal kom?

[215]

leones et uituli ad praesepe simul stabunt, lupus ovem non rapiet, canis non venabitur, accipitres et aquilae non nocebunt, infans cum serpentibus ludet.

(Lactantius: Div. inst. 7. 24. 8.)

[216]



1.Reg.2 na) mortificat, & uiuificat: deducit ad inferos, & reducit. Quid hic possent, nisi liqui animis & in desperationē ruere? nisi afflictos, desolatos, & iam semimortuos hæc cogitatio erigeret, se à Deo respici, & finem præsentibus malis affore?

## DE SACRAMENTIS.

### CAPVT IIII.

NVNC de sacramentorum ratione dicendum erit, de quibus certam aliquam doctrinam tradi, magnopere nostra refert: unde nos, & quem in finem instituta fuerint, & quis eorum nunc usus sit, discamus. Principio animaduertere cōuenit, quid sit sacramentum. Est autem signum externum, quo bonam suam erga nos uoluntatem Dominus nobis repræsentat, ac testificatur: ad sustinendam fidei nostræ imbecillitatem. Definiri quoq; aliter potest: Vt uocetur testimonium gratiæ Dei, externo symbolo nobis declaratum. Quo etiam intelligimus, nunquam sine præeunte promissione esse sacramentum, sed illi potius tanquam appendicem

[217]

## Hoofstuk 4

**DIE SAKRAMENTE**

Nou moet ons oor die aard van die sakramente praat. Dit is vir ons van die allergrootste belang dat 'n bepaalde leer in verband hiermee geleer word, sodat ons kan leer waaruit dit ontstaan het en met watter doel dit ingestel is.

Ten aanvang pas dit ons om te wete te kom wat 'n sakrament is. Dit is dan 'n uitwendige teken waarmee die Here sy goeie wil jeens ons aan ons toon en betuig met die oog daarop om die swakheid van ons geloof te onderskraag. Dit kan ook op 'n ander wyse so omskrywe word dat dit die getuienis van die genade van God genoem kan word soos dit deur 'n uitwendige teken aan ons kenbaar gemaak is.

Hieruit lei ons af dat 'n sakrament nooit sonder 'n belofte is wat daaraan voorafgaan nie, maar dat dit eerder soos 'n soort aanhangsel daarby gevoeg word om juis die belofte te bevestig, te beseël en dit vir ons tot 'n sterker getuienis te maak. So maak God voorsiening vir die onkunde van ons verstand en die swakheid van ons vlees. En tog is dit nie nodig om [218] die waaragtigheid van God te bevestig eerder as om ons in die waaragtigheid te vestig nie, aangesien die waaragtigheid van God onwrikbaar en seker genoeg is. Dit het geen behoefte aan beter bevestiging as wat dit uit homself kan put nie.

Maar ons geloof is so gering en so swak dat dit dadelik sal wankel, weifel en in onsekerheid sal verval as dit nie van alle kante onderskraag en op elke moontlike wyse ondersteun sou word nie. Hier pas die Here in sy barmhartigheid Hom op so 'n wyse by ons vermoë aan. Aangesien ons wesens is wat altyd op die grond rondtas en aan die vlees bly hang en niks geesteliks bedink of selfs voel nie, lei Hy ons selfs met die vleeslike middele na Hom toe, en Hy veroorsaak dat ons in die vlees die dinge wat aan die gees behoort, oordink. Nie omdat sulke gawes van die natuur wat in die sakramente aan ons voorgesit word, op so 'n wyse aan ons gegee is nie, maar omdat hulle deur God tot beseëling hiervan beseël is.

Ons moet nie luister na die mense wat met spitsvondigheid hieroor redeneer nie, naamlik dat ons weet of nie weet nie dat die Woord van God wat aan die sakrament voorafgaan, waaragtig die wil van God is. As ons dit weet, leer ons niks uit die sakrament wat daarop volg nie. As ons dit nie weet nie, dan leer die sakrament ons dit ook nie. Die hele krag en werking van die sakrament is in die Woord geleë.

Hulle sou bondig soos volg geantwoord kan word: [219] Die seëls wat aan ordonnansies en ander openbare handelinge geheg word, is op sigself genome van geen waarde nie, in soverre as wat dit sinneloos daaraan toegevoeg sou word as daar niks op die perkament geskrywe is nie. Maar wanneer dit by die Skrif gevoeg word, bevestig en beseël dit die Skrif. Hulle kan hulle nie daarop beroem dat die gelykenis maar onlangs deur ons versin is nie, want ook Paulus maak daarvan gebruik wanneer hy die besnydenis 'n seël noem (Rom. 4:11).

Aangesien die Here sy beloftes "verbonde" noem [Gen. 6:18; 9:9; 18:2) en sy sakramente tekens van die verbonde, kan 'n voorbeeld daarvan uit die verbintenis tussen mense afgelei word. Wat sou die uitwerking daarvan wees om 'n varksog te slag as Woorde nie die slagtery onderbreek nie – nee, eerder daaraan voorafgaan nie? Want sôe word dikwels geslag sonder enige dieper liggende of verhewener geheim. Wat sou handgee beteken wanneer hande dikwels vyandig handgemeen raak? Wanneer woorde daaraan voorafgaan, word die bepalings van verbonde dikwels deur sulke tekens bekragtig, al sou dit tevore in woorde geformuleer, opgestel en afgekondig wees.

Die sakramente is dus beoefeninge wat ons sekerder maak van ons geloof in die Woord van God. Omdat ons vleeslik is, word dit in vleeslike dinge aan ons geopenbaar om ons volgens die vermoë van ons traagheid op te voed en ons aan die hand te lei soos onderwysers vir kinders. Om hierdie rede noem Augustinus 'n [220] sakrament die sigbare Koord, omdat dit die belofte van God duidelik

maak asof in 'n skildery en dit aanskoulik en verstaanbaar uitgedruk voor ons oë stel.

Ook ander voorbeelde kan aangehaal word om die sakramente nog duideliker te beskrywe: So kan ons dit die pilare van ons geloof noem. Want soos 'n gebou op sy eie fondamente staan en rus maar dit tog met groter sekerheid ondersteun word as pilare daaronder ingebou is, net so rus die geloof op die Woord van God soos op 'n fondament; maar as die sakramente daarby kom, steun dit met meer krag hierop soos op pilare. Of ons sou dit ook spieëls kon noem waarin die rykdom van die genade van God wat Hy aan ons skenk, waargeneem kan word. Want, soos tevore reeds gesê is, openbaar Hy Hom juis daarin aan ons in so verre dit ons stompsinnigheid gegun is om Hom te leer ken, en dit getuig van sy goeie wil jeens ons. Die argument van mense wat hieruit die volgende af leiding maak, is dus nie paslik genoeg nie, naamlik dat dit nie getuienisse van God se genade is nie, omdat dit dikwels ook deur goddelose mense ontvang word; hulle stem God tog nie daarom meer goedgesind teenoor hulle nie, maar hulle haal hulle eerder 'n swaarder verdoemenis op die hals. Want volgens dieselfde argument sou ook die evangelie geen getuienis van die genade van God gewees het nie, omdat dit deur baie gehoor en verag is; en selfs Christus sou daarvan geen getuienis wees nie, omdat Hy deur baie gesien en erken is, maar net 'n uiters klein groepie van hulle het Hom aangeneem.

[221] Dit is gevolglik seker dat sy barmhartigheid en die genade van sy goedgunstigheid tesame met sy heilige Woord deur die Here met sy sakramente vir ons aangebied word. Dit kan egter nie anders begryp word as net deur die mense wat sowel die Woord as die sakramente in vaste geloof aanneem nie. Soos Christus deur die Vader aan alle mense aangebied en tot hulle eie redding voorgehou is, is Hy tog nie deur almal erken en aangeneem nie. Toe Augustinus dit iewers wou aandui, het hy opgemerk dat die werking van die Woord in die sakramente aan die lig kom, nie omdat dit uitgespreek word nie maar omdat dit geglo word.

Ons het dus vasgestel dat die sakramente deur God ingestel is met die oog daarop om ons geloof tot diens te wees, naamlik om dit te voed, dit te beoefen en te laat toeneem.

Die besware wat sommige mense gewoonlik teen die opvatting opper, is te onbeduidend en kragteloos. Sommige beweer dat ons geloof nie kan verbeter as dit reeds goed is nie; want dit is nie geloof as dit nie onwrikbaar, bestendig en onverdeeld op die barmhartigheid van God steun nie. Vir hulle sou dit beter wees om saam met die apostels te bid dat die Here hulle geloof moet laat toeneem, eerder as om met stompsinnigheid so 'n volmaakte vorm van geloof voor te doen as wat 'n mensekind nog nooit bereik het en niemand ooit in hierdie lewe sal bereik nie. Laat hulle antwoord wat na hulle mening die geloof was van die man wat gesê het: "Ek glo, Here; kom my ongeloof te hulp" (Markus 9:24). Want hoewel sy geloof [222] onvolkome was, was dit goed, en as sy ongeloof weggeneem sou word, kon sy geloof nog beter word. Maar hulle sal met geen stewiger argument as juis hulle eie gewete weerlê kan word nie. Want as hulle erken dat hulle sondaars is – iets wat hulle willens en wetens nie kan ontken nie – moet hulle dit noodwendig aan die onvolkomendheid van hulle geloof toereken. Maar, sê hulle, Filippus het aan die hofdienaar gesê dat hy gedoop mag word as hy met sy hele hart glo (Hand. 8:37). Watter plek het die bevestiging van die doop hier, wanneer geloof die hele hart vul? Dan weer is my vraag aan hulle: Ervaar hulle nie dat 'n goeie deel van hulle hart sonder geloof is nie en herken hulle nie elke dag 'n nuwe toename daarin nie? 'n Ou man het daarop geroem dat hy in die onderwysing oud geword het. Ons Christene is dus drie maal ellendig as ons oud word sonder om vordering te maak. Christene se geloof behoort deur al die vlakke van die lewe te vorder totdat dit in die volmaakte mens tot volle wasdom kom (Ef. 4:13). Gevolglik beteken "om met jou hele hart te glo" in hierdie aanhaling nie om Christus volmaak aan te hang nie maar slegs om Hom uit die hart en met opregte gemoed aan te gryp; nie om met hom versadig te wees nie maar om met brandende verlange na Hom te honger, te dors en na Hom te smag.

Dit is gebruik om in die Skrif daarvan te praat dat iets heelhartig gedoen moet word; dit beteken dat iets opreg uit die hart moet geskied. Die volgende is voorbeelde hiervan: "in my hele hart het ek U

[223] gesoek" (Ps. 119:10), "Ek sal in my hele hart aan u bely" (Ps. 111:1; 138:1) en soortgelyke voorbeelde.

Sommige skrywe dat, as die geloof deur die sakramente toeneem, die Heilige Gees vrugteloos gegee is. Tog is die krag en die werking daarvan om die geloof te begin, dit te bewaar en te volbring. Teenoor hulle erken ek dat die geloof die besondere en volle werk van die Heilige Gees is: wanneer ons daardeur verlig is, leer ons God en die skatte van sy goedgunstigheid ken, en sonder die verligting daarvan is ons verstand so blind dat dit niks kan raaksien, en so verdwaas dat dit selfs geen oppervlakkige kennis van geestelike dinge kan verkry nie. Maar vir die een seëning van God wat hulle verkondig, is ons van oordeel dat daar drie bestaan.

Want in die eerste plek leer en onderwys die Here ons met sy Woord. Tweedens bevestig Hy dit met sy sakramente, en laastens verlig Hy ons verstand met die lig van sy Heilige Gees en open Hy ons harte vir sy Woord en die sakramente. Andersins sou dit slegs ons ore tref en voor ons oë verskyn maar hoegenaamd geen invloed op ons binneste hê nie.

Maar die sakramente is in so 'n mate 'n bevestiging van ons geloof dat die Here soms wanneer Hy die vertroue op die beloftes in die sakramente wil wegneem, die sakramente self wegneem. Wanneer Hy Adam die gawe van onsterflikheid ontneem en ontsê, sê Hy: "Laat hy nie neem van die vrug van die lewe nie, sodat hy nie tot in ewigheid lewe nie" (Gen. 3:22).

[224] Wat hoor ons? Was die vrug daartoe in staat om aan Adam die onbedorwenheid waarvan hy alreeds afvallig geword het, terug te gee? Hoegenaamd nie! Maar dit is dieselfde asof Hy sou gesê het: "Om te verhoed dat hy op ydele vertroue steun as hy aan die teken van my belofte vashou, laat van hom dit weggeneem word wat enige hoop op onsterflikheid vir hom sou kon skep". Wanneer die apostel die Efesiërs vermaan, stel hy dit op die volgende wyse: dat hulle daaraan gedagtig moes wees dat hulle vreemdelinge van die verbonde is, vervreemd van die gemeenskap van Israel, sonder God en sonder Christus (Ef. 2:12); daarby het hy gesê dat hulle nie deelgenote van die besnydenis was nie. Daarmee dui hy metonimies aan dat die mense wat nie die teken van die belofte ontvang het nie van die belofte uitgesluit is.

Ons antwoord is ook reg vir hulle tweede beswaar, naamlik dat die heerlikheid van God oorgaan op sy skepsels aan wie net soveel krag gegee word en dat dit slegs in soverre verminder word: in skepsels word deur ons geen krag gestel nie. Ons sê slegs die volgende: dat God die middele en instrumente aanwend wat vir Hom voordelig lyk sodat alle dinge sy heerlikheid kan dien, aangesien Hy Heer en Regter is van alle dinge. Soos Hy dus ons liggame met brood en ander voedsel voed; soos Hy met die son die wêreld verlig; soos Hy dit met vuur verwarm, so is nòg die brood nòg die son nòg vuur iets anders as middele waarmee Hy sy seëninge aan ons uitdeel. Net so voed Hy ons geloof geestelik met behulp van die [225] sakramente, en die enigste funksie hiervan is om die beloftes van God voor ons oë te stel om daarna te kyk. En net soos dit ons plig is om geen vertroue te stel in ander skepsels wat volgens die goedgesindheid van God vir ons gebruik bestem is en deur die diensbaarheid waarvan Hy die gawes van sy milddadigheid aan ons skenk, en ons dit ook nie moet bewonder en as oorsaak van ons seën mag verklaar nie, net so behoort ons ook nie ons vertroue in die sakramente te vestig en die heerlikheid van God daarop oor te plaas nie, maar wanneer ons alle ander dinge laat vaar het, behoort ons geloof en ons belydenis tot Hom, die Skepper van sowel die sakramente as van alle ander dinge, op te styg.

Wat die feit betref dat hulle juis in die woord 'sakrament' 'n voorwendsel vir hulle dwaling soek – hierin is hulle optrede glad nie verstandig nie. Hulle beweer dat hoewel die woord 'sakrament' baie betekenisse by gevierde skrywers het, dit slegs een betekenis het wat by 'teken' pas, naamlik die betekenis waarin dit die heilige eed aandui wat 'n soldaat by die begin van sy militêre diensplig voor sy generaal aflê. Want soos nuwe soldate hulle lojaliteit teenoor hulle generaal met die militêre eed verbind en hulle militêre diensplig openlik verklaar, so verklaar ons Christus met die tekens as ons generaal, en ons getuig dat ons onder sy vaandel soldate is.

Hieraan voeg hulle verdere voorbeelde toe om die aangeleentheid nog duideliker te maak. Soos die Romeine deur 'n toga van die Grieke, wat met 'n pallium geklee [226] was, onderskei is, en die stande in Rome elk volgens sy eie onderskeidingstekens onderskei is – die senatoreklas van die ridderorde deur middel van 'n purperrand en gepunte skoeisel, en die ridderorde weer van die plebs deur middel van 'n ring – dra ons desgelyks ons eie tekens om ons van onheilige mense te onderskei.

Maar ek verklaar onwrikbaar dat die ou skrywers wat die benaming 'sakramente' aan die tekens geheg het, hulle hoegenaamd nie bekommer het oor die gebruik wat Latynse skrywers van die woord gemaak het nie, maar dat hulle die nuwe betekenis vir hulle eie gerief geskep het, doodeenvoudig om daarmee heilige tekens aan te dui.

Maar as ons die onderwerp meer in diepte wil bespreek, kan dit lyk asof hulle volgens dieselfde analogie die uitdrukking op 'n soortgelyke betekenis oorgedra het as dié waarin die uitdrukking 'geloof' nou in gebruik is. Want hoewel geloof waaragtigheid in die uitvoering van beloftes beteken, beweer hulle tog dat geloof sekerheid beteken of ook 'n gewisse oortuiging wat juis in verband met die waarheid gehuldig word. Aangesien die sakramentseed 'n soldaat se lojaliteitsluiting is waarvolgens hy hom aan sy generaal wy, het hulle volgens die plig van die generaal opgetree waarvolgens hy soldate in sy linies opneem. Want deur die sakramente belowe die Here dat Hy vir ons 'n God en ons vir Hom 'n volk sal wees.

Maar ons laat sulke spitsvondighede agterweë, [227] aangesien ons met baie duidelike argumente kan bewys dat hulle niks anders in die oog gehad het as om aan te dui dat dit tekens van heilige geestelike dinge is nie.

Ons aanvaar die vergelykings wat hulle aanvoer. Maar ons duld dit nie dat iets wat in die sakramente van minder belang is, deur hulle as die eerste en selfs die enigste belang neergelê word nie. Van die eerste belang is dit dat die sakramente ons geloof voor God moet dien; die tweede, dat dit van ons belydenis voor die mense moet getuig. Volgens hierdie tweede belang het hulle vergelykings wel krag.

Aan die ander kant moet ons daaroor vermaan word dat net soos hulle die werking van die sakramente verswak en die gebruik daarvan volkome vernietig, daarteenoor diegene is wat sekere geheime kragte aan die sakramente heg, en ons lees nêrens daarvan dat God dit ooit daarop ingeplant het nie. Deur hierdie dwaling word eenvoudige en ongeletterde mense gevaarlik mislei wanneer hulle geleer word om die gawes van God te soek waar dit glad nie te vinde is nie, en hulle word geleidelik van God af weggetrek om agter ydelheid aan te gaan.

Daar is twee groepe mense wat so 'n leer versprei. Die eerste groep hiervan het geleer dat die sakramente van die nuwe wet, dit is die sakramente wat nou in die Christelike kerk in gebruik is, die genade regverdig en teweegbring, op voorwaarde dat ons geen hindernis van sterflike sonde in die weg daarvan [228] plaas nie. Daar kan nie gesê word hoe verderflik en onheilsaam hierdie opvatting is nie en nog des te meer so omdat dit deur baie eeue tevore tot groot verlies vir die kerk in 'n groot deel van die wêreld vastrapplek gekry het. Dit is gewis en seker duiwels. Want terwyl dit geregtigheid sonder geloof belowe, dryf dit ons siele halsoorkop in verwarring en oordeel in.

Die onbeheerste lofprysinge van wat in die ou kerkvaders te lese is, het hulle mislei.

So is byvoorbeeld die volgende stelling van Augustinus: "Die sakramente van die ou wet het slegs verlossing belowe, maar ons s'n gee dit". Aangesien hulle nie kon raaksien dat hierdie en soortgelyke stylfigure hiperbole is nie, het hulle self ook hulle eie oordrewe wonderspreuke oral bekend gestel, maar in 'n betekenis wat aan die geskrifte van die ou kerkvaders geheel en al vreemd was. Want Augustinus het daar niks anders bedoel as wat hy ook elders skrywe nie, naamlik dat die sakramente van die Mosaïese wet Christus vooraf aangekondig het, maar dat ons sakramente Hom verkondig het asof Hy bedoel het dat eersgenoemde Hom uitgebeeld het, aangesien Hy toe nog verwag is, maar dat ons sakramente Hom toon asof Hy teenwoordig is en alreeds gelewer is. Dit kan enersyds geredelik uit 'n nadere ondersoek van die aanhaling beoordeel word en andersyds uit 'n sekere

preek waarin hy openlik bely dat die sakramente van die Jode in hulle tekens verskil het, maar dat [229] hulle in die saak wat aangedui word, dieselfde is – verskillend in sigbare voorkoms maar dieselfde in geestelike krag.

Laat dit daarom onwrikbaar vas staan dat die funksie van die sakramente nie verskil van dié van die Woord van God nie. Dit is om Christus vir ons te bied en voor ons oë te stel en in Hom die skatte van die hemelse genade te vind. Tog het dit geen waarde of voordeel behalwe vir die mense deur wie dit met die geloof aanvaar word nie.

Die ander groep dwaal nie so gevaarlik nie, maar tog dwaal hulle. Want hulle glo self dat daar die een of ander verborge krag aan die sakramente verbind en geheg is om daarin die genade van die Heilige Gees uit te deel soos wyn wat in 'n kruik voorgesit word, aangesien die sakramente slegs die funksie het om vir ons van die goedgunstigheid van God te getuig en dit in ons te bevestig. Dit het geen ander voordeel as die Heilige Gees dit nie vergesel nie, aangesien die Heilige Gees ons verstand en ons hart open en ons vir hierdie getuienis ontvanklik maak. En daarin verskyn helder die verskeie en onderskeie genadegawes van God. Want die sakramente is soos boodskappers wat nie die gawes wat uit God se milddadigheid aan ons gegee is, met hulle meebring nie maar dit aankondig en vir ons toon.

Die Heilige Gees, wat die sakramente nie sonder onderskeid na alle mense bring nie maar wat die Here in besonder vir die wat aan Hom behoort, aanbied, is [230] die middel wat die genade van God met hom saambring, aan die sakramente 'n plek onder ons gee en veroorsaak dat dit vrug dra.

Soos ons tot dusver die aard daarvan bespreek het, sluit die term 'sakrament' oor die algemeen al die tekens in wat God ooit aan die mens beseël het om hulle sekerder en veilig te maak oor die waarheid van sy beloftes. Dit was sy wil om dit soms in natuurlike voorwerpe na vore te laat kom, en by tye het Hy dit in wonders geopenbaar.

Voorbeelde van die eerste groep is die volgende: Toe Hy aan Adam en Eva die boom van die lewe as borg vir hulle onsterflikheid gegee het sodat hulle dit veilig aan hulleself kon belowe so lank as wat hulle van die vrugte daarvan sou eet (Gen. 2:9; 3:22); voorts toe Hy die reënboog vir Noag en sy nageslag ingestel het tot 'n herinnering dat Hy hierna nie die aarde met 'n vloed sal vernietig nie (Gen. 9:13-16). Adam en Noag het dit as sakramente beskou. Nie dat die boom aan ander 'n onsterflikheid sou lewer wat die boom nie aan homself kon bied nie, en nie dat die reënboog, wat maar net 'n weerkaatsing van die son se strale op die teenoorstaande wolke is, doeltreffend sou wees om die waters in bedwang te hou nie, maar omdat dit 'n teken deur die Woord van God daarop ingegrif gehad het sodat dit as die bewyse en tekens van sy verbonde kon dien. Tevore was die boom weliswaar maar net 'n boom en die reënboog maar net 'n reënboog. Maar toe die Woord van God daarop geskrywe is, [231] is dit met 'n nuwe gestalte beklee, sodat dit begin het om iets te wees wat dit tevore nie was nie.

Sodat niemand mag dink dat hierdie bewerings tevergeefs gemaak word nie, is die reënboog ook vandag nog vir ons 'n getuienis van die verbond wat die Here met Noag gesluit het. So dikwels as wat ons dit aanskou, lees ons hierdie belofte van God daarin: dat die aarde nooit met 'n vloed vernietig sal word nie. As die een of ander filosofaster, om die eenvoud van ons geloof te bespot, dus verklaar dat so 'n kleureverskeidenheid natuurlik uit die weerkaatsing van die strale op 'n teenoorstaande wolk ontstaan, moet ons die weliswaar erken, maar ons moet ook vir sy eie stompsinnigheid lag, aangesien hy God nie as Here van die natuur erken nie en dat Hy al die natuurmagte aanwend om sy eie roem te gehoorsaam.

As Hy herinnerings van die aard op die son, die sterre, die aarde en op klippe afgestempel het, sou dit alles vir ons sakramente wees. Want waarom het ruwe silwer en gegraveerde silwer nie dieselfde waarde nie, hoewel elkeen volkome dieselfde metaal is? Natuurlik omdat eersgenoemde niks anders as net sy natuurlike staat het nie, maar wanneer dit met 'n offisiële merk gemunt is, word dit 'n muntstuk en kry dit nuwe waarde. En sou God dan nie sy skepsels kon merk sodat die dinge wat

tevore blote natuurkragte was, sakramente kan word nie?

Voorbeelde van die tweede groep is die volgende: [232] Toe Hy 'n skaapvel met dou benat het, terwyl die grond droog was, en daarop weer die aarde benat het, terwyl die vel onaangeraak was, om daardeur aan Gideon die oorwinning te belowe (Rigters 6:37-38); toe Hy die skaduwee van die sonhorlosie tien grade teruggetrek het om aan Hiskia sy gesondheid te belowe (2 Kon. 20:9-11; Jes. 38:7). Aangesien hierdie dinge plaasgevind het om die swakheid van hulle geloof te onderskraag en te versterk, was ook dit sakramente.

Ons huidige doelstelling is egter om in besonder 'n uiteensetting te gee van die sakramente waarvan dit God se wil was dat dit die gebruiklike sakramente in sy kerk moes wees om die mense wat aan Hom behoort, in een geloof en een belydenis van geloof te voed. Dit is nie soseer in tekens as in seremonies geleë nie; of as 'n mens dit verkies: die tekens wat hier gegee word, is seremonieel. 'n Mens sou sulke sakramente daarom kon omskrywe as seremonies waardeur die Here die geloof van sy volk wil beproef en versterk. Hierdie sakramente het verskil volgens die tydsbedeling waarin dit vir die Here goed gelyk het om Hom, nou met hierdie en dan weer met daardie sakramente, aan die mens te openbaar.

Want die besnydenis is aan Abraham en sy nageslag opgedra (Gen. 17:10); daaraan is later volgens Mosaïese wet reiniging en offerandes toegevoeg (Lev. 11:15). Dit was die Jode se sakramente tot by die koms van Christus. Dit is deur Hom afgeskaf, en slegs twee sakramente is ingestel, waarvan die [233] Christelike kerk nou nog gebruik maak, naamlik die doop en die nagmaal van die Here (Matt. 28:19; 26:26).

En tog het die ou sakramente dieselfde doel gehad as die waarheen ons eie sakramente neig, naamlik om mense na Christus te rig en bykans aan die hand na Hom te neem of, liewer, om Hom as afbeeldinge weer te gee en Hom voor ons oë te stel sodat ons Hom kan leer ken. Aangesien ons tevore alreeds geleer het dat dit tekens is waardeur die beloftes van God beseël word, en aangesien dit baie gewis en seker is dat geen belofte van God al ooit aan die mens gemaak is behalwe in Christus nie (2 Kor. 1:20), moet hulle Christus noodwendig aan ons toon om ons iets in verband met die belofte van God te leer.

Daar is slegs een verskil, naamlik dat die eerste sakramente 'n voorafskaduwing was van Christus, wat aan ons belowe is terwyl daar nog op Hom gewag is. Laasgenoemde sakramente getuig egter daarvan dat Hy reeds aan ons gelewer en geopenbaar is. Wanneer elkeen van die onderafdelings verduidelik word, sal dit baie duideliker word.

Die besnydenis was vir die Jode 'n teken waardeur hulle vermaan is dat enigiets wat uit die hart van die mens voortkom, dit is die natuur van die mens, bedorwe is en weggesnoei moet word. Daarbenewens was dit 'n bewys en herinnering om hulle in die belofte te bevestig wat aan Abraham gegee is in verband met die seën van sy saad, waarin al die volkere van [234] die aarde geseën sou word (Gen. 22:18) en waarvandaan hulle hulle eie seën moes verwag. Voorts was die saak van hulle redding, soos ons deur Paulus geleer word (Gal. 3:16), Christus, in wie alleen hulle hulle vertroue gestel het om terug te kry wat hulle in Adam verloor het. Daarom was die besnydenis vir hulle dieselfde as wat dit vir Abraham was, soos Paulus ons meedeel (Rom. 4:11), naamlik 'n teken van die geregtigheid van die geloof – dit is 'n seël waardeur hulle met groter sekerheid daarin versterk kon word dat hulle geloof waarmee hulle juis die saak verwag het, vir hulle deur God as geregtigheid tot krediet gereken word.

Doop en reiniging het aan hulle hulle onreinheid, hulle vuilheid en bevlekking getoon waarmee hulle van nature besmet was. Maar die seremonies het ook aan hulle 'n ander afwassing belowe waardeur al hulle vuilheid uitgewis en afgewas kon word (Hebr. 9:10, 14). Hierdie afwassing was Christus, deur wie se bloed ons afgewas (1 Joh. 1:7; Open. 1:5) en deur wie se wonde ons genees is (Jes. 53:5; 1 Petr. 2:24).

Hulle offerandes was vir hulle 'n aanduiding van hulle ongeregtigheid, en dit het hulle terselfdertyd

geleer dat 'n vorm van genoegdoening noodsaaklik was om vir die geregtigheid van God te vergoed. Dit het vir hulle aangedui dat daar 'n hoë priester moes wees, 'n middelaar tussen God en die mens om deur die vergieting van sy bloed aan die geregtigheid van God te voldoen, asook deur die offerande van 'n offerdier, [235] wat tot 'n vergiffenis van hulle sondes aangeneem moes word. Hierdie hoëpriester was Christus (Hebr. 4:14; 5:5; 9:11); Hy het sy eie bloed vergiet; Hy was self die offerande. Want in gehoorsaamheid aan sy Vader het Hy Homself in die dood oorgelewer (Filip. 2:8) om met sy gehoorsaamheid die ongehoorsaamheid van die mens (Rom. 5:19), wat die toorn van God verwek het, uit te wis.

In soverre dit ons sakramente aangaan, die volgende: Hoe nader Christus aan die mens geopenbaar is, hoe duideliker bied die sakramente Hom aan ons sedert die tyd waarop Hy waarlik deur die Vader aan ons getoon is soos Hy belowe is. Want die doop getuig aan ons dat ons gereinig en skoon gewas is; die eetmaal van danksegging getuig dat ons vrygekoop is. In die water word die afwassing uitgebeeld en in sy bloed die voldoening.

Hierdie twee elemente word in Christus aangetref, wat, soos Johannes gesê het, in water en bloed gekom het (1 Joh. 5:6) – dit is, om te reinig en vry te koop. Daarvan getuig ook die Heilige Gees – of, liewer, daar is drie getuienisse in een: water, bloed en Gees (1 Joh. 5:18). In die water en die bloed het ons 'n getuienis van reiniging en vrykoping. Maar die Heilige Gees, die belangrikste Getuie, verseker ons geloof van sulke getuienis. Die verhewe geheimenis is voortreflik in die kruis van Christus vir ons getoon toe water en bloed uit sy heilige sy uitgevloei het (Joh. 19:34). Om dié rede het [236] Augustinus dit met reg die bron van ons sakramente genoem. En tog moet ons 'n ietwat breedvoeriger uit eensetting van die sakramente gee.

**DIE DOOP**

Die doop is deur God aan ons gegee in die eerste plek in diens van ons geloof voor Hom en in die tweede plek in diens van ons belydenis voor die mens. Ons sal in volgorde die rede vir die instelling van elkeen daarvan bespreek. Die doop dra drie dinge tot ons geloof by en hulle moet elk afsonderlik behandel word.

Die eerste wat deur die Here vir ons aangetoon word, is dat dit as 'n teken en bewys van ons reiniging moet dien; of, om dit beter te stel, dit word soos 'n boodskapper aan ons gestuur om vir ons te bevestig dat al ons sondes op so 'n wyse uitgewis, vernietig en uitgedelg is dat dit nooit weer voor sy aangesig kan kom of onthou of ons toegereken kan word nie. Want dit is sy wil dat almal wat geglo het, tot vergiffenis van hulle sondes gedoop moet word (Matt. 28:19; Hand. 2:38).

Daarom het die mense wat gewaag het om te skrywe dat die doop niks anders as 'n teken en merk is waarmee ons ons geloof voor mense bely, soos soldate die onderskeidingstekens van hulle generaal as 'n teken van hulle nering dra, nie die belangrikste aspek in [237] die doop in oorweging geneem nie. Die rede waarom ons die doop moet aanvaar, lê in die volgende opgesluit: dat almal wat glo en gedoop is, gered sal word (Markus 16:16).

In hierdie betekenis moet verstaan word wat deur Paulus geskrywe word, naamlik dat die kerk deur Christus, die Bruidegom, geheilig en deur die afwassing van die water in die Woord van die lewe gereinig is (Ef. 5:26). Elders skryf hy dat ons na sy barmhartigheid gered is deur die afwassing van wedergeboorte en van die hernuwing van die Heilige Gees (Titus 3:5). Ook deur Petrus word gesê dat die doop ons verlos (1 Petr. 3:21).

Want hy het nie die bedoeling gehad dat ons afwassing en ons redding deur die tussenkoms van water volbring word of dat water die instrument van ons reiniging, ons wedergeboorte of ons hernuwing is nie; dat hier nie die rede vir ons redding is nie maar slegs dat die kennis en sekerheid van sulke gawes in hierdie sakrament ontvang word – iets wat uit sy woorde duidelik genoeg verklaar word. Want Paulus bind die woord van die lewe en die doop met water saam net asof hy bedoel het dat 'n boodskap van ons afwassing en heiligmaking deur die evangelie aan ons gebring word en dat 'n boodskap van hierdie aard deur die doop beseël word. Daaraan voeg Petrus

onmiddellik toe dat die doop nie 'n aflegging van die vuilheid van die vlees is nie maar 'n goeie gewete voor God, wat uit die geloof spruit.

[238] Want ons moet nie die opvatting huldig dat die doop slegs maar vir die verlede bestem is nie, sodat ons vir nuwe vergrype waarin ons sedert die doop verval het, nuwe geneesmiddels moet soek. As gevolg van hierdie dwaling het dit eenmaal gebeur dat sommige mense nie bereid was om deur die doop gewy te word behalwe in die uiterste lewensgevaar en met hulle laaste ademteug nie, om sodoende vergiffenis vir hulle hele lewe te verkry. Ons moet egter daaraan dink dat ons vir ons hele lewe gewas en gereinig word op watter tydstip ons ook al gedoop word. So dikwels as wat ons dus in sonde verval, moet ons ons doop in herinnering roep en ons siel daarmee bewapen, sodat dit altyd seker en gerus kan wees oor die vergiffenis van ons sondes. Want hoewel dit gelyk het asof die doop verbygegaan het wanneer dit net een maal bedien is, is dit tog nie deur latere sondes uitgewis nie. Want die reinheid van Christus is daarin vir ons gebring, en dit gaan nog steeds van krag tot krag. Dit word deur geen vlek oorweldig nie, maar dit begrawe en wis al ons vuilheid uit.

Ons moet egter nie na aanleiding hiervan die vryheid aangryp om in die toekoms te sondig nie, aangesien ons glad nie vir so 'n vermetelheid geleer word nie. Maar hierdie leer word slegs aan die mense oorgedra wat, wanneer hulle gesondig het, vermoeid en verlate onder hulle sondes, versugtinge slaak, sodat hulle die doop kan hê om hulle op te rig en te vertroos om te verhoed dat hulle in beskaming en wanhoop stort. So het Paulus gesê dat Christus vir ons Versoener [239] geword het tot vergiffenis van ons voorafgaande sondes. Daarmee ontken hy nie dat ons in Hom voortdurend en herhaaldelik vergiffenis van sondes, selfs tot in die dood, kry nie, maar hy dui aan dat Hy deur sy Vader aan ellendige sondaars gegee is wat deur die brandyster van hulle gewete gewond is en na 'n dokter smag. Die barmhartigheid van God word hulle aangebied. Maar die wat op grond van hulle ongestraftheid motivering en vryheid om sonde te doen najaag, verwek niks anders as net die toorn en die oordeel van God oor hulleself nie.

Maar dit bring ook 'n ander vertroosting, omdat dit aan ons ons eie afsterwe in Christus toon en 'n nuwe lewe in Hom – soos die apostel sê: "Aangesien ons in sy dood gedoop is, is ons saam met Hom in die dood begrawe, sodat ons in 'n nuwe lewe kan wandel" (Rom. 6:3-4). Met hierdie Woorde spoor hy ons nie alleen aan om Hom na te volg net asof hy bedoel het dat ons deur die doop vermaan word om na die voorbeeld van Christus se dood en na die voorbeeld van sy opstanding in ons begeertes te sterwe om weer in sy geregtigheid opgewek te word nie, maar ook dink hy aan iets wat baie verhewener is, naamlik dat Christus ons deur die doop deelgenote van sy dood gemaak het, sodat ons daarop ingeënt mag wees. En net soos 'n takkie sy lewensvoedsel put uit die wortel waarop dit ingeënt is, net so ervaar die mense wat die doop met verskuldigde geloof aanvaar, die werking van die dood van Christus in die afsterwe van hulle vlees en die werking van sy weeropstanding in die lewendmaking van die Gees.

[240] Hieruit put Paulus stof tot aansporing: as ons Christene is, behoort ons dood te wees vir die sonde en vir geregtigheid te lewe (Rom. 6:11). Hy maak elders van dieselfde argument gebruik, naamlik dat ons besny is en die ou mens laat vaar het nadat ons deur die doop in Christus begrawe is (Kol. 2:11-12). In die Woorde wat ons so pas aangehaal het, noem hy dit in hierdie betekenis die afwassing van die weeropstanding en van die hernuwing (Titus 3:5). So het Johannes eerste en daarna ook die apostel, gedoop met die doop van berou tot 'n vergiffenis van sondes (Matt. 3:6; Luk. 3:16; Joh. 3:23; 4:1; Hand. 2:38). Onder die woord 'berou' het hulle so 'n wedergeboorte en onder vergiffenis van sondes 'afwassing' verstaan. Want verskillende hande waarmee dit bedien word, maak die doop nie verskillend nie, maar dieselfde leer toon aan dat dit dieselfde doop is.

Johannes en die apostels het met mekaar oor een leer saamgestem: hulle het almal tot berou, almal tot vergiffenis van sondes en almal in die Naam van Christus, uit wie die berou en vergiffenis van sondes ontspring, gedoop. Johannes het gesê dat Christus die lam van God is deur wie die sondes van die wêreld weggeneem kon word (Joh. 1:29). Hierin het Hy 'n offer, 'n middelaar en verlosser wat vir die Vader aanvaarbaar was, gelewer. Wat kon die apostels nog by hierdie belydenis byvoeg?

Wat beteken die verklaring van Johannes dat Hy met water doop maar dat Christus sal kom om met die Heilige Gees en vuur te doop? (Matt. 3:11; Luk. 3:16).

[241] Want dit was nie sy bedoeling om die een doop van 'n ander doop te onderskei nie, maar hy het sy eie persoon met die Persoon van Christus vergelyk: dat hy 'n bedienaar van water was maar Christus gewer van die Heilige Gees, en verder dat hierdie krag met 'n sigbare wonderwerk kenbaar gemaak sal word op die dag waarop Hy die Heilige Gees in vurige tonge aan die apostels sou stuur. Waarop kon die apostels hulle nog meer beroem? En waarop die mense wat vandag doop? Want hulle is slegs maar bedienaars van 'n uitwendige teken, maar Christus is die oorsprong van innerlike genade.

Hierdie dinge wat ons in verband met sowel die afsterwe as die afwassing gesê het, is in die volk van Israel vooraf afgeskadu; om dié rede sê die apostel dat die volk in 'n wolk en in die see gedoop is (1 Kor. 10:2). Die afsterwe is uitgebeeld toe die Here hulle uit die hand van Farao en uit wrede slawerny bevry en vir hulle 'n pad deur die Rooisee heen gebaan het; daarop het Hy Farao self en hulle vyande uit Egipte, wat hulle agterna gejaag en hulle lewe bedreig het, daarin laat verdrink. Want ook op dieselfde wyse belowe Hy en gee Hy in die doop met 'n teken aan ons 'n aanduiding dat ons deur sy krag uit die gevangenskap van Egipte – dit is uit die slawerny van die sonde – uitgelei en gered is, maar dat ons eie Farao verdrink het (Ex. 14) – dit is die duiwel, hoewel hy nie ophou om ons te kwel en te vermoei nie.

Maar soos die Egiptiese farao nie in die diepte van [242] die see gewerp maar op die strand neergevel is, het hy die Israeliete nog met sy verskriklike gesig ver skrik, maar hy kon hulle geen skade aandoen nie. Net so bedreig ons vyand ons nog; hy toon ons sy wapens en ons bemerk hom, maar hy kan ons nie oorwin nie.

In die wolk (Num. 9:15; Ex. 13:21) was die teken van reiniging, want soos die Here toe 'n wolk voor hulle geplaas, hulle daarmee bedek, en aan hulle verkwikking gegee het om te verhoed dat hulle as gevolg van die ongenaakbare hitte van die son sou verswak en wegkwyn, net so erken ons dat ons in die doop deur die bloed van Christus bedek en beskerm is om te verhoed dat die strengheid van God, wat waarlik 'n ondraaglike vlam is, op ons aanstorm.

Nou is dit baie duidelik hoe vals die opvatting is wat sommige geleerdes verkondig, naamlik dat ons deur die doop vrygemaak en losgekoop word van die oorspronklike sonde en die bedorwenheid wat van Adam af in sy hele nageslag voortgesit is, en dat ons in dieselfde geregtigheid en natuurlike reinheid herstel word as wat Adam sou verkry het as hy in die ongeskondenheid gebly het waarin hy aanvanklik geskape is. So 'n groep geleerdes het nog nooit agtergekom wat oorspronklike sonde, oorspronklike geregtigheid en die genade van die doop beteken het nie.

Oorspronklike sonde is die mismaaktheid en bedorwenheid van ons natuur wat ons voor die toorn van God [243] skuldig gemaak het. Daarom bring dit ook werke in ons voort wat die Skrif "werke van die vlees" (Gal. 5:19) noem. Dit is wat in besonder in die Skrifte sonde genoem word.

Die werke wat daaruit na vore kom, soos owerspel, hoerery, diefstal, nyd, rusie, moord en swelgpartye, behoort net so eerder vrugte van die sonde genoem te word, hoewel dit ook in die Skrif dikwels sonde genoem word.

Ons moet gevolglik noukeurig op die volgende twee aspekte let: Omdat ons in alle opsigte van ons natuur so geskonde en bedorwe is, is ons slegs op grond van so 'n bedorwenheid na verdienste verdoem en voor die aangesig van God, vir wie niks behalwe geregtigheid, onskuld en reinheid aanvaarbaar is nie, skuldig bevind. En so bring ook suigelinge hulle eie verdoemenis vanuit hulle moederskoot met hulle mee. Hoewel hulle nog nie die vrug van hulle eie boosheid voortgebring het nie, is die saad daarvan in hulle opgesluit; nee, liewer, hulle hele natuur is saad van die sonde. Daarom kan hulle natuur nie anders as om vir God gehaat en verfoeilik te wees nie.

Deur die doop word gelowiges daarvan seker dat hierdie verdoemenis weggeneem en van hulle

verwyder is, aangesien, soos reeds opgemerk is, die Here met hierdie teken aan ons belowe dat volledige en volkome vergiffenis geskep is sowel vir die skuld wat ons toegereken behoort te word, as vir die straf wat ons [244] vir die skuld betaal. Hulle verkry ook geregtigheid, maar dan 'n geregtigheid wat die volk van God in hierdie lewe kan verkry, naamlik slegs deur toerekening, omdat die Here hulle na sy barmhartigheid as regverdiges en onskuldiges beskou.

In die tweede plek moet ons daarop let dat hierdie bedorwenheid nooit in ons tot 'n einde kom nie, maar dat dit voortdurend nuwe vrugte voortbring; dit is naamlik die werke van die vlees (Gal. 5:19) wat ons hierin tevore beskrywe het; dit is soos 'n vurige oond wat voortdurend vlamme en vonke uitblaas of soos 'n fontein wat sonder ophou water voortbring.

Die mense wat oorspronklike sonde dus as 'n gebrek aan oorspronklike geregtigheid beskrywe, het die krag en werking daarvan nie duidelik genoeg tot uitdrukking gebring nie. Want ons natuur is nie soseer hopeloos gebrekkig aan die goeie nie, maar so ryk en vrugbaar aan alle kwaad dat dit nie ledig kan wees nie.

Die mense wat beweer het dat oorspronklike sonde begeerte is, het nie 'n te vreemde woord gebruik nie, as hulle tog maar net daaraan toegevoeg het – iets wat hulle hoegenaamd nie toegee nie – dat alles wat in die mens is, van sy verstand tot sy wil, van sy siel tot sy vlees, deur hierdie begeerte bevlek en tot oorlopens toe vol is, of, om dit bondiger te stel, dat die mens in sy geheel uit homself niks anders as begeerte is nie.

[245] Begeerte van hierdie aard kom nooit in die mensdom ten volle te sterwe en word nooit volkome geblus nie, totdat hulle deur die dood van die liggaam van hulle dood bevry is en hulleself volkome verloën het. Die doop belowe ons inderdaad dat ons eie Farao verdrink het (Ex. 14:28), asook die afsterwe van ons sonde maar dan tog nie op so 'n wyse dat dit nie meer bestaan of ons nie meer kwel nie maar slegs dat dit ons nie oorwin nie. Want so lank as wat ons in die kerker van ons liggame gekluister lewe, bly die reste van die sondes in ons. Maar as ons met die geloof aan die belofte vashou wat deur God in die doop aan ons gegee is, sal die sonde nie oor ons heers of ons regeer nie.

Maar laat niemand homself bedrieg nie; laat niemand homself met sy eie boosheid vlei wanneer hy hoor dat die sonde altyd in ons woon nie. Hieronder word nie so 'n optrede bedoel dat sondaars onbesorg oor hulle sondes moet droom nie, maar slegs dat die wat deur hulle vlees geprikkel, beproef en gepynig word, nie moet wankel of moed verloor nie. Eerder moet hulle daaraan gedagtig wees dat hulle nog op die weg is, en hulle moet glo dat hulle ver gevorder het wanneer hulle agterkom dat daar elke dag 'n ietsie van hulle begeertes weggeneem word, totdat hulle uiteindelik die doel bereik waarna hulle strewe, naamlik die heel laaste afsterwe van hulle vlees, wat in die beëindiging van hierdie sterflike lewe volbring sal word.

[246] Ons beskouing moet dus soos volg wees. Ons word in die afsterwing van ons vlees gedoop; dit neem vanaf die doop in ons 'n aanvang en ons verwerf dit elke dag. Dit sal eers volbring word wanneer ons uit hierdie lewe na die Here toe oorgaan. Ten slotte ontvang ons geloof hierdie vertroosting uit die doop waarvan dit met sekerheid vir ons getuig, naamlik dat ons nie alleen op die dood en die lewe van Christus ingeënt is nie maar op so 'n wyse met Christus verenig en saamgevoeg is dat ons deelgenote van al sy seëninge is. Want Hy het die doop in sy eie liggaam gewy en geheilig (Matt. 3:13) om dit in gemeenskap met ons te besit as die stewigste band van eenheid en gemeenskap wat Hy ons waardig geag het om met ons aan te gaan. Daaruit bewys Paulus dat ons kinders van God is, omdat ons Christus in die doop tot ons eie gemaak het (Gal. 3:26-27).

So dien die doop egter ook ons belydenis voor die mense. Dit is trouens die teken waarmee ons openlik bely dat ons onder die volk van God gereken wil word; die teken waarmee ons getuig dat ons saam met alle Christene tot die aanbidding van die enige God en tot een godsdiens instem; die teken ten slotte waarmee ons ons geloof openlik verklaar, sodat nie alleen ons harte die lof van God adem nie maar ook ons tonge en al die ledemate van ons liggame sy lof kan laat weerklink met watter tekens hulle dit ook al kan doen. Want soos dit ons betaam, dra alles dan by tot gehoorsaamheid aan

die heerlikheid van God; daaraan behoort niks te ontbreek nie, en deur ons [247] voorbeeld word ook ander tot dieselfde ywer opgewek.

Dit is waarop Paulus dit gemunt het toe hy die Korintiërs gevra het of hulle dan nie in die Naam van Christus gedoop is nie (1 Kor. 1:13). Natuurlik het hy gesuggereer dat juis omdat hulle in sy Naam gedoop is, hulle hulle aan Hom gewy, in sy Naam trou gesweer en hulle in geloof voor die mense aan Hom verbind het sodat hulle niks anders as net vir Christus alleen kon bely nie, behalwe as hulle die belydenis wat hulle in die doop afgelê het, wou verloën.

Nadat nou uiteengesit is wat ons Here se bedoeling met die instelling van die doop was, is dit vir ons maklik om te oordeel wat die wyse is waarop ons dit moet gebruik en aanvaar. Want in soverre as wat dit tot vertroosting en bevestiging van ons geloof aan ons gegee word, moet dit aangeneem word asof dit uit die hand van God kom. Dit betaam ons om vas daarvan oortuig te wees dat dit God self is wat deur 'n teken tot ons spreek; dat dit God self is wat ons reinig, afwas en die herinnering aan ons sondes van ons wegneem; dat dit God self is wat ons die dood van sy Seun deelagtig maak en die kragte van Satan en ons verswak; liewer, dit is God wat ons met sy Seun beklee. Ek beweer dat Hy hierdie dade net so gewis en seker vir ons siel binne-in ons doen as wat ons met sekerheid bemerk dat ons liggaam van buite deur Hom afgewas, ondergedompel en met water omgewe word.

[248] Want of dit nou ook al analogie of vergelyking is, dit is 'n allersekerste reël van die sakramente dat ons die geestelike gawes in liggaamlike dinge moet raaksien en oordink, aangesien dit God behaag het om dit met sulke tekens weer te gee – nie omdat so 'n genade verbind is aan of ingesluit is in die sakrament of omdat die sakrament 'n middel of instrument is waardeur dit aan ons oorgelewer kan word nie, maar slegs dat God naamlik met hierdie teken van sy wil teenoor ons kan getuig dat Hy al hierdie dinge ryklik aan ons wil toebedeel. Die hoofman oor 'n honderd, Cornelius, is hiervan 'n getuie. Nadat vergiffenis van sy sondes en die sigbare genadegawes aan hom geskenk is, is hy gedoop (Hand. 10:48). Hy het nie 'n groter vergiffenis van die doop gevra nie maar 'n sekerder beproewing van sy geloof.

Miskien sou iemand dan beswaar maak: Waarom het Ananias vir Paulus aangesê om sy sondes deur die doop af te was (Hand. 22:16) as sondes nie deur die doop afgewas word nie? My antwoord daarop is die volgende: Daar word gesê dat ons dit waarvan ons glo dat dit deur God aan ons gegee is, ontvang, verkry en aanneem, of ons dit nou ook al dan vir die eerste keer herken en of ons dit nou ook al nadat ons dit herken het, as 'n vaster oortuiging beskou. Gevolglik was Ananias se bedoeling slegs die volgende: "Om seker te wees daarvan dat jou sondes vergewe is, Paulus, moet jy gedoop word. Want die Here belowe vergiffenis van sondes in die doop. Neem dit aan en wees onbesorg".

[249] Verder verkry ons uit hierdie sakrament niks behalwe in soverre as wat ons dit in die geloof aanneem nie; as die geloof ontbreek, dan sal dit 'n getuienis van 'n aanklag teen ons voor die aangesig van God wees, omdat ons nie die belofte wat daar aan ons gegee is, geglo het nie. In soverre as wat dit 'n teken van ons belydenis is, behoort ons daarmee te getuig dat ons vertroue in die barmhartigheid van God is en ons reinheid in die vergewing van ons sondes wat deur Jesus Christus is. Verder behoort ons daarvan te getuig dat ons tot die Kerk van God toetree, eensgesind in geloof en liefde, aangesien ons eendragtig met al die gelowiges saam moet lewe.

Dit was Paulus se bedoeling toe hy gesê het dat ons almal in een Gees gedoop is sodat ons een liggaam kan wees (1 Kor. 12:13).

As dit wat ons hier vasgestel het, dan waar is, naamlik dat ons die doop nie moet aanneem uit die hand van 'n mens deur wie dit bedien word nie, maar asof dit uit die hand van God self kom, deur wie dit ongetwyfeld aan ons gestuur word, kan ons daaruit aflei dat niks daartoe bygedra of weggeneem word deur die aansien van die mens deur wie se hand dit aan ons oorgedra word nie. As 'n brief byvoorbeeld tussen mense gepos word, maak dit hoegenaamd nie saak wie die posbesteller is nie, so lank as wat die handskrif en die seël daarop herkenbaar genoeg is. Net so behoort dit vir ons genoegsaam te wees om die hand en die seël van ons Here in sy sakramente te herken, [250] deur

watter besteller dit ook al aan ons afgelewer word. Hiermee word die dwaling van die Donatiste pragtig weerlê. Hulle het die krag en die waarde van die sakrament aan die aansien van die bedienaar daarvan gemeet.

Hedentendage is ons eie Katabaptiste net so. Hulle verklaar halsstarrig dat ons nie na behore gedoop is nie, omdat ons deur goddelose afgodedienaars onder pouslike regering gedoop is. Gevolglik dring hulle driftig op 'n tweede doop aan. Ons sal ons met 'n genoegsame sterk argument bewapen as ons daaraan gedagtig is dat ons deur die doop gewy is, nie in die naam van 'n mens nie maar in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt. 28:19); dat die doop daarom nie aan die mens behoort nie maar aan God, deur wie dit ook al bedien is. Al sou die mense wat ons gedoop het, geen kennis van God gehad het of Hom geminag het, het hulle ons tog nie in deelgenootskap aan hulle onkunde of heiligskennis gedoop nie maar in die geloof aan Jesus Christus, omdat hulle nie hulle eie naam nie maar die Naam van God aangeroep en ons in geen ander naam gedoop het nie. Maar as dit die doop van God was, dan het dit sekerlik ook die belofte gehad van vergiffenis van sondes, van die dood van die vlees, die geestelike lewendmaking en deelname aan Christus.

Maar nou vra hulle ons watter geloof enkele jare na die doop daarop gevolg het, met die oog daarop om te bewys dat hierdie doop ongeldig was, aangesien dit [251] nie vir ons geheilig word nie, behalwe as ons die woord van die belofte met die geloof aanneem. Op die vraag is ons antwoord dat ons lank blind en ongelowig nie aan die belofte wat in die doop aan ons gegee is, vasgehou het nie; maar omdat die belofte juis uit God gespruit het, het dit altyd onwrikbaar sterk en waaragtig gebly.

Al sou alle mense bedrieglik en verraderlik wees, hou God nie op om waaragtig te wees nie. Al sou alle mense verlore wees, bly Christus nog hulle verlossing. Ons erken dus dat die doop ons volgens die omstandighede van die tyd niks gebaat het nie, omdat die belofte wat ons daarin aangebied is, verwaarloos is – en daarsonder het die doop geen betekenis nie.

Wanneer ons deur die genade van God begin herstel, beskuldig ons ons eie blindheid en hardheid van hart, aangesien ons so lank teenoor sy groot goedheid ondankbaar was, maar ons glo dat die belofte self nie verdwyn het nie. Ja, ons dink daaroor eerder soos volg: Deur die doop belowe God aan ons vergiffenis van sonde; en Hy sal sonder twyfel sy beloftes vir die wat in Hom glo, in vervulling laat gaan. Die belofte is in die doop aan ons gegee. Laat ons dit dus met die geloof aangryp. As gevolg van ons ongeloof was dit inderdaad lank vir ons begrawe; laat ons dit dan nou weer deur die geloof opneem.

Maar dit lyk vir hulle asof hulle 'n vurige pyl op ons afskiet wanneer hulle aanvoer dat Paulus die [252] mense wat eenmaal met die doop van Johannes gedoop is, weer gedoop het (Hand. 19:2-7). Want as die doop van Johannes volgens ons belydenis volkome dieselfde as ons doop is, en soos die wat tevore verkeerd geleer is, wanneer hulle in die regte geloof onderrig is, weer daarin gedoop is, net so moet die doop wat sonder die ware leer was, as van nul en gener waarde gereken word. Ons behoort dan opnuut gedoop te word in die ware godsdiens, waarmee ons nou vir die eerste keer vertroud gemaak is.

Ek gee toe dat die doop die ware doop van Johannes was en dat dit een en dieselfde as die doop van Christus was; maar ek beweer dat hulle nie weer gedoop is nie. Wat beteken die woorde: "Hulle is in die Naam van Jesus gedoop" dan vir hulle? Sommige mense lê dit so uit dat hulle deur Paulus slegs in die opregte leer opgelei is; ek sou dit graag eenvoudiger wou verstaan, naamlik dat dit die doop van die Heilige Gees is. Dit beteken dat dit die sigbare genadegawes van die Gees is wat deur die oplegging van hande gegee is. Dit is niks nuuts om hierdie genadegawes met die term 'doop' aan te dui nie.

Dit is ook nie in stryd met dit wat later bygevoeg word nie: "Toe hy sy hande op hulle gelê het, het die Heilige Gees oor hulle neergedaal" (Hand. 19:6). Want Lukas vertel nie twee verskillende dinge nie, maar hy volg 'n vorm van vertelling wat aan die Hebreërs bekend was. Nadat hulle eers 'n opsomming van 'n gebeurtenis gegee het, verduidelik hulle dit [253] uitvoeriger. Enigiemand kan dit

ook uit die konteks aflei. Want daar word gesê: "Toe hulle dit hoor, is hulle in die Naam van Jesus gedoop. En toe Paulus sy hande op hulle gelê het, het die Heilige Gees oor hulle neergedaal". Met die laaste uitdrukking word 'n beskrywing gegee van wat die aard van die doop was.

Maar omdat uit wat gesê is, naamlik dat die doop uit twee dele bestaan, in die eerste plek om ons in verband met die belofte van God te onderrig en tweedens om ons geloof voor die mense te bely, sou daar twyfel kon ontstaan oor die rede waarom kinders van Christene gedoop moet word terwyl hulle nog maar suigelinge is. Dit lyk trouens nie asof hulle met soveel tekens onderrig kon word nie, en ook lyk dit nie asof hulle enige innerlike begrip van die geloof kan hê waarvan hulle in die openbaar getuienis kan lewer nie. In enkele Woorde sal ons 'n uiteensetting van die rede vir die kinderdoop gee.

In die eerste plek is dit onbesonne en verwaand om die bewering te maak dat geloof nie in hierdie leeftyd kan voorkom nie. Want as God sommige van hulle in so 'n lewetjie van hierdie sterflike lewe terugroep en hulle erfgename van die koninkryk van die hemele maak maar die ewige geluksaligheid in die kennis van God geleë is, waarom sou Hy nie aan hulle 'n voorsmaak en die eerste vrugte van sy goed kon gee om oorvloedig en ten volle te geniet nie? Waarom sou Hy nie deur die mense deur wie Hy eendag van [254] aangesig tot aangesig gesien sal word, deur 'n spieël in 'n raaisel gesien kon word nie? (1 Kor. 13:12).

As ons dit nie kan begryp nie, laat ons dan daaroor nadink hoe groots al sy werke en hoe verborge sy raadsplanne vir ons sintuie is.

As ons daarbenewens bely – en dit is iets wat ons noodwendig moet bely – dat ook uit hierdie leeftyd getuies van sy barmhartigheid deur die Here uitgekies word (Rom. 5:1), dan kan ons die geloof, wat die enigste weg tot hulle redding is (Hab. 2:4), ook in hulle geval nie ontken nie. Want as ons in Christus lewe, en dit werklik deur die geloof, dan kan ons nie anders as om in Adam te sterwe wanneer ons ons rug op die geloof keer nie (Rom. 1:17). Want die getuienis is duidelik: Hy wat glo en gedoop is, sal gered word, maar hy wat nie glo nie, is alreeds verdoem (Markus 16:16). Na aanleiding van die omstandighede van die aanhaling verklaar sommige mense dat die woord slegs verwys na die mense wat op grond van hulle ouderdom die prediking van die evangelie kon aanhoor omdat die apostels in die aanhaling uitgestuur word om die evangelie te verkondig. Dan volg daarop dat hy wat glo, gered sal word. Dit, sê hulle, beteken iemand aan wie dit verkondig is; maar die Woord word aan niemand anders as net volwassenes verkondig nie.

Daarteenoor verklaar ek dat hierdie stelling algemeen is wat keer op keer in die Skrif ingeprent en [255] herhaal word, sodat dit nie met so 'n ligtelike oplossing ontwyk kan word nie. Geen onderskeid in ouderdom word bepaal wanneer gesê word dat dit die ewige lewe is om die enige waaragtige God te ken en Hom wat Hy gestuur het, Jesus Christus (Joh. 17:3), en ook wanneer gesê word dat die toorn van God op die mens bly wat nie in die eniggebore Seun van God geglo het nie (Joh. 3:36); dat niemand anders as net die wat die vlees van die Seun van die mens geëet het, die lewe sal hê nie (Joh. 6:53), asook ander stellinge van dieselfde aard.

Daarom bly die stelling onwrikbaar dat niemand gered sal word behalwe deur die geloof nie, of hulle nou ook al kinders of volwassenes is. Daarom het die doop ook met reg betrekking op suigelinge, aangesien hulle die geloof in gemeenskap met volwassenes het. Maar nou moet niemand dit in die betekenis opneem asof ek die bewering sou maak dat die geloof altyd van die moederskoot af begin nie, aangesien die Here ook volwassenes vroeër of later na Hom toe roep. Maar my bewering is slegs dat al die uitverkorenes van God deur die geloof tot die ewige lewe toetree in watter stadium van hulle leeftyd hulle ook al uit die kerker van hulle bedorwenheid weggeneem word.

Maar as hierdie argument ons in die steek sou laat, sou ons nogtans oorvloedige bewys gehad het daarvan dat ons die wil van die Here gehoorsaam deur suigelinge te doop, aangesien dit sy wil was dat hulle toegelaat moes word om na Hom toe te kom (Matt. 19:14). [256] Hy verbied dit nie alleen dat hulle verhinder moet word nie, maar Hy gebied terselfdertyd dat hulle daarin bygestaan moet

word. En aangesien Hy sê dat die koninkryk van die hemele aan sulke mense behoort, doen ons niks anders as om sy stelling te onderskryf en die waarheid daarvan te beseël wanneer ons die seël van sondevergiffenis met hulle deel nie: daarsonder is die koninkryk van die hemele vir almal gesluit en toegegrendel. Ja, ook die gebod wat deur die Here in verband met die besnydenis van die seuns van Israel neergelê is (Gen. 17:10-14), moet vir ons as 'n gebod geld, aangesien ons eie doop in die plek van die besnydenis gekom het. Want die belofte wat die Here in die besnydenis aan die Jode belowe, naamlik dat Hy vir hulle self en vir hulle nageslag 'n God sal wees en hulle nageslag vir Hom 'n volk – juis dit belowe Hy vandag in die doop aan Christene, maar nie slegs aan volwassenes nie maar ook aan suigelinge vir wie Paulus juis om die rede heilig noem, net soos die suigelinge van die Jode in vergelyking met die onreine en vuil heidene 'heilig' genoem kon word.

**DIE MAALTYD VAN DIE HERE**

'n Tweede sakrament wat vir die Christelike kerk ingestel is, is die brood wat in die liggaam van Christus geheilig is, en die wyn wat in sy bloed geheilig is. Ons noem dit die maaltyd van die Here of die nagmaal, omdat ons in hierdie sakrament enersyds [257] uit die goedheid van God gevoed word en andersyds aan Hom ons dank vir sy weldadigheid betuig.

Die belofte wat hieraan toegevoeg is, dui baie duidelik aan met watter doel dit ingestel is en waarop dit gerig is, naamlik om vir ons te bevestig dat die liggaam van die Here eenmaal so aan ons oorgelewer is dat dit nou ook aan ons behoort en dit altyd sal bly, en dat sy bloed eenmaal so vir ons vergiet is dat dit altyd ons s'n sal bly.

Hiermee word die dwaling van die mense weerlê wat gewaag het om te beweer dat die sakramente nie 'n beoefening van die geloof is wat aan ons gegee is om te bewaak, op te wek en te laat toeneem nie. Want sy woorde is: "Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed" (Luk. 22:20; 1 Kor. 11:25). Dit is 'n bewys en getuienis van sy belofte. Maar waar daar ook al 'n belofte is, daar het die geloof iets om op te steun, iets om homself te vertroos en iets om homself te versterk. Ons siele kan inderdaad groot vreugde van soetheid en vertroosting uit hierdie sakrament versamel, omdat ons agterkom dat Christus op so 'n wyse op ons en ons op so 'n wyse op Hom ingeënt is dat ons alles wat aan Hom behoort, ons s'n kan noem, en alles wat aan ons behoort, as Syne kan beskou.

Daarom sou ons ook kon waag om onbesorg die belofte aan onsself af te lê dat die ewige lewe aan ons behoort en dat die koninkryk van die hemele net so min [258] vir ons as vir Christus self verlore kan gaan; dat ons aan die ander kant net so min vir ons sondes verdoem kan word as Hy, omdat dit nou nie meer ons sondes is nie maar syne – nie omdat dit dan volgens enige skuld met reg Hom toegereken moes word nie, maar omdat Hy Homself as skuldenaar vasgestel en as vereffenaar aanbied. Dit is die verwisseling waarmee Hy uit sy onpeilbare goedheid met ons handel; dat Hy ons armoede op Hom geneem het en sy eie rykdom op ons oorgedra het; dat Hy ons swakheid op Hom geneem het en ons met sy eie krag versterk het; dat Hy ons sterflikheid op Hom geneem het en sy eie onsterflikheid aan ons geskenk het; dat Hy in die aarde neergedaal het en vir ons die weg gebaan het om in die hemel op te vaar; dat Hy Seun van die mens geword het en ons saam met Hom tot kinders van God gemaak het.

Al hierdie dinge word in hierdie sakrament so onwrikbaar aan ons belowe dat dit vir ons vas moet staan dat Hy waarlik aan ons getoon word net asof Christus in sy eie persoon voor ons oë gestel en deur ons hande aangeraak word. Want hierdie woord kan ons nie tot 'n bespotting maak of vir ons lieg nie: "Neem, eet en drink: dit is my liggaam wat vir julle oorgelewer word; dit is my bloed wat tot 'n vergiffenis van julle sondes vergiet word"(Matt. 26:26; 1 Kor. 11:24; Markus 14:22; Luk. 22:19). Die feit dat Hy ons beveel om dit te neem, gee daarvan 'n aanduiding dat dit aan ons behoort. Die feit dat Hy ons beveel om dit te eet, dui daarop dat dit een in wese met [259] ons word.

Wanneer Hy sê: "Dit is my liggaam wat vir julle oorgelewer word; dit is my bloed wat vir julle vergiet word", leer Hy ons dat dit nie soseer Syne as ons s'n is nie. Dit het Hy nie vir sy eie voordeel nie maar in genade tot ons voordeel opgeneem en aan ons voorgesit.

Maar ons moet sorgvuldig daarop let dat die hele krag van die sakrament in hierdie woorde geleë is: "wat vir julle oorgelewer word" en "wat vir julle vergiet word". Andersins sou dit vir ons geringe voordeel ingehou het dat die liggaam en die bloed van die Here nou onder ons verdeel word as dit nie eenmaal tot ons verlossing en redding ter beskikking gestel is nie. Dit word dus onder die brood en wyn uitgebeeld, sodat ons kan leer dat dit nie alleen aan ons behoort nie maar dat dit vir ons tot lewensvoedsel kan dien.

Dit is in verband hiermee dat ons tevore die vermaning gerig het, naamlik dat ons van die liggaamlike dinge wat in die sakramente aan ons voorgesit word, volgens 'n sekere ooreenkoms na die geestelike dinge gelei behoort te word. Wanneer ons dus bemerk dat brood as 'n teken van die liggaam van Christus aan ons voorgesit is, dan moet ons dadelik die volgende vergelyking tref: soos die brood die lewe van ons liggame voed, onderhou en bewaar, net so is die liggaam van Christus die voedsel en beskerming van ons geestelike lewe. Wanneer wyn as 'n teken van sy bloed voorgesit word, moet ons dink aan die voordele wat [260] die wyn vir die liggaam teweegbring, sodat ons daar oor kan nadink dat dieselfde voordele deur die bloed van Christus geestelik vir ons teweeggebring word. Die voordele is om te versterk, te verkwik en te verbly.

Want as ons genoegsame oorweging skenk aan die voordele wat die oorlewering van hierdie heilige liggaam en die vergieting van hierdie bloed vir ons ingehou het, dan sal ons duidelik raaksien dat hierdie eienskappe van brood en wyn volgens 'n soortgelyke analogie uitmuntend by die dinge pas.

Dit is dus nie uitsluitlik die funksie van die sakrament om doodeenvoudig net die liggaam van Christus aan ons te toon nie, maar eerder die belofte waarmee Hy getuig dat sy vlees waarlik voedsel en sy bloed drank is om ons vir die ewige lewe te voed (Joh. 6:56), en daarmee verklaar Hy verder dat Hy die brood van die lewe is, en as iemand daarvan eet, sal hy tot in ewigheid lewe (Joh. 6:48, 50). Die uitsluitlike funksie van die sakrament, so beweer ek, is om die belofte te beseël en te bekragtig. En om dit te bewerkstellig stuur die sakrament ons na die kruis van Christus, waar die belofte waarlik vervul en ten volle volbring is.

Want wat die feit betref dat Hy Homself die brood van die lewe noem: dit is nie 'n benaming wat Hy vir Homself uit die sakrament geput het, soos sommige mense dit verkeerdelik uitlê nie, maar omdat Hy as [261] sodanig deur die Vader aan ons gegee is en Hy Homself as sodanig betoon het toe Hy 'n deelgenoot geword het van ons menslike sterflikheid en Hy ons deelgenote van sy goddelike onsterflikheid gemaak het; toe Hy Homself as 'n offerande aangebied en ons vervloeking op Hom gedra het om ons met sy seën te oorstroom; toe Hy met sy dood die dood oorweldig en vernietig het (1 Petr. 3:22; 1 Kor. 15:54); toe Hy in sy opstanding hierdie bedorwe vlees van ons wat Hy aangeneem het, in heerlikheid en onbedorwenheid opgewek het (1 Kor. 15:53-54).

Die sakrament maak dus nie van Christus die brood van die lewe nie, maar in soverre dit ons daaraan herinner dat die brood gemaak is sodat ons voortdurend daarvan kan eet, gee dit aan ons die smaak en geur van sy brood. Kortom, dit belowe aan ons dat alles wat Christus gedoen en gely het, tot ons lewendmaking gedoen is; verder dat hierdie lewendmaking ewig is, sodat ons eindeloos daardeur gevoed, onderhou en in die lewe bewaar kan word – net soos wat Christus trouens nie vir ons die brood van die lewe sou gewees het as dit nie was dat Hy vir ons gebore is en gesterf het nie; as dit nie was dat Hy vir ons opgestaan het nie; so sou Hy nou glad nie die dinge gewees het as dit nie was dat die uitwerking en vrug van sy geboorte, sy dood en sy opstanding iets ewigs en onsterfliks was nie.

As die krag van die sakrament na waarde ondersoek en geweeg is, sou dit meer as genoeg gehad het om ons [262] tevrede te stel, en verskriklike geskille sou nooit verwek gewees het nie. Daardeur is die kerk lank gelede, maar selfs nou binne ons heugenis, droewig geteister toe nuuskierige mense die begeerte gehad het om te beskrywe hoe die liggaam van Christus in die brood aanwesig is.

Ander weer het, met die oog daarop om hulleself as spitsvondige mense te bewys, aan die eenvoud van die Skrif toegevoeg dat dit Hy werklik en wesenlik daarin aanwesig is. Ander het selfs nog verder

gegaan en gesê dat Hy dieselfde afmetings het as waarmee hy aan die kruis gehang het. Nog ander het 'n wonderbaarlike transsubstansiasie uitgedink. Ander het gesê dat die brood die liggaam self is, en nog ander dat dit onder die brood was. Ander het gemeen dat slegs 'n teken en beeld van die liggaam aan hulle voorgesit word.

Dit is inderdaad 'n waardige onderwerp waaroor met groot inspanning van woorde en verstand gestry word – so is die algemene opvatting immers. Maar die mense wat die gevoel het, merk nie op dat hulle in die eerste plek ondersoek moes ingestel het hoe die liggaam van Christus ons liggaam geword het aangesien dit vir ons oorgelewer is, of hoe sy bloed ons bloed geword het aangesien dit vir ons vergiet is nie. Dit beteken inderdaad om die gekruisigde Christus volledig in besit te neem en 'n deelgenoot van al sy seëninge te word. Terwyl hulle hierdie aspekte, wat van soveel belang was, agterweë gelaat [263] of liewer geringgeskat en bykans begrawe het, gaan hulle stryd slegs oor hierdie een stekelrige vraag, naamlik hoe die liggaam deur ons verslind kan word.

Maar met die oog daarop dat die enige gewisse waaragtigheid van God in so 'n bonte warboel van opvattings vir ons nog vas kan staan, moet ons in die eerste plek daaraan gedagtig wees dat die sakrament iets geesteliks is waarmee die Here nie ons mae nie maar ons siele wou voed. Maar ons moet Christus daarin soek, nie met ons liggame nie, en ook nie soos Hy met die sintuie van ons vlees begryp kan word nie, maar so dat ons siele Hom kan herken asof Hy van aangesig tot aangesig aanwesig en voorgesit is. Kortom, ons moet genoeg hê om Hom in die gees te verkry, want so sal ons Hom in die lewe verkry, omdat enige vrug wat uit die sakrament verkry word, gelyk is daaraan om Hom te verkry.

Wanneer hierdie gedagte iemand aan die verstand gekom het en hy dit deurdink het, sal hy geredelik begryp hoe die liggaam van Christus in die sakrament aan ons voorgesit word, naamlik waaragtig en kragtig. Maar oor die aard van sy liggaam sal hy hom hoegenaamd nie bekommer nie.

Omdat hierdie aspekte minder bekend is, omdat slegs 'n handjievol mense nog maar net met 'n naald daaraan geraak het, sou dit die moeite loon om dit met meer Woorde toe te lig. Toe Christus waarlik ons vlees aangeneem het en uit 'n maagd gebore is, het Hy ook [264] in sy opstanding waarlik ons vlees aangeneem en dit in die hemel opgeneem. Want dit is ook die hoop vir ons eie opstanding en hemelvaart dat Christus opgestaan en opgevaar het.

Maar hoe swak en broos sou die hoop wees as dit nie was dat juis ons vlees waarlik in Christus opgewek en tot die koninkryk van die hemele toegetree het nie? Maar dit is voortdurend waar van die liggaam dat dit deur 'n plek ingesluit word, dat dit met sy afmetings bestaan en sy eie gestalte het. Ek weet hoe sekere hardnekkige mense nou die draak steek om die dwaalweg wat hulle lankal ingeslaan het, halsstarrig te beskerm dat die enigste afmetings wat die vlees van Christus ooit gehad het, so ver en wyd as die hemel en die aarde strek. Maar dat Hy as 'n kind uit die moederskoot gebore is en grootgeword het; dat Hy aan die kruis uitgestrek en in 'n graf gekluister is, dit, sê hulle, het volgens die een of ander orde gebeur sodat Hy die plig van sy geboorte, sy sterwe en al die ander menslike pligte kon vervul. Dat Hy na sy opstanding in sy gewone gestalte gesien en in die hemel opgeneem is (Hand. 1:3; 1 Kor. 15:5), dat Hy ten slotte selfs na sy hemelvaart aan Stefanus (Hand. 7:55) en Paulus verskyn het (Hand. 9:3), dat ook dit volgens dieselfde ordening plaasgevind het om vir die gesig van die mens aan te dui dat Hy as Koning in die hemel gestel is – wat beteken dit anders as om Marcion uit die doderyk op te wek? Want wie sou enige twyfel daaroor hê dat die liggaam van Christus 'n spook is as dit in hierdie toestand [265] was?

Hulle beweer dat dit deur Christus self gesê is: "Niemand het ooit in die hemel opgevaar nie, behalwe Hy wat daaruit neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is" (Joh. 3:13). Maar is hulle sintuie waarlik so afgestomp dat hulle nie kan sien dat dit by wyse van figuurlike mededeling gesê is nie?

Wanneer Paulus sê dat die Here van die heerlikheid gekruisig is (1 Kor. 2:8), dan is dit nie omdat Hy na sy goddelikheid gely het nie maar omdat dieselfde Christus wat verworpe en geminag na die vlees

gely het, tegelyk God en Here van heerlikheid was. So was Hy ook die Seun van die mens in die hemel (Joh. 3:13), omdat dieselfde Christus wat na die vlees van die mens as sy Seun op die aarde gewoon het, ook God in die hemel was. Op dieselfde plek word daar gesê dat Hy op die wyse na sy goddelikheid neergedaal het – nie omdat die godheid die hemel verlaat het om Hom in die gevangenis van die liggaam te verberg nie maar juis omdat Hy liggaamlik, dit is van nature, en op 'n onuitspreeklike wyse in die menslikheid van Christus gewoon het (Kol. 2:9), al sou Hy alle ander dinge gevul het.

Sommige mense ontwyk die vraagstuk 'n bietjie spitsvondiger, naamlik dat hierdie liggaam wat in die sakrament getoon word, heerlik en onsterflik is, dat daar gevolglik niks ongerymds in is as dit onder die sakrament op meer plekke of op geen plek nie en [266] sonder enige gestalte ingesluit word nie. Maar nou is my vraag: Watter soort liggaam het die Here op die dag voordat Hy sy lyding deurgegaan het, aan die dissipels gegee? Beteken die Woorde dan nie dat Hy sy sterflike liggaam, wat dadelik oorgelewer moes word, aan hulle gegee het nie? "Maar Hy het al reeds vantevore sy heerlikheid op die berg Tabor gegee om deur drie van sy dissipels gesien te word" (Matt. 17:2), is hulle bewering.

Dit is inderdaad so, maar met so 'n klaarheid het Hy in daardie uur slegs aan hulle 'n voorsmaak van sy onsterflikheid gegee. Maar toe Hy sy liggaam in die laaste eetmaal onder hulle verdeel het, was die uur alreeds naby waarop Hy deur God neergeslaan en verneder is (Jes. 53:4) en sonder aansien soos 'n melaatse gebroke was – so ver was dit toe van Hom verwyder om sy heerlikheid te toon.

En hoe 'n groot venster word hier nie vir Marcion geopen as die liggaam van Christus in een geval sterflik en nederig lyk maar in 'n ander geval as onsterflik en verheerlik geag is nie?

Maar ek sluit my oë vir so 'n groot dwaasheid. Laat hulle my slegs in verband met sy verheerlikte liggaam op die volgende vraag antwoord: Was dit nie nogtans sy liggaam nie? "Ja," sê hulle, "maar dit was sonder plek, op baie plekke, sonder vorm en sonder maat." Maar dit beteken maar net – nou nie in een enkele woord nie maar met 'n omskrywing – om dit [267] gees te noem.

Ons moet openlik die opstanding van die vlees ontken, óf ons moet bely dat Hy na sy opstanding nog vlees sal wees: dit verskil in die opsig van die gees dat dit deur ruimte ingesluit word, dat dit sigbaar en tasbaar is. Dit bied ook vir hulle selfs nie die geringste verdediging dat hulle so dikwels die beswaar opper dat Christus na sy dissipels ingekom het ten spyte daarvan dat die deur gesluit was nie (Joh. 20:19). Op 'n wonderbaarlike wyse van binnekoms het Hy gewis ingekom, want Hy het die deure nie met geweld afgebreek of gewag dat dit deur 'n mensehand vir Hom oopgemaak word nie, maar met sy krag het Hy elke hindernis voor Hom laat swig.

Verder het Hy deur sy binnekoms aan sy dissipels die werklikheid van sy liggaam bewys. "Kyk en voel", het Hy gesê, "want 'n gees het nie vlees en bene nie" (Luk. 24:39). Kyk, dit bewys dat die verheerlikte liggaam van Christus waarlik sy liggaam was, want dit kon aangeraak en gesien word. Neem dit weg, en dit hou op om waarlik liggaam te wees.

Om ons gehaat te maak beskuldig hulle ons daarvan dat ons kwaadwillig van die mag van die almagtige God praat. Maar hulle fouteer dwaas of hulle lieg onbeskaamd. Want die vraag is nie waartoe God in staat was nie, maar wat sy wil was. Ons verklaar nadruklik dat dit gebeur het omdat dit Hom behaag het. Dit het Hom behaag dat Christus in alle opsigte [268] aan sy broeders gelyk moes word met uitsondering van die sonde (Hebr. 4:15).

Hoedanig is ons vlees dan? Bestaan dit nie uit 'n bepaalde afmeting nie? Word dit nie deur ruimte ingesluit nie? Is dit nie tasbaar en sigbaar nie? "En waarom," vra hulle, "kan God nie dieselfde vlees baie verskillende plekke laat inneem sodat dit deur geen ruimte ingesluit word en sonder maat en vorm is nie?" Dwaas, waarom versoek hy dat die mag van God sy vlees terselfdertyd moet laat bestaan en nie bestaan nie? Dit is dieselfde as jy daarop sou aandring dat Hy die lig terselfdertyd lig en duisternis moet laat wees. Maar dit is sy wil dat lig lig moet wees en duisternis duisternis en vlees vlees. Wanneer Hy wil, sal Hy duisternis in lig verander en lig in duisternis. Maar wanneer jy eis dat

daar geen verskil tussen lig en duisternis moet wees nie – wat eis jy anders as net om die ordelikheid van die wysheid van God om te keer? Vlees moet dus vlees wees en gees gees – elke ding volgens die wet en toestand waarin dit deur God geskep is.

Die toestand van die vlees is dat dit in 'n bepaalde ruimte met afmetings en 'n eie vorm bestaan. Christus het ons vlees in die toestand aangeneem en daaraan onverganklikheid en heerlikheid gegee maar die natuur en werklikheid daarvan nie weggeneem nie. Want die getuienis van die Skrif is duidelik en helder dat Hy in die hemel opgevaar het en dat Hy sal kom soos wat daar gesien is dat Hy opgevaar het (Hand. 1:9-11).

[269] Daar is geen rede waarom die hardkoppige mense hulle daaroor hoef te verheug dat Hy sigbaar opgevaar het en weer sal kom maar dat Hy intussen onsigbaar saam met ons woon nie. Ons Here het self getuig dat Hy vlees en bene het wat aangeraak en gesien kon word (Joh. 20:27. En weggaan en opvaar dui nie aan dat dit 'n blote skyn van iemand wat opvaar of weggaan, gee nie maar dat Hy dit waarlik doen – en die woorde stel dit so.

Hoewel Hy verder sy vlees van ons af weggeneem het en met sy liggaam in die hemel opgevaar het, sit Hy nogtans aan die regterhand van die Vader. Dit beteken dat Hy in die mag, die majesteit en die heerlikheid van die Vader regeer. Hierdie koninkryk is egter nie deur ruimte begrens of deur afmetings beperk nie. Waar dit Hom ook al geval, kan Christus sy krag in die hemel en op die aarde openbaar; Hy kan sy teenwoordigheid deur sy krag en mag toon; Hy kan die wat aan Hom behoort, altyd bystaan; in hulle kan Hy lewe; hulle kan Hy onderskraag, versterk, verkwik en bewaar, net asof Hy in die liggaam aanwesig is. Volgens hierdie redenasie word die liggaam en bloed van Christus in die sakrament aan ons geopenbaar, maar hoegenaamd nie volgens die eerste argument nie.

Ter wille van die onderwysing sê ons dat Hy waarlik en kragdadig geopenbaar word maar nie volgens natuur nie. Natuurlik dui ons daarmee aan dat nie die werklikheid van sy liggaam of die ware natuurlike liggaam van Christus daarin gegee word nie maar al die [270] seëninge wat Christus in sy liggaam aan ons gelewer het. Die teenwoordigheid van sy liggaam is so groot as wat die aard van die sakrament vereis. Ons sê dat dit met so 'n groot krag en met so 'n kragtige werking hierin te voorskyn kom dat dit nie alleen 'n ontwyfelbare vertroue in die ewige lewe in ons harte veroorsaak nie maar ons ook onbesorg laat oor die onsterflikheid van ons vlees, aangesien dit nou reeds deur sy onsterflike vlees lewend gemaak word en op die een of ander wyse in sy onsterflikheid deel.

Die mense wat met hulle oordrywings hierdie perke oorskry, doen niks anders as om met sulke ingewikkelde probleme 'n eenvoudige, duidelike waarheid te verduister nie.

Maar as 'n kleingeestige mensie met ons 'n geskil sou aanknoop omdat Hy gesê het dat dit sy liggaam is, en dit sy bloed, moet hy asseblief 'n wyle saam met my daaroor nadink dat ons gesprek nou oor 'n sakrament handel waarvan alles na die geloof verwys moet word. Met die deelname in sy liggaam waarvan ons gepraat het, voed ons ons geloof nie minder kosbaar en oorvloedig as die mense wat Christus self uit die hemel wil aftrek nie.

Maar as ons dan so hardkoppig aan Woorde verkleef bly, dan ondersteun juis hierdie Woorde my voortreflik. Want Matteüs en Markus verhaal dat die Here die beker sy bloed van die Nuwe Verbond genoem het. Lukas en Paulus sê dat dit die Testament in sy bloed is. Al sou jy dus skreeu dat dit liggaam en bloed [271] is, is my opvatting dat dit die Verbond in sy liggaam en bloed is. Paulus beveel ons om die uitleg van die Skrif na analogie van die geloof te meet (Rom. 12:3, 6), en daar bestaan geen twyfel daaroor dat dit my voortreflik steun nie. Ondersoek maar self volgens watter maatstaf van die geloof jy jou self moet formeer. Want iemand wat nie bely dat Jesus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie (1 Joh. 4:3). Al sou jy dit ook verdoesel, ontneem jy Hom nogtans die werklikheid van sy vlees.

Hierdie kennis sal ons maklik van die vleeslike aanbidding wegneem wat sommige mense met verwronge onbesonnenheid in die sakrament ingerig het omdat hulle hulle heimlik soos volg veronskuldig: As dit liggaam is, dan is ook die siel en goddelikheid een met die liggaam, en dit kan

daarvan nie losgeskeur word nie. Gevolglik moet ons Christus daar aanbid.

So lyk ons voortreflike voortbrengsels wanneer ons ons eenmaal veroorloof om van die Woord van God na die drome van ons eie brein af te dwaal! Maar as die argitekte van sulke argumente al die gedagtes van hulle verstand met gepaste nederigheid aan die Woord van God sou hou, dan sou hulle sekerlik gehoor het wat Hy self gesê het: "Neem, eet en drink" (Matt. 26:26), en hulle sou hierdie gebod gehoorsaam het, waarin Hy hulle beveel om die sakrament aan te neem en nie om dit te aanbid nie.

Die mense wat dit volgens die gebod van die Here [272] sonder aanbidding aanneem, is sonder bekommernisse daaroor dat hulle van die gebod van God afwyk. Geen groter vertroosting kan by hierdie onbesorgdheid kom wanneer ons enigiets onderneem nie. Hulle het die voorbeeld van die apostels, van wie ons nie lees dat hulle hulle neergewerp het en dit aanbid het nie maar dat hulle dit geneem en geëet het terwyl hulle by die tafel aangelê het. Hulle het die gebruik van die algemene kerk waarvan Lukas vertel dat hulle nie deur aanbidding gemeenskap gehou het nie maar deur die brood te breek (Hand. 2:42). Hulle het die leer van die apostels waarvolgens Paulus die kerk van die Korintiërs onderwys en verklaar dat hy van die Here ontvang het wat hy aan hulle oorgelewer het (1 Kor. 11:23).

Die mense wat dit wel aanbid, steun slegs maar op gissings en sekere soorte argumente wat uit hulleself spruit, maar hulle kan nie een enkele lettergreep uit die Woord van God aanbied nie. Want hoewel hulle in besonder op die woorde "liggaam" en "bloed" klemlê, watter gesonde en sober mens sou homself nogtans daarvan kon oortuig dat die liggaam van Christus Christus is? Dit lyk vir hulle weliswaar asof hulle dit met hulle gevolgtrekkings bereik. Maar as dit sou gebeur dat hulle gewetes met 'n ietwat hinderlike gevoel belas sou word, dan sal hulle maklik saam met hulle gevolgtrekkings verpletter en weerlê word, en hulle sal vergaan; maar ook wanneer hulle sien dat hulle deur die gewisse Woord van God begewe word – want slegs hierin staan ons siele op vaste voet – en wanneer hulle tot [273] verantwoording geroep word. Daarsonder begin hulle by die eerste die beste geleentheid te wankel. En ook wanneer hulle sien dat die leer van die apostels en hulle voorbeelde hulle teengaan, en dat hulle vir hulleself die enigste gesag is. By sulke gevoelens kom daar ook ander swaar prikkels. Hoe dan? Was dit dan 'n saak van geen belang nie om God op hierdie wyse te aanbid net asof niks in die verband vir ons voorgeskryf was nie? Of moes hulle met soveel ligsinnigheid 'n saak aandurf waaroor daar nêrens 'n woord gerep is nie, aangesien dit oor die aanbidding en die heerlikheid van God gegaan het?

Aangesien die Skrif bowendien die hemelvaart van Christus waardeur Hy die aanwesigheid van sy liggaam van ons oë en omgang weggeneem het om elke vleeslike gedagte in verband met Hom van ons af te skud, nou keurig vir ons verhaal, en so dikwels as wat dit ons aan Christus herinner om ons gemoedere te vermaan om weer opgerig te word en Hom in die hemel te soek waar Hy sit aan die regterhand van die Vader (Kol. 3:1-2), moet ons Hom eerder geestelik in die heerlikheid van die hemele aanbid het as om so 'n gevaarlike soort aanbidding uit te dink wat vol van 'n vleeslike en growwe opvatting van God en Christus is.

Die mense wat die aanbidding van hierdie sakrament uitgedink het, het die aanbidding uit hulle eie drome geskep. Dit is strydig met die Skrif waarin nie aangetoon kan word dat daar hiervan enige melding gemaak word nie. Dit sou gewis nie oor die hoof gesien [274] gewees het as dit vir God behaaglik was nie. Hulle het God dus hierin geminag hoewel Hy ons verbied om iets aan sy Skrif toe te voeg net so min as om daaruit weg te neem (Deut. 13:1). Terwyl hulle volgens die oordeel van hulle begeertes vir hulleself 'n God gemaak het, het hulle die lewende God verlaat aangesien hulle die gawes in plaas van die gewer aanbid het.

Daarin het hulle tweërlei gesondig want enersyds is God onteer en na die vlak van sy skepsel oorgebring (Rom. 1:25) en andersyds is Hy deur die bevlekking en verontreiniging van sy eie gawe oneer aangedoen toe 'n verfoeilike afgod uit sy heilige sakrament geskep is. Laat ons daarom aan die ander kant ons ore, ons oë, ons harte en verstand, en ons tonge vestig op die heilige leer van God

om te verhoed dat ons in dieselfde kuil val. Want dit is die skool van die Heilige Gees, die heel beste leermeester; daarin is dit vir ons so voordelig dat ons niks van elders hoef aan te leer nie, en inderdaad met graagte onkundig moet wees van alles wat nie daarin geleer word nie.

Tot dusver het ons 'n uiteensetting gegee van die wyse waarop die sakrament in diens van ons geloof voor die aangesig van God is. Maar aangesien die Here ons in sy sakrament aan die oorvloed van sy milddadigheid waarvan ons tevore reeds 'n skets gegee het, herinner, en ons opwek om dit te herken, vermaan Hy ons terselfdertyd om nie ondankbaar te wees vir so 'n oorvloedige weldadigheid nie, maar eerder om dit met [275] verskuldigde eerbewys te verkondig en met dankbetoon te huldig.

Toe Hy dus die instelling van juis hierdie sakrament aan die apostels oorgelewer het, het Hy hulle geleer om dit tot sy gedagtenis te doen (Lukas 22:19). Paulus se interpretasie hiervan was dat dit die sterwe van die Here verkondig (1 Kor. 11:26). Dit beteken dat ons in die openbaar almal oop en bloot eenstemmig bely dat al ons vertroue vir ons lewe en ons redding in die sterwe van die Here geleë is om Hom met ons belydenis te verheerlik en ander mense met ons voorbeeld aan te spoor om aan Hom die heerlikheid te gee.

Hier blyk opnuut waarop die doel van hierdie sakrament gerig is, naamlik om ons te oefen in die herinnering aan die dood van Christus. Want die feit dat ons beveel word om die dood van die Here te verkondig totdat Hy kom (1 Kor. 11:26) om te oordeel, beteken niks anders as dat ons met die belydenis van ons mond moet verklaar wat ons geloof in die sakrament herken nie, naamlik dat die dood van Christus vir ons die lewe is. Dit is die tweede gebruik van die sakrament en dit het betrekking op ons belydenis na buite.

In die derde plek was dit die wil van die Here om dit as 'n aansporing vir ons te laat dien en niks kan ons kragtiger as dit besiel en aanvuur tot liefde, vrede, en eensgesindheid nie. Want daar deel die [276] Here sy liggaam op so 'n wyse met ons dat Hy volkome een met ons word en ons met Hom.

Aangesien Hy verder maar een liggaam het waarvan Hy ons almal deelgenote maak, moet ons almal noodwendig deur so 'n deelname een liggaam word. Die brood wat in die sakrament voorgesit word, beeld hierdie eenheid uit. Dit is uit baie graankorrels gemeng en saamgevoeg en so tot een gemaak dat een graankorrel nie meer van 'n ander onderskei kan word nie; net so betaam dit ons ook om met so 'n groot eensgesindheid van ons siele aan mekaar verbind en saamgevoeg te wees dat daar geen tweedrag of skeiding tussen ons mag kom nie.

Ek sou dit graag in Paulus se woorde wou verduidelik. Hy sê: "Die beker van danksegging wat ons seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus, en die brood van danksegging wat ons breek, is die deelname in die liggaam van Christus. Gevolglik is ons een liggaam, almal wat in die een brood deel het" (1 Kor. 10:16-17). Ons sou inderdaad voortreflike voordeel uit die sakrament put as die volgende gedagte op ons harte afgestempel en ingegrif is, naamlik dat geeneen van ons medebroeders deur ons leed aangedoen of bespotlik of belaglik gemaak en geminag kan word sonder dat ons Christus terselfdertyd in hom leed aandoen, bespot, belaglik maak en minag nie; dat ons verder nie van ons medebroeders kan verskil sonder om ook terselfdertyd van Christus te verskil nie; dat ons Christus nie kan liefhê sonder om Hom [277] terselfdertyd in ons medebroeders lief te hê nie; dat ons ons oor die liggame van ons medebroeders net soveel moet bekommer as wat ons ons oor ons eie liggame bekommer, aangesien hulle ook lede van ons liggaam is. En net soos geen deel van ons liggaam deur 'n pyngevoel geraak word sonder dat dit oor al die ander liggaamsdele sprei nie, net so moet ons nie verdra dat 'n medebroeder deur een of ander kwaad getref word sonder om self ook deur medelye vir hom geraak te word nie.

Daarom noem Augustinus hierdie sakrament dikwels 'n band van liefde. Want watter skerper prikkel kan toegepas word om wedersydse liefde tussen ons op te wek as wanneer Christus Homself aan ons gee en Hy ons nie alleen met sy eie voorbeeld uitnooi om ons wedersyds aan mekaar te bind en aan mekaar te gee nie, maar in soverre as wat Hy Homself gemeenskaplike besit van almal maak, ons ook almal in Hom een laat wees?

So sien ons dat hierdie heilige brood van die nagmaal van die Here geestelike voedsel is wat aangenaam en heerlik is vir die mense vir wie dit aantoon dat Christus hulle lewe is; dit wek hulle op tot dankbetoon en is vir hulle 'n aansporing tot wedersydse liefde onder mekaar. Maar net so verander dit aan die ander kant in die skadelikste gif vir die mense vir wie se geloof dit niks leer, en vir wie dit nie tot 'n verklaring van hulle lof en tot die liefde opwek nie.

[278] Want, soos Paulus gesê het, "die wat op 'n onwaardige wyse hiervan eet, is skuldig aan die liggaam en die bloed van die Here en hulle eet en drink 'n oordeel oor hulleself, terwyl hulle die liggaam van die Here nie onderskei nie" (1 Kor. 11:27, 29). In hierdie aanhaling moet ons daarop let dat "om die liggaam en die bloed van die Here nie te onderskei nie" en "om dit op onwaardige wyse te neem" in dieselfde sin opgeneem is. Want sulke mense wat sonder 'n vonkie van geloof en sonder ywer vir die liefde soos varke ylings haas om die nagmaal van die Here te gebruik, onderskei glad nie die liggaam van die Here nie. Want in soverre as wat hulle nie glo dat die liggaam hulle lewe is nie, smaad hulle die liggaam self na die beste van hulle vermoë omdat hulle dit van alle waardigheid beroof en deur dit op so wyse te neem, dit ontheilig en bevlek. In soverre as wat hulle van hulle medebroeders vervreemd is en verskil, waag hulle om die heilige simbool van die liggaam van Christus met hulle geskille te vermeng.

Dit is deur hulle toedoen dat die liggaam van Christus verskeur en stuksgewys verslind word. Gevolglik is hulle na hulle verdienste skuldig aan die liggaam en die bloed van Christus omdat hulle dit met ketterse onheiligheid so smadelik besmet. Deur die onwaardige ete daarvan haal hulle hulleself die verdoemenis op die hals. Want aangesien hulle geen geloof in Christus gevestig het nie, bely hulle nogtans deur die sakrament aan te neem dat hulle redding nie elders as net in Hom is nie, en hulle sweer alle [279] vertroue in iets anders af. Daarom is hulle hulle eie aanklaers; daarom lewer hulle teen hulleself getuienis; daarom verseël hulle hulle eie verdoemenis.

Hoewel hulle verder deur haat en kwaadwilligheid van hulle medebroeders, dit is van die lede van Christus, geskei en weggeskeur is, en geen deel in Christus het nie, getuig hulle tog dat dit hulle enigste redding is om te deel in Christus en in Hom verenig te wees.

Terloops moet opgemerk word dat hulle hierdie aanhaling dikwels vrugteloos opper as die werklike teenwoordigheid van die liggaam. Ek erken dat Paulus van die ware liggaam van Christus praat; maar ons moet ondersoek instel na die betekenis sodat daar geen behoefte vir meer verskonings kan wees nie.

Om die rede skryf Paulus voor dat elke mens homself moet ondersoek voordat hy van die brood eet of uit hierdie beker drink (1 Kor. 11:28). Volgens my interpretasie was sy bedoeling daarmee dat elkeen in homself moet neerdaal en vir homself rekenskap gee of hy in die sekerheid van sy hart Christus as sy Verlosser erken; of hy Hom met die belydenis van sy mond erken; of hy bereid is om homself na die voorbeeld van Christus aan sy medebroeders te gee en hom met die mense wat hy sien in Christus gemeenskap het, te deel; of hy, soos wat hy deur Christus geag word, op sy beurt al sy medebroeders as lede van sy liggaam beskou; of hy die begeerte koester om hulle soos sy eie ledemate te koester, te beskerm en te [280] onderskraag.

Nie dat hierdie pligte van sowel geloof as liefde nou in ons volmaak kan wees nie, maar omdat ons hiervoor behoort te beywer en met al ons gebede hierna behoort te strewe om die geloof wat by ons begin het dag na dag al hoe meer te laat toeneem en ons swakke liefde te versterk.

Wanneer sommige mense hulle medemens wil voorberei om waardig hiervan te eet, folter hulle hulle arme gewetes en treiter dit op gruwelike wyse. En tog dra hulle niks van belang by nie. Hulle het beweer dat die mense wat in 'n posisie van genade is, op 'n waardige wyse eet. "In 'n posisie van genade" het hulle geïnterpreteer "om rein en van alle sonde gereinig te wees".

Volgens hierdie leerstelling is al die mense wat ooit op die aarde was en nog is, van die gebruik van die sakrament weerhou. Want as dit daarom gaan dat ons uit onsself ons eie waardigheid moet soek, dan is dit klaarpraat met ons en slegs verderf en beskaming bly vir ons oor. Al sou ons ons ook

met al ons kragte daartoe inspan, sal ons daarin geen vordering maak anders as om net uiters onwaardig te wees wanneer ons tot die uiterste toe geswoeg het om die waardigheid te verkry nie.

Om hierdie sweer te genees het hulle 'n metode uitgedink om hierdie waardigheid te verkry, naamlik dat [281] ons sover dit in ons vermoë is, onsself moet ondersoek, rekenskap vir al ons dade van onsself moet eis en deur droefheid, belydenis en genoegdoening ons onwaardigheid moet reinig. Daar sal later hierin 'n geskikter geleentheid wees om te sê wat die aard van hierdie metode van reiniging is.

Sover dit ons huidige onderwysing aangaan, verklaar ek dat dit te skrale en verganklike vertroostinge is vir gewetes wat verslae, terneergedruk en deur die siddering vir sy eie sonde platgeslaan is. Want as die Here volgens sy verbod niemand tot deelname aan sy nagmaal toelaat behalwe as hy regverdig en onskuldig is nie, het ons ernstige versigtigheid nodig om elkeen verseker te laat oor die geregtigheid waarvan hy hoor dat dit deur God vereis word. Maar hoe word ons in ons versekering versterk dat die mense wat hulle bes gedoen het, hulle plig voor die aangesig van God vervul het? En selfs al sou dit die geval wees, wanneer sal dit gebeur dat iemand sou kon waag om homself te antwoord dat hy sy bes gedoen het? Aangesien geen bepaalde versekering van ons eie waardigheid aan ons voorgehou word nie, sou toetrede daartoe altyd vir ons geslote gebly het as gevolg van die verskriklike verbond wat bepaal dat die mense wat op onwaardige wyse eet en drink, 'n oordeel oor hulleself eet en drink.

Nou is dit maklik om te oordeel wat die aard van die leer is en uit watter skrywer dit ontspring het, aangesien die leer arme sondaars so ontneem en beroof [282] van die vertroosting van hierdie sakrament waarin al die genietinge van die evangelie aan ons voorgesit word. Die duiwel kon die mense gewis met geen groter voordeel te gronde laat gaan het as om hulle so waansinnig te maak dat hulle geen smaak of geur van sulke voedsel waarmee die goeie hemelse Vader hulle wou voed, kan ervaar nie.

Om dus nie in hierdie beskaming en afgrond in te stort nie moet ons daaraan gedagtig wees dat hierdie heilige maaltye genesing vir siekes is, vertroosting vir sondaars en liefdegawes vir die armes, maar dit sou niks wat die moeite sou loon, teweegbring vir die mense wat gesond, regverdig en ryk is nie – as sulke mense wel gevind sou kon word. Want aangesien Christus daarin as voedsel aan ons gegee word, begryp ons dat ons sonder Hom wegkwyn, vergaan en beswyk. Aangesien Hy voorts tot die lewe aan ons gegee word, begryp ons dat ons sonder Hom in onsself dood is. Die enigste en beste waardigheid wat ons God kan bring, is daarom as ons ons eie geringe waarde en, om dit nou maar so te stel, ons eie onwaardigheid vir Hom sou aanbied sodat Hy uit sy barmhartigheid ons waardig kan maak: as ons aan onsself wanhoop sodat ons in Hom vertroos mag word; as ons onsself aankla sodat ons deur Hom regverdig gemaak kan word.

As ons bowendien na daardie eenheid strewe wat Hy ons in sy nagmaal aanbeveel, en soos Hy ons almal een in Hom laat wees, dat ons desgelyks moet begeer [283] om een van siel, een van hart en een van tong te wees; as ons dit oorweeg en daaroor gepeins het, dan sal gedagtes soos die volgende ons nooit versteur nie: Hoe sou ons behoeftig en verstoke van alle goed, bevlek deur die onreinheid van ons sondes en halfdood die liggaam van die Here op 'n waardige wyse kon eet?

Ons sal eerder daaraan dink dat ons as armes na 'n milddadige gewer kom, as siekes na 'n geneesheer en as sondaars na ons Verlosser; verder sal ons daaraan gedagtig wees dat die waardigheid wat deur God vergun word, uitsluitlik op die geloof berus wat alle dinge in God en daarom in die liefde stel, maar niks in onsself nie, en juis hierdie liefde, wat grootliks onvolmaak is, bied ons vir God aan, sodat Hy dit meer kan laat toeneem as wat ons dit aan Hom gee. Sommige mense stem met ons saam dat ons waardigheid self in die geloof en die liefde geleë is. Tog is hulle oor die maat van die waardigheid ver aan die dwaal, aangesien hulle 'n volmaaktheid van geloof eis wat niemand hoegenaamd kan bereik nie, en 'n liefde soortgelyk aan die liefde waarmee Christus met ons gehandel het. Maar net soos die vorige mense verdryf hulle juis daarmee alle mense van heilige toetrede tot die nagmaal. Want as hulle opvatting die oorhand kry, sou niemand behalwe op

onwaardige wyse daarvan kon neem nie, aangesien die laaste een skuldig en veroordeel sou wees vir hulle onvolmaaktheid. Dit sou uitermatige stommiteit wees – om nie eers van onnoselheid te praat nie – om so 'n [284] volmaaktheid vir die aanneming van die sakrament te eis, aangesien dit die sakrament doelloos en oorbodig sou maak. Dit is nie vir volmaakte mense ingestel nie maar vir swak en gebreklike mense om hulle gebrek aan geloof en liefde op te skerp, op te wek, te prikkel en te beproef.

Tot dusver toon ons uiteensetting van hierdie sakrament ten oorvloede aan dat dit nie ingestel is om net een maal per jaar gebruik te word nie – en dit lukraak soos die algemene gewoonte tans is; dit is trouens ingestel sodat alle Christene dit herhaaldelik moet gebruik om herhaaldelik die lyde van Christus in herinnering te roep; om deur die herinnering daaraan ook hulle geloof te onderskraag en te versterk en hulleself aan te spoor om sy lof te sing en sy goedheid te verkondig, om ten slotte mekaar se liefde te voed en daarvan onder mekaar te getuig en die band van liefde in die eenheid van die liggaam van Christus te sien. Want so dikwels as wat ons in die simbool van die liggaam van die Here deel, verbind ons ons aan mekaar, soos 'n borg wat gegee en ontvang is, tot al die pligte van die liefde sodat nie een van ons iets sou toelaat waardeur hy 'n medebroeder leed kan aandoen nie, en niks agterweë sou laat waardeur hy hom kan help wanneer die nood dit van hom eis nie.

Lukas vertel dat dit die gebruik van die apostoliese kerk was wanneer hy sê dat die gelowiges in die leer van die apostels, in die gemeenskap en die breek van [285] die brood en in hulle gebede volhard het (Hand. 2:42). Dit het hoegenaamd nie gebeur dat enige vergadering van die kerk sonder die Woord, sonder gebede, sonder deelname aan die nagmaal en sonder aalmoese plaasgevind het nie. Uit Paulus kan ons genoegsaam aflei dat die reëls ook 'n instelling onder die Korintiërs was (1 Kor. 11:20).

Die gewoonte wat ons opdra om een maal per jaar gemeenskap te beoefen, is inderdaad baie gewis 'n skepping van die duiwel, deur wie se bemiddeling dit ook al ingevoer is. Die mense beweer dat Zephyrinus die skepper hiervan was, maar ek is glad nie daarvan oortuig dat dit die vorm was waarin ons dit nou het nie. Want miskien het hy met sy instelling die belange van die kerk onder omstandighede nie te sleg behartig nie. Want daar bestaan hoegenaamd geen twyfel daaroor dat die heilige nagmaal destyds aan gelowiges voorgesit is so dikwels as wat hulle in 'n vergadering byeengekom het, sodat die meerderheid gemeenskap kon beoefen nie. Maar aangesien dit nouliks ooit gebeur het dat almal tegelyk die gemeenskap beoefen het, en aangesien die mense wat onder onheiliges en afgodedienaars versprei was, 'n behoefte daaraan gehad het om met die een of ander uitwendige teken van hulle geloof te getuig, het hierdie vroom man ter wille van die orde en reëling daarvan 'n dag bepaal sodat die hele volk van Christene op die dag belydenis van hulle geloof kon doen en deelname aan die nagmaal van die Here kon beoefen. Verder het hulle nietemin op grond daarvan afgesien [286] daarvan om baie selde gemeenskap te beoefen, aangesien Anacletus nie lank tevore nie bepaal het dat alle Christene elke dag gemeenskap moes beoefen. Maar die nageslag het Zephyrinus se instelling, wat andersins goed was, boosaardig verwring toe 'n bepaalde reël in verband met die beoefening van gemeenskap een keer per jaar ingestel is. Die gevolg daarvan was dat almal oor die algemeen wanneer hulle een keer gemeenskap beoefen het, rustig op hulle ander oor gaan lê en slaap het net asof hulle vir die res van die jaar hulle plig voortreflik nagekom het.

Dit moes heeltemal anders verloop het. Die tafel van die Here moes ten minste een keer per week vir die vergadering van die Christene voorgesit word en die beloftes moes te kenne gegee word om ons geestelik daarmee te voed. Niemand behoort onder dwang daarheen gedryf te word nie, maar almal moet daartoe aangespoor en opgewek word en oor die onverskilligheid van luiaards moet hulle selfs berispe word. Almal sou dan as 'n kudde en soos hongeriges na sulke feesmale gekom het. Ek het dus nie ten onregte in die begin gekla dat hierdie gewoonte deur die listigheid van die duiwel ingedwing is nie. Terwyl die gewoonte een enkele dag van die jaar voorskrywe, maak dit mense vir die hele jaar laks.

Uit dieselfde werkwinkel het daar ook 'n ander reël na vore gekom wat die helfte van die nagmaal

van 'n baie groot deel van die volk van God gesteel of weggeruk het, naamlik die simbool van sy bloed. Dit is [287] vir leke en onheiliges – met hierdie titels brandmerk hulle die erfenis van God – verbode, en dit het oorgegaan en die besit van 'n klein handjievol geskeerde en gesalfde mense geword. Die bevel van die ewige God is dat almal daarvan moet drink (Matt. 26:27), en die mens waag om dit met 'n nuwe wet wat daarmee in stryd is, te verouder en te herroep wanneer hy die bevel uitvaardig dat nie almal moet drink nie!

Met die oog daarop dat sulke wetgewers hulle nie sonder rede teen hulle God mag verset nie, gebruik hulle dié gevare wat kan voorkom as hierdie heilige beker as voorwendsel algemeen aan almal voorgesit word net asof dit nie deur die ewige wysheid van God voorsien en opgemerk is nie.

Verder argumenteer hulle slinks dat een genoeg is vir twee. "Want as dit die liggaam is", so sê hulle, "is dit Christus in sy geheel, wat nie van sy liggaam losgeskeur kan word nie. Daarom sluit sy liggaam ook sy bloed in." Kyk net die ooreenstemming van ons eie gedagtes met God! Wanneer die teuels effens verslap word, begin dit losbandig en ontembaar word. Die Here toon aan ons die brood, en Hy sê dat dit sy liggaam is. Wanneer Hy die beker aan ons toon, noem Hy dit sy bloed. Maar die mens se vermetelheid roep in stryd daarmee uit dat die brood sy bloed en die wyn sy liggaam is. Net asof die Here in woorde en tekens sy liggaam sonder rede van sy bloed onderskei het, en asof dit ooit gehoor is dat gesê word dat die liggaam van Christus of sy bloed God en mens [288] genoem word. As dit sy wil was om Homself ten volle aan te dui, kon Hy gesê het: "Dit is ek", soos Hy gewoonlik in die Skrif gesê het (Matt. 14:27; Joh. 18:5; Luk. 24:39), en nie: "Dit is my liggaam, en dit is my bloed" nie.

Ek is weliswaar daarvan bewus dat die knegte van die Satan hier die spot dryf en drogredes soek, aangesien hulle die gewoonte het om die Skrif te bespot, naamlik dat slegs die apostels, wat Hy alreeds uitgekies en in die orde van offerpriesters opgeneem het, deur Christus tot deelname aan die nagmaal toegelaat is. Tog sou ek graag wou hê dat hulle my op die volgende vyf vrae, waaraan hulle nie kan ontkom sonder om maklik deur hulle eie leuens weerlê te word nie, moet antwoord.

In die eerste plek: Deur watter orakel is hierdie oplossing wat so vreemd aan die Woord van God is, aan hulle geopenbaar? Die Skrif vermeld twaalf dissipels wat saam met Jesus by die tafel aangelê het (Matt. 26:20), maar dit verduister Christus se aansien nie so dat dit hulle offerpriesters noem nie. Oor hierdie woorde sal ek later op die gepaste plek praat. As Hy dit aan die twaalf gee, beveel Hy hulle nogtans om dit só te doen, naamlik deur dit so onder hulle te verdeel.

Tweedens: Waarom het alle mense sedert die beter tyd van die apostels en tot duisend jaar later aan albei tekens deelgeneem? Het die kerk van weleer [289] dan nie geweet wie Christus as tafelgenote tot sy nagmaal toegelaat het nie? Dit sou 'n teken van die uiterste vertwyfeling en vermetelheid wees om nou vas te steek en weg te hardloop. Daar bestaan kerkgeskiedenisse en boeke van die ou skrywers wat duidelike getuienis hiervan lewer.

In die derde plek: Waarom het Christus van die brood eenvoudig gesê dat hulle daarvan moes eet, en van die beker dat hulle daaruit moes drink (Markus 14:22-23; Matt. 24:26), net asof Hy met voorbedagte rade die sluheid van die Satan wou voorkom?

In die vierde plek: As die Here slegs offerpriesters, soos hulle dit wil hê, waardig geag het vir sy nagmaal, watter mens sou ooit gewaag het om buitestaanders wat deur die Here daarvan uitgesluit is, tot deelname daaraan uit te nooi, en dit selfs deelname in sy gawe waaroor hulle geen mag gehad het nie, en sonder enige bevel van Hom, die enigste wat dit aan hulle kon gee? Watter vertroue lê hulle nie vandag aan die dag om die simbool van die liggaam van Christus onder gewone mense uit te deel as hulle geen verbod of voorbeeld in die verband van God gekry het nie?

In die vyfde plek: Het Paulus dan gelieg toe hy aan die Korintiërs gesê het dat hy van die Here ontvang het wat hy ook aan hulle oorgelewer het? Want later verklaar hy die oorlewering so: almal moes sonder onderskeid gemeenskap in albei die tekens beoefen.

[290] As Paulus dit dan van die Here ontvang het dat almal sonder onderskeid toegelaat moet word,

laat die mense wat feitlik die hele volk van God daarvan wegdryf, ondersoek instel na die bron vanwaar hulle dit ontvang het, aangesien hulle nou nie meer kan voorgee dat God, by wie daar nie tegelyk "Ja" en "Nee" is nie (2 Kor. 1:19), die bron daarvan is nie. En het ons tot dusver sulke verfoeilikhede onder die naam van die kerk verberg en met hierdie dekmantel verdedig net asof daardie antichristene wat met gemak die leer en instelling van Christus verguis, verstrooi en afskaf, die kerk is? Net asof die apostoliese kerk waarin godsdiensbeoefening ten volle geblom het, nie die kerk was nie!

Met hierdie en soortgelyke skeppinge het die Satan gepoog om die heilige nagmaal van Christus te verduister en te besoedel deur 'n skaduwee daaroor te werp met die oog daarop dat ten minste die suiwerheid daarvan nie in die kerk behoue moet bly nie.

Maar die toppunt van verskriklike verfoeilikheid was toe hy 'n teken opgehef het om dit daarmee nie alleen te verduister en te verwring nie maar dit geheel en al uit te wis, te vernietig, te laat verdwyn en uit die heugenis van die mensdom uit te roei. Dit het naamlik gebeur toe hy feitlik die hele wêreld verblind het om te glo dat die mis 'n offer en aanbieding ter verkryging van sondevergiffenis is. Ek weet hoe diep die plaag wortel geskiet het en hoe dit onder 'n skyn van die goeie verskuil gaan; hoe dit met die [291] Naam van Christus te koop loop en hoe baie mense glo dat hulle onder die enkele benaming 'mis' die eindtotaal van hulle geloof saamvat.

Maar wanneer op die duidelikste wyse deur die Woord van God bewys word dat hierdie mis, hoe onopgesmuk en voortreflik dit ook al is, Christus buitengewoon krenk, sy kruis begrawe en onderdruk, sy dood aan die vergetelheid uitlewer, die vrug wat ons daaruit toekom, wegneem en die sakrament waarin die herinnering van sy dood vir ons gelaat is, verswak en verwoes, sal die wortels daarvan dan nog so diep wees dat hierdie uiters kragtige byl – ek bedoel die Woord van God – dit nie kan uitroei nie? Of is die gedaante daarvan so indrukwekkend dat hierdie lig nie die kwaad wat daaronder skuil, te voorskyn kan haal nie?

Laat ons dus aandui wat in die eerste plek die doelstelling hiervan is om 'n ondraaglike laster en smaad op Christus te lê. Want Hy is as Profeet en Priester deur sy Vader geheilig, en dit nie tydelik soos ons van die instelling van die priesters in die Ou Testament lees nie. Aangesien hulle lewe sterflik was, kon hulle priesterskap nie onsterflik wees nie. Daarom het hulle opvolgers nodig gehad om in die plek van die wat te sterwe gekom het, aangewys te word. Maar omdat Hy onsterflik is, is dit glad nie nodig dat 'n plaasvervanger in die plek van Christus aangestel word nie. Volgens die orde van Melgisédek is Hy dus tot in ewigheid deur die Vader as priester aangewys om tot in ewigheid sy blywende priesteramp [292] te vervul (Hebr. 5:6, 10; 7:17, 21; 9:11; 10:21; Ps. 110:4; Gen. 14:18).

Die geheimenis is lank tevore reeds in Melgisédek uitgebeeld. Nadat die Skrif hom een maal as priester van die lewende God voorgestel het, maak dit daarna nêrens weer melding van hom nie, net asof sy lewe geen einde gehad het nie. In ooreenstemming hiermee is Christus volgens sy orde as Priester aangewys.

Maar die mense wat nou daagliks hulle offers bring, moet noodwendig priesters vir hulle offers aanstel en hulle soos opvolgers en plaasvervangers in die plek van Christus verkies. Met so 'n verkiesing beroof hulle Christus nie alleen van sy eer en ontneem hulle Hom van die prerogatief van sy ewige priesteramp nie, maar hulle poog om Hom van die regterhand van sy Vader te verdryf, en aan die regterhand kan Hy nie sit sonder om terselfdertyd ewige Priester te bly nie. En laat hulle nie 'n saak daarvan maak dat hulle priestertjies nie in die plek van Christus aangestel word asof Hy afgesterf het nie, maar dat hulle maar net hulppriesters in sy ewige priesteramp is, wat nie om dié rede opgehou het om te bestaan nie. Want deur die Woorde van die apostel word hulle te sterk vasgevat om so te kan ontglip. Hy sê naamlik dat daar ook baie ander priesters aangewys is omdat hulle deur die dood verhinder is om as priesters aan te bly (Hebr. 7:23). Aangesien Christus nie deur die dood verhinder word nie, is Hy die enigste [293] Priester wat geen ampsgenote nodig het nie.

As 'n verdere deug van die mis is aan ons voorgehou dat dit sy kruis en lyde begrawe en onderdruk.

Dit is baie seker! Want as Christus Hom as 'n offerande aan die kruis aangebied het om ons daardeur tot in ewigheid te heilig en daarmee vir ons ewige verlossing te soek, dan bly die krag en werking van sy offerande sonder enige twyfel en sonder einde vir altyd voortbestaan. Andersins sou ons geen groter agting vir Christus gevoel het as vir die beeste en kalwers wat onder die wet geoffer is nie. Die offerande daarvan word juis as ondoeltreffend en swak bewys omdat dit dikwels herhaal is. Daarom moet ons erken òf dat die offerande van Christus wat Hy aan die kruis gelewer het, 'n gebrek aan die krag van ewige reiniging gehad het òf dat Christus slegs een maal een offer vir alle eeue gelewer het. Dit is wat die apostel bedoel, naamlik dat hierdie Hoëpriester, Christus, een maal deur sy offer in die voleinding van die eeue verskyn het om die sonde te vernietig (Hebr. 9:26). En verder net so: dat ons deur die wil van God deur die offer van die liggaam van Jesus Christus eens en vir altyd geheilig is (Hebr. 10:10). Verder net so: dat Christus deur een enkele offer tot in ewigheid die wat heilig gemaak is, vervolmaak het (Hebr. 10:14). Dit het Christus ook aangedui toe Hy met sy laaste woorde en in sy laaste ademteug die woorde uitgespreek en gesê het: "Dit is volbring" (Joh. 19:30). Ons het die gewoonte om die heel laaste woorde van mense by [294] hulle afsterwe as orakels te beskou. Christus getuig by sy afsterwe dat alles wat tot ons redding noodsaaklik was, deur sy een enkele offer volbring en vervul is. Maar ons, ons las elke dag ontelbare lappies by so 'n offer, net asof dit onvolmaak is, hoewel Hy helderklaar die volmaaktheid daarvan by ons aanbeveel het. Aangesien die heilige Woord van God nie alleen bevestig nie maar ook uitroep en getuig dat hierdie offer een maal volbring is en dat die werking daarvan tot in ewigheid duur, kla die mense wat iets anders in die plek daarvan eis, dit dan nie van onvolmaaktheid en swakheid aan nie? Maar waarop is die mis, wat volgens die reël oorgelewer is dat honderdduisend offers elke dag gebring moet word, anders gerig as om die lyde van Christus waarin Hy Hom as enige offerande aan die Vader gegee het, te begrawe, te verdring en neer te werp? Wie sou nie kon sien, behalwe as hy blind is, dat dit die vermetelheid van die Satan was wat met so 'n klaarblyklike en duidelike waarheid gestry het nie? En dit ontgaan my nie met watter begogeling die vader van die leuen gewoonlik sy bedrog bedek het nie, naamlik dat dit nie verskeie en verskillende offers is nie maar een en dieselfde offer wat meer dikwels herhaal word. Maar sulke rookdampe kan sonder moeite verdrywe word. Want in sy hele uiteensetting huldig die apostel die standpunt dat daar nie alleen geen ander offers is nie maar dat hierdie offer eens en vir altyd gebring is en nie meer herhaal hoef te word nie.

[295] Nou kom ek by die derde deel van die mis, waarin ek moet verduidelik hoe dit die ware en enige dood van Christus uitwis en uit die geheue van die mens verdrywe. Want soos die bevestiging van 'n testament onder mense van die dood van die testateur afhanklik is, net so het ons Here deur sy dood die testament waardeur Hy aan ons vergiffenis van ons sondes en die ewige geregtigheid gegee het (Hebr. 9:15-17), bevestig. Die mense wat hulle verstout om hieraan enige verandering aan te bring of iets nuuts toe te voeg, loën sy dood en beskou dit as van nul en gener waarde. Wat is die mis nou anders as 'n nuwe en volkome verskillende testament? Hoe dan so? Belowe elke mis dan nie 'n nuwe vergiffenis van sondes en 'n nuwe verkryging van geregtigheid sodat daar weldra net soveel testamente as misse is nie?

Laat Christus dus weer kom en met 'n tweede dood hierdie nuwe testament, of liewer, met eindelose sterftes, die ontelbare testamente van die mis bekragtig! Maar het ek dan nie aan die begin gesê dat die enige en waaragtige dood van Christus deur die mis uitgewis word nie? Waarom dan? Omdat die mis lynreg daarop gerig is om Christus weer dood te maak as dit moontlik sou wees. Want waar 'n testament is, sê die apostel, moet die dood van die testateur iewers voorval (Hebr. 9:16). Die mis beroem hom op 'n nuwe testament van Christus; dit eis dus sy dood. Daarbenewens moet die offerdier wat aangebied word, doodgemaak en geoffer word. As Christus dan in elke mis geoffer word, moet Hy elke oomblik op duisend plekke [296] wreed doodgemaak word. Dit is nie my argument nie maar die apostel s'n dat Christus van die oorsprong van wêreld af dikwels moes gely het as Hy Homself dikwels as offer moes bring (Hebr. 9:25-26).

Nou moet ek die vierde funksie van die mis in behandeling neem, naamlik dat dit die vrug wat ons uit die dood van Christus toegekom het, van ons wegruk en veroorsaak dat ons dit nie erken en

bedink nie. Want wie sou reken dat Hy deur die dood van Christus verlos is wanneer hy bemerk dat daar in die mis 'n nuwe verlossing is? Wie sou die vertroue hê dat sy sondes hom vergewe is, as hy in die mis 'n nuwe vergiffenis sien? En niemand ontwyk die vraag deur te sê dat ons om geen ander rede in die mis vergiffenis van sondes verkry as omdat dit alreeds deur die dood van Christus verwerf is nie. Dit dra tot niks anders by as om daarop te roem dat ons deur Christus verlos is op voorwaarde dat ons onsself verlos nie. Want dit is die soort leer wat deur die knegte van die Satan versprei word, en vandag nog word dit met krete, swaarde en vuur verdedig, naamlik dat ons wanneer ons Christus in die mis aan die Vader aanbied, deur die werking van die offer vergiffenis van sondes verkry en deelgenote van die lyde van Christus word. Wat anders bly daar dan nog vir die lyde van Christus oor as om net 'n voorbeeld van verlossing te wees waarvolgens ons kan leer dat ons ons eie verlossers is?

Nou kom ek by die kroontjie, naamlik dat die mis die [297] heilige nagmaal, waarin die Here die nagedagtenis van sy lyde uitgegraveer en ingeformeer aan ons nagelaat het, ophef, uit ons midde wegneem, verwoes en vernietig. Die nagmaal is inderdaad 'n gawe van God wat met dankbetoon aangeneem moet word. Die offer van die mis skep die versinsel dat dit 'n prys vir God bepaal wat Hy as genoegdoening moet aanvaar. Tussen die sakrament en die offer is daar net so 'n groot verskil as tussen gee en ontvang. Dit is inderdaad die droewigste ondankbaarheid van die mens dat hy God hierin tot skuldenaar maak wanneer hy eerder die milddadigheid van God se goedheid moes erken en daarvoor aan Hom dank moes betoon.

Die sakrament het belowe dat ons nie net een keer deur die dood van Christus in die lewe herstel is nie, maar dat ons voortdurend lewend gemaak word omdat ons redding toe ten volle verwerf is. Die offer van die mis sing egter die heel ander deuntjie dat Christus elke dag geoffer moet word om enige voordeel vir ons in te hou. Die nagmaal moes in die openbare vergadering van die gemeente verdeel word om ons te onderrig in verband met die gemeenskap waarvolgens ons almal saam aan Christus kleef. Die offer van die mis het hierdie gemeenskap vernietig en verskeur. Want nadat die dwaling dat daar priesters moet wees om ten behoewe van die volk te offer, die oorhand gekry het en die nagmaal as 't ware op hulle afgeskuiwe is, het dit opgehou om in die kerk van die gelowiges volgens die gebod van die Here in gemeenskap beoefen te word. 'n Opening is geskep vir [298] private mis, wat eerder op 'n vorm van ekskommunikasie dui as op die gemeenskap wat deur die Here ingestel is, aangesien die offerpriestertjie homself geheel en al van die volk van gelowiges skei wanneer hy sy offerdier afsonderlik gaan verslind. En sodat niemand daardeur bedroë gelaat word nie, noem ek dit 'n private mis wat van 'n gebrul of 'n geskreeu weerklink of slegs van 'n gemompel en gefluister suis, aangesien albei die vorms deelname aan die Nagmaal uit die kerk wegneem.

Maar voordat ek 'n einde aan my bespreking maak, is my vraag aan ons mis-geleerdes – aangesien hulle daarvan bewus is dat gehoorsaamheid aan God kragtiger as offerdiere is en dat Hy eerder eis dat sy stem gehoorsaam moet word as dat offers aan Hom gebring word (1 Sam. 15:22) – hoe hulle kan glo dat hierdie soort offerande vir God welgevallig kan wees as daar geen gebod hiervoor van Hom bestaan nie, en waarvan hulle sien dat dit nie deur een enkele lettergreep van die Skrif bevestig kan word nie?

Aangesien hulle bowendien hoor dat die apostel sê dat niemand vir homself die titel en eer van die priesteramp mag neem tensy hy soos Aäron daartoe geroep is nie – ja, dat Christus self Hom dit nie toegeëien het nie maar dat Hy aan die roeping van die Vader gehoorsaam was (Hebr. 5:4-5) – behoort hulle God as Bron en Insteller van die priesteramp te vermeld, of hulle behoort te erken dat die eer waarop hulle sonder dat hulle daartoe geroep is, met [299] goddelose onbesonnenheid ingebars het, nie uit God ontstaan het nie. En tog kan hulle selfs nie 'n jota van 'n letter aanbied om hulle priesterskap te verdedig nie. Waarheen sal hulle offers wat nie sonder 'n priester gebring kan word nie, dan verdwyn?

Wat anders bly daar nog oor as dat blindes kan sien, dowes kan hoor en selfs kinders kan begryp dat die mis afstootlik is. Wanneer dit in 'n drinkbeker van goud voorgesit is, het dit al die konings en die

volkere van die aarde van die hoogste tot die laagste so beskonke gemaak en is hulle met bedwelming en duiseligheid so geslaan dat hulle stompsinniger as diere die hele boeg en kiel van hulle redding in hierdie een enkele dodelike maalstroom geanker het. Gewis het die Satan hom nog nooit met 'n kragtiger werktuig besig gehou om die ryk van Christus te beleër en in te neem nie. Dit is die Helena vir wie die vyande van die waarheid vandag met soveel waansin, met soveel toorn en soveel wreedheid veg – en dit 'n Helena met wie hulle in geestelike hoerery, wat die verfoeilikste van alle vorms van hoerery is, so hoereer.

Maar nou raak ek nie eers met my pinkie aan die growwe misbruike waarmee hulle die ontwyde reinheid van hulle heilige mis sou kon verbloem; hoe skandelik die handel is wat hulle daarmee bedryf; hoe vuil die wins wat hulle met hulle misse maak en met watter roofsugtigheid hulle hulle gierigheid bevredig nie. Ek dui slegs aan, en dit met enkele eenvoudige woorde, wat die aard van hulle allerheiligste mis is [300] op grond waarvan dit baie eeue lank verdien het om waardig geag en met soveel agting bejeën te word. Want dit sou enersyds 'n groot onderneming wees om sulke groot geheimenisse na waarde toe te lig, en andersyds is ek nie bereid om oor hulle afstootlike onreinheid wat voor die oë en die gesigte van alle mense is, met hulle in 'n geskil betrokke te raak nie; sodat almal kan begryp dat die mis selfs in sy mees gesogte vorm en met die grootste ongeskondenheid waarmee dit te koop kan loop, nog van sy wortel tot sy kruin van elke soort goddeloosheid, godslastering, afgodediens en kettery wemel.

Maar om te verhoed dat enige twissoeker met ons 'n stryd oor die woord 'offer' en 'priester' wil aanknoop, sal ek ook 'n bondige uiteensetting gee van wat ek in my hele bespreking onder 'offer' en 'priester' bedoel het.

Oor die algemeen geneem vat die woord 'offer' volkome alles saam wat aan God gebring word. Ons moet daarom onderskeid maak en ter wille van ons onderwysing die een 'n offer van danksegging of lof en die ander 'n offer van versoening of reiniging noem. 'n Soenoffer is dus 'n offer waarvan die doel is om die toorn van God te versoen, sy geregtigheid tevrede te stel, ons sondes af te was en sy genade en ons redding te verkry. 'n Offerande van hierdie aard is alreeds deur Christus alleen volbring, omdat dit deur niemand anders volbring kon word nie. En dit is slegs een maal gebring, omdat die uitwerking en [301] werking van die een offerande wat deur Christus gebring is, ewig is soos Hy self met sy eie Woorde getuig het toe Hy gesê het dat dit volbring, en vervul is. Dit beteken dat alles wat vir die versoening van die genade van die Vader, vir die verkryging van sondevergiffenis, geregtigheid en redding nodig was, deur sy enige offer volkome voldoen en volbring is, en dat daar in so 'n mate niks aan ontbreek nie dat glad geen plek vir 'n tweede offerande gelaat is nie.

Daarom konstateer ek dat dit die snoodste skande en ondraaglikste lastering is teenoor Christus en sy offer wat Hy deur sy dood vir ons aan die kruis gebring het, as enigiemand sou dink dat hy deur die offer te herhaal vergiffenis van sy sondes kan koop, hom met God kan versoen en geregtigheid kan verkry.

Maar wat is die doel van die bediening van die mis anders as om ons deur die verdienste van 'n nuwe offer deelgenote van die lyde van Christus te maak? En om geen perk aan hulle waansinnigheid te stel nie het hulle gereken dat dit maar 'n geringe ding is as hulle beweer dat hulle offer tegelyk in gemeenskap vir die hele kerk gebring word, as dit nie was dat hulle daaraan toegevoeg het dat dit hulle oordeel was om dit nou aan die een en dan aan die ander mens na hulle wens te heg of eerder aan enigiemand wat gewillig was om so 'n loon volgens 'n vasgestelde prys aan te koop. Maar omdat hulle nie in staat was om by Judas se prys te kom nie, het hulle tog die ooreenkoms in die getal behou om ten minste met die een of [302] ander teken die voorbeeld van hulle bron weer te gee. Hy het Christus vir dertig silwerstukke verkoop (Matt. 26:15), hulle verkoop dit vir dertig kopermuntjies; hy het hom net een maal verkoop, hulle verkoop dit so dikwels as wat hulle 'n koper kry.

In hierdie sin verklaar ons dat ook die mense nie priesters is wat met so 'n offer voor God vir die volk

tussenbeide tree en deur God te versoen versoening van hulle sondes bewerk nie. Want Christus is die enige Priester en Profeet van die nuwe Testament, en op Hom is al die priesterampte oorgedra, afgestuur en beëindig.

En selfs as die Skrif geen melding van die ewige priesteramp van Christus maak nie, en ten spyte daarvan dat God die priesterampte van ouds afgeskaf en geen nuwe ingestel het nie, bly die argument van die apostel dat niemand vir homself die eer mag toe-eien behalwe as hy deur God daartoe geroep is nie (Hebr. 5:14), nog onoorwonne. Met watter vertroue waag die heiligskenners wat hulle daarop beroem dat hulle die slagters van Christus is, dan om hulleself priesters van die lewende God te noem?

Onder die tweede groep offers, wat ons 'dankbetuiging' genoem het, word al ons gebede, ons lof- en dankbetuiginge en alles wat ons ter verering van God doen, ingesluit. Dit betaam ons trouens om onsself en al ons werke aan Hom te wy en oor te gee, sodat alles wat in ons is, sy heerlikheid kan dien en sy [303] luister kan bevorder. Hierdie soort offer het niks daarmee te doen om God se toorn te versoen of vergiffenis van sondes te verkry of sy geregtigheid te verdien nie, maar dit spits hom slegs daarop toe om God groot te maak en te verheerlik. Dit kan nie anders gebeur as net deur mense wat alreeds vergiffenis van sondes ontvang het en met God versoen en regverdig gemaak is nie. Maar dit is ook in so 'n mate noodsaaklik vir die kerk dat dit nie daarvan weg kan wees nie. Dit sal dus ewig wees so lank as wat die volk van God staande bly, soos daar ook in die profeet geskrywe is: "Want my Naam is groot onder die volkere van sonsopkoms tot sonsondergang toe, en oral word wierook en 'n rein offer aan my Naam geoffer; want verskriklik is my Naam onder die volkere" (Matt. 1:11), spreek die Here. Verre sy dit van ons om dit te verwyder! So beveel Paulus ons om ons liggame as 'n lewende, heilige en 'n welgevallige offerande vir God te offer, dit is 'n redelike godsdiens (Rom. 12:1; 1 Petr. 2:5-6).

So het Dawid gesê dat sy gebed soos wierook voor die aangesig van God sal opstyg (Ps. 141:2). So word die gebede van heiliges elders 'wierook' genoem en deur die profeet 'die offerdiere van ons lippe' (Hosea 14:3). Paulus het selfs uitdruklik hiervan gespreek toe hy dit aanbidding genoem het, want hy het daaronder 'n geestelike wyse van aanbidding van God verstaan en dit stilswyend teenoor die vleeslike offerandes van die Mosaïese wet gestel.

[304] Die nagmaal van die Here kan nie sonder 'n offer van dié aard wees nie. Wanneer ons sy dood verkondig (1 Kor. 11:26) en aan Hom die dankbetoon bring, doen ons daarin niks anders as om aan Hom 'n lofoffer te bring nie. Na aanleiding van die offerfunksie word al die Christene 'n koninklike priesterskap genoem (1 Petr. 2:9) omdat ons deur Christus 'n offer van lof aan God bring as "die vrug van die lippe wat sy Naam bely" (Hebr. 13:15). Want ons verskyn nie sonder middelaar met ons geskenke voor die aangesig van God nie. Dit is Christus, en wanneer Hy as Middelaar tussenbeide tree, bied ons onsself en ons besittings aan die Vader. Hy is ons Hoëpriester wat die heiligdom van die hemel betree het en vir ons 'n toegang daartoe open. Hy is die altaar (Hebr. 13:10) waarop ons ons geskenke lê. Hy, sê ek, is dit wat ons tot koninkryk en priesters van sy Vader gemaak het (Open. 1:6).

Nou het ons, lesers, in 'n opsomming feitlik alles saamgevat wat ons vir ons kennis in verband met die twee sakramente van belang beskou het; die gebruik daarvan is van die begin van die Nuwe Testament af tot by die voleinding van die wêreld aan die Christelike kerk oorgelewer, sodat die doop as 't ware 'n toetrede tot die kerk en 'n inwyding tot die geloof is. Die nagmaal weer is voortdurende voedsel waarmee Christus die gesin van sy gelowiges geestelik voed. Soos daar maar net een God is, een geloof, een Christus, een kerk (sy liggaam), so is daar maar net een doop (Ef. 4:4-6), wat nie dikwels herhaal word nie. Maar die nagmaal word van tyd tot tyd uitgedeel [305] sodat die mense wat eenmaal vir die kerk gewen is, kan besef dat hulle voortdurend in Christus gevoed word.

Met uitsondering van hierdie twee sakramente is geen ander sakrament deur God ingestel nie, en die kerk van die gelowiges behoort geen ander sakrament te erken nie. Die kerk sal geredelik begryp

dat dit nie 'n saak van menslike oordeel is om nuwe sakramente in te rig en in te stel nie, as hy daaraan gedagtig is, soos hierbo duidelik genoeg uiteengesit is, dat die sakramente hiervoor ingestel is om ons iets in verband met sy belofte te leer en aan ons getuienis aangaande sy goeie wil jeens ons te lewer; as hy daarbenewens ook daaraan dink dat God geen raadgewer gehad het (Jes. 40:13; Rom. 11:34) om 'n bepaalde antwoord in verband met sy wil aan ons te kan verstrek of om ons sekerder en onbekommerd te maak oor sy gevoel teenoor ons, oor wat Hy bereid is om aan ons te gee en wat Hy ons wil weier nie. Terselfdertyd is vasgestel dat niemand in staat is om 'n teken aan te bied om getuienis van sy wil en die een of ander belofte te wees nie. Dit is Hy alleen wat 'n teken aan ons gee en in staat is om van Homself voor ons te getuig.

Ek sal dit bondiger en miskien growwer maar duideliker uitdruk, 'n Sakrament kan nooit sonder die belofte van redding wees nie. Al sou al die mense in een groep versamel word, kan hulle uit hulleself geen belofte oor ons redding aan ons maak nie. Gevolglik [306] kan hulle uit hulleself geen sakrament voortbring of instel nie.

Met hierdie twee sakramente moet die Christelike kerk dus tevrede wees, en vir die huidige moet dit nie alleen geen derde sakrament toelaat of erken nie maar tot by die voleinding van die wêreld nie 'n derde sakrament verlang of verwag nie. Want die feit dat verskeie sakramente wat hiervan verskil, na verskeie wendinge van die tyd buiten die gewone sakramente aan die Jode gegee is, soos byvoorbeeld manna (Ex. 16:13; 1 Kor. 10:3), water wat uit 'n rots vloei (Ex. 17:6; 1 Kor. 10:4), 'n slang van koper (Num. 21:8; Joh. 3:14) en soortgelyke dinge, was deur hulle onderskeid vir hulle 'n vermaning dat die sakramente nie op sulke beelde rus nie, aangesien hulle opset weinig standvastig was, maar dat hulle iets beters van God moes verwag wat sonder ondergang of einde sou bly bestaan.

Maar ons omstandighede verskil heeltemal daarvan, aangesien Christus aan ons geopenbaar is. In Hom is al die skatte van kennis en wysheid verborge (Kol. 2:3) – in so 'n oorvloed en rykheid dat om òf te hoop op òf 'n nuwe toevoeging tot hierdie skatte te vra inderdaad sou beteken om God te versoek om sy toorn teen ons te verwek. Ons behoort slegs na Christus alleen te honger, Hom alleen te soek, na Hom alleen op te kyk, Hom alleen te leer ken en te bestudeer, totdat die groot dag aanbreek waarop die Here die heerlikheid van sy koninkryk ten volle sal openbaar (1 Kor. 15:24) [307] en Hom aan ons sal toon om Hom te sien soos Hy is (1 Joh. 3:2). En om hierdie rede word hierdie leeftyd van ons in die Skrifte as die laaste uur, die laaste dag en die laaste tye beskrywe sodat niemand homself met 'n ydel verwagting van die een of ander nuwe leer of openbaring kan mislei nie. Want male sonder tal het die Here vantevore op baie maniere deur sy profete gespreek, maar in hierdie laaste dae het die Here in sy geliefde Seun (Hebr. 1:1-2), wat alleen die Vader kan openbaar (Luk. 10:22), gespreek.

Maar aangesien die vermoë om nuwe sakramente in die kerk van God tot stand te bring die mens ontneem is, moet ons daarna hunker dat juis die sakramente wat wel hulle oorsprong uit God het, so min moontlik deur menslike skepping vertroebel mag word. Want net soos wanneer wyn verslaan en verflou as water daarby gegiet word, en net soos 'n hele massa deeg suur word as suurdeeg daaroor gestrooi word, net so word die reinheid van die geheimenisse van God niks anders as net besoedel wanneer die mens iets van sy eie daaraan toevoeg nie. Tog sien ons hoeveel die sakramente van hulle egte reinheid ontaard het soos dit vandag gehanteer word. Oral is daar geen oorweging of vermelding van die Woord van God waarsonder die sakramente self nie sakramente is nie. Ja, selfs nie eers die seremonies wat deur God ingestel is, kan hulle koppe in so 'n massa uitsteek nie, maar hulle lê plat asof hulle in die grond geboor is. Maar hoeveel is nog te bemerk van dit wat werklik in [308] die doop behoort te skitter en daar gesien moet word, naamlik die doop self? Die nagmaal is ten volle begrawe toe dit in die mis verander is, behalwe dat dit een maal per jaar in 'n verskeurde, halwe en verminkte vorm opgesoek word.

Hoeveel beter sou dit nie wees dat iemand as hy gedoop moet word, aan die vergadering van die gelowiges voorgestel word en hy terwyl die hele gemeente soos 'n getuie toekyk en vir hom bid, aan

God aangebied word nie? Hoeveel beter sou dit nie wees dat die belydenis van geloof voorgedra word om die katkisant te onderwys nie; om die beloftes wat in die doop in besit geneem word, op te noem; om die katkisant in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop (Matt. 28:19) en, ten slotte, om hom met gebede en dankbetoon weg te stuur nie?

So sou die kerk niks agterweë laat wat dit wesentlik moes doen nie, en die een enkele seremonie wat uit God as die bron daarvan ontstaan het, sou sy glans baie helder laat skyn het sonder om onder vreemde vuilgoed begrawe te wees.

Maar of iemand wat gedoop word, geheel en al ondergedompel moet word en of hy slegs deur die uitstorting van water besprinkel moet word, is van weinig belang. Dit behoort vir kerke ooreenkomstig die verskil in landstreke vry te wees, hoewel die woord 'doop' onderdompel beteken en dit duidelik is dat die seremonie van onderdompeling in die kerk van [309] ouds geëerbiedig is.

In soverre dit die heilige nagmaal aangaan, kon dit op die betaamlikste wyse bedien word as dit baie dikwels en ten minste een keer per week aan die gemeente voorgesit sou word. Dit moet begin met openbare gebed; daarop moet 'n preek gelewer word; daarop moet die bedienaar die instelling van die nagmaal voorhou nadat hy die brood en die wyn op die tafel voorgesit het; daarna moet hy die beloftes wat daarin vir ons gelaat is, verduidelik, en terselfdertyd moet hy al die mense wat volgens die verbod van God daarvan weerhou word, uit die gemeenskap daarin weer. Daarna moet 'n gebed gedoen word dat die Here met dieselfde milddadigheid waarmee Hy hierdie heilige spyse aan ons geskenk het, ons ook in die geloof en dankbaarheid van ons harte moet onderrig en formeer om dit aan te neem en, omdat ons dit uit onsself nie is nie, ons so 'n feesmaal waardig te maak. Hierop moet psalms gesing word of iets voorgelees word, en in betaamlike orde moet die gelowiges aan die heilige eetmaal deelneem, terwyl die bedienaars die brood breek en die bekers voorsit. Wanneer die nagmaal afgehandel is, moet die gelowiges tot die opregte geloof, tot geloofsbelydenis, tot die liefde en tot sedes wat Christene waardig is, aangespoor word. Ten slotte moet dank aan God betuig word en sy lofprysinge gesing word. As dit afgehandel is, moet die gemeente in vrede uiteengestuur word.

Dit is van geen belang of die gelowiges dit in hulle hande neem of nie; of hulle dit wat aan hulle gegee [310] is, onder mekaar verdeel of een vir een eet; of hulle die beker in die hand van 'n diaken teruggee of aan die volgende gelowige gee; of die brood suurdeeg in het of ongesuurd is; of die wyn rooi of wit is nie. Tog is dit seker dat die seremonie van die kerk van ouds so was dat almal dit in hulle hande geneem het. Christus het ook gesê: "Verdeel dit onder julle" (Luk. 22:17). Die geskiedenisse verhaal dat die brood oor die algemeen suurdeeg in gehad het voor die era van die Romeinse biskop Alexander, die eerste wat van ongesuurde brood gehou het, maar ek sien nie om watter rede anders as net om die oë van die gewone mense deur die ongewone skouspel in bewondering te trek eerder as om hulle siele in die godsdiens te onderrig nie.

Ek besweer almal wat slegs met 'n effense belangstelling in die geloof geraak word of hulle nie duidelik kan raaksien hoeveel skitterender die heerlikheid van God hier straal en hoeveel oorvloediger die lieflikheid van geestelike vertroosting tot gelowiges terugkeer as in daardie kille en dramatiese beuselagtighede wat geen ander voordeel inhou as om die sinne van 'n verdwaasde volk te mislei nie. Hulle noem dit die behoud van die volk deur die godsdiens wanneer die volk deur bygeloof afgestomp en verblind is en in enige rigting meegesleur word. Maar as iemand sulke uitvindings na aanleiding van die ou gebruike sou wou verdedig, is ek self ook daarvan bewus hoe oud die gebruik van salwing en blaas op die dopeling in die doop is en dat die nagmaal van die [311] Here nie lank na die era van die apostels met roes besmet is nie. Maar dit is natuurlik die voortvarendheid van die mens se selfvertroue wat homself nie daarvan kan weerhou om altyd in die geheimenisse van God te peuter en losbandig te kere te gaan nie. Laat ons maar net onthou dat gehoorsaamheid aan sy Woord vir God van soveel waarde is dat dit sy wil is dat ons sowel sy engele as die heelal in die lig daarvan moet beoordeel (1 Kor. 6:2-3; Gal. 1:8).

[312]

## SACRAMENTA NON esse quinque reliqua quę pro sacramentis hactenus uulgo habita sunt, declaratur: tum qualia sint, ostenditur.

### CAPVT V.

POTERAT *superior de sacramentis disputatio, apud dociles & sobrios hoc obtinere, ne ultra curiosius progrederētur: nec præter illa duo, quæ à Domino instituta noßent, ulla alia sacramenta sine Dei uerbo amplecterentur. Verum, quoniam illa de septem sacramentis opinio omniū ferè sermone trita, scholasq́; & conciones omnes peruagata, uetustate ipsa radices egit, ac hominum animis etiamnū insidet: Visus sum mihi operepræcium facturus, si quinq; reliqua, quæ ueris ac germanis Domini sacramentis uulgo accensentur, seorsum ac propius excuterē, omniq́; abstersô fuco simplicibus spectanda proponerem, qualia sint, & quàm falso pro sacramentis hactenus habita sint.* Principio, hoc retinendum est, quod in-

uicta

[313]

## Hoofstuk 5

**'N VERDUIDELIKING DAT DIE VYF OORBLYWENDES WAT TOT DUSVER ALGEMEEN AS SAKRAMENTE BESKOU IS, DIT NIE IS NIE; DAN VOLG 'N AANDUIDING VAN WAT DIT WEL IS**

Die voorgaande bespreking in verband met die sakramente kon vir ontvanklike en sober mense bewys het dat hulle nie uit groter nuuskierigheid verder moet gaan of met uitsondering van die twee sakramente waarvan hulle weet dat dit deur God ingestel is, ander sakramente sonder die Woord van God mag aanvaar nie. Maar aangesien die opvatting in verband met sewe sakramente oor die algemeen dikwels in almal se gesprekke te berde gebring word en ons skole en al ons preke deurtrek, het dit juis deur die ouderdom daarvan wortelgeskiet en is selfs nou nog stewig in die verstand van die mensdom gevestig. Daarom het dit vir my geluk asof ek iets wat die moeite werd is, sal doen as ek die oorblywende vyf, wat oor die algemeen onder die ware en egte sakramente van God gereken word, afsonderlik en nader sou ondersoek, alle klatergoud daaruit wegneem en vir eenvoudige mense 'n uiteensetting sou gee om te sien wat die aard [314] daarvan is en hoe valslik dit tot dusver as sakramente beskou is.

In die eerste plek moet ons hieraan vashou soos ons tevore met onoorwinlike argumente bewys het, naamlik dat die beslissing om 'n sakrament in te stel by niemand anders as by God alleen berus nie. 'n Sakrament behoort trouens die gewete van gelowiges wat nooit hierdie sekerheid van 'n medemens kan ontvang nie, met 'n bepaalde belofte van God te bemoedig en te vertroos. 'n Sakrament behoort vir ons 'n getuienis van God se goedgesindheid jeens ons te wees – en daarvan kan geen mens of engel 'n getuie wees nie, aangesien niemand God se raadsman was nie (Jes. 40:13; Rom. 11:34). Dit is God alleen wat deur sy Woord vir ons getuienis van Homself lewer. 'n Sakrament is 'n teken waardeur die testament of belofte van God beseël word. Maar dit kan nie deur liggaamlike dinge of die elemente van hierdie wêreld beseël word nie, behalwe as dit deur die krag van God hiervoor geformeer en bestem is. Die mens is dus nie by magte om 'n sakrament in te stel nie, aangesien dit nie 'n eienskap van die mens se krag is om sulke groot geheimenisse van God onder sulke veragtelike dinge te laat skuil nie. Die Woord van God behoort vooraf te gaan om van 'n sakrament 'n sakrament te maak.

[315]

**DIE BEVESTIGING**

Die bevestiging, soos hulle dit noem, is die eerste teken wat die mensdom se onbesonnenheid uitgedink en as 'n sakrament van God ingestel het. Hulle het egter die versinsel geskep dat die krag van die bevestiging daarin geleë is dat dit die Heilige Gees, wat alreeds in die doop met die oog op onskuld verleen is, vir die vermeerdering van die genade beskikbaar stel; om die mense wat alreeds in die doop vir die lewe wedergebore is, vir 'n geveg te versterk.

Hierdie bevestiging word met salwing en die volgende formule verrig: "Ek merk jou met die teken van die heilige kruis en ek versterk jou met die salwing van redding in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees". Alles te pragtig en bekoorlik! Maar waar is die Woord van God om die teenwoordigheid van die Heilige Gees hier te belowe? Hulle kan nie eers 'n jota daarvoor aanvoer nie. Hoe sal hulle ons verseker dat hulle salwing 'n houer van die Heilige Gees is? Ons sien die olie – 'n dik vetterige vloeistof – en niks anders nie. Augustinus het al gesê: "Laat die Woord by die elemente kom, en 'n sakrament sal ontstaan". Nou sê ek: Laat hulle die Woord te voorskyn bring as hulle wil hê dat ons in die olie iets anders as net olie moet sien.

Maar as hulle hulleself as bedienaars van die sakramente erken soos dit hulle pas, sou ons nie langer die stryd met hulle moes aanknoop nie. Die eerste [316] reël vir 'n bedienaar is om niks sonder 'n gebod te verrig nie. Maar kom nou, laat hulle 'n gebod vir die bediening aanbied, en ek sal nie nog 'n woord verder sê nie. Maar as dit hulle aan 'n gebod ontbreek, kan hulle geen verskoning vir hulle onheilige vermetelheid aanbied nie. Om hierdie rede het die Here die Fariseërs gevra of Johannes se

doop uit die hemel of uit mense was. As hulle sou antwoord dat dit uit mense was, sou Hy bewys het dat dit dan waardeloos en ydel is; maar as hulle sou antwoord dat dit uit die hemel is, sou hulle gedwing word om die leer van Johannes te erken. Om dus nie te beledigend teenoor Johannes te wees nie het hulle nie gewaag om te erken dat dit uit die mense was nie (Matt. 21:25-27).

As die bevestiging dan uit mense is, word dit as waardeloos en ydel bewys. As hulle opvatting is dat dit uit die hemel is, laat hulle dit bewys. Hulle verdedig hulle met die voorbeeld van die apostels, en hulle dink dat die apostels niks onbesonne gedoen het nie. Dit is ten minste reg! Hulle sou ook nie deur ons verkwalik word as hulle maar net getoon het dat hulle navolgers van die apostels is nie. Maar wat het die apostels wel gedoen? Lukas vertel dat toe die apostels wat in Jerusalem was, gehoor het dat Samaria die Woord van God ontvang het, hulle Petrus en Johannes daarheen gestuur het. Hy sê verder dat hulle vir die Samaritane gebid het sodat hulle die Heilige Gees kon ontvang, aangesien dit nog nie op enigeen van hulle gekom het nie, maar [317] hulle was slegs in die Naam van Jesus gedoop; dat hulle, nadat hulle gebid het, hulle hande op hulle gelê het, en deur die oplegging het die Samaritane die Heilige Gees ontvang (Hand. 8:14-17). Die oplegging van hulle hande vermeld hy telkemale (Hand. 6:6; 8:17; 13:3; 19:6).

Ek hoor wat die apostels gedoen het, naamlik dat hulle hulle bediening getrou vervul het. Dit was die wil van die Here dat daardie sigbare en wonderlike genadegawes van die Heilige Gees wat Hy toe oor sy volk uitgegiet het, met behulp van handoplegging deur sy apostels bedien en onder hulle verdeel moes word. Ek dink nie dat daar 'n dieperliggende geheim onder die oplegging van hulle hande is nie, maar my interpretasie daarvan is dat so 'n seremonie deur hulle gebruik is om juis met die gebaar 'n aanduiding daarvan te gee dat hulle hulle voor God verootmoedig en die een op wie hulle hulle hande gelê het, vir God aanbied.

As die geheimenis wat die apostels destyds verrig het, nou nog in die kerk bestaan het, sou die handoplegging nog behoue moes bly. Maar toe die genadegawe nie meer aan mense verleen is nie, waarop is die oplegging van hande dan gerig? Die Heilige Gees is gewis nog onder die volk van God: sonder die leiding en rigtinggewing daarvan kan die kerk van God nie staande bly nie. Want ons het 'n ewige en 'n immer bestendige belofte waarvolgens Christus die mense wat dors het, na Hom toe roep om van die lewende water te drink (Joh. 7:37; Jes. 55:1; Joh. 4:10; 7:38). [318] Maar die kragtige wonders en geopenbaarde werke wat deur handoplegging onder hulle uitgedeel is, het tot 'n einde gekom, en soos hulle moes, het hulle 'n tyd lank gedien. Want die nuwe prediking van die evangelie, die nuwe koninkryk van Christus moes met wonders waarvan nog nie gehoor is nie en wat ongewoon was, toegelig en groot gemaak word. Toe die Here van die wonders afgesien het, het Hy sy kerk nie eensklaps in die steek gelaat nie, maar Hy het die kerk geleer dat die grootsheid van sy koninkryk en die waarde van sy Woord voortreflik genoeg geopenbaar is.

In watter opsig sal hierdie toneelspelers dan beweer dat hulle die apostels volg? Met die oplegging van hulle hande moes hulle hulle ten doel gestel het dat die Heilige Gees se krag onmiddellik duidelik te voorskyn moes kom. Dit kry hulle nie reg nie. Maar waarom roem hulle dan op die oplegging van hulle hande? Ons lees weliswaar dat dit 'n gebruik onder die apostels was, maar vir 'n heeltemal ander doel. Dit is net so redelik as wanneer iemand sou sê dat die asem wat die Here op sy dissipels geblaas het (Joh. 20:22), 'n sakrament is waardeur die Heilige Gees gegee word. Maar toe die Here dit eenmaal gedoen het, was dit nie sy bedoeling dat ons dit ook moet doen nie. Ook die apostels het op dié wyse hulle hande opgelê op 'n tydstip toe dit die Here behaag het dat die sigbare genadegawes van die Heilige Gees hulle gebede moes bystaan, maar nie dat hulle nageslag 'n holle, kille teken oordrewe [319] sinneloos sou versin soos hierdie ape doen nie.

Maar as hulle kon bewys dat hulle in die oplegging van hulle hande navolgers van die apostels is (daarin het hulle tog geen ooreenkoms met die apostels nie behalwe die een of ander misplaaste navolging), waaruit ontstaan die olie wat hulle die olie van redding noem? Wie het hulle geleer om hulle redding in olie te soek? Wie het hulle geleer om die krag van versterking daaraan toe te skrywe? Is dit Paulus wat ons ver wegsleep van die eerste beginsels van hierdie wêreld (Gal. 4:9) en

niks meer verdoem as om aan sulke eerbewysies verknog te wees nie? (Kol. 2:20). Nie uit myself nie maar uit die Here verklaar ek onverskrokke soos volg: Die mense wat hierdie olie die olie van redding noem, verloën die redding wat in Christus is; hulle loën Christus en het geen deel aan die koninkryk van God nie. Want olie is vir die maag en die maag vir olie, en God sal albei tot niet maak (1 Kor. 6:13). Want al die swak elemente wat deur gebruik tot niet gaan, dra niks tot die koninkryk van God by nie – dit is geestelik en sal nooit tot niet gaan nie. Iemand sou vra: "Waarom dan? Meet jy die water waarmee ons gedoop word, en die brood en wyn waaronder die nagmaal voorgesit word, aan dieselfde maatstaf?"

My antwoord is dat ons in die sakramente van die Here twee aspekte in aanmerking moet neem, naamlik die substansie van die liggaamlike voorwerp wat aan ons voorgesit word, en die vorm wat deur die Woord [320] van God daarop afgedruk is en waarin die hele werking daarvan geleë is. In soverre as wat die brood, die wyn en die water wat voor ons oë in die sakramente aangebied word, hulle substansie behou, dra Paulus se stelling nog altyd krag: "Spyse is vir die maag, en die maag vir die spyse. God sal albei tot niet maak" (1 Kor. 6:13). Want hulle gaan verby en verdwyn saam met die gestalte van hierdie wêreld (1 Kor. 7:31). Maar in soverre as wat dit deur die Woord van God geheilig word om sakramente te wees, hou hulle ons nie in die vlees nie maar onderwys ons waaragtig geestelik.

Maar laat ons nog nader ondersoek instel hoeveel gedrogte hierdie vettigheid verkwik en voed. Die salwers beweer dat die Heilige Gees in die doop met die oog op onskuld gegee word en in die bevestiging met die oog op die toename in die genade; dat ons in die doop wedergebore word vir die lewe en dat ons in hulle bevestiging vir die stryd toegerus word. En hulle skaam hulle nie om te beweer dat die doop nie sonder hulle bevestiging na behore afgehandel kan word nie. O, hulle goddeloosheid: Is ons dan nie in die doop saam met Christus begrawe en deelgenote van sy sterwe gemaak sodat ons ook deelgenote in sy opstanding kan wees nie? (Rom. 6:4-5). Paulus se vertolking van die deelname in die sterwe en die lewe van Christus is dat dit die afsterwe van ons vlees en die lewendmaking van ons gees is, omdat ons ou mens gekruisig is en ons in 'n nuwe lewe wandel (Rom. 6:5-6). Wat beteken dit dan om vir die [321] stryd toegerus te word anders as dit?

Maar wat Lukas se stelling betref in die sitaat wat ons aangehaal het, dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop is ten spyte daarvan dat hulle nie die Heilige Gees ontvang het nie (Hand. 8:16), verklaar hy eenvoudig nie dat die mense wat met hulle harte in Christus geglo en Hom met die mond bely het, met enige gawe van die Gees begiftig was nie (Rom. 10:10). Hy verstaan daaronder maar net die verkryging van die Gees, waardeur die geopenbaarde krag en die sigbare genadegawes in ontvangs geneem word. So word van die apostels gesê dat hulle die Gees op die Pinkster ontvang het (Hand. 2:4), hoewel Christus lank tevore reeds vir hulle gesê het: "Dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek" (Matt. 10:20). Julle wat uit God is, aanskou die kwaadwillige en gevaarlike bedrog van die Satan. Met die oog daarop om die mense wat nie op hulle hoede is nie, van die doop af te verlei, belieg hy hulle daarmee dat dit wat waaragtig in die doop aan hulle gegee word, ook in sy bevestiging gegee word.

Wie sou nog daaroor kon twyfel dat dit 'n leerstelling van die Satan is wat die besondere beloftes van die doop wegsny en dit elders kan weglei en op iets anders oordra? Nou het ons ontdek, sê ek, op watter fondament die danige voortreflike salwing van hulle rus. Die Woord van God is dat almal wat in Christus gedoop is, Christus tesame met sy gawes tot hulle [322] eie gemaak het (Gal. 3:27). Die woord van die salwers is dat ons geen belofte in die doop ontvang het waardeur ons vir ons gevegte toegerus word nie. Eersgenoemde is die stem van die waarheid; laasgenoemde moet dit van die leuen wees. Ek kan hulle bevestiging dus met groter waarheid omskrywe as wat hulle tot dusver gedoen het, naamlik dat dit 'n buitengewone belediging vir die doop is wat die gebruik daarvan verduister en vernietig; dat dit 'n valse belofte van die duiwel is om ons van die waarheid van God af weg te skeur; of, as jy dit verkies, dat dit olie is wat deur die leuens van die duiwel besoedel is om die verstand van die eenvoudiges te bedrieg deur dit in 'n skaduwee te versluier.

Hulle voeg verder daaraan toe dat alle gelowiges die Heilige Gees deur die oplegging van hulle hande na die doop behoort te ontvang, sodat hulle as volle Christene bevind kan word, omdat niemand ooit 'n Christen sal wees as hy nie deur biskoplike bevestiging daartoe gesalf is nie. Dit is woordeliks hulle opvatting. En tog was ek nog altyd die mening toegedaan dat alles wat op die Christendom betrekking het, in die Skrif opgeteken en saamgevat is. Soos ek nou sien, moet ons die ware vorm van die godsdiens uit 'n ander bron as die Skrif soek en leer. Die wysheid van God, die hemelse waarheid en die hele leer van Christus begin slegs maar by die Christene, maar die olie maak hulle volmaak!

Volgens hierdie opvatting word al die apostels en al [323] die martelare wat baie gewis nooit gesalf is nie, verdoem, omdat daar toe nog nie heilige olie was om oor hulle te giet en in alle opsigte aan hulle Christenskap te voldoen, of eerder om van die mense wat dit nog nie was nie, Christene te maak nie. Al sou ek daaroor swyg, weerlê hulle hulle self oorvloedig. Want hoe 'n groot deel van hulle eie mense salf hulle na die doop? Waarom laat hulle soveel halwe Christene wie se onvolmaaktheid maklik genees kan word, in hulle kudde toe? Waarom laat hulle met sulke skreiende nalatigheid toe dat die mense iets agterweë laat wat nie sonder ernstige sonde nagelaat mag word nie? Waarom dring hulle nie strenger aan op iets wat so noodsaaklik is waarsonder hulle nie hulle redding kan verkry nie, behalwe as iemand miskien deur sy onverwagte dood daarvan verhinder is? Terwyl hulle toelaat dat dit so vrylik geminag word, erken hulle stilswyend dat dit nie soveel waarde het as waarvoor hulle dit wil verkoop nie.

Ten slotte bepaal hulle dat hierdie heilige salwing met groter agting as die doop bejeën moet word, omdat dit uitsluitlik deur die hande van hoëpriesters bedien word; maar dat die doop algemeen deur al die priesters uitgedeel word. Wat anders sou 'n mens kon sê as net dat die mense wat so deur hulle eie uitvindings bekoor word, duidelik van hulle sinne beroof is dat hulle in vergelyking daarmee die heilige instellinge van God sorgeloos verag? O heiligskennende mond, waag jy om jou vettigheid, wat slegs maar deur die stank van jou eie asem besoedel en [324] deur die gemompel van woorde betower is, teenoor die sakrament van Christus te stel en dit te vergelyk met die water wat deur die Woord van God geheilig is? Maar selfs dit was vir jou goddeloosheid nie genoeg as jy dit nie bo die sakrament kon verkies nie. Dit is die antwoorde van die heilige setel, dit die orakels van die apostoliese drievoet!

Maar sommige van hulle het dit wat slegs in hulle opvatting onbeteuelde waansin is, effens aan bande begin lê. "Dit moet met groter agting bejeën word", sê hulle; miskien nie as gevolg van die groter krag en voordeel wat dit teweegbring nie, maar omdat dit deur waardiger bedienaars gegee word en op 'n waardiger deel van die liggaam, naamlik die voorkop, toegedien word; of omdat dit 'n groter toename in kragte oplewer, hoewel die doop meer krag tot vergiffenis het. Betoon hulle hulle dan nie self in die eerste rede as Donatiste wat die krag van die sakramente na aanleiding van die waardigheid van die bedienaar daarvan meet nie? Gestel ek sou toegee dat 'n bevestiging as gevolg van die waardigheid van die pouslike hand waardiger geag moet word. Maar as iemand sou trag om van hulle te verneem uit watter bron so 'n groot voorreg aan die biskoppe opgedra is, watter rede sou hulle dan aanvoer behalwe net hulle eie wispelturigheid? Die apostels, wat alleen die Heilige Gees onder die mense uitgedeel het, het alleen die reg gehad. Is die biskoppe dan alleen aspostels? Of, liewer, is hulle hoegenaamd apostels? Laat ons dit ook maar toegee. Waarom verklaar hulle dan nie [325] volgens dieselfde argument dat slegs die biskoppe die sakrament van die bloed in die nagmaal van die Here mag aanraak nie – iets wat hulle vir die leek weier, omdat dit deur die Here slegs aan die apostels gegee is? As dit dan slegs aan die apostels gegee is, waarom lei hulle nie daaruit af dat dit ook slegs aan die biskoppe gegee is nie? Maar in die verwysing maak hulle van die apostels eenvoudig priesters; nou sleur 'n duiseligheid van hulle koppe hulle in 'n ander rigting mee, sodat hulle dadelik van hulle biskoppe maak!

Ten slotte: Ananias was nie 'n apostel nie, en tog is hy na Paulus gestuur sodat Paulus sy gesig weer van hom kon ontvang, sodat hy gedoop en met die Heilige Gees vervul kon word (Hand. 9:17-19). En laat ek by hierdie stapel nog byvoeg: As dit dan volgens goddelike reg 'n besondere funksie van die

biskoppe was, waarom het hulle dan gewaag om dit na gewone priesters oor te dra, soos ons in die een of ander brief van Gregorius lees?

Hoe onbeduidend, dwaas en stompsinnig is hulle tweede rede dat hulle hulle eie bevestiging waardiger noem as die doop van God nie! En dit net omdat daarin die voorhoof met olie bestryk word, maar in die doop die kop, net asof die doop met olie en nie met water bedien word nie! Ek roep alle godsdienstige mense tot getuie of hierdie deugniete hulle nie slegs dit ten doel stel om die reinheid van die sakramente met hulle suurdeeg te bederf nie! Ek het [326] elders ook al gesê dat dit wat aan God behoort, nouliks in die sakramente deur skrefies te midde van die menigte uitvindsels van die mens deurskyn. As iemand hierin geen vertroue in my het nie, laat hy dan maar gerus sy vertroue in sy eie leermeesters stel. Kyk, terwyl hulle die water verbygaan en dit van geen waarde ag nie, beskou hulle die olie alleen in die doop van groot belang. Daarteenoor beweer ons dat die voorkop in die doop met water aangeraak word. In vergelyking hiermee ag ons julle olie – of dit in die doop of in julle bevestiging voorkom – nie aan die waarde van een stuk drek gelyk nie. Maar as iemand sou aanvoer dat dit vir meer verkoop word, is die antwoord voor die hand liggend dat julle verkoping daarvan swendelary, waardeloos en diefstal is.

In die derde rede verraai hulle hulle goddeloosheid wanneer hulle babbel dat 'n groter toename van kragte in hulle bevestiging as in die doop teweeggebring word. Deur die oplegging van hulle hande het die apostels die sigbare genadegawes van die Gees bedien. In watter opsig betoon hulle vettigheid hom vrugbaar? Dit is 'n Gordiaanse knoop; dit sou beter wees om dit los te skeur as om so hard te swoeg om dit los te knoop.

Maar wanneer hulle weldra sien dat dit hulle om 'n waarskynlike rede aan die Woord van God ontbreek, gee hulle voor – soos hulde die gewoonte het – dat die waarneming hiervan baie oud is en dat dit deur die instemming van baie eeue bekragtig is. Selfs al sou [327] dit waar wees, bereik hulle daarmee nog niks nie. 'n Sakrament ontstaan nie uit die aarde nie maar uit die hemel; nie uit mense nie maar uit God alleen. Hulle behoort te kan bewys dat God die Skepper van hulle bevestiging is as hulle wil hê dat dit as 'n sakrament beskou moet word.

Maar waarom hou hulle die oudheid daarvan voor as die ou skrywers nêrens meer as twee sakramente vermeld nie? As ons hulp vir ons geloof van mense sou moes vra, het ons hier juis 'n onoorwinlike vesting, naamlik dat die seremonies wat hulle valslik as sakramente voorhou, nooit deur die ou skrywers as sakramente erken is nie. Die ou skrywers praat wel van die oplegging van hande, maar noem hulle dit 'n sakrament? Augustinus verklaar openlik dat dit niks anders as gebed is nie. Laat hulle my nie nou met hulle weersinwekkende onderskeide toesnou dat Augustinus hierdie handoplegging nie as 'n bevestigende gebaar nie maar as 'n genesende of versoenende gebaar bedoel het. Sy boek is nog beskikbaar en bevind hom in die hande van die mensdom. As ek dit in 'n betekenis verdraai anders as wat Augustinus dit geskrywe het, dan swig ek nie alleen voor hulle gebruiklike beledigings nie, maar laat hulle my dan ook maar onder hulle speeksel begrawe.

Het ons tog maar die gewoonte behou wat, soos ek vermoed, onder die Christene van ouds gegeld het voordat hierdie misgewas en skim van 'n sakrament ontstaan het. Nie dat dit 'n bevestiging sou wees wat [328] nie sonder onreg teenoor die doop so genoem kan word nie, maar 'n Christelike kategese waarin ons kinders of die mense wat na aan volwassenheid is, rekenskap van hulle geloof voor die gemeente sou kon lewer. Die beste metode van kategese sou egter wees as 'n formulier vir die gebruik hiervan opgestel sou word wat 'n samevatting en eenvoudige uiteensetting van feitlik al die hoofpunte van ons godsdiens insluit; daartoe behoort die hele kerk van gelowiges sonder getwis in te stem. 'n Kind van 10 jaar moet voor die kerk verskyn om belydenis van sy geloof te doen; hy moet oor afsonderlike hoofstukke ondervra word, en op elkeen moet hy antwoord. As hy iets nie ken of begryp nie, moet hy daarin onderrig word. So moet hy die enigste waaragtige en opregte geloof waarmee die volk van die gelowiges die een God eendragtig aanbid, bely terwyl die gemeente as getuie toekyk.

As hierdie onderwysing vandag nog van krag was, sou die traagheid van sommige ouers wat die

onderwysing van hulle kinders onbekommerd verwaarloos net asof dit niks met hulle te doen het nie – iets wat hulle destyds nie sonder openbare skande agterweë kon laat nie – inderdaad daardeur opgeskerp word. Dan sou daar groter geloofseensgesindheid onder die Christenvolk wees, en die onkunde en ongeletterheid van baie van hulle sou nie so groot wees nie. Sommige van hulle sou nie so ondeurdag deur vreemde nuwe leerstellinge meegesleur word nie; kortom, almal sou dan as 't ware 'n beginsel van die Christelike leer gehad het.

[329]

**BOETEDOENING**

In die volgende plek stel hulle boetedoening, en hulle praat so verstrooid en verward daaroor dat ons gewetes niks sekers of bestendigs uit hulle leer kan put nie. In die eerste plek sal ons in 'n paar woorde 'n uiteensetting gee van dit wat ons in verband met boetedoening uit die Skrifte geleer het: daarop dan wat hulle leer, en ten slotte volgens watter ligsinnige rede of hoe hulle sonder enige rede hoegenaamd daarvan 'n sakrament gemaak het.

Toe sommige geleerde manne selfs lank voor hierdie era volgens die maatstaf van die Skrif eenvoudig en opreg oor boetedoening wou praat, het hulle verklaar dat dit uit twee dele bestaan, naamlik afsterwing en lewendmaking. Hulle interpreteer afsterwing as sielesmart, vrees wat uit die kennis van die sonde kom, en 'n sintuiglike besef van die oordeel van God. Want wanneer iemand tot die ware kennis van die sonde gebring is, dan begin hy waarlik sy sondes haat en verfoei; dan het hy van harte 'n mishae in homself; dan bely hy dat hy ellendig en verlore is, en hy begeer om anders te wees. Wanneer hy hierop deur die een of ander sintuiglike gevoel van die oordeel van God getref word (want die een stap volg onmiddellik op die ander), dan lê hy platgeslaan en neergewerp, en verneder en verwerp begin hy bewe; hy is moedverlore en hopeloos. Dit is die eerste deel van boetedoening, wat hulle algemeen "verbryseling" noem.

[330] "Lewendmaking" interpreteer hulle as vertroosting wat uit die geloof ontstaan. Wanneer die mens by voorbeeld deur die wete van sy sondes neergeslaan en deur die vrees van God getref is, rig hy daarop sy oë op die goedheid van God, op sy barmhartigheid, sy genade en sy redding wat deur Christus is; hy hef homself op; hy kom tot verhaal; hy skep weer moed en keer asof uit die dood na die lewe terug.

Omdat sommige mense gesien het dat die benaming in die Skrif verskillend opgeneem is, het hulle twee vorms van boetedoening vasgestel en met die oog daarop om dit met die een of ander teken te onderskei, die een vorm daarvan "Boetedoening van die wet" genoem. Daarvolgens is die sondaar deur die brandvlek van sy sonde gewond en deur sy vrees vir die toorn van God verbrysel, en vasgevang in die verwarring verkeer hy in vertwyfeling waaruit hy hom nie self kan losmaak nie.

Die tweede vorm daarvan noem hulle "Boetedoening van die evangelie". Daarvolgens is die sondaar hewig ontsteld; tog styg hy bo sy ontsteltenis uit en hy gryp Christus as genesing vir sy wonde, as vertroosting vir sy vrees en as hawe vir sy ellende aan. Voorbeelde van die "Boetedoening van die wet" is Kain (Gen. 4:13), Saul (1 Sam. 15:30) en Judas (Matt. 27:4). Wanneer die Skrif hulle boetedoening vir ons skets, verstaan hulle daaronder dat hulle die erns van hulle sonde erken en die toorn van God gevrees het. Maar omdat hulle slegs aan God as Wreker en [331] Regter gedink het, het hulle aan die sintuiglike gevoel 'n gebrek gehad. Hulle boetedoening was dus niks anders as 'n voorkamer van die hel nie, waartoe hulle alreeds in die lewe toegetree het en begin het om voor die aangesig van die toorn van die majesteit van God gestraf te word.

Ons bemerk die evangeliese boetedoening by al die mense wat deur die angel van die sonde in hulleself versweer het maar deur hulle vertroue op die barmhartigheid van God opgehef en verkwik is en hulle na die Here gewend het. Toe Hiskia die boodskap van sy dood ontvang het, was hy vreesbevange, maar hy het geween en gebid; hy het sy oë op die goedheid van God gerig en weer vertroue in Hom gekry (2 Kon. 20:2; Jes. 38:2). Deur die verskriklike aankondiging van hulle vernietiging was die inwoners van Ninevé hoogs ontsteld; maar hulle het hulle in sak en as gehul,

gebid en gehoop dat die Here Hom kon omkeer en Hom van die gloed van sy toorn kon afwend (Jona 3:5-9). Dawid het bely dat hy swaar gesondig het deur 'n telling van die volk te onderneem, maar hy het bygevoeg: "O Here, neem weg die ongeregtigheid van u dienskneg" (2 Sam. 24:10). Toe hy deur Natan tereggewys is, het Dawid die sonde van sy owerspel erken en hom voor die aangesig van God neergewerp maar terselfdertyd op genade gewag (2 Sam. 12:13-16). So was ook die berou van die mense wat deur die prediking van Petrus in hulle harte gepynig is, maar in hulle vertroue op God het hulle bygevoeg: "Mannebroeders, wat moet ons doen?" (Hand. 2:37).

[332] So was ook Petrus se berou toe hy bitterlik geween het (Matt. 26:75; Luk. 22:62) maar nie opgehou het om te hoop nie.

Hoewel al die gebeure waar is, moet die woord "berou" tog sover as wat ek uit die Skrifte kan aflei, anders opgeneem word. Want die feit dat hulle geloof onder berou insluit, is in stryd met dit wat Paulus in Handelinge sê, naamlik dat hy vir die Jode sowel as die heidene van die berou in God en die geloof in Jesus Christus getuig het (Hand. 20:21). Daar vermeld hy berou en geloof as twee verskillende goed. Hoe dan? Kan ware berou sonder geloof bestaan? Hoegenaamd nie! Hoewel hulle; nie van mekaar geskei kan word nie, moet hulle tog van mekaar onderskei word. Want net soos die geloof nie sonder die hoop is nie en geloof en hoop tog verskillende dinge is, net so moet berou en geloof tog eerder bymekaar gevoeg as met mekaar verwar word hoewel hulle deur 'n permanente band aanmekaar geheg is.

Na my oordeel is berou dus die afsterwe van ons vlees en van ons ou mens; die ware en egte vrees van die Here bewerk dit in ons. In hierdie sin moet ons al die preke waarmee die profete eenmaal en later ook die apostels die mense van hulle tyd tot berou aangespoor het, begryp. Want hulle het die mense versoek om terwyl hulle deur hulle sonde verwar en deur die vrees van God deurboor was, voor die aangesig van God neer te val, hulle te verneder, na sy weë terug te keer en van hulle waansin te herstel.

[333] Daarom gebruik hulle die woorde "bekeer", "terugkeer" en "berou toon" sonder onderskeid met dieselfde betekenis (Matt. 3:2). Johannes het gesê dat hulle vrugte wat hulle bekering waardig is, moes voortbring en 'n lewe wat 'n herstel en bekering van die aard pas, moes lei (Luk. 3:8; Hand. 26:20; Rom. 6:4).

Maar die hele som van die evangelie word onder hierdie twee hoofde saamgevat, naamlik berou en vergiffenis van sondes. Want Johannes, 'n engel wat voor die aangesig van Christus vooruitgestuur is om die weë vir Hom te berei (Matt. 11:10), het verkondig: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 3:2; 4:7). Deur hulle tot bekering te roep het hy hulle vermaan om hulle sondes te erken asook dat alles van hulle voor die aangesig van God verdoem is en dat hulle in al hulle gebede vir die afsterwing van hulle vlees en die wedergeboorte in die Gees moes vra. Deur die koninkryk van God aan te kondig het hy hulle tot die geloof opgeroep. Deur die koninkryk van God, waarvan hy geleer het dat dit naby was, het hy vergiffenis van sondes, verlossing, die lewe en alles ten volle wat ons in Christus verkry, aangedui. Daarom lees ons in ander verkondigers van die evangelie: "Johannes het gekom en die doop van bekering tot vergiffenis van sondes verkondig" (Markus 1:4; Lukas 3:3). Maar wat is dit nou anders as dat hulle neergedruk en vermoei deur die las van hulle sondes hulle tot God moes bekeer en die hoop van vergiffenis en hulle verlossing moes koester? So het ook Christus sy preke begin: "Die koninkryk [334] van God het naby gekom: bekeer julle en glo in die evangelie" (Markus 1:15). In die eerste plek verklaar Hy dat die skatte van sy barmhartigheid in Hom geopen is. Daarop eis hy hulle bekering en ten slotte ook hulle vertroue op die beloftes van God.

Toe Christus dus die hele aktiwiteit van die evangelie bondig wou saamvat, het Hy gesê dat Hy moes ly, uit die dood moes opstaan en dat bekering en vergiffenis in sy Naam verkondig moes word (Luk. 24:26). Na sy opstanding het ook die apostels verkondig dat Hy deur God opgewek is om aan Israël bekering en vergiffenis van sondes te skenk (Hand. 5:30-31).

Bekering in die Naam van Christus word verkondig wanneer die mense deur hierdie onderwysing van die evangelie hoor dat al hulle gedagtes, al hulle begeertes en al hulle wense bedorwe en sleg is. Dat dit daarom noodsaaklik is dat hulle weergebore moet word as hulle tot die koninkryk van God wil toetree; verder wat die wyse van hulle wedergeboorte is as hulle deel het in Christus, in wie se dood hulle verwronge begeertes te sterwe kom; in wie se kruis ons ou mens gekruisig word en in wie se graf die liggaam van ons sonde begrawe word (Rom. 6:6).

Vergiffenis van sondes word verkondig wanneer mense geleer word dat Christus vir hulle verlossing, regverdigheid, genoegdoening en die lewe geword het (1 Kor. 1:30), sodat hulle in sy Naam as regverdiges en onskuldiges voor die aangesig van God vry beskou [335] kan word. In een enkele woord interpreteer ek berou dus as afsterwe.

Berou open vir ons in die eerste plek toegang tot die kennis van Christus, wat Hom aan niemand anders openbaar nie as net aan ellendige, verslae sondaars wat versugtinge slaak, swoeg en belas is, wat honger en dors het en van droefheid en ellende wegkwyn (Jes. 61:1-3; Matt. 11:5; Luk. 4:18). Hierna moet ons strewe, hiervoor moet ons ons inspan, en dit moet ons deur ons hele lewe najaag. Plato het gesê dat die lewe van 'n filosoof die nadenke oor die dood is. Met 'n groter mate van waarheid kan ons sê dat die lewe van 'n Christen 'n voortdurende strewe na en beoefening van die afsterwe van sy vlees is, totdat dit volkome te sterwe kom. Daarom is ek van mening dat iemand wat geleer het om die uiterste mishae in homself te hê, die meeste vordering gemaak het: om nie in hierdie modder vas te steek en geen verdere vordering te maak nie maar eerder om hom na God te haas en na Hom te smag, om oor sy bekering na te dink aangesien hy op die dood van Christus ingeënt is.

Aangesien hierdie opvatting die eenvoudigste van almal was, het dit vir my gelyk asof dit die meeste met die waarheid van die Skrif ooreenstem.

Nou kom ek by 'n ondersoek van die dinge wat die skolastiese Sofiste in verband met berou geleer het. Ek sal met so min woorde moontlik daaroor snel, omdat [336] dit nie my bedoeling is om alles te behandel nie sodat hierdie boekie wat ek tot die bondigheid van 'n handboek wil beperk, nie tot in die oneindigheid uitgerek word nie. Hulle het in elk geval die saak wat andersins nie so ingewikkeld is nie, in soveel boeke verwikkeld gemaak dat daar geen maklike uitweg sou wees as jy jou selfs net effens in hulle gemors sou dompel nie.

In die eerste plek dui hulle in die definisie wat hulle daarvan gee, duidelik aan dat hulle nog nooit 'n begrip gehad het van wat berou nou eintlik is nie. Want hulle gryp sekere gemeenplase (wat hoegenaamd nie aan die werking van berou uitdrukking gee nie) uit die boeke van die ou skrywers aan; byvoorbeeld: om berou te hê beteken om oor vorige sondes te ween en om nie sondes te begaan waaroor geween moet word nie; en net so: dat dit beteken om oor die kwaad van die verlede te weeklaag en om nie weer kwaad te pleeg waaroor geweeklag moet word nie. Verder dat dit 'n droewige wraak is wat in homself iets bestraf waaroor hy bedroef is dat hy dit begaan het. Voorts: dat dit smart van die hart en bitterheid van die siel is vir die kwaad wat iemand begaan het of waartoe hy ingestem het.

Laat ons toegee dat dit goeie uitsprake van die vaders was, en dit sou nie vir 'n strydlustige mens moeilik wees om dit te weerlê nie. Maar tog is dit nie gesê met die oog daarop om berou te omskryf nie maar slegs om hulle toehoorders aan te spoor om nie [337] weer in dieselfde vergrype waaruit hulle bevry is, te verval nie.

Hulle verdeel berou, wat so spitsvondig gedefinieer is, as verbryseling van die hart, belydenis van die mond en genoegdoening van die werke. Tog is dit nie minder dialekties as die definisie wat hulle gegee het nie, al sou hulle die begeerte gehad het dat dit moes lyk asof hulle 'n hele leeftyd deurgebring het deur sillogismes aan mekaar te vleg. Maar as iemand na aanleiding van hulle definisie sou argumenteer – en dit is 'n soort redenasie wat onder dialektici kragtig is – dat iemand oor sy sondes van die verlede kan ween en dat hy nie weer sondes kan begaan waaroor hy hoef te

ween nie; dat iemand oor sy kwaad van die verlede kan weeklaag en nie meer kan kwaad begaan waaroor hy hoef te weeklaag nie; dat hulle hulleself kan bestraf oor iets waaroor hulle bedroef is dat hulle dit begaan het, ensovoorts, hoewel hulle dit nie met die mond bely nie, hoe sal hulle hulle onderverdeling van berou kan verdedig? Want as iemand waaragtig berou kan hê sonder om dit te bely, dan kan berou wel sonder belydenis bestaan. Maar as hulle sou antwoord dat hulle onderverdeling net in soverre dit 'n sakrament is, op berou betrekking het of dat dit in die lig van die volle volmaaktheid van berou verstaan moet word, wat hulle nie in hulle definisies insluit nie, is daar geen rede waarom ek daarvoor beskuldig moet word nie. Laat hulle dit aan hulleself toeskryf, aangesien hulle dit nie suiwerder en helderder definieer nie.

[338] Maar wanneer daar oor iets gedebatteer word, voer ek alles as gevolg van my eie onnoselheid terug na die definisie van die aspek wat die skarnier en fondament van die hele bespreking is. Maar laat dit die vryheid van die onderwyser wees. Laat ons nou in volgorde die onderafdelings toelig.

Ek sou egter graag wou hê dat my lesers moet oplet dat dit hier nie 'n rusie oor 'n esel se skaduwee is nie maar dat die ernstigste van alle sake in behandeling is, naamlik die vergiffenis van sondes. Want wanneer hulle drie dinge vir berou vereis, naamlik deurboring van die hart, belydenis van die mond en genoegdoening van hulle werke, leer hulle terselfdertyd dat hierdie dinge noodsaaklik is vir die verkryging van sondevergiffenis. Maar as daar iets in ons godsdiens is wat vir ons belangrik is om van kennis te dra, dan is dit in besonder om te begryp en eerlik vas te hou om watter rede, volgens watter wet, onder watter voorwaarde en met watter gemak of moeilikheid vergiffenis van sondes verkry kan word. As hierdie kennis nie baie duidelik en seker is nie, kan die gewete geen rus, geen vrede met God, geen vertroue of veiligheid hê nie, maar dit bewe voortdurend; dit wankel en kook; dit word gefolter en getreiter; dit deins terug voor die aangesig van God, haat dit en vlug daarvan weg. Maar as vergiffenis van sondes van die omstandighede afhang waarin hulle hulleself verstrik, sou daar vir ons niks ellendiger en bejammerenswaardiger gewees het nie.

[339] Hulle maak verbryseling die eerste deel in die verkryging van verskoning van die sondes, en hulle vereis 'n verskuldigde, dit is 'n regverdige en volle, verbryseling. Maar intussen bepaal hulle nie wanneer iemand seker sou kan wees dat hy sy verbryseling regmatig nagekom het nie. Hier word gewetes inderdaad op wonderlike wyse gefolter en verontrus wanneer hulle bemerk dat verskuldigde verbryseling op hulle gelê word en hulle begryp nie die maat van hulle skuld sodat hulle self kan bepaal dat hulle vereffen het wat hulle verskuldig was nie.

As hulle sou sê dat ons moet doen soveel as wat in ons is, keer ons altyd maar net na dieselfde punt terug. Want wanneer sal iemand waag om vir homself te voorspel dat hy al sy kragte daarop toegespits het om sy sondes te beweeklaag? Wanneer hulle gewetes dus lank met hulleself geworstel het en in 'n lang stryd gewikkel was, vind hulle tog uiteindelik nie 'n hawe om in te rus nie. Om hulleself ten minste ten dele te kalmeer wring hulle pyn uit hulle en druk trane uit hulleself om daarmee hulle verbryseling af te handel.

Maar as hulle beweer dat ek 'n valse beskuldiging teen hulle inbring, laat hulle dan maar gerus iemand te voorskyn bring of aan ons toon wat nie deur die leer van so 'n verbryseling tot wanhoop gedryf is of vir die oordeel van God 'n geveinsde smart eerder as ware smart voorgehou het nie. Elders het ons gesê dat vergiffenis van sondes sonder berou niemand ooit [340] te beurt kan val nie behalwe as hulle platgeslaan en deur die wete van hulle sondes verwond is en die barmhartigheid van God opreg kan inroep. Maar ons het terselfdertyd bygevoeg dat berou nie die oorsaak van die vergiffenis van sondes is nie. Voorts het ons die foltering van hulle siele wat hulle dan volgens hulle skuld moet lewer, van hulle weggeneem. Ons het geleer dat 'n sondaar nie sy oë op sy deurboring of sy trane moet rig nie maar dat hy albei sy oë slegs op die barmhartigheid van die Here moes vasnael. Ons het slegs die vermaning gerig dat die mense wat swoeg en belas is, deur Christus geroep word, aangesien Hy gestuur is om die evangelie aan armes te bring, om die verbryseldes van hart te genees, vir gevangenes vrylating te verkondig, om die wat oorwonne is, uit te lei en die wat treur, te vertroos. Hy is ook gestuur om die Fariseërs uit te sluit wat van hulle eie geregtigheid versadig is en

hulle armoede nie herken nie, en sy veragters wat onbesorg oor die toorn van God nie 'n geneesmiddel vir hulle boosheid soek nie. Want sulke mense swoeg nie; hulle is nie belas nie; hulle is nie in hulle harte verbrysel nie, nie oorwonnenes of gevangenes nie, en hulle treur nie. Daar is egter 'n groot verskil of 'n mens leer dat vergiffenis van sondes deur gegronde en volle verbryseling verdien kan word – iets wat 'n mens nooit kan volbring nie – en of 'n mens 'n sondaar onderwys om na die barmhartigheid van God te honger en na die erkenning van sy ellende te dors: om aan hom sy onsekerheid, sy vermoeidheid, sy gevangenskap te toon, sodat hy verkwikking, rus en [341] verlossing daarvoor kan soek; kortom, om hom te leer om in sy eie vernedering die heerlikheid aan God te gee.

Daar was nog altyd 'n geweldige stryd oor die belydenis tussen regsteoretici en skolastiese teoloë. Laasgenoemde het nadruklik verklaar dat die belydenis 'n opdrag volgens goddelike voorskrif is; eersgenoemde het hulle stemme verhef dat dit slegs 'n voorskrif volgens kerklike bepalinge is.

In die twis het 'n opsigtelike verwaandheid van die teoloë na vore gekom. Hulle het net soveel passasies uit die Skrif misvorm en met geweld verdraai as wat hulle vir hulle doel aangehaal het. En wanneer hulle bemerk het dat dit wat hulle verlang, nie so verkry kon word nie, het sommige van hulle wat skerpsinniger as die ander wou lyk, met die volgende uitweg ontglip, naamlik dat die belydenis uit goddelike reg ontstaan het in soverre dit die inhoud daarvan aangaan, maar dat dit later sy vorm van die positiewe reg gekry het. Waarlik, die opdringerigste lettergeleerdes onder hulle herlei die volgende aanhaling tot die goddelike reg terug, naamlik waar gesê word: "Adam, waar is jy?" en net so ook die teenwerping, omdat Adam dan sou geantwoord het net asof hy aanstoot neem: "Die vrou wat u my gegee het" (Gen. 3:9, 12) ensovoorts. Hulle verklaar dat die vorm in albei gevalle aan die burgerlike reg ontleen is. Maar laat ons sien met watter argumente hulle bewys dat hierdie belydenis na sy vorm of sonder sy [342] vorm 'n gebod van God is.

Hulle beweer: "Die Here het melaatses na die priesters gestuur" (Matt. 8:4; Markus 1:44; Luk. 5:14; 17:14). Waarom? Het Hy hulle vir belydenis gestuur? Wie het al ooit gehoor dat gesê word dat die Levitiese priesters aangewys is om na belydenisse te luister? (Deut. 17:8-9). Hulle neem dus hulle toevlug tot allegorieë: "Dit is deur die Mosaïese wet verorden dat priesters tussen melaatsheid en melaatsheid onderskeid moes maak (Lev. 14:2-3). Sonde is geestelike melaatsheid. Dit is die priesters se taak om hulle in verband hiermee uit te spreek."

Voordat ek hierop antwoord, vra ek terloops: As hierdie aanhaling hulle tot regters van geestelike melaatsheid maak, waarom eien hulle hulle die kennis van natuurlike en vleeslike melaatsheid toe? Net asof dit nie is om met die Skrifte die spot te dryf nie: "Die wet dra die kennis van melaatsheid aan die Levitiese priesters op. Laat ons dit vir onsself toe-eien. Die sonde is geestelike melaatsheid. Laat ons dan ook ondersoekers van die sonde wees!"

Nou is my antwoord: As die priesteramp oorgedra word, moet daar noodwendig 'n oordrag van die wet plaasvind (Hebr. 7:12). Alle priesterskappe is na Christus oorgedra en in Hom volbring en voleindig. Die hele reg en eer van die priesteramp is dus op Hom alleen oorgedra. As hulle dan soveel daarvan hou om allegorieë na te jaag, laat hulle Christus [343] dan as die enige priester vir hulle voor oë stel en laat hulle sy regbank met vrye regspraak oor alle dinge bekroon. Dit sal ons geredelik verdra. Hier by is hulle allegorie wat die suiwer staatkundige reg onder die seremonies groepeer, onvanpas.

Waarom stuur Christus dan die melaatses na die priesters toe? Dat die priesters Hom nie vals kan beskuldig dat Hy die wet verbreek wat beveel het dat iemand wat van sy melaatsheid genees is, voor die priester gebring en deur 'n offerande te bring gereinig moes word nie, beveel Hy die gereinigde melaatses om te doen wat die wet vereis. "Gaan," het Hy gesê, "toon julle aan die priesters" (Luk. 17:14) en "bring die offer wat Moses in die wet beveel het, sodat dit vir hulle tot getuienis mag wees" (Matt. 8:4). En hierdie wonderwerk sou waarlik vir hulle tot 'n getuienis wees. Hulle het hulle tot melaatses verklaar; nou verklaar hulle dat hulle genees is. Word hulle dan nie willens en wetens gedwing om getuies van die wonderwerke van Christus te word nie? Christus laat hulle toe om sy wonderwerk te ondersoek. Hulle kan dit nie ontken nie, maar omdat hulle nog uitkomgeleentheid

soek, is hierdie werk vir hulle tot 'n getuienis. Elders sê hy só: "Die evangelie sal oor die hele wêreld tot 'n getuienis vir alle volke verkondig word" (Matt, 24:14); en net so: "Julle sal voor konings en regters gebring word tot 'n getuienis vir hulle" (Matt. 10:18). Dit beteken dat hulle in die oordeel van God strenger veroordeel kan word.

[344] Hulle put hulle tweede argument uit dieselfde bron, naamlik uit 'n allegorie – net asof allegorieë groot waarde het om die een of ander leerstelling te bekragtig! Laat hulle gerus maar die waarde hê, behalwe as ek kan wys dat juis hulle allegorieë deur my indrukwekkender as deur hulle ingespan kan word.

Hulle beweer dan: Die Here het sy dissipels beveel om Lasarus na sy opwekking uit sy doeke los te maak en hom te laat gaan (Joh. 11:44). In die eerste plek lieg hulle. Nêrens word gelees dat die Here dit aan sy dissipels gesê het nie. Dit is baie waarskynliker dat Hy dit aan die Jode wat daar aanwesig was, gesê het, sodat sy wonderwerk sonder 'n sweem van bedrog nog duideliker kon word en sy krag nog groter kon skitter omdat Hy dooies kon opwek sonder om hulle aan te raak, maar slegs met sy stem.

My uitleg daarvan is soos volg: dat, om elke ongunstige suspisie van die Jode uit die weg te ruim, dit die Here se wil was dat hulle die klip voor die graf moes wegrol, dat hulle die stank moes ruik en die gewisse tekens van die dood moes aanskou; dat hulle moes sien dat hy slegs deur die krag van sy woord verrys en dat hulle hom eerste moes aanraak toe hy lewendig geword het.

Maar gestel nou dat ons toegee dat dit wel aan die dissipels gesê is – wat sal hulle dan daarmee bereik? Dat die Here aan sy apostels die mag gegee het om te verlos? Hoeveel meer gepas en handig kon dit nie as [345] 'n allegorie ingespan word nie! As ons sou sê: Dit was die wil van die Here om sy gelowiges met hierdie teken te onderwys dat hulle die wat deur Hom opgewek is, moes verlos; dit beteken dat hulle nie hulle sondes in herinnering moes roep nie, aangesien Hy dit self vergeet het; dat hulle hulle nie as sondaars moes verdoem nie, aangesien Hy hulle self vrygespreek het; dat hulle hulle nie verder moes verkwalik nie, aangesien Hy hulle self kwytgeskeld het, en aangesien Hy self barmhartig en bereid is om hulle te spaar, dat hulle nie onbuigsaam en hardnekkig moes wees om hulle te straf nie. Laat hulle nou gaan en hulle allegorieë verkwansel!

Maar nou raak hulle nog nader met my handgemeen wanneer hulle soos dit vir hulle lyk, met openlike oordele die stryd aanknoop: Die mense wat na die doop van Johannes gekom het, het hulle sondes bely (Matt. 3:6), en Jakobus vermaan ons om ons sondes die een aan die ander te bely (Jak. 5:16). Dit is nie verbasend as die mense wat gedoop wou word, hulle sondes bely het nie. Want tevore is gesê dat Johannes 'n doop van bekering verkondig het (Markus 1:4) maar dat hy met water tot bekering gedoop het. Wie sou hy dan gedoop het anders as net die mense wat hulle sondes bely het? Die doop is die simbool van sondevergiffenis. Wie sou tot hierdie simbool toegelaat word anders as net sondaars en mense wat erken dat hulle so is?

Hulle het dus hulle sondes bely met die oog daarop om [346] gedoop te word. Dit is egter nie sonder rede dat Jakobus aan ons die voorskrif gee om ons sondes die een teenoor die ander te bely nie. Maar as hulle sou let op dit wat onmiddellik daarop volg, sou hulle besef dat dit hulle weinig steun bied. Hy het gesê: "Bely julle sondes die een teenoor die ander en bid vir mekaar". Hy verbind wedersydse belydenis en wedersydse gebed. As ons dan belydenis net voor priestertjies alleen moet doen, dan moet ons ook net vir hulle alleen bid. Wat dan? Gestel dit sou uit die woorde van Jakobus afgelei kon word dat slegs priestertjies alleen belydenis kan doen? Terwyl dit inderdaad sy bedoeling is dat ons teenoor mekaar moet bely, spreek hy slegs die mense toe wat die een die ander se belydenis kon aanhoor – mekaar, wedersyds, onderling, of, as hulle dit liewer wil, wederkerig.

Laat hierdie soort beuselagtighede dus padgee en laat ons die gesindheid van die apostel, wat eenvoudig en openhartig is, aanvaar, naamlik dat ons ons swakhede die een aan die ander moet toevertrou om wedersyds raad, wedersyds medelye en wedersyds vertroosting te ontvang. Omdat ons dan wedersyds van die swakheid van ons broeders bewus is, moet ons vir hulle tot die Here bid.

Waarom haal hulle Jakobus dan teen ons aan, terwyl ons met soveel inspanning op die belydenis van die barmhartigheid van God aandring? Maar niemand kan die barmhartigheid van God bely as hy nie eers sy eie ellende bely het nie. Ja, ons spreek eerder 'n vloek uit oor almal wat nie voor God, voor sy engele, voor die gemeente en ten slotte voor alle [347] mense bely dat hy 'n sondaar is nie. Want die Here het alles onder die sonde ingesluit (Gal. 3:22), sodat elke mond gesnoer (Rom. 3:19) en alle vlees voor God verneder (Rom. 3:20; 1 Kor. 1:29) maar Hy self alleen geregverdig en verhoog kan word (Rom. 3:4).

Maar ek verbaas my met watter vermetelheid hulle waag om te verklaar dat die belydenis waarvan hulle praat, uit die reg van God ontstaan het. Ons erken weliswaar dat dit 'n baie ou gebruik is, maar ons kan maklik bewys dat dit eenkeer vry was. Hulle kronieke vertel in elk geval dat geen wet of bepaling voor die era van Innocentius die derde in verband hiermee vasgestel is nie, en in die geskiedenisse sowel as in ander ou skrywers is duidelike getuienis beskikbaar wat aandui dat dit 'n burgerlike reëling was wat nie deur Christus of sy apostels neergelê is nie. Laat ek slegs maar een aspek uit die baie getuienis na vore bring om duidelike getuienis daarvan te lewer.

Sozomenus vertel dat dit 'n bepaling van die pouse was wat nougeset in die Westerse kerke en in besonder in Rome nagekom is. Daarmee gee hy 'n aanduiding daarvan dat dit nie 'n universele instelling van al die kerke was nie. Maar hy sê dat slegs een van die priesters in besonder afgesonder is om hierdie taak te behartig. Daarmee weerlê hy oorvloedig hulle leuen dat die sleutels sonder onderskeid aan die hele priesterorde gegee is. Dit was nie 'n algemene funksie van al die priesters nie maar die besondere rol van een priester wat met die oog hierop deur die biskop gekies is; verder dat dit ook die gebruik in [348] Konstantinopel was totdat 'n sekere vrou wat voorgegee het dat sy belydenis aflê, betrap is dat sy onder hierdie skyn 'n liefdesverhouding wat sy met 'n diaken gehad het, verskuil het. As gevolg van die oortreding het Nectarius, 'n man wat vir sy heiligheid en sy geleerdheid geroem word en wat toe die biskop van daardie kerk was, die belydenis-seremonie afgeskaf. Ja, laat die klomp esels nou hulle ore spits! As die oorbieg dan 'n wet van God was, waarom sou Nectarius dan gewaag het om dit af te skaf en wortel en tak uit te ruk? Sal hulle Nectarius, 'n heilige van God en na die oordeel van al die ou skrywers 'n aanneemlike man, van kettery en skeuring aankla? Maar volgens dieselfde oordeel sal hulle ook die Kerk van Konstantinopel verdoem waarin Sozomenus verklaar het dat die gebruik om belydenis te doen nie net tydelik op die agtergrond geskuif is nie maar ook in sy eie ervaring tot niet gegaan het. Of nee, nie net die Kerk van Konstantinopel nie, maar hulle sal al die Oosterse Kerke wat, as hulle die waarheid praat, 'n onskendbare wet en 'n gebod vir al die Christene verwaarloos het, van afval van die kerk aankla.

Maar om die hele saak nog duideliker en makliker te maak sal ons eers getrou weergee watter soort belydenis in die Woord van God aan ons oorgelewer is. Voorts sal ons 'n skets van hulle bieg byvoeg – maar nie alles nie (want wie sou so 'n eindelose see kon leegskep) maar slegs die aspekte waarmee hulle die omvang van hulle bieg saamvat. Ek sou hulle nie [349] daaraan hoef te herinner dat dit in baie dele van die Skrif algemeen is om belydenis as "lof" te verstaan nie, behalwe as hulle so skaamteloos was om hulle ook met daardie aanhalings toe te rus soos wanneer hulle byvoorbeeld sê dat die belydenis tot blymoedigheid van die verstand bydra na aanleiding van die aanhaling: "In die stem van gejubel en van belydenis" (Ps. 42:14; 41:5). Die eenvoudiges moet hierdie betekenis in ag neem en dit noukeurig van daardie een onderskei, sodat dit hulle nie met so 'n valse skynheiligheid bedrieg nie.

In verband met die belydenis van ons sondes leer dit ons soos volg: Aangesien dit die Here is wat ons sondes vergewe, vergeet en uitwis, moet ons voor Hom ons sondes bely om vryskelding daarvan te kry. Hy is die geneesheer; laat ons dus ons sonde aan Hom bekend stel. Hy is beledig en verstoot; van Hom moet ons dus vrede vra. Hy is die Kenner van ons harte en Hy is bewus van al ons oordenkinge (Hebr. 4:12); voor sy aangesig moet ons ons harte uitstort. Ten slotte is dit Hy wat sondaars na Hom toe roep; na Hom toe moet ons gaan. Dawid het gesê: "Ek het my sonde aan U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie verberg nie. Ek het gesê: Ek sal my ongeregtigheid teenoor die Here bely, en U het die ongeregtigheid van my hart vergewe" (Ps. 32:5; 31:5). 'n Verdere

belydenis van Dawid is net so: "Wees my genadig, o God, volgens u grote barmhartigheid" (Ps. 51:1; 50:3). Ook Daniël se belydenis is net so: "Ons het gesondig, o Here, ons het verkeerd [350] gehandel; ons het goddeloosheid bedryf, en ons was opstandig deur van u gebooie af te wyk" (Dan. 9:5). Oral in die Skrifte kom ons ook ander belydenisse teë. Johannes sê byvoorbeeld: "As ons ons sondes bely, is die Here getrou om ons ons sondes te vergewe" (1 Joh. 1:9). Voor wie moet ons dan belydenis doen? Natuurlik voor Hom, dit is as ons met 'n terneergeslane en vernederde hart voor Hom neerval; as ons onsself van harte voor Hom aankla en verdoem en vra dat ons deur sy goedheid en barmhartigheid vrygespreek moet word.

Iemand wat hierdie belydenis in sy hart en voor God aangryp, sal ongetwyfeld ook 'n tong wat gereed is om belydenis te doen so dikwels as wat hy dit nodig het, tot sy beskikking hê om die barmhartigheid van God onder die mense te verkondig. Maar dan moet hy nie slegs aan een mens en net een maal en net in sy oor sy geheime fluister nie, maar hy moet baie dikwels, openlik en ten aanhore van die hele wêreld opreg van sy eie armoede en van die grootheid van die Here vertel. Toe Dawid deur Natan berispe is, is hy op hierdie wyse deur die prikkel van sy gewete gepynig, en hy het sy sonde voor die aangesig van God en voor die mense bely: "Ek het teen die Here gesondig" (2 Sam. 12:13), het hy gesê. Dit beteken dat ek nou geen verskoning meer aanbied nie, dat ek nie probeer ontwyk dat almal my as 'n sondaar moet veroordeel nie, en dat dit wat ek aan die Here wou openbaar, ook aan die mense self geopenbaar moet word.

[351] Daarbenewens keur die Skrif twee vorms van persoonlike belydenis goed: een wat geskied ter wille van onsself. Daarop is die Woorde van Jakobus dat ons ons sondes die een teenoor die ander moet bely (Jak. 5:16), gerig. Want hy voel dat ons mekaar wedersyds met raad en vertroosting help as ons ons swakhede die een met die ander deel.

Die tweede vorm is die belydenis wat ons ter wille van ons naaste moet doen om hom tevrede te stel en hom met ons te versoen as hy in enige opsig deur 'n vergryp van ons leed aangedoen is. Daaroor spreek Christus in Matteüs: "As jy jou gawe na die altaar bring, en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe dan daar voor die altaar bly; gaan en versoen jou eers met jou broeder en kom dan en bring jou offer" (Matt. 5:23-24). Want so moet die liefde wat deur ons skuld vernietig is, weer herstel word deur die skuld wat ons begaan het, te erken en vergiffenis daarvoor te vra.

Wat sê hulle nou? Hulle bepaal dat almal van albei geslagte sodra hulle die ouderdom van onderskeiding bereik, ten minste een keer per jaar al hulle sondes voor 'n besondere priester moet bely en dat hulle sondes nie vergewe word nie tensy hulle die vaste voorneme het om dit te bely. Maar as hulle nie hulle voorneme tot uitvoer bring wanneer die geleentheid daarvoor aan hulle gebied word nie, is daar nou geen toetrede tot die paradys meer vir hulle oop nie. Hulle sê dat die priester die sleutelmag het om die [352] sondaar te verlos of te bind, omdat die woord van Christus nie doelloos is nie: "Wie jy ook al bind" ensovoorts (Matt. 18:18].

Maar oor hierdie mag veg hulle strydlustig met mekaar. Sommige van hulle beweer dat die sleutel in wese enig is, naamlik die mag om te bind en te ontbind; maar dat vir die goeie gebruik daarvan kennis vereis word, maar dit is soos 'n bykomstigheid en hang nie wesentlik daarmee saam nie. Omdat ander gemerk het dat dit 'n uitermatig onbeteuelde vrysinnigheid is, het hulle twee sleutels gemonster, naamlik onderskeiding en mag. Aangesien ander weer gesien het dat die goddeloosheid van die priesters deur so 'n beperking aan bande gelê word, het hulle ander sleutels gesmee, naamlik die gesag om te onderskei waarvan hulle in die afhandeling daarvan gebruik moes maak, en die mag wat hulle in die uitvoering van hulle oordeel aan die dag moes lê, dat kennis soos 'n raadsman daarby kom. Maar hulle waag nie om "te bind en te ontbind" eenvoudig te interpreteer as "sondes te vergewe en uit te wis" nie, omdat hulle die Here in die profeet hoor verklaar: "Dit is Ek, dit is Ek, Israël, wat al julle ongeregtighede uitwis – Ek en niemand anders as Ek nie" (Jes. 43:11). Maar hulle beweer dat dit die taak van 'n priester is om bekend te maak wie gebind en wie losgemaak is en te verklaar of dit behou is; en hy doen so 'n verklaring òf deur die belydenis wanneer

hy sondes vryskeld of hou, òf deur sy vonnis wanneer hy iemand uitban of weer in die gemeenskap van die sakramente opneem.

[353] Wanneer hulle uiteindelik besef dat hulle hulle nog nie van die probleem ontwar het en dit nog altyd teen hulle ingebring kan word dat ook onwaardige mense dikwels deur hulle priesters gebind of vrygemaak word en dat hulle nie op grond daarvan in die hemel gebind of vrygemaak is nie, dan antwoord hulle – en dit is hulle heel laaste toevlugsoord – dat die toekenning van die sleutels met die beperking opgeneem moet word, naamlik: Christus het belowe dat Hy die uitspraak van die priester voor sy regbank sal bekragtig as dit regverdig gelewer is in ooreenstemming met die eise wat die verdienstes van die een wat gebind of vrygespreek word, daaraan stel. Verder dat hierdie sleutels deur Christus aan al die priesters gegee is, en dit word deur die biskoppe by hulle inhuldiging aan hulle toevertrou maar dat die vrye gebruik daarvan slegs by die mense bly wat kerklike funksies verrig; dat dit ook onder die uitgebandes en geskorstes bly, maar dan verroes en gebonde. En die mense wat hierdie bewerings maak, sou met reg beskeie en sober mense genoem kon word in vergelyking met daardie mense wat nuwe sleutels op 'n nuwe aambeeld gesmee het en leer dat die skatte van die kerk daarmee onder slot en grendel gehou word. Hulle noem die verdienstes van Christus, van die heilige apostels, Petrus en Paulus, en van die martelare en ander verdienstes die skatkis van die kerk. Hulle skep die versinsel dat die oorspronklike bewaking van hierdie skuur aan die biskop van Rome opgedra is en dat die oorspronklike verdeling van sulke groot skatte in sy hande is, sodat hy dit òf [354] uit sy eie kan uitdeel òf die bevoegheid oor die uitdeling daarvan aan ander priesters kan oordra. Hiervolgens ontstaan volle kwytskelding asook kwytskelding van 'n sekere aantal jare deur die pous, kwytskelding van 'n honderd dae deur 'n kardinaal en van veertig dae deur 'n biskop!

Ek sal met enkele woorde op elkeen van die bewerings antwoord. Maar vir die huidige swyg ek oor die reg of die onreg waarmee hulle die siele van gelowiges aan hulle wette verbind, aangesien dit op die plek daarvoor onder oë geneem sal word. Maar dit is geheel en al ondraaglik dat hulle 'n wet in verband met die samevatting van alle sondes oplê; dat hulle verklaar dat sondes nie vergewe word behalwe op voorwaarde dat tot 'n vaste voorneme om te bieg geraak is nie; en dat hulle klets dat dit nie moontlik is om tot die paradys toe te tree as die geleentheid om te bieg verwaarloos sou word nie.

Moet al die sondes dan getel word? Maar Dawid, wat na my mening die vergiffenis van sondes deeglik deurdink het, het uitgeroep: "Wie sal sy vergrype verstaan? Reinig u, o Here, my van my verborge afdwalinge" (Ps. 19:13). En elders: "My ongeregtighede het oor my heen gegaan, en soos 'n swaar las het hulle my bo my kragte beswaar" (Ps. 38:5). Hy het maar te goed begryp hoe groot die afgrond van ons sondes is, hoeveel die gestaltes van misdrywe is, hoeveel koppe die slang het en hoe 'n lang stert hy agter hom aan sleep. Hy het hom gevolglik nie daar [355] toe gewend om 'n lys daarvan op te stel nie, maar uit die diepte van sy boosheid het hy tot die Here geroep: "Ek is oordek, ek is begrawe ek is verwurg; die poorte van die doderyk het my omring (Ps. 18:6). In 'n diep put gedompel (Ps. 69:2-3), moedverlore en sterwend bid ek dat u hand my mag verlos". Wie sou nou dink aan 'n optelsom van sy sondes wanneer hy merk dat Dawid nie eers 'n berekening van syne kon begin maak nie?

Die gewetes van die mense wat nog in 'n mate deur 'n gevoel vir God geraak word, word meer as te veel wreedaardig deur hierdie foltering geteister. In die eerste plek het hulle hulleself tot rekenskap geroep en sondes volgens hulle formules in arms, takke, sytakke en blare verdeel. Daaraan het hulle die aard, die hoeveelheid en die omstandighede opgeweeg, en die saak het inderdaad 'n bietjie vordering gemaak. Maar toe hulle verder gevorder het, was daar oral net hemel en see maar geen hawe of ankerplek nie. Namate hulle al hoe verder oorgesteek het, het die chaos al hoe groter voor hulle oë opgedoem, of, nee, dit het soos hoë berge verrys en geen hoop op uitkoms het selfs na hulle lang omswerwinge te voorskyn getree nie. Gevolglik het hulle tussen die offer en die mes geen raad geweet nie, en geen ander uitweg as net wanhoop was te vinde nie.

Om die wonde te genees wat hulle veroorsaak het, het die wrede slagters daarop pynstillers aangewend, sodat elkeen na die beste van sy vermoë moes handel.

[356] Maar nuwe sorge het op hulle afgedruis; nee, nuwe folteringe het hulle arme siele afgeslag: "Ek het nie genoeg tyd daaraan bestee nie. Ek het my nie met gegronde inspanning daarop toegelê nie. As gevolg van my nalatigheid en vergeetagtigheid wat uit my onverskilligheid ontstaan het, het ek baie dinge agterweë gelaat; dit is onverskoonbaar!"

Nog ander geneesmiddels is aanbeveel om sulke smarte te verlig. "Betoon maar net berou oor jou agtelosigheid, en as jy nie onbekommerd daaroor is nie, sal dit jou kwytgeskeld word". Maar al die middels kan die letsel nie bedek nie, en hulle is net so min 'n verligting van die kwaad as gif wat met heuning besmeer is om nie as gevolg van die bitterheid by die eerste voorsmaak daarvan aanstoot te gee nie, maar diep die binneste in te dring voordat dit gevoel word. Die verskriklike stem kwel hulle dus voortdurend en dit weergalm in hulle ore: "Bieg oor al jou sondes". Die verskrikking kan nie anders as met sekere troos tot rus gebring word nie.

Maar die feit dat 'n groot deel van die wêreld in sulke vleitaal berus het waarmee so 'n dodelike gif versag is, het nie veroorsaak dat die wêreld geglo het dat God bevredig is of dat die wêreld homself daarmee bevredig het nie; maar asof hy in die middel van die see anker gegooi het, het dit 'n wyle van sy vaart tot rus gekom of soos 'n uitgeputte, vermoeide reisiger op die pad ineengestort. Ek bekommer my nie daaroor om dit te bewys nie, want elkeen kan vir [357] homself daarvan getuig.

Opsommenderwys sal ek sê wat die aard van die wet is. In die eerste plek is dit eenvoudig 'n onmoontlike wet. Gevolglik kan dit nie anders as om te vernietig, te verdoem, te verwar en in die verderf en wanhoop in te stort nie. Voorts maak dit van sondaars huigelaars, omdat dit die bewustheid van hulle sondes van hulle wegneem, en dit maak hulle onkundig van God en van hulleself. Terwyl hulle ten volle met die optel van hulle sondes in beslag geneem word, vergeet hulle intussen die moeras van ondeugde wat daar skuil, hulle verborge ongeregtighede en innerlike onreinheid, en deur die kennis daarvan moes hulle baie eerder oor hulle ellende nagedink het.

Dit sou 'n baie gewisser maatstaf vir die belydenis wees om te erken en te bely dat die afgrond van ons boosheid so groot is dat dit ons begrip te bowe gaan. Ons sien dat die belydenis van die tollenaar volgens die maatstaf saamgestel is: "O Here, wees my, arme sonder, genadig" (Luk. 18:13). Dit is net asof hy gesê het: "Hoe 'n groot, ja, hoe 'n groot sondaar is ek nie! Ek is geheel en al 'n sondaar, en ek is nie in staat om met my verstand nòg met my tong die grootte van my sondes te begryp nie. Mag die bodemlose diepte van u barmhartigheid hierdie afgrond van my sondes inslurp."

"Wat dan?" sal jy vra, "moet ons dan nie elke oortreding bely nie? Is geen belydenis dan vir God [358] behaaglik tensy dit met hierdie woord afgesluit word, naamlik "Ek is 'n sondaar", nie? Nee, inteendeel, ons moet eerder sover dit binne ons vermoë is, sorg dra dat ons ons hele hart voor God uitstort en nie alleen in een woord erken dat ons sondaars is nie, maar ons moet van harte waaragtig erken dat ons so is, en in al ons oordenkinge erken hoe groot en hoe uiteenlopend die skandvlek van ons sondes is; ons moet nie alleen erken dat ons onrein is nie, maar ons moet nadink oor die aard, die grootte en die menigvuldigheid van ons onreinheid; nie alleen dat ons skuldenaars is nie maar ook deur watter groot skulde ons belas is en deur hoeveel skulde ons onder verpligting is; dat ons nie alleen gewond is nie maar ook deur hoeveel dodelike slae ons verskeur is. Wanneer die sondaar tog met hierdie erkentenis sy hele hart voor God uitgestort het en hy ernstig en opreg daaroor nadink dat daar nog baie meer sondes in hom oorbly en dat die skuilhoeke van sy boosheid te diep is om dit geheel en al van hom af te skud, dan moet hy saam met Dawid uitroep: "Wie begryp sy vergrype? Reinig U, o Here, my van my verborge oortredinge" (Ps. 19:13).

Maar verre sou dit daarvan wees dat ons toegee aan hulle stelling dat ons sondes nie vergewe word tensy tot 'n vaste voorneme geraak is om te bely nie en dat die poorte van die paradys gesluit bly vir die sondaar wat die geleentheid wat hom gebied word om sy sondes te bely, versmaai. Want vergiffenis van sondes is nie anders as wat dit nog altyd was nie.

[359] Wanneer ons lees dat mense vergiffenis van hulle sondes van Christus verkry het, lees ons nie dat hulle in die oor van die een of ander priestertjie gebieg het nie. Hulle kon in elk geval nie bieg toe daar nog nie biegpriestertjies en selfs die bieg self was nie. En baie jare hierna is nie van hierdie bieg gehoor nie, en daartydens is sondes tog sonder hierdie voorwaarde vergewe. Maar om nou nie te lank daaroor te redeneer net asof die aangeleentheid twyfelagtig is nie: die Woord van God is duidelik en dit bly tot in ewigheid: "So dikwels as wat die sondaar versugtinge slaak, sal Ek nie al sy ongeregtighede in herinnering roep nie" (Eseg. 18:21-22). Iemand wat waag om iets by hierdie woorde te voeg, bind nie die sonde nie maar die barmhartigheid van die Here.

Geen wonder dus as ons hierdie oorbieg, so 'n verderflike aangeleentheid wat in soveel opsigte skadelik vir die kerk is, verdoem en begeer dat dit uit ons midde uitgewis moet word nie. Maar selfs al sou dit 'n onbelangrike aangeleentheid wees, wie sou dan nie van mening wees dat dit onmiddellik vernietig moet word nie, aangesien dit tog van geen nut of voordeel is en die oorsaak van soveel goddeloosheid, kettery en dwaling was nie? Hulle reken dat dit wel enkele voordele het, en hulle verkwansel dit asof dit baie voordelig is, maar dit is leuentaal en van glad geen belang nie. Volgens hulle buitengewone prerogatief prys hulle tog een aspek aan, naamlik dat die beskaamdheid van iemand wat bieg, vir hom 'n swaar straf is, en die sondaar word as gevolg daarvan in [360] die toekoms versigtiger, en deur homself te straf wend hy die toorn van God van hom af. Net asof ons die mens nie met groot genoeg beskaamdheid ontstem het wanneer ons hom tot die hoogste regbank van die hemele – tot die ondersoek van God – roep nie! Dit is inderdaad 'n voortreflike bate as ons as gevolg van die beskaamdheid van een mens ophou om te sondig en nie skaam is om God as getuie van ons slegte gewete te hê nie!

Maar ook dit is 'n uiters valse argument, want dit is maklik om te sien dat niks 'n groter vertroue of vryheid om te sondig teweegbring as wanneer mense voor 'n priester bieg en meen dat hulle hulle monde kan afvee en sê: "Ek het dit nie gedoen nie!" Nie alleen word hulle roekeloser om die hele jaar te sondig nie, maar gedurende die res van die jaar is hulle onbekommerd oor hulle belydenis en smag nooit na God nie; nooit keer hulle in hulleself nie, maar hulle stapel die een sonde op die ander totdat hulle alles, soos hulle dink, in een slag uitbraak. Maar wanneer hulle dit uitgebraak het, lyk dit vir hulle asof hulle van hulle laste verlig is en die oordeel van God op 'n priester oorgedra het. Dit lyk dan vir hulle asof hulle God laat vergeet wanneer hulle die priester 'n medepligtige gemaak het.

Wie sien voorts blymoedig daarna uit dat die dag om te bieg moet aanbreek? Wie haas hom met 'n vurige hart na die bieg toe en kom nie eerder teensinnig en soos iemand wat hom daarteen verset asof hy aan die [361] nek gegryp en na 'n tronk gesleep word nie – behalwe miskien hulle priestertjies wat mekaar oor en weer met verhale van hulle vergrype asof dit grappige stories is, heerlik vermaak? Ek sal nie baie van my bladsye bevlek deur te verwys na die afsigtelike verfoeilikhede waarvan hulle oorbieg wemel nie. My bewering is slegs dit: As daardie heilige man, wat op grond van 'n enkele gerug van hoerery die bieg uit sy kerk of eerder uit die gedagte van sy mense uitgewis het, nie onbedagsaam opgetree het nie, dan word ons deur eindelose verkragtings, owerspel, bloedskande en koppelary vermaan wat ons moet doen.

Nou moet ons ondersoek instel na die mag van die sleutels waarop hulle, soos die spreekwoord lui, die boeg en kiel van die koninkryk van hulle bieg fundeer. "Is die sleutels dan sonder rede aan ons gegee?" vra hulle. "Is daar dan sonder rede gesê: 'Alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees' (Matt. 18:18)? Maak ons die Woord van Christus tot niet?" My antwoord is dat daar wel 'n gewigtige rede was waarom die sleutels aan ons gegee is.

Daar is twee aanhalings waarin die Here getuig dat iets wat mense wat aan Hom behoort, op die aarde gebind en ontbind het, in die hemel gebind en ontbind sal wees, maar ietwat verskillend in betekenis, maar die varke het dit dwaas en onverstandig verwar. Die een aanhaling kom voor in Johannes, waar Christus gereed maak om sy dissipels uit te stuur om die Woord [362] te verkondig en Hy blaas op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, word dit hulle vergewe, maar as julle hulle sondes hou, dan is dit gehou" (Joh. 20:23).

Die sleutels van die koninkryk van die hemele wat tevore aan Petrus belowe is (Matt. 16:19), word nou aan hom en aan al die ander apostels getoon. Wat ook al tevore aan hom belowe is, ontvang hy nou sonder onderskeid saam met al die dissipels. Aan hom is gesê: "Aan jou sal ek die sleutels van die koninkryk van die hemele gee". Aan hulle word gesê om die evangelie te verkondig, en juis dit beteken om die deure van die koninkryk van die hemele te open vir die mense wat deur Christus toetrede tot die Vader gesoek het, maar om dit toe te sluit en te grendel vir mense wat hulle van die weg afgewend het. Aan hom is gesê: "Wat jy ook al op die aarde bind, sal in die hemel gebind wees, en wat jy ook al ontbind, sal ontbind wees." Nou word aan al die apostels – en hy is ook onder hulle – gesê: "Die mense wie se sondes julle vergewe, se sondes sal vergewe wees; maar dié wie se sondes julle hou, sal gehou wees." Om te bind beteken dus om die sondes te hou, en om te ontbind, om te vergewe. En inderdaad word ons gewetes deur vergiffenis van sondes van hulle klipharde boeie losgemaak, net soos ons gewetes aan die ander kant deur die sondes te hou met die stewigste kettings vasgemaak en vasgebind word.

Hiervoor sal ek nie 'n slinkse, 'n gedwonge of [363] verwronge uitleg aanvoer nie maar 'n eenvoudige, egte vloeiende en duidelike interpretasie, Hierdie opdrag in verband met die vergewing en die behoud van die sondes en die belofte aan Petrus in verband met die bind en die ontbind van die sondes moet op niks anders as net op die bediening van die Woord toegepas word nie, want toe die Here dit aan sy apostels toevertrou het, het Hy hulle terselfdertyd met die gawe van bind en ontbind uitgerus. Want wat is die kern van die evangelie anders as dat ons almal slawe van die sonde en die dood is en dat ons deur die verlossing wat in Christus Jesus is (Rom. 3:24), daarvan losgemaak en bevry word? En dat die mense wat Christus nie as hulle Verlosser en bevryder erken en aanvaar nie, tot die ewige boeie verdoem en daaraan toegesê is (Judas 6). Toe die Here die sending aan al sy apostels oorgelewer het om dit onder alle volkere uit te dra, het hy dit met die oog daarop om te bewys dat dit sy eie is, dat dit van Hom uitgegaan het en deur Hom aan hulle opgedra is, met duidelike getuienis en tot 'n buitengewone vertroosting vir sowel sy apostels as vir hulle luisteraars by wie die sending sou kom, geëer.

Dit was belangrik dat die apostels bestendige en vaste sekerheid vir hulle prediking moes hê, wat hulle nie alleen met eindelose inspanning, sorge, ergernis en gevare moes waarneem nie maar uiteindelik met hulle eie bloed moes verseël. Ek sê dat die prediking nie hol en ydel nie maar vol van mag en krag was. Dit was belangrik dat hulle te midde van sulke [364] bekommernisse, probleme en sulke groot gevare oortuig moes wees dat hulle God se werk verrig en dat hulle moes weet dat God hulle bystaan ten spyte daarvan dat die hele wêreld hulle teenstaan en beveg, en om te besef dat hulle Christus, die Bron van hulle leer, nie op aarde voor hulle oë het nie maar dat Hy ter bekragtiging van die waarheid daarvan in die hemel is.

Aan die ander kant moes dit vir hulle toehoorders baie gewis daarvan getuig dat die leer van die evangelie nie praatjies van die apostels was nie maar die leer van God self; dat die Woord nie op die aarde ontstaan het nie maar uit die hemele neergedaal het. Want hierdie dinge, vergiffenis van sondes, die belofte van 'n ewige lewe en die boodskap van sy redding, kan nie in die mens se mag wees nie. Christus het dus getuig dat met die uitsondering van hulle bediening daarvan niks in die verkondiging van die evangelie aan die apostels behoort het nie; dat dit Hy was wat deur hulle monde as sy werktuie alles gesê en belowe het; dat die vergiffenis van sondes wat hulle verkondig het, in werklikheid die belofte van God was; dat die verdoemenis wat hulle uitgespreek het, gewis die oordeel van God is.

Maar hierdie getuienis is vir alle eeue gelewer en bly onwrikbaar om ons almal sekerder en sonder kommer te maak. Deur wie dit ook al verkondig word, die Woord van die evangelie is juis die besondere mening van God wat voor die hoogste regbank van God [365] afgekondig en in die boek van die lewe geskrywe is; in die hemel is dit bekragtig, bevestig en bestendig.

Ons het nou vasgestel dat die sleutelmag eenvoudig die verkondiging van die evangelie is en dat dit as ons hierin met die mens rekening hou, nie soseer mag as bediening is nie. Want God het hierdie

mag nie besonderlik aan die mens gegee nie, maar aan sy Woord, en daarvan het hy mense bedienaars gemaak.

Die tweede aanhaling waarvan ons gesê het dat dit in 'n ander betekenis opgeneem moet word, is in Matteüs opgeteken waar Christus sê: "As 'n broeder nie na die kerk wil luister nie, laat hy dan vir julle soos 'n heiden en 'n tollenaar wees. Waarlik, Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees" (Matt. 18:17-18). Ons ag dit egter nie so verskillend dat daar nie tog 'n groot verwantskap en ooreenkoms tussen hulle is nie. In die eerste plek is daar in elk geval die ooreenkoms dat albei 'n algemene stelling is: die mag om te bind en te ontbind is dieselfde in albei, naamlik die Woord van God. Die opdrag om te ontbind en te bind is dieselfde en ook die belofte is dieselfde; maar hulle verskil tog daarin dat die eerste aanhaling in besonder oor die verkondiging handel; dit verrig bedienaars van die Woord en het betrekking op die tug van uitbanning wat aan die kerk toevertrou is. Die kerk bind iemand vir wie dit uitban, nie omdat dit hom aan die ewige verderf en wanhoop sou blootstel nie maar omdat dit sy lewe [366] en sedes veroordeel; en as hy nie tot inkeer kom nie, wys dit hom altyd tereg op sy verdoemenis. Die kerk ontbind iemand vir wie dit in sy gemeenskap aanvaar omdat die kerk hom beskou as 'n deelgenoot aan die eenheid wat die kerk in Christus Jesus het.

Maar om te verhoed dat iemand die oordeel van die kerk weerspannig verag of dit van geringe waarde skat dat hy deur die oordele van die gelowiges veroordeel is, getuig die Here dat so 'n oordeel van sy gelowiges niks anders as die aankondiging van sy eie vonnis is nie en dat alles wat hulle op die aarde verrig, in die hemel bekragtig word. Want hulle het die Woord van God om wederstrewiges mee te veroordeel; hulle het die Woord om die wat tot inkeer kom, in genade terug te ontvang; hulle kan egter nie dwaal of van die oordeel van God verskil nie, omdat hulle slegs na aanleiding van die wet van God oordeel, en dit is nie 'n onsekere en aardse opvatting nie maar God se heilige wil en hemelse godspraak. Maar Hy roep die kerk; nie 'n klein klompie mooi gekapte en geskeerde linnedraers nie maar die vergadering van 'n gelowige volk wat in sy Naam byeen is. Ons moet nie luister na spotters wat soos volg redeneer nie: "Hoe kan 'n klag aan 'n kerk voorgelê word wat oor die hele wêreld versprei en verstrooi is?" Christus gee genoegsame aanduiding daarvan dat Hy van elke Christelike vergadering praat, omdat kerke in afsonderlike streke of in provinsies ingestel kan word. Hy sê: "Waar twee of drie ook al in my Naam saam is, daar is ek in hulle midde" (Matt. 18:20).

[367] Uit hierdie twee aanhalings wat ek, soos dit vir my lyk, bondig, doodgewoon en waar weergegee het, poog die waansinniges om sonder enige onderskeiding namate hulle deur hulle eie duiseligheid in vervoering raak, nou die bieg, dan weer uitbanning, dan regspleging, dan die reg om wette te skep en dan weer die aflaat tot stand te bring. Maar wat sou gebeur as ek hulle houvas op al die eise van dié aard met een swaardhou afkap, naamlik dat hulle priestertjies nie plaasvervangers of opvolgers van die apostels is nie? Maar die onderwerp sal ook elders in behandeling geneem word. Maar nou rig hulle 'n stormram op waarmee hulle vurig wens om hulleself te verskans, maar dit dra net by om hulle eie ondernemings omver te werp. Want Christus het nie die mag om te bind en te ontbind vir sy apostels geskep voordat Hy nie die Heilige Gees aan hulle geskenk het nie. Ek beweer dus dat niemand bevoegdheid oor die sleutels het tensy hy die Heilige Gees ontvang het nie. Ek beweer dat niemand van die sleutels gebruik kan maak tensy die Heilige Gees hom voorgaan, hom leer en voorsê hoe hy moet optree nie.

Hulle versprei die onsin dat hulle wel die Heilige Gees het, maar in werklikheid ontken hulle dit. Behalwe miskien as hulle die versinsel skep, soos hulle trouens doen, dat die Heilige Gees iets vaags en van geen waarde is nie, maar hulle sal nie geglo word nie. Deur hierdie werktuig word hulle weliswaar geheel en al tot 'n val gebring sodat, al sou hulle daarop roem dat hulle enige deur se sleutels [368] het, hulle nog gevra moet word of hulle die Heilige Gees het, wat die Regter in beheer van die sleutels is. As hulle sou antwoord dat hulle dit wel het, dan moet hulle verder gevra word of die Heilige Gees dan 'n fout kan maak. Hulle sal nie waag om dit uitdruklik te sê nie, hoewel hulle dit

terloops in hulle leer inskuif. Ons moet dus die afleiding maak dat geeneen van hulle priestertjies wat herhaaldelik sonder onderskeid ontbind wat die Here gebind wou hê, en bind wat Hy beveel het ontbind moet word, die sleutelmag het nie.

Wanneer hulle bemerk dat hulle deur die duidelikste bewyse aan die kaak gestel word omdat hulle sonder onderskeiding die wat dit waardig en die wat dit onwaardig is, ontbind of bind, maak hulle sonder kennis misbruik van die mag, en hoewel hulle nie waag om te ontken dat kennis 'n vereiste vir die goeie gebruik daarvan is nie, skrywe hulle tog dat juis die mag aan slegte hanteerders oorgedra is. En tog is die mag: "Wat jy ook al op die aarde bind of ontbind, sal in die hemele gebonde en ontbonde wees". Maar dan moet die belofte van Christus mos bedrieg, of die mense wat met hierdie mag bedeel is, bind en ontbind reg?

Hulle het geen manier om dit te ontwyk deur te sê dat Christus se belofte beperk word ooreenkomstig die verdienstes van die een wat gebind of ontbind word nie. En ons erken ook dat niemand anders ontbind of gebind kan word as net die mense wat verdien om [369] ontbind of gebind te word nie. Maar die boodskappers van die evangelie en die kerk het die Woord na aanleiding waarvan hulle hierdie verdienste kan meet. In hierdie woord kan die boodskappers van die evangelie aan almal in Christus deur die geloof vergiffenis van hulle sondes belowe. Hulle kan vir almal en oor almal wat Christus nie omhels nie, verdoemenis uitspreek. In hierdie Woord verkondig die kerk dat hoere, owerspeliges, diewe, moordenaars, gieriges en onregverdiges geen deel in die koninkryk van God het nie (1 Kor. 6:9-10), en sulke mense bind die kerk met die sterkste bande. Volgens dieselfde Woord ontbind en vertroos die kerk die mense wat tot inkeer gekom het. Maar wat se soort mag is dit nou eintlik om geen kennis te dra van wat gebind of ontbind moet word nie, en om tog nie in staat te wees om te bind of te ontbind as jy nie hiervan kennis sou hê nie? Waarom beweer hulle dan dat hulle volgens die gesag wat aan hulle gegee is, vryspraak verleen, wanneer hulle vryspraak onseker is? Watter doel dien 'n denkbeeldige mag vir ons as dit geen nut het nie? Maar na aanleiding van hierdie een verwysing is my beskouing dat die vryspraak nie bestaan nie of so onseker is dat dit as niks beskou moet word nie.

Want aangesien hulle erken dat daar 'n groot aantal priesters is wat die sleutels nie reg gebruik nie, en dat die mag sonder die wettige gebruik daarvan oneffektief is, wie sou dan die vertroue by my wek dat iemand deur wie ek ontbind word, 'n goeie hanteerder van die sleutels is? Maar as hy 'n slegte hanteerder daarvan is, wat hou dit anders in as dat sy [370] ontbinding waardeloos is: "Ek weet nie wat ek in jou moet bind of ontbind nie, aangesien ek nie regmatige gebruik oor die sleutels het nie, maar as jy dit verdien, verleen ek aan jou absolusie". Maar dit sou ook – ek sou nie sê 'n leek nie, aangesien hy dit nie met kalm gehoor sou verdra nie – maar 'n Turk of die duiwel kon doen! Want dit is om te beweer: "Ek het nie die Woord van God, wat die sekere maatstaf vir jou ontbinding is nie, maar die gesag is aan my gegee om aan jou absolusie te gee as jou verdienstes dan van so 'n aard is."

Ons merk dus waarop hulle gemik het toe hulle die definisie gegee het dat die sleutels die gesag is om te onderskei en die mag om tot uitvoer te bring en dat kennis as raadgewer en soos 'n raadsman vir die goeie gebruik daarvan daar bykom: dit beteken dat hulle sonder God en sy Woord na willekeur en vry wou regeer.

Voorts sal ek in enkele Woorde vertel hoe hulle die sleutels by soveel slotte en deure aanpas, nou om hulle regspraak te dien, dan weer die bieg, dan weer hulle bepalings of offers. In die opdrag wat Christus oor die vergiffenis en die behoud van sondes in Johannes aan sy dissipels gee, maak Hy nie van hulle wetgewers nie en ook nie sekretarisse om die bieg aan te hoor, amptenare, uitdelers en afkondigers van banvloeke nie, maar die mense wat Hy bedienaars van sy Woord gemaak het, beklee Hy met uitsonderlike getuienis. Wanneer Hy in Matteüs die reg om te bind [371] en te ontbind aan sy kerk opdra, beveel Hy nie dat die armes, wat nie daarvoor kan betaal nie, op gesag van die een of ander eerwaarde mus- of tweehoringdraer met die geskal van simbale, die uitdoof van kerse en elke moontlike verwensing verdryf of vernietig moet word nie maar dat die boosheid van goddelose mense met die tug van uitbanning verbeter moet word en dit dan op gesag van sy Woord

en deur die bediening van die kerk.

Die mense wat die versinsel skep dat die sleutels van die kerk 'n verdeling van die verdienstes van Christus en die martelare is, wat die pous met sy banvloeke of aflaatbriewe uitdeel, is van hulle sinne beroof en verdien duiwelskruid eerder as argumente. Dit is ook nie nodig om met groot inspanning hulle aflaatbriewe te weerlê nie, aangesien dit reeds deur baie stormramme geskok is en nou vanself verouderd word en begin lyk of dit op die afdraand is. Maar die feit dat hulle aflaatbriewe so lank ongeskonde was en in so 'n magtige waansinnige onbeteueldheid so lank ongestraf gebly het, is inderdaad 'n bewys van die diepte van die duisternis van die dwaling waarin die mense verskeie eeue lank gedompel was.

Hulle het gesien dat hulle openlik en onbedek deur die pous en sy bandraertjies bespot word, dat winsgewende handel met die heil van hulle siele gedryf word, en dat die waarde van hulle redding teen 'n paar muntstukke geskat word en dat hulle hulle nie [372] verniet kan neerbuig nie, dat hulle onder skyn hiervan uit hulle offers verkul word en dat dit skandelik aan hoere, koppelaars en eetmale bestee word, dat die wat die grootste mond oor die aflaatbriewe het, die grootste veragters daarvan is; dat die monsters by die dag met groter losbandigheid voortwoed en ontaard en dat daar geen einde aan gemaak word nie; dat nuwe munt altyd beskikbaar is en dat nuwe geld altyd te voorskyn gehaal word.

En tog het hulle aflaatbriewe met die grootste agting aanvaar, dit aanbid en gekoop. En die wat skerpsinniger as ander daarna gekyk het, was van mening dat dit tog vrome bedrog was waarmee mense met die een of ander voordeel vir hulleself bedrieg kon word. Maar toe die wêreld homself toegelaat het om 'n bietjie wysheid te kry, het hulle aflaatbriewe koud geword en selfs geleidelik begin verys tot hulle heeltemal verdwyn het.

Maar aangesien uiters baie mense wat hulle gierigheid, hulle swendelary, hulle diefstal en roofsugtigheid waarmee die aflaatsmouse ons tot dusver bespot en geflous het, sien, maar juis die bron van hulle goddeloosheid nie bemerk nie, is dit die moeite werd om nie alleen 'n aanduiding van die aard van hulle aflaatbriewe te gee nie maar ook van wat dit sou wees as dit van elke skandvlek gereinig is.

Om daarvan 'n egte beskrywing te gee: Die aflaatbriewe is 'n ontheiliging van die bloed van Christus en 'n [373] bespotting deur die Satan om die volk van Christus van die genade van die God en van die lewe wat in Christus is, weg te neem, en hulle van die ware weg van hulle redding af weg te draai. Want hoe kan die bloed van Christus smadeliker ontheilig word as wanneer beweer word dat dit nie genoeg is vir die vergiffenis van sondes en vir voldoening nie, behalwe as die gebreke daarvan asof dit verdor en uitgeput is, van elders aangeval en volgemaak word?

"Die wet en al die profete", sê Petrus, "lewer vir Christus getuienis daarvan dat ons vergiffenis van sondes deur Hom moet ontvang" (Hand. 10:43). Maar hulle aflaatbriewe deel die vergiffenis van sondes deur Petrus, Paulus en die martelare uit. "Die bloed van Christus reinig ons van ons sondes", het Johannes gesê (1 Joh. 1:7). Maar hulle aflaatbriewe maak die bloed van die martelare tot 'n afwassing van die sonde. Paulus het gesê: "Christus, wat die sonde nie geken het nie, is vir ons tot sonde gemaak (dit is, tot voldoening van die sonde), sodat ons in Hom die geregtigheid van God gemaak kan word (2 Kor. 5:21). Hulle aflaatbriewe stel die voldoening vir die sondes in die bloed van martelare. Vir die Korintiërs roep en getuig Paulus dat Christus alleen vir hulle gekruisig is en gesterf het (1 Kor. 1:13). Hulle aflaatbriewe verkondig dat Paulus en ander mense vir ons gesterf het. Elders sê hy dat Christus deur sy bloed vir Hom 'n kerk verkry het (Hand. 20:28). Hulle aflaatbriewe bepaal 'n ander koopprys in die bloed van martelare. "Met een enkele offer [374] het Christus tot in ewigheid al die wat in Hom geheilig is, volmaak gemaak (Hebr. 10:14), sê die apostel. Hulle aflaatbriewe verkondig dat hulle heiligmaking, wat andersins nie genoeg is nie, deur die martelare volbring word. Johannes sê dat al die heiliges hulle klere in die bloed van die Lam gewas het (Open. 7:14). Hulle aflaatbriewe leer dat hulle hulle klere in die bloed van heiliges was.

Hoewel hulle hele leer uit verskriklike heiligskennis en godslastering saamgeflans is, is dit bowenal verbasende godslastering.

Laat hulle erken of die volgende hulle leer is of nie: dat die martelare meer as hulle dood aan God gelewer en deur verdienste verkry het as wat hulle nodig gehad het en dat hulle so 'n groot oorvloed van verdienstes gehad het dat dit ook na ander kon oorvloei; om dus te verhoed dat so 'n groot seën nutteloos sou wees, moet hulle erken dat hulle die bloed van die martelare met die bloed van Christus meng en dat uit albei die skat van die kerk tot vergiffenis en voldoening van ons sondes saamgestel word. Dat dit voorts verstaan moet word soos Paulus sê: "In my liggaam vul ek die dinge aan wat aan die lyde van Christus ontbreek, ter wille van sy liggaam, dit is die kerk" (Kol. 1:24).

Wat beteken dit anders as om vir Christus net sy Naam te laat en verder van Hom 'n gewone heilige mensie te maak sodat Hy met moeite in hulle massa [375] onderskei kan word? Dit het hulle betaam om Hom, ja, Hom alleen, te verkondig, Hom alleen voor te hou, Hom alleen te vermeld en na Hom alleen op te sien wanneer dit oor die verkryging van sondevergiffenis, versoening en voldoening gaan.

Maar laat ons ook na hulle gevolgtrekkings luister: "Om te verhoed dat die bloed van die martelare vrugteloos vergiet is, moet dit tot die algemene voordeel van die kerk bydra." Is dit so? Het dit dan vir hulle geen voordeel ingehou om God deur hulle sterwe te verheerlik, om sy waaragtigheid met hulle bloed te onderskrywe, om deur hulle afkeer van hulle eie lewens daarvan te getuig dat hulle 'n beter lewe soek; om deur hulle eie onwrikbaarheid die geloof van die kerk te bestendig maar die hardkoppigheid van hulle vyande te verbreek nie?

Dit beteken natuurlik dat hulle geen voordeel erken as Christus alleen Middelaar is nie, as Hy alleen ter wille van ons sondes gesterwe het, as Hy alleen vir ons verlossing geoffer is nie. Hoe kwaadwillig verwring hulle nie Paulus se verklaring dat hy in sy liggaam voldoen aan wat in die lyde van Christus ontbreek het nie? (Kol. 1:24). Want hy herlei die gebrek of die aanvulling nie tot die werking van verlossing, versoening en voldoening nie maar tot die leed waarin die ledemate van Christus, naamlik al die gelowiges, geoefen moet word so lank as wat hulle in die vlees lewe. Paulus bedoel dus dat die gevolge van die lyde van Christus is dat Hy dit wat [376] Hy eenmaal in Homself gely het, elke dag in al sy lede ly. Christus ag ons die eer waardig om ons kwellinge as sy eie te beskou en te noem.

Maar onder die byvoeging "ter wille van die kerk" het Paulus nie "ter wille van die verlossing, ter wille van die versoening of ter wille van die genoegdoening van die kerk" verstaan nie maar ter wille van die stigting en die bevordering van die gemeente; net soos hy elders sê dat hy alles verdra ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry (2 Tim. 2:10). Verre sy dit dan daarvan dat Paulus die opvatting gehad het dat daar iets aan die lyde van Christus ontbreek het in soverre dit die hele volheid van sy geregtigheid, sy redding en sy lewe aangaan, of dat hy enigiets daar wou byvoeg. Want Paulus verkondig duidelik en voortreflik dat die oorvloed van sy genade so ryklik deur Christus uitgegiet is dat dit al die krag van die sonde ver te bowe gegaan het.

Alleen hierdeur is al die heiliges gered en nie deur die verdienste van hulle lewe of hulle sterwe nie, soos Petrus duidelik getuig, sodat iemand wat die aansien van enige heilige elders as in die barmhartigheid van God alleen stel, met veragting teenoor God en sy Gesalfde optree.

Maar waarom langer by hierdie onderwerp verwyl, net asof dit 'n aangeleentheid is wat nog duister is, aangesien die openbaring van sulke gedrogte dieselfde [377] is as om dit te weerlê?

Om sulke verfoeilikhede agterweë te laat: wie het die pous voorts geleer om die genade van Jesus Christus wat die Here deur die Woord van die evangelie wou versprei, in munt en perkament toe te sluit? Maar dan moet òf die evangelie van God vals wees òf hulle aflaatbriewe moet leuenagtig wees. Want in die evangelie word Christus met al die oorvloed van die hemelse seëninge, met al sy verdienstes, met al sy geregtigheid, wysheid en genade sonder enige uitsondering vir ons aangebied.

Hulle aflaatbriewe is maar net 'n maat van die genade van Christus wat hulle uit die arsenaal van die pous ontsluit en wat hulle aan munt, aan perkament en op 'n bepaalde plek vasheg, maar hulle skeur dit los van die Woord van God.

Die derde plek in hulle berou ken hulle aan die voldoening toe. Alles wat hulle in verband hiermee klets, kan met een enkele woord omvergewerp word. Hulle beweer dat dit nie vir iemand wat berou het, genoeg is om hom van die boosheid van die verlede te weerhou en sy sedes tot 'n beter vlak te verander, tensy hy aan die Here voldoening verskaf vir die dade wat hy gepleeg het nie. Hulle beweer dat daar baie hulpmiddels is waarmee ons ons sondes kan loskoop, naamlik trane, vas, offerandes, aalmoese en ander liefdeswerke; dat ons hiermee die guns van die Here moet wen; dat ons daarmee ons skulde aan die geregtigheid van God moet vereffen; dat ons daarmee vir ons oortredings moet vergoed en daarmee [378] verontskuldiging moet verdien, en dat, hoewel die Here deur die gawe van barmhartigheid ons skuld vergewe het, Hy nogtans die straf daarvoor behou en dat dit hierdie straf is wat ons deur voldoening moet vrykoop.

Teenoor sulke leuentaal plaas ek die vrye vergiffenis van sondes, en niks word duideliker as dit in die Skrif verkondig nie (Jes. 52:3; Rom. 3:24-25; 5:8; Kol. 2:13-14; 2 Tim. 1:9; Titus 3:5). Wat is vergiffenis in die eerste plek anders as 'n gawe van loutere milddadigheid? Want daar word nie gesê dat 'n skuldeiser wat met sy kwitansie getuig dat sy geld aan hom vereffen is, die skuld kwytskeld nie, maar een wat sonder vereffening bloot uit eie milddadigheid die skuld uitwis. Maar waarom word die woord "kosteloos" hierby gevoeg anders as om die hele indruk van voldoening uit die weg te ruim? Waarom moedig hulle hulle aflaatbriewe nou nog aan, hoewel dit deur so 'n kragtige weerligstraal neergevel word? Aangesien die Skrif in sy geheel vir Christus getuienis lewer dat ons deur sy Naam vergiffenis van sondes moet kry (Hand. 10:43), sluit dit nie alle ander name uit nie?

Hoe leer hulle dan dat vergiffenis deur die naam van aflaatbriewe verkry word, en hoe sou hulle kon sê dat dit nie deur die naam van aflaatbriewe nie maar deur die Naam van Christus verkry word, selfs as aflaatbriewe tussenbeide tree? Want die feit dat die Skrif sê: "deur die Naam van Christus", dui daarop [379] dat ons geen bydrae lewer nie, dat ons niks van ons eie aanbied nie maar dat ons slegs op die aanbeveling van Christus steun. Soos Paulus sê: "God het in sy Seun die wêreld met Hom versoen en deur sy toedoen die mense hulle oortredinge nie toegereken nie" (2 Kor. 5:19).

Ek vrees – so groot is hulle verwrongenheid – dat hulle sal sê dat vergiffenis van sondes en versoening terselfdertyd plaasvind wanneer ons deur Christus in die doop in die genade van God opgeneem word; dat ons na die doop deur aflaatbriewe weer moet opstaan; dat die bloed van Christus dan geen waarde het nie, behalwe in soverre dit deur die sleutels van die kerk uitgedeel word.

Maar Johannes stel dit heel anders. Hy sê: "As iemand sondig, het ons 'n voorspraak by die Vader, naamlik Jesus Christus, en Hy is 'n versoening vir ons sondes" (1 Joh. 2:1-2). En net so: "Ek skryf aan julle, my kinders, omdat julle sondes julle om sy Naam ontwil vergewe word" (1 Joh. 2:12). Hy spreek sekerlik die gelowiges aan en hy dui vir hulle aan dat terwyl hy verduidelik dat Christus versoening van die sondes is, daar geen ander genoegdoening bestaan waardeur God versoen of behaag kan word nie. Hy sê nie: "God is eenmaal deur Christus met julle versoen; nou moet julle ander metodes van versoening soek" nie. Maar hy stel Hom as ewige Voorspraak voor om deur sy tussenkoms ons weer in die genade van die Vader te herstel – 'n ewige [380] versoening om ons sondes te versoen. Want dit wat Johannes gesê het, is tot in ewigheid waar: "Kyk, die Lam van God wat die sondes van die wêreld weg neem" (Joh. 1:29). Ek sê: Hy self het die sondes weggeneem, nie iemand anders nie. Dit beteken: aangesien Hy alleen die Lam van God is, is Hy ook alleen die offerande vir ons sondes; Hy alleen is versoening en Hy alleen is genoegdoening.

Hier betaam dit ons om aan twee aspekte oorweging te skenk, naamlik dat sy eer ongeskonde en onverhinderd bewaar moet word en dat ons gewetes onbesorg oor die kwytskelding van ons sondes vrede met God moet hê. Jesaja sê dat die Vader die ongeregtighede van ons almal op sy Seun gelê het sodat ons deur sy letsels genees mag word (Jes. 53:5, 6). Dit herhaal Petrus ook met ander

Woorde wanneer hy sê dat Christus aan die kruishout ons sondes in sy liggaam gedra het (1 Petr. 2:24). Paulus skrywe dat ons sondes in sy vlees vervloek is toe Hy vir ons sonde geword het (Gal. 3:13; Rom. 8:3); dit beteken dat die krag en die vervloeking van die sonde in sy vlees tot niet gemaak is toe Hy as offerande gegee is, sodat die hele las van ons sondes tesame met hulle vervloeking en verfoeilikheid saam met die oordeel van God en die verdoemenis van die dood op Hom gewerp kon word. En wanneer hy ons herinner aan die verlossing wat deur Hom tot stand gebring is, noem hy dit gewoonlik "loskoop" (Rom. 3:24; 1 Kor. 1:30; Ef. 1:7; Kol. 1:14), dit is nie maar net eenvoudig 'n verlossing nie maar juis die prys en voldoening van die verlossing soos [381] hy elders op dieselfde wyse leer dat Christus Homself as 'n "losprys" vir ons gegee het (1 Tim. 2:6).

Gestel nou die vergiffenis van ons sondes is in ons werke – bly die dinge waarvan hier gespreek is, nog ongeskonde vir Christus? Hoe geweldig groot is die verskil tussen die feit dat ons ongeregtighede op Christus gelê is sodat dit in Hom kwytgeskeld kan word en dat dit in ons werke kwytgeskeld word, dat Christus versoening vir ons sondes is en dat God deur ons werke versoen word? Maar as dit daarom gaan om ons gewetes tot rus te bring, watter soort rus sal dit wees as iemand sou hoor dat hy deur aflaatbriewe kwytgeskeld word? Wanneer sal hy uiteindelik oor die maat van sy genoegdoening sekerheid hê? Hy sal dus altyd in vertwyfeling wees of hy 'n genadige God het; hy sal altyd onrustig wees en altyd sidder. Want die mense wat in hulle ligsinnige aflaatbriefies berusting vind, maak met buitengewone minagting 'n bepaling van die waarde van die oordeel van God, en hulle ag dit van weinig belang hoe groot die gewig van ons sondes is, soos ons alreeds elders gesê het. En selfs al sou ons toegee dat hulle die vermoë het om 'n hoeveelheid van hulle sondes deur gegronde voldoening vry te koop, wat sou hulle doen wanneer hulle deur soveel sondes oorweldig word dat duisend lewens selfs al sou hulle hulle ten volle hierop toelê, nie vir die voldoening daarvan genoeg is nie?

Nou neem hulle toevlug tot die asiel van die dwase [382] onderskeiding dat sekere sondes vleeslik en sekere sondes sterflik is, dat vir die sterflike sondes swaar genoegdoening verskuldig is maar dat die vleeslike sondes met makliker middels gereinig word, naamlik deur die gebed van die Here, deur besprinkeling van heilige water en deur die kwytskelding van die mis. So speel hulle met God en hou hulle hulle met onsin besig. Hoewel hulle egter vleeslike en sterflike sondes voortdurend op hulle lippe het, kan hulle die een tog nie van die ander onderskei nie, behalwe dat hulle die goddeloosheid en onreinheid van die hart as 'n vleeslike sonde voorstel.

Maar in soverre as wat die Skrif, die maatstaf van reg en onreg, ons leer, verklaar ons dat die dood die loon van die sonde is (Rom. 6:23) en dat die siel wat gesondig het, die dood verdien (Eseg. 18:20) en verder dat die sondes van gelowiges vleeslik is – nie omdat hulle nie die dood verdien nie maar omdat daar deur die barmhartigheid van God geen verdoemenis is vir die mense wat in Christus Jesus is nie (Rom. 8:1), omdat dit hulle nie toegereken word nie en omdat dit deur genade uitgewis word (Ps. 32:1-2).

Ek weet hoe onbillik hulle ons leer belaster; want hulle beweer dat dit 'n Stoïsynse paradoks in verband met die gelykheid van sondes is. Maar hulle word sonder moeite deur hulle eie monde aan die kaak gestel. Want my vraag is of hulle juis onder die sondes waarvan hulle erken dat dit sterflik is, sommige minder sterflik as ander beskou? Dit volg dus [383] volstrek nie dat sondes gelyk is nie, al sou hulle terselfdertyd sterflike sondes wees. Aangesien die Skrif verduidelik dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23), dat gehoorsaamheid aan die wet die weg van die lewe en oortreding van die wet die dood is, kan hulle aan hierdie uitspraak nie ontkom nie. Watter doel sal hulle dan vir hulle aflaat in so 'n stapel sondes vind? As dit een dag duur om genoegdoening vir een sonde te gee, begaan hulle nog sewe ander sondes terwyl hulle daaroor nadink – en nou praat ek van die regverdigste mense; as hulle hulle vir sewe sondes omgord, stapel hulle nog nege-en-veertig ander sondes daarop (Spr. 24:16). Nou is hulle vertroue op hulle aflaat afgesny. Waarom verwyl hulle nog? Hoe kan hulle nog waag om aan genoegdoening te dink?

Hulle poog weliswaar om hulle hieruit los te maak, maar, soos die spreekwoord lui, die water kleef

aan hulle. Hulle versin vir hulleself 'n onderskeid tussen straf en skuld. Hulle erken dat skuld deur die barmhartigheid van God vergewe word, hoewel hulle leer dat ons dit juis met trane en gebede verdien. Maar hulle leer dat die straf nog bly as die skuld eers vergewe is, en die geregtigheid van God eis dat die straf ook vereffen moet word. Hulle verklaar dus dat hulle aflaatbriewe in besonder op die kwytskelding van die straf gemik is.

Maar alles wat in die Skrif oor die vergiffenis van sondes aan ons geleer word, bots lynreg met die [384] onderskeiding, naamlik dat die nuwe verbond wat God in sy Gesalfde [Christus] met ons gesluit het, beteken dat Hy ons ongeregtighede nie in herinnering sal roep nie (Jer. 31:31, 34). Wat hy met hierdie woorde bedoel het, leer ons uit 'n ander profeet wanneer die Here sê: "As 'n regverdige mens van sy regverdigheid afwyk, sal Ek al sy regverdige dade nie in herinnering roep nie. As 'n goddelose mens van sy goddeloosheid afsien, sal Ek al sy ongeregtighede nie in herinnering roep nie (Eseg. 18:21-24). Die feit dat Hy verklaar dat Hy regverdige dade nie in herinnering sal roep nie, beteken in elk geval dat Hy dit nie in berekening sal bring om dit te beloon nie. Die feit dat Hy die sondes nie in herinnering roep nie, beteken dus dat Hy geen straf daarvoor eis nie. Elders word dieselfde gesê, naamlik dat Hy dit nie toereken nie en dit bedek hou (Ps. 32:1-2).

Met sulke uitdrukkinge sou die Heilige Gees sy betekenis duidelik vir ons kon uiteensit as ons maar net ontvanklike ore daarvoor gebied het. As God ons sondes straf, reken Hy ons dit gewis toe. As Hy dit wreek, roep Hy dit in herinnering. As Hy dit voor sy oordeel daag, hou Hy dit nie bedek nie.

Maar laat ons van 'n ander profeet hoor volgens watter wette die Here ons sondes vergewe. Hy sê: "Al sou julle sondes soos skarlaken wees, dit sal wit soos sneeu word, en al sou dit rooi wees soos purper, dit sal wees soos wol" (Jes. 1:18). Hier moet ek my lesers versoek om nie op my vreemde woorde ag te [385] slaan nie, maar om slegs maar 'n plek vir die Woord van God te laat. Wat, vra ek jou, sou Christus aan ons gelewer het as die straf vir ons sondes nog van ons geëis word? Want wanneer ons sê dat Hy al ons sondes in sy liggaam aan die kruishout gedra het (1 Petr. 2:24), dui ons daarmee niks anders aan as dat Hy die straf en die wraak wat vir ons sondes verskuldig was, volbring het nie. Juis dit het Jesaja met groter duidelikheid verklaar wanneer hy sê dat die bestraffing vir of verbetering van ons vrede op Hom was (Jes. 53:5). Maar wat beteken die verbetering van ons vrede anders as die straf wat vir ons sondes verskuldig is wat deur ons vereffen moes word voordat ons met God versoen sou kon word, as Hy nie self in ons plek getree het nie? Ja, nou sien jy duidelik dat Christus die strawwe vir ons sondes gedra het om dit wat aan Hom behoort, daarvan te verlos.

Het ons tog maar opreg begryp wat Christus aan sy gelowiges belowe het:  Hy sê: "Hy wat in My glo, kom nie in die gerig nie, maar hy gaan uit die dood in die lewe oor" (Joh. 5:24). In die vertroue op hier die belofte het Paulus onbesorg verklaar dat daar geen verdoemenis is vir die mens e wat in Christus Jesus glo nie (Rom. 8:1).

Ek het geen twyfel daaroor dat hulle vir my gaan lag nie, aangesien ek "gerig" en "verdoemenis" anders as "ewige straf" verstaan. Maar dit het niks te doen met hulle af laatbriewe, waarvan hulle leer dat dit [386] deur tydelike strawwe vereffen word nie. As dit nie was dat hulle hulle voorgeneem het om die Heilige Gees te weerstaan nie, sou hulle agtergekom het dat daar 'n groter krag in die Woorde van Christus en Paulus aanwesig is, naamlik dat gelowiges so deur Christus van die vloek van die sonde vrygemaak is dat hulle voor die aangesig van God kan verskyn asof hulle rein en suiwer is.

Maar aangesien hulle hulle ook met die getuienis van die Skrif bewapen, laat ons sien wat die aard van die argumente is wat hulle voorhou. Hulle sê: Toe Dawid deur die profeet Natan oor sy owerspel en moord berispe is, het hy kwytskelding vir sy sonde ontvang, en tog word hy later deur die dood van sy seun wat hy in owerspel ontvang het, gestraf (2 Sam. 12:13-14). Ons word geleer om sulke strawwe waarvoor ons selfs na die vergiffenis van sondes moet boet, met aflaatbriewe vry te koop. Want Daniël het Nebukadneser aangespoor om sy sondes met aalmoese vry te koop (Dan. 4:27), en Salomo skrywe dat 'n menigte van sondes deur die liefde bedek word (Spr. 10:12; 1 Petr. 4:8). In Lukas sê die Here van die sondige vrou dat haar veelvuldige sondes haar vergewe is omdat sy baie liefgehad het (Luk. 7:47). Hoe verwronge en verkeerd beoordeel hulle nie altyd die dade van God

nie!

Maar as hulle net daarop sou let – en dit is iets wat hulle glad nie buite rekening moes laat nie – dat daar twee soorte goddelike oordele is, sou hulle iets [387] heeltemal anders in hierdie berisping van Dawid as straf en wraak vir sy sonde gesien het.

Laat ons ter wille van ons onderwysing die een vorm van oordeel wraak en die ander vorm kastyding noem. In die oordeel van sy wraak pas die Here sy toorn op die goddelose mense toe; Hy wreek Hom op hulle, Hy beskaam en verstrooi hulle. Hy maak hulle tot niet. Dit is in besonder wat dit beteken om die sonde te straf en te wreek. Dit kan besonderlik straf of boete genoem word. In die oordeel van kastyding straf God nie: Hy vertoorn Hom nie en Hy oefen nie wraak nie, maar Hy leer, vermaan, kasty en teister die wat aan Hom behoort. Dit is nie straf of wraak nie maar beproewing en vermaning. Die een is 'n eienskap van 'n Regter, die tweede die van 'n Vader. Wanneer 'n regter 'n misdadiger straf, dan weeg hy juis die oortreding en hy bestraf juis die misdaad. Wanneer 'n vader sy seun baie ernstig teregwys, dan is sy bedoeling nie om hom op sy seun te wreek of hom vir sy oortredinge af te ransel nie maar eerder om hom te leer en hom in die toekoms versigtiger te maak.

Bondig saamgevat: waar daar ook al straf is, is ook die vloek en toorn van God, wat Hy van gelowiges weerhou. Tugtiging weer is 'n seën van God en getuienis van sy liefde. Ons lees dat al die heiliges dit altyd van Hom afgebid het en dat hulle dit met gelatenheid aanvaar het. "Tugtig my, o Here, maar in u oordeel, nie in u toorn nie, sodat U my nie miskien [388] verswak nie. Giet u toorn oor my uit", ensovoorts (Jer. 10:24). Hoewel ek daarmee geen worsteling het dat tugtiging van hierdie aard 'n bestraffing van oortredings genoem kan word nie, rig ek bloot maar 'n vermaning oor die wyse waarop ons dit moet begryp.

Toe Hy Saul van sy ryk verwerp het, het Hy hom gestraf (1 Sam. 15:23); toe Hy Dawid sy seuntjie ontneem het (2 Sam. 12:18), het Hy hom berispe. In hierdie betekenis moet ons Paulus se Woorde begryp: "Wanneer ons geoordeel word, word ons deur die Here berispe, sodat ons nie saam met hierdie wêreld verdoem mag word nie" (1 Kor. 11:32). Dit beteken: wanneer ons deur die hand van ons hemelse Vader geslaan word, dan is dit nie 'n straf om ons tot niet te maak nie, maar tugtiging om ons te onderwys.

In die bitterheid van sy beproewinge moet die gelowige met hierdie gedagte toegerus word. "Want die tyd is daar dat die oordeel van die huis van die Here waarin sy Naam aangeroep is, moet begin" (1 Petr. 4:17). Wat sou die kinders van God doen as hulle sou glo dat die strengheid wat hulle ervaar, alreeds die wraak van God is? Want iemand wat deur die hand van God geslaan is en aan God dink as 'n Regter wat straf, kan geen ander begrip van Hom vorm as 'n toornige en vyandige God nie, en hy kan nie anders as om juis die géseling van God as sy vloek en verdoeming te verwens nie. Kortom, hy sal homself nooit daarvan kan oortuig dat God hom liefhet nie, aangesien hy sy gevoel teenoor hom op so 'n wyse ervaar dat Hy [389] hom slegs maar wil straf. En dan is dit van geen belang of die straf ewig of tydelik is nie. Want oorloë, hongersnood, pes en siekte is net sulke vervloekinge van God as sy oordeel van die ewige dood.

As ek my nie misgis nie, sien almal nou duidelik wat die doel van die Here se berisping van Dawid was, naamlik om as 'n bewys te dien dat God 'n ernstige mishae in moord en owerspel het en dat Hy Hom teenoor sulke oortredinge vyandig verklaar het, sodat dit vir Dawid 'n onderwysing kon wees om nie daarna 'n soortgelyke oortreding aan te durf nie, maar nie dat dit as 'n straf moes dien waarmee hy deur een of ander vorm van betaling aan God kon vereffen nie. Dit moet ook ons oordeel oor die tweede vorm van tugtiging wees toe die Here sy volk met 'n hewige pes geteister het as gevolg van Dawid se ongehoorsaamheid wat hy begaan het deur 'n telling van die volk te hou (2 Sam. 24:15). Want Hy het Dawid inderdaad vryelik die skuld van sy sonde vergewe, maar omdat dit as 'n algemene voorbeeld vir alle eeue sowel as vir Dawid se vernedering van belang was dat so 'n oortreding nie ongestraf bly nie, het Hy hom met sy géseling baie hard getugtig.

Maar dit is verbasend waarom hulle hulle oë slegs op die een enkele voorbeeld van Dawid rig maar

nie deur soveel ander voorbeelde waarin hulle die kostelose vergiffenis van sondes kan oordink, beïnvloed word nie. Ons lees dat die tollenaar geregverdig uit die tempel weggegaan het. Geen straf volg hom nie (Luk. 18:14). [390] Petrus het vergiffenis vir sy oortredinge gekry (Luk. 22:61). Ambrosius sê daarvan: "Ons lees van sy trane maar nie van sy genoegdoening nie". Ook die verlamde man het gehoor: "Staan op, jou sondes is jou vergewe" (Matt. 9:2). Geen straf word hom opgelê nie.

Al die kwytskeldings wat in die Skrif vermeld word, word as kosteloos beskrywe. Hulle moes eerder uit die groot hoeveelheid voorbeelde as uit die enkele voorbeeld van Dawid, waarin die een of ander besondere aspek opgesluit is, 'n maatstaf hiervoor gaan soek het.

Met die aansporing waarmee Daniël Nebukadneser aangeraai het om sy sondes met geregtigheid en sy onregverdigheid met medelye vir die armes te vereffen (Dan. 4:27), wou hy nie aandui dat geregtigheid en barmhartigheid God se versoening en kwytskelding van straf is nie. Laat vaar dus die gedagte dat daar enige ander loskoopprys as net die bloed van Christus is. Maar hy het met die woord "kwytskeld" eerder na die mens as na God verwys, net asof hy gesê het: "U het, o koning, onregverdige en gewelddadige oorheersing beoefen: u het die nederiges onderdruk en die armes geplunder, hard en onregverdig het u u volk behandel. Bewys dan nou medelye en regverdigheid vir u onregverdige eise, vir u geweld en onderdrukking!"

Net so sê Salomo dat 'n menigte van sondes deur die liefde bedek word (Spr. 10:12) – en dit nie voor God [391] nie maar onder die mense self. Want die hele reël lees soos volg: "Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die ongeregtighede". Hierin vergelyk Salomo, soos sy gewoonte is, aan die hand van antitese die kwaad wat uit haat gebore word, met die vrugte van die liefde, en sy mening is dat die mense wat mekaar haat, mekaar ook byt, kwel, verkwalik en alles in gebreke verander; maar dat die mense wat mekaar liefhet, baie dinge vir mekaar versteek, hulle oë vir baie dinge sluit, baie dinge ongestraf laat; nie omdat die een die gebreke van die ander goedkeur nie, maar dit verdra en dit deur onderlinge vermaning regstel eerder as om dit deur voortdurende beskimping te laat versweer. In dieselfde sin moet ons geen vertwyfeling hê oor die passasie wat ons uit Petrus aangehaal het nie (1 Petr. 4:8), behalwe as ons hom daarvan wil beskuldig dat hy die Skrif verdraai en listig verwring.

In soverre dit die aanhaling uit Lukas (Luk. 7:36-50) aangaan: niemand wat die gelykenis wat die Here daar verduidelik, met gesonde verstand gelees het, sal na aanleiding daarvan met ons rusie maak nie. Die Fariseër het gedink dat die Here die vrou wat Hy met soveel vriendelikheid na Hom toe laat kom het, nie herken het nie. Want hy het gevoel dat Hy haar nie na Hom toe sou laat kom het as Hy geweet het hoe 'n groot sondares sy is nie. Daaruit het hy afgelei dat Hy geen profeet was nie, aangesien Hy so maklik bedrieg kon word. Maar met die oog daarop om aan te toon dat sy nie meer 'n sondares is nie, aangesien [392] haar sondes alreeds vergewe is, het die Here 'n gelykenis verduidelik: "'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad. Die een het vyfhonderd en die ander een vyftig munte geskuld. Hy het albei se skuld kwytgeskeld. Watter een van die twee het groter rede tot dankbaarheid gehad?" Die Fariseër antwoord Hom: "Die een aan wie hy in elk geval meer gegee het". Die Here het daarop gesê: "Weet dan dat hierdie vrou se sondes vergewe is, omdat sy baie liefgehad het."

Soos jy sien, maak hy in hierdie Woorde nie haar liefde nie maar die bewys daarvan die rede vir die vergiffenis van haar sondes. Want die woorde is geput uit 'n gelykenis van die skuldenaar wie se skuld van vyfhonderd muntstukke kwytgeskeld is. Aan hom het hy nie gesê dat dit hom kwytgeskeld is omdat hy baie liefgehad het nie, maar dat hy baie liefgehad het omdat dit hom kwytgeskeld is. Die gelykenis moet ook in die volgende vorm toegepas word: "Jy dink dat hierdie vrou 'n sondaar is, en jy behoort tog te weet dat sy dit nie is nie, aangesien haar sondes alreeds vergewe is. Haar liefde waarmee sy Hom vir sy genade dank, moes jou oortuig het van die vergiffenis van haar sondes".

Dit is 'n bewys a posteriori, waarvolgens iets uit daaropvolgende bewysplekke bewys word. Maar die Here getuig duidelik om watter rede sy vergiffenis van haar sondes verkry het. Hy sê: "Jou geloof het jou gered" (Luk. 7:50). Deur die geloof verkry ons dus [393] vergiffenis; deur die liefde betoon ons ons dankbaarheid en getuig ons van die weldaad van die Here.

Die opvattings in verband met genoegdoening wat oral in die geskrifte van die skrywers van oudsher voorkom, het weinig invloed op my. Ek merk dat sommige van hulle – laat ek maar doodeenvoudig sê oor die algemeen almal wie se boeke nog beskikbaar is – in die opsig gestruikel het, maar ek sal nie toegee dat hulle dermate grof en ongeletterd was dat hulle dinge in die betekenis waarin dit nou deur die nuwe voorstanders van die aflaat gelees word, beskrywe het nie. Want hulle het genoegdoening meesal nie 'n vergoeding wat aan God vereffen moet word, genoem nie, maar 'n getuienis in die openbaar waarvolgens mense wat met uitbanning gestraf is, wanneer hulle weer in die gemeenskap opgeneem wou word, die kerk van hulle berou verseker. Want vas en bepaalde ander eise is die wat berou moes toon, aangesê om daardeur bewys te lewer dat hulle waarlik en van harte 'n afkeer van hulle vorige lewe het of eerder om die herinnering aan hulle vroeëre sondes uit te wis, en so is daar dan gesê dat hulle nie aan God nie maar aan die kerk voldoening verskaf het.

Uit hierdie outydse seremonie het hulle bieg en aflaatbriewe, wat vandag nog in gebruik is, hulle oorsprong geput – gewis die voortbrengsel van 'n slang, waardeur veroorsaak is dat nie eers 'n skaduwee van die beter vorm daarvan meer oor is nie!

[394] Ek weet dat die ou skrywers by tye ietwat onverbiddelik praat en ek beweer nie, soos ek so pas gesê het, dat hulle nie gestruikel het nie, maar wanneer hulle werke, wat maar met 'n baie klein handjievol vlekke besprinkel is, deur hulle ongewaste hande gehanteer word, word dit heeltemal besoedel. En as ons dan met die gesag van die ou skrywers moet bots, goeie God, watter skrywers dring hulle dan aan ons op! 'n Groot gedeelte van die werke waaruit hulle voorman, Lombardus, sy eie lappieskombers saamgeweef het, is ontleen aan die dwase brabbeltaal van sekere monnike, wat onder die naam Ambrosius, Hieronymus, Augustinus en Chrysostomus gaan. In die onderhawige argument het hy byvoorbeeld feitlik alles uit 'n boek van Augustinus in verband met berou geput wat deur een of ander sanger onbehoorlik uit goeie sowel as uit slegte skrywers aanmekaar geplak is. Dit dra die naam van Augustinus, maar niemand wat selfs maar 'n effense geleerdheid het, sou hom verwerdig om dit as syne te erken nie.

Laat hulle ons dan nou nie meer met hulle vaevuur tot las wees nie. Dit is met hierdie byl verbrokkel, verbreek en geheel en al tot op sy fondamente vernietig. Want ek stem nie met sekere mense saam wat meen dat dit in hierdie onderwerp weggeveins moet word en dat geen melding daarvan gemaak moet word nie. Soos hulle sê, ontstaan daaruit net hewige gevegte, en dit kan weinig tot die stigting bydra. Ek sou self aanbeveel dat sulke beuselagtighede vermy moet word as dit nie was dat dit tot ernstige gevolge lei nie.

[395] Maar aangesien hulle vaevuur uit menigvuldige godslasteringe opgebou is en elke dag deur nuwes versterk word, aangesien dit baie ernstige oortredinge aanwakker, moet ons inderdaad nie ons oë daarvoor sluit nie. Dit sou miskien nog op die een of ander wyse tydelik verberg kon word dat dit sonder die Woord van God met bemoeisieke en vermetele onbesonnenheid uitgedink is; dat dit geglo is as gevolg van sekere "openbarings" wat deur die listigheid van die Satan versin is; en dit sou miskien verberg kon word dat 'n hoeveelheid verwysings uit die Skrif onbeholpe verdraai is om dit te bevestig. Tog verdra die Here nie ligtelik dat die mens se vermetelheid so op die verborge skuilplekke van sy oordele inbars nie, en Hy verbied die mens ten strengste om sy stem te minag en die waarheid uit afgestorwenes te wete te probeer kom. En Hy laat nie toe dat sy Woord so oneerbiedig besoedel word nie.

Laat ons tog toegee dat al daardie dinge vir 'n klein rukkie verduur sou kon word as 'n saak wat van weinig belang is; maar wanneer versoening van sondes elders as in die bloed van Christus gesoek word, wanneer voldoening elders heen oorgedra word, dan is stilswye 'n uiters gevaarlike ding. Met verheffing dus nie alleen van ons stem nie maar ook van ons keel en wange moet ons dus uitskreeu dat die vaevuur 'n verderflike uitvindsel van die Satan is, wat die kruis van Christus vernietig en ons geloof laat wankel en verwoes.

[396] Maar wat is die vaevuur vir hulle anders as die straf wat die siele van afgestorwenes ter voldoening van hulle sondes betaal? Maar as dit uit ons voorgaande bespreking meer as duidelik is

dat die bloed van Christus die enigste voldoening, die enigste versoening en die enigste reiniging vir die sondes van gelowiges is, wat bly dan nog anders oor as net dat hulle vaevuur loutere godslastering teenoor Christus is? Ek laat maar die heiligskennis agterweë waarmee dit elke dag verdedig word; ek laat die oortredinkies wat dit in die godsdiens voortbring, agterweë en ook ontelbare ander dinge wat gewoonlik uit so 'n bron van goddeloosheid te voorskyn kom.

Maar om die een of ander tyd 'n einde te maak laat ons nou ondersoek instel na hulle sakrament van berou – dit is ons doel vir die laaste onderwerp. Maar hulle sweet uit ontsteltenis om 'n sakrament te vind. Dit is ook nie verbasend nie, want hulle soek 'n knoop in 'n biesiebos. Maar wanneer hulle hulle heel beste gelewer het, laat hulle die aangeleentheid gekompliseerd, in vertwyfeling, onsekerheid en verward en versteur deur die verskeidenheid van hulle opvattinge. Hulle sê dus dat boetedoening 'n uitwendige sakrament is, en as dit so is, dan behoort dit as 'n teken van innerlike boetedoening beskou te word, dit is van die verbryseling van die hart, wat die doel van die boetedoening sal wees, of dat albei tesame die sakrament is, en nie twee nie maar een volledige sakrament; maar dat die uitwendige boetedoening slegs 'n sakrament is, maar dat innerlike boetedoening, die doel en werklike sakrament is. Verder sê hulle dat [397] die vergiffenis van sondes slegs die doel en nie die sakrament is nie.

Mense wat die definisie wat ons hierbo gestel het, in gedagte hou, moet hulle bewering van wat 'n sakrament is, hieraan meet; dan sal hulle vind dat dit nie 'n uitwendige seremonie is wat deur God ter versterking van ons geloof ingestel is nie. Maar as hulle sou aanvoer dat my definisie nie 'n wet is waaraan hulle gehoorsaam moet wees nie, laat hulle dan luister na Augustinus, van wie hulle huigel dat hulle hom as 'n heilige beskou. Hy sê: "Sigbare sakramente is ter wille van vleeslike mense ingestel, sodat hulle deur die trappe van sakramente van die wat met die oë waargeneem kan word, na die sakramente gevoer kan word wat met die verstand begryp kan word". Watter soortgelyke aspek kan hulle self sien of kan hulle vir ander mense aantoon in dit wat hulle die sakrament van boetedoening noem? Net so sê hy elders: "Dit word 'n sakrament genoem omdat een ding daarin gesien maar 'n ander ding daarin verstaan word. Iets wat gesien word, het liggaamlike voorkoms, maar iets wat verstaan word, het geestelike vrug". En dit pas hulle sakrament van boetedoening – soos hulle dit versin – hoegenaamd nie, aangesien daarin geen liggaamlike voorkoms is om die geestelike vrug uit te beeld nie.

Maar om hierdie gediertes nou maar in hulle eie arena tot niet te maak: as hier nog enige sakrament was, sou hulle hulle dan nie indrukwekkender daarop kon [398] beroem dat die kwytskelding van 'n priester eerder 'n sakrament as boetedoening is – of dit nou inwendig of uitwendig is nie? Want dit is voor die hand liggend om te sê dat dit 'n seremonie ter bevestiging van ons geloof in verband met die vergiffenis van ons sondes is, en om die belofte van die sleutels te besit soos hulle dit noem: "Wat julle ook al op die aarde bind of ontbind, sal in die hemele gebind of ontbind wees". Maar iemand sou die beswaar opper dat die meeste mense wat geen voordeel uit so 'n kwytskelding verkry nie, deur priesters kwytgeskeld word, hoewel die sakramente van die nuwe wet volgens hulle dogma ten uitvoer behoort te bring wat dit uitbeeld. Dit is belaglik. Aangesien hulle in die nagmaal 'n tweevoudige ete bepaal, naamlik een van die sakrament, waaraan goeie mense ewe veel deel het as slegtes, en 'n geestelike ete, wat slegs die besondere besitting van goeie mense is, waarom sou hulle dan nie ook die versinsel kon skep dat 'n tweeledige boetedoening ook begryp kan word nie? Tot dusver kon ek nog nie te wete kom wat hulle bedoeling met hierdie dogma is nie. Toe ons die redenasie van hulle in alle erns in behandeling geneem het, het ons aangedui hoe ver dit van die waarheid van God verskil. Hier wil ek slegs aandui dat hierdie beswaar geen hindernis vir hulle is om die kwytskelding deur 'n priester 'n sakrament te noem nie. Want deur die mond van Augustinus sal hulle antwoord dat heiligmaking sonder 'n sigbare sakrament is en 'n sigbare sakrament sonder innerlike heiligmaking. En net so: dat die sakramente slegs in die uitverkorenes dit [399] wat hulle versinnebeeld, tot stand bring. Verder ook: "Sommige mense beklee hulle met Christus tot by die aanname van die sakrament; ander weer tot by hulle heiligmaking. Eersgenoemde doen goeie sowel as slegte mense; laasgenoemde doen slegs die goeie mense". Hulle was ongetwyfeld meer as kinds

in waan, en in sonlig was hulle blind, aangesien hulle so 'n duidelike en vir elkeen in die oog lopende saak nie raakgesien het nie, omdat hulle as gevolg van baie probleme onseker was.

Om egter te verhoed dat hulle moed skep uit die posisie waarin hulle die sakrament ook al geplaas het, beweer ek dat dit nie met reg as 'n sakrament beskou kan word nie. In die eerste plek omdat daar geen belofte van God – die unieke basis van 'n sakrament – hier bestaan nie. In die tweede plek omdat elke seremonie wat hier aangebied word, loutere menslike uitvindsel is, aangesien ons dit reeds so omskrywe het dat seremonies van sakramente deur niemand anders as net deur God ingestel kan word nie. Hulle uitvindsel van 'n sakrament van boetedoening is dus 'n leuen en bedrog.

Hierdie leuenagtige sakrament het hulle met 'n gepaste beskrywing versier, naamlik dat dit 'n tweede plank na die skipbreuk is, want as iemand die kleed van onskuld wat hy in die doop ontvang het, deur sy sonde bederf het, dan kan hy dit weer herstel. "Maar dit is 'n uitdrukking van Hieronymus." Wie s'n dit ook al is, dit kan nie verskoon word dat dit duidelik goddeloos is nie.

[400] Net asof die doop dan deur die sonde uitgewis word en die sondaar dit nie in herinnering moet roep so dikwels as wat hy oor die vergiffenis van sy sonde nadink nie, sodat hy hom daaruit kan regruk, weer moed kan skep en sy geloof kan versterk dat hy die vergiffenis van sy sondes wat in die doop aan hom belowe is, sal verkry. 'n Mens sou dus baie gepas praat as hy die doop die sakrament van die berou sou noem, aangesien dit as 'n vertroosting gegee is aan die mense wat oor hulle berou nadink.

## DIE LAASTE SALWING SOOS HULLE DIT NOEM

Die derde onegte sakrament is die laaste salwing, wat nie anders as net deur 'n priester verrig kan word nie. Dit word, soos hulle sê, in die laaste oomblikke met olie wat deur 'n biskop gewy is, aan die hand van die volgende formulier toegedien: "Mag God al jou sondes wat jy deur gesig, gehoor, reuk, tas of smaak begaan het, deur hierdie heilige salwing en sy liefdevolle barmhartigheid jou vergewe". Hulle verbeel hulle dat dit twee kragte het, naamlik die vergiffenis van sondes en die verligting van liggaamlike siekte as dit dienstig is, maar as dit nie dienstig is nie, dan genesing van die siel.

Hulle beweer verder dat dit 'n instelling van Jakobus was. Sy woorde is: "Is iemand onder julle siek? Laat hom dan die ouderlinge van die kerk inroep en laat hulle oor hom bid en hom in die Naam van die [401] Here met olie salf; en as hy sondig was, sal sy sondes hom vergewe word" (Jak. 5:14-15). Hierdie salwing is dieselfde as wat ons hierbo van die handoplegging aangedui het, naamlik dat dit dramatiese huigelary is waarmee hulle redeloos en vrugteloos die apostels weer wil terugbring.

Markus berig dat die apostels aan die begin van hulle sending ooreenkomstig die opdrag wat hulle van die Here gekry het, dooies opgewek, duiwels uitgedryf, melaatses gereinig en siekes gesond gemaak het en dat hulle vir die genesing van siekes olie gebruik het. Hy sê: "Hulle het baie siekes met olie gesalf en hulle is genees" (Markus 6:13). Jakobus het sy oë hierop gehad toe hy aanbeveel het dat die ouderlinge ontbied moet word om 'n sieke te salf. Die mense wat versigtig let op die vryheid waarmee die Here en sy apostels in sulke uitwendige dinge opgetree het, sal geredelik kan oordeel dat daar geen dieperliggende geheimenis aan sulke seremonies verbonde is nie. Toe die Here aan 'n blinde man sy gesig wou teruggee, het Hy 'n klei uit stof en spuug saamgestel (Joh. 9:6); ander het Hy deur aanraking gesond gemaak (Matt. 9:29), en ander met 'n woord (Luk. 18:42). So het die apostels sommige mense slegs met 'n woord (Hand. 3:6; 14:9-10), ander deur aanraking (Hand. 5:12, 16) en ander weer deur salwing gesond gemaak (Hand. 9:12). Maar dit is waarskynlik dat hierdie salwing soos trouens alle ander dinge nie onbesonne deur hulle misbruik is nie. Dit erken ek, maar tog nie so dat dit die instrument van hulle [402] genesing was nie maar slegs 'n simbool om vir die onkundigheid van ongeletterde mense 'n vermaning te wees van die bron waaruit so 'n groot krag kom, maar natuurlik nie om die lof daarvoor aan die apostels toe te skryf nie. Dit is 'n algemene en alledaagse opvatting dat die Heilige Gees en sy gawes deur olie aangedui word (Ps. 45:7). Voorts het die genadegawe van genesing soos ook al die ander wondertekens wat die Here 'n tyd lank wou laat sien het, tot niet gegaan, om die nuwe verkondiging van die evangelie tot in ewigheid

wonderbaarlik te maak.

Al sou ons dus in die grootste mate die toegewing maak dat die salwing 'n sakrament was van die kragte wat destyds deur die hande van die apostels bedien is, gaan dit ons nie nou meer aan nie, omdat die bediening van die kragte nie aan ons verleen is nie. En om watter belangriker rede maak hulle van die salwing 'n sakrament liewer as van enige van die simbole wat in die Skrif vir ons vermeld word? Waarom bestem hulle nie die een of ander bad van Siloam as 'n sakrament, sodat siekes hulle op bepaalde tye daarin kan dompel nie? (Joh. 9:7). "Dit sou tevergeefs gedoen word," sê hulle. Sekerlik nie tevergeefser as hulle salwing nie!

Waarom gaan lê hulle nie op die afgestorwenes nie, aangesien Paulus 'n dooie seun opgewek het deur op hom te lê? (Hand. 20:10). Waarom is modder van spuug en stof nie vir hulle 'n sakrament nie? Maar dit was afgesonderde voorbeelde; hierdie sakrament is deur [403] Jakobus voorgeskryf! Natuurlik het Jakobus gepraat volgens 'n tydsgewrig waarin die kerk nog so 'n seën van God geniet het.

Hulle verklaar jou werklikwaar dat dieselfde krag nou nog in die salwing aanwesig is, maar ons ervaring daarvan is anders. Laat niemand nou meer verbaas wees oor die wyse waarop hulle met soveel selfvertroue 'n bespotting gemaak het van siele waarvan hulle bewus was dat dit van die Woord van God, dit is van sy lewe en lig, ontneem was en stom en blind geword het, aangesien hulle geen skaamte het om die bedrog te wil versin dat die sintuie van 'n liggaam nog lewe en gevoel het nie! Hulle maak hulle dus belaglik wanneer hulle daarop roem dat hulle met die genadegawe van genesing toebedeel is.

In alle eeue staan die Here nog die wat aan Hom behoort, by, en so dikwels as wat dit nodig is, genees Hy hulle siektes nie minder as wat Hy dit eenmaal gedoen het nie. Maar sy onmiskenbare kragte openbaar Hy nie op so 'n wyse nie; sy wonders deel Hy nie deur die hande van sy apostels uit nie. Soos die apostels dus nie sonder rede met die simbool van die olie aangedui het dat die genadegawe van genesing wat aan hulle opgedra was, nie hulle eie krag was nie maar die krag van die Heilige Gees, so doen die mense wat stinkende en kragtelose olie tot sy krag verhef, die Heilige Gees 'n onreg aan. Dit is dieselfde asof iemand sou gesê het dat alle olie die krag van die Heilige Gees is, omdat dit in die Skrif so genoem [404] word, en dat elke duif die Heilige Gees is, omdat dit in so 'n vorm verskyn het (Matt. 3:16; Joh. 1:32). Maar laat hulle dit ondersoek!

Vir ons is dit vir die huidige meer as genoeg as ons baie gewis raaksien dat hulle salwing nie 'n sakrament is nie, aangesien dit nie 'n seremonie is wat deur God ingestel is of enige belofte het nie. Wanneer ons ten minste die twee kenmerke in 'n sakrament vereis, naamlik dat dit 'n seremonie moet wees wat deur God ingestel is en 'n belofte van God moet hê, dan vereis ons terselfdertyd dat die seremonie aan ons oorgedra en die belofte op ons gerig moet wees. Want niemand beweer dat die besnydenis nou nog 'n sakrament van die Christelike kerk is nie, hoewel dit 'n instelling van God was en dit ook 'n belofte gehad het wat daaraan geheg is. Dit is omdat dit nie aan ons opgedra is nie, en die belofte wat daaraan verbind was, ook nie aan ons gegee is nie. Ons het duidelik aangetoon dat die belofte waarvan hulle heftig verkondig dat dit in hulle salwing aanwesig is, nie aan ons gegee is nie, en hulle verklaar dit self na aanleiding van hulle ervaring daarvan. Die seremonie moes nie gebruik word nie, behalwe deur die mense wat met die genadegawe van genesing toegerus was, en nie deur die slagters wat meer krag het om te slag en dood te maak as om te genees nie.

Selfs al sou hulle nog hulle saak wen dat Jakobus se voorskrif ook in hierdie eeu van toepassing is – en hulle is baie ver daarvandaan –, het hulle tot [405] dusver tog nie baie vordering gemaak om hulle salwing waarmee hulle ons tot dusver net besmeer het, te bewys nie. Jakobus wil hê dat al die siekes gesalf moet word. Hulle besmeer nie die siekes nie maar halfdooie lyke met hulle vet wanneer hulle asem al reeds op die punte van hulle lippe swoeg, of, soos hulle self sê, wanneer hulle op hulle laaste is. As hulle in hulle sakrament 'n kragtige middel het om die bitterheid van siektes te lenig of ten minste vir die siel 'n mate van vertroosting te bied, is hulle wreed, omdat hulle nooit iemand betyds gesond maak nie.

Jakobus wil hê dat 'n sieke deur die oudstes van die kerk gesalf moet word (Jak. 5:14); hulle laat niemand anders as 'n priestertjie as salwer toe nie. Hulle interpretasie van "ouderlinge" in Jakobus is dat dit "priesters" is, en hulle praat onsin as hulle sê dat die meervoudsvorm bloot as versiering gebruik is; net asof die kerk in daardie tyd 'n oorvloed aan skares offerpriesters gehad het om in 'n lang prosessie op te ruk om 'n draagbaar vol heilige olie aan te dra. Terwyl Jakobus doodeenvoudig aanbeveel dat siekes gesalf moet word, dui dit vir my op geen ander salwing as 'n salwing met gewone olie nie. In Markus se vertelling kom daar ook nie iets anders voor nie (Markus 6:13). Maar hulle ag geen olie waardig as dit nie deur 'n biskop geheilig is nie; dit beteken dat dit met baie uitaseming verwarm is, met veel gemompel betower en met nege knie buigings begroet: drie maal: "Wees gegroet, heilige [406] olie"; dan drie maal: "Wees gegroet, heilige pand", en dan drie maal: "Wees gegroet, heilige balsem". Waaruit put hulle sulke beswerings? Jakobus sê dat wanneer 'n sieke met olie gesalf en daar oor hom gebid is as hy sondig was, dan sal sy sondes hom vergewe word; hy verstaan nie daaronder dat sy sondes deur die vettigheid uitgewis word nie maar dat die gebede van gelowiges waarmee 'n broeder in beproewing aan God opgedra is, nie tevergeefs sal wees nie.

Hulle lieg onbeskaamd dat sondes deur hulle heilige, dit is afstootlike, salwing vergewe word. Ag, hoe pragtig sal hulle nie daarby baat vind as dit hulle geoorloof was om Jakobus se getuienis vryelik en na willekeur te misbruik nie.

**DIE KERKLIKE ORDENING**

In hulle lys beklee die sakrament van die orde die vierde plek, maar dit is so vrugbaar dat dit sewe sakramentjies van sy eie voortbring! Dit is egter volkome belaglik dat hulle dertien sakramente vermeld, hoewel hulle wanneer hulle dit tel, nadruklik verklaar dat daar net sewe sakramente is! En hulle kan ook nie 'n saak daarvoor uitmaak dat dit maar net een sakrament is, omdat al die sakramente dan in een priesteramp saamtrek en dat dit maar net trappe daarheen is nie. Want aangesien dit duidelik is dat daar in elkeen verskillende seremonies is en hulle self ook van verskillende genades praat, sou niemand [407] daaroor twyfel dat daar van sewe sakramente gepraat moet word as hulle opvattings aanvaar word nie. En waarom voer ons 'n geskil daaroor asof dit iets onsekers is, aangesien hulle self duidelik en ondubbelsinnig verklaar dat daar wel sewe is? Hulle word ook die sewe ordes of geestelike range genoem, dit is deurwagte, voorlesers, besweerders, begeleiers, onderdiakens, diakens en priesters. Dit is inderdaad ook sewe sakramente op grond van die sewevoudige genade van die Heilige Gees waarmee die heiliges wat daarin bevorder word, toegerus moet wees. Die genade neem egter toe en word in hulle vordering ryker op hulle opgestapel.

Selfs die getal is as gevolg van hulle verdraaide uitleg daarvan geheilig, omdat hulle onder die indruk verkeer dat hulle in Jesaja van sewe kragte van die Heilige Gees gelees het, hoewel Jesaja inderwaarheid nie meer as net ses vermeld nie (Jes. 11:2) en die profeet nie die bedoeling gehad het om al die kragte van die Heilige Gees in die stelling in te sluit nie. Want elders is daar sprake van die Gees van die lewe (Eseg. 1:20), van heiligmaking (Rom. 1:4) en van die aanneming van kinders (Rom. 8:15); daar word die Heilige Gees omskrywe as die Gees van wysheid, verstand, raad, moed, kennis en die vrees van die Here.

En tog onderskei ander skerpsinniger lesers nie sewe ordes nie maar nege, na die ewebeeld van die triomferende kerk, soos hulle sê. Maar selfs tussen [408] hulle is daar konflik omdat sommiges die opvatting het dat die geestelike skeer van die hare die eerste orde is en die biskopamp die laaste. Ander sluit weer die afskeer van die hare uit en tel die amp van die aartsbiskop by die ordes. Isidorus maak 'n ander onderskeid, want hy maak onderskeid tussen psalmiste en voorlesers. Eersgenoemde stel hy oor die sang aan en laasgenoemde oor die voorlesing uit die Skrif om die gewone mense op te voed. Hierdie onderskeid word ook in hulle kanons erken.

Wat wil hulle hê moet ons in so 'n groot verskeidenheid opvattings volg of nalaat? Moet ons sê dat daar sewe ordes is? So leer die groot skoolmeester ons. Maar hulle mees verligte geleerdes bepaal

anders en hulle verskil ook van mekaar. Daarbenewens roep die allerheiligste kanons ons weer in 'n ander rigting. Só stem mense natuurlik met mekaar saam wanneer hulle sonder die Woord van God oor die dinge van God debatteer! Maar hoe belaglik maak hulle hulle nie selfs vir kinders wanneer hulle oor die oorsprong van hulle ordes redekawel nie!

Deur die lot word hulle geestelikes genoem of omdat hulle deur die Here deur die lot aangewys is of na aanleiding van die lot van die Here of omdat hulle God as deel het. Maar dit was heiligskennis om hierdie titel vir hulleself te gebruik, aangesien dit die besitting van die hele kerk was. Want dit is die erfenis van Christus wat deur die Vader aan die kerk gegee is. Want Petrus noem nie 'n klein handjievol kaalgeskeerdes die geestelikheid soos wat [409] hulle hulle goddeloos verbeel nie, maar die hele volk van God (1 Petr. 5:3). Onder hulle gaan dit soos volg: Geestelikes word op die kruin van hulle koppe kaalgeskeer, sodat hulle kroon hulle koninklike eer kan aandui, omdat geestelikes konings behoort te wees om hulleself en ander te regeer. Petrus spreek hulle soos volg toe: "Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, die volk van sy verwerwing" (1 Petr. 2:9).

Kyk, ek kla hulle weer van valsheid aan. Petrus spreek die hele kerk toe; hulle verdraai dit om op 'n klein handjievol betrekking te hê, net asof dit hulle alleen toegevoeg is: "Wees heilig!" (1 Petr. 1:15); net asof hulle alleen deur die bloed van Christus in besit geneem is (1 Petr. 1:18); net asof hulle alleen deur Christus tot 'n koninkryk en priesterdom vir God gemaak is (1 Petr. 2:5, 9)! Hulle skrywe voorts ook ander redes daaraan toe: Die top van die hoof word ontbloot om hulle verstand vry vir die Here te betoon, sodat dit "met 'n onversluierde gesig" die heerlikheid van God kan aanskou, of om hulle te leer dat hulle die oortredinge van hulle mond en oë moet afsny, of die betekenis van die skoonskeer van die kop is die aflegging van tydelike dinge, maar dat die omringende deel van die kroon die regte van die goeie dinge is wat vir hulle onderskraging behoue bly. Alles in stylfigure – natuurlik omdat die voorhangsel van die tempel nog nie geskeur is nie (Matt. 27:51). Hoewel hulle dus daarvan oortuig is dat hulle hulle pligte voortreflik nagekom [410] het omdat hulle deur hulle kroon sulke eienskappe uitgebeeld het, lewer hulle in werklikheid tog niks hiervan nie. Hoe lank sal hulle ons nog met sulke bedrog en streke bespot? Deur 'n paar haartjies af te sny dui die geestelikes aan dat hulle die oorvloed van hulle tydelike seëninge verwerp het; dat hulle die heerlikheid van God aanskou; dat hulle die begeertes van hulle ore en hulle oë afgesterwe het, en tog is daar geen groep mense wat gieriger, stompsinniger en wellustiger is as hulle nie. Waarom toon hulle nie eerder hulle heiligheid as om 'n skyn daarvan met valse en bedrieglike tekens voor te gee nie!

Wanneer hulle verder beweer dat hulle geestelike kroon sy oorsprong en rede van die Nasireërs gekry het, wat voer hulle dan anders aan as dat hulle geheime uit Joodse seremonies ontspring het, of eerder dat dit loutere Judaïsme is? Maar hulle lê growwe onkunde aan die dag wanneer hulle byvoeg dat Priscilla, Aquila en Paulus self 'n gelofte afgelê het en hulle koppe geskeer het om gereinig te word (Hand. 18:18). Want nêrens is dit van Priscilla te lese nie, en selfs oor Aquila bestaan daar onsekerheid, aangesien die afskeer net sowel na Paulus as na Aquila kan verwys.

Maar om nou nie iets vir hulle te laat waarop hulle mik nie, naamlik dat hulle hulle voorbeeld van Paulus kry, moet baie eenvoudige lesers daarop let dat Paulus nooit sy kop geskeer het om iets te heilig [411] nie maar slegs om die swakheid van sy broeders te dien. Ek noem sulke geloftes gewoonlik geloftes van liefde en nie van geloof nie. Dit beteken dat dit nie vir die een of ander aanbidding van daad afgelê is nie maar om die ongeleerdheid van die swakkes te verdra, soos hy self sê dat hy vir die Jode 'n Jood geword het (1 Kor. 9:20), ensovoorts. Maar dit het hy gedoen om homself tydelik by die Jode aan te pas. Maar wanneer hulle doelloos die reiniging van die Nasireërs wil naboots, bereik hulle daarmee niks anders as om 'n tweede Judaïsme te verwek nie (Num. 6:18)!

Met dieselfde godsdienstige eerbied is die brief van die pouslike dekreet opgestel wat geestelikes na die voorbeeld van die apostel verbied om hulle hare te laat groei maar om dit soos 'n bal te skeer, net asof die apostel hom oor die balvormige skeersel van geestelikes bekommer het terwyl hy al die mans geleer het wat vir hulle betaamlik is (1 Kor. 11:4).

Laat my lesers nou oorweeg wat die aard van die ander ordes is wat net so 'n begin gehad het. Dit gaan inderdaad alle dwaasheid te bowe dat hulle Christus in elke rang hulle kollega maak. In die eerste plek, sê hulle, het Hy die taak van 'n deurwag vervul toe Hy die kopers en verkopers met 'n sweep wat van toutjies gemaak is, uit die tempel uitgedryf het (Matt. 21:12). Hy het aangedui dat Hy 'n deurwag is, toe Hy gesê het: "Ek is die deur" (Joh. 10:7). Hy het die taak van 'n voorleser op Hom geneem toe Hy in die [412] sinagoge uit Jesaja voorgelees het (Luk. 4:17). Hy het die funksie van 'n besweerder vervul toe Hy die tong en ore van die doofstom man met sy spuug aangeraak en sy gehoor aan hom teruggegee het (Markus 7:32-33). Met die volgende Woorde het Hy getuig dat Hy 'n begeleier is: "Wie My volg, wandel nie in die duisternis nie" (Joh. 8:12). Hy het die plig van 'n onderdiaken vervul toe Hy Hom met 'n kleed omgord het en die voete van sy dissipels gewas het (Joh. 13:4-5).

Hy het die rol van 'n diaken gevul toe Hy sy bloed en sy liggaam in die nagmaal aan sy dissipels uitgedeel het (Matt. 26:26). Hy het die rol van 'n priester gevul toe Hy Homself aan die kruis as 'n offerande vir die Vader aangebied het (Matt. 27:50; Ef. 5:2). Hierdie bewerings van hulle kan nie aangehoor word sonder om so daaroor te lag dat ek wonder of dit sonder gelag geskrywe is – as dit dan tog mense was wat dit geskrywe het! Maar hulle sluheid is in besonder deursigtig waar hulle oor die benaming "akoliet" filosofeer en hom 'n "kersdraer" noem; die towerwoord is na my mening ongehoord onder alle volkere en tale, aangesien die Griekse woord akoluthos doodeenvoudig net 'n lyfbediende aandui.

En tog as ek sou vassteek om hulle redenasies in alle erns te weerlê, dan sou ek ook met reg bespot kon word – so ligsinnig en belaglik is dit. Maar om te verhoed dat hulle ook arme vrouens mislei, moet hulle ydelheid tog terloops aan die kaak gestel word. Hulle wys hulle voorlesers, psalmiste, deurwagte en [413] begeleiers met oordadige vertoon en plegtigheid aan om die dienste te lewer, en hulle wys daarvoor òf seuns òf mense wat hulle leke noem, aan. Want wie anders steek meesal hulle kerse aan; wie anders giet wyn of water uit hulle kruikies as net 'n seun of 'n armsalige leek wat daaruit wins maak? Is dit nie ook hulle wat sing nie? Is dit nie hulle wat die deure van hulle tempels sluit en oopmaak nie? Wie sien ooit in hulle tempels 'n begeleier of 'n deurwag wat hulle funksies verrig? Ja, 'n seun wat die taak van 'n begeleier verrig het, hou eerder op om te wees wat hy aan die begin genoem is, wanneer hy in die orde van die begeleiers opgeneem word. Die gevolg is dat dit lyk asof hulle opsetlik die funksie daarvan wil verwerp wanneer hulle die titel aanneem. Waarom sou hulle dit dan as noodsaaklik beskou om die range met sakramente te heilig en die Heilige Gees te ontvang net om niks uit te rig nie?

As hulle die dekmantel sou voorhou dat dit as gevolg van die boosheid van die tye is dat hulle hulle dienste nalaat en verwaarloos, sou hulle terselfdertyd erken dat hulle heilige ordes wat hulle wonderlik verhoog, geen waarde of vrug in die kerk het nie en dat hulle kerk vol vervloeking is, aangesien dit toelaat dat hulle kerse en kruikies deur seuns en onheiliges gehanteer word, en hulle is nie waardig om dit aan te raak nie behalwe as hulle as begeleiers geheilig is nie, en omdat hulle kerk die gesange, wat slegs van geheiligde lippe af gehoor behoort te word, aan seuns delegeer.

[414] Maar met watter doel heilig hulle hulle geestesbesweerders? Ek hoor dat die Jode hulle eie geestesbesweerders gehad het, maar ek sien dat hulle na aanleiding van die geestesbeswering wat hulle bedryf het, genoem word (Hand. 19:13). Wie het al ooit gehoor dat van die valse geestesbesweerders gesê word dat hulle een enkele voorbeeld van hulle beroep gelewer het? Die versinsel word geskep dat aan hulle die mag verleen is om hulle hande op duiwelsbesetenes, kategete en geestesbesetenes te lê, maar hulle kan die demone nie daarvan oortuig dat hulle met so 'n mag bedeel is nie – nie alleen omdat die demone nie voor hulle gesag swig nie maar omdat die geeste juis oor hulle gesag uitoefen. Want 'n mens sou met moeite een tiende van hulle kon vind wat nie deur 'n bose gees gedryf word nie. Watter brabbeltaal hulle ook al in verband met hulle nietige ordes voer, en of hulle nou ook al vyf of ses tel – dit is in elk geval uit dwase, onnosele leuens saamgeflans!

Daaronder sluit ek ook die amp van onderdiaken in, hoewel dit sedert die tyd waarin geringer range in 'n massa begin uitspruit het, na die belangriker ordes oorgeplaas is. Dit is in elke geval duidelik dat hulle nie as sakramente beskou moet word nie, aangesien die ordes op hulle eie erkenning nie aan die eerste kerk bekend was nie en dit eers baie jare later uitgedink is. Aangesien die sakramente 'n belofte van God insluit, kan dit nie deur engele of mense nie maar deur God alleen ingestel word, aangesien dit sy prerogatief alleen is om 'n belofte te gee.

[415] Vir die twee oorblywende range lyk dit asof hulle getuienis uit die Woord van God het, en daarom noem hulle hulle die heilige ordes om hulle in besonder te eer. Maar ons moet ondersoek instel hoe slinks hulle dit as 'n dekmantel vir hulleself misbruik.

Ons sal dus begin met die rang van ouderling of priester, want met die twee name dui hulle een en dieselfde saak aan. Hulle noem die mense so wie se plig dit is om, soos hulle beweer, die offerande van die liggaam en die bloed van Christus op die altaar te verrig, te bid en die gawes van God te seën. Gevolglik ontvang hulle by hulle inhuldiging 'n beker en 'n pan saam met die offerande as simbole van die mag wat aan hulle opgedra is om offerandes wat vir God behaaglik is, te bring; ook hulle hande word gesalf. Dit is 'n simbool waaronder hulle verstaan dat die mag om te heilig aan hulle gegee is. Hiervan het hulle niks uit die Woord van God nie, sodat hulle nie in staat is om die wat deur God ingestel is, met groter goddeloosheid omver te werp nie.

in die eerste plek behoort daar geen twyfel te bestaan in verband met dit wat ons in die voorgaande bespreking verklaar het nie, naamlik dat almal wat hulleself priesters noem om 'n soenoffer te bring, Christus 'n onreg aandoen. Christus is deur die Vader met 'n gelofte volgens die orde van Melgisedek sonder einde en sonder opvolger as priester ingestel en gewy (Ps. 110:4; Hebr. 5:6). Eens en vir altyd het Hy 'n offer van ewige reiniging en versoening gebring.

[416] En nadat Hy ook tot die heiligdom van die hemel toegetree het, tree Hy nou vir ons tussenbeide. In Hom is ons almal priesters (Open. 1:6; 1 Petr. 2:9), maar dan vir lofbetuiging en dankbetoon – kortom, om onsself en alles wat aan ons behoort, aan God aan te bied. Dit was net sy besondere taak om deur sy offer God te behaag en vir ons sondes versoening te doen. Wat anders bly dan oor as net dat hulle priesterskap goddelose heiligskennis is?

Maar aangesien hulle hulle nie skaam om hulle daarop te beroem dat hulle die opvolgers van die apostels is nie, is dit die moeite werd om te sien met watter geloof hulle hulle sake verrig. Hoewel hulle met mekaar moes saamstem as hulle die begeerte gehad het dat daar vertroue in hulle gestel moet word, veg die biskoppe, die leuenagtige monnike en priestertjies bitsig met mekaar oor hulle opvolging van die apostels. Die biskoppe hou vol dat twaalf mense met buitengewone prerogatief tot die apostolaat verkies is en dat hulle in húlle plek en rangorde is, in soverre as wat hulle in eer die ander ordes oortref. Hulle sê dat die ouderlinge in die plek van die sewentig is wat later deur die Here aangewys is. Maar dit is 'n te swakke redenasie en het geen uitgerekte weerlegging nodig nie. Hulle erken dit weliswaar na aanleiding van hulle argief: voordat daar 'n duiwelse skeiding in die kerk plaasgevind en die een gesê het: "Ek is van Céfas", en iemand anders: "Ek is van Apollos" (1 Kor. 1:12), was daar geen onderskeid tussen ouderlinge en biskoppe nie. Die mense vir wie [417] dit gelyk het asof hierdie onderskeid aan die heidene ontleen is, het 'n baie duister opvatting gehuldig, omdat die heidene hulle eie flamines, curiales, lupercales, salii, pontifices en ander ampte gehad het wat van mekaar in die graad van eerbetoon onderskei is. Slegs na aanleiding van hierdie gelykenis – en daarin verskil hulle hemelsbreed van die apostels – verkwansel die bedelende monnike hulleself naamlik as opvolgers, omdat hulle heen en weer draf en van ander mense se goedgunstigheid lewe. Want die apostels het nie ondeurdag soos die landlopers in enige rigting gefladder nie, maar hulle het uitgegaan na die plekke waarheen hulle deur die Here geroep is om die vrugte van die evangelie te vermeerder. Hulle het hulle ledige mae nie met ander se inspanning gevoed nie, maar in ooreenstemming met die vryheid wat hulle deur God veroorloof was, het hulle die vriendelikheid van die mense vir wie hulle in die Woord onderwys het, geniet. En daar was geen rede waarom die monnike hulle met vreemde vere moes bedek asof hulle 'n gebrek aan getuienis gehad het nie,

aangesien Paulus hulle duidelik genoeg met die volgende betiteling beskrywe. Hy sê: "Ons het gehoor dat sommige van julle onrustig rondloop en geen werk doen nie maar bemoeisiek optree" (2 Tess. 3:11). Elders sê hy: "Onder hulle is daar die wat huise binnedring en arme vrouens wat met sondes belaai is, gevange neem en altyd leer maar nooit tot die kennis van die waarheid kom nie" (2 Tim. 3:6-7). Nou sê ek: Aangesien hulle volgens sy gegronde uitspraak op hierdie beskrywings aanspraak kan maak, moet hulle [418] die taak van die apostels – en hulle is van hulle net so ver as van die hemel verwyder – vir ander laat.

Laat ons dus die priesterorde oor die algemeen ondersoek om te sien hoe mooi dit met die funksie van die apostels ooreenstem. Toe daar nog geen vaste vorm van die kerk ingestel was nie, het ons Here aan sy apostels opgedra om die evangelie aan elke skepsel te verkondig en die wat glo, tot 'n vergiffenis van hulle sondes te doop (Matt. 28:19-20). Maar vooraf het Hy die opdrag aan hulle gegee om die heilige simbole van sy liggaam en sy bloed volgens sy voorbeeld uit te deel (Luk. 22:19). Daar is geen melding van 'n offerande bring nie! Ja, hier is die heilige, onskendbare en ewige wet wat op die mense gelê is wat die apostels opvolg, waarvolgens hulle die opdrag ontvang om die evangelie te verkondig en die sakramente te bedien! Die mense wat hulle dus nie op die verkondiging van die evangelie en die bediening van die sakramente toelê nie, eien hulleself goddeloos die rol van die apostels toe; aan die ander kant beroem die wat offers bring, hulle valslik daarop dat hulle die diens met die apostels deel.

Maar tog is daar 'n mate van ooreenkoms tussen die apostels en die mense wat nou aan die hoof van die regering van die kerk moet wees. In die eerste plek is daar ooreenstemming in benaming, want hoewel albei na aanleiding van die betekenis en die afleiding van die woord apostels genoem kan word, omdat albei [419] deur die Here gestuur is (Rom. 10:14; Luk. 6:13), het die Here hulle twaalf in besonder uitgekies om die nuwe verkondiging van die evangelie aan die wêreld bekend te maak. Dit was sy wil dat hulle in besonder apostels genoem moes word, omdat dit van groot belang was dat daar sekere kennis in verband met hulle sending moes wees, aangesien hulle 'n nuwe gebeurtenis, waarvan nog nie gehoor is nie, berig het. Maar die mense word verder ouderlinge en biskoppe genoem.

In die tweede plek is daar ooreenstemming ten opsigte van hulle plig, want hoewel albei die bediening van Woord en sakramente gemeen het, is dit tog aan die twaalf opgedra om die evangelie in verskillende landstreke te versprei; sonder dat grense vir hulle bepaal is, word afsonderlike kerke aan hierdie ampte toegewys (Hand. 1:8). En tog kan nie ontken word dat dit iemand wat oor 'n ander kerk gestel is, vry staan om aan ander kerke hulp te verleen as daar nie een of ander ontstigting ontstaan het wat sy teenwoordigheid vereis, of as hy in sy afwesigheid hulle in hulle afwesigheid met sy geskrifte kan leer nie. Maar om die vrede in die kerk te bewaar is die volgende reëling noodsaaklik: dat aan elkeen die taak wat hy moet verrig, uiteengesit moet word, sodat almal nie terselfdertyd 'n rumoer maak of in onsekerheid oor hulle roeping rondskarrel of almal ondeurdag in een plek saamdrom en hulle kerke na willekeur in die steek laat nie.

[420] Toe hy aan Titus geskrywe het, het Paulus hierdie onderskeid gemaak: "Ter wille hiervan het ek jou in Kreta agtergelaat om die dinge wat daar ontbreek, reg te maak en ouderlinge in al die stede in te stel" (Titus 1:5). Dieselfde aanduiding word ook deur Lukas in Handelinge gegee wanneer hy Paulus met die oudstes van die kerk van Efese laat praat: "Let op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as biskoppe aangestel het om die kerk van God wat Hy deur sy bloed verwerf het, te regeer" (Hand. 20:28). So vertel Paulus ook dat Archippus die biskop van die Kolossense was (Kol. 4:17), en elders van die biskoppe van die Filippense (Fil. 1:1).

Wanneer dit terdeë in aanmerking geneem is, is dit maklik om 'n definisie te gee van wat die funksie van ouderlinge is, wie in die amp van ouderlinge aangestel moet word of eerder wat die orde in sy geheel is. Die funksie daarvan is om die evangelie te verkondig en die sakramente te bedien. Ek laat nou agterweë hoe hulle in suiwerheid van karakter moet uitmunt en hoe die ouderlinge persoonlik teenoor individue moet optree. Want dit is nie die taak van ons huidige onderwysing om al die

gawes van 'n goeie herder te verduidelik nie, maar slegs om 'n aanduiding te gee van die diens wat die mense wat hulleself ouderlinge noem, moet lewer. 'n Biskop is iemand wat vir die bediening van Woord en sakrament geroep is en sy plig in goeie trou moet nakom. Ek noem biskoppe en ouderlinge sonder onderskeid bedienaars van die kerk. Hulle amp is juis hulle roeping.

[421] Dit is nou die plek om te leer wat die betekenis van "roeping" is. Roeping beweeg op twee vlakke, naamlik dat ons enersyds moet begryp wie die mense is deur wie biskoppe en ouderlinge ingestel moet word, en andersyds op watter wyse en volgens watter seremonie hulle ingehuldig moet word. Geen bewys van 'n wettige instelling kan uit die instelling van die apostels afgelei word nie, aangesien hulle nie op die beroep van mense gewag het nie maar slegs met die opdrag van die Here uitgerus is en hulle vir hulle taak omgord het. Ook is dit nie duidelik genoeg watter orde die apostels beklee het nie, behalwe vir dit wat Paulus ons in die aanhaling leer wat ons so pas aangehaal het, naamlik dat hy Titus in Kreta gelaat het om in al die stede biskoppe in te stel (Titus 1:5); elders vernaam hy Timoteus om nie sy hande sonder rede op iemand te lê nie (1 Tim. 5:22). Ook Lukas verwys daarna dat ouderlinge deur Paulus en Barnabas in elke kerk in Listre, Ikonië en Antiogië ingestel is (Hand. 14:22-23). Die priesters met hulle musse verheerlik graag hierdie verwysings, soos almal gewoonlik doen wat koring vir hulle meule soek. Want daaruit het hulle afgelei dat die mag om ouderlinge te orden en in te huldig, soos hulle sê, aan hulle alleen gegee is; en met die oog daarop om hulle inhuldiging met die een of ander skitterende dekmantel vir die ongeletterdes eerbiedwaardig en heilig voor te stel, omhul hulle dit met baie seremonies. Maar hulle misgis hulle as hulle reken dat inhuldiging en verordinering iets anders as die aanstelling van 'n biskop en herder vir 'n kerk is – as [422] hulle hulle tog maar net volgens die voorskrif van Paulus inhuldig en verordineer. Maar as hulle anders doen, dan verdraai hulle hierdie aanhalings uit Paulus op die kwaadwilligste wyse na hulle eie smaak.

En hulle doen dit ongetwyfeld heeltemal anders. Want hulle verordineer iemand nie in die biskopamp nie maar in die priesteramp. "So bestem ons hulle vir die diens van die kerk", sê hulle. Maar dink hulle dan dat die diens van die kerk iets anders as die bediening van die Woord is?

Ek weet dat die volgende deuntjie onmiddellik deur hulle gesing sal word, naamlik dat hulle priestertjies dienaars van die kerk is, maar geen mens met gesonde verstand glo hulle nie; inteendeel, die waarheid van die Skrif wat niemand anders as dienaar van die kerk erken nie as net 'n verkondiger van die Woord van God wat geroepe is om die kerk te regeer en wat dit nou 'n biskop en dan weer 'n ouderling en soms selfs 'n herder noem, stel hulle aan die kaak,

Maar as hulle nou die beswaar opper dat dit volgens hulle kanons verbode is om iemand sonder 'n titel daarin toe te laat, dan is ook dit nie aan my onbekend nie. Maar ek aanvaar nie die titels wat hulle aan ons voorhou nie. Is die grootste deel van hulle titels nie eerwaardes, predikante, kerkregsgeleerdes en domhere, kapelaanskappe, klooster- en selfs monnikampte wat gedeeltelik uit katedraalkerke, gedeeltelik uit kollegiaalkerke, gedeeltelik uit verlate [423] heiligdomme en gedeeltelik uit kloosters geneem word nie? Dit is alles volgens my interpretasie daarvan hoerhuise van die Satan, en met selfvertroue verklaar ek dit as sodanig. Want wat doen hulle anders in die verrigting van die funksie waarin hulle georden is, as om Christus te offer en te slag? Kortom, hulle orden niemand anders as om te offer nie, en dit beteken om dit nie vir God nie maar vir die duiwel te heilig.

Die enige en waaragtige verordinering is om iemand wat na lewe en leer beproef is, te roep om die kerk te regeer en om hom tot die bediening te bevorder. Dit betaam ons om die aanhalings uit Paulus so te begryp: watter seremonie en wyse van roeping dit ook al insluit, sluit dit tesame met die roeping self in. Maar oor die seremonie sal ons te geleëner tyd praat,

Laat ons dit wat ter hand is, in behandeling neem – naamlik deur wie moet bedienaars van die kerk verorden, dit is, geroep word? Hoe dan? Het Paulus aan Timoteus en Titus die reg gegee om geldelike bydraes in te samel soos dit nou deur hulle met tulbande getooide kroonprinse beoefen word? Glad nie! Maar toe hy aan elkeen die opdrag gegee het om kerke in die provinsies waarin

hulle gelaat is, in te stel en in orde te bring, het hy die een aangespoor om nie toe te laat dat die kerke verlate sou wees nie, en die ander het hy vermaan om niemand toe te laat tensy hy beproef is nie. Of het Paulus en Barnabas [424] besittings vir die kerk versamel soos sommige aartsbiskoppe nou doen? Volstrek nie! Voorts meen ek nie dat hulle almal na hulle eie oordeel mense wat deur hulle goed bevind is, op die kerk afgedwing het sonder die medewete en raadpleging daarvan nie; maar nadat hulle met die kerke gemeenskaplik beraadslag het, het hulle die broeders van wie hulle seker was dat hulle baie suiwer van leer en baie rein van lewe was, tot die saak geroep.

As die mense in wie se hande die oordeel oor sulke aangeleenthede was, die begeerte gehad het dat die kerke ongedeerd moes bly, was dit nodig dat die kerk wat aan die verkiesing van 'n bedienaar oorweging moes gee, voordat dit tot die verkiesingsvergadering oorgaan, uit die omstreke een of twee biskoppe wat bo al die ander in die reinheid van hulle lewe en die egtheid van hulle leer uitgemunt het, oproep om met hulle te onderhandel oor wie die geskikste persoon is om aan te wys. Maar geen bepaalde reël kan vasgestel word of 'n biskop eerder deur 'n vergadering van die hele kerk of op die stemme van 'n paar aan wie die beheer hieroor opgedra is, of op die beslissing van 'n amptenaar aangewys moet word nie. Maar 'n besluit hieroor moet na aanleiding van die aard van die tye en die gebruike van volkere geneem word. Cyprianus het sterk daarop aangedring dat niemand regmatig verkies word tensy dit met al die stemme van die hele volk gebeur nie. Die geskiedenis verseker ons daarvan dat die eerbiediging hiervan in daardie eeu in baie dele gegeld het.

[425] Maar omdat dit feitlik nooit gebeur dat soveel hoofde eenstemmig 'n saak besleg nie, en dit oor die algemeen waar is dat 'n onsekere massa in teenoorgestelde voorkeure verskeur word, lyk dit vir my beter dat 'n amptenaar of die senaat of 'n paar oues die verkiesingstaak moet verrig, hoewel hulle altyd, soos ek gesê het, enkele biskoppe moet byroep van wie se geloof en opregtheid hulle seker is. Maar in ooreenstemming met omstandighede en die tydsgewrig kan leiers of vry stede wie se geloof hulle ter harte gaan, beter hiervoor sorg. Die gehoringde kerkvorste het in elk geval die regte verordinering met hulle eiegeregtigheid van geldinsameling, van voorstellings en verteenwoordiging, van beskermhere en ander soortgelyke tirannieke oorheersers geheel en al bederwe.

"Maar", sê hulle, "die bedorwenheid van die tye het dit vereis dat die oordeel oor die saak aan 'n paar van die aansienlikste biskoppe toegewys word, omdat nyd en naywer onder die gewone mense en die amptenary in die aanwysing van biskoppe meer krag gedra het as opregte gesonde oordeel". Net asof dit 'n geneesmiddel vir 'n uiterste euwel sou wees in omstandighede wat reeds verfoeilik is! Maar toe dit geblyk het dat die geneesmiddel nog skadeliker as die kwaal was, waarom snel hulle hierdie nuwe euwel nie ook te hulp nie? Maar hulle kanons bepaal met die grootste noukeurigheid dat biskoppe hulle bevoegdhede nie tot verderf van die kerk mag misbruik nie! As ons die waarheid erken, is hulle kanons tog eerder vuurfakkels wat aangesteek is om die hele wêreld uit te wis, [426] as wat dit voorsorgmaatreëls is om die selfbeheersing van 'n goeie leer te behou. Dit laat ek egter agterweë.

Waarom werp hulle tog hulle kanons teen my as hulle vir hulle eie skeppers so dikwels as wat hulle wil, blote bespottings is. Of twyfel ons inderdaad dat die volk ook eens besef het dat hulle deur die allerheiligste wette gebind word, aangesien hy bemerk dat 'n maatstaf vir die Woord van God aan hom voorgelê word wanneer hulle vergader het om 'n biskop te verkies? Die een enkele uitspraak van God moes inderdaad vir die volk van meer waarde gewees het as die eindelose duisendtalle van hulle kanontjies! Maar, nietemin, die volk was deur die slegste begeerte bedorwe en het geen oorweging vir wet of billikheid gehad nie. Al sou die heel beste wette vandag net so opgeteken word, bly hulle nogtans in geskrifte begrawe. Intussen is dit vir die openbare sedes aanvaarbare optrede dat feitlik uitsluitlik barbiers, kokke, eseldrywers, basters en soortgelyke uitvaagsels as herders van kerke aangewys word – nee, ek sê nog nie genoeg nie – sodat die biskopamp die loon vir koppelary en owerspel kan wees. Want wanneer dit aan jagters en voëlvangers gegee word, dan moet ons reken dat sake voortreflik verloop het! So 'n groot onwaardigheid word skaamteloos deur hulle kanons verdedig. Die volk, sê ek, het eenmaal die beste kanon gehad toe die Woord van God aan

hom voorgeskryf het dat 'n biskop 'n onberispelike leraar, nie strydlustig of gierig moes wees nie (1 Tim. 3:1-7; Titus 1:7-9).

[427] Waarom is die verantwoordelikheid om 'n bedienaar te kies dan van die volk na daardie voorbokke toe oorgedra? Omdat te midde van die oproer en kliekvorming van die volk nie meer aan die Woord van God gehoor gegee is nie! En waarom moet dit nie vandag weer van die biskoppe, wat nie alleen alle wette skend nie maar alle beskeidenheid van hulle afgewerp het en losbandig, inhalig, eersugtig die belange van die mens met die van God meng en verwar, na die volk toe teruggeplaas word nie?

Of is dit draaglik selfs net om te hoor dat die mense herders van 'n kerk genoem word wat nog nooit iemand van hulle kudde gesien het nie, wat met geweld op die kerk soos op vyandelike buit beslag gelê het; wat dit met regsprosesse gewen het; wat dit teen 'n prys aangekoop en dit as seuntjies wat nog skaars kan stamel, as erflating van ooms of bloedverwante gekry het? Of het die bandeloosheid van 'n volk al ooit so ver gevorder al sou hy bedorwe en wetteloos wees? Mense wat die voorkoms van ons kerk soos dit in ons leeftyd gesien kan word, met droë oë kan aanskou, is wreed en goddeloos, aangesien hulle dit verwaarloos en alle onmenslikheid oortref hoewel hulle dit kan genees.

Laat ons nou die tweede aspek in die roeping van ouderlinge ondersoek, naamlik met watter soort seremonie hulle ingehuldig moet word. Toe ons Here die apostels uitgestuur het om die evangelie te verkondig, het Hy op hulle geblaas (Joh. 20:22). Met [428] hierdie teken het Hy die krag van die Heilige Gees, wat Hy aan hulle gegee het, uitgebeeld. Nou het die goeie manne die blaas van die asem behou en net asof hulle die Heilige Gees uit hulle kele uitdryf, prewel hulle oor die mense wat hulle priestertjies maak: "Ontvang die Heilige Gees" (Joh. 20:22). So laat hulle niks verbygaan sonder om – ek sou nie sê soos toneelspelers wat tog 'n bepaalde maat en perk aan hulle gebare stel nie, maar eerder soos ape losbandig en sonder enige onderskeiding alles naboots – vermetel versinsels te skep nie.

"Ons volg maar net die voorbeeld van die Here," sê hulle. Maar die Here het baie dinge gedoen wat Hy nie vir ons as voorbeeld wou laat dien nie. Die Here het vir sy dissipels gesê: "Ontvang die Heilige Gees". Ook vir Lasarus het Hy gesê: "Lasarus, kom uit!" (Joh. 11:43). Vir die verlamde man het Hy gesê: "Staan op en loop!" (Matt. 9:5; Joh. 5:8). Waarom sê hulle dit nie vir al die gestorwenes en verlamdes nie? Hy het 'n voorbeeld van sy goddelike krag getoon toe Hy sy apostels met die genadegawe van die Heilige Gees gevul het deur op hulle te blaas. As hulle poog om dit te bereik, wedywer hulle met God en hulle daag Hom nie alleen tot 'n kragmeting uit nie, maar hulle is uiters ver daarvan om dit te bereik, en met die dwase gebaar bereik hulle niks anders as om Christus te bespot nie. Hulle is immers so skaamteloos dat hulle waag om te verklaar dat die Heilige Gees deur hulle toegeken word, maar die ervaring wat uitskreeu dat almal wat as priesters ingehuldig word, van perde in esels, van dwase in [429] kranksinniges verander, leer ons hoe waar dit is.

En tog wil ek nie nou met hulle oorlog maak nie; ek verdoem slegs hulle seremonie wat nie as 'n voorbeeld geneem moet word nie, aangesien Christus dit immers as 'n besondere wonderteken aangewend het. Verre sy dit daarvandaan dat hulle hulle met die verskoning dat hulle Hom naboots, mag verdedig!

Van wie het hulle nou eintlik die salwing ontvang? Hulle antwoord dat hulle dit van die seuns van Aäron, uit wie hulle orde begin het, ontvang het. Hulle verkies dus om hulle voortdurend met slegte voorbeelde te verdedig, eerder as om te erken dat dit waarvan hulle onbesonne gebruik maak, deur hulleself uitgedink is. Maar wanneer hulle verklaar dat hulle Aäron se seuns opgevolg het, merk hulle intussen nie op dat hulle Christus se priesterskap skade aandoen nie, omdat slegs sy priesterskap 'n afskaduwing en afbeelding van al die priesterskappe van ouds was. In Hom is al die priesterskappe dus afgesluit en volbring; in Hom het dit tot 'n einde gekom, soos nou alreeds herhaaldelik deur ons aangedui is en soos die brief aan die Hebreërs sonder die bystand van kantaantekeninge getuig.

Maar as hulle dan so deur die Mosaïese seremonies bekoor word, waarom neem hulle dan nie beeste, kalwers en lammers as offerandes nie? Hulle het inderdaad nog 'n groot deel van die tabernakel van ouds en van die hele Joodse aanbiddingswyse. Maar die feit dat [430] hulle nie beeste en kalwers offer nie, is tog 'n gebrek in hulle godsdiens. Wie sou nie kon sien dat hierdie eerbiediging van die salwing nie baie verderfliker as die besnydenis is nie – veral wanneer bygeloof en die opvatting van die Fariseërs in verband met die waarde van die werke daarby kom? Die Jode het hulle vertroue of regverdiging in die besnydenis gestel; hulle stel die geestelike genadegawes in salwing. Dit beteken dat die olie, wat 'n onuitwisbare merk afdruk, heilig is as dit God behaag. Net asof olie nie deur stof of sout afgevee kan word of, as dit kleweriger vasklou, met seep nie. "Maar die merk is geestelik." Wat het olie met die siel te doen? Of het hulle vergeet dat hulle na aanleiding van Augustinus kraai: "As die Woord van die water weggeneem word, bly daar niks anders as net die water oor nie; dit is deur die Woord dat dit 'n sakrament is"? Watter woord kan hulle in hulle wet aandui? Die bevel aan Moses om die seuns van Aäron te salf? (Ex. 30:30; 28:41; 29:7). Maar daar word hy ook beveel in verband met die kleed, die gordel, die mus en die kroon van heiligheid waarmee Aäron versier moes word; en in verband met die klere, die gordels, die musse waarmee sy seuns geklee moes word (Lev. 8:13). Hy word ook in verband met die offerande van 'n kalf gebied; en in verband met die verbranding van die vet (Lev. 8:14-16); in verband met die slag en verbranding van ramme (Lev. 8:18-21); in verband met die heiliging van hulle klein oortjies en velle met die bloed van 'n ander ram (Lev. 8:22-24) en ontelbare ander pligplegings; en ek [431] verbaas my daaroor dat hulle dit agterweë laat en slegs in die olie behae vind.

Maar as hulle hulle dan daarin verheug om besprinkel te word, waarom kan hulle dan nie met bloed eerder as olie besprinkel word nie? Natuurlik probeer hulle iets vindingryks, naamlik om uit die Christendom, uit Jodendom en heidendom een godsdiens saam te flans deur 'n klompie laslappies aanmekaar te werk. Hulle salwing stink dus omdat dit sonder sout, dit is sonder die Woord van God is.

Nou bly daar nog die oplegging van hande oor. Dit is duidelik dat die apostels dit geëerbiedig het elke keer wanneer hulle iemand in die bediening van die kerk aangestel het. So noem Paulus die handoplegging van die ouderlingamp juis die verordinering waarvolgens Timoteüs in die episkopaat opgeneem is (1 Tim. 4:14). En tog is ek bewus daarvan dat die ouderlingamp in die aanhaling deur sommige mense as die vergadering van die oudstes opgeneem word. Maar na my oordeel kan dit eenvoudiger van die bedieningsamp verstaan word.

Ek meen dat die seremonie van 'n Hebreeuse gewoonte afgelei is. Wanneer hulle iets wou seën en heilig, het hulle dit met handoplegging gedoen, net asof hulle dit vir God aanbied. Jakob het byvoorbeeld sy hande op die koppe van Efraim en Manasse gelê om hulle te seën (Gen. 48:14). Na my mening het die Jode volgens die betekenis na aanleiding van die [432] voorskrif van die wet hulle hande op hulle offers gelê (Num. 8:12; 27:23; Lev. 1:4; 3:2 en elders). Daarom het die apostels deur die handoplegging aangedui dat hulle iemand op wie hulle hulle hande gelê het, vir God aanbied. Waarom dan so? Het hulle die skaduwee van die wet nagejaag? Sekerlik nie! Maar wanneer hulle hierdie simbool gebruik het, het hulle dit sonder enige bygeloof gebruik. Want hulle het hulle hande op die mense gelê vir wie hulle die Heilige Gees van die Here afgebid het; en hulle het die Heilige Gees met hierdie simbool toegedien om te leer dat die Heilige Gees nie van hulle uitgaan nie maar dat Hy uit die hemel neerdaal.

Samevattend was dit die simbool waarvolgens hulle iemand oor wie hulle die genade van die Heilige Gees wou afbid, aan die Here opgedra het. Dit het die Here behaag dat sy genade daarop deur hulle bediening versprei word. Maar wat dit ook al was – moet dit hoegenaamd as 'n sakrament beskou word? Die apostels het met geboë knieë gebid (Hand. 7:60; 9:40; 20:36; 21:5; 26:14). Buig ons dan nie ons knieë sonder om daarvan 'n sakrament te maak nie? Dit word vertel dat die dissipels na die ooste gebid het; sou dit dan vir ons 'n sakrament wees om na die ooste te kyk? Paulus wil hê dat manne onder alle omstandighede rein hande moet ophef (1 Tim. 2:8), en hy vertel dat die heiliges baie dikwels met opgehewe hande gebid het (Ps. 63:4 [Ps. 63:5]; 88:9 [88:10]; 141:2; 143:6). Maar

dan moet ook die opheffing van die hande 'n sakrament word! Kortom, al die gebare van die [433] heiliges moet dan in sakramente oorgaan!

Ek laat die geskil dus agterweë en ek sal in enkele woorde verduidelik watter gebruik ons nou van die seremonie moet maak. As ons dit met die doel gebruik om die genadegawes van die Gees soos aan die apostels op te dra, sal ons belaglik handel. Want hierdie taak is nie deur die Here aan ons toevertrou nie, en ook is dit nie as 'n simbool ingestel nie. Maar die pous en sy trawante hamer op die aambeeld dat hulle glo dat hulle met sulke tekens die Heilige Gees toeken, net soos ons 'n breedvoeriger uiteensetting gegee het toe ons hulle bevestiging bespreek het.

Maar as hulle iemand wat in die biskopamp opgeneem word, midde-in die vergadering van die kerk laat staan, hom oor sy plig vermaan en oor hom bid en as die hande van die oudstes op hom gelê word sonder enige godsdienstige gebruik anders as net dat hy self moet voel dat hy homself vir God aanbied en dat die gemeente opgewek moet word om hom in al hulle gebede aan God op te dra, sou niemand met gesonde verstand teen so 'n handoplegging beswaar maak nie.

Die oorsprong, instelling en funksie van die diakenamp word deur Lukas in Handelinge beskrywe (Hand. 6:3). Want toe daar 'n murmerering onder die Grieke ontstaan het omdat hulle weduwees in die versorging van die armes oor die hoof gesien is, het die apostels die verskoning aangebied dat hulle nie albei die take van woordbediening en tafelbediening kon uitvoer [434] nie. Hulle het die vergadering gevolglik versoek om vir hulleself sewe opregte manne uit te kies om hulle vir die taak aan te stel (Hand. 6:1 e.v.).

Dit was die taak van die diakens: om sorg te dra vir die armes en hulle te bedien. Daarvandaan kry hulle ook hulle naam. Want hulle word so genoem asof hulle dienaars is. Voorts het Lukas ook hulle instelling daaraan toegevoeg. Hy sê: "Hulle het die wat hulle verkies het, voor die apostels ingestel, gebid en hulle hande op hulle gelê" (Hand. 6:6). Het die kerk tog maar vandag nog sulke diakens gehad en hulle volgens so 'n seremonie ingestel, naamlik met die oplegging van hande waarvan ons gepraat het, omdat dit vir hulle genoeg gelyk het. Ook Paulus vermeld die diakens, en hy wil hê dat hulle ingetoë moet wees, nie uit twee monde moet praat nie, nie aan wyn verslaaf moet wees nie, geen vuilgewinsoekers nie, deeglik gevestig in die geloof dat hulle manne van een vrou moet wees wat hulle huise en hulle kinders goed regeer (1 Tim. 3:12).

Maar watter gelykenis het die mense wat deur hulle as diakens vir ons versin word? Nou praat ek nie van die mense self nie, sodat hulle nie miskien kla dat hulle leer aan die hand van die mense se gebreke onbillik beoordeel word nie, maar ek verklaar dat dit onwaardig is dat getuienis geput word uit die voorbeeld van die mense wat die apostoliese kerk as diakens ingestel het, juis vir die mense wat hulle volgens hulle leer nou aan ons oorlewer. Hulle beweer [435] dat dit hulle diakens se plig is om hulle priesters by te staan en in alles te dien wat in die sakramente verrig word, byvoorbeeld in die doop, in die salwing, in die bord en die beker, om die offers in te bring en op die altaar te plaas, om die tafel van die Here in orde te bring en te dek, die kruis te dra, die evangelie en die pouslike brief aan die volk voor te lees. Maar is hierin een enkele woord oor die ware diens van diakens?

Laat ons nou na hulle instelling luister. Wanneer iemand in die diakenamp ingestel word, lê slegs die biskop sy hand op hom. Hy plaas 'n stuk lap, dit is, 'n lang kleed oor sy linkerskouer, sodat hy kan begryp dat hy die ligte juk van die Here ontvang het sodat hy alles wat op sy linkersy betrekking het, aan die vrees van God kan onderwerp. Daarop gee hy aan hom die teks van die evangelie, sodat hy kan begryp dat hy 'n verkondiger daarvan is. Wat het dit met diakens te doen? Hulle maak asof iemand gesê het dat hy mense as apostels ingestel het wat hy aangestel het om wierook te brand, beelde blink te vryf, tempels uit te vee, muise te vang en honde te verwilder. Wie sou dit kon verdra dat sulke mense apostels genoem word en dat hulle met die apostels van Christus vergelyk word? Laat hulle ons dus nie langer meer bedrieg dat die mense apostels is wat hulle om geen ander rede as vir hulle toneelspele ingestel het nie. Hulle noem hulle selfs Leviete en voer hulle oorsprong en ontstaan na die seuns van Levi terug. Sover dit my aangaan, kan hulle dit maar doen, so [436] lank as wat hulle erken – en dit is die waarheid – dat hulle Christus loën en dat hulle 'n terugwaartse stap na

die Levitiese seremonies en die skadu's van die Mosaïese wet maak.

Laat ons nou eens en vir altyd vasstel wat ons gevoel in verband met hulle sakrament van ordening moet wees. Om nou nie weer te lank die aspekte wat hierbo uiteengesit is, te herhaal nie: vir ingetoë en ontvanklike mense sal dit genoeg wees – vir sulke mense wie se onderwysing ek op my geneem het – om te sê dat daar geen sakrament bestaan nie behalwe waar aangedui kan word dat die seremonie met 'n belofte verbind is of, veel liewer nog, behalwe waar die belofte in die seremonie gesien kan word. Hier kan nie eers 'n lettergreep van een enkele belofte waargeneem word nie. Tevergeefs sou 'n mens dus na 'n seremonie ter bevestiging van die belofte soek. Aan die ander kant lees ons ook van geen seremonie wat ten opsigte hiervan deur God ingestel is nie. Dit kan gevolglik geen sakrament wees nie.

**DIE HUWELIK**

Hulle laaste sakrament is die huwelik. Hoewel almal erken dat dit deur God ingestel is (Gen. 2:21-24; Matt. 19:4), het niemand tot in die tyd van Gregorius bemerk dat dit as 'n sakrament aan hulle gegee is nie; en by watter sober mense sou dit ooit in die gedagte opgekom het? Die huwelik is 'n goeie en heilige [437] verordening van God; maar ook landbou, boukuns, skoenmakery en haarkappery is wettige verordineringe van God. En tog is hulle nie sakramente nie. Want in 'n sakrament moet daar nie soseer daarna gesoek word dat dit 'n werk van God moet wees nie, maar dat dit 'n uitwendige seremonie moet wees wat deur God ingestel is om 'n belofte te bevestig. Selfs kinders sal kan oordeel dat daar niks hiervan in die huwelik aanwesig is nie.

"Maar", sê hulle, "dit is die teken van 'n heilige ding, dit is, van die geestelike verbondenheid van Christus met die kerk. As hulle onder die woord "teken" 'n simbool verstaan wat deur God hierin aan ons voorgehou is om ons van ons geloof te verseker, dwaal hulle ver van die doel daarvan af weg. As hulle dit doodeenvoudig as 'n teken opneem wat ter vergelyking aangehaal is, dan sal ek aantoon hoe skerpsinnig hulle redeneer. Paulus sê: "Soos een ster van 'n ander verskil in helderheid, so sal die opstanding van die dooies wees" (1 Kor. 15:41). Kyk, dit is nou een sakrament! Christus sê: "Die koninkryk van die hemele is soos 'n korreltjie mosterdsaad" (Matt. 13:31). Daar is nou 'n tweede! Dan weer: "Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg" (Matt. 13:33). Dit is 'n derde sakrament! Jesaja sê: "Kyk, die Here laat sy kudde wei soos 'n herder" (Jes. 40:10). Dit is 'n vierde! Elders sê hy: "Die Here sal soos 'n reus uittrek" (Jes. 42:13). Dit is 'n vyfde sakrament!

[438] Watter perk of maat is daar hieraan? Hiervolgens sal alles sakramente wees. Soveel gelykenisse en vergelykings as wat daar in die Skrif is, soveel sakramente sal daar wees. Ja, selfs diefstal sal 'n sakrament wees, aangesien daar geskrywe is: "Die dag van die Here is soos 'n dief" (1 Tess. 5:2). Wie kan die wyse manne verdra wanneer hulle so dwaas klets?

Ek erken dat dit baie goed is om te onthou wat Christus gesê het elke keer wanneer ons 'n wynstok sien: "Ek is die wynstok en julle die lote (Joh. 15:5). My vader is die landbouer" (Joh. 15:1). Wanneer ons 'n herder met sy kudde teenkom, dan is dit baie goed dat ook dit by ons opkom: "Ek is die goeie herder (Joh. 10:14); my skape luister na my stem" (Joh. 10:27). As iemand sulke vergelykings onder sakramente tel, moet hy inderdaad na 'n gestig vir kranksinniges gestuur word.

Tog dring hulle Paulus se Woorde aan ons op. Hulle beweer dat volgens hierdie Woorde die woord sakrament op die huwelik van toepassing is. "Iemand wat sy eggenote liefhet, het homself lief. Want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit soos Christus ook die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy gebeente. Daarom sal die mens sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees wees. Dit is 'n groot sakrament. Maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5:28-31).

[439] Maar om so met die Skrifte te handel is om die aarde met die hemel te verwar. Met die oog daarop om vir eggenote aan te dui met watter buitengewone liefde hulle hulle vrouens moet omhels, hou hy Christus as 'n voorbeeld aan hulle voor. Want net soos Hy die vlees en bloed van sy liefde oor die kerk wat Hy aan Homself toegesê het, uitgestort het, so wil Hy hê moet die gevoel van

elke man teenoor sy vrou wees. Daarop vervolg hy: "Elkeen wat sy vrou liefhet, het homself lief net soos Christus sy kerk liefgehad het" (Ef. 5:28). Om voorts aan te dui hoe Christus sy kerk soos Homself liefgehad het, of, liewer, hoe Hy Hom met sy bruid, die kerk, verenig het, maak hy die woorde waarvan Moses vertel dat Adam dit in verband met homself gesê het, op Hom van toepassing. Want toe Eva – en hy was bewus daarvan dat sy uit sy rib geformeer is – voor sy oë gebring is, het hy gesê: "Dit is been van my gebeente en vlees van my vlees" (Gen. 2:23). Paulus getuig dat dit geestelik in Christus en in ons vervul is wanneer hy sê dat ons lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy gebeente is, en daarom ook een vlees met Hom. Ten slotte voeg hy die uitroep daaraan toe: "Dit is 'n groot geheimenis". Om te verhoed dat enigiemand deur die dubbelsinnigheid mislei word, verduidelik hy dat hy nie van die vleeslike verbondenheid tussen man en vrou praat nie maar van die geestelike huwelik tussen Christus en die kerk.

[440] Dit is inderdaad ook 'n groot geheimenis dat Christus toegelaat het dat een van sy ribbebene weggeneem word sodat ons daaruit geformeer kan word. Dit beteken: hoewel Hy kragtig was, was dit sy wil om swak te wees sodat ons deur sy krag sterk kon word en sodat ons nou nie net kan lewe nie maar dat Hy in ons kan lewe (Gal. 2:20).

Daaraan het hy vir hulle die term "sakrament" geheg. Maar was dit reg en billik dat die hele kerk vir hulle onkunde moes boet? Paulus het gesê dat dit 'n geheimenis is. Hoewel die vertaler die woord as een wat vir Latynse ore nie onbekend is nie, kon weglaat of selfs met "geheim" kon vertaal, het hy verkies om "sakrament" (Ef. 5:32) te gebruik, maar dan tog in dieselfde betekenis as waarin Paulus dit in Grieks 'n "geheimenis" genoem het. Laat hulle nou maar gerus gaan en luid teen taalbedrewenheid gal braak; as gevolg van hulle onkunde daarin is hulle so lank op die skandelikste wyse in 'n eenvoudige saak wat vir almal duidelik is, mislei. Maar waarom dring hulle so erg op die woordjie "sakrament" in hierdie enkele aanhaling aan maar gaan dit telkemale elders verby en skat dit daar gering? Want ook in die eerste brief aan Timoteüs (1 Tim. 3:9) en juis in dieselfde brief aan die Efesiërs (Ef.1:9; 3:3, 9) is dit deur die vertaler van die Vulgaat oral as "geheimenis" vertaal. Laat die vergissing hulle nogtans vergewe word. Maar die leuenaars moes ten minste 'n goeie geheue gehad het.

[441] Maar hoe 'n duiselingwekkende ligsinnigheid is dit nie om die huwelik, wat hulle met die titel "sakrament" aanbeveel het, daarna onreinheid, besmetting en vleeslike vuilheid te noem nie! As hulle sou beweer dat hulle hulle nie van die sakrament af weghou nie maar van hulle wellus vir gemeenskap, sal hulle my nie so mislei nie. Want hulle leer juis dat gemeenskap 'n deel van die sakrament is en dat die vereniging wat ons met Christus in ooreenstemming met die natuur het, juis daarin uitgebeeld word omdat man en vrou op geen ander wyse een vlees word as net deur vleeslike verbinding nie.

En tog vind sommige van hulle twee sakramente hierin: een van God en die siel in die bruidegom en die bruid; en 'n tweede sakrament van Christus en die kerk in die eggenoot en die eggenote. Die verbintenis is in elk geval 'n sakrament waarvan geen Christen weggehou mag word nie; behalwe miskien as die sakramente van Christene so sleg met mekaar ooreenstem dat hulle nie tegelyk saam kan bestaan nie.

Daar is ook 'n verdere ongerymdheid in hulle hoogwaardigheidsampte. Hulle verklaar dat die genade van die Heilige Gees in die sakrament oorgedra word; hulle leer dat gemeenskap 'n sakrament is, maar hulle sê dat die Heilige Gees nie in gemeenskap aanwesig is nie. Maar om nie net bloot met die kerk die spot te dryf nie – hoe 'n lang reeks dwalings, leuens, bedrog en goddeloosheid het hulle nie aan die een enkele dwaling verweef nie, sodat 'n mens kan sê dat [442] hulle niks anders as 'n skuilplek vir hulle verfoeilikhede gesoek het toe hulle van die huwelik 'n sakrament gemaak het nie!

Want toe hulle dit eers eenmaal reggekry het, het hulle ook die ondersoek van huweliksake vir hulleself toegeëien: aangesien dit dan 'n geestelike aangeleentheid was, moes dit nie deur aardse regters behandel word nie. Daarop het hulle wette uitgevaardig waarmee hulle hulle tirannie versterk het. Die wette was egter gedeeltelik openlik goddeloos teenoor God en gedeeltelik uiters

onbillik teenoor die mense. Die wette is naamlik dat huwelike wat sonder die toestemming van ouers tussen minderjariges gesluit is, vas en geldig moet bly; dat huwelike tussen bloedverwante tot die sewende graad onwettig is, en as dit wel gesluit is, dat dit ontbind moet word. Maar strydig met die regte van alle volkere en ook die reëling van Moses (Lev. 18:6) versin hulle selfs die grade: dat die 'n man wat sy owerspelige vrou verwerp het, nie geoorloof is om met 'n ander een te trou nie; dat geesverwante nie in die huwelik verbind mag word nie; dat huwelike nie van die sewentigste tot die agste dag voor Paasfees, in die drie weke voor die geboorte van Johannes en vanaf die wederkoms tot die herverskyning van Christus gesluit mag word nie en ontelbare soortgelyke wette. Dit sou egter 'n lang storie wees om dit op te noem.

En ons moet een of ander tyd uit hulle gemors uitkom waarin my betoog alreeds langer as wat my bedoeling [443] was, vasgesteek het. Tog lyk dit vir my asof ek effens vordering gemaak het, omdat ek die leeuvel gedeeltelik van daardie esels afgetrek het.

[444]



## DE LIBERTATE CHRISTIA-na, potestate ecclesiastica, & politica administratione.

### CAPVT VI.

TRACTANDVM nũc de Christiana libertate. cuius explicatio prætermitti minime ab eo debet, cui summã euangelicæ doctrinæ compendio complecti propositum sit. Est enim res apprime necessaria, ac citra cuius cognitionem nihil ferè sine dubitatione aggredi conscientiæ audent, in multis hæsitant & resiliunt, semper uariant & trepidant. sed nos planiorem eius disputationẽ (nam leuiter suprà à nobis attacta est) in hũc locum reiecimus. Quia statim atq; iniecta est aliqua mentio Christianæ libertatis, ibi aut feruent libidines, aut insani motus surgũt: nisi mature obuiã eatur lasciuis ingenijs istis, quæ alioq optima quæq; pessime corrumpũt. Partim enim huius libertatis prætextu omnem Dei obedientiã excutiunt, & in effrenatam licentiam se proripiunt: partim indignãtur putantes omnem moderationem, ordinem, rerũq; de-

lectum

Sine cognitione Christianæ libertatis nihil conscientiæ audent.

[445]

# Hoofstuk 6

**CHRISTELIKE VRYHEID, KERKLIKE GESAG EN STAATSADMINISTRASIE**

Nou moet ons Christelike vryheid behandel. Niemand wat hom ten doel gestel het om die kern van die leer van die evangelie bondig saam te vat, behoort die verduideliking hiervan hoegenaamd buite rekening te laat nie. Want dit is 'n aspek wat besonder noodsaaklik is, en daarsonder waag ons gewetes oor die algemeen nie om iets sonder vertwyfeling aan te pak nie. In baie gevalle verkeer ons gewetes in vertwyfeling en deins terug; dit is altyd verdeeld en sidder voortdurend.

Ons het 'n vollediger bespreking daarvan vir hierdie onderwerp teruggehou, want dit is hierbo oppervlakkig deur ons aangeraak. Want sodra Christelike vryheid vermeld word, kook hulle drifte; of waansinnige emosies ontstaan as hulle losbandige vindingrykheid wat andersins al die beste dinge op die slegste wyse bederwe, nie betyds hokgeslaan word nie.

Want gedeeltelik verwoes hulle onder die dekmantel [446] van hierdie vryheid alle gehoorsaamheid aan God, en gedeeltelik ag hulle dit benede hulle en meen dat dit alle selfbeheersing, orde en die keuse tussen dinge uit die weg ruim. Wat staan ons dan te doen wanneer ons deur sulke probleme ingehok is? Moet ons die Christelike vryheid vaarwel toeroep en die geleentheid vir sulke gevare wegneem? En tog, as ons soos ons gesê het, nie hieraan vashou nie, sal ons Christus en die waarheid van die evangelie nie regtig leer ken nie. Ons moet eerder sorg dra dat so 'n noodsaaklike deel van ons leer nie onderdruk word en dat die vergesogte besware wat gewoonlik daaruit ontstaan, intussen bestry word nie.

Na my gevoel berus Christelike vryheid op drie onderafdelings. In die eerste plek dat die gewetes van gelowiges hulle bo die wet moet verhef, bo die wet moet uitstyg en alle regverdigmaking van die wet moet vergeet wanneer hulle vertroue vir hulle eie regverdigmaking voor die aangesig van God moet soek. Want aangesien die wet, soos ons alreeds elders aangetoon het, niemand regverdig maak nie, word ons òf van alle hoop op regverdigmaking uitgesluit òf ons moet daarvan verlos word – en op so 'n wyse dat hoegenaamd geen oorweging aan ons eie werke gegee word nie. Want iemand wat dink dat hy selfs die geringste van sy werke ter verkryging van sy geregtigheid moet aanbied, kan vooraf geen maat of perk daarvoor stel nie maar maak hom aan die hele wet skuldig. Ons moet dus wanneer dit oor ons regverdigmaking gaan, alle vermelding van die wet verswyg, elke gedagte aan ons eie [447] werke laat vaar en die barmhartigheid van God alleen aangryp: ons oë van onsself afwend en ons blik op Christus alleen rig, Want die vraag is nie hoe ons regverdig kan wees nie maar hoe ons in ons onregverdige en onwaardige toestand as regverdiges beskou kan word. As ons gewetes daarvan enige sekerheid wil verkry, dan moet dit daarin aan die wet geen plek verleen nie. Geeneen kan hieruit met reg die afleiding maak dat die wet vir gelowiges oorbodig is nie. Dit hou nie op om hulle te leer, aan te spoor en na die goeie aan te dryf nie, hoewel dit voor die regbank van God vir hulle gewetes geen plek het nie.

Terwyl dit twee heeltemal verskillende dinge is, moet ons behoorlik en noukeurig tussen hulle onderskei. Die hele lewe van Christene behoort 'n oordenking van vroomheid te wees, aangesien hulle tot regverdigmaking geroepe is (1 Tess. 4:3; Ef. 1:4). Die funksie van die wet is daarin geleë dat dit Christene deur pligsvermaning tot ywer vir hulle heiligheid en onskuld opwek. Maar wanneer hulle gewetes besorg is oor die wyse waarop hulle God gunstig kan stem, oor wat hulle moet antwoord en met watter vertroue hulle staande moet bly as hulle voor sy regbank geroep word, moet hulle daar nie in berekening bring wat die wet vereis nie, maar hulle moet Christus alleen, wat al die volmaaktheid van die wet te bowe gaan, as geregtigheid voorhou.

Om hierdie skarnier draai die hele redenasie van die brief aan die Galasiërs. Want met aanhalings uit sy [448] redenasie kan bewys word dat die mense dwaas is wat leer dat Paulus en hierdie brief slegs vir die vryheid van seremonies veg. Die volgende is byvoorbeeld sulke verwysings: dat Christus vir ons die vloek geword het om ons van die vloek van die wet te verlos (Gal. 3:13); net so: "Staan dan

vas in die vryheid waarmee Christus ons verlos het, en moet julle nie weer met die juk van slawerny verbind nie. Kyk, ek, Paulus, sê: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle tot geen voordeel wees nie. En iemand wat hom laat besny, is skuldig aan die hele wet. Christus het vir julle waardeloos geword. Almal van julle wat deur die wet geregverdig word, het julle van die genade afgesny" (Gal. 5:1-4). Hierin word sekerlik iets verheweners as blote vryheid van seremonies ingesluit.

Die tweede deel wat van bogenoemde afhanklik is, hou in dat ons gewete die wet moet gehoorsaam, nie asof dit onder dwang van die wet daartoe verplig is nie maar dat dit vry van die juk van die wet vrywillig die wil van God moet gehoorsaam. Want aangesien ons gewete in voortdurende verskrikkinge verkeer so lank as wat dit aan die oorheersing van die wet onderworpe is, sal dit nooit met vurige bereidwilligheid daarop ingestel wees om God te gehoorsaam as 'n vryheid van hierdie aard nie vooraf daaraan verleen is nie. Met 'n kort en klaar voorbeeld sal ons verduidelik wat dit beteken. Dit is 'n voorskrif van die wet dat ons God uit ons hele hart, uit ons hele siel en met al ons kragte moet liefhê (Deut. 6:5). Om dit te laat [449] gebeur moet ons ons siele eers van elke vreemde gevoel en gedagte leegmaak; ons moet ons hart van al sy begeertes suiwer en al ons kragte hiervoor monster en inspan.

Hulle wat verder as ander mense op die weg van die Here gevorder het, is nog baie ver van hierdie eindpaal af. Want hoewel hulle God uit hulle hart en met opregte gevoel liefhet, is 'n groot deel van hulle hart en siel nog besig met die begeertes van hulle vlees, en hulle word daardeur teruggehou en verhinder om op volle spoed na God te snel.

Hulle beywer hulle inderdaad met groot inspanning daarvoor, maar hulle vlees verswak hulle kragte gedeeltelik, en gedeeltelik sluit dit hulle kragte daarby aan. Wat staan hulle dan te doen wanneer hulle agterkom dat daar niks is waartoe hulle minder in staat is as om die wet te vervul nie? Dit is wel hulle wil, dit is hulle strewe en dit is waarvoor hulle ywer, maar dan tog nie met die volmaaktheid wat daarby pas nie. As hulle hulle oë op die wet rig, sien hulle dat al die werke wat hulle aandurf of bedink, nog vervloek is. En daar is geen rede waarom iemand hom hoef te mislei en die afleiding moet maak dat sy werke nie heeltemal sleg is omdat dit onvolmaak is, en dat iets goeds daarin nietemin tog vir God welbehaaglik is nie. Want die wet eis volmaakte liefde en verdoem alle onvolmaaktheid. Laat hy dus die werke wat hy bedoel het dat hulle ten dele goed moet lyk, weer oorweeg, en hy sal vind dat juis in [450] feit dat hulle onvolmaak is, 'n oortreding van die wet aanwesig is.

Ja, hoe is al ons werke nie aan die vloek van die wet blootgestel as dit volgens die maat van die wet gemeet word nie! Waarom sou ons ongelukkige siel hom dan vir 'n werk omgord waarvoor hy geen ander vertroue kan hê as net dat dit vervloeking teweeg kan bring nie?

Maar, aan die ander kant, as ons siele van hierdie streng eis van die wet of eerder van die hele onverbiddelikheid van die wet bevry is en hoor dat hulle met vaderlike sagtheid deur God geroep word, sal hulle blymoedig en met groot vuur op sy roepstem antwoord en Hom as hulle Leier volg.

Om op te som: die mense wat deur die juk van die wet gebind word, is soos slawe aan wie elke dag bepaalde take deur hulle base opgelê moet word. Hulle dink dat hulle niks bereik het nie en waag nie om voor hulle base te verskyn as hulle nie die volle maat van hulle werke volbring het nie. Maar kinders, wat met groter vrymoedigheid en toegeneentheid deur hulle vaders behandel word, het geen twyfel daaroor om onvolledige en halfgedane werk, wat selfs gebreke het, aan hulle vaders te bring nie. Hulle vertrou daarop dat hulle gehoorsaamheid en bereidwilligheid deur hulle aanvaar sal word al sou hulle nie presies kon lewer wat hulle wou nie. Sulke kinders moet ons wees, en ons moet die vaste vertroue koester dat ons [451] dienste deur ons genadige Vader goedgekeur sal word, hoe gering en hoe ru en onvolmaak dit ook al mag wees,

Ons het 'n groot behoefte aan hierdie vertroue, omdat al ons pogings daarsonder vrugteloos sal wees, want God dink dat Hy deur geeneen van ons werke geëerbiedig word as ons dit nie waarlik tot sy eerbiediging doen nie. Maar hoe kan dit te midde van al die verskrikkinge moontlik wees as ons

twyfel of God deur ons werke vertoorn of geëerbiedig word? Dit is die rede waarom ons lees dat die skrywer van die brief aan die Hebreërs al die werke van die heilige Vader na die geloof terugvoer en dit slegs na aanleiding van die geloof beoordeel (Hebr. 11).

In die brief aan die Romeine is daar 'n duidelike verwysing na hierdie vryheid. Daarin redeneer Paulus dat die sonde nie oor ons moet heers nie, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade. Want hy spoor die gelowiges aan dat die sonde nie in hulle sterflike liggaam moet regeer en dat hulle hulle lede nie as wapens van ongeregtigheid tot die beskikking van die sonde moet stel nie maar hulleself as mense wat uit die dood lewendig geword het, aan God moet wy en hulle lede as wapens van geregtigheid tot beskikking van God moet stel (Rom. 6). Hierteen sou hulle inderdaad beswaar kon maak dat hulle nog hulle vlees vol van begeertes met hulle meebring en dat die sonde in hulle woon. Daarom het hy die vertroosting wat uit die vryheid van die wet [452] kom, daaraan toegevoeg. Dit was asof hy bedoel het dat selfs al sou hulle duidelik ervaar dat die sonde in hulle nog nie uitgewis is en geregtigheid nog nie in hulle lewe nie, daar tog geen rede is waarom hulle sou vrees en moed sou verloor net asof God altyd oor die oorblyfsels van hulle sondes vertoorn sou wees nie, aangesien hulle deur sy genade van die wet vrygestel is sodat hulle werke nie met die maatstaf van die wet gemeet kan word nie. Maar die mense wat inderdaad die afleiding maak dat ons mag sondig omdat ons nie onder die wet is nie, moet besef dat dit niks met hulle te doen het nie, omdat die doel daarvan is om ons tot die goeie aan te spoor.

Die derde afdeling van die Christelike vryheid hou in dat ons deur geen godsdienstige verpligting aan uitwendige dinge wat op sigself onverskillige dinge is, voor God gebind word om dit soms te doen en dan weer onverskillig na te laat nie. En die kennis van hierdie vryheid is vir ons uiters noodsaaklik. As dit ons ontbreek, sal ons gewetes geen rus hê nie, en daar sal geen einde aan bygeloof wees nie. Dit lyk vandag vir baie mense asof ons dwaas is omdat ons 'n geskil oor die vrye gebruik van vleis, die onbeteuelde gebruik van vakansiedae en klere en, soos dit vir hulle lyk, oor soortgelyke ydele beuselagtighede veroorsaak. Maar dit is belangriker as wat algemeen geglo word. Want wanneer ons gewetes eenmaal in die strik getrap het, betree hulle 'n lang doolhof sonder uitkoms vanwaar 'n gemaklike uitgang later nie moontlik is nie.

[453] As 'n mens eers begin twyfel of hy linne vir lakens, hemde, sakdoeke en servette mag gebruik, dan sal hy later ook nie meer van hennep seker wees nie; en uiteindelik sal hy ook oor vlas twyfel. Want hy sal wik en weeg of hy nie sonder servette kan eet en of hy nie sonder sakdoeke kan klaarkom nie. As 'n bietjie smaakliker kos daarna vir hom ongeoorloof lyk, dan sal hy uiteindelik nie growwe brood en gewone voedsel in rus en vrede voor God kan eet wanneer hy daaraan dink dat hy sy liggaam met nog goedkoper voedsel kan onderhou nie. As hy dan nog oor soet wyn onseker is, sal hy vervolgens ook nie slegte wyn met 'n goeie gewete kan drink nie. Ten slotte sal hy nie waag om aan water te raak wat vir ander mense baie soet en suiwer is nie. Uiteindelik sal hy die punt bereik dat hy dit as ongeoorloof sou beskou om, soos die spreekwoord lui, op 'n goggatjie wat in sy pad kom, te trap.

Hier begin 'n moeilike geskil. Die geskilpunt is of dit God, wie se wil aan al ons planne en al ons dade vooraf moet gaan, se wil is dat ons nou die een en dan weer 'n ander moet gebruik. As gevolg hiervan moet sommige mense noodwendig uit wanhoop verwar word; ander weer moet God minag, die vrees vir Hom verwerp en vir hulle self 'n pad maak as hulle nie een het wat alreeds vir hulle gebaan is nie. Want almal wat in so 'n vertwyfeling verstrik is, sien oral waarheen hulle hulle wend, die aanwesigheid van die aanstoot van hulle gewete.

[454] Paulus het gesê: "Ek weet dat niks gewoon (onder 'gewoon' verstaan hy 'onrein') is nie; maar dit is gewoon vir iemand wat dink dat dit gewoon is". Met hierdie woorde stel hy alle uitwendige sake aan ons vryheid ondergeskik mits ons in ons gemoed daarvan seker is dat die basis van hierdie vryheid by God berus. Maar as die een of ander bygelowige opvatting vir ons 'n doring in die vlees is, dan word alles wat van nature rein is, vir ons onrein. Daarom voeg hy daar by: "Geseënd is hy wat nie 'n oordeel oor homself uitspreek oor iets wat hy goedkeur nie. Maar iemand wat homself

veroordeel as hy eet, is verdoem aangesien hy nie uit die geloof eet nie. Maar alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde" (Rom. 4:22).

Maar keer mense wat dit ten spyt toon dat hulle ietwat oormoedig is deur alles onbesorg aan te durf, hulle dan nie slegs maar van God af weg nie? Maar die wat inderdaad deur 'n mate van vrees vir God geraak word, word verwar en val inmekaar wanneer hulle gedwing word om baie oortredings in stryd met hulle gewete te begaan. Al sulke mense ontvang niks van die gawes van God met dankbetoon nie, hoewel Paulus daarvan getuig dat alles vir ons gebruik slegs deur dankbetoon geheilig word (1 Tim. 4). Hiermee bedoel ek daardie dankbetoon wat uit 'n hart kom wat die milddadigheid en goedheid van God in sy gawes herken.

Want baie mense besef inderdaad dat die voorwerpe wat hulle gebruik, seëninge van God is, en hulle prys God ook in sy werke; maar hoe sou hulle aan God as [455] gewer daarvan dank kon betoon wanneer hulle nie daarvan oortuig is dat dit aan hulle gegee is nie?

Om op te som: Ons bemerk waarheen hierdie vryheid neig – daarheen naamlik dat ons sonder gewetenswroeging of versteuring van ons gemoed van die gawes van God wat Hy tot ons voordeel aan ons gegee het, gebruik moet maak. Met hierdie vertroue moet ons siele vrede met Hom hê en sy milddadigheid jeens ons erken. Maar tog moet ons noukeurig daarop let dat die Christelike vryheid in alle opsigte 'n geestelike vryheid is, sodat die hele werking daarvan daarin geleë is om ons bevreesde gewetes voor God tot rus te bring, of dit nou ook al onrustig en bekommerd is oor die vergiffenis van sondes en of dit nou ook al besorg is daaroor of hulle onvolmaakte werke wat deur die gebreke van ons vlees besmet is, vir God behaaglik sou wees en of hulle nou ook al deur die aanwending van onverskillige dinge gefolter word. Daarom is die interpretasie van mense wat Christelike vryheid as 'n verskoning vir hulle begeertes voorhou om die goeie gawes van God na willekeur te misbruik, of van mense wat die opvatting het dat Christelike vryheid glad nie bestaan as hulle dit nie onder hulle medemense aanwend en daarom in die gebruik daarvan geen oorweging vir hulle swakker broeders het nie, heeltemal verkeerd.

Vandag sondig ons in 'n baie groter mate ten opsigte van die eerste afdeling. Oor die algemeen is daar niemand wie se middele hom nie toelaat om kwistig te [456] eet of vir wie die uitspattige praal van sy tafelgerei, die versorging van sy liggaam en die weelderige boustyl van sy huis nie bekoor nie; daar is niemand wat nie met elke vorm van praal bo ander mense wil uitstyg en hom nie buitengewoon oor sy eie glans vlei nie. En dit alles word onder die dekmantel van Christelike vryheid verdedig! Hulle beweer dat dit onverskillige dinge is. Dit erken ek, mits hulle dit maar onverskillig gebruik! Maar wanneer hulle dit uitermatig gierig najaag, wanneer hulle hulle hooghartig daarop beroem, wanneer hulle dit uitspattig verkwis, dan besmet hulle hulle met die ondeugde.

Paulus maak uitmuntend onderskeid tussen onverskillige dinge: "Alle dinge is rein vir die reines, maar vir besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, omdat hulle verstand en gewete besoedel is" (Titus 1:5). Want daarom word rykes belaster omdat hulle vertroosting het; omdat hulle versadig is en nou lag (Luk. 6:24); omdat hulle op ivoorbeddens slaap (Amos 6:4) en die een stuk grond aan 'n ander verbind en op hulle feesmaal harpe, liere, tamboeryne en wyn het (Jes. 5). Ivoor, goud en rykdom is sekerlik tog ook goeie skeppinge van God wat vir sy gebruik bestem is. Dit was nog nooit verbode om te lag, versadig te word, om nuwe besittings aan die ou besittings van die voorvaders te verbind of deur musiek en sang bekoor te word of wyn te drink nie. Dit is so, maar om in 'n tyd van oorvloed in weelde te rol en jou daarin te verswelg, om jou verstand en gemoed beskonke te maak met die genietinge van die oomblik en altyd na [457] nuwe plesier te hyg is baie ver van die regmatige aanwending van God se gawes verwyder. Laat hulle dus hulle onbeteuelde hebsug uit die weg ruim; laat hulle hulle onbeheerste kwistigheid laat vaar; laat hulle hulle ydelheid en vermetelheid in die ban doen om met 'n rein gewete die gawes van God rein te geniet!

Wanneer ons gemoedere op so 'n soberheid ingestel is, sal ons 'n maatstaf vir die regmatige gebruik daarvan hê. Maar as hierdie selfbeheersing ontbreek, dan is alledaagse en gewone genietinge selfs te veel. Want die uitdrukking dat daar in 'n growwe rooi gewaad dikwels 'n hart van purper woon

terwyl daar soms onder 'n purper linnemantel eenvoudige nederigheid skuil, is nog steeds waar. Laat elkeen dus na sy maat òf skraal òf matig òf voortreflik lewe, maar laat almal daaraan gedagtig wees dat hulle deur God gevoed word om te lewe en nie om hulle in hulle weelde te verswelg nie. Laat hulle dit as die reël van Christelike vryheid beskou as hulle saam met Paulus geleer het om tevrede te wees met die middele wat hulle by hulle bevind; as hulle weet hoe om nederig en verhewe te wees; as hulle geleer is om oral en onder alle omstandighede versadig en honger te wees en om oorvloed en gebrek te verdra (Fil. 4:11-12).

Die meeste mense dwaal daarin dat hulle hulle vryheid sonder onderskeid en dwaas gebruik net asof dit nie kerngesond en ongeskonde sou wees as dit nie mense as getuies daarvoor het nie. Met hulle onbeskaamde misbruik daarvan gee hulle ons swakker broeders [458] dikwels aanstoot. Kyk maar vandag na sommige mense vir wie dit lyk asof hulle vryheid nie bestaan as hulle dit nie deur op Vrydag vleis te eet in besit neem nie. Ek het geen beswaar teen wat hulle eet nie, maar hierdie valse opvatting moet uit hulle gemoedere uitgedryf word. Want hulle behoort daaraan te dink dat hulle met hulle vryheid niks meer voor die mense bereik nie maar voor God en dat dit ewe veel in onthouding as in aanwending geleë is. As hulle dan begryp dat dit voor die aangesig van God van geen belang is of hulle vleis of eiers eet en of hulle swart of rooi klere aantrek nie, is dit al meer as genoeg. Dan is hulle gewete waaraan die weldaad van so 'n vryheid verskuldig was, reeds bevry. Selfs al sou hulle hulle hierna hulle hele lewe lank van vleis weerhou en voortdurend net een kleur dra, is hulle nie minder vry nie; inteendeel, hulle is juis vry omdat hulle hulle met 'n vry gewete daarvan weerhou. Hulle struikeling is op sy gevaarlikste wanneer hulle geen oorweging aan die swakheid van hulle medebroeders skenk nie. Dit betaam ons om hulle swakheid juis so te onderskraag dat ons selfs nie eers met die geringste aanstoot vir hulle iets onbesonne aanvang nie.

Maar dit is soms ook belangrik dat ons ons vryheid nadruklik voor die mens verklaar. Dit erken ek ook. Maar dan moet ons met die grootste versigtigheid aan die perk hou dat ons nie die versorging van die swakkes, wat die Here so kragtig aan ons opgedra het, moet verwaarloos nie.

[459] Laat ek dus nou iets oor struikelblokke sê: hoe ons dit moet onderskei, teen watter struikelblokke ons moet waak en watter ons gering moet skat, sodat ons later kan vasstel watter plek ons vryheid onder die mense moet beklee. Ek steun die algemene verdeling wat ons van 'n struikelblok leer wat veroorsaak en 'n struikelblok wat ontvang is, aangesien dit ook duidelike getuienis van die Skrif het en 'n gepaste uitdrukking van die betekenis daarvan is. As 'n mens iets met onbeskaamde ligsinnigheid of losbandigheid of roekeloosheid ordeloos en ongeleë sou doen om leke en swakkes te laat struikel, dan word dit 'n struikelblok wat veroorsaak is, genoem, aangesien dit deur jou toedoen veroorsaak is dat 'n ergernis van die aard verwek word. Ons praat in elk geval van 'n struikelblok wat in die een of ander gebeurtenis veroorsaak is, as die skuld daarvoor uit die skepper van die gebeurtenis spruit. Ons praat van 'n struikelblok wat ontvang is wanneer 'n daad wat andersins nie uit boosheid of onbeskaamdheid gepleeg is nie, deur kwaadwilligheid of die een of ander ongunstige boosaardigheid as 'n geleentheid vir aanstoot aangegryp word. Want hierdie struikelblok is nie veroorsaak nie, maar sulke bose vertolkers neem sonder rede die geleentheid daarvoor te baat. Slegs swak mense word deur 'n struikelblok van die eerste groep tot struikeling gebring, maar 'n struikelblok van die tweede groep bring mense met 'n stuurs geaardheid en skynheilige hooghartigheid tot 'n val. Daarom sal ons die een 'n struikelblok van die swakkes en die ander 'n struikelblok van Fariseërs noem. In die toepassing van ons [460] vryheid sal ons ons dus so beheers dat ons toegewings vir die onkunde van ons swakker broeders moet maak maar geen toegewing hoegenaamd vir die stroefheid van Fariseërs nie!

Want Paulus het op verskeie plekke oorvloedig getoon watter toegewings ons vir swakheid moet maak. Hy sê: "Neem die wat swak is in die geloof, aan" (Rom. 14:1). En net so: "Laat ons mekaar dan nie meer oordeel nie; maar laat ons ons eerder beywer om nie 'n struikelblok of 'n geleentheid om hom te laat val in die weg van ons broeder te lê nie" (Rom. 14:13). Daar is ook baie ander verwysings met dieselfde inhoud, maar dit is beter om dit op die regte plek te soek liewer as om hier daarna te verwys.

Die kern daarvan is dat "ons wat sterk is, die swakhede van die wat nie sterk is nie, moet dra en nie onsself moet behaag nie. Maar elkeen van ons moet ons naaste ten goede en tot sy stigting behaag" (Rom. 15:1). Elders sê hy. "Maar sorg dat julle middele nie 'n bron van struikeling word vir die wat swak is nie" (1 Kor. 8:9); net so: "Eet alles wat in 'n slaghuis verkoop word, sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete; ek bedoel jou eie gewete en nie die van 'n ander nie" (1 Kor. 10:25). Kortom: "wees dan so dat julle geen aanstoot gee nie, nie vir die Jode en ook nie vir die Grieke of vir die kerk van God nie" (1 Kor. 10:32). En ook in 'n ander aanhaling: "Broeders, julle is tot vryheid geroepe, maar bied julle vryheid nie as 'n geleentheid [461] vir die vlees nie maar dien mekaar deur die liefde" (Gal. 5:13).

Dit is sekerlik so. Ons vryheid is nie aan ons verleen vir gebruik teen ons naastes wat swak is nie, want die liefde maak van ons in alles hulle slawe; maar dit is eerder aan ons verleen om vrede met God in ons gemoed te hê en ook in vrede met ons medemens saam te lewe.

Maar ons leer uit die woorde van die Here waarmee Hy ons beveel om die Fariseërs te laat staan omdat hulle blinde leiers van blindes is, van hoeveel waarde ons die aanstoot van Fariseërs moet skat. Sy dissipels het Hom vermaan dat die Fariseërs teen sy Woorde aanstoot geneem het. Daarop het Hy geantwoord dat ons hulle moet laat staan en ons nie oor hulle aanstoot moet bekommer nie (Matt. 15).

Maar tog sal dit in onsekerheid bly hang as ons nie weet wie ons as swakkes en wie ons as Fariseërs moet beskou nie. As ons die onderskeid weglaat, sien ek nie watter wet daar nog vir ons vryheid te midde van struikelblokke oorbly nie, aangesien dit altyd in die grootste gevaar sal verkeer.

Maar dit lyk vir my asof Paulus die duidelikste omskrywing sowel in leer as in voorbeeld gegee het van hoe ons ons vryheid moet beheers of van struikelblokke moet weerhou. Toe hy Timoteüs in sy geselskap opgeneem het, het hy hom besny (Hand. 16:3). Maar hy [462] kon Titus nie oorhaal om hom te laat besny nie (Gal. 2). Dit was verskillende dade maar geen verandering van doel of gesindheid nie; want hoewel Timoteüs vry was van alles, het hy hom deur sy besnydenis 'n slaaf van almal gemaak, en vir die Jode het hy soos 'n Jood geword om die Jode te wen; en vir die wat onder die wet was, soos een wat onder die wet was om die een wat onder die wet was, te wen; vir die wat sonder die wet was, soos een wat sonder die wet was om die wat sonder die wet was, te wen; vir die wat swak was, soos een wat swak is om die swakkes te wen; alle dinge vir almal sodat hy baie kon red, soos hy elders skrywe (1 Kor. 9). Ons het eers regte beheer oor ons vryheid as ons dit, selfs as dit een of ander voordeel vir ons inhou, onverskillig in bedwang kan hou.

Hy getuig self wat sy bedoeling was toe hy heftig geweier het om Titus te besny, wanneer hy soos volg skryf: "Maar ook Titus, wat by my was, is nie gedwing om besny te word nie, hoewel hy 'n Griek was, vanweë valse broeders wat ongemerk onder ons gekom en onder ons ingesluip het om ons vryheid wat ons in Christus Jesus het, te bespied om ons aan slawerny te onderwerp. Aan hulle het ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee nie, sodat die waarheid van die evangelie onder julle kon bly" (Gal. 2:3-5).

Ons is ook verplig om ons vryheid te verdedig as dit deur onbillike eise van valse apostels vir swak gewetes in gevaar gestel word. Onder alle [463] omstandighede moet ons ons vir die liefde beywer en ons oë op die stigting van ons naaste gerig hou. Elders sê hy: "Alles is my geoorloof, maar nie alles dien tot stigting nie. Laat niemand sy eie belang soek nie maar die belang van 'n ander" (1 Kor. 10:23). Niks is voordeliger as hierdie maatstaf nie: ons moet ons vryheid inspan as dit tot stigting van ons naaste dien. Maar as dit nie tot voordeel van ons naaste is nie, moet ons ons daarvan weerhou.

Daar is mense wat 'n wysheid soos die van Paulus in die weerhouding van hulle vryheid voorgee maar dit op niks minder toepas as juis op hulle liefdesplig nie. Want om net hulle eie rus ter harte te neem wens hulle dat alle vermelding van vryheid begrawe moet wees, hoewel dit nie minder belangrik vir ons naaste is om soms ons vryheid ten goede en tot stigting van hulleself aan te wend

as om dit by geleentheid weer tot hulle voordeel te beteuel nie.

Alles wat ek geleer het in verband daarmee dat ons teen die struikelblokke moet waak, wil ek na middelmatige en onverskillige sake terugvoer. Want ons moet nie uit vrees vir 'n struikelblok nalaat om te doen wat ons moet doen nie. Dit betaam ons ook om rekening te hou met die liefde self tot by sy altare (Matt. 5:23-24); dit beteken dat ons nie ter wille van ons naaste God aanstoot moet gee nie.

Ek keur nie die gebrek aan selfbeheersing van die mense wat alles doen om onrus te skep en verkies om [464] alles met geweld binne te dring liewer as om 'n saak langsaam aan te voor, goed nie. Maar ook luister ek nie na mense wat wanneer hulle hulle in duisend vorms van goddeloosheid as leiers voordoen, hulle verbeel dat hulle so moet optree om nie vir hulle naaste 'n struikelblok te wees nie – net asof hulle nie intussen die gewete van hulle naaste vir die bose opbou, in besonder wanneer hulle sonder hoop op uitkoms nog altyd in dieselfde harwar bly vassteek nie. Ja, mooi is die kalante wat met die oog daarop om hulle naaste in leer en voorbeeld van lewe te onderrig, die bewering maak dat hulle met melkkos gevoed moet word, maar hulle dan met die goddeloosste en verderflikste opvattings besmet. Paulus vertel dat hy die Korintiërs met melk gevoed het (1 Kor. 3:2). Maar as die mis destyds onder hulle was, sou hy dan 'n offer gebring het om hulle melk aan te bied? "Maar", sê hulle, "melk is nie gif nie." Hulle lieg dus as hulle sê dat hulle die mense voed vir wie hulle onder 'n dekmantel van bekoorlikheid wreed vermoor. Maar gestel nou dat ons sou toegee dat so 'n misleiding by geleentheid nog goedgekeur moet word, vir hoe lank nog sal hulle hulle kinders dieselfde melk laat drink? Want as hulle nooit grootword om ten minste ligte spyse te verdra nie, dan is dit seker dat hulle nooit met melk opgevoed is nie.

Maar aangesien die gewete van gelowiges hierdie voorreg van vryheid wat ons tevore beskryf het, reeds ontvang en deur die weldaad van Christus verkry het om hulle nie in die strikke van die inagneming van [465] dinge waarin dit die Here se wil was dat hulle vry moet wees, te verstrengel nie, het ons vasgestel dat hulle van die mag van alle mense vrygemaak is. Want dit is Christus nie waardig om sy genadegawe van so 'n groot vryheid te verloor nie; en ons gewete verdien nie om die vrug daarvan te verloor nie. En ons moet dit nie as 'n onbenullige aangeleentheid beskou wanneer ons sien dat dit Christus soveel gekos het nie. Hy het dit tewens nie na die waarde van silwer of goud geskat nie maar na die waarde van sy eie bloed (1 Petr. 1:18), sodat Paulus nie aarsel om te sê dat sy dood tevergeefs sou wees as ons ons siele aan die mens onderwerp nie (Gal. 2:21). In sommige hoofstukke van die brief aan die Galasiërs spits hy hom inderdaad daarop toe om aan te dui dat Christus vir ons onkenbaar word of liewer uitgewis word as ons gewete nie in sy vryheid staande bly nie. Ons gewete het sekerlik daarvan afvallig geword as dit na die oordeel van mense deur die bande van die wet of van hulle instellinge verstrik kan word (Gal. 5:1).

Maar aangesien dit 'n saak is wat die grootste kennisname verdien, het dit ook 'n langer en duideliker uiteensetting nodig. Want sodra melding van die opheffing van menslike instellinge gemaak word, word verskriklike opstand gedeeltelik deur opstokers en gedeeltelik deur valse beskuldigers veroorsaak – net asof alle gehoorsaamheid van die mens dan opgehef en vernietig word.

Om dus te verhoed dat iemand oor hierdie klip struikel, moet ons daarop let dat daar 'n tweevoudige [466] regering in die mens is: die een geestelik: daardeur word die gewete in vroomheid en aanbidding van God onderrig; die ander is polities: daardeur word die mens vir die menslike en burgerlike pligte wat hy teenoor sy medemens moet nakom, opgelei. Gewoonlik word dit geestelike en tydelike regspraak genoem – gepaste terme, omdat daarmee aangedui word dat eersgenoemde vorm van regering op die lewe van die siel betrekking het en dat laasgenoemde op die vlak van die huidige lewe beweeg – nie alleen met voeding en kleding nie maar ook om wette voor te skryf sodat 'n mens daarvolgens eerbaar en met selfbeheersing onder sy medemense kan lewe. Eersgenoemde is in die binneste van die siel geleë; laasgenoemde orden 'n mens se uiterlike sedes. Ons mag die een 'n geestelike en die ander 'n politieke koninkryk noem. Soos ons hierdie twee aspekte verdeel het,

moet ons elkeen afsonderlik ondersoek, en terwyl ons die een behandel, moet ons ons gedagtes van die gedagte aan die ander weglei en afwend. Want daar is as 't ware twee wêrelde in die mens waaroor verskillende konings en wette gesag het.

Aangesien alles wat ons reeds in verband met Christelike vryheid gesê het, op die geestelike regering betrekking het, het ons in hierdie gesprek geen konflik met die politieke ordening van wette of wetgewers nie, maar ons stryd gaan teen die mag wat die mense wat die begeerte koester om as herders van die kerk aangesien te word maar in werklikheid die wreedste slagters is, vir hulle eie voordeel misbruik. Hulle [467] beweer dat die wette wat hulle neerlê, geestelik is en op die siel betrekking het, en hulle verklaar dat dit noodsaaklik is vir die ewige lewe. Maar so val hulle die ryk van God binne; so word die vryheid wat deur God aan die gewete van die mens gegee is, heeltemal onderdruk en verwoes.

Nou swyg ek oor die goddeloosheid waarvolgens hulle die eerbiediging van hulle wette skat wanneer hulle ons leer om juis daarin vergiffenis van sondes en geregtigheid te soek en wanneer hulle bepaal dat ons godsdiens en vroomheid juis daarin saamgevat word. Ek verklaar die een feit met nadruk: dat geen dwang op 'n gewete uitgeoefen moet word in sake waarvan dit deur Christus vrygemaak word en waarin dit, soos ons tevore geleer het, net voor God tot rus kan kom as dit vrygemaak is nie. Ons gewete moet Christus as enige Koning en as sy Verlosser erken en slegs deur die een wet van sy vryheid, naamlik deur die Woord van die evangelie, geregeer word as dit die genade wat dit eenmaal in Christus verkry het, wil behou. Ons gewete moet deur geen slawerny gekluister en deur geen boeie gebind word nie.

Hierdie Solons [gesaghebbende wetgewer] verbeel hulle inderdaad dat hulle bepalinge wette vir ons vryheid is – 'n aangename juk en 'n ligte las, maar wie sou nie kon sien dat dit louter leuens is nie? Want mense wat die vrees van God verwerp en sowel hulle eie wette as die wette van God onbekommerd en voortvarend verwaarloos, gevoel self geen erns vir hulle eie wette nie. Maar die [468] mense wat deur 'n mate van bekommernis vir hulle redding geraak word, ag hulleself hoegenaamd nie vry so lank as wat hulle nog in hierdie strikke verstrengel word nie. Ons merk met hoeveel versigtigheid Paulus hierdie onderwerp benader het, sodat hy nie eers gewaag het om in een enkele opsig vir hulle 'n strik te stel nie (1 Kor. 7:35). Ook nie sonder rede nie! Hy het sekerlik voorsien hoe 'n groot wond ons gewete toegedien sou word as dwang in die dinge waarvan die vryheid deur God aan ons gewete oorgelaat is, daarop uitgeoefen sou word.

Aan die ander kant kan met moeite bepalings opgenoem word wat hulle nie met die grootste gewigtigheid met aansegging van die ewige dood ingestel het, en met die grootste strengheid, asof dit vir ons heil noodsaaklik is, van ons eis nie. Hieronder is daar uiters baie bepalings wat baie moeilik is om te eerbiedig maar in geheel in elk geval onmoontlik – so 'n groot stapel bepalings is daar. Hoe kan dit dan anders as dat mense op wie so 'n groot vrag probleme rus, deur die uiterste kommer en vrees verwar en verteer word?

Daarom moet ons weer uit die dinge wat ons alreeds geleer het, bepaal dat ons gewete nie deur sulke bepalings voor God gebind word nie. Sulke bepalings is daarop gemik om ons siele binne-in ons voor God te bind en sielewroeging vir ons te veroorsaak, net asof dit aan ons voorskrywe wat vir ons heil nodig is! Sodanig is al die bepalinge wat vandag 'kerklik' [469] genoem word en as die ware en noodsaaklike aanbidding van God op ons afgedwing word. En ontelbaar soos hulle is, so grensloos is hulle boeie om ons siele te vang en te verstrik.

Hoe dan? Het die kerk dan geen mag nie? Dit is 'n gedagte wat vir die eenvoudiges vir wie ons in besonder skrywe, groot kommer inhou. Ons antwoord daarop is: Ja, die kerk het sekerlik mag, maar net die mag wat tot stigting en nie tot vernietiging nie, aan hom gegee is, soos Paulus ook getuig (2 Kor. 10:8; 13:10). Die mense wat dit toepas, ag hulleself nie meer as net dienaars van Christus en bedienaars van die geheimenisse van God nie (1 Kor. 4:1). Iemand wat dit die bediening van die Woord van God noem, sou dit reg beskrywe. Want Christus het dit binne hierdie grense beperk toe Hy sy apostels beveel het om uit te gaan en alles wat Hy hulle geleer het, aan al die volkere te leer

(Matt. 28:28). Het die mense wat vroeër die leiding oor die kerk van God gehad het, en ook die wat dit nou het, tog maar in gedagte gehou dat die bepaling van hierdie opdrag ook vir hulle gegeld het. So sou die aansien van die ware herders voortreflik bly voortbestaan het, en die mense wat die volk van God met meer as tirannieke onregverdigheid teister, sou ook nie op hulle valse mag geroem het nie.

Want ons moet dit waarvan ons elders alreeds 'n aanduiding gegee het, hier in gedagte hou: Al die gesag en aansien wat die Skrif aan profete of priesters of [470] aan die apostels en hulle opvolgers toeken, word hoegenaamd nie aan mense verleen nie maar aan die amp waarin hulle aangestel is, byvoorbeeld, om dit duidelik te stel, aan die Woord van God vir die bediening waarvan hulle geroepe is. Want as ons hulle almal, sowel profete en priesters as apostels en dissipels, ondersoek, sal ons vind dat hulle nie met enige mag om te beveel, te leer of te antwoord bevoorreg was nie behalwe in die Naam en die Woord God.

Dit was God se wil dat selfs Moses, die eerste van al die profete, gehoorsaam moes word. Maar wat het hy beveel of hoegenaamd verkondig behalwe wat hy van die Here ontvang het? Hy kon trouens nie anders nie. Hy het vroeër profete oor volkere en koninkryke aangestel om uit te ruk en om te gooi, om te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant (Jer. 1:10). Maar terselfdertyd word daar bygevoeg: "omdat Hy sy Woorde in hulle mond gelê het". Want geeneen van die profete het ooit sy mond geopen sonder dat die Here hom in sy woorde voorgegaan het nie. Vandaar dan dat die volgende uitdrukkings soveel keer by hulle herhaal word: "Die Woord van die Here; die swaard van die Here; die mond van die Here het gespreek; 'n gesig van die Here; die Here van die leërskare spreek". En ook met verdienste! Want Jesaja het uitgeroep dat sy lippe onrein is (Jes. 6:5). Jeremia het erken dat hy nie weet hoe om te praat nie omdat hy 'n kind was (Jer. 1:6). Wat anders as net onreinheid en dwaasheid kon uit Jesaja se onrein mond of uit Jeremia se verdwaasde mond te [471] voorskyn gekom het en as hulle maar net hulle eie woorde sou praat? Hulle lippe was egter heilig en rein van die oomblik af waarop dit instrumente van die Heilige Gees geword het.

In Esegiël word 'n pragtige beskrywing gegee van wat oor die algemeen die funksie van die profete was: "Seun van die mens, ek het jou as 'n wag aan die huis van Israel gegee; jy sal dus uit my mond die Woord hoor, en dit sal jy uit My aan hulle verkondig" (Eseg. 3:17). Iemand wat beveel word om die Woord uit die mond van die Here aan te hoor, word tog seker verbied om iets van sy eie daarby te versin? Wat anders beteken dit om van die Here te verkondig as om so te praat dat 'n mens hom met selfvertroue daarop kan beroem dat dit nie sy woord is nie maar die Woord van God wat hy gebring het. Dieselfde gedagte is ook in Jeremia in ander woorde uitgedruk: "Laat die profeet by wie 'n droom is, sy droom vertel en laat hy wat my Woord het, my Woord in waarheid spreek. Wat het die strooi met die koring te doen? spreek die Here" (Jer. 23:28). In verband met die priesters het die Here ook beveel dat die woord van die wet uit hulle mond gesoek moet word (Deut. 17:11), maar terselfdertyd het hy die rede bygevoeg dat hulle engele van die Here van die leërskare is (Mal. 2:7).

Maar laat ons nou ook na die apostels kyk. Hulle word inderdaad met baie voortreflike lofbetuiginge vereer, naamlik dat hulle die lig van die wêreld en [472] die sout van die aarde is (Matt. 5:13-14); dat ter wille van Christus na hulle geluister moet word (Luk. 10:16); dat alles wat hulle op die aarde bind of ontbind, in die hemel gebonde of ontbonde sal wees (Matt. 16:19; 18:18; Joh. 20:23). Inderdaad verklaar hulle met hulle naam hoeveel mag daar in die uitvoering van hulle taak aan hulle verleen is. Die mense wat nie na willekeur klets nie maar die bevele van Hom deur wie hulle gestuur is, getrou oordra, behoort apostels te wees. "Kyk," het Christus vir hulle gesê, "soos die lewende Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21). Op 'n ander plek getuig Hy met sy eie woorde hoe Hy deur die Vader gestuur is. Hy sê: "Dit is nie my leer nie maar die leer van Hom wat My gestuur het, naamlik die Vader s'n" (Joh. 7:16). Dit sou sondig wees om hierdie wet wat Christus Homself ook opgelê het, en daarna aan die apostels en hulle opvolgers, in 'n ongunstige lig te stel.

Maar met die wyse waarop die wet opgelê is, is dit heeltemal anders gesteld. Want Hy is die ewige en enige Raadsman van die Vader; Hy was altyd in sy boesem en het dit op so 'n wyse van die Vader

ontvang dat Hy terselfdertyd al die skatte en kennis en wysheid in Homself verborge kon hê (Kol. 2:3).

Uit hierdie bron het al die profete al die hemelse godsprake wat hulle ooit verkondig het, geput. Daaruit het ook Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob en al die ander wat God van die begin af die kennis [473] aangaande Hom waardig geag het, alles geput wat hulle van die hemelse leer geleer het. Want as dit wat Johannes die Doper gesê het, altyd waar is (soos dit is), naamlik "dat niemand God ooit gesien het nie, maar dat sy eniggebore Seun, wat in die boesem van sy Vader is, Hom aan ons verkondig het" (Joh. 1:8), en ook op 'n ander plek die woorde van Christus self dat niemand die Vader gesien het behalwe die Seun en iemand aan wie die Seun Hom wou openbaar nie (Matt. 11:27), hoe sou hulle dan die geheimenisse van God òf met hulle verstand kon begryp òf kon uitspreek as hulle nie deur die Seun, aan wie alleen die geheimenisse van die Vader geopenbaar is, daarin onderrig is nie?

Hierdie heiliges het God dus op geen ander wyse geken as om Hom in die Seun soos in 'n spieël te aanskou nie, en die profete het op geen ander wyse van God geprofeteer as deur die Gees van dieselfde Seun nie. Of as iemand sou verkies dat dit soos volg uitgedruk moet word: God het Homself nog nooit op 'n ander wyse as deur sy Seun geopenbaar nie, dit beteken deur sy enige wysheid, lig en waarheid. Maar hoewel die wysheid tevore op 'n verskeidenheid wyses tot openbaring gekom het, het dit tog nie toe al sy lig ten volle laat skyn nie.

Maar toe sy wysheid uiteindelik in die vlees geopenbaar is, het dit alles wat met die mens se verstand oor God begryp en alles wat in verband met God bedink moet word, ten volle aan ons verduidelik. Want die [474] apostel wou nie iets alledaags verkondig toe hy geskrywe het dat God vroeër op baie plekke en wyses deur die profete tot die vaders gespreek het maar dat Hy in hierdie laaste dae deur sy geliefde Seun tot ons gespreek het nie (Hebr. 1:1-2). Want hy dui aan, of, nee, hy verklaar openlik dat God hierna nie soos tevore van tyd tot tyd deur ander sal spreek nie en dat Hy ook nie profete op profete en openbarings op openbarings sal gee nie maar dat Hy elke aspek van sy onderwysing op so 'n wyse in sy Seun volbring het dat ons dit as sy laaste en ewige getuienis moet beskou. Hiervolgens word die hele verloop van die Nuwe Verbond vanaf die tyd waarop Christus Hom deur die verkondiging van sy evangelie aan ons geopenbaar het, tot by die oordeelsdag met die laaste uur (1 Joh. 2:18), die laaste tye (1 Tim. 4:1; 1 Petr. 1:20) en die laaste dae (Hand. 2:17; 2 Tim. 3:1; 2 Petr. 3:3) aangedui, soos ons elders terloops opgemerk het. Die doel daarvan is dat ons met die volmaaktheid van die leer van Christus tevrede moet wees en daarbenewens geen nuwe leer moet aanleer of vir onsself moet versin of toelaat dat so 'n leer deur ander versin word nie. Die Vader het dus sy Seun nie sonder rede met 'n buitengewone prerogatief as leraar oor ons aangestel toe Hy hom na ons gestuur het en ons gebied het om na Hom en na geen mens te luister nie. Met hierdie paar Woorde het Hy inderdaad sy onderwysing by ons aanbeveel toe Hy gesê het: "Luister na Hom" (Matt. 17:5). Maar hierin is meer gewig en krag as wat algemeen gedink word. Want dit is asof Hy ons van die onderwysinge van alle mense [475] wegneem, ons hierin alleen laat staan en ons beveel om die volle onderwysing van ons heil by Hom alleen te soek; om Hom alleen aan te hang, Hom alleen aan te kleef; kortom, om na Hom alleen te luister soos die woorde verklaar.

Wat sou ons nou van die mens moet verwag of vra wanneer die Woord van die lewe self hom diep binne-in ons vlees bevind? Behalwe as die hoop miskien sou bestaan dat die wysheid van God deur die mens oortref kan word! Ja, dit is gepas dat die mond van alle mense gesnoer word nadat Hy in wie dit die wil van die hemelse Vader was dat al die skatte van kennis en wysheid verborge moes wees, eenmaal gespreek het. En Hy het inderdaad op so 'n wyse gespreek as wat dit die wysheid van God, wat in geen opsig 'n gebrek het nie, en die Messias van wie die openbaring van alle dinge verwag is (Joh. 4:25), betaam het; dit beteken dat Hy na Hom niks meer vir ander oorgelaat het om te sê nie. Ek herhaal: Almal moet stil word, en Christus alleen moet spreek; almal moet verlate en verag word, en na Christus alleen moet geluister word. Want dit is sy besondere voorreg om ons te leer soos een wat gesag het (Matt. 7:29).

En niks duideliker as wat Hy self aan sy dissipels gesê het, kon gesê word nie: "Maar julle, laat julle nie rabbi noem nie; want Een is julle leermeester: Christus" (Matt. 23:8). En om die woorde nog dieper in hulle gemoed te laat insink, herhaal Hy dit twee maal in dieselfde onderwerp (Matt. 23:9-10). Slegs [476] hierdie een eis is vir die apostels gelaat, en dit is selfs nou nog vir hulle opvolgers geldig, dat hulle noulettend aan die wet moet hou waarvolgens Christus hulle sending beperk het toe Hy beveel het dat hulle moes gaan en al die volkere moes leer – nie wat hulleself onbesonne onder hulleself geskep het nie, maar alles wat Hy hulle beveel het (Matt. 28:19-20).

Ook die apostel Petrus, wat deeglik deur die Meester onderrig is oor hoeveel hom geoorloof was, het niks vir homself of vir ander oorgelaat nie. Hy sê: "Laat hy wat spreek, Woorde van God spreek" (1 Petr. 4:11). Wat beteken dit anders as om alle uitvindings van die mens, uit watter brein dit ook al ontstaan het, af te weer sodat slegs die suiwere Woord van God in die kerk van die gelowiges onderrig en aangeleer kan word? Wat beteken dit anders as om die besluite van alle mense, van watter stand hulle ook al is, op te hef sodat die besluite van God alleen kan bly staan? Dit is die geestelike wapens om deur die krag van God die vestings te verwoes waardeur die getroue soldate van God die planne verbreek en elke hoogte wat teen die kennis van God opgewerp word, en elke gedagte om Christus te gehoorsaam gevange neem en ons gereed hou om alle ongehoorsaamheid te straf (2 Kor. 10:4-5). Kyk, hier is 'n duidelike en helder beskrywing van die bevoegdheid waarmee herders van die kerk – hoe hulle ook al genoem word – paslik toegerus moet wees, naamlik dat hulle alles met die Woord van God, waarvan hulle as dienaars en rentmeesters [477] aangestel is, moet aandurf; dat hulle al die kragte van die wêreld, al die roem en verheffing moet dwing om voor sy majesteit te swig en daaraan gehoorsaam te wees; om oor almal van die hoogste tot die laagste bevel te voer; om die huis van Christus te bou en die ryk van die Satan te vernietig; om sy skape te laat wei en die wolwe dood te maak; om die ontvanklikes aan te moedig en te onderrig maar om die opstandiges en hardkoppiges aan te kla, te bestraf en te onderdruk; om te ontbind en vas te bind; kortom, om te weerlig en te blits – maar alles uit die Woord van God.

Maar as ons hierdie mag met die mag vergelyk waarmee hierdie geestelike tiranne wat voorgee dat hulle biskoppe en begeleiers van siele is, hulle tot dusver aan die volk van God verkwansel het, sal die ooreenstemming niks beter as tussen Christus en Belial wees nie (2 Kor. 6:15). In die eerste plek begeer hulle dat ons geloof volgens hulle besluit moet staan of val, sodat alles wat hulle na die een of die ander kant bepaal het, onwrikbaar vas in ons gemoedere moet bly staan; sodat as hulle iets goedkeur, dit ook sonder twyfel deur ons goedgekeur moet word, of as hulle iets verdoem, dat dit dan as verdoem beskou moet word. Daaruit ontstaan die beginsel onder hulle: dat dit in die kerk se mag is om geloofsartikels op te stel; dat die gesag van die kerk dieselfde is as die gesag van die Heilige Skrif; dat iemand nie 'n Christen is nie behalwe as hy met hulle volle dogma sowel positief as negatief, met 'implisiete of [478] eksplisiete' geloof asook ander vorme van dieselfde aard saamstem nie.

In die tweede plek begeer hulle dat ons ons gewetes aan hulle gesag moet onderwerp, sodat die dwang om aan al die wette wat hulle instel, ons bybly. Maar intussen verag hulle die Woord van God, en na willekeur hamer hulle dogmas uit; later eis hulle dat ons daarop moet vertrou, en hulle stel wette op om die eerbiediging daarvan vir ons verpligtend te maak. En tog eien hulle hulle hierdie ongebondenheid om nuwe dogmas te verklaar en geloofsartikels op te stel ten onregte toe. Ons het trouens so pas nog aangedui dat hierdie vryheid van die apostels weggeneem is.

Maar as hulle nog nie hierin berus nie: Paulus het sekerlik ontken dat hy oor die geloof van die Korintiërs, tot wie se apostel hy deur die Here verordineer is, geheers het (2 Kor. 1:24). Maar as hy so 'n vryheid om te onderrig sou erken, dan sou hy nooit hierdie onderwysing aan hulle kerk oorgedra het nie – naamlik dat, as twee of drie profete spreek, die ander dit moet beoordeel. Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, dat die eerste dan moet swyg (1 Kor. 14:29-30). Want so het hy niemand gespaar sonder om sy gesag aan die oordeel van die Woord van God te onderwerp nie. Maar elders stel hy dit nog baie duideliker wanneer hy ons geloof van alle menslike

oorlewering en versinsels vrymaak en sê dat die geloof uit die gehoor is maar die gehoor deur [479] die Woord van God (Rom. 10:17).

As die geloof dan slegs van die Woord van God afhanklik is; as dit slegs daarop gerig is en daarin alleen berus, watter plek word dan nog vir die woord van die mens gelaat? Hoewel die bevoegdheid om wette te maak selfs aan die apostels onbekend was en herhaaldelik deur die Woord van God van sy bedienaars weggeneem is, verbaas ek my daaroor dat sommige mense nogtans sonder die voorbeeld van die apostels en strydig met die openlike verbod van God waag om hulle dit toe te eien. Want daar is geen dubbelsinnigheid oor wat Jakobus skryf nie: "Hy wat sy broeder oordeel, oordeel oor die wet. Hy wat oor die wet oordeel, is nie 'n waarnemer van die wet nie, maar 'n reg ter. Daar is maar net een Wetgewer wat die mag het om te red of te verderf" (Jak. 4:11-12).

Dit is ook in Jesaja gesê, hoewel dit 'n bietjie vaer is. "Die Here is ons Koning; die Here is ons Wetgewer; die Here is ons Regter; Hy het ons verlos" (Jes. 33:22). Ons verneem ook van Jakobus dat Hy wat mag oor die siel het, die oordeel oor lewe en dood uitspreek. Aangesien geen mens hom die mag kan toe-eien nie, moet God dus as die enigste Koning oor ons siele erken word, en by Hom alleen is die mag om te red of te verderf; of, soos die Woorde van Jesaja aandui, Hy alleen is Koning, Regter, Wetgewer en Verlosser. Wanneer Petrus die herders oor hulle pligte vermaan, spoor hy hulle aan om hulle kudde so te laat wei dat hulle die 'geestelikheid' nie oorheers nie; [480] met hierdie woord dui hy die erfenis van God, dit is die volk van gelowiges, aan (1 Petr. 5:2-3). Kyk, nou is al die mag wat die mense wat die Woord van God na die kroon wil steek, afgesny en wortel en tak uitgeruk. Want niks van die aard is aan die apostels gegun om hulle eie leer of hulle eie koninkryk op te rig nie, maar slegs om die koninkryk en die leer van God groot te maak.

Ek hoor wat hulle ten behoewe van hulleself hierop gaan antwoord: dat hulle oorlewering nie uit hulleself ontstaan het nie maar uit God; dat hulle nie hulle besondere uitvindings uitblaker nie maar dat hulle dit wat hulle van die Heilige Gees ontvang het, as 't ware met hulle hande oordra aan die Christelike volk waaroor hulle deur die voorsienigheid van God aangewys is om hulle te regeer. Hulle voer ook redes aan om hulle standpunt te bevestig: dat daar duidelike beloftes bestaan waarvolgens Christus belowe dat die teenwoordigheid van sy Gees die kerk nooit sal ontbreek nie; dat daar heldere beskrywings bestaan waarmee die kerk deur die stem van God gemerk is; dat dit heilig en onbevlek, sonder smet of vlek is (Ef. 5:27), en ook ander uitsprake wat met dieselfde betekenis uit die Skrif aangevoer kan word. As iemand daarom twyfel oor die gesag van die kerk, dat hy dan nie alleen goddeloos en beledigend teenoor die kerk is nie maar ook teenoor die Gees van Christus, deur wie se leiding die kerk sonder twyfel geregeer word. Om hierdie rede wou Christus iemand wat die kerk nie gehoorsaam het nie, as 'n heiden en tollenaar [481] beskou. Dat om die rede alle mense dus onverdrote [onverfloude, volhoudende] met hulle opvatting moet saamstem dat die kerk nie ten opsigte van die dinge wat vir ons redding noodsaaklik is, kan dwaal nie.

Maar nou beweer hulle dat alles wat in verband met die kerk gesê word, binne hulle bevoegdheid val. Want hulle beweer dat die hele kerk ineenstort of staande bly deur die mense deur wie se skouers dit onderskraag word of waarop dit steun. Dat die vergaderings van die kerk gevolglik dieselfde waarheidsekerheid het as die kerk en dat die vergaderings deur bemiddeling van die Heilige Gees geregeer word, aangesien die vergaderings die kerk verteenwoordig sodat dit nie kan dwaal nie. Wanneer hulle dit bereik, dan volg terselfdertyd dat hulle tradisies openbaringe is wat uit die Heilige Gees voortkom, met die gevolg dat dit nie geminag kan word sonder om ook God oneerbiedig te minag nie. En om te verhoed dat dit sou lyk asof hulle iets sonder belangrike gesag aanpak, wil hulle hê dat ons moet glo dat die grootste deel van hulle eredienste uit die apostels voortgevloei het. Sulke eerbiedigings is byvoorbeeld gebede vir die afgestorwenes en die bykans wêreldwye reëls van hulle seremonies. Want hulle hou dit as onweerlegbaar voor dat baie dinge na die hemelvaart van Christus aan die apostels geopenbaar is hoewel dit nie in die Skrifte opgeneem is nie: Dat die Here byvoorbeeld aan hulle gesê het: "Ek het baie om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie, maar julle sal dit later weet" (Joh. 16:12). Hulle [482] opvatting is dat een voorbeeld

genoeg is om aan te dui wat die apostels in ander opsigte gedoen het. Toe hulle byvoorbeeld vergader het, het hulle na aanleiding van 'n besluit van hulle vergadering al die heidene gelas om hulle te weerhou van afgodsoffers, van offers wat verwurg is, en van bloed (Hand. 15:29).

Maar ek sal sorg dat almal wat saam met my elkeen van die verskonings in volgorde wil ondersoek, sonder moeite kan insien hoe flou en belaglik al hulle redenasies is. Ek sou hulle inderdaad aanspoor om ernstig hierop ag te slaan as ek maar net daarop kan vertrou dat ek in my onderwysing enige invloed op hulle kon hê. Maar aangesien hulle alle oorwegings vir die waarheid laat vaar het en slegs die een doel voor oë het, naamlik om hulle eie belang op watter wyse ook al te behartig, is ek van mening dat ek niks met hulle kan uitrig nie. Ek sal slegs 'n paar Woorde sê sodat die goeie mense wat hulle vir die waarheid beywer en wie se onderwysing ons ten aanvang op ons geneem het, hulleself van hulle valstrikke kan losmaak. Sulke mense moet ek egter waarsku om nie deur die valse dekmantel van die kerk waarop hierdie gevaarlike en dodelike vyande van die kerk hulle sonder rede beroem, beïnvloed te word nie.

Want hulle hou dieselfde verskonings voor as wat die Jode klaarblyklik vroeër aangebied het toe hulle deur die profete van die Here oor hulle blindheid, goddeloosheid en afgodediens bestraf is. Want net soos [483] hulle hulle met groot vertoon op die tempel, hulle seremonies en priesterskappe beroem het en die kerk met groot oortuiging – soos dit vir hulle gelyk het – daaraan gemeet het, net so word die uiterlike skim van die kerk, wat dikwels ver weg is van die kerk en waarsonder die kerk baie beter staande kan bly, nou aan ons voorgehou. Daarom moet ons hulle met dieselfde redenasie weerlê as waarmee Jeremia die dwase vertroue van die Jode beveg het, naamlik dat hulle nie op bedrieglike woorde moet roem wanneer hulle sê: "Die tempel van die Here; dit is die tempel van die Here; die tempel van die Here!" (Jer. 7:4) nie. Want die Here erken nêrens iets as Syne nie behalwe waar sy Woord gehoorsaam en eerbiedig waargeneem word nie. Want dit is voortdurend die teken waarmee ons Here die wat aan Hom behoort, gemerk het: Hy sê: "Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem" (Joh. 18:37), en net so: "Ek is die goeie herder en Ek ken my skape en word deur my skape herken. My skape luister na my stem en Ek ken hulle en hulle volg My" (Joh. 10:14). 'n Rukkie tevore het Hy gesê dat die skape hulle herder volg omdat hulle sy stem ken, maar dat hulle 'n vreemdeling nie volg nie maar van hom af wegvlug omdat hulle nie die stem van vreemdelinge ken nie. Waarom raak ons dan eiewillig rasend in ons soeke na die kerk hoewel Christus dit met 'n teken gemerk het waaroor hoegenaamd geen twyfel kan bestaan nie. En waar dit ook al te sien is, kan dit ons nie ontgaan dat dit die kerk daar met sekerheid aandui nie; maar waar dit ontbreek, bly daar niks meer oor om die ware betekenis van die kerk te [484] kan aandui nie. Ons moet liewer tussen Jerusalem en Babilon, tussen die kerk van Christus en die komplot van Satan na aanleiding van die onderskeid wat Christus tussen hulle maak, onderskei. Hy sê: "Hy wat van God is, luister na die Woord van God; daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie" (Joh. 8:47).

Opsommend: Aangesien die kerk die koninkryk van Christus is en Hy slegs deur sy Woord daaroor regeer, sal dit vir niemand onduidelik wees dat hulle woorde die woorde van die leuen is waarmee hulle die versinsel skep dat die koninkryk van Christus sonder sy septer, dit is sonder sy heilige Woord, is nie. Maar as ons al die maskers en klatergoud daaruit wegneem en ons oë gerig hou op dit wat ons eerste liefde behoort te wees en ook vir ons van die grootste belang is, naamlik 'n kerk soos wat Christus vir Homself wou hê, sodat ons ons na aanleiding van die maatstaf daarvan kan formeer en toeberei, sal ons geredelik begryp dat dit nie die kerk is wat die grense van die Woord van God oorskry en losbandig alle perke te buite gaan deur nuwe wette te maak en nuwe dinge onder 'n skyn van godsdienstigheid uit te dink nie. Want bly die wet wat vroeër vir die kerk gegeld het, nie ewig nie? "Alles wat Ek jou beveel, moet jy eerbiedig om dit te doen; daarby mag jy niks voeg nie en daarvan niks wegneem nie" (Deut. 12:32); en elders: "By die Woord van die Here mag jy niks byvoeg of daaruit wegneem nie, sodat Hy nie miskien van jou rekenskap eis en jy as 'n leuenaar bevind word nie" (Spr. 30:6). [485] Aangesien daar nie ontken kan word dat dit aan die kerk gesê is nie, wat anders verkondig hulle dan as juis weerspannigheid van die kerk aangesien hulle ten spyte van so 'n verbod daarop roem dat daar wel geleentheid is om iets van hulle eie by te voeg by en te vermeng met die

Woord van God. Laat dit dus ver van ons wees om met hulle leuens, waarmee hulle so 'n groot smaad oor die kerk oproep, saam te stem.

Maar wanneer dit handel oor die teuelloosheid van die mens se onbesonnenheid wat hom nie binne die voorgeskrewe perke van die Woord van God kan bepaal sonder om dit voortvarend oor te steek en agter sy eie uitvindings aan te hardloop nie, moet ons besef dat die benaming 'kerk' valslik aan ons voorgehou word. Daar is tog niks ingewikkelds, niks vaags en niks dubbelsinnigs in daardie woorde waardeur die hele kerk verbied word om iets by die Woord van God te voeg of iets daarvan weg te neem wanneer dit oor die aanbidding en eerbiedsbetoning aan God handel nie.

Die Here, wat lank tevore reeds verklaar het dat niks Hom meer grief as om met die uitvindsels van die mens aanbid te word nie, het tog nie teenoor Homself ontrou geword nie! Hieruit spruit daardie helder uitsprake in die profete wat voortdurend in ons ore moet weerklink: "Ek het nie met julle vaders gespreek en hulle op die dag toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, geen bevel in verband met brandoffer of slagoffer gegee nie, maar dit het Ek hulle beveel en gesê: [486] 'Luister na my stem, en Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees; en julle sal wandel in al die weë wat ek julle beveel het'" (Jes. 7:22-23); net so: "Want Ek het julle vaders nadruklik gewaarsku: Luister na my stem" (Jer. 11:7). Daar is ook ander uitsprake van dieselfde aard, maar die volgende munt in besonder bo al die ander uit: "Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Want gehoorsaamheid is beter as offerandes, en om te luister is beter as die vet van ramme. Want weerstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en om nie te berus nie is die ongeregtigheid van afgodediens" (1 Sam. 15:22-23). Watter verdediging dus ook al op gesag van die kerk in hierdie opsig vir die uitvindsels van die mens aangevoer word, word voor die hand liggend valslik die kerk toegereken en ten laste gelê, aangesien die uitvindsels van die mens nie van die klag van goddeloosheid vrygespreek kan word nie.

Om hierdie rede trek ons vrymoedig te velde teen die tirannie van die mens se tradisies wat hooghartig onder die naam van die kerk op ons afgelaai word. Want ons hou die kerk nie tot bespotting soos ons teenstanders onregverdig lieg om ons gehaat te maak nie, maar daaraan gee ons die lof van ons gehoorsaamheid, en die kerk ken geen groter lof as dit nie. Maar juis die mense wat die kerk teen sy Here weerstrewig maak wanneer hulle die voorstelling maak dat die kerk die perk verbygesteek het wat die Woord van God daarvoor veroorloof, doen die kerk ernstige onreg [487] aan. Laat ek maar swyg hoe opsigtelik hulle skaamteloosheid, tesame met ewe veel boosheid, is om voortdurend luid die mag van die kerk te verkondig maar intussen nie bekend te stel wat die Here die kerk gebied het en hoe hy die gebod van die Here moet gehoorsaam nie. Maar as ons die voorneme het om soos dit ons betaam, met die kerk saam te stem, dan is dit eerder van belang om te kyk en te onthou wat deur God aan ons en sy hele kerk opgedra word sodat ons Hom eensgesind kan gehoorsaam. Want daar kan geen twyfel daaroor bestaan dat ons op die heel beste wyse met die kerk sal saamstem as ons ons in alles aan die Here gehoorsaam betoon nie.

Die kerk het inderdaad die uitmuntendste beloftes dat dit nooit deur Christus, die Bruidegom daarvan, in die steek gelaat sal word nie maar dat dit deur sy Gees tot volle waarheid gebring sal word. In die eerste plek is al die beloftes wat hulle gewoonlik aanhaal, nie minder aan al die gelowiges afsonderlik as aan die hele volk van gelowiges gegee nie. Want hoewel die Here met die twaalf apostels gepraat het toe Hy gesê het: "Kyk, ek is met julle tot die voleinding van die eeue" (Matt. 28:20), en net so: "Ek sal tot die Vader bid en Hy sal vir julle 'n ander Trooster gee om tot in ewigheid saam met julle te bly: die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kon ontvang nie, omdat dit Hom nie sien nie en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom omdat Hy by julle sal bly en in julle sal. wees" (Joh. 14:16-17), het Hy dit tog nie net vir die twaalf belowe nie maar vir [488] elkeen van hulle afsonderlik en ook vir sy ander dissipels wat Hy alreeds in sy koninkryk opgeneem het of later sou opneem.

Maar wanneer hulle sulke beloftes wat vol van die uitnemendste vertroosting is, op so 'n wyse interpreteer asof dit nie aan elke Christen gegee is nie maar aan die hele kerk, wat doen hulle dan

anders as om die vertroosting wat hulle uit hierdie bron moes toekom, van al die Christene weg te neem? Hier ontken ek nou nie dat die Here, in alles ryk aan barmhartigheid en goedheid, Homself nie tog teenoor sommiges milder en ryker uitstort, soos Hy noodwendig doen teenoor die wat as leraars oor ander aangestel is om hulle met groter gawes te oorlaai, en sy gawes, uiteenlopend en menigvuldig soos dit is, ook verskillend uitdeel nie (1 Kor. 12). Kortom, ek ontken nie dat die gemeenskap van die vromes wat van so 'n verskeidenheid gawes voorsien is, met 'n veel ryker en groter skat van hemelse wysheid bedeeld is as elkeen afsonderlik nie. Maar ons moet nie voor hulle swig wanneer hulle hierdie woorde van die Here in 'n ander betekenis as waarin dit bedoel is, verwring nie!

Ons bely doodeenvoudig wat dit in werklikheid is, naamlik dat die Here altyd die wat aan Hom behoort, bystaan en dat Hy hulle met sy Gees regeer; dat dit nie 'n Gees van dwaling, onkunde, van die leuen of van duisternis is nie maar die Gees van openbaring, waarheid, wysheid en lig waaruit mense sonder bedrog kan leer wat God aan hulle gegee het; dit beteken: [489] wat die hoop van hulle roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van die erfdeel van God en wat die uitnemende omvang van sy krag teenoor alle gelowiges is (Ef. 4:18). Daarbenewens bely ek dat die Here so 'n verdeling van sy genadegawes in sy kerk beskik het dat daar altyd mense mag wees om in buitengewone gawes tot die stigting daarvan uit te munt. Want Hy het apostels, profete, leraars en herders daaraan gegee om hulle almal in verskeie bedieningstake maar in eensgesindheid op die gemeenskaplike opbou van die kerk toe te lê totdat ons almal mekaar tot eenheid van geloof en tot kennis van die Seun van God in die volmaakte mens tot die maat van die leeftyd van die volheid van Christus ontmoet (Ef. 4:11-12).

Maar aangesien gelowiges en selfs die wat met meer uitmuntende gawes as die res begiftig is, in hierdie vlees slegs maar die eerste vrugte en 'n voorsmakie van sy Gees ervaar (Rom. 8:23), bly daar vir hulle niks beters oor as om aan hulle eie swakheid gedagtig te wees en hulle versigtig aan die perke van die Woord van God te hou om te verhoed dat hulle die regte weg heeltemal byster raak as hulle na eie willekeur te ver wegdwaal nie. Daar behoort sekerlik hoegenaamd geen twyfel daaroor te bestaan dat as hulle selfs in die geringste mate van die Woord van God afwyk, hulle in baie euwels moet verval nie, in soverre as wat hulle dan van die Gees, deur wie se onderwysing alleen die geheimenisse van God waargeneem kan word, verstoke is.

[490] Want soos Paulus skrywe, het Christus die kerk met die afwassing van water in die Woord van die lewe gereinig om die kerk as 'n voortreflike bruid vir Homself te bied, sonder vlek of rimpel of iets van dié aard, maar sodat die kerk heilig en onbevlek kan wees. Paulus leer ons eerder wat Christus elke dag werk onder die wat aan Hom behoort, as wat Hy alreeds volbring het. Want as Hy hulle van dag tot dag heilig maak, hulle reinig, suiwer en hulle vlekke van hulle afvee, dan is dit duidelik dat hulle nog met enkele gebreke en rimpels besmet is en dat daar nog iets aan hulle heiligmaking ontbreek. Maar hoe sinneloos en ongelooflik is dit nie om te reken dat die kerk nou heilig en onbevlek is hoewel al die lede daarvan bevlek en ietwat onrein is? Dit is dus waar dat Christus die kerk met 'n waterbad in die Woord van die lewe gereinig het; dit beteken: Hy het die kerk met vergiffenis van sondes afgewas, en die teken van hierdie afwassing is die doop. Dit het Hy gedoen met die oog daarop om dit vir Homself heilig te maak. Maar slegs die begin van die kerk se heiligmaking kan hier gesien word; die einde en onwrikbare voleinding daarvan sal eers te voorskyn tree wanneer Christus, die Heilige van alle heiliges, die kerk waaragtig en onwankelbaar met sy heiligheid vul.

Daarom vertrou die kerk van die gelowiges op die groot omvang van sy beloftes en het dit daarin 'n bron waaruit die kerk sy geloof voortreflik kan onderskraag, omdat die kerk geen twyfel het dat hy in die Heilige Gees altyd die beste en sekerste gids vir [491] die regte weg het nie. Die kerk steun ook nie op ydel vertroue nie. Want die Here is nie 'n God wat die mense wat aan Hom behoort, tevergeefs voed en die geloof wat Hy aan hulle gegee het, laat vergaan nie. Aangesien die kerk aan die ander kant deeglik in die skuldbesef en kennis van sy eie onkunde en ongeskooldheid onderlê is en dit die kerk betaam om 'n rein bruid en nugter leerling te wees, sal dit voortdurend en aandagtig aan die

mond van haar Meester en Bruidegom hang.

Die kerk bring uit homself geen wysheid voort nie; uit homself bedink hy niks nie maar stel 'n perk vir sy wysheid op die punt waar Christus 'n perk aan woorde gestel het. So wantrou die kerk terselfdertyd al die vindingrykheid van sy eie verstand! Maar in die dinge waarin hy op die Woord van God steun, gaan die kerk nie uit wantroue of aarseling aan die wankel nie maar vind in groot sekerheid en onwrikbare bestendigheid berusting.

Dit is dus glad nie verbasend as Christus met 'n uitsonderlike woord van God die gesag van sy kerk by ons aanbeveel het nie, sodat dit sy wil was dat elkeen wat nie daarna wou luister nie, as 'n heiden en tollenaar beskou moes word. Dan voeg Hy daaraan 'n buitengewone belofte toe, naamlik dat waar twee of drie in sy Naam vergader is, Hy in hulle midde sal wees (Matt. 18:17). Maar dit is wel baie verbasend dat hierdie deugniete hulle nie skaam om om die rede te waag om van hulle verstand af te raak nie. Want wat [492] sal hulle nou eintlik anders bereik as net dat hulle die eensgesindheid van die kerk, wat slegs op die waarheid van die Woord van God eenstemmig is, moet vertrap nie?

"Die kerk moet gehoorsaam word", sê hulle – wie ontken dit? – "aangesien die kerk niks behalwe uit die Woord van God verkondig nie." As hulle iets meer eis, moet hulle weet dat hierdie woorde van Christus geen steun vir hulle eis bied nie. Want aangesien die belofte aan die mense wat in die Naam van Christus vergader is, gegee is en so 'n vergadering "kerk" genoem word, gee ons hoegenaamd nie toe dat dit 'n kerk is as dit nie in die Naam van Christus vergader is nie. Maar beteken dit dan om in die Naam van Christus te vergader as hulle die gebod van God verwerp waarvolgens Hy verbied dat iets aan sy Woord toegevoeg of weggeneem mag word, en enigiets na hulle wens te bepaal? (Deut. 12:32; Spr. 30:6).

Sover dit hulle laaste afleiding betref dat die kerk nie in die dinge wat vir ons redding noodsaaklik is, kan dwaal nie – daarteen verset ons ons glad nie. Maar hier verskil ons in die betekenis daarvan hemelsbreed van hulle. Onder 'kan nie dwaal nie' verstaan ons dat die kerk alle wysheid van sy eie laat vaar het en toelaat dat dit deur die Heilige Gees aan die hand van die Woord van die Here geleer word. Hulle redenasie is hierop afgestem: aangesien die kerk deur die Gees van die Here geregeer word, kan dit onbesorg sonder die Woord voortskry, waarheen dit ook [493] al koers vat; dat dit niks anders as die waarheid dink of praat nie.

Maar laat ons alles in verband met die kerk aan hulle toegee, dan het hulle tog nie soveel vordering vir hulle tradisies gemaak nie. Want hulle opvatting dat die waarheid nie in die kerk bly tensy die herders met mekaar saamstem nie, en dat die kerk self nie bestaan as dit nie in algemene vergaderings skitter nie, is ver weg daarvan dat dit altyd waar was – dit wil sê as die getuienis wat die profete in verband met hulle tydperke aan ons oorgelewer het, waar is. Jesaja sê: "Hulle magte is almal blind en hulle bemerk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; hulle lê en slaap en is lief om te sluimer; hulle herders weet en begryp niks nie, en hulle almal is bekommerd oor hulle eie weë" (Jes. 56:10-11). Maar ook Jeremia sê: "Van die profeet tot die priester pleeg hulle almal bedrog" (Jer. 6:13); en net so: "Die profete profeteer vals in my Naam hoewel Ek hulle nie gestuur het nie en Ek aan hulle geen bevel gegee het nie" (Jer. 14:14). En ook Esegiël sê: "'n Sameswering van sy priesters is in sy midde, soos 'n leeu wat brul en sy prooi verskeur. Hulle het hulle siele opgeëet, en wat kosbaar is, het hulle geroof en die weduwees in sy midde vermenigvuldig. Sy priesters het my wet geskend en my heilige dinge ontheilig; tussen heilig en onheilig het hulle geen onderskeid gemaak nie" (Eseg. 22:25-26). "Sy profete het vir hulle met swak sement gepleister deur bedrieglike gesigte te sien en leuens [494] te voorspel wanneer hulle sê: 'Die Here het gespreek', terwyl Hy nie gespreek het nie" (Eseg. 22:28). Ook Sefanja sê: "Sy profete is onbestendig, sy manne bedrieglik. Sy priesters het sy heilige dinge geskend en die wet oortree" (Sef. 3:4). Hoe dikwels het Christus en sy apostels nie daarbenewens voorspel dat die grootste gevare vir die kerk deur sy eie herders teweeggebring sou word nie? (Matt. 24:11: Hand. 20:29-30; 2 Tess. 2:3; 1 Tim. 4:11; 2 Tim. 3:1; 2 Petr. 2:1). En om nou nie baie bladsye te vul deur die voorbeelde op te noem nie: ons word deur die voorbeelde, nie alleen van hulle tye nie maar van alle eeue, gewaarsku dat die

waarheid nie altyd in die boesem van die herders daarvan gevoed word nie en dat die ongeskondenheid van die kerk nie van hulle welstand afhanklik is nie.

Maar dit het hulle betaam om verdedigers en bewakers van die kerk se vrede en heil te wees, aangesien hulle oor die behoud daarvan aangewys is. Maar dit is een ding om te lewer wat jy verskuldig is en 'n ander om verskuldig te wees wat jy nie lewer nie.

Maar tog moet niemand ons Woorde so opneem asof ek sou meen dat die gesag van herders oral onbesonne en sonder onderskeid ondermyn moet word nie. Ek sou slegs wou hê dat hulle ook onderskeiding aan die dag lê sodat ons nie dadelik die mense wat so genoem word, as herders moet beskou nie. Want ons moet dit so beskou dat hulle hele plig toegespits moet wees op die bediening van die Woord van God; al hulle [495] wysheid op die wysheid van sy Woord en al hulle welsprekendheid beperk tot die verkondiging daarvan. As hulle hiervan afwyk, moet ons hulle beskou as mense wat van hulle sinne beroof en stompsinnig, as stamelaars, as mense wat in alle opsigte ongelowig is en hulle plig versaak het, of hulle ook al profete of biskoppe of onderwysers of iets wat nog belangriker as dit is. Nou praat ek nie van een of twee nie maar van die hele groep herders; as hulle die Woord van God verlaat, word hulle deur hulle eie sintuie weggevoer, en hulle kan niks anders as gekke word nie.

En tog lewer hulle hulleself om geen ander rede aan so 'n losbandige teuelloosheid uit nie as bloot omdat hulle herders is wat alle gehoorsaamheid aan die Woord van God laat vaar en verwerp het. Net asof Josua nie ook 'n herder was aan wie gesê is dat hy nie na links of na regs moes afwyk nie maar al die voorskrifte van die wet moes bewaar en nakom (Josua 1:7). En intussen span hulle hulle in om ons te oortuig dat die lig van die waarheid hulle nie ontneem kan word nie; dat die Gees van God voortdurend in hulle bly; dat die kerk in hulle voortbestaan en saam met hulle te sterwe kom. Net asof daar nou geen oordele van God meer bestaan sodat dieselfde dinge ons nie nou ook te beurt kan val as wat die profete oor die mense van hulle eeue verkondig het nie! Sulke uitsprake is byvoorbeeld: "Die priesters sal verstom staan en die profete verskrik word" (Jer. 4:9); net so: "Die wet sal verlore wees vir die priester en raad vir die [496] oudstes" (Eseg. 7:26) – net asof die profesieë van Christus en sy apostels ook vals is. Sulke profesieë is die volgende: "Baie valse profete sal in my Naam kom" (Matt. 24:5); net so: "Ek weet dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom (Paulus spreek die biskoppe van die kerk van Efese toe) wat die kudde nie sal spaar nie en uit julleself sal daar manne wees wat verkeerde dinge praat om die dissipels agter hulle aan weg te trek" (Hand. 20:29-30); net so: "Daar was valse profete onder die volk soos daar ook onder julle valse leraars sal wees om sektes, verraad en baie ander dinge van dieselfde aard onder julle in te voer" (2 Petr. 2:1).

Die uiterste dwase besef nie dat hulle nou dieselfde deuntjie sing as wat die mense vroeër gesing het toe hulle teen die Woord van God gestry het toe hulle met dieselfde selfvertroue die dinge gesê het waarop die dwase nou steun nie: "Kom, ons sal planne teen Jeremia beraam, want die wet sal nie vir die priester tot niet gaan of raad vir die wyse of die woord vir die profeet nie" (Jer. 18:18).

Al sou hulle daarom die vergaderinge van biskoppe duisend maal vermeld, sal dit hulle weinig baat. Hulle sal nie regkry om ons te laat glo dat die vergaderings deur die Heilige Gees geregeer word voordat hulle ons daarvan oortuig dat hulle in die Naam van Christus vergader nie, aangesien goddelose en bose biskoppe net sowel teen die Naam van Christus kan saamsweer as wat goeie en regskape biskoppe in die [497] Naam van Christus kan vergader. Die groot hoeveelheid dekrete wat uit sulke vergaderings te voorskyn kom, is vir ons 'n duidelike bewys daarvan. Dit sou nie vir my baie moeilik wees om met glasheldere argumente hulle goddelose boosheid oop en bloot aan te dui nie, as dit nie was dat ek my vir 'n bondige samevatting beywer het soos dit in hierdie werkie noodsaaklik is nie. Tog sou ons uit een hoofpunt kon aflei wat die aard van die res is: Paulus verklaar dat dit huigelary en bedrog van die duiwels is om selibaat te eis en mense te verbied om voedsel te eet (1 Tim. 4:1-3). Daar is geen gronde waarop hulle die woorde na die Manicheërs en navolgers van Tatianus kan terugvoer om hulleself te verontskuldig en die klag teen hulle dat 'n huwelik en vleis

geheel en al deur hulle verdoem is, na ander oor te plaas nie, aangesien die huwelik dan slegs vir bepaalde mense deur hulle verbied word en die gebruik van vleis slegs op bepaalde dae. Want hulle is nie in staat om hulle dekrete wat die mense verbied om 'n huwelik te sluit en hulle beveel om hulle van voedsel te weerhou, te verontskuldig nie, omdat God dit geskep het sodat ons dit met dankbetoon kan aanneem. Want die hele skepping van God is goed en heilig vir sy gelowiges en vir die wat die waarheid ken.

Maar aangesien hierdie orakels van die Satan deur bemiddeling van hulle vergaderings bekend gestel is, moet elkeen vir homself dink wat verder van die werktuie van die Satan te wagte is. Hoef ek verder 'n opsomming te gee van hoe hulle vergaderings met ander [498] vergaderings bots en hoe maatreëls wat deur een vergadering ingestel is, weer deur 'n ander vergadering herroep is? Hulle sê: "In die vasstelling van ons sedes is meningsverskil gewoonlik gebruiklik. Daar is niks wat ons verhinder om na die wisseling van die tydsgewrig met die oog hierop verskillende maatreëls in te stel nie; inteendeel, dit het soms gelyk asof die vergaderings ten opsigte van die leer soms heftig van mekaar verskil". So het die vergadering wat keiser Leo byeengeroep het, verskil van die vergadering van Nicea, wat Irene uit afguns teenoor hom later byeen laat kom het. Een van hierdie vergaderings het besluit dat beelde verwyder en vernietig moet word; die ander vergadering het besluit dat dit weer in ere herstel moet word. En daar was selde eenstemmigheid tussen die 'Oosterse en die Westerse kerk', soos hulle dit noem. Laat hulle dan nou gaan en volgens hulle gewoonte hulle daarop beroem dat die Heilige Gees aan hulle vergaderings geheg en verbind is!

Maar nou betoog ek nie hier dat alle vergaderings verdoem of die handelinge van hulle almal ongeldig verklaar of, soos die spreekwoord lui, met een streep deurgehaal moet word nie. Want ek merk in sommige vergaderings, en in besonder in daardie vergaderings van ouds, 'n opregte ywer vir die geloof asook duidelike tekens van insig en gesonde verstand. Ek het ook geen twyfel daaroor dat in ander tye die vergaderings biskoppe van beter gehalte gehad het nie. Maar in hierdie vroeëre vergaderings het ook maar [499] gebeur soos die senatore vroeër in die Romeinse senaat daaroor gekla het dat senaatsbesluite nie reg ingestel word nie. Want so lank as wat hulle stemme getel en nie opgeweeg is nie, moes die beste party noodwendig deur die meerderheid oortref word.

Tog is daar in daardie vroeëre en suiwerder vergaderings ook dinge waaraan 'n mens met reg 'n gemis voel, omdat manne wat andersins geleerd en wys was en ook daarin aanwesig was, so deur die bedrywigheid van die oomblik in beslag geneem is dat hulle vir baie ander dinge nie voorsorg kon tref nie, of omdat sekere dinge van geringer belang hulle aandag ontgaan het terwyl hulle deur ernstiger en gewigtiger sake besig gehou is, of doodeenvoudig net omdat hulle as gevolg van onervarenheid om die bos gelei kon word, of omdat hulle dikwels met uitermatige emosie halsoorkop in vervoering geraak het.

'n Uitmuntende voorbeeld van laasgenoemde – en dit lyk die ongelukkigste van almal – is te vinde in die Sinode van Nicea, waarvan die gesag met die instemming van almal en met die grootste agting aanvaar is. Want toe die belangrikste afdeling van ons geloofbelydenis daar in die weegskaal en ons vyand Arius slagvaardig was; toe hulle met hom handgemeen moes raak en eensgesindheid onder hulle van die grootste belang was, aangesien hulle voorbereid om die dwaling van Arius te beveg daarheen gekom het, was hulle werklik onbekommerd oor so 'n groot gevaar en het hulle asof hulle hulle erns, hulle beskeidenheid en al [500] hulle beskaafdheid vergeet het, die botsing wat klaar in hulle hande was, agterweë gelaat asof hulle doelbewus daar bymekaar gekom het om Arius 'n guns te bewys. Hulle het mekaar as gevolg van interne verskille begin beledig, en die pen wat hulle teen Arius moes opneem, het hulle teen mekaar gerig. Vuil beskuldigings is gehoor, en pamflette vol beskuldigings het heen en weer gevlieg. Daar sou nie 'n einde aan hulle struwelinge gekom het totdat hulle mekaar met hulle wonde sou vernietig as dit nie was dat keiser Konstantyn tussenbei getree het nie. En toe hy erken het dat 'n ondersoek na hulle lewens 'n aangeleentheid is wat sy kennis te bowe gaan, het hy hulle gebrek aan selfbeheersing eerder met lofbetuigings as met berispings getugtig. In hoeveel opsigte het ook ander vergaderings wat hierop gevolg het, waarskynlik nie net so gefouteer nie?

Miskien sou dit vir iemand lyk asof ek dwaas is omdat ek my inspan om dwalings van dié aard aan die lig te bring, aangesien ons teenstanders tog erken dat hulle vergaderings wel foute kan maak in die dinge wat nie vir ons redding noodsaaklik is nie, maar my inspanning is nie oorbodig nie. Want hoewel hulle dit met die woord onder dwang erken, eien hulle tog vir hulle vergaderings meer mag toe as wat dit ten aanvang gehad het, aangesien hulle tog elke beslissing van hulle vergaderings oor enige aangeleentheid sonder onderskeid as die godspraak van die Heilige Gees aan ons opdring. Wat is hulle bedoeling met so 'n optrede anders as dat hulle vergaderings hoegenaamd [501] nie kan dwaal nie? Of as hulle dan wel fouteer, dat dit vir ons ongeoorloof is om die waarheid te onderskei en nie met hulle dwaling saam te stem nie?

Daarom moet die naam van geen vergadering, van geen herder of biskop of kerk wat so valslik aan ons voorgehou of so opreg gebruik kan word, vir ons 'n struikelblok wees om deur sulke bewyse vermaan te word en al die gesindhede van alle mense aan die maatstaf van die Woord van God te meet om vas te stel of dit uit God voortspruit nie.

Maar om nou die oorsprong van hulle tradisies waarmee die kerk tot dusver onderdruk is, na die apostels terug te voer is loutere bedrog, aangesien die hele leer van die apostels daarop toegespits is om gewetes nie met nuwe eerbetoon te belas of die aanbidding van God met ons eie uitvindings te besoedel nie. En as daar in die geskiedenis van die ou geskrifte enige geloofwaardigheid is, dan was die tradisies wat hulle aan die apostels toeskryf, nie alleen aan hulle onbekend nie maar ook ongehoord. En laat hulle nie klets dat die meeste besluite van die apostels wat nie in die Skrifte aan ons oorgelewer is nie, vir alledaagse gebruik aanvaar is. Dit is klaarblyklik die dinge wat hulle tydens Christus se lewe nie kon begryp nie maar eers na sy hemelvaart deur die openbaring van die Heilige Gees geleer het.

O watter verwaandheid! Ek erken dat die dissipels nog ru en onbevatlik was toe hulle dit van die Here [502] gehoor het. Maar was hulle nog in die greep van hierdie geestelike traagheid toe hulle hulle leer aan die Skrifte toevertrou het, sodat hulle mondeling moes aanvul wat hulle as gevolg van hulle onkunde in die Skrifte agterweë gelaat het? As hulle dan onder leiding van die Gees van waarheid in alle waarheid hulle Skrifte aan die lig gebring het, wat het hulle dan verhinder om die volmaakte kennis van die leer van die evangelie saam te vat en dit in hulle geskrifte te beseël en vir ons na te laat?

Daarbenewens maak hulle hulle belaglik wanneer hulle hulle verbeel dat die ontsaglike misteries wat so lank aan die apostels onbekend was, gedeeltelik Joodse of heidense eredienste was waarvan sommiges lank tevore algemeen onder die Jode en ander onder die heidene bekend was, en gedeeltelik sinnelose gebare en seremonietjies van ou vrouens wat hulle onnosel priestertjies, wat geen kennis van swem of letterkunde het nie, uiters korrek verrig; of, nee, kinders en hansworse maak dit so gepas na dat dit kan lyk asof daar nie geskikter priesters vir sulke seremonies kan wees as hulle nie!

Met veel groter behendigheid hou hulle die voorbeeld van die apostels voor om hulle tirannie te verdedig. Hulle beweer: "Die apostels en die oudstes van die eerste kerk het bo en behalwe die gebod van Christus 'n leerstelling verorden waarvolgens hulle aan al die heidene voorgeskrywe het dat hulle hulle van afgodsoffers, van wat verwurg is en van bloed moes weerhou (Hand. 15:20). [503] As dit hulle geoorloof was, waarom sou dit hulle opvolgers nie geoorloof wees om hulle dit na te doen so dikwels as wat omstandighede vereis nie?" Het hulle hulle tog maar altyd in ander opsigte maar ook hierin nagedoen! Want ek ontken – en ek kan dit met 'n sterk argument bewys – dat die apostels daar niks nuuts ingestel of verorden het nie. Want wanneer Petrus in daardie vergadering verklaar dat die Here versoek word as 'n juk op die nek van die dissipels geplaas word (Hand. 15:10), dan werp hy tog sy eie opvatting omver as hy later daartoe instem dat 'n juk wel op hulle gelê kan word. Maar 'n juk word op hulle gelê as die apostels op eie gesag verorden dat die heidene verbied moet word om die afgodsoffers, bloed en wat verwurg is, aan te raak. Die beswaar bly inderdaad nog dat dit nietemin die indruk skep dat húlle die verbod oplê. En tog sal die beswaar gemaklik uit

die weg geruim word as iemand die betekenis van hulle beslissing van naderby ondersoek. Die eerste en belangrikste aspek daarvan is dat hulle vryheid vir die heidene gelaat moet word en dat hulle nie verwar of aan die las om die wet in ag te neem blootgestel moet word nie.

Sover voortreflik in ons guns!

Maar daarop volg onmiddellik 'n uitsondering, en dit is nie 'n nuwe maatreël wat deur die apostels ingestel is nie, maar 'n ewige insetting van God in verband daarmee om die liefde te behou. Dit ontneem geen jota aan hulle vryheid nie maar vermaan die heidene [504] slegs oor die wyse waarop hulle hulle by hulle medebroeders moet aanpas om nie hulle vryheid as 'n struikelblok vir hulle te misbruik nie. Laat die tweede aspek dus wees dat die heidene 'n onskadelike vryheid sonder aanstoot vir hulle medebroeders mag geniet. Tog skrywe die apostels iets meer bepaald by, naamlik in soverre as wat dit vir die tydsgewrig dienlik was, leer hulle en dui hulle vir hulle aan in watter opsig hulle vir hulle medebroeders tot aanstoot kan wees, sodat hulle daarteen kan waak. Tog stel hulle nie by die ewige wet van God, wat die aanstoot van medebroeders verbied, 'n nuwe eie maatreël in nie.

Dit is net soos wanneer getroue herders wat oor kerke wat nog nie goed gevestig is nie, aan al die mense daarvan bevel gee om totdat die swakkes saam met wie hulle lewe, sterk geword het, nie op Vrydae in die openbaar vleis te eet of op vakansiedae in die openbaar te werk nie of iets soortgelyks. Want hoewel die dinge op sigself onbelangrik is as ons die bygeloof daarin laat vaar, kan dit nie sonder oortreding gedoen word as dit met die aanstoot van medebroeders saamval nie. Maar ons tydsgewrig is nou eenmaal so dat gelowiges nie so voor hulle swakker medebroeders kan verskyn sonder om hulle gewetes 'n baie swaar wond toe te dien nie.

Wie anders as net 'n lasteraar sou dan die bewering maak dat hulle so 'n nuwe wet instel, terwyl dit duidelik is dat hulle maar net die struikelblokke wat duidelik genoeg deur die Here verbied is, voorkom? Maar [505] die bewering kan ook nie minder van apostels gemaak word nie, aangesien hulle geen ander doelstelling gehad het as om deur die aanleiding tot aanstoot uit die weg te ruim slegs die wet van God in verband met die ontwyking van aanstoot te behou nie. Dit is net asof hulle sou gesê het: "Dit is die Wet van die Here dat julle julle medebroeders geen leed mag aandoen nie; offerandes aan afgode, wat verwurg is en bloed kan julle nie eet sonder om julle swakker medebroeders aanstoot te gee nie. Ons beveel julle dus in die Woord van God om dit nie tot 'n struikelblok vir hulle te eet nie."

Paulus is die beste getuie daarvan dat die apostels hierdie bedoeling gehad het. Hy skrywe sekerlik net in ooreenstemming met die opvatting van die vergadering soos volg: "Met betrekking tot die voedsel wat aan die afgode geoffer word, weet ons dat daar geen afgod op die wêreld bestaan nie. Want sommige, nog altyd bewus van die afgod, eet dit as 'n offer aan die gode, en hulle gewete wat swak is, word besoedel. Pas op dat hierdie vryheid van julle nie 'n geringe struikelblok vir die swakkes word nie" (1 Kor. 8:1, 4, 7, 9). Iemand wat hierdie dinge deeglik opweeg, sal nie later bedrieg word soos wat die mense doen wat die apostels as 'n dekmantel vir hulle tirannie voorhou net asof hulle begin het om die vryheid van die kerk te knak nie.

Hoewel ons nie alles gesê het wat hier aangevoer kan word nie, en selfs dit wat ons wel gesê het, net met [506] enkele woorde terloops bespreek is, vertrou ek dat ons nogtans so 'n oorwinning behaal het dat daar geen rede meer bestaan waarom iemand daaroor in vertwyfeling sou verkeer dat die geestelike gesag waarop die pous met sy hele koninkryk roem, 'n goddelose en onregverdige tirannie strydig met die Woord van God teen die volk van God is nie. En onder die benaming 'geestelike gesag' vat ons ook die brutaliteit saam wat hulle aanwend in die verspreiding van hulle nuwe leer waarmee hulle die arme volk heeltemal van die egte en eenvoudige suiwerheid van die Woord van God afkeer, asook hulle teuelloosheid in die instelling van nuwe maatreëls waarmee hulle ons ongelukkige gewete wreed folter – kortom, die hele kerklike jurisdiksie, soos hulle dit noem, wat hulle met behulp van hulpbiskoppe en amptenare beoefen. Want as ons Christus toelaat om onder ons te regeer, dan word die soort oorheersing maklik geheel en al vernietig en verpletter.

Vir die huidige het ons geen belang daarby om 'n tweede vorm van oorheersing, naamlik dit wat hulle besittings en landgoed insluit, in behandeling te neem nie, omdat dit ons gewete nie kwel nie. Tog is dit die moeite werd om ten opsigte hiervan daarop te let dat hulle daarin ook altyd net soos hulleself is, naamlik om niks minder as bloot herders van die kerk genoem te wil word nie!

Ek laak nie die besondere gebreke van elkeen van hulle nie maar die algemene misdadigheid van hulle [507] hele orde en daarom juis die verderf van hulle orde, aangesien hulle glo dat dit vermink is as dit nie met praal en hooghartige titels opsienbarend is nie.

Maar was dit nou werklik die funksie van biskoppe om hulle met regsverhore en stedelike en provinsiale bestuur te bemoei en om so breed moontlik bedrywighede wat aan hulle eie taak vreemd is, aan te knoop? Biskoppe het soveel werk en bedrywigheid in hulle eie taak dat hulle as hulle hulle volkome en voortdurend daarop toelê en deur geen afleidinge daarvan weggetrek word nie, met moeite daarvoor opgewasse kan wees.

Of het dit hulle betaam om met die praal van prinse in die getalle van hulle lyfbediendes, die skoonheid van hulle tuistes, die pronkerigheid van kleredrag en eetmale te wedywer, hoewel hulle lewe 'n uitnemende voorbeeld van spaarsin, beskeidenheid, selfbeheersing en nederigheid moes wees? Hoe strydig is dit nie met die plig van mense wat die ewige en onskendbare gebod van God verbied om oneerlike wins na te jaag en gierig te wees, en ook gebied om met eenvoudige voedsel tevrede te wees (1 Tim. 3:3), om nie alleen distrikte en vestings geen geweld aan te doen nie maar ook om die rykste state aan te val en selfs burgerlike gesag in die hande te kry nie? Maar hulle is so astrant dat hulle selfs waag om ons hulle rug toe te keer en daarop te roem dat die aansien van die kerk nie, soos dit pas, sonder hierdie praal staande gehou kan word nie en dat hulle intussen weinig van die [508] vervulling van hulle roeping weggetrek word.

Sover dit die eerste punt aangaan: As dit dan 'n gepaste versiering vir hulle aansien is dat hulle so verhewe is dat hulle 'n bron van vrees selfs vir die grootste heersers is, dan het hulle rede om 'n klag in te dien teen Christus, wat hulle eer so ernstig aangetas het. Want wat kan na hulle mening lasterliker gesê word as die volgende woorde: "Die konings en die prinse van die heidene heers oor hulle, maar so moet dit nie onder julle wees nie; maar elkeen wat onder julle groter is, moet kleiner word; en elkeen wat 'n prins is, moet soos een word wat dien" (Matt. 20:25-26; Mark. 10:42-44; Luk. 22:25-26). Klaarblyklik is daar 'n baie groot afstand tussen hulle bediening en die glorie en grootsheid van hierdie wêreld.

Sover dit die tweede punt aangaan, sou ek graag wou hê dat hulle dit net so gemaklik uit die praktyk moet bewys as wat dit vir hulle is om dit herhaaldelik te sê. Aangesien die apostels dit nie goed gevind het om die Woord van God te verwaarloos en tafelbediendes te word nie (Hand. 6:2), en omdat hulle nie onderrig wil word nie, word hulle daarom verplig om te aanvaar dat dit nie dieselfde man se taak is om sowel 'n goeie biskop as 'n goeie prins te wees nie. Want as die apostels, wat volgens die omvang van die genadegawes waarmee hulle deur die Here toegerus is, opgewasse kon wees vir baie groter en swaarder sorge as enigiemand wat na hulle gebore is, nogtans erken het dat [509] hulle nie terselfdertyd die bediening van die Woord en die tafel kon behartig sonder om onder die las daarvan te swig nie, hoe sou hierdie mensies, wat in vergelyking met die apostels niks is nie, hulle ywer honderdvoudig oortref? Om dit te probeer doen sou 'n kenmerk van die grootste verwaandheid en uitermatig astrante selfvertroue wees.

Maar dit het tog gebeur, en die gevolg daarvan is duidelik. Want toe hulle hulle wagposte in die steek gelaat het, kon dit geen ander gevolg hê as dat hulle na die oorlogskampe van ander moes beweeg nie. Die vrygewigheid van die prinse wat soveel geld daaraan bestee het om die biskoppe te verryk, het tog 'n mate van godsvrug ingesluit. Maar met hulle voorbarige vrygewigheid het hulle tog nie die voordeel van die kerk ten beste gedien nie, aangesien hulle die vroeëre ware dissipline van die kerk so ondermyn en, om die waarheid te sê, heeltemal vernietig het.

Die biskoppe wat die goedhartigheid van die prinse tot eie voordeel misbruik het, het deur die een

enkele voorbeeld aangetoon en meer as genoeg getuienis daarvan gelewer dat hulle glad nie biskoppe is nie. Kortom – om nou maar tegelyk oor beide vorms van mag te praat –, terwyl hulle vandag so moedig stry om albei die vorms te behou, is daar geen onduidelikheid oor dit waarna hulle soek nie. As hulle van hulle geestelike koninkryk afstand sou doen op voorwaarde dat dit volkome aan Christus afgestaan word, sal dit vir die heerlikheid van God, vir die gesonde leer en [510] vir die heil van die kerk geen gevaar inhou nie. As hulle van hulle wêreldse mag afstand sou doen, bestaan daar geen gevaar dat dit aan die algemene welvaart van die kerk afbreuk sou doen nie. Maar blind en halsoorkop snel hulle slegs uit begeerte na oorheersing voort, omdat hulle reken dat niks veilig is as hulle nie met strengheid en mag regeer nie, soos die profeet sê (Eseg. 34:4). Maar die enkele Woorde oor die besittings van die kerk het ek terloops gesê.

Ek keer nou terug tot hulle geestelike koninkryk, aangesien dit hier die volgende onderwerp is. Wanneer hulle bemerk dat alle bystand van verstand dreig om hulle in die verdediging daarvan in die steek te laat, dan wyk hulle na die laaste treurige toevlugsoord uit. Hoewel hulle in verstand en insig self onnosel is en uiters bedorwe na hart en wil, sê hulle dat die Woord van God wat ons beveel om die mense wat oor ons gestel is, te gehoorsaam selfs al sou hulle onbillike en uitermatig onverbiddelike wette instel, nog staande bly. Hulle sê dat God ons tog beveel om alles te doen wat die skrifgeleerdes en Fariseërs sê, selfs wanneer hulle ondraaglike laste op ons lê wat hulle self nie met hulle vingers wil aanraak nie. Is dit so? Maar as ons sonder aarseling die leer van die herders – wie hulle ook al is – moet aanvaar, wat is dan die doel daarvan dat die Woord van die Here ons so dikwels en so ernstig vermaan om nie na Woorde van valse profete of valse herders te luister nie? "Want hulle leer julle ydelheid en hulle spreek die gesigte van hulle eie hart en nie uit die mond van [511] die Here nie" (Jer. 23:16); en net so: "Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle toe kom maar van binne roofsugtige wolwe is" (Matt. 7:15). Ook Johannes sou ons tevergeefs aangespoor het om die geeste op die proef te stel of hulle uit God is (1 Joh. 4:1). Selfs nie eers die engele is van hierdie oordeel vrygestel nie, en ook nie die leuens van die duiwel nie. Maar wat beteken die woorde: "As 'n blinde 'n ander blinde lei, sal albei in die sloot val"? (Matt. 15:14). Is dit nie 'n genoegsame aanduiding van die soort herder na wie ons moet luister, en ook daarvan dat ons nie blindelings na almal moet luister nie?

Daarom is daar geen rede waarom hulle ons met hulle titels hoef bang te maak om ons ook in hulle blindheid in te sleep nie, aangesien ons aan die ander kant bemerk dat die Here besondere voorsorg getref het om ons daarvan af te skrik om toe te laat dat ons deur die dwaling van 'n ander mislei word, al sou dit ook onder die masker van enige naam skuil. Want as die Woord van God waar is, dan kan ook die blinde leiers – of hulle nou ook al hoëpriesters of abde of biskoppe genoem word – hulle hele geselskap saam dieselfde afgrond in meesleur.

Nou bly daar nog die tweede deel in verband met hulle wette oor: Al sou hulle wette honderd maal onbillik en onregverdig teenoor ons wees, verklaar hulle met nadruk dat ons dit sonder uitsondering tog moet gehoorsaam. Want hulle beweer dat dit hier nie daarom [512] gaan om met hulle dwaling saam te stem nie maar slegs dat ons as onderhoriges selfs die onverbiddelike bevele van ons leiers moet verduur, omdat ons nie die reg het om dit te verontagsaam nie. Maar ook hier kom die Here ons met die waarheid van sy Woord te hulp, en Hy verlos ons van so 'n slawerny tot ons vryheid wat Hy met sy bloed vir ons verkry het. Want dit gaan hier nie bloot, soos hulle arglistig versin, daaroor dat ons met ons liggame die een of ander swaar onderdrukking moet verduur nie, maar dat ons gewete beroof word van sy vryheid, dit is van die weldaad van die bloed van Christus, en dan soos 'n slaaf gefolter word. Maar ons sal dit ook agterweë laat asof dit weinig met die saak te doen het.

Maar hoe belangrik reken ons is dit dat die Here se koninkryk Hom ontneem word, terwyl Hy dit met soveel strengheid as sy eie verklaar? Dit word Hom tog ontneem wanneer Hy volgens die wette van die mens se uitvindsels aanbid word, hoewel dit sy wil is dat Hy alleen as Wetgewer van sy aanbidding beskou moet word. Om te verhoed dat iemand die opvatting huldig dat dit 'n aangeleentheid van geen belang is nie, moet hulle luister hoe hoog dit deur die Here geag word. Hy sê: "Aangesien die volk My volgens die gebod en die leer van mense gevrees het – kyk, Ek sal byvoeg

en hulle met 'n groot, oorstelpende wonderwerk laat wonder. Want die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandiges sal verberg word" (Jes. 29:13-14); en elders: "Tevergeefs aanbid hulle My wanneer hulle die gebooie [513] van mense as hulle onderwysing leer" (Matt. 15:9).

Die meeste mense wonder waarom die Here so heftig dreig dat Hy die volk deur wie Hy volgens die gebooie en leerstellinge van mense vereer word, sal oorstelp en waarom Hy verklaar dat Hy tevergeefs volgens menslike voorskrifte vereer word. Maar as hulle hulle oë sou rig op die betekenis daarvan om in sake van godsdiens, dit is in sake van hemelse wysheid, slegs van die mond van God afhanklik te wees, sou hulle terselfdertyd kon bemerk dat daar 'n gewigtige rede is waarom die Here so 'n afkeer het van sulke verwronge seremonies wat na die willekeur van die mens se verstand vir Hom verrig word. Want hoewel hulle gedienstigheid 'n skyn van nederigheid inhou, is die mense wat hulle wette in verband met die aanbidding van God gehoorsaam, tog glad nie nederig voor die aangesig van God nie, aangesien hulle juis dieselfde wette wat hulle nakom, aan Hom voorskrywe. Dit is tewens die rede waarom Paulus wil hê dat ons so versigtig moet waak dat ons nie deur die tradisies van mense (Kol. 2:4) en deur dit wat hy 'selfgekose godsdiens' noem, dit is 'n vrysinnige aanbidding wat sonder die Woord van God deur die mense bedink is, mislei moet word nie.

Dit is inderdaad so. Ons eie wysheid en die wysheid van alle mense moet inderdaad stom word, sodat ons Hom alleen wys kan laat wees. Maar die mense wat dink dat Hy sy instemming met die seremonietjies wat na die oordeel van die mens versin is, sal betuig, [514] hou glad nie aan hierdie pad nie. Net soos enkele jare tevore en ook nog binne ons heugenis gebeur het, gebeur dit vandag nog op plekke waar die gesag van die skepsel van groter belang as die gesag van die Skepper geag word. Dit is plekke waar godsdiens (as dit dan nog verdien om godsdiens genoem te word) deur meer en dwaser bygelowe besoedel is as wat ooit deur enige vorm van heidendom gedoen is. Want wat sou die mens se verstand tog anders kan voortbring as alle vleeslike dwaasheid wat inderdaad hulle skeppers uitbeeld.

Voorts kom ook die uiterste boosheid daarby dat sodra as wat begin word om godsdiens eers eenmaal aan die hand van sulke ydele versinsels te beperk, die onmiddellike gevolg daarvan so 'n verwrongendheid en verfoeilike vervloeking is waaroor Christus die Fariseërs berispe het dat hulle die gebod van God as gevolg van die tradisies van die mens tot niet maak (Matt. 15:3). Maar ek wil nie nou met sy eie woorde teen ons huidige wetgewers veg nie. Hulle sou seker die oorwinning behaal as hulle die verskoning kan aanbied dat Christus se beskuldiging nie op hulle van toepassing is nie.

Maar hoe sou hulle die verskoning kon aanbied as dit vir hulle oneindig goddeloser is om hulle oorbieg aan die einde van die jaar agterweë te laat as wat dit is om die hele jaar lank 'n uiters goddelose lewe te lei? Om hulle tong met net 'n effense vleissmakie te besmet as wat dit is om elke dag hulle liggaam met elke vorm [515] van hoerery te besoedel? Om op 'n feesdag hulle hande op 'n eerbare werk te lê as om al hulle ledemate onophoudelik met die skandelikste oortredinge besig te hou? Om 'n priester in een wettige huwelik te verbind as om in duisend owerspele verstrengeld te raak? Om 'n beloofde pelgrimstog nie gestand te doen nie as om in alle beloftes troubreuk te pleeg? Om nie op uitspattige, oorbodige en nuttelose praal van tempels geld te verkwis nie as om die armes in hulle dringendste nood in die steek te laat? Om 'n afgodsbeeld sonder eerbied verby te gaan as om die hele mensdom skandelik te behandel? Om nie op bepaalde tye lang woorde sonder betekenis te mompel as om nooit 'n opregte gebed in die hart te bedink nie?

Wat beteken dit om God se gebod ter wille van hulle tradisies tot niet te maak anders as dit? Terwyl hulle die inagneming van die gebooie van God koud en oppervlakkig aanbeveel, dring hulle nietemin ywerig en oordrewe op presiese gehoorsaamheid van hulle eie gebooie aan, net asof dit die volle krag van godsvrug insluit. Terwyl hulle 'n oortreding van die Wet van God met ligte strawwe van voldoening wreek, straf hulle selfs die geringste oortreding van elkeen van hulle maatreëls met geen ligter straf as die gevangenis, verbranding of die swaard nie. Terwyl hulle nie so hardvogtig en

onverbiddelik teenoor veragters van God is nie, vervolg hulle die wat hulle verag, tot die uiterste toe met onversadigbare haat. Hulle onderrig al die mense wie se eenvoud hulle gevange hou, op so 'n wyse dat hulle met groter gelatenheid [516] sal toesien dat die hele Wet van God vernietig word as dat een enkele puntjie in die bevele van die kerk, soos hulle dit noem, skade aangedoen word.

In die eerste plek is dit 'n ernstige oortreding dat een mens iemand anders as gevolg van baie onbenullige dinge – en as ons ons aan die oordeel van God hou, sake waaroor daar vrye beskikking is – verag, veroordeel en verwerp. Maar net asof dit maar 'n ou klein euweltjie is, word nou meer waarde aan die waardelose eerste beginsels (soos Paulus dit in sy skrywe aan die Galasiërs noem (Gal. 4:9)) van hierdie wêreld as aan die hemelse sprake van God geheg. En iemand wat kwalik van owerspel vrygespreek word, word oor voedsel veroordeel. Vir iemand vir wie 'n hoer toelaatbaar is, word 'n vrou verbied. Dit dan is die voordeel wat uit hierdie valse gehoorsaamheid spruit – net soveel as wat dit van God af wegneig, hel dit na die mens oor.

Waarom wou Christus dan hê dat die mense die ondraaglike laste wat die skrifgeleerdes en Fariseërs op hulle gelê het, moes dra? (Matt. 23:2-3). Of liewer, waarom wou dieselfde Christus elders hê dat hulle teen die suurdeeg van die Fariseërs moes waak? (Matt. 16:6). Volgens Matteus, verkondiger van die evangelie, se vertolking daarvan, noem hy alles wat die mense uit hulle eie leer met die suiwerheid van die Woord van God vermeng, 'suurdeeg'. Watter duideliker waarskuwing wil ons nog hê dat ons van hulle hele leer moet wegvlug en daarteen moet waak? Daaruit [517] word ons baie sterk verseker dat dit ook in die tweede aanhaling die Here se wil was dat die gewete van die wat aan Hom behoort, nie deur tradisies wat in besonder die skepping van die Fariseërs is, gekwel moet word nie. En as hulle nie verdraai word nie, dui juis die woorde op niks van die aard nie. Want terwyl die Here Hom voorneem om 'n bitter aanval op die sedes van die Fariseërs te maak, het Hy doodeenvoudig sy toehoorders vooraf geleer om, hoewel hulle niks in die Fariseërs se lewe sien om na te volg nie, tog nie op te hou om die dinge te doen wat die Fariseërs hulle uit die Woord leer nie, aangesien hulle op Moses se stoel sit; dit beteken om die Wet te verklaar.

Want wanneer hulle hoor dat die gewete van gelowiges enersyds goddeloos deur die tradisies van die mens verstrengel word en dat hulle God andersyds daarvolgens tevergeefs aanbid, trek baie onervare mense dieselfde streep deur al die wette waarop die orde van die kerk rus. Dit is gerieflik om ook hulle dwaling hier teen te gaan.

Hier is dit baie gevaarlik om mislei te word, omdat dit nie met die eerste oogopslag dadelik duidelik is hoe 'n groot verskil daar tussen eersgenoemde en laasgenoemde wette is nie. Maar ons sal die hele aangeleentheid so duidelik uiteensit dat die ooreenkoms niemand kan bedrieg nie.

Laat ons dan die volgende as die eerste punt beskou.

[518] As ons sien dat 'n mate van staatsorganisasie in elke gemeenskap van mense noodsaaklik is om tot die koestering van almal se vrede en die behoud van eensgesindheid by te dra; as ons bemerk dat daar in die sakelewe 'n bepaalde gebruik is wat op die openbare fatsoenlikheid en daarom juis op menslikheid van toepassing is, dan moet dit in besonder in ons kerke in ag geneem word, omdat ons kerke enersyds die heel beste met 'n deeglike ordening van al sy sake behoue bly en daar andersyds sonder eensgesindheid inderdaad geen kerk bestaan nie. Daarom, as ons op die heel beste wyse vir die veiligheid van die kerk voorsorg wil tref, dan moet ons almal noukeurig daarop let dat alles gepas en ordelik moet geskied, soos Paulus beveel (1 Kor. 14:40).

Maar aangesien daar sulke groot verskille in die gebruike van die mensdom voorkom, sulke groot verskille in hulle gesindhede en sulke groot botsings in hulle oordele en verstand, kan geen organisasie stewig genoeg wees as dit nie op bepaalde wette rus nie, en geen seremonie kan staande bly sonder die een of ander vasstaande vorm nie. So ver is dit dus daarvan dat ons die wette wat hiertoe bydra, sou verdoem dat ons nadruklik moet verklaar dat as dit uit die weg geruim word, alle kerke se senuwees vernietig en misvorm sal word en dat hulle sal verdwyn. Want ons kan op geen ander wyse aan Paulus se vereiste dat alles betaamlik en ordelik moet geskied, voldoen nie,

tensy die ordening en betaamlikheid deur die toevoeging van bepaalde eerbiedigings of bepaalde bande tot stand kom.

[519] Tog moet ons altyd in die eerbiedigings versigtig daarteen waak om nie te glo dat dit vir ons redding noodsaaklik is sodra dit ons gewete in godsdienstige besware verstrik nie, of dat dit tot die aanbidding van God bydra sodat ons geloof daarop berus nie. Slegs hierdie een eienskap maak onderskeid tussen hulle goddelose instellinge waardeur die ware godsdiens verduister en ondermyn word, soos ons gesê het, en wettige verordeninge van die kerk waarvan die doelstelling altyd van hulle instellinge verskil, soos ons so pas opgemerk het, naamlik om slegs op die betaamlikheid waarmee alle dinge in 'n vergadering van gelowiges verrig moet word, van toepassing te wees of om juis die gemeenskap van mense soos 'n band van medemenslikheid te behou.

Wanneer ons nou eenmaal begryp dat 'n wet met die oog op algemene fatsoenlikheid ingestel is, dan is die bygeloof waarin mense verval wat die aanbidding van God aan menslike uitvindings meet, reeds uit die weg geruim. Maar wanneer ons aan die ander kant erken dat 'n wet slegs op die gebruik van mense afgestem is, dan is die valse opvatting van verpligting en dwang, wat ons gewete verskriklik die vrees op die lyf geja het, aangesien die opvatting bestaan het dat hierdie tradisies vir ons redding noodsaaklik is, heeltemal vernietig. Hier is trouens geen ander vereiste as net dat die liefde uit gemeenskaplike pligsbesef onder ons gevoed moet word nie.

By Paulus kom die volgende voorbeelde van die eerste [520] groep voor: dat vrouens nie in die kerk mag leer nie (1 Kor. 14:34); dat hulle met bedekte hoofde daartoe moet toetree (1 Kor. 11:5). Sulke voorbeelde kan ook in alledaagse lewensgebruike gesien word, naamlik dat ons in die openbaar op geboë knieë en met ontblote hoofde moet bid, dat lyke van mense nie naak in 'n graf gegooi moet word nie, dat die sakramente van die Here nie lasterlik of skandelik bedien moet word nie en ander voorbeelde met dieselfde strekking.

Hoe dan? Is ons godsdiens dan in die kopdoek van 'n vrou gevestig sodat dit vir vrouens 'n sonde sou wees om kaalkop uit te gaan; of is Paulus se maatreël in verband met hulle stilte so heilig dat dit nie sonder die grootste oortreding verbreek kan word nie; of is daar die een of ander misterie in die buig van ons knieë en die bedekking van 'n lyk dat ons dit nie sonder sonde agterweë kan laat nie? Hoegenaamd nie! Want as 'n vrou soveel haas nodig het om haar naaste te help dat dit haar nie toelaat om haar kop te bedek nie, dan begaan sy geen sonde as sy met 'n ontblote kop na hom toe hardloop nie. Daar is ook 'n plek waar dit vir haar nie minder gepas is om te praat as wat dit is om op 'n ander plek stil te bly nie. Niks verbied iemand wat deur siekte verhinder word om sy knieë te buig, om regop te staan en bid nie. Ten slotte is dit beter om 'n dooie betyds te begrawe as om te wag totdat 'n onbegraafde liggaam ontbind wanneer 'n kleed nie beskikbaar is nie. Maar in sulke dinge is dit die gebruik en die instellinge van landstreke, kortom, juis medemenslikheid en die maatstaf [521] van beskeidenheid wat sal bepaal wat ons moet doen en waarteen ons moet waak. As iemand uit onwetendheid of vergeetagtigheid 'n fout maak, begaan hy daarin tog nie 'n oortreding nie; maar as hy uit minagting 'n fout maak, dan moet sy weerspannigheid afgekeur word. Maar as iemand nou 'n lawaai begin maak en wyser wil wees as wat hy moet, laat hy dan maar self toesien hoe hy sy eiesinnigheid voor die Here kan verdedig! Tog behoort die Woorde van Paulus vir ons genoeg te wees: dat ons nie die gewoonte het om te stry nie en ook die kerk van God nie (1 Kor. 11:16).

Voorbeelde van die tweede groep is die ure wat vir openbare gebede, vir preke en vir die doop voorgeskrywe is; rus en stilte tydens preke; vasgestelde plekke, die saamsing van liedere, dae wat vir die bediening van die nagmaal van die Here bestem is, die tug van afsnyding en ander soortgelyke maatreëls. Dit is van geen belang watter dae of ure of wat die struktuur van die plekke is of watter psalms op watter dae gesing moet word nie. Maar dit is gepas dat daar bepaalde dae sowel as vasgestelde ure en geskikte plekke moet wees om almal te ontvang as ons met die behoud van vrede rekening hou. Want verwarring in die dinge sou die saad vir groot rusies wees as dit elkeen geoorloof sou wees om die dinge wat op die algemene orde van toepassing is, na willekeur te verander. Want dit sal nooit gebeur dat dieselfde reëling almal geval as aangeleenthede wat

byvoorbeeld middelmatig is, aan die oordeel van elkeen [522] afsonderlik oorgelaat sou word nie.

Ons moet ons dus met die grootste sorgvuldigheid daarop toelê dat geen dwaling insluip om hierdie suiwer aanwending daarvan òf te besoedel òf te verduister nie. Dit sal ons inderdaad bereik as al ons eerbiedigings 'n duidelike voordeel vertoon, as hulle met die grootste spaarsinnigheid toegelaat word en in besonder as die onderwysing van 'n getroue herder daarby kom om die pad vir verdraaide opvattings af te sluit.

Maar hierdie kennis sal veroorsaak dat elkeen van ons sy vryheid nogtans sal behou en dat hy uit sy eie 'n mate van verpligting op sy vryheid sal lê in soverre as wat dit wat ons betaamlikheid genoem het, of oorwegings van die liefde dit van ons vereis. In die tweede plek dat ons ons in die eerbiediging daarvan sonder enige bygeloof moet besig hou en dit nie met uitermatige kleingeestigheid van ander moet vereis, dat ons nie die aanbidding van God as gevolg van 'n menigte seremonies as kragtiger moet beskou en dat een kerk 'n ander kerk as gevolg van 'n verskil in uitwendige dissipline moet minag nie. In die laaste plek sal die kennis veroorsaak dat ons hier geen permanente wet vasstel nie en die hele aanwending en doel van ons eerbiediging op die stigting van die kerk instel en dat as die kerk vereis dat iets daarin verander moet word of dat iets wat ons tevore as eerbiediging aangewend het, heeltemal uit die weg geruim moet word, ons dit sonder enige aanstoot moet verdra. Want hierdie eeu is 'n voor die hand liggende bewys [523] daarvan dat ons soms die tydsgewrig in oorweging moet neem, sodat dit gepas sou wees om bepaalde seremonies, wat andersins nie goddeloos en onbetaamlik is nie, as gunstig onder die omstandighede te herroep.

Want wat die blindheid en onkunde van vergange tye ook al was – die kerke het tevore met so 'n bedorwe opvatting en so 'n halsstarrige ywer aan hulle seremonies gekleef dat hulle met moeite van hulle wonderlike bygelowe gesuiwer kon word sonder om baie van hulle seremonies uit die weg te ruim, hoewel dit ook eenmaal om goeie rede ingestel is en op sigself nie as gevolg van die goddeloosheid of gebrek daarvan opsienbarend was nie.

Maar om vol te hou om dit koppig te verdedig sou 'n uiters skadelike strewe wees. Want as iemand hulle na waarde sou wou skat, erken ons dat hulle geen kwaad inhou nie. Maar as dit teen die agtergrond van hulle omstandighede na waarde geskat sou word, sal dit slegs uit die misbruik van die seremonies duidelik word dat daar dwaling in die mens se gemoed gevestig geraak het sodat dit nie met gemak reggestel kan word as die vertoon daarvan wat onmiddellik nuwe stof tot dwaling bied, nie uit ons gesig weggeneem word nie. So is Hiskia volgens die getuienis van die Heilige Gees geloof omdat hy die koperslang wat op bevel van die Here deur Moses opgerig is, vernietig het (2 Kon. 18:4). Dat dit as 'n herinnering aan 'n weldaad van God bewaar is, was op sigself nie 'n euwel nie as dit nie was dat die volk dit in [524] afgodsdiens begin dien het nie. Maar aangesien die baie goeie koning geen ander oorweging gehad het as om hulle goddeloosheid te verbeter nie, het hy nie minder rede gehad om dit te vernietig as wat Moses gehad het om dit op te rig nie. Want ons moet verkeerde oordele van die mense net so versorg as hulle siekte of omgekrapte mae, waarvan voedsel wat 'n bietjie moeilik is om te verteer, weerhou word hoewel dit vir gesondes geen nadeel sou inhou nie.

Aangesien ons hierbo vasgestel het dat daar 'n tweërlei regering oor die mens is, en ons alreeds genoeg gepraat het oor die een van die twee, naamlik die een wat in sy siel of binne-in die mens gevestig is en op die ewige lewe gerig is, vereis ons onderwerp voorts dat ons nou ook iets in verband met die tweede vorm van regering, wat slegs op die vestiging van burgerlike geregtigheid en uitwendige sedelikheid betrekking het, moet sê.

Voordat ons tot die onderwerp self toetree, moet ons in die eerste plek by daardie onderskeid hou wat ons tevore gemaak het, om te voorkom dat ons soos oor die algemeen met baie mense gebeur, twee onderwerpe saamvoeg wat heeltemal verskillend van aard is. Want wanneer hulle hoor dat daar in die evangelie 'n vryheid belowe word wat geen koning onder die mense en geen amptenaar erken nie maar slegs op Christus alleen gerig is, huldig hulle die mening dat hulle geen voordeel uit hierdie vryheid kan put so lank as wat hulle sien dat daar 'n ander mag is wat bo-oor hulle [525] troon

nie. Gevolglik dink hulle dat niks veilig sal wees as die hele wêreld nie hervorm word nie, sodat daar geen regbanke of wette of amptenare en soortgelyke dinge mag wees waarvan hulle dink dat dit vir hulle vryheid 'n struikelblok is nie. Maar iemand wat weet hoe om tussen liggaam en siel, tussen hierdie verganklike lewe en die ewige lewe in die toekoms te onderskei, sal maklik begryp dat die geestelike koninkryk van Christus en burgerlike organisasie dinge is wat ver van mekaar verskil.

Aangesien dit dus die ydelheid van die Jode is om die koninkryk van Christus onder die eerste beginsels van hierdie wêreld te soek en dit daarby in te sluit, moet ons liewer daaraan gedagtig wees dat dit, soos die Skrif ons duidelik leer, die geestelike vrug is wat ons uit die weldaad van Christus insamel, en ons moet onthou om hierdie hele vryheid wat in Christus aan ons belowe en aangebied word, binne perke te hou. Want wat is die rede waarom dieselfde apostel wat ons beveel om staande te bly en ons nie aan die juk van slawerny te onderwerp nie (Gal. 5:1), elders slawe verbied om oor hulle toestand bekommerd te wees (1 Kor. 7:21) anders as net omdat geestelike vryheid die heel beste in verbondenheid met burgerlike onderhorigheid staande kan bly. In hierdie sin moet ons ook sy volgende opvattings verstaan: "In die koninkryk van God is nie Jood of Griek, nie man of vrou, nie slaaf of vryman nie" (Gal. 3:28); net so: "Daar is nie Jood of Griek nie, nie besnedene of onbesnedene nie, nie barbaar of Skitiër, slaaf of vryman nie, [526] maar Christus is alles in almal" (Kol. 3:11). Daarna dui hy aan dat dit nie saak maak onder watter omstandighede jy jou onder die mense bevind of onder watter volk se wette jy lewe nie, omdat die koninkryk van Christus glad nie daarop rus nie.

En tog is die onderskeid nie daarop gerig om ons die afleiding te laat maak dat die hele politiek iets is wat besoedel is en niks met Christene te doen het nie. Dit is trouens waarop sommige besetenes roem. Nadat ons deur Christus die eerste beginsels van hierdie wêreld afgesterwe het, in die koninkryk van God weggevoer word en tussen hemelse wesens sit, is dit ons nie waardig en ook ver benede ons verhewe posisie om ons besig te hou met sulke lasterlike en onsuiwer sorge oor sake wat aan 'n Christen vreemd is. "Maar waarom is daar dan wette sonder verhore en regbanke?" vra hulle. Maar wat gaan verhore 'n Christen aan? "Nee, liewer, as dit ons dan nie geoorloof is om moord te pleeg nie, waarom het ons dan wette en regbanke?" Maar soos ons so pas gewaarsku het, is hierdie soort regering verskillend van die geestelike koninkryk van Christus binne-in ons, en net so moet ons ook weet dat daar geen konflik tussen hulle is nie, want die geestelike regering begin alreeds 'n sekere aanvang van die hemelse koninkryk hier op die aarde in ons, en dit gee in hierdie sterflike en vlietende lewe alreeds aan ons op die een of ander wyse 'n vooruitskouing van die onsterflike en onbederfbare geluksaligheid.

[527] Maar die doel van burgerlike regering is om so lank as wat ons onder ons medemens lewe, ons lewe by die gemeenskap van ons medemens aan te pas, om ons sedes volgens die burgerlike geregtigheid te vorm, ons met mekaar te versoen en die rus en vrede van die gemeenskap te voed en te beskerm. Ek erken dat dit alles oorbodig sou wees as die koninkryk van God soos wat dit nou tussen ons is, ons huidige lewe beëindig het. Maar as dit die wil van die Here is dat ons so lank as wat ons na ons ware vaderland strewe, as vreemdelinge op die aarde moet vertoef, en as ons vreemdelingskap sulke hulpmiddels nodig het, beroof die mense wat dit van die mens wegneem, hom juis van sy menslikheid.

Want hulle klag dat daar in die kerk van God so 'n groot volmaaktheid moet wees dat die beheer daarvan genoegsaam as wet sou dien, is 'n onnosele skim van hulle verbeelding wat nooit in die gemeenskap van mense gevind kan word nie. Want aangesien die onbeskaamdheid van goddelose mense so groot en hulle boosheid so veragtelik is dat dit selfs met die groot strengheid van wette met moeite in bedwang gehou kan word, wat moet ons dan verwag dat hulle sal doen as hulle bemerk dat 'n strafvrye teuelloosheid vir hulle goddeloosheid moontlik is, omdat geen mag genoeg is om hulle te dwing om nie kwaad te doen nie?

Maar ons sal elders 'n geskikter geleentheid hê om oor die staatsbestel te praat. Nou wil ons hê dat slegs begryp moet word dat om daaraan te dink om dit uit [528] te wis, verskriklike barbaarsheid is,

omdat dit nie minder as brood, water, son en lig onder mense gebruik word nie – die aansien daarvan is trouens baie uitmuntender as dit. Want wat die voordeel van al die dinge ook al is, is dit nie slegs daarop gemunt om mense te laat asemhaal of te laat eet of te laat drink of hulle warm te maak nie – hoewel dit seker ook al die dinge insluit – terwyl dit ook daarin voorsien sodat hulle saam kan lewe, herhaal ek, is dit nie slegs daarop gerig nie. Maar die doel daarvan is ook dat geen afgodery, geen heiligskennis teen die Naam van God, geen laster teen sy waarheid en ander openbare struikelblokke vir ons godsdiens ontstaan en onder die volk versprei word nie, om te verhoed dat die openbare rus versteur word. Dit is dáárop gerig dat elkeen se eiendom veilig en ongeskonde syne kan bly en dat mense onskuldige omgang met mekaar kan bedryf; kortom, dit sorg daarvoor dat openbare uitdrukking van hulle godsdiens tussen Christene mag bestaan en dat medemenslikheid onder mense bly bestaan.

Maar laat niemand hom daaroor ontstel dat ek nou die plig om ons godsdiens reg te bevestig aan die burgerlike organisasie toewys nie, aangesien dit lyk asof ek dit hierbo buite die oordeel van mense gestel het. Ek laat dit nou inderdaad nie minder as tevore aan die mens oor om na sy oordeel wette in verband met die godsdiens en aanbidding van God te maak wanneer ek politieke organisasie goedkeur nie. Die politieke bestel is daarop toegespits om te verhoed dat die [529] ware godsdiens, wat in die wet van God saamgevat is, openlik en met openbare heiligskennis sonder straf geweld aangedoen of besoedel word.

Maar as my lesers deur 'n duidelike uiteensetting van die organisasie daarvan bygestaan word, sal hulle beter begryp wat hulle gevoel in verband met die hele onderwerp van politieke administrasie moet wees, en as ons die onderafdelings daarvan afsonderlik behandel. Daar is drie afdelings: die <u>amptenaar</u>, wat die beskermer en bewaker van ons wette is; <u>wette</u>, waarvolgens hy regeer, en die <u>volk</u>, wat deur die wette geregeer word en die amptenaar moet gehoorsaam.

Laat ons dus in die eerste plek na die funksie van die amptenaar kyk of dit 'n regmatige roeping is wat deur God goedgekeur is; wat sy pligte en hoe groot sy gesag is; in die tweede plek op watter wette 'n Christelike staatsbestel moet rus; dan, ten slotte, watter nut die volk van die wette het en watter gehoorsaamheid hulle aan 'n amptenaar verskuldig is.

Die Here het getuig dat die taak van amptenare nie alleen deur Hom goedgekeur word en vir Hom welbehaaglik is nie, maar daarbenewens het Hy die aansien daarvan met die eervolste beskrywings verduidelik en dit buitengewoon by ons aanbeveel. Om nou maar enkele voorbeelde te vermeld: Laat niemand dink dat die feit dat almal wat in 'n amp staan, gode genoem word (Ex. 22:8; Ps. 82:1, 6), van geringe belang is nie. Daarmee word aangedui dat hulle 'n opdrag van [530] God het, dat hulle met goddelike gesag beklee is en God volkome verteenwoordig, omdat hulle op die een of ander wyse in sy plek optree. Dit is nie my breinkind nie maar Christus se vertolking daarvan. Hy sê: "As die Skrif hulle gode noem tot wie die Woord van God gekom het" (Joh. 10:35). Watter ander betekenis het dit as dat die taak om Hom in hulle pligte te dien, deur God aan hulle toevertrou is? En soos Moses en Josafat aan die regters wat hulle in elke stad van Juda aangestel het, gesê het dat hulle reg moet spreek nie vir die mens nie maar vir God? (Deut. 1:16-17; 2 Kron. 19:6). Die wysheid van God wat deur die mond van Salomo die volgende verklaar, het dieselfde strekking, naamlik dat dit deur sy toedoen is dat "konings regeer en maghebbers vasstel wat reg is; dat vorste heers en al die milddadige regters van die aarde" (Spr. 8:15-16).

Die krag daarvan is dieselfde as om te sê dat dit nie deur die mens se bedorwenheid geskied dat die oordeel oor alle dinge op aarde in die hande van konings en owerhede is nie, maar deur sy goddelike voorsienigheid en deur sy heilige verordening, aangesien dit God behaag het om die mens so te regeer. Dit leer Paulus ook duidelik wanneer hy die owerhede onder die genadegawes van God vermeld, aangesien dit volgens die verskeidenheid van genadegawes verskillend verdeel is en deur die dienaars van Christus tot stigting van die kerk aangewend behoort te word.

Maar Paulus praat nog duideliker wanneer hy 'n [531] gegronde bespreking van die onderwerp onderneem. Want hy leer dat ook gesag 'n verordening van God is en dat geen gesag kan bestaan as

dit nie deur God verorden is nie (Rom. 13:1); dat ook die owerstes dienaars van God is, vir die wat goed doen, tot lof en vir die bose mense wrekers tot toorn.

Hierby kom ook die voorbeeld van heiliges van wie sommige koninkryke geregeer het, soos Dawid, Josia en Hiskia; ander weer stede, soos Josef en Daniël, en nog ander burgerlike regering oor 'n vry volk, soos Moses, Josua en die rigters. Die Here het aangetoon dat hulle pligte deur Hom goedgekeur is. Daarom moet daar by niemand twyfel bestaan dat burgerlike gesag 'n roeping is wat nie alleen voor die aangesig van God heilig en wettig is nie, maar selfs die heiligste roeping en verreweg die eerbaarste van alle roepings in die lewe van sterflike mense.

Hierdie gedagte behoort amptenare voortdurend besig te hou, omdat dit vir hulle 'n groot aansporing bied om hulle tot pligsvervulling op te wek, en dit kan ook vir hulle buitengewone vertroosting bied om die probleme van hulle taak, waarvan daar sekerlik baie ernstiges is, te verlig. Want hoeveel ywer vir eerlikheid, insig, vriendelikheid, selfbeheersing en onskuld moet hulle nie op hulleself lê omdat hulle weet dat hulle as dienaars van die geregtigheid van God aangestel is nie? Met watter vertroue sal hulle onbillikheid voor hulle regbank toelaat as hulle hoor dat dit die troon van die lewende God is? Met watter [532] roekeloosheid sal hulle dan uit hulle mond 'n vonnis uitspreek as hulle besef dat dit 'n orgaan is wat vir die waarheid van God bestem is? Met watter gewetenswroeging sal hulle goddelose beslissings met hulle hand onderteken as hulle weet dat hulle hand verordineer is om die dade van God voor te skrywe?

Samevattend: As hulle daaraan gedagtig is dat hulle plaasvervangers van God is, behoort hulle met alle sorg, erns en ywer te waak om in hulleself 'n afbeelding van die voorsienigheid van God, van sy beskerming, sy goedheid, sy welwillendheid en sy geregtigheid aan die mense weer te gee. En hulle moet altyd voor oë hou dat almal vervloek is wat die werk van God in bedrog uitvoer (Jer. 48:10).

Toe Moses en Josafat hulle regters dus tot pligsbesef wou aanspoor, het hulle niks doeltreffender gehad om hulle gemoedere te beïnvloed as wat ons hierin tevore weergegee het nie. "Let op wat julle doen, want julle beoefen nie regspraak vir die mens nie maar vir God, aangesien Hy in 'n regsaak julle naby is. Laat die vrees van die Here dus oor julle wees. Waak en doen, want by ons God en Here is daar niks verkeerds nie". Elders word gesê dat God in die vergadering van die gode gestaan het en dat Hy in die midde van die gode regspreek (Ps. 82:1). Daardeur word hulle beseël wanneer hulle geleer word dat hulle gesante van God is en dat hulle aan Hom rekenskap van die behartiging van hulle plig sal gee. En tereg behoort hierdie vermaning ook groot krag by hulle te hê.

[533] Want as hulle fouteer, doen hulle nie alleen die mense wat hulle boosaardig kwel, 'n onreg aan nie, maar hulle versmaad God ook, omdat hulle sy heilige oordele besmet. Maar aan die ander kant het hulle ook gronde om hulleself voortreflik te vertroos wanneer hulle by hulleself daaroor nadink dat hulle hulle nie met wêreldse dinge en met sake wat vreemd is aan 'n dienskneg van God, besig hou nie maar met die allerheiligste taak, aangesien hulle dit as God se gesante vervul.

Maar die mense wat nie deur soveel getuienisse van die Skrif beïnvloed word om nie te waag om hierdie heilige diens te beledig asof dit iets is wat vir die Christelike godsdiens en geloof afstootlik is nie – wat doen hulle anders as om God self te beledig, omdat sy diens nie beledig kan word sonder om Hom te onteer nie? Kortom, hulle beledig nie die amptenare nie maar verwerp God sodat Hy nie oor hulle koning moet wees nie. Want as die Here dit tereg van die volk van Israel gesê het omdat hulle Samuel se regering geweier het (1 Sam. 8:7), sou dit dan vandag met minder waarheid gesê kan word van die mense wat hulle veroorloof om teen al die owerhede wat deur God ingestel is, in raserny te kere te gaan?

Want toe die Here aan die dissipels gesê het dat die konings van die heidene oor die heidene heers maar dat dit nie die geval onder hulle is nie, aangesien hy wat onder hulle eerste is, die geringste moet word, beweer hulle dat alle Christene volgens hierdie [534] woorde verbied word om beheer oor koninkryke en owerhede te neem. O vermaarde uitlêers! Daar het 'n getwis onder die dissipels ontstaan wie van hulle bo die ander uitstaan. En om hulle ydele selfsug te beëindig het die Here

hulle geleer dat hulle diens nie soos koninkryke is waarin een bo al die ander uitstaan nie. Nou vra ek jou: Hoe beledig hierdie vergelyking die aansien van 'n koning of liewer, wat anders bewys dit as net dat die plig van 'n koning nie die diens van 'n apostel is nie? Hoewel daar verder onder amptenare verskeie vorme voorkom, is daar tog in hierdie opsig geen verskil tussen hulle nie, naamlik dat ons hulle almal as instellings van God moet aanvaar. Want ook Paulus vat hulle almal saam wanneer hy sê dat daar geen mag is behalwe van God nie (Rom. 13:1). Die mag wat van alle mag die minste aangenaam is, naamlik die mag van Een, is met buitengewone getuienis bo die res aanbeveel. En omdat mag die onderhorigheid van alle mense meebring met uitsondering van die Een aan wie se wens dit alle dinge onderwerp, kon hulle uitstekende en uitmuntender talente dit vroeër nie aanvaar nie. Maar om die mense se onbillike oordele te voorkom, verklaar die Skrif uitdruklik dat dit die voorsienigheid van die wysheid van God is wat toelaat dat konings regeer (Spr. 8:15), en die Skrif beveel ons in besonder om 'n koning te eer (Deut. 2:17).

En in die privaatlewe is dit sekerlik 'n nuttelose verspilling van tyd vir mense wat nie bevoeg is om oor enige staatsinstelling te beraadslaag nie, om [535] daaroor te argumenteer. Enersyds kan dit nie eenvoudig sito-sito omskrywe word nie, en andersyds rus die aard van so 'n bespreking in besonder op die omstandighede. As 'n mens staatsinstellings sonder die omstandighede met mekaar vergelyk, sou dit nie maklik wees om te onderskei watter een in doelmatigheid swaarder weeg nie, omdat hulle op sulke gelyke gronde meeding. Om van 'n koningskap in 'n tirannie te verval is maklik, maar dit is nie veel moeiliker om van die gesag van die aristokrasie in 'n faksie van 'n oligargie te verval nie. Dit is egter die maklikste om van demokrasie in anargie te verval.

Maar as jy jou oë nie maar net op jou eie stad vasnael nie maar dit na die hele wêreld wend en dit in geheel in oënskou neem, of jou oë ten minste na verder afgeleë streke wend, sal jy inderdaad vind dat dit nie sonder rede so deur die Voorsienigheid toeberei is dat verskillende streke deur verskillende staatsinstellinge bestuur word nie. Want net soos die elemente volgens ongelyke verhouding aan mekaar verbind is, net so word hierdie landstreke die beste volgens die een of ander ongelykheid in regering staande gehou. En tog word dit alles onnodig vir mense gesê vir wie die wil van God genoeg is. Want as dit Hom behaag het om konings oor koninkryke en 'n senaat en munisipale amptenare oor vrystede aan te wys, is dit ons plig om onderdanig en gehoorsaam te wees teenoor almal wat Hy oor die omgewings waar ons lewe, aangestel het.

[536] Maar nou moet ons in hierdie bespreking ook terloops aandui hoe die taak van amptenare in die Woord van God omskrywe word en waarin dit geleë is. Jeremia vermaan konings om reg en geregtigheid te doen; om iemand wat met geweld onderdruk is, uit die hand van sy aanklaer te verlos; om die vreemdeling, die weduwee en wese nie te bedroef of onreg aan te doen nie en om nie onskuldige bloed te vergiet nie (Jer. 22:3 e.v.). Moses beveel die leiers wat hy in sy plek aangestel het om 'n saak tussen hulle broers aan te hoor en om te oordeel tussen 'n man, sy broer en 'n vreemdeling, om in hulle oordeel nie partydig te wees nie; om klein sowel as groot aan te hoor en vir geen mens bevrees te wees nie, omdat die oordeel aan God behoort (Deut. 1:16 e.v.). Die volgende bevele laat ek agterweë: dat konings nie perde vir hulleself moet vermeerder of hulle gemoedere op gierigheid moet instel of hulleself bo hulle broeders moet verhef nie; dat hulle al die dae van hulle lewe voortdurend die wet van die Here moet bedink; dat regters nie na die een of die ander kant moet neig nie en dat hulle nie omkoopgeld moet ontvang nie, en soortgelyke vermanings wat oral in die Skrifte te lese is.

In die uiteensetting van die plig van amptenare is dit nie soseer my bedoeling om juis die amptenare te onderrig nie as om liewer ander mense te leer wat amptenare is en met watter doel hulle deur God aangestel is. Ons sien dus dat hulle beskermers en verdedigers van openbare onskuld, ingetoënheid, eerbaarheid en rustigheid is, omdat dit hulle enigste [537] belangstelling moet wees om in almal se gemeenskaplike heil en vrede te voorsien.

Maar aangesien hulle dit nie kan bereik as hulle goeie mense nie teen die onregsdade van goddelose mense verweer en die onderdruktes met raad en daad bystaan nie, is hulle met die bevoegdheid

bewapen om openlike skurke en misdadigers deur wie se misdadigheid die openbare rus versteur en opgerui word, streng te bestraf (Rom. 13:3). Ons ervaar juis, soos Solon gesê het, dat elke staat op beloning en op straf rus en dat as dit uit die weg geruim word, die hele orde van state ineenstort en verdwyn.

Want die besorgdheid vir billikheid en regverdigheid koel in baie mense se gemoedere af as daar nie meer eer vir deug voor hande is nie; en die teuelloosheid van misdadigers kan nie aan bande gelê word as dit nie meer met streng teregwysing van strawwe in bedwang gehou kan word nie. Albei hierdie aspekte is deur die profeet saamgevat toe hy konings en ander owerstes beveel het om reg en geregtigheid te doen (Jes. 22:3). Geregtigheid beteken trouens om die onskuldiges in beskerming te neem, hulle in liefde te aanvaar, te beskerm, te verdedig en te verlos. Maar reg beteken om die astrantheid van die goddelose te weerstaan, hulle geweld te onderdruk en hulle oortredings te straf.

Maar op die oog af ontstaan hier 'n moeilike en lastige vraag. As alle Christene volgens die wet van [538] God verbied word om dood te maak (Matt. 5:21; Ex. 20:13; Deut. 5:17) en die profeet oor die heilige berg van God, dit is sy kerk, profeteer dat hulle daarin geen leed of skade sal berokken nie (Jes. 11:9; 65:25), hoe kan amptenare dan tegelyk vroom mense en bloedvergieters wees? Maar as ons sou begryp dat 'n amptenaar in die toediening van strawwe niks uit homself doen nie maar dat hy juis die oordele van God voltrek, sal ons nie deur gewetenswroeging belemmer word nie. Die wet van die Here verbied ons wel om dood te maak, maar om te verhoed dat moord ongestraf bly, gee die Here 'n swaard in die hande van sy diensknegte om dit teen alle moordenaars te ontbloot.

Om leed en skade te berokken is nie 'n eienskap van vroom mense nie. En tog beteken dit nie om leed en skade te berokken as ons die leed aan vromes volgens die gebod van die Here wreek nie. Het dit ons tog maar altyd voor oë gebly dat niks hier uit onbesonnenheid van die mens geskied nie, maar dat alles op gesag van God, wat dit gebied, plaasvind. En as sy gesag ons voorgaan, dwaal ons nooit van die regte pad af weg nie, behalwe miskien as teuels op die geregtigheid van God gelê word om te verhoed dat dit misdadigers straf. En as dit ons nie geoorloof is om hulle 'n wet op te lê nie, waarom sou ons dan 'n valse klag teen sy diensknegte inbring? Paulus sê: "Hulle dra die swaard nie verniet nie, want hulle is diensknegte van God, om sy toorn te wreek op die wat kwaad doen" (Rom. 13:4). As leiers en ander owerstes [539] dus weet dat niks vir die Here behaagliker is as hulle gehoorsaamheid nie, laat hulle hulle dan op hierdie diens toelê as hulle hulle beywer om hulle vroomheid, hulle geregtigheid en hulle eerlikheid vir God te bewys.

Natuurlik is Moses deur hierdie begeerte aangedryf toe hy agtergekom het dat hy deur die krag van die Here as bevryder van sy volk bestem is en hy die Egiptenaar aangerand het (Ex. 2:12), en ook toe hy in een dag drieduisend mense doodgemaak en die volk se heiligskennis gestraf het (Ex. 32:27-28). Dit het Dawid ook aangedryf toe hy aan die einde van sy lewe aan sy seun Salomo bevel gegee het om Joab en Simeï dood te maak (1 Kon. 2:5, 8). Hoe het Moses se kalm en rustige geaardheid nie in grimmigheid ontvlam toe hy met die bloed van sy broers besprenkel en gedrup het en deur die kamp na 'n nuwe slagting voortgesnel het nie? Hoe het Dawid, 'n man met so 'n groot vriendelikheid deur sy hele lewe, uit sy laaste asemteug die bloedige verbond gesluit dat sy eie seun die grys hare van Joab en Simeï nie in vrede na hulle graf moes laat gaan nie? Albei het inderdaad hulle hande geheilig wat hulle deur hulle te spaar sou verontreinig het, deur so wreed op te tree toe hulle elk die wraak wat deur God aan hulle toevertrou is, voltrek het. Salomo sê: "Dit is 'n gruwel vir konings om onreg aan te doen omdat die troon in geregtigheid bevestig word" (Spr. 16:12); verder: "'n Koning wat op die regterstoel sit, sprei sy oë oor elke kwaad uit" (Spr. 20:8) en net so: "'n Wyse koning wan [540] die goddelose uit en laat die wiel oor hulle draai" (Spr. 20:26); verder: "Verwyder die skuim uit die silwer, en 'n kruik sal vir die silwersmid te voorskyn kom; neem die goddelose voor die aangesig van die koning weg, en sy troon sal op geregtigheid bevestig word" (Spr. 25:4-5).

As dit dan waarlik hulle geregtigheid is om skuldiges en goddeloses met gestrekte swaard te vervolg en as hulle hulle swaard in sy skede sou terugsit en hulle hulle hande vry van bloed hou terwyl verderflike mense intussen goddeloos deur moord en slagting voortwoed, dan sal hulle hulle in die

grootste goddeloosheid verstrengel, en hulle sou ver daarvan wees om daardeur lof vir hulle goedheid en geregtigheid te behaal. Mag die harde en wrede strengheid en die regbank, wat tereg die rots van ondergang en beskuldigdes genoem word, voltrek word!

Want ek is nie die soort mens wat onbeskaamde wreedheid voorstaan of meen dat 'n billike oordeel gevel kan word tensy goedertierenheid, wat soos Salomo sê (Spr. 20:28), die beste raadgewer en sekerste bewaarder van die troon van konings is, altyd saam op die regbank sit nie. Goedertierenheid is trouens vroeër deur 'n sekere skrywer (Seneca?) die belangrikste geskenk aan leiers genoem.

Tog moet 'n amptenaar sy oog op albei gerig hou om te verhoed dat hy met uitermatige strengheid meer skaad as genees, of dat hy uit bygelowige strewe na [541] goedertierenheid in die wreedste onmenslikheid sou verval as hy met sagsinnige en misplaaste barmhartigheid in die verderf van baie mense opgaan. Want vroeër, tydens die regering van Nerva, is daar nie sonder rede gesê dat dit inderdaad sleg is om onder 'n keiser te lewe wat niks toelaat nie, maar dat dit baie slegter is om onder een te lewe wat alles toelaat.

Maar omdat konings en volke soms wapens moet opneem om openbare straf van hierdie aard te voltrek, kan ons na aanleiding hiervan die afleiding maak dat oorloë wat so onderneem word, wettig is. Want as mag dan aan hulle toevertrou is om die rus van hulle regering te beskerm; om opruiende opstande van onrustige mense te onderdruk; om mense wat met geweld onderdruk is, te hulp te kom, en om daarmee wandade te straf, sou hulle dit dan op 'n geskikter geleentheid kon aanwend as om die waansin van iemand wat die vrede van privaatmense en die rus van die hele gemeenskap versteur, wat opstandige onrus skep en gewelddadige onderdrukking en onwaardige wandade pleeg, aan bande te lê? As dit hulle betaam om bewakers en verdedigers van ons wette te wees, moet hulle die ondernemings van al die mense deur wie se misdade die wetsorde verbreek word, ewe veel verydel, of, liewer, as hulle rowers wie se onreg maar net 'n klein handjievol mense geraak het, tereg straf, sou hulle dan toelaat dat 'n hele gebied sonder straf deur rooftogte geteister en verwoes word? Want dit maak geen verskil of iemand wat 'n vreemde gebied waartoe hy geen reg het nie, inval en dit vyandig teister, 'n [542] koning of iemand uit die laagste klasse van 'n volk is nie – hulle moet almal as rowers beskou en gestraf word.

Maar dit is die plig van alle amptenare om met die grootste sorg daarteen te waak dat hulle selfs nie eers aan die geringste van hulle eie begeertes gehoor gee nie; of, liewer, as hulle dan straf moet toedien, moet hulle nie deur blinde woede weggevoer word nie; hulle moet nie deur haat meegesleur word nie; hulle moet nie van onversoenlike strengheid brand nie; hulle moet, soos Augustinus sê, ook vir ons algemene karakter medelye hê in die geval van iemand in wie hulle sy besondere oortreding straf. Of as hulle dan die wapen teen 'n vyand, dit is 'n gewapende rower, moet opneem, moet hulle nie te geredelik 'n geleentheid soek om oorlog te voer nie; nee, selfs al word dit vir hulle aangebied, moet hulle so 'n geleentheid nie benut tensy hulle deur die uiterste dwang daartoe verplig word nie. Want as ons baie meer het om te lewer as die bekende heidense filosoof (Cicero) wat die opvatting gehad het dat oorlog eerder na 'n soeke na vrede moet lyk, moet ons vooraf sekerlik eers alles beproef voordat ons op wapens besluit. Laastens moet hulle in albei gevalle nie toelaat dat hulle deur persoonlike drifte aangetas word nie, maar hulle moet slegs deur die openbare mening gelei word. Andersins misbruik hulle hulle gesag, wat nie vir hulle eie voordeel aan hulle gegee is nie maar tot seën en diens van ander.

[543] Daarbenewens hang ook die rede vir garnisoene, verdrae en ander burgerlike beskermingsmiddele van dieselfde reg om oorlog te voer af. Ek noem die magte wat onder stede opgestel word om die grense aan 'n gebied te beskerm, 'garnisoene'. 'Verdrae' is die ooreenkomste wat deur naburige leiers gesluit word met die doel dat as daar opstand in hulle gebied uitbreek, hulle mekaar te hulp moet snel en hulle kragte moet verenig om gemeenskaplike vyande van die mensdom te onderdruk. 'Burgerlike beskermmiddels' is die middels waarvan in die krygskuns gebruik gemaak word.

Ten slotte wil ek ook byvoeg dat bydraes en belasting wettige inkomste van leiers is, en hulle moet dit in besonder aanwend om die openbare laste van hulle taak te dra; tog kan hulle dit net so vir die skoonheid van hulle huise aanwend, omdat dit tog op die een of ander wyse met die aansien van die regering wat hulle beklee, verbind is. So sien ons dat Dawid, Hiskia, Josia, Josafat en ander heilige konings maar ook Josef en Daniël volgens die amp wat hulle gehad het, sonder om hulle vroomheid skade aan te doen, uit die staatsfondse weelderig gelewe het, en ons lees in Esegiël dat uitgestrekte stukke grond aan die koning toegewys is (Eseg. 48:21).

Tog moet leiers dit op so 'n wyse aanwend dat hulle op hulle beurt nog daaraan gedagtig is dat die skatkis nie soseer hulle persoonlike koffers as die skatkis van die hele volk is nie (want so getuig Paulus (Rom. 13:6)), en hulle kan dit nie sonder openlike [544] veronregting verkwis en beroof nie; of, liewer, hulle moet daaraan dink dat dit bykans die bloed van die volk is, en om dit nie te spaar nie sou die gruwelikste onmenslikheid beteken. Voorts moet hulle daaraan gedagtig wees dat hulle heffings, offers en ander vorms van belasting niks anders as onderskraging vir die openbare behoefte is nie, en om 'n arme volk daarmee te belas sou tirannieke gierigheid wees.

Hierdie opmerkings moedig leiers nie tot kwistigheid en uitspattige spandabelrigheid aan nie, aangesien dit nie nodig is om brandhout aan hulle begeertes toe te voeg terwyl ons begeertes alreeds vanself meer as genoeg aangevuur is nie; maar aangesien dit uiters belangrik is dat hulle alles wat hulle aandurf, met 'n rein gewete voor God moet aanpak, moet hulle geleer word hoeveel vir hulle geoorloof is sodat hulle nie uit goddelose selfvertroue deur God verag moet word nie. En die leer is ook nie vir mense in privaathoedanigheid oorbodig nie; hulle moet nie toelaat dat hulle onbesonne en voortvarend die uitgawes van hulle leiers beskinder al sou dit ook die gewone perk van hulle burgers oorskry nie!

In die staatsbestel is wette die naaste aan die amptenary; dit is die kragtigste senuwees van 'n staat of, soos Cicero dit noem, die siel van 'n staat waarsonder die amptenary nie staande kan bly nie, net soos ook die wette nie sonder die amptenary kan bestaan nie. Daarom kan niks met groter waarheid gesê word as dat die wet 'n stom amptenaar en 'n amptenaar [545] die lewende wet is nie.

Maar die feit dat ek onderneem het om te sê op watter wette 'n Christelike staatsbestel moet berus, bied geen rede waarom iemand 'n lang bespreking in verband met die beste soort wette van my moet verwag nie. So 'n bespreking sou eindeloos wees en van geen belang vir die huidige redenasie nie. Ek sal slegs in enkele Woorde en as 't ware terloops aandui watter wette 'n staat met vroomheid voor die aangesig van God kan aanwend en reg onder mense kan administreer. En selfs dit sou ek inderdaad in stilte laat verbygaan het as dit nie was dat ek besef dat baie mense in dié opsig gevaarlik afdwaal nie. Want daar is mense wat beweer dat 'n staat nie reg saamgestel is as dit Moses se organisasie buite rekening laat en volgens die gebruiklike wette van die heidene geregeer word nie. Laat ander mense gerus maar ondersoek hoe gevaarlik en opruiend hierdie opvatting is. Vir my is dit genoeg om bloot aan te dui dat dit 'n valse, onnosele benadering is.

Ons moet egter die algemeen bekende verdeling wat die hele wet van God soos dit deur Moses geadministreer is, in sede-, seremoniële en regswette verdeel het, in aanmerking neem, en ons moet die dele elkeen afsonderlik ondersoek om vas te stel wat daarvan op ons betrekking het en wat nie.

Maar die puntjie dat regs- en seremoniële wette ook op sedewette betrekking het, moet intussen vir [546] niemand 'n hindernis wees nie. Want hoewel hulle nie daarmee onbekend was dat die laaste twee dele ook rondom die sedes van toepassing was nie, omdat die wette tog sonder skade aan die sedewette gewysig en herroep kon word, het die ou skrywers wat hierdie verdeling aan ons oorgedra het, dit nie sedewette genoem nie. Hulle het die eerste afdeling, waarsonder die ware heiligheid van ons sedes nie staande kan bly nie, in besonder so genoem.

En om nou maar by die eerste afdeling te begin: Aangesien die sedewette uit twee hoofde bestaan, waarvan die een ons doodeenvoudig opdra om God met suiwer geloof en vroomheid te aanbid en die tweede om alle mense met opregte liefde aan te hang, is dit die ware en ewige maatstaf van

geregtigheid wat vir mense van alle volke en tye voorgeskrywe is as hulle hulle lewe na die wil van God wil reël. Want dit is sy ewige en onveranderlike wil dat Hy inderdaad deur ons almal aanbid moet word en dat ons mekaar waarlik lief moet hê.

Die seremoniële wet was die onderwysinge van die Jode waarmee dit die Here behaag het om die kinderjare van sy volk te oefen tot die volheid van die tyd sou kom waarin Hy sy wysheid ten volle op die aarde sou openbaar en die waarheid van die dinge wat toe in beelde afgeskadu was, aan die mensdom sou toon.

Die regswet is aan hulle vir hulle staatsbestel gegee, en dit het bepaalde formules van billikheid en [547] geregtigheid aan hulle oorgedra sodat hulle onskuldig en rustig met mekaar saam kon lewe.

Hoewel seremoniële oefening inderdaad eiesoortig op die leer van godsvrug van toepassing was in soverre as wat dit die kerk van die Jode aan die aanbidding en eerbiediging van God gehou het en tog van die vroomheid self onderskei kon word, net so het die vorm van regswette tog 'n bepaalde verskil van die liefdesgebod hoewel dit op niks anders gerig was as om aan te dui hoe juis die liefde wat volgens die ewige wet van God gebied word, die beste behou kan word nie.

Soos seremonies dus sonder skade of leed aan hulle vroomheid herroep kon word, net so kan die voortdurende plig en gebooie van die liefde nog bly bestaan al sou hierdie regsinsettinge weggeneem word. Maar as dit waar is, dan is die vryheid sekerlik vir elke volk afsonderlik gelaat om die wette te maak waarvan hulle sien dat dit vir hulle voordelig is, hoewel sulke wette tog aan die ewige maatstaf van die liefde moet voldoen, sodat hulle inderdaad in vorm van mekaar kan verskil maar tog dieselfde doel het. Want ek huldig glad nie die opvatting dat daardie barbaarse en onbeskaafde wette, soos die wat diewe vereer en vleeslike omgang sonder onderskeid toegelaat het, en ook ander wette wat nog skandeliker en dwaser as dit is, as wette beskou moet word nie, omdat hulle nie alleen met alle geregtigheid strydig is nie maar ook met alle menslikheid en beskaafdheid.

[548] Wat ek gesê het, sal duidelik word as ons in alle wette ons oë op hierdie twee beginsels vestig soos dit ons betaam, naamlik op regsordening en billikheid, op die wese waarvan die ordening self steun. Omdat billikheid natuurlik is, kan dit nie anders as om vir alle mense dieselfde te wees nie. Daarom behoort dieselfde beginsel ook volgens die aard van die werking daarvan vir alle wette te geld.

Omdat insettinge omstandighede het wat met hulle verweef en waarvan hulle gedeeltelik afhanklik is, is dit geen struikelblok dat hulle verskillend is nie, so lank as wat hulle net altyd ewe veel op dieselfde doel afgestem is.

Terwyl dit nou duidelik is dat die wet van God wat ons die sedewet noem, niks anders is as 'n getuienis van die natuurwet en van so 'n gewete as wat deur God in die verstand van die mens ingegrif is nie, is die hele basis van hierdie billikheid waarvan ons nou praat, juis in die wet van God opgeteken. Daarom behoort hierdie billikheid alleen die doel, die maatstaf en die perk van alle wette te wees. Daar is geen rede waarom ons enige wet wat na aanleiding van die maatstaf gevorm, op hierdie doelstelling gerig en tot hierdie perk begrens is, hoef te verwerp nie, al sou dit ook van die Joodse wet of selfs van mekaar verskil.

Die wet van God verbied diefstal. Die straf wat in die Joodse staatsbestel vir diewe vasgestel is, is [549] in Exodus te sien. Die oudste wette van ander volke het diefstal met 'n dubbele straf gestraf. Daaropvolgende wette het onderskeid gemaak tussen openlike en nie-openlike diefstal. Sommige wette het so ver as verbanning gegaan, ander weer tot géseling en nog ander tot die doodstraf.

Valse getuienis is onder die Jode met weervergelding gestraf (Deut. 19:18-21). Elders is dit slegs met swaar skande maar elders deur 'n man op te hang en nog elders met die kruisdood gestraf.

Alle wette wreek moord op dieselfde wyse, naamlik met bloedvergieting, maar tog met verskillende wyses van sterwe. Teen owerspeliges word by een streek baie streng en elders weer ligte strawwe

opgelê. Tog sien ons hoe al die wette ten spyte van so 'n verskil nogtans almal na dieselfde doel streef. Want hulle almal vel 'n straf oor daardie oortredings wat volgens die ewige wet van God verdoem is, naamlik moord, diefstal, owerspel en valse getuienis; hulle stem slegs maar in die aard van die straf nie ooreen nie. Dit is trouens ook nie nodig of doelmatig nie.

Daar is landstreke wat dadelik van moord en roof sou moes vergaan as dit nie was dat hulle met skrikwekkende voorbeelde teen moordenaars uitwoed nie. Daar is eeue wat 'n toename in bitter strenge strawwe vereis. Daar is volke wat meer tot 'n bepaalde oortreding geneig sou wees, tensy dit met die grootste hewigheid aan bande gelê sou word. Hoe kwaadwillig en [550] gehaat in die openbare mening sou iemand nie wees wat deur so 'n uiteenlopendheid van wette gegrief sou word hoewel dit uiters geskik is om die eerbiediging van God se wet te behou nie? Want die storie waarmee sommige mense te koop loop dat die wet van God wat deur Moses ingestel is, beledig word wanneer dit herroep en nuwe wette in die plek daarvan gestel word, is loutere onsin. Want ander wette word nie in die plek daarvan gestel wanneer hulle nie as gevolg van hulle eenvoudige vergelyking eerder byval vind nie maar as gevolg van die toestand van die tye, die omgewing of die volk. Of 'n wet word herroep wat nooit vir ons ingestel is nie, omdat die Here so 'n wet nie in die hande van Moses oorgelewer het om onder alle volke bekend gestel te word nie. Maar aangesien Hy die Joodse volk onder sy beskerming, sy bewaking en sy sorg geneem het, was dit sy wil om in besonder vir hierdie volk ook Wetgewer te wees. Maar soos dit 'n eienskap van 'n wyse wetgewer was, het Hy by die instelling van die wette besondere oorweging vir die volk gehad.

Nou bly daar nog oor dat ons die onderwerp wat ons ons laastens ten doel gestel het, moet ondersoek, naamlik watter voordeel die wet, die reg en amptenare vir die hele gemeenskap van Christene inhou; hoeveel eerbied deur privaatmense aan amptenare betoon moet word en watter gehoorsaamheid daaraan verskuldig is.

Vir die meeste mense lyk dit asof die werk van 'n amptenaar onder Christene oorbodig is; natuurlik [551] omdat hulle hulle nie met 'n vroom gewete op die amptenare kan beroep nie, daar dit hulle verbode is om wraak te neem, iemand voor die hof te daag en in 'n geding betrokke te raak. Maar aangesien Paulus daarteenoor duidelik getuig dat 'n amptenaar 'n dienaar van God ons ten goede is (Rom. 13:4), verstaan ons daaruit dat dit die wil van die Here is om ons met sy hand en magte teen die goddeloosheid en onregsdade van misdadigers te verdedig sodat ons rustig en veilig kan lewe (2 Tim. 2:2). Maar 'n amptenaar sou sonder rede deur God as hulp aan ons gegee wees as ons nie ook van so 'n weldaad gebruik mag maak nie; dit is dus duidelik genoeg dat met 'n rein gewete 'n beroep om bystand op 'n amptenaar gedoen kan word.

Maar in hierdie opsig moet ek twee groepe mense behandel. Want daar is uiters baie mense wat van so 'n waansin vir hofgedinge kook dat hulle nooit rus vind as hulle nie met ander mense stry nie. Hulle dryf hulle hofsake met dodelike bitter haat en met 'n waansinnige begeerte na wraak en leed, en met onversoenlike koppigheid vervolg hulle hulle teenstander tot sy algehele ondergang. Intussen verdedig hulle so 'n onredelikheid onder die dekmantel van regsprosedure om te verhoed dat iemand sou dink dat hulle anders as volgens die reg optree. Maar as dit geoorloof is om met 'n medebroeder in 'n regsgeding betrokke te raak, is dit nie eensklaps geoorloof om hom te haat of om hom deur 'n waansinnige ywer leed aan te doen, aangedryf te word of hom hardnekkig te vervolg nie. Sulke mense moet weet dat regsake net wettig is as [552] iemand dit reg gebruik, en dat die gebruik daarvan reg is sowel vir die klaer in sy saak as vir die beskuldigde in sy verdediging as laasgenoemde wanneer hy op 'n vasgestelde dag voor die hof gedaag word, hom ter beskikking stel en met die besware waarmee hy kan, sy saak sonder verbittering verdedig met slegs die drang om dit wat aan hom behoort, deur die reg te beskerm; en as eersgenoemde wanneer hy in aansien of eiendom onverdiend gekrenk is, hom aan die beskerming van die amptenaar oorlewer, sy klag verduidelik en eis wat billik en goed is, maar sonder enige begeerte om leed aan te doen of wraak te neem; sonder hardvogtigheid en haat, sonder die hartstog om te stry; hy moet liewer bereid wees om van sy saak afstand te doen en enigiets te verduur as om deur vyandigheid teenoor sy teenparty aangedryf te word.

Maar aan die ander kant, wanneer hulle gemoedere met kwaadwilligheid deurtrek, met nyd besmet en deur toorn aangevuur word, terwyl hulle wraak uitblaas of ten slotte deur so 'n vurige hartstog om te stry aan die brand gesteek is dat hulle iets van die liefde verlore laat gaan, dan kan selfs die regverdigste hofsaak nie anders as goddeloos wees nie. Want dit betaam alle Christene dat hierdie beginsel vir hulle moet geld, naamlik dat geen hofsaak, hoe billik dit ook al is, deur enigiemand onderneem kan word as hy sy teenparty nie met dieselfde liefde en goedgesindheid bejeën asof die saak wat in geding is, alreeds vriendelik tussen hulle afgehandel en gereël is nie.

[553] Miskien sou iemand die tussenwerpsel maak dat so 'n selfbeheersing nooit in 'n hofsaak aan die dag gelê word nie, sodat dit 'n wonderwerk sou wees as iets van die aard te vinde is. Ek erken geredelik dat soos die gewoontes van ons tydsgewrig nou is, daar baie selde 'n voorbeeld van 'n regskape gedingvoerder te voorskyn kom, maar tog hou die aangeleentheid nie op om rein en suiwer te wees as dit net nie deur die byvoeging van enige kwaad besmet is nie. Maar wanneer ons verneem dat die bystand van 'n amptenaar 'n gawe van God is, moet ons daarom met groter versigtigheid waak dat dit nie deur ons eie gebreke besmet word nie.

Maar mense wat alle regsgedinge kortaf verdoem, moet besef dat hulle terselfdertyd 'n heilige verordening van God en 'n gawe van die soort wat vir die onreines rein kan wees, verwerp (Titus 1:15); behalwe as hulle Paulus miskien van 'n oortreding wil aankla omdat hy sowel die valse aanklagte van sy aanklaers afgeweer het deur hulle listigheid en boosheid te ontmasker (Hand. 24:12) as om hom voor die regbank op die voorreg van sy Romeinse burgerskap te beroep (Hand. 22:1; 25) en, toe dit vir hom nodig was, van 'n onregverdige regter na die regbank van die keiser te appelleer (Hand. 25:10-11).

Dit vorm geen struikelblok daarvoor dat die begeerte na wraak wat ook ons ver van Christelike howe af verdrywe, vir alle Christene verbode is nie (Deut. 32:35; Matt. 5:39; Rom. 12:19), want as daar [554] privaatregtelik in geding gegaan word, betree 'n man nie die regte pad as hy nie in onskuldige eenvoud sy saak aan die regter as openbare beskermer toevertrou en aan niks minder dink as om kwaad met kwaad te vergeld nie (Rom. 12:17), omdat dit 'n drang na wraak is. Maar as 'n kriminele klag of selfs 'n ernstiger saak aanhangig gemaak word, vereis ons 'n aanklaer wat nie deur 'n drang na wraak meegesleur word nie; sonder om deur enige aanstoot oor 'n persoonlike onreg geraak te word, moet hy die hof betree; sy bedoeling moet slegs wees om die ondernemings van 'n verderflike mens in die wiele te ry, sodat hy die staat geen skade kan berokken nie. Want as jy 'n wraakgierige mens uit die weg ruim, besondig jy jou nie teenoor die gebod waarvolgens wraak vir Christene verbode is nie.

Nie alleen word mense verbied om wraak te begeer nie, maar ook word hulle gebied om op die Here se hand te wag, omdat Hy belowe dat Hy vir die onderdruktes en geteisterdes 'n Wreker sal wees (Rom. 12:19); "maar die mense wat vir hulleself of vir ander hulp van 'n amptenaar vra, voorkom die wraak van die Here". Hoegenaamd nie, aangesien ons nie moet dink dat die wraak van 'n amptenaar die wraak van 'n mens is nie maar wel van God, wat Hy, soos Paulus sê, deur die diens van 'n mens aan ons laat toekom (Rom. 13:4).

Ons is nietemin ook nie in stryd met Christus se woorde waarvolgens Hy ons verbied om 'n slegte mens teen te staan en Hy ons beveel om ons regterwang na iemand wat ons linkerwang geklap het, te draai, en [555] dat ons ons bokleed aan iemand wat ons onderkleed geneem het, moet gee nie (Matt. 5:39-40). Dit is trouens sy wil dat die gesindheid van die wat aan Hom behoort, dermate van die begeerte na vergelding moet terugdeins dat hulle eerder sal toelaat dat hulle 'n dubbele onreg aangedoen word as om daartoe aangedryf te word om dit te vergeld. Van hierdie lydsaamheid neem ook ons hulle nie weg nie.

Want Christene behoort waarlik 'n groep mense te wees wat gebore is om smaad en onreg te verduur, blootgestel aan die goddeloosheid, bedrog en bespotting van die slegste mense. En nie alleen dit nie, maar hulle behoort so verdraagsaam ten opsigte van alle kwaad te wees, dit beteken hulle moet geestelik so ingestel wees dat wanneer hulle een terugslag gely het, hulle hulle vir nog

een gereed maak, sodat hulle tydens hulle hele lewe aan hulleself niks anders as net die lydsaamheid van 'n ewige kruis belowe nie. Intussen moet hulle die mense wat hulle 'n onreg aandoen, seën en vir die wat hulle vervloek, bid en hulle beywer om die kwaad met die goeie te oorwin (Rom. 12:21) – en dit is hulle enigste oorwinning! Só ingestel sal hulle nie 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand eis soos die Fariseërs hulle leerlinge geleer het om wraak te begeer nie; maar soos hulle deur Christus geleer word, sal hulle verduur dat hulle liggame so vermink en hulle eiendom so kwaadwillig van hulle weggeneem word dat hulle die onregsdade sal vergewe en vrywillig sal kwytskeld sodra dit hulle aangedoen is.

[556] En tog sal die billikheid en selfbeheersing van hulle gemoedere vir hulle geen hindernis wees om met behoud van hulle vriendelikheid teenoor hulle vyande met die bystand van 'n amptenaar vir die behoud van hulle eiendom te sorg of uit belangstelling vir die openbare belang op straf vir 'n skuldige en verderflike mens aan te dring as hulle weet dat hy nie anders as met die doodstraf verbeter kan word nie.

Maar ook die beswaar wat gewoonlik geopper word dat alle hofgedinge deur Paulus verdoem is, is vals (1 Kor. 6:5-8). Uit sy Woorde kan maklik afgelei word dat daar 'n onbeteuelde woede om hofsake te voer in die kerk van die Korintiërs was, in so 'n mate dat hulle die evangelie van Christus aan die bespotting en vervloeking van goddelose mense blootgestel het. In die eerste plek wys Paulus hulle tereg omdat hulle die evangelie as gevolg van die onbeheerstheid van hulle verskille voor die ongelowiges bespotlik maak. In die tweede plek wys hy hulle tereg juis omdat hulle so met mekaar verskil – broeders en medebroeders. Want dit was vir hulle so vreemd om 'n onreg te verdra dat hulle die een gierig agter die ander se besittings aangehyg het en mekaar sonder rede aangeval en skade aangedoen het. Dit is teen so 'n waansin om hofsake te voer wat hy uitvaar en nie bloot teen alle geskille nie. Maar hy verklaar dat dit 'n volstrekte sonde is dat hulle nie eerder skade aan hulle besittings ly as om selfs tot hofsake toe hulle daarvoor af te sloof om dit te behou nie.

[557] Christene moet hulle daarom daarop toelê om altyd te verkies om van hulle reg afstand te doen eerder as om na 'n hof te gaan waaruit hulle met moeite kan uitgaan sonder 'n versteurde gemoed wat tot haat teen 'n medebroeder aangevuur is. Maar wanneer iemand bemerk dat hy sonder verlies aan liefde nog sy eiendom kan beskerm, en as die verlies van sy eiendom vir hom 'n ernstige skade sou inhou en hy sou 'n hofsaak maak, dan besondig hy hom nie teen Paulus se opvatting nie. Kortom, soos ons in die begin geleer het, sal die liefde aan elkeen die beste raad gee, en alles wat sonder die liefde onderneem word en die grense daarvan te buite gaan, beskou ons onweerlegbaar as onregverdige en goddelose getwis.

Die eerste plig van onderhoriges teenoor hulle amptenare is om so eerbiedig moontlik oor hulle amp te voel; hulle moet dit as regspraak wat deur God aan hulle opgedra is, erken, en om dié rede moet hulle na hulle amptenare opsien en hulle hoog ag omdat hulle diensknegte en gesante van God is. Want 'n mens sou sommige mense kon vind wat hulle baie gedienstig teenoor hulle amptenare betoon en die begeerte het dat hulle mense moet wees wat hulle kan gehoorsaam omdat hulle daarvan bewus is dat dit tot die openbare voordeel is. Maar tog is hulle opvatting van hulle amptenare nie anders as dat dit 'n noodsaaklike euwel is nie. Maar inderdaad eis Petrus iets meer van ons wanneer hy ons beveel om die koning te eer (1 Petr. 2:17), en Salomo ook wanneer hy ons beveel om God en die koning te vrees (Spr. 24:21).

[558] Want Petrus sluit onder die woord 'eer' 'n opregte en eerlike agting in; en wanneer Salomo die koning met God verbind, dui hy aan dat 'n koning vol agtenswaardigheid en aansien is. Daar is ook die pragtige beskrywing van Paulus dat ons nie alleen ter wille van die toorn nie maar ook ter wille van die gewete gehoorsaam moet wees. Daaronder verstaan hy dat onder horiges nie alleen deur vrees vir hulle leiers en owerstes beïnvloed moet word om hulle onderdanig te hou soos mense wat voor 'n gewapende vyand swig wanneer hulle sien dat daar onmiddellik wraak sal wees as hulle teenstand bied nie, maar ook omdat onderdanigheid aan God self betoon word as hulle dit aan hulle amptenare betoon, omdat hulle mag uit God is.

Hieruit volg ook 'n tweede aspek, naamlik dat hulle met 'n gemoed wat daartoe geneig is om hulle te eerbiedig, gehoorsaamheid aan hulle moet bewys deur hulle bevele te gehoorsaam, belasting te betaal of openbare pligte en laste te dra wat op die verdediging van die gemeenskap gerig is, of al hulle bevele uit te voer. Paulus het gesê: "Laat elke siel hom aan die hoër magte onderwerp; want iemand wat die magte weerstaan, weerstaan die verordening van God" (Rom. 13:1-2). "Vermaan hulle", skryf hy ook aan Titus, "om hulle aan die owerhede en die magte te onderwerp; om die amptenare te gehoorsaam en vir elke goeie werk bereid te wees" (Titus 3:1). Petrus sê: "Wees dan onderworpe aan elke menslike wese ter wille van die Here; as dit 'n koning is, as opperheerser; as dit 'n goewerneur is wat deur hom gestuur [559] word om kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys" (1 Petr. 2:13-14).

Om daarvan te getuig dat hulle onderworpenheid nie geveins is nie maar dat hulle eerlik en van harte onderworpe is, voeg Paulus by dat hulle die heil en voorspoed van die onder wie hulle lewe, aan God moet opdra. Hy sê: "Ek spoor julle aan dat smekinge, gebede, voorbedes en dankseggiinge vir alle mense gedoen moet word, vir konings en vir almal wat hoog geplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2:1-2).

Maar laat niemand homself ten opsigte hiervan bedrieg nie. Want omdat 'n amptenaar nie teengestaan kan word sonder dat God terselfdertyd teengestaan word nie, selfs al sou dit lyk asof 'n ongewapende amptenaar sonder straf geminag kan word, is God tog bewapen om minagting teenoor Hom kragtig te wreek.

Daarbenewens sluit ek onder hierdie gehoorsaamheid ook die selfbeheersing in wat mense in hulle persoonlike hoedanigheid aan hulleself moet opdra om in die openbaar te eerbiedig, om hulleself nie met openbare aangeleenthede in te meng of onbesonne op die plig van amptenare inbreuk te maak of hoegenaamd iets in die openbaar te versteur nie. As dit van belang is dat 'n verbetering in 'n openbare verordening aangebring moet word, moet hulle geen oproer veroorsaak en hulle hand aan die saak slaan nie – dit betaam hulle om hulle hande in hierdie opsig vasgebind te hou –, [560] en hulle moet dit onder die aandag bring van 'n amptenaar wie se hande alleen in hierdie opsig los is. Ek verstaan daaronder dat hulle niks moet aandurf sonder dat hulle daartoe beveel is nie. Want as die bevel van die owerheid daarby kom, is hulle ook van openbare gesag voorsien. Want soos 'n leier se raadgewers gewoonlik sy ore en oë genoem word, so sou niemand onredelik die bewering maak dat die mense aan wie 'n leier 'n bevel om iets te doen opgedra het, so 'n leier se hande is nie.

Maar omdat ons tot dusver 'n beskrywing van 'n amptenaar gegee het wat waarlik is wat hy genoem word, naamlik vader van sy vaderland en, soos die digter sê, herder van sy volk, bewaker van die vrede, beskermer van geregtigheid en wreker van onskuld, moet iemand wat so 'n regering nie goedkeur nie, na verdienste, as 'n waansinnige beskou word.

Maar aangesien dit 'n verskynsel van bykans alle eeue is dat sommige van die leiers onbekommerd oor al hulle onderdane is, hoewel hulle aandag daarop toegespits moes wees om vir hulle voorsiening te maak, hou hulle hulle onverskillig ver van alle sorge daaroor weg. Ander weer se aandag is slegs op hulle eie belang toegespits, en hulle bied al hulle regte, voorregte, regsuitsprake en aanbevelingsbriewe te koop aan.

Ander leiers ontneem die gewone mensies hulle geld en verkwis dit later op dwase geskenke. Nog ander leiers [561] beoefen louter roof deur huise te plunder, maagde en vrouens aan te rand en onskuldige mense op te offer.

Baie mense kan inderdaad nie daarvan oortuig word dat hulle as leiers erken moet word en dat hulle bevel sover moontlik gehoorsaam moet word nie. Want terwyl hulle in so 'n onwaardigheid en te midde van sulke groot misdade wat nie alleen aan 'n amptenaar vreemd is nie maar ook aan die plig van 'n mens, geen sweem meer van die beeld van God wat in hulle amp helder behoort te skyn, raaksien nie; terwyl hulle geen spoor van 'n dienaar van God wat aan die goeie mense tot lof en aan die kwaaddoeners tot wraak gegee is, bespeur nie, kan hulle so 'n amptenaar, wie se aansien en

gesag die Skrif aan ons opdra, nie as hulle owerheid erken nie. Die opvatting was trouens nog altyd in die gemoed van alle mense ingebore om tirannie nie met geringer haat en vervloeking te beledig as wat hulle regskape konings met liefde en hoogagting gevolg het nie.

Maar as ons ons oë op die Woord van God hou, sal dit ons verder neem om ons nie alleen aan die gesag van leiers wat opreg en met verskuldigde geloof hulle taak volbring, te onderwerp nie maar ook aan die gesag van alle leiers, hoe hulle ook al aan bewind kom, selfs al sou hulle nie 'n steek van die plig van leiers lewer nie.

Hoewel die Here getuig dat so 'n amp die grootste gawe van sy milddadigheid is om die heil van die mensdom [562] te bewaar, en hoewel Hy ook sy eie perke aan amptenare voorskrywe, verklaar Hy tog terselfdertyd dat wat hulle geaardheid ook al is, hulle hulle gesag slegs van Hom af het; Hy verklaar dat die mense wat tot die openbare welsyn gesag voer, ware voorbeelde en bewyse van sy milddadigheid is maar dat die wat onregverdig en met 'n gebrek aan selfbeheersing heers, deur Hom opgewek is om die onregverdigheid van 'n volk te straf, maar dat hulle almal met die majesteit bedeel is, waarmee Hy wettige gesag toegerus het.

Ek sal nie verder gaan voordat ek nie enkele getuienisse daarvoor aangehaal het nie. En tog hoef ons ons nie daaroor te kwel om te bewys dat 'n goddelose koning die toorn van die Here op die aarde is nie (Job 34:30; Hosea 13:11; Jes. 10:5), want ek glo nie dat daar iemand sal wees dat daarteen beswaar sou maak nie. Daarom sou ek niks meer van so 'n koning sê as van 'n rower wat jou besitting beroof (Deut. 28:29), as van 'n owerspeler wat jou huweliksbed besoedel (Deut. 28:30), as van 'n moordenaar wat jou dood begeer nie, aangesien die Skrif al sulke terugslae onder die vervloekinge van God tel.

Maar laat ons liewer 'n wyle halt roep om dit te bewys wat nie so maklik in mense se verstand insink nie, naamlik dat daar in die slegste mens, wat alle eer uiters onwaardig is, as die openbare gesag in sy hande is, die voortreflike en goddelike mag gevestig is wat die Here volgens sy Woord aan die diensknegte van sy geregtigheid en oordeel oorgelewer het, en [563] dat so 'n man deur sy onderdane in soverre dit die openbare gehoorsaamheid aangaan, net so hoog geag moet word as wat hulle die beste koning sou ag as dit aan hom verleen sou word.

In die eerste plek sou ek graag wou hê dat my lesers moet opmerk en versigtig op die voorsienigheid van God moet let, wat nie sonder rede dikwels in die Skrif onder ons aandag gebring word nie, en sy buitengewone optrede in die verdeling van koninkryke en die instelling van die mense van wie dit Hom behaag, as die konings daarvan. In Daniël lees ons: "Die Here verander die tye en die seisoene; Hy sit konings af en stel konings aan" (Dan. 2:21); net so: "Dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens. Hy sal dit gee aan wie Hy wil" (Dan. 4:17).

Hoewel die Skrif oral 'n oorvloed aan sulke uitsprake het, wemel hierdie profesie tog in besonder daarvan. Nou is dit welbekend hoe 'n soort koning Nebukadnesar wat Israel ingeneem het, was, naamlik 'n kragtige aanvaller en verwoester van ander se eiendom. Tog verklaar die Here in Esegiël dat Hy Egipteland aan hom gegee het vir die werk wat hy vir Hom gedoen het deur Egipteland te verwoes (Eseg. 29:19-20). En Daniël het vir hom gesê: "U, o koning, koning van die konings aan wie die God van die hemele die koningskap in kragte, sterkte en heerlikheid gegee het; aan u, sê ek, het Hy al die gebiede waar mensekinders woon, gegee, die diere van die bosse en die voëls van [564] van die hemel; hulle het Hy in u hand gegee en u oor hulle laat heers" (Dan. 2:37-38). Dan sê hy weer aan sy (Nebukadnesar se) seun, Bélsasar: "Die Allerhoogste God het aan u vader Nebukadnesar die koningskap en grootheid en eer en heerlikheid gegee, en vanweë die grootheid wat Hy aan hom gegee het, het al die volke, nasies en tale voor sy aangesig gebewe en gevrees" (Dan. 5:18-19).

Wanneer ons hoor dat 'n koning deur God aangestel is, moet ons tegelyk die hemelse bevele in verband met sy eer en vrees in gedagte hou, en ons sal geen twyfel daaroor hê om selfs die goddeloosste tiran so te eerbiedig as wat die Here hom waardig geag het nie. Toe Samuel vir die volk van Israel verkondig het watter dinge hulle van hulle konings sou verduur, het hy gesê: "Dit sal die

reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle by sy wa aanstel om hulle voor sy perde te plaas en om sy landerye te ploeg, sy oes in te samel en oorlogswapens te maak. Julle dogters sal by neem om salfmengsters, kooksters en baksters te wees; ook julle landerye, julle wingerde en julle beste olyfboorde sal hy neem en aan sy diensknegte gee; julle slawe, julle slavinne, en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik; ja, ook van julle vee sal hy die tiendes neem, en julle sal sy diensknegte wees" (1 Sam. 8:11-17). Dit sou konings nie met reg kon doen nie, omdat die wet hulle uitnemend in elke vorm van selfbeheersing onderrig het (Deut. 17:16). Maar onder die volk is dit sy reg genoem, aangesien [565] hulle hom moes gehoorsaam en dit hulle nie geoorloof was om hom teen te staan nie. Dit is net asof Samuel gesê het: "Die hartstogte van die konings sal hulle tot teuelloosheid meesleur, maar julle bevoegdheid sal dit nie wees om dit aan bande te lê nie; slegs een moontlikheid sal vir hulle oorbly, naamlik om hulle bevele te gehoorsaam en na hulle Woorde te luister". Maar daar is in besonder 'n opsigtelike en merkwaardige verwysing in Jeremia; en selfs al is dit 'n bietjie uitvoerig, skaam ek my nie om dit aan te haal nie, omdat dit hierdie hele vraagstuk baie helder toelig: "Ek het die aarde, die mense en die diere wat op die aarde is, gemaak deur my groot krag en my uitgestrekte arm, en Ek gee dit aan wie in my oë behaaglik is, spreek die Here. En nou het Ek al hierdie lande in die hand van Nebukadnesar, my dienskneg, gegee, en al die nasies en magtige konings sal hom dien totdat die tyd van sy land ook sal kom. En dit sal so wees dat 'n volk en 'n koninkryk wat hom nie dien nie en sy nek nie onder die juk van die koning van Babel insteek nie – die volk sal Ek met die swaard, met hongersnood en pes besoek. Dien daarom die koning van Babel en lewe!" (Jer. 27:5-8; 17).

Ons sien met hoeveel gehoorsaamheid die Here wou hê dat daardie afstootlike en wrede tiran geëerbiedig moes word – en dit om geen ander rede as net omdat hy die koningskap verkry het nie.

Maar dit was juis deur 'n bevel van die Here dat hy [566] op die troon van die koningskap geplaas en in die koninklike majesteit opgeneem is, en dit sou 'n sonde wees om dit geweld aan te doen. As ons voortdurend in gedagte en voor oë hou dat selfs die goddelooste konings volgens dieselfde bevel aangestel word as waarop die gesag van alle konings gevestig word, sal die volgende opruiende gedagtes nooit in ons gemoed opkom nie, naamlik dat 'n koning volgens sy verdienste behandel moet word en dat dit onbillik is dat ons ons as onderdane moet betoon teenoor 'n koning wat hom nie ook as koning teenoor ons betoon nie.

In dieselfde profeet is daar ook 'n tweede bevel van die Here waarvolgens Hy sy volk gebied om die vrede van Babilon, waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, te soek, en dat hulle vir die stad tot Hom moet bid, omdat hulle vrede in die vrede van die stad geleë sou wees (Jes. 29:7). Kyk, die Israeliete is van al hulle besittings gestroop, van hulle huise weggeskeur, in bannelingskap weggedrywe en in ellendige slawerny gewerp, maar hulle word gebied om te bid vir die welvaart van hulle oorwinnaar – nie soos ons elders gebied word om vir die wat ons vervolg, te bid nie maar om te bid dat die koninkryk veilig en rustig vir hom behoue mag bly sodat hulle ook onder hom voorspoedig mag lewe. Toe Dawid alreeds volgens verordening van God as koning bestem en met sy heilige olie gesalf is en hy sonder dat hy dit verdien het, onwaardig deur Saul vervolg is, het hy nogtans die kop van sy hinderlaaglêer as heilig beskou omdat die Here hom met die eer van koningskap geheilig het.

[567] "Mag dit verre van my wees", het hy gesê, "dat ek so iets voor die aangesig van die Here aan my heer, die gesalfde van die Here, doen, om my hand teen hom uit te steek, want hy is die gesalfde van die Here" (1 Sam. 24:6); en net so: "Ek sal my hand nie na my heer uitsteek nie, omdat hy die gesalfde van die Here is" (1 Sam. 24:11); en verder: "Wie sal sy hand aan die gesalfde van die Here slaan en onskuldig wees? Die Here lewe, en as die Here hom nie platslaan of sy dag om te sterwe nie kom of hy in oorlog val nie – laat dit ver van my wees om my hand na die gesalfde van die Here uit te steek" (1 Sam. 26:9-11).

Ons is hierdie begeerte na eerbiediging en daarom ook na godsvrug aan almal wat oor ons gestel is, wat hulle aard ook al is, tot die uiterste toe verskuldig. Daarom herhaal ek baie dikwels dat ons moet

leer om die mense self nie aan ondersoek te onderwerp nie, maar dit as genoeg moet beskou dat hulle die rol deur die wil van God vervul en dat Hy self 'n onuitwisbare majesteit daarop afgestempel en ingegrif het.

"Maar", sal iemand sê, "die owerhede is op hulle beurt wederkerige prestasies aan hulle onderhoriges verskuldig." Dit het ek alreeds erken. Maar as jy daaruit aflei dat onderdanigheid slegs aan regverdige owerhede betoon moet word, is jy 'n dwase debatteerder. Want ook mans word met wedersydse pligte aan hulle vrouens en ouers aan hulle kinders gebind.

[568] Gestel nou dat ouers en eggenote hulle plig sou versaak; gestel nou dat ouers hulle so hardvogtig en ongenaakbaar teenoor hulle kinders sou betoon – en ouers word tog verbied om hulle tot toorn uit te lok (Ef. 6:4) – dat hulle hulle uitermate met hulle hardvogtigheid sou vermoei, gestel nou dat mans hulle vrouens – en hulle word tog gebied om hulle lief te hê (Ef. 5:25) en hulle soos swakker houers te ontsien (1 Petr. 5:7) – met die grootste belediging sou behandel, sal kinders dan nog minder onderdanig aan hulle ouers en vrouens minder onderdanig aan hulle mans wees? Hulle sal hulle selfs aan goddelose pligversakers onderwerp.

Ja, aangesien ons almal ons liewer moet beywer om nie ons oë op die sak wat op hulle rug hang (hulle gebreke) te rig nie, dit is dat die een nie die ander se plig moet ondersoek nie maar elkeen hom na sy eie taak moet skik, behoort dit in besonder van krag te wees in die geval van mense wat onder die mag van ander gestel is.

As ons daarom wreed deur 'n grimmige leier gefolter word; as ons deur 'n hebsugtige of gemaksugtige leier gierig beroof word; as ons deur 'n luiaard verwaarloos word; as ons in die laaste plek vanweë ons godsvrug deur 'n goddelose heiligskenner getreiter word, dan moet die herinnering aan ons eie oortredings eerste by ons opkom, omdat dit sonder twyfel deur sulke géselslae van die Here getugtig word (Dan. 9:7). Voorts moet ook hierdie gedagte ons te binne [569] skiet dat dit nie ons plig is om boosheid van so 'n aard reg te stel nie; dat slegs dit vir ons oorbly om hulp van die Here te vra, omdat die harte van konings en die verwisseling van koninkryke in sy hand is (Spr. 21:1). "Hy is God wat in die vergadering van die gode sal staan en te midde van die gode gerig sal hou" (Ps. 82:1). Uit sy aangesig sal al die konings en die regters van die aarde wat sy gesalfde nie gesoen het nie, vernietig en verbrysel word (Ps. 2:10-11), so ook almal wat onregverdige wette opgeteken het om die armes in die hof te onderdruk en die saak van die nederiges geweld aan te doen; om weduwees te besteel en die wese te beroof (Jes. 10:1-2).

Hier tree sy wonderbaarlike goedheid sowel as sy mag en voorsienigheid te voorskyn. Want soms hef Hy uit sy diensknegte openlik wrekers op en rus hulle met sy bevel toe om 'n goddelose regering te straf en 'n volk wat op onregverdige wyse onderdruk is, uit hulle ellende te versoek; soms bestem Hy die toorn van mense wat een ding bedink en 'n ander ding doen, hiervoor.

So het Hy die volk Israel deur Moses uit die tirannie van Farao, deur Otniël uit die geweld van Kusan, die koning van Sirië, en deur ander konings of rigters uit ander vorms van slawerny vrygemaak. So het Hy die hooghartigheid van die Egiptenare deur die Assiriërs, die hoogmoed van Tirus deur die Egiptenare, die wreedheid van Babilon deur die Meders en die Perse [570] en die ondankbaarheid van Juda en Israel deur die Babiloniërs verpletter en platgeslaan, maar tog het Hy dit nie alles om dieselfde rede gedoen nie.

Want omdat die eerste groep volgens 'n wettige roeping van God opgeroep is om sulke dade tot uitvoer te bring en konings aan te val, het hulle die majesteit waarmee konings volgens verordening van God beklee is, hoegenaamd geen skade berokken nie maar slegs 'n geringer mag met 'n groter gesag onderwerp, soos dit vir konings geoorloof is om hulle onderdane te straf. Hoewel die laaste groep deur die hand van God gestuur is in die rigting waarin dit Hom behaag het, en hulle onbewus sy werk volbring het, het hulle tog geen ander bedoeling gehad as om 'n wandaad te pleeg nie; maar hoe die dade van hierdie mense ook al beoordeel word, die Here het tog sy werk daarmee volbring, aangesien Hy die bloedbevlekte septers van hooghartige konings verbreek en ondraaglike regerings

vernietig het. Laat ons leiers hieraan gehoor gee en daardeur verskrik word.

Maar ons moet intussen net die grootste versigtigheid daarteen waak om die gesag van amptenare, wat vol eerbiedwaardige majesteit is en wat God volgens sy gewigtigste verordeninge ingestel het, te minag of geweld aan te doen, selfs al sou die gesag in die bande van die onwaardigste leiers wees wat dit soveel as wat hulle kan, met hulle boosheid besoedel. Want as die wraak die Here toekom en die regstelling van 'n teuellose oorheersing Syne is, moet ons nie daarom [571] die opvatting huldig dat dit eensklaps aan ons opgedra is, omdat slegs die gebod om gehoorsaam en lydsaam te wees aan ons gegee is nie.

Ek praat nog altyd van mense in hulle privaathoedanigheid. Want as daar nou amptenare van die volk sou wees wat aangewys is om die drifte van die Efori (owerheidspersone), wat vroeër teen die Spartaanse konings aangestel is, of soos die amptenare van die volk die Romeinse konsuls of die distrikshoofde die Senaat van die Atheners teengestaan het, en miskien ook soos omstandighede onder ons nou is, die mag wat die drie kolleges teen elke koning afsonderlik uitoefen wanneer hulle hulle belangrikste vergaderings hou, verbied ek hulle nie om hulle in ooreenstemming met hulle plig teen die tierende teuelloosheid van konings te verset nie, sodat as hulle hulle oë sluit vir konings wat nederige mensies aanval en vertrap, ek nadruklik sou verklaar dat hulle geveinsdheid nie sonder goddelose verraad is nie, omdat hulle daardeur die vryheid van die volk bedrieglik verraai terwyl hulle daarvan bewus is dat hulle deur die verordening van God as beskermers van hulle vryheid aangestel is.

Maar in die geval van die gehoorsaamheid, waarvan ons vasgestel het dat dit aan die gesag verskuldig is van die wat oor ons gestel is, moet ons altyd die uitsondering maak, of, liewer, ons moet daarin bowenal daarop let dat dit ons nie wegneem van die gehoorsaamheid aan Hom aan wie se wil die begeertes van [572] alle konings ondergeskik moet wees, voor wie se beslissings al hulle bevele moet swig en aan wie se majesteit al hulle septers hulle moet onderwerp nie. En hoe verkeerd sou dit inderdaad nie wees om mense te behaag en sy toorn ter wille waarvan jy mense juis gehoorsaam, jou op die hals te haal nie?

Die Here is dus die Koning van die konings, en wanneer Hy sy heilige mond open, dan moet ons voor en bo alle ander mense na Hom alleen luister. Daarna eers moet ons ons aan die mense wat oor ons gestel is, onderwerp, maar dan slegs in Hom. As hulle 'n bevel teen Hom uitvaardig moet dit hoegenaamd geen plek of waarde by ons hê nie. En laat al die aansien waarvan die amptenaar 'n oorvloed het, ons nie daarvan weerhou nie, omdat, dit geen onreg aangedoen word wanneer dit voor daardie uitnemende en waarlik allerhoogste gesag van God verneder word nie.

Ek weet hoe 'n groot en onmiddellike gevaar hierdie standvastigheid bedreig omdat konings dit met die grootste ergerlikheid verdra om verag te word, maar hulle grimmigheid is die boodskapper van hulle dood, soos Salomo sê (Spr. 16:14).

Maar aangesien die bevel deur 'n hemelse boodskapper, te wete Petrus, afgekondig is dat ons God eerder as die mense moet gehoorsaam (Hand. 5:29), moet ons ons met die gedagte vertroos dat ons eers dan die gehoorsaamheid wat die Here van ons eis, betoon wanneer ons enigiets ly liewer as om van ons godsvrug af te wyk.

[573] En om te verhoed dat ons moed verloor, spoor Paulus ons ook verder aan daarmee dat ons teen so 'n groot prys deur Christus verlos is as wat ons verlossing Hom gekos het om te verhoed dat ons slawe word van die verwronge begeertes van mense en nog minder van hulle goddeloosheid.

Einde

[574]

# OPGAWE van belangrike onderwerpe wat in hierdie boek behandel word

(Bladsyverwysings is na die oorspronklike teks – vertaler)


Wat ons van God moet leer ........ 42

Wat van die ........ 43 en 78

Natuurwet ........ 45

Waarop die beloftes van die wet gerig is ........ 46

Wat ons uit die wet moet leer ........ 47

Oor ........ 53

Die eed ........ 58

Wat volgens die wet van die Sabbat op Christene betrekking het ........ 61 en 64

Die dag van die Here en feesdae ........ 62

Maagdelikheid 'n besondere gawe van God ........ 66

Die huwelik 'n heilige gawe van God as 'n middel teen onkuisheid ........ 67

Geestelike wet ........ 73

Raad en beginsels ........ 75

Voldoening ........ 80 en 342

Werke van oordrewe pligsvervulling ........ 81

Die beloftes van die evangelie onderskei van die beloftes van die wet ........ 85

Hoe ons moet verstaan dat ons deur die geloof geregverdig word ........ 85
en die gevolge ........ 111

Wat pligsvervulling van die wet is ........ 88


[575]


Herroeping van die wet ........ 88

Wat díe rede vir die aansporing tot goeie werke is ........ 92, 97

Wat goeie werke is ........ 94, 403

Kostelose vergiffenis van sondes ........ 90, 188

Hoe die ewige lewe 'n beloning is; verdienste ........ 99

Wat ware geloof is ........ 107

Dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees een God is ........ 106

Oor die benaming Drie-eenheid en persone ........ 110

Hoe God in die afvalliges werk ........ 112

Oor die twee nature in Christus en wat dit vir ons beteken ........ 121

Die neerdaal van Christus in die hel, die versinsel van 'n voorhemel word weerlê- ........ 131

Wat Abraham se boesem is ........ 132

Wat dit beteken dat Christus aan die regterhand van die Vader sit .............................. 133, 246
Wat die kerk is en hoe ons dit moet herken ................................................................ 137, 147, 435
Hoe ons oor verkiesing en voorbeskikking moet dink .................................................... 140
Wat die doel van uitbanning is en hoe ons met uitgebande
Jode en Turke moet omgaan ......................................................................................... 144, 146
Wat die aard van die gemeenskap van die gelowiges is................................................. 148
Vergiffenis van sondes die fondament van die kerk....................................................... 149
Wat die verskil tussen geloof en hoop is ........................................................................ 153
'n Verduideliking van die aanhaling: As ek al die geloof het .......................................... 154
Die aanroeping van heiliges........................................................................................... 163
Hoe ons sonder ophou moet bid .................................................................................... 167
Die openbare gebed ...................................................................................................... 169
Gebede behoort algemeen te wees en waarvoor ons in besonder moet bid ............... 178, 194
[576]
Hoeveel soorte versoekings daar is ................................................................................ 191
Die sakramente as bevestigings van ons geloof ............................................................ 200
Oor die woord "sakrament"............................................................................................ 208
Wat die rede vir besnydenis is........................................................................................ 215
Wat die doel van die offers van die wet en afwassing was ............................................ 215
Hoe Christus in water en bloed gekom het .................................................................... 216
Die doop dra drie dinge by tot ons geloof ..................................................................... 217
Die doop van Johannes en dié van Christus .................................................................. 221
Wat oorspronklike sonde is ........................................................................................... 223
Oor wederdoop ............................................................................................................. 230
Oor kinderdoop ............................................................................................................. 233
Wat die eetmaal van die Here tot ons geloof bydra ....................................................... 236
Hoe Christus in sy eetmaal aan ons geopenbaar word .................................................. 238
Oor die aanbidding van die Here se liggaam in die sakrament ...................................... 248
Die maaltyd van Christus as band van die liefde .......................................................... 253
Wat dit beteken om op onwaardige wyse te eet en om die liggaam van
Christus nie te onderskei nie ......................................................................................... 254
Hoe die wat tot die eetmaal toetree, hulleself moet ondersoek .................................. 256
Die gebruik van die nagmaal onder gelowiges behoort dikwels te wees........................ 260
Oor deelname aan albei soorte ..................................................................................... 262
Vyf verskriklike ketterye van die mis word opgenoem .................................................. 266
Tweevoudige aard van díe offer en van die priesterskap ............................................. 274

Die voorreg van God alleen om 'n sakrament in te stel ................................................ 279

[577]

Hoedanig betaamlikheid van seremonies in die bediening van die sakrament is........... 281

Handoplegging in die uitdeel van die gawes van die Heilige Gees ................................ 282

Wat berou is ........................................................................................................ 299

Weerlegging van die definisie en verdeling van berou volgens die Sofiste .................... 305

Hoe verbryseling moet wees ........................................................................................ 308

Oor belydenis en hoeveel vorms van belydenis in die Skrifte aangetref word .............. 309

Oor die sleutelmag met 'n verduideliking van aanhalings wat daarop betrekking het... 328

Oor aflaat ........................................................................................................ 337

Vleeslike en sterflike sondes ........................................................................................ 346

Vergiffenis van skuld en straf........................................................................................ 347

Die straf van die tug en wraak ........................................................................................ 350

Weerlegging van argumente wat uit die Skrifte aangehaal word
ter bevestiging van voldoening ........................................................................................ 350

Oor die vaevuur ........................................................................................................ 357

'n Aanduiding dat daar geen sakrament in boetedoening aanwesig is nie .................... 359

Waarom die apostels die siekes deur salwing genees het .......................................... 354

Wat die aard van die bedienaar van die Woord se plig is en hoe
dit van die apostelamp verskil........................................................................................ 379

Deur wie 'n biskop ingestel moet word en die wettige wyse van instelling .................. 381

Die oplegging van hande op bedienaars ........................................................................ 390

Die taak van diakens ........................................................................................................ 392

Hoeveel onderafdelings Christelike vryheid het .......................................................... 401

Hoe ons werke God behaag ........................................................................................ 403

Die aard van Christelike vryheid en die misbruik daarvan ............................................ 409

[578]

Oor struikelblokke........................................................................................................ 411

Kerklike gesag ........................................................................................................ 421

Of dit in die mag van die kerk is om nuwe geloofsartikels op te stel ............................ 441

In hoe 'n mate ons by vergaderings moet neerlê ........................................................ 445

Of die apostels iets sonder die Woord van God ingestel het ........................................ 452

Of die aansien van die kerk in rykdom geleë is ............................................................ 458

Of die bepalings van biskoppe ons onder verpligting stel ............................................ 463

Bepalings wat op die orde van die kerk gerig is, is wettig ............................................ 464

Staatsordening is noodsaaklik vir die kerk .................................................................... 472

Die waardigheid van amptenare ........................................................................ 475
Die plig van amptenare en waarom dit vir hulle geoorloof is om misdadigers met die swaard te straf ........................................................................ 481
Watter oorloë wettig is ........................................................................ 485
Oor belastings en bydraes ........................................................................ 487
Volgens watter wette 'n Christelike staat geregeer kan word ........................................ 490
Wat 'n gegronde rede vir 'n hofgeding vir Christene moet wees .................................. 494
Dat onderdane 'n amptenaar met agting moet behandel .............................................. 500
Dat bose en onwaardige leiers gehoorsaam moet word ................................................ 503
Wie se taak dit is om die hooghartigheid van leiers teen te staan ................................ 512

Te Basel, deur Thomas Platterus en Balthasar Lasius in Maartmaand in die jaar 1536